

Tydskrif vir Geesteswetenskappe

Tijdschrift voor de Geesteswetenschappen
Zeitschrift für die Geisteswissenschaften
Journal of Humanities



Spesiale tema: Die Taal- en Letterkundekommissies van die
SA Akademie: 1917–2017

Gasredakteurs: Hennie van Coller en Nerina Bosman

Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns
The South African Academy for Science and Arts

Jaargang 57 | Volume 57 | JUNIE 2017
Nommer 2-1 | Number 2-1 | JUNE 2017



Tydskrif vir Geesteswetenskappe

Tijdschrift voor de Geesteswetenschappen

Zeitschrift für die Geisteswissenschaften

Journal of Humanities

Geakkrediteer/Accredited ISSN 0041-4751

Geakkrediteer/Accredited EISSN 2224-7912

Die publikasie van hierdie tydskrif word moontlik gemaak deur 'n ruim subsidie van die
L.W. Hiemstra Trust – Opgerig deur Riekie Hiemstra ter herinnering aan
Ludwig Wybren (Louis) Hiemstra

The publication of this journal is made possible by a substantial subsidy from the
L.W. Hiemstra Trust – established by Riekie Hiemstra in memory of
Ludwig Wybren (Louis) Hiemstra



2-1

Uitgewer/Publisher

Die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns

The South African Academy for Science and Arts

Engelenburghuis/house, Ziervogelstr 574

Privaat sak/Private bag X11

Arcadia 0007

Suid-Afrika/South Africa

Junie/June 2017

Redakteursnota:

Vroeëre foto's van die Raad van die Suid-Afrikaanse Akademie, of van die eerste Taal- en Letterkundekommissies rondom 1917, was ongelukkig nie beskikbaar nie. Die redaksie erken nietemin met hierdie oudste bekombare foto van die SA Akademieraad van 1939 die beslissende rol wat opeenvolgende rade gespeel het in die totstandkoming en voortgesette ondersteuning van die Taal- en Letterkundekommissies tot op hede.

Erkennings:

Foto van die 1917-AWS – met die vergunning van die uitgewer, Protea Boekhuis

Foto van die SA Akademieraad, 1939 – met dank aan die Argief vir Eietydse Aangeleenthede, Universiteit van die Vrystaat

Tydskrif vir Geesteswetenskappe

Tijdschrift voor de Geesteswetenschappen

Zeitschrift für die Geisteswissenschaften

Journal of Humanities

Hoofredakteur/Editor in Chief:

RC (Ina) Wolfaardt-Gräbe – Algemene Literatuurwetenskap/Theory of Literature

REDAKSIE / EDITORIAL BOARD

AE (Arend) Carl – Opvoedkunde; Kurrikulumstudie/Education; Curriculum Studies

WAM (Wannie) Carstens – Taalkunde/ Linguistics

LM (Lourens) du Plessis – Regsfilosofie/Philosophy of Law

PJ (Pieter) Fourie – Kommunikasiewetenskap/Communication Science

DP (Danie) Goosen – Godsdienswetenskap/Religious Studies

IJ (Izak) Grové – Musiekwetenskap/Musicology

EPJ (Ewert) Kleyhans – Ekonomies/Economics

EF (Ernst) Kotzé – Toegepaste Linguistiek/Applied Linguistics

JD (Tom) McLachlan – Taalpraktisy/Language practitioner

FJ (Ferdinand) Potgieter – Filosofie van die Opvoedkunde/ Philosophy of Education

F (Fransjohan) Pretorius – Geskiedenis; Erfenisstudies/History; Heritage Studies

DFM (Danie) Strauss – Filosofie/Philosophy

HP (Hennie) van Coller – Letterkunde/Literature

J (Jacques) van der Elst – Nederlandse Letterkunde/Dutch Literature

L (Louise) Viljoen – Afrikaanse Letterkunde; Algemene Literatuurwetenskap/Afrikaans Literature/Theory of Literature

AJ (Albert) Venter – Politieke Wetenskap/Political Science

MP (Marié) Wissing – Psigologie/Psychology

REDAKSIERAAD/ADVISORY EDITORIAL BOARD

Nasionaal/National

W (Willie) Burger – Afrikaanse Letterkunde/Afrikaans Literature

JS (Jaco) Dreyer – Praktiese Teologie/Practical Theology

LK (Lambert) Engelbrecht – Maatskaplike Werk/Social Work

ME (Eduard) Fourie – Sielkunde/Psychology

Susan Meyer – Afrikaans (Opvoedingswetenskappe) / Afrikaans (Education Sciences)

JC (Jean) Sonnekus – Privaatreg/Private Law

JW (Johan) Strydom – Sakebestuur/Business Management

GB (Gerhard) van Huyssteen – Taalwetenskap/Linguistics

LJ (Louis) van Niekerk – Onderwysersopleiding/Teacher Education

G (Grietjie) Verhoef – Geskiedenis/History

Y (Yusef) Waghid – Opvoedkundige Beleidstudies; Filosofie van Opvoedkunde; Demokratiese Burgerskapsonderwys/Educational Policy Studies; Philosophy of Education; Democratic Citizenship Education

Internasional/International

P (Petra) Engelbrecht – Opvoedkunde/Education (Canterbury, UK)

Jaap Goedegebuure – Letterkunde/Literature (Leiden Universiteit, Nederland)

E (Ena) Jansen – Letterkunde/Literature (Vrije Universiteit en Universiteit van Amsterdam, Nederland)

Paul T Roberge – Taalkunde/Linguistics (University of North Carolina, Chapel Hill, USA)

WL (Willie) van der Merwe – Godsdiensfilosofie en -wetenskap/Philosophy of Religion and Religious Studies (Vrije Universiteit, Amsterdam, Nederland)

Paul van Tongeren – Filosofie/Philosophy (Radboud Universiteit, Nijmegen, Nederland)

Georgi Verbeeck – Historiografie/History (Universiteit van Maastricht en Katholieke Universiteit Leuven, België)

Ex officio: D (Dionē) Prinsloo – Hoof Uitvoerende Beämpte/Chief Executive Officer

Tydskrif vir Geesteswetenskappe, gepubliseer deur die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, verskyn kwartaalliks in Maart, Junie, September en Desember.

Journal of Humanities by the South African Academy for Science and Arts is published quarterly in March, June, September and December.

Intekengeld vir 2017 in Suid-Afrika (BTW en posgeld ingesluit):

Subscription fees for 2017 in South Africa (VAT and postage included):

Tydskrif vir Geesteswetenskappe: R350,00 per jaargang/volume

S.A. Tydskrif vir Natuurwetenskap en Tegnologie: R300,00 per jaargang/volume

Nuusbrief /Newsletter: R110,00 per jaargang/volume.

Outeurs word versoek om die voorskrifte agter in die tydskrif noukeurig te volg.

Authors are requested to adhere to the guidelines as published in the back of the journal.

Menings deur oueurs is nie noodwendig ook die standpunt van die uitgewer nie.

Opinions expressed in the journal are not necessarily upheld by the publisher.

Rig korrespondensie aan/Correspondence to:

Die Publikasiebeampte/The Publications Officer

Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns

Privaat sak/Private bag X11, Arcadia 0007, Suid-Afrika/South Africa

publikasies@akademie.co.za; www.akademie.co.za

Tel: 0861 333 786 x 4; Faks/Fax: 012 329 0293

TYDSKRIF VIR GEESTESWETENSKAPPE
Tijdschrift voor de Geesteswetenschappen
Zeitschrift für die Geisteswissenschaften
Journal of Humanities

Jaargang 57 Nommer 2-1, Junie 2017 / Volume 57 Number 2-1, June 2017

Inhoudsopgawe

NAVORSINGS- EN OORSIGARTIKELS / RESEARCH AND REVIEW ARTICLES (1): DIE TAAL- EN LETTERKUNDEKOMMISSIES VAN DIE SA AKADEMIE: 1917–2017

HENNIE VAN COLLER EN NERINA BOSMAN

Voorwoord.....	231
----------------	-----

AFDELING 1

JC (JAAP) STEYN

Die laaste projek van die “Hollandse taalbeweging in Suid-Afrika”: Die Vereenvoudigde Hollandse Spelling / <i>The last project of the “Dutch language movement in South Africa”:</i> <i>The Simplified Dutch Spelling</i>	233
---	-----

CHRISTO VAN RENSBURG

Ná honderd jaar: Die Afrikaans van die eerste taalkommissie / <i>After a hundred years: The Afrikaans of the first Language Commission</i>	249
--	-----

ANNÉL OTTO

’n Kritiese waardering van die <i>Afrikaanse Woordelys en Spelreëls – AWS</i> (2009) / <i>A critical appraisal of the Afrikaanse Woordelys en Spelreëls – AWS</i> (2009)	271
--	-----

NERINA BOSMAN, ELSABÉ TALJARD EN DANIE PRINSLOO

Honderd jaar <i>Afrikaanse Woordelys en Spelreëls</i> – ’n Oorsig en waardering. Deel 1: Die woordelys / <i>One hundred years of Afrikaanse Woordelys en Spelreëls – An overview and evaluation. Part 1: The wordlist</i>	285
--	-----

ELSABÉ TALJARD, DANIE PRINSLOO EN NERINA BOSMAN

Honderd jaar <i>Afrikaanse Woordelys en Spelreëls</i> – ’n Oorsig en waardering. Deel 2: Die gebruiker in fokus / <i>One hundred years of Afrikaanse Woordelys en Spelreëls – An overview and evaluation. Part 2: The user in focus</i>	302
--	-----

GB (GERHARD) VAN HUYSSTEEN

Die aard, doel en omvang van die <i>Afrikaanse Woordelys en Spelreëls</i> . Deel 1 / <i>The nature, goal, and scope of the Afrikaanse Woordelys en Spelreëls Part 1</i>	323
---	-----

GB (GERHARD) VAN HUYSSTEEN

Opname- en elimineringskriteria vir die <i>Afrikaanse Woordelys en Spelreëls</i> : Die geval <i>emeritus</i> . Deel 2 / <i>Inclusion and elimination criteria for the Afrikaanse Woordelys en Spelreëls: The case of emeritus. Part 2</i>	346
--	-----

AFDELING 2

HENNING PIETERSE

- Variasie en variëteit: 'n voorlopige verkenning van die voorkoms en funksie van taalvariëteite in *Kaar* (Marlene van Niekerk) / *Variation and variety: a provisional exploration of the occurrence and function of language varieties in Kaar* (Marlene van Niekerk) 369

ANTHEA VAN JAARSVELD

- Die Hertzogprys vir drama: Griekse tragedie, Middeleeuse moraliteitspel of Negentiende-eeuse realiteit – die problematiek en uitdagings binne die drama -“industrie” en die invloed daarop by die toekenningsproses / *The Hertzog prize for drama: Greek tragedy, Medieval morality play or Nineteenth century reality – the problematic nature of and challenges within the drama “industry” and the influence it bears upon the process of awarding prizes* 387

PHIL VAN SCHALKWYK

- 'n Herevaluering van Eben Venter se *Wolf, wolf* binne die konteks van sy oeuvre / *A revaluation of Eben Venter's Wolf, wolf within the context of his oeuvre* 412

JOANITA ERASMUS-ALT EN HENNIE VAN COLLER

- S.J. Naudé se *Alfabet van die voëls* (2011) – 'n Hibried tussen die roman en die kortverhaalbundel. Deel 1 / *S.J. Naudé's The alphabet of birds (2011) – A hybrid between the novel and the short story volume. Part 1* 441

JOANITA ERASMUS-ALT EN HENNIE VAN COLLER

- S.J. Naudé se *Alfabet van die voëls* (2011) – 'n Hibried tussen die roman en die kortverhaalbundel. Deel 2 / *S.J. Naudé's The alphabet of birds (2011) – A hybrid between the novel and the short story volume. Part 2* 459

INHOUDSOPGawe: Jaargang 57 Nommer 2-2, Junie 2017 / Volume 57 Number 2-2, June 2017..... 479

Voorwoord

Die stigting van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns hou direk verband met die strewe om anglisering teen te werk. Aanvanklik is Nederlands gesien as die kultuurtaal waarmee weerstand gebied sou kon word, maar gou was daar 'n swaai na Afrikaans wat nog in sy kinderskoene gestaan het, veral ná 'n kragtige pleidooi deur C.J. Langenhoven in 1914 (Kapp 2009:111).

Standaardisering van die Afrikaanse spelling is reeds in 1911 bepleit deur die skrywer Melt Brink. Weens die spanning tussen voorstanders van onderskeidelik Nederlands en Afrikaans het dit eers 'n werklikheid geword ná Langenhoven se rede in 1914. Die eerste spelreëls word in die *Jaarboek* van 1915 gepubliseer en in 1917 verskyn die eerste *Afrikaanse Woordelys en spelreëls*. Kapp (2009:111) wys daarop dat hierdie reëls destyds nie slegs deur taalkundiges goedgekeur is nie, maar deur alle lede op die jaarvergadering. Spelreëls raak immers alle taalgebruikers.

In sy geskiedenis van die eerste eeu van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, *Draer van 'n droom* (2009), skryf Pieter Kapp (2009:156 e.v.) ook uitvoerig oor die eerste toekenning van die Hertzogprys in 1917 én die stormagtige politieke konteks waaruit dit voortgespruit het. Vir die eerste toekenning is manuskripte direk voorgelê aan die Akademieraad en die beoordeling is opgedra aan die "Kommissie voor Taal en Letteren". Die spesifieke rol van die kommissie (en hulle beslissingsbevoegdheid) was onduidelik en in die jare daarna het dit dikwels tot botsings gelei tussen die letterkundiges wat moes *beslis* en die Raad wat moes *goedkeur*.

Om hierdie twee besondere gebeurtenisse 'n honderd jaar gelede te herdenk, het die redaksie van die *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* dit goed gedink om 'n spesiale uitgawe van die tydskrif te wy aan eerstens die Taalkommissie en verbandhoudende aspekte, waarvan die gereelde uitgawes van die *Afrikaanse Woordelys en Spelreëls* (oftewel die AWS) die belangrikste is, en tweedens aan die Letterkundekommissie en sy rol as bekroner van literêre gehalte. Proff. Nerina Bosman (Taalkunde) en H.P. van Coller (Letterkunde) het opgetree as gasredakteurs van hierdie spesiale uitgawe.

DIE BYDRAES AFDELING 1

Die eerste *Afrikaanse Woordelys en Spelreëls* (AWS) sien, soos gesê, in 1917 die lig en vanjaar verskyn die 11e uitgawe. In sewe artikels val die soeklig op verskillende aspekte van dié 11 uitgawes. Dat daar taamlike oorvleueling sal wees tussen die sewe artikels, is onvermydelik. Slegs een bron (sy dit dan in verskillende uitgawes) was per slot van sake die onderwerp van ondersoek. Tog bied elke artikel sy eie perspektief.

In die eerste twee artikels gee Jaap Steyn en Christo van Rensburg aandag aan die ontstaansjare van die Afrikaanse spellingsysteem en val die fokus op die heel eerste AWS, terwyl die ander vyf artikels die soeklig laat val op veral die woordelysgedeeltes sedert 1917 tot nou toe.

In 'n tyd waarin die teoretiese en praktiese leksikografie baie sterk gebruikersgerig is, word besin oor die aard van die AWS as spesiale, ortografiese woordeboek en inligtingsbron. Verskillende outeurs het opnamekriteria en die leksikografiese bewerking van die lemmas as belangrike kwessies ondersoek (Otto; die twee artikels deur Van Huyssteen; Bosman, Taljard

& Prinsloo en Taljard, Prinsloo & Bosman). Ook die elektroniese woordelys kom aan bod (Taljard, Prinsloo & Bosman). Daar is veral aandag vir die aard van die leiding wat die AWS (sowel die gedrukte weergawes as die elektroniese woordelys) aan een-en-twintigste-eeuse gebruikers bied.

Van Huyssteen, die huidige voorsitter van die Taalkommissie, gee in sy twee artikels gedetailleerd aandag aan die praktiese besluitnemingsprosesse en kriteria rakende die opname of weglatting van woorde in die woordelys en bied so 'n waardevolle blik op die werkswyse van die Taalkommissie.

AFDELING 2

Hierdie deel bestaan uit vyf artikels wat almal verband hou met die belangrikste werkzaamheid van die Letterkundekommissie, naamlik die toekenning van diverse literêre pryse met die doel om gehaltewerk te bekroon. Marlene van Niekerk se digbundel is in 2014 bekroon met die Hertzogprys. Henning Pieterse maak in sy artikel 'n saak uit dat Van Niekerk se bundel van 'n "argeologiese" aard is deurdat vergete taalitems (soos woorde) aan die vergetelheid ontruk word en 'n saak word daarvoor uitgemaak dat Afrikaans se wortels in die Indo-Germaanse taalfamilie lê.

Die dramatoekenning het in die verlede vir talle bekroningsprobleme (en -polemieke) gesorg weens die spesifieke aard van hierdie genre wat nie net 'n literêre leesteks is nie, maar ook eers op die verhoog tot sy reg kom. In haar artikel neem Anthea van Jaarsveld hierdie kwessies, asook die aktualiteit van hierdie genre en sy besonder groot gekontekstualiseerdeheid onder die loep, ook met verwysing na enkele van die Akademie se drama-bekronings in die verlede. Phil van Schalkwyk, en H.P. van Coller en Joanita Erasmus-Alt vestig in hul bydraes eerder die aandag op werk wat *nie* bekroon is nie, of nie genoeg aandag van die toekenners van literêre pryse ontvang het nie. Van Schalkwyk fokus op die werk van die skrywer, Eben Venter – veral sy roman, *Wolf, wolf* (2013). Hiervoor gebruik hy veral die teorieë van Julia Kristeva ter stawing van sy standpunt dat die wolf-motief (wat in bepaalde resensies as ongemotiveerd bestempel is), sentraal in hierdie, volgens hom, ondergewaardeerde teks is.

Van Coller en Erasmus-Alt fokus in hulle analise van S.J. Naudé se kortverhaalbundel, *Alfabet van die voëls* (2011), op die wyse waarop die afsonderlike verhale op 'n kreatiewe manier saamhang en mekaar komplementeer. Daarvoor word bepaalde teorieë oor bundeleenheid krities bespreek in die eerste en in die tweede artikel toegepas op die verhale met die slotsom dat hierdie werk na regte deur die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns bekroon moes gewees het.

Al die artikels in hierdie *festschrift* is oënskynlik 'n huldebetoning aan die Taal- en Letterkundekommissies en hul werkzaamhede oor 'n tydperk van honderd jaar. Tog is almal eintlik 'n implisiete huldiging van 'n lewenskragtige taal waarin, ten spye van aanslagte op verskeie fronte, artistieke en wetenskaplike werk van besondere gehalte gelewer is. Dié taal is nie klein te kry nie en om Totius se woorde in 'n ander verband te siteer, "groei maar aldeur aan".

HENNIE VAN COLLER EN NERINA BOSMAN

Gasredakteurs

April 2017

Die laaste projek van die “Hollandse taalbeweging in Suid-Afrika”: Die Vereenvoudigde Hollandse Spelling

The last project of the “Dutch language movement in South Africa”: The Simplified Dutch Spelling

J.C. STEYN

Navorsingsgenoot: Departement Afrikaans en Nederlands, Duits en Frans,
Universiteit van die Vrystaat
Bloemfontein
E-pos: steynjaap@gmail.com



Jaap Steyn

J.C. (JAAP) STEYN was verbonde aan *Die Volksblad*, die Universiteit van Port Elizabeth (tans Nelson Mandela-Universiteit), die Randse Afrikaanse Universiteit (tans die Universiteit van Johannesburg) en die Universiteit van die Vrystaat. Hy het meer as 100 artikels in vrytydskrifte en boeke gepubliseer en is die skrywer van taalpolitiese, taal- en kultuurhistoriese boeke. Die vernaamste is *Tuiste in eie taal* (1980), *Trouwe Afrikaners. Aspekte van Afrikanernasionalisme en Suid-Afrikaanse taalpolitiek 1875–1938* (1987) en ‘Ons gaan ’n taal maak’: *Afrikaans sedert die Patriot-jare* (2014). Ook in sy drie biografieë, *Van Wyk Louw: ’n lewensverhaal* (1998), *Pen vegter: Piet Cillié van Die Burger* (2002) en *Die honderd jaar van M.E.R.* (2004) gee hy aandag aan die taalstryd en die betrokkenes se opvattinge oor taal.

J.C. (JAAP) STEYN worked at *Die Volksblad*, the University of Port Elizabeth, the Rand Afrikaans University and the University of the Free State. He has published over 100 articles in journals and books and is the author of several works on language politics and language and cultural history. The most important of these are *Tuiste in eie taal* [Home in their own language] (1980), *Trouwe Afrikaners. Aspekte van Afrikanernasionalisme en Suid-Afrikaanse taalpolitiek 1875–1938* [Loyal Afrikaners Aspects of Afrikaner nationalism and South African language politics], (1987) and ‘Ons gaan ’n taal maak’: *Afrikaans sedert die Patriot-jare* ['We make a language'. Afrikaans since the years of *Die Afrikaanse Patriot*] (2014). In three biographies he paid special attention to the language struggle and the views of the authors of Afrikaner nationalism. These books are *Van Wyk Louw: ’n lewensverhaal* [Van Wyk Louw – A biography] (1998), *Penvegter: Piet Cillié van Die Burger* ['Penvegter': Piet Cillié of *Die Burger*] (2002) and *Die honderd jaar van M.E.R.* [The hundred years of M.E.R.]. (2004).

ABSTRACT

The last project of the “Dutch language movement” in South Africa: The Simplified Dutch (“Vereenvoudigde Hollandse” or VHS) spelling.

In the first edition of the Afrikaans Word List and Spelling Guidelines (“Afrikaanse Woordelys en Spelreëls”), the “Spelling-Commission” states five general principles that were assumed in setting the guidelines. The fourth is: “[Om] so weinig as moontlik van die **Vereenvoudigde Hollandse Spelling** af te wijk” (“to deviate as little as possible from the Simplified Dutch Spelling”). The VHS was one of the most important projects of the Dutch language movement in South Africa. The project’s supporters aimed at restoring the position of Dutch as a medium of education and as a public language in the Cape Colony in the last quarter of the nineteenth century.

To Afrikaners (and even the Dutch), Dutch was a difficult language to write by the end of the nineteenth century. Because of this, eminent Dutch language promoters aimed at simplifying Dutch as a written language. This movement came from the Zuid-Afrikaansche Taalbond (South African Language Association) in the Cape Colony, as well as teachers and journalists in the Free State and Transvaal, which both had Dutch as an official language.

The Language Association was founded in 1890 for the purpose of promotion of knowledge of the people’s language and establishing an emerging sense of nationality). With 47 votes against 36, it was decided that the “language of the people” would be Dutch rather than Afrikaans. Two of the most important figures in the Language Association were the theologian P.J.G. de Vos and linguist, W.J. Viljoen, professor of modern languages and history at the Victoria College (forerunner of the University of Stellenbosch).

The Language Association realised that Dutch would be in a much stronger position to compete with English if its written form could be simplified. It was understood that they could tie in with one of the linguists in the Netherlands that also advocated for language simplification. It was R.A. Kollewijn, founder, in 1892, of the Association for the simplification of our Writing Language. According to him, Dutch spelling was too difficult and students had to spend unnecessary time mastering Dutch spelling.

A joint conference of Afrikaners from Cape Town and Stellenbosch, as well as Transvaal and the Free State, instructed an executive committee in 1897 to obtain a statement of support from Dutch linguists and linguistic bodies. A number of suggestions for simplification in the direction of the Kollewijn spelling were adopted.

The Anglo-Boer War (1899–1902) brought an end to language activities. However, soon after the war, simplification was again on the agenda when the Dutch movement met in Stellenbosch on 20 January 1903. This was as a result of a question from the Transvaal Education Department in 1902 whether the 1897 decisions were to be considered authoritative for the purpose of education.

The executive committee asked Viljoen to prepare a report on the simplification of the written language. He consulted with linguists and other experts in the Netherlands and Belgium and on 19 September 1903 the Commissie voor Taal en Letteren bij de Maatschappij der Nederlandsche Letterkunde te Leiden (“Committee for Language and Literature in Leiden at the Society of Dutch Literature”) held a meeting in which twenty professors participated. Viljoen received a very positive supporting statement from management on 5 October 1903.

A language conference was held on 28 December 1904 in Cape Town. The Language Association also invited delegates from the Transvaal, the Free State and Natal. All the education organisations were positive towards the recommendations and over the course of the following year, the VHS received additional support.

Viljoen, De Vos and the other simplifiers therefore had reason to feel satisfied by the end of 1906. Education authorities supported the VHS and it was introduced in Dutch-Afrikaans newspapers such as Ons Land. But for speakers of Afrikaans outside of this intellectual space, even this simplified Dutch remained a difficult language. De Waal expressed this difficulty as follows in the newspaper De Goede Hoop (October 1904: "Hebben wij Afrikaners het niet moeilijk genoeg om zowel Nederlandsch als Afrikaansch in dit Engelsche land in stand te houden? Laat de lieve Taalbond ons toch niet met een derde Hollandsche taal komen lastig vallen". ("Do us Afrikaners not have it difficult enough to maintain both Dutch and Afrikaans in this English country? Let the dear Language Association not trouble us with a third Dutch language".)

The South African Dutch written language underwent changes in 1904 that would only be accepted in the written language in the Netherlands in 1934. But the modernised spelling could not save Dutch in South Africa. Afrikaans won, but the VHS still exercised influence on the Afrikaans spelling guidelines.

KEY WORDS: Simplified Dutch Spelling, W.J. Viljoen, Zuid-Afrikaansche Taalbond (South African Language Association), *De Volksstem*, Kollewijn's spelling system, Afrikaans list of words and spelling guidelines, South African Academy for Science and Art, Afrikaans language movement, Dutch language movement, Johannes Brill, F.V. Engelenburg, Hubert Elffers, P.J.G. de Vos

TREFWOORDE: Vereenvoudigde Hollandse spelling, W.J. Viljoen, Zuid-Afrikaansche Taalbond, *De Volksstem*, Kollewijn-spelling, *Afrikaanse woordelys en spelreëls*, Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, spelling-kommissie, Afrikaanse taalbeweging, Hollandse taalbeweging, Johannes Brill, F.V. Engelenburg, Hubert Elffers, P.J.G. de Vos

OPSOMMING

Die Vereenvoudigde Hollandse spelling (VHS) waarna AWSI in sy voorwoord verwys, was die laaste groot projek van die “Hollandse taalbeweging in Suid-Afrika”. Die aanhangers van dié beweging wou onder meer Hollands vereenvoudig om dit makliker lees- en skryfbaar vir Afrikaanssprekendes te maak. Hierdie strewe het gekom van die Zuid-Afrikaansche Taalbond in die Kaapkolonie, asook onderwysers en joernaliste in Transvaal en die Vrystaat, waar Hollands die amptelike taal was. Twee van die belangrikste figure in die Taalbond was die teoloog P.J.G. de Vos en die taalkundige, W.J. Viljoen, professor in moderne tale en geskiedenis op Stellenbosch. Ná 'n kongres in 1897 in Kaapstad is Suid-Afrikaanse voorstelle vir 'n vereenvoudigde Hollands aan 'n kongres in Nederland voorgelê, maar dit is verwerp. In 1903 is Viljoen na Nederland en hierdie keer het sowat twintig taalkundiges en die “Commissie voor Taal en Letteren bij de Maatschappij der Nederlandsche Letterkunde te Leiden” hul steun aan die Suid-Afrikaanse voorstelle toegesê. Hierdie voorstelle het volgens die aanhangers 'n “nieue taalbeweging” laat begin wat “een machtige stroom” geword het. Ná die aanvaarding van Afrikaans as onderwystaal het die VHS sy nut verloor, maar by die opstel van Afrikaanse spelreëls is daar mee rekening gehou.

INLEIDING

Die *Spelling-kommissie* van die Zuid-Afrikaanse Akademie voor Taal, Letteren en Kunst skryf in die *Afrikaanse woordelij en spelreeëls* van 1917 dat hy uitgegaan het van vyf grondbeginsels. Volgens die derde grondbeginsel moes die Afrikaanse spelling “so weinig as moontlik van die **Vereenvoudige Hollandse Spelling** [afwijk]” Hierdie spelling (voortaan VHS) het dus ’n belangrike invloed op die Afrikaanse spelwyse gehad.

Die VHS was die laaste groot projek van die “Hollandse taalbeweging in Suid-Afrika” – ’n “beweging vir die bestendiging van die Hollandse Taal” (De Villiers 1936:88). Die “Suid-Afrika” waarna De Villiers verwys, was in die 19de eeu die twee Britse kolonies, die Kaapkolonie en Natal, en die twee Afrikanerrepublieke, die Zuid-Afrikaansche Republiek (ZAR of Transvaal) en die Oranjevrystaat (OVS of die Vrystaat). In die 20ste eeu was dit dieselfde vier gebiede, maar die ZAR en OVS was ná 1902 ook Britse kolonies. Die vier kolonies is in 1910 verenig in die Unie van Suid-Afrika.

Die bedoeling met hierdie artikel is om ’n oorsig te gee van pogings om Hollands as skryftaal in Suid-Afrika te vereenvoudig deur die VHS in te voer. Ten eerste word gelet op De Zuid-Afrikaansche Taalbond en sy leiersfigure, veral W.J. Viljoen. Dié bond het die inisiatief geneem om ’n eeniformige VHS te vestig. Daarna word die 19de- en 20ste-eeuse pogings tot taalvereenvoudiging behandel asook die “niewe taalbeweging” wat daaruit ontstaan het. Ten slotte word ingegaan op die invloed van die VHS op die Afrikaanse spelreeëls, soos dit uiteengesit is in die AWSI van 1917. Dit het alles gebeur in ’n tyd waarin Nederlands in die volksmond en in ampelike dokumente soos wette *Hollands* genoem is.¹ Daarom word die benamings *Hollands* en *Vereenvoudige Hollandse Spelling* hier behou.

DE ZUID-AFRIKAANSCHE TAALBOND EN W.J. VILJOEN

Die Hollandse en Afrikaanse taalbewegings was uitvloeisels van die Afrikanernasionalisme van die laaste kwart van die 19de eeu (Giliomee 2012 en Scholtz 1980: 6-9). Die “nasionale ontwaking en politieke bewuswording” van die Kaapse Afrikaners (Scholtz 1980:6) het die klimaat geskep vir die stigting van die Genootskap van Regte Afrikaners (GRA) in 1875 en De Zuid-Afrikaansche Taalbond in 1890. Hoewel die GRA gemeen het dat Hollands in Suid-Afrika “reddeloos verlore” was (Scholtz 1965:201) en geywer het vir Afrikaans as skryftaal, het die GRA-lede met die voorstanders van Hollands saamgewerk vir die herstel van die taalregte van Hollands (De Villiers 1936:98). Die GRA se mondstuk, *Die Afrikaanse Patriot*, het byvoorbeeld uit sy kantoor petisies versprei waarin vir die erkenning van Hollands as ’n taal van die Kaapse parlement gevra is (Du Toit 1917:129). Soos verderaan in hierdie artikel sal blyk, was heelparty voorstanders van Afrikaans betrokke by die vereenvoudiging van Hollands.

Vir dié vereenvoudiging het veral een liggaam hom beywer: De Zuid-Afrikaansche Taalbond. Die Taalbond is gestig op ’n kongres wat van 31 Oktober tot 1 November 1890 in Kaapstad gehou is. Die doel daarvan was die “bevordering van de kennis der Volkstaal en de aankweking van een ontwikkelde nationaliteits gevoel” (Scholtz 1980:10). Met 47 stemme teenoor 36 het die kongres besluit dat Hollands in plaas van Afrikaans die “volkstaal” is (Hofmeyr 1913:467). Die Taalbond het veral sterk gestaan op Stellenbosch. Die voorsitter

¹ Sien verder Steyn (2014:11-12, 107-108) vir die verskillende betekenisvariante van *Hollands* in dié tyd.

was prof. P.J.G. de Vos van die kweekskool van die Nederduits Gereformeerde Kerk. Hy was 'n onvermoeibare taalaktivis, 'n vurige voorstander van Hollands en teenstander van Afrikaans as skryftaal. De Vos was die groot dryfkrag agter 'n vereenvoudigde Hollands.

Die belangrikste taalgeleerde in die Taalbond was W.J. Viljoen, professor in moderne tale en geskiedenis aan die Victoria College (voorloper van die Universiteit van Stellenbosch). As Taalbondlid was hy gekant teen die gebruik van Afrikaans as skryftaal, hoewel hy aanvanklik vir dié taal in die bresse getree het. Voor sy studie in Europa was hy onderwyser aan die Normaalkollege van die NG Kerk in Kaapstad. Daar was die voertaal vir alle vakke Engels. Aan Hollands is 'n halfuur per week afgestaan. By dié kollege het Viljoen se pad gekruis met dié van sy latere teenstander, die taalstryder J.H.H. de Waal. Hy was in sy laaste skooljare 'n leerling van Viljoen. Volgens De Waal (1939:26-27) was Viljoen in staat om geesdrif vir sy vak, Hollands, by die leerlinge te wek. Dit kon die Nederlanders wat die vak gedoseer het, nie regkry nie. Viljoen het ook ""n goeiewoordjie vir Afrikaans gehad". Dit was buitengewoon "selfs vir Afrikaner-onderwysers". Hy het die jong De Waal entoesiasties vir Afrikaans gemaak en hom op 'n skoolkonsert twee kort versies in Afrikaans laat voordra. Viljoen en sy baas, die rektor, J.R. Whitton, het in De Waal se teenwoordigheid heftig en lank oor die wenslikheid van so 'n voordrag gestry – "die een so verontwaardig as die ander" (De Waal 1939:26-27). Afrikaans was by die Normaalkollege min of meer 'n verbode taal.

Viljoen is in 1891 met 'n studiebeurs na Europa en het gaan studeer aan die Universiteite van Amsterdam, Leiden en Straatsburg. By laasgenoemde het hy in 1894 sy *Allgemeine Einleitung zur Geschichte der Cap-Holländischen Sprache – inaugural Dissertation*² voorgelê en in 1896 sy *Ph.D magna cum laude* behaal op grond van 'n proefskrif *Beiträge zur Geschichte der Cap-Holländischen Sprache*.³ Hy was in dié werk glad nie teen Afrikaans as skryftaal nie en merk op dat C.P. Hoogenhout met sy boekie, *Die geskiedenis van Josef voor Afrikaanse Kinders en Huishoudings, in hulle eige Taal, geskrywe deur een vriend*, toon dat die taal ewe goed vir ernstige as grappige sake gebruik kon word. Hy stel die vraag: "As Afrikaans geskik is as voertaal van mondelinge gedagtewisseling, waarom kan hy nie net so geskik wees, of geskik gemaak word, om hom tot skryftaal te laat verhef nie?" (Le Roux 1953:80 en De Waal 1939:44).

Toet De Waal in 1894 in Londen aankom vir sy studie in die regte, was Viljoen een van die eerste mense wat hy daar ontmoet het. (De Waal meld nie waarom Viljoen daar was nie.) Die eerste belangrike saak waaroer hulle gepraat het, was Afrikaans. Viljoen het met baie geesdrif oor dié taal uitgewei maar sy houding teenoor Afrikaans as skryftaal het verander. Hy het gesê dat die tyd vir Afrikaans nog nie ryp was om as skryftaal te dien nie omdat dit in 'n nog te vroeë stadium van sy ontwikkeling was. De Waal het opgemerk dat S.J. du Toit die saak van Afrikaans bederf het deur sy "alte radikale afwyking van die Nederlandse spelwyse". Viljoen se antwoord was dat hy aanvanklik dieselfde gedink het, maar oortuig geraak het dat Du Toit se reëls "goed gegrond" is, "en hy kon nie genoeg sy bewondering uitspreek vir die filologiese kennis en deursig van die man wat nie juis 'n taalgeleerde was nie" (De Waal 1939:43-44).

Reeds terwyl Viljoen in Straatsburg was, is hy aangestel as professor aan die Victoria College, en hy het die pos in Januarie 1895 aanvaar. Volgens Erasmus (1972:835) het hy 'n groot invloed uitgeoefen weens "sy kragtige persoonlikheid, welsprekendheid en vurige liefde vir sy vak". 'n Letterkundige gespreksvereniging wat hy gestig het, "Ons Spreekuur", was gou die gewildste op Stellenbosch.

² *Algemene inleiding tot die geskiedenis van die Kaaps-Hollandse taal – intreeverhandeling.*

³ *Bydraes tot die geskiedenis van die Kaaps-Hollandse taal.*

Viljoen, sedert 1897 bestuurslid van die Taalbond, en ander bestuurslede het besef dat die spelling van Hollands vereenvoudig moes word om toeganklike te wees vir Afrikaanssprekendes. Vir hulle was die spelling en ook “enkele van die stip-grammatikale vorme” (De Villiers 1936: 165) onnodig moeilik om aan te leer.

Die voorstanders van taalvereenvoudiging is in hul oortuigings gesterk deur die opvatting van die Vereeniging tot Vereenvoudiging van onze Schrijftaal. Dit is in 1892 in Nederland gestig deur deur R.A. Kollewijn. Die vereniging het hom beywer vir die vereenvoudiging van die Nederlandse spelling. Volgens Kollewijn was die bestaande spelreëls te moeilik en moes kinders onnodig baie tyd op skool daarvan bestee om die spelling baas te raak. Skrywers moes gedurig dié spelreëls raadpleeg om seker te maak wat die korrekte spelling is. Sy uitgangspunt was dat ’n mens in die skryftaal geen onderskeidings moet invoer wat nie in die spreektaal bestaan nie en geen onderskeiding moet handhaaf wat in die spreektaal verlore gegaan het en waarvan die toepassing voortdurend probleme veroorsaak nie. Die vereenvoudiging moet nuttig wees by die skryf en nie te veel opval by die lees nie (Van der Wal 1994:326).

Van der Wal (1994:327) en Van der Sijs (2004:289) noem ’n aantal punte in die program van Kollewijn se vereniging: die verskille tussen die *e* en *ee* en *o* en *oo*, wat op die etimologie gegrond is, word afgeskaf; *sch* word alleen geskryf wanneer die *sch* in die uitspraak gehoor kan word: *schip*, maar *vis* en *wensen*; *-isch* moet geskryf word as *-ies*; “stom medeklinkers” word nie geskryf nie soos in *tans* en *kersfees*; *-lyk* word vervang deur *-lik* soos in *gewoonlik*. As gevolg van laasgenoemde voorstel is die bynaam die ‘lik’-spelling soms gebruik. (Odendaal 2012:242, voetnoot 9, verstrek ’n lang lys van verskille tussen die destyds bestaande Nederlandse spelling en die Kollewijn-spelling.)

TAALVEREENVOUDIGING IN DIE 19DE-EEUSE SUID-AFRIKA

Die eerste vereenvoudigers het veral uit die onderwys en die joernalistiek gekom. *De Volksstem* van Pretoria het in 1894 ’n vereenvoudigde spelling begin gebruik, waarvan Preller melding maak (Zietsman 1982:236). Die redakteur, dr. F.V. Engelenburg, was ’n voorstander van ’n vereenvoudigde spelling en het dit in sy koerant ingevoer ondanks die teenstand van baie lede van die groot Hollandse gemeenskap van Pretoria. Hy het ook verskeie artikels daaroor geskryf (Brink 2010:160-162). Odendaal (2012:242) noem naas dié blad *Ons Land* van Kaapstad (volledige naam *De Zuid-Afrikaan vereenigd met Ons Land*) en *De Express* van Bloemfontein. Hulle het almal ’n vorm van vereenvoudiging toegepas en daar was gevoleklik verskeie spelwyses.

P.J.G. de Vos wou ’n verenigde front tot stand bring sodat die taalleiers in die verskillende state saam aan ’n eenvormige vereenvoudigde Hollands kon werk. Hy het Pretoria en Bloemfontein in Oktober 1895 besoek om sy strewe te propageer. Op sy aandrang is taalkomitees in die twee hoofstede gestig. Die lede was almal vooraanstaande Afrikaans- en Hollandssprekendes – ’n aanduiding van die waarde wat prominente figure op verskillende terreine aan hul skryftaal geheg het.

Die Bloemfonteinse komiteelede was dr. Johannes Brill, rektor van Grey-kollege, regter J.B.M. Hertzog en A. Francken, taalonderwyser by Grey en later ’n bekende taalkundige. Francken was toe al ’n yweraar vir Afrikaans en het in 1896 die eerste Afrikaanse taalkongres in die Paarl bygewoon. Ook Brill was ’n openlike voorstander van Afrikaans. Sy lesing “De landstaal” – hy het betoog Afrikaans, en nie Hollands nie, is eintlik die volkstaal van die Afrikaanssprekendes – was in 1875 ’n stimulus vir die stigting van die GRA (Scholtz 1965:198).

In Pretoria het daar reeds van Maart 1895 af ’n komitee bestaan wat *De Volksstem* oor taalsake moes adviseer. Verskeie persone het daarin gedien. Engelenburg was voor die Anglo-Boereoorlog (1899–1902) ’n teenstander van Afrikaans as skryftaal (Brink 2010:162).

De Vos, Engelenburg en 'n paar ander Pretorianers het in Oktober 1895 in Engelenburg se huis vergader. Die lede van die Transvaalse komitee was naas Engelenburg onder andere I. N. van Alphen, gewese joernalis en later posmeester-generaal; ds. H.S. Bosman, NG predikant en opriger van 'n Engelse meisieskool; J.F.E. Celliers, die latere digter wat toe bibliotekaris was; Nico Hofmeyr, onderwyser en skrywer; dr. N. Mansvelt, Transvaalse superintendent-generaal van onderwys en dr. Hendrik Reinink, rektor van die hoogaangeskrewe Staatsgimnasium. 'n Werkkomitee van dié groep het in April 1896 'n voorstel ingedien dat die Kollewijn-spelling in beginsel aangeneem word. Die komitee het die voorstel aanvaar op voorwaarde dat "de analoge beweging in Nederland officieele erkenning zal erlangen" (De Villiers 1936:165).

Ná heelwat voorbereidingswerk op inisiatief van De Vos is die *Eerste Congres ter Vereenvoudiging van de Nederlandsche Taal* op 4 en 5 Januarie 1897 in Kaapstad gehou. Die teenwoordiges was proff. De Vos, N.J. Hofmeyr van die kweekskool op Stellenbosch, W.S. Logeman en Viljoen, mnre. M.J. Stucki ('n bekende onderwyser), en J.H. ("Onze Jan") Hofmeyr (leier van die Afrikanerbond), asook die jong adv. F.S. Malan, redakteur van *Ons Land*, uit die Kaapkolonie; Bosman, Reinink en Hofmeyr uit die ZAR en Brill uit die Vrystaat.

De Vos was vasbeslote dat die kongres 'n eenparige besluit neem en dus sou 'n bespreking van Afrikaans nie toegelaat word nie. Om dubbel seker te maak daar is geen teenstemme teen 'n eenparige besluit nie, sou Brill slegs 'n raadgewende stem hê. Dit was bekend dat die Vrystaters 'n vereenvoudigde Hollands gesien het as 'n metode om Afrikaans onregstreeks te bevorder (Claassen 1977:52). In 'n verklaring van die sekretaris van die kongres is dit uitdruklik gestel dat die doel van die kongres die vereenvoudiging van Hollands sou wees (De Villiers 1936:167-168).

Dié sekretaris was Hofmeyr uit die ZAR, een van die afgevaardigdes wat vantevore al laat blyk het hy is 'n voorstander van Afrikaans. Hofmeyr het sy hartstogtelike liefde vir Afrikaans in 'n brief aan sy swaer, J.D. Kestell, bely terwyl Logeman, professor in moderne tale aan die South African College, die latere Universiteit van Kaapstad, op die eerste Afrikaanse taalkongres in 1896 in die Paarl opgetree het (Steyn 2014:27-28 en 36-37).

'n Goeie samevatting van die soort probleme waarmee skrywers geworrel het, verskyn in De Vos en Besselaar (1904:5-6) se weergawe van die toespraak van 'n ongeïdentifiseerde kongresganger. Die geskrewe of boek-Hollands lewer selfs vir die ywerige en bedreve student "lastige kniksporen, doorslagplekken, slagijzers" waaruit 'n mens jou slegs kan red deur gedurig die spelreëls en woordeboek te raadpleeg. "Waarom moet ik als ik van een komkommer of een pompoen, of een aardappel, of een patat, of van een weg of straat schrijf, onderzoeken of het ding mannelijk of vrouwelijk is, of ik in den derden of vierden naamval 'de' dan wel 'den' er vóór moet plaatsen, of ik, wanneer ik daarnaar refereeer, moet gewagen van een 'zij' of 'hij', of ik 'haar' dan wel 'zijn' of 'deszelfs' moet zeggen?" Die gehoor het gelag. Die mees beskaafde Hollander, het die spreker gesê, het daardie onderskeid in sy spreektaal al lankal afgeskaf en beskou iemand wat hom nog daarvan bedien in sy vriendekring as pedanties of 'n gek. Hy het vervolgens gevra: Waarom moet Afrikaners steeds onder die las swoeg? Waarom moet ons steeds gaan naslaan of die spelreëls eis dat ons in die een oop of lang sillabe een enkele O of E gaan gebruik, of in 'n ander geval 'n dubbele O of E? Waarom moet dit 'n doodsonde wees wanneer jy *geloven* spel met een O en eweseer as jy in *belooven* twee O's instop? "Waarom moet gij, jongkerels, wanneer gij een verlovingsbrief aan het meisje uwer keuze wilt schrijven, eerst angstvallig gaan uitsnuffelen, of het gewichtig woord al of niet aan één O genoeg heeft?" (De Vos & Besselaar 1904:5-6).

Die spreker het gesê dat al hierdie fyn onderskeidings reeds in Nederland lastig is en daarom wil Kollewijn en ander die sukkelende leerling daarvan verlos, maar hier in Suid-

Afrika, “in den strijd tusschen de talen”, is dit presies soos ’n wedren waarin ’n mens die Engelse perd ’n “feather weight jockey” gee, maar die Hollandse perd met honderd pond swaarder maak. Wyd en syd word gekla oor so ’n ongelyke wedywering. Veral ons beste onderwysers kla – in Stellenbosch, Bloemfontein en Pretoria (De Vos & Besselaar 1904:6).

Die kongres het ’n uitvoerende kommissie (Viljoen, De Vos, Brill, Nico Hofmeyr en Reinink) opdrag gegee om by Nederlandse taalkundiges en taalliggame ’n verklaring van steun te verkry. Die kongreslede wou nie vereenvoudigings invoer wat in stryd sou wees met die Nederlandse taaleie nie (Scholtz 1980:12-13 en De Villiers 1936: 167). De Vos en Besselaar noem verskeie kongresgangers wat hulle positief oor die Kollewijn-rigting uitgelaat en aansluiting daarby gevra het, soos Reinink, Moorrees en Brill. Laasgenoemde was wel sterk gekant teen die skepping van ’n “tweede Nederlands” in Suid-Afrika. Die kongres het eenparig ’n aantal voorstelle vir vereenvoudiging in die Kollewijn-rigting aangeneem.

Die Suid-Afrikaanse voorstelle is inderdaad in Augustus 1897 in Dordrecht, Nederland, op ’n kongres van taal- en letterkundiges vir goedkeuring aan taalgeleerde voorgelê. Maar in Nederland is ’n heftige stryd gevoer tussen die aanhangers van Kollewijn en die bestaande spelling. Die kongresgangers was aanhangers van laasgenoemde en die Suid-Afrikaanse voorstelle het woorde en uitdrukings bevat wat die Nederlanders nie geken het nie, asook woorde wat Kollewijnagtig gespel is. Die kongres wou dus nie die voorstelle goedkeur nie (Claassen 1977:56-58).

De Vos het hom nie daardeur laat afskrik nie, maar voordat die saak verder gevoer kon word, het die Anglo-Boereoorlog ’n einde aan hierdie soort aktiwiteite gemaak. Die Taalbond het van Oktober 1899 tot Januarie 1903 nie vergader nie.

TAALVEREENVOUDIGING IN DIE 20STE-EEUSE SUID-AFRIKA

Ná die oorlog was vereenvoudiging die rede waarom leiers van die Hollandse beweging op 20 Januarie 1903 op Stellenbosch bymekaargekom en volgens De Villiers (1936:171) die Z.A. Taalbond “opnuut” opgerig het. Die vergadering is gehou om ’n brief te bespreek wat die Transvaalse onderwysdepartement in 1902 aan prof. De Vos gestuur het. Hy was voorsitter van die kongres van 1897, maar ook voorsitter van die Taalbond. Die departement het gevra of die 1897-kongresbesluite insake taalvereenvoudiging as gesaghebbend en bindend vir die onderwys beskou kon word (De Villiers 1936:170). Hollands is nie as onderrigmedium in die staatskole van die nuwe Britse kolonies, Transvaal en die *Orange River Colony*, toegelaat nie, maar Hollands was wel ’n keusevak. Die klagtes oor die gehalte van die onderrig daarvan as vak was juis een van die groot grieve van die Transvaalse Afrikaners (Zietsman 1992: 139-140). Die Hollandse spelling was ook belangrik vir die CNO-skole. Die beweging vir CNO (“Christelik Nationaal Onderwijs”) het Hollands as die vernaamste onderrigmedium in sy skole gebruik.

Aangesien die Taalbond nie goedkeuring van die 1897-voorstelle uit Nederland kon kry nie, het die hoofbestuur Viljoen gevra om voorstelle aan die hand te doen vir die vereenvoudiging van Hollands. Hy het dit gedoen en daarby die erkenning van tipies Suid-Afrikaanse woorde en uitdrukings deel van sy voorstel gemaak om die skryftaal nader aan die spreektaal (dus Afrikaans) te bring. Die hoofbestuur het dit in Maart 1903 aanvaar. Toe dit bekend word dat Viljoen na Europa op pad was, het die Taalbond hom gevra om sy voorstelle in Nederland en België met erkende taalkundiges en verenigings te bespreek en amptelike goedkeuring te probeer verkry. In ’n brief van De Vos is die Taalbond se standpunt weergegee. “Wij willen geen nieuwe taal gaan scheppen die den naam van Nederlandsch niet waardig zal zijn.” Die

Taalbond sê in die brief hy hou die oog op veranderings en vereenvoudigings wat ook in Nederland self burgerreg verkry het en wil daarvan gebruik maak vir sover hulle vir Suid-Afrika van diens kan wees, “en dienen daarin die ondersteuning te hebben van lichamen die op taalkundige gebied met gezag kunnen spreken” (De Villiers 1936:171).

Viljoen het in April 1903 na Europa vertrek. Sy taak was moeilik. Daar was in Nederland nog groot verskille onder die publiek, die onderwysers en regeringslede oor die spellingvraagstuk. Hy moes dus oppas dat hy nie die vereenvoudigers en die behoudendes met sy voorstelle die harnas injaaag nie. Die Suid-Afrikaanse vraagstuk moes geen Nederlandse partykwessie word nie. Gevolglik het hy met verteenwoordigers van albei taalpartye beraadslaag en, waar moontlik, die betrokkenes privaat gaan spreek, onder meer in Brussel, Gent, Leiden, Utrecht en Amsterdam. Met party het hy gekorrespondeer.

Sommige van hulle moes besef het dat dit ’n vergeefse poging was om Hollands in Suid-Afrika te behou. Onder die lang lys mense wat hy geraadpleeg het (sien De Vos & Besselaar 1904:8-9) is ook D.C. Hesseling, privaat dosent aan die Universiteit van Leiden. Met hoeveel ironie sou die gesprek verloop het tussen Viljoen, wat ’n paar jaar tevore nog gemeen het Afrikaans kan ’n skryftaal word, en Hesseling, wat geglo het Hollands het geen toekoms in Suid-Afrika nie? Hy het in 1897 laat blyk dat al die pogings om Hollands in Suid-Afrika te bevorder, tot mislukking gedoem is. Hy het dit as onmoontlik beskou dat ’n skryftaal wat van buite aangevoer is en deur ’n kloof van twee eeue geskei is van die gesproke taal, ooit die voertuig kan word van ’n nasionale letterkunde, die enigste betroubare bolwerk teen die veldwinnende mag van Engels. Daar is maar een middel om so ’n nasionale letterkunde moontlik te maak: die skryf van die volkstaal, dus Afrikaans (Hesseling 1897:157-158). G. Kalff, professor in Nederlandse letterkunde in Leiden, het ná die verskyning van *Oom Gert vertel en ander gedigte* van C. Louis Leipoldt (1911) geskryf: “Een aan de Afrikaners opgedrongen Nederlands tegenover het Engels te willen stellen schijnt mij van een verkeerde inzicht te getuigen en bovendien een hopeloze onderneming” (Kalff 1915:543-544).

Maar of die Nederlandse en Belgiese geleerde almal oortuig was of nie, Viljoen het orals simpatie en erkenning gevind van die moeilikhede verbonde aan die Nederlandse skryftaal, spelling en grammatika in Suid-Afrika. Een beroemde (maar ongeïdentifiseerde) professor het aan Viljoen geskryf: “Bij uwe toestanden is behoud onzer spraakkunst en spelling onzinnig – en gevaarlijk” (De Vos & Besselaar 1904:9).

Op 19 September 1903 het die “Commissie voor Taal en Letteren bij de Maatschappij der Nederlandsche Letterkunde te Leiden” ’n byeenkoms gehou waaraan ’n stuk of twintig professore deelgeneem het. Viljoen het op 5 Oktober ’n verklaring van die bestuur ontvang waarin die lede sê dat die manier waarop die ZA Taalbond te werk wil gaan, in ooreenstemming is met die wetenskaplike begrippe omrent die eise van ’n taal. Die voorstelle vir die vereenvoudiging van die spelling is ook nie in stryd met die karakter en wette van die Nederlandse taal nie. Dit is ook heeltemal geregtig om woorde en uitdrukings wat algemeen bekend is in Suid-Afrika in die skryftaal te gebruik en dat kleiner wysigings in die woordgebruik en taalvorme, soos wat die Taalbond voorstel, geen afbreuk doen aan die “hoogere eenheid” van die Nederlandse taal nie. (De Vos & Besselaar 1904:10). Die Suid-Afrikaanse Nederlands, oftewel Hollands, is dus dieselfde taal as die taal van Nederland. Viljoen se sukses in die taalverdeelde Nederland was werlik ’n groot prestasie.

Viljoen het ná sy terugkeer op 30 Januarie 1904 op Stellenbosch aan die Taalbond verslag gedoen oor sy sending. Die vergadering het besluit om die verklaring as brosjure uit te gee, sodat onderwysers en professore dit kon raadpleeg. Met die publikasie is ’n goeie halfjaar gesloer – ten dele miskien vanweë ’n verkiesingstryd in die Kaapkolonie wat so heftig was

dat *Ons Land* die taalkwessie met rus gelaat het (De Waal 1939:154-155). Die voorstelle is in September 1904 gepubliseer in die pamphlet *De Taalbond en de taalvereenvoudiging*. Dit behels voorstelle oor die spelling, buiging (wat betrekking het op naamvalsuitgange), geslagsonderskeiding, voornaamwoorde, vervoeging van die werkwoorde en die woordeskaf. Dit sou te veel ruimte in beslag neem om al hierdie voorstelle te behandel. Hier word volstaan met die hoofvoorstelle wat op die spelling betrekking het.

Die eerste voorstel raak die verdubbeling van klinkers in sommige woorde. Die reël lui dat lang of gerekte klinkers in *oop* lettergrepe nooit, in *geslote* lettergrepe steeds, deur die dubbele letterteken aangedui word: *na, nu, zo, zodanig, jaar*, meervoud *jaren, uur*, meervoud *uren*, derhalwe ook *heer*, meervoud *heren, preek*, meervoud *preken, oor*, meervoud *oren*, (ik) *geeloof*, meervoud (wij) *geloven*, ensovoorts (De Vos & Besselaar 1904:15).

’n Tweede reël lui dat steeds *ee* geskryf word aan die einde van eenlettergrepige woorde en in die daaruit volgende afleidings en samestellings, asook in woorde wat deur sametrekking ontstaan het: *twee, tweede, see, seevaart, mee, ensovoorts.*”

’n Derde reël lui dat, waar die *n* as tussenletter in samestellings nie gehoor word in die beskaafde uitspraak nie, dit ook nie geskryf word nie, soos in *boerewoning, hondehok, paardeberg* ensovoorts. Daarenteen skryf ’n mens die *n* wel in *wagenhuis, ogenblik* en *goedendag*.

In samestellings skryf ’n mens nie die *s* aan die einde van ’n lettergreep as die volgende lettergreep met ’n *s* begin nie, dus: *handelschool, volkstem, volkstam* ensovoorts (De Vos & Besselaar 1904:16). (*De Volksstem* het op 1 Januarie 1905 van een -*s* ontslae geraak – enkele dae ná die kongres hieroor.)

’n Taalkongres oor die voorstelle is op 28 Desember 1904 in Kaapstad gehou. Die aanwesiges was byna almal prominent in die onderwys, joernalistiek, kerk en politiek. Die Taalbond se verteenwoordigers was De Vos (voorsitter), prof. M.J. Besselaar (sekretaris), prof. J.I. Marais van die kweekskool, Viljoen, “Onze Jan” Hofmeyr, ds. A.M. Moorrees en F.S. Malan. Uit die Vrystaat was daar weer Brill, maar as rektor van die pas gestigte Grey-universiteitskollege, Francken en Hertzog, gewese Boeregeneraal en politieke leier van die Vrystaatse Afrikaners en toekomstige Vrystaatse minister van onderwys. Die Transvalers was dr. N.M. Hoogenhout, direkteur van die Eendracht-CNO-skool, H.H. van Rooyen as verteenwoordiger van die vereniging van CNO-onderwysers, N. Hofmeyr van die Transvaalse onderwysdepartement en dr. Engelenburg (De Villiers 1936:173-174 en Claassen 1977: 70).

Hoogenhout, seun van ’n stigterslid van die GRA, was ook in die eerste bestuur van die Afrikaanse Taalgenootskap wat in 1905 in die *Volkstem*-gebou in Pretoria gestig is. Engelenburg was een van die eerste lede van die ATG. Ná die oorlog het sy afkeer van Afrikaans plek gemaak vir “’n vurige simpatie vir die taal van die Boere”, skryf Brink. “Hy het besef dat Afrikaans ’n regmatige aanspraak op erkenning gehad het en hy sou hom voortaan tot sy dood vir die bevordering van die Afrikaanse taal naas Nederlands beywer” (Brink 2010:164).

Die kongresgangers het nie almal Viljoen se voorstel vir vereenvoudiging gesteun nie. Die teenstanders was Malan (wat gemeen het die voorstelle sou verwarring veroorsaak), Moorrees (wat suiwer Hollands wou hê) en Hoogenhout (wat teen die opname van Afrikaanse woorde was). Daar was twee stemmings. In die eerste was 14 lede van die bestuur ten gunste van die VHS en twee daarteen. In die tweede stemming waaraan al die kongresgangers deelgeneem het, was 32 ten gunste van die voorstel en vier daarteen (Claassen 1977:73).

Volgens De Waal (1939:164) is twee vereenvoudigings bygevoeg: dat jy *mensch, bosch* ensovoorts ook sonder die *-ch* kon spel en dat jy die agtervoegsel *-lyk* in *-lik* verander. (Odendaal (2012: 244-246) en Elffers en Viljoen (1904 onder die opskrif “Hoofdpunten van de

vereenvoudigde schryftaal") gee 'n volledige en noukeurige lys van die aanvaarde voorstelle.)

Hofmeyr het die volgende voorbeeld van die verskillende skryfforme gegee (Zietsman 1992:95-96):

Hollands

Ik heb het venster wijd open gezet, om den heerlijken blauwen hemel te zien en de lente komt binnen met zachten, frisschen morgenwind, met warmen, gouden zonneschijn en zij kijkt mij zoo vriendelijk aan.

Vereenvoudigde Hollands:

Ik heb het venster wijd open gezet, om de heerlike, blauwe lucht te zien en de lente komt binnen met zachte, frisse morgenwind, met warme, goude zonneschijn en het kijkt mij zo vriendelijk aan.

Afrikaans

Ek het die fenster wijd ope gezet, om die heerlike, bloue hemel te sien en die lente kom binne met sachte, frisse morrewind, met warme, goue sonschijn en dit kijk mij so vriendelik aan.

De Waal was een van die teenstanders van die VHS. Hy sluit sy kommentaar in *De Goede Hoop* (Oktober 1904) soos volg af: "Hebben wij Afrikaners het niet moeilijk genoeg om zowel Nederlandsch als Afrikaansch in dit Engelsche land in stand te houden? Laat de lieve Taalbond ons toch niet met een derde Hollandsche taal komen lastig vallen". Tussen hom en Viljoen het in 1905 'n bitter pennestryd uitgebreek waaroor Claassen uitvoerig verslag doen in 'n hoofdstuk oor die reaksie op die kongres (1977:45-74). Ook in die Taalbond was daar verdeeldheid. J.I. Marais, redakteur van die *Gereformeerde Maandblad*, het die VHS gekritiseer en uit die kommentaar van ds. D.S. Botha kan 'n mens aflei dat die moderatuur van die Kaaplandse NG Kerk ook ongelukkig was. Dit was in hierdie tyd dat Gustav Preller sy pleidooi vir Afrikaans in *De Volkstem* geplaas het met die boodskap: "Afrikaans schrijven en spreken, Hollands leren, albei lezen." Daar was dus drie groepe wat met mekaar oor die skryftaal verskil het. *Ons Land* het in 1905 twee "uiterstes" onderskei: die "anti-vereenvoudigers" en die "Afrikaans-schrijftalers". Die middegroep was die "taalvereenvoudigers" (Zietsman 1992:94).

BEGIN VAN DE NIEUWE TAALBEWEGING

Ondanks die polemiek het die aanhangers van die VHS die kongres in Kaapstad beskou as die begin van 'n nuwe taalbeweging. Dit blyk onder meer uit die "Voorbericht" van Hubert Elffers en Viljoen in hul *Beknopt Nederlands woordenboek voor Zuid-Afrika* (1908) – "beknopt", maar 'n hele 1350 bladsye. Die opstellers van die woordeboek skryf in die "Voorbericht" dat die "Nieuwe Taalbeweging" wat by die 1904-kongres begin het, "sedert tot een machtige stroom aangewassen [is]". Elffers en Viljoen skryf dat nikks teen dié magtige stroom bestand is nie en dat dit nie tot rus sou kom nie "voordat hollands Zuid-Afrika een behoorlik omschreven en gevestigd alomerkende schryftaal heeft erlangd".

Daar is twee "elemente" wat met mekaar wedwywer, sê die skrywers. Die een is die VHS, die ander is "het zogenaamde 'Afrikaans' dat door het heersende spraakgebruik, meer dan

door een bestaande letterkunde, vertegenwoordigd wordt". Die VHS het die voordeel dat dit aansluit by alles wat in Nederland bestaan en die magtige steun van die kerk en die skool geniet, meen die skrywers in die Voorbericht".

Dit het uit die kongresbesprekings van 1904 geblyk dat die Transvaalse en Vrystaatse onderwysdepartemente gewillig was om die vereenvoudigingsvoorstelle te aanvaar. 'n Interkoloniale komitee is aangestel om die voorstelle aan die departemente toe te lig. Die volgende stap van die Taalbond se hoofbestuur was om die Kaapkolonie se onderwysdepartement en die University of the Cape of Good Hope⁴ te nader en hulle het geen beswaar teen die vereenvoudiging gemaak nie omdat die taalkundiges in Nederland dit goedgekeur het. In Transvaal moes alle amptelike Hollandse kennisgewings in die staatskoerant van 1909 af in die VHS wees, "as it is considered that this style will be more intelligible and acceptable to the greater proportion of the Dutch-speaking public of South Africa" (Zietsman 1982:237; aangehaal uit 'n omsendbrief van die Transvaalse onderwysdepartement).

"Aangespoor deur geesdriftige onderwysers het die skoolkinders V.H.S. vinnig aanvaar", konstateer Zietsman (1982:237). In 1906 het ruim 90% van die kandidate in die Taalbond se Hollands-eksamens en in 1907 ongeveer dieselfde persentasie in die openbare skooleksamens van die VHS gebruik gemaak. Die kandidate is nie toegelaat om die VHS en die ouer spelling te meng nie en die kandidate moes voor in hul antwoordboeke meld watter spelling hulle gebruik. Verskeie skoolboeke is in die VHS gepubliseer. Een daarvan was Hubert Elffers se *Nieuwe Hollandse spraakkunst* (1906; hersiene uitgawe 1907), Elffers en Viljoen se *English-Dutch and Dutch-English dictionary* (1908) in twee dele, en die genoemde *Beknopt Nederlandse Woordenboek voor Zuid-Afrika* (1908) wat ook Afrikaanse woorde bevat.

'n Belangrike mylpaal vir die "nieuwe taalbeweging" was die totstandkoming van die Zuid-Afrikaanse Onderwissers-Unie (ZAOU) op 4 April 1905. Viljoen, die dryfkrag daaragter, het dit beklemtoon dat die ZAOU gestig is as gevolg van die stiefmoederlike wyse waarop die South African Teachers' Association die Hollandse taal behandel het. Hy het melding gemaak van Engelssprekendes wat 'n saal sou verlaat as iemand Hollands praat (Zietsman 1982:111). Die ZAOU het dus voortgekom uit die stryd teen Engels-eentaligheid, maar die vereniging en sy lyfblad, *De Unie*, opgerig in Julie 1905, het die VHS kragtig bevorder. In sy eerste nommer het *De Unie* dit onomwonne gestel dat hy hom uitsluitend van die VHS gaan bedien. (*De Unie*, Julie 1905, p. 15 in 'n hoofartikel).

Suid-Afrika het hierdie gemoderniseerde Nederlandse spelling aanvaar lank voordat Nederland dit self gedeeltelik aanvaar het. Viljoen, De Vos en die ander vereenvoudigers het omstreeks 1906 rede gehad om tevrede te voel oor die ondersteuning wat die VHS bo sy mededinger, Afrikaans, geniet het. Onderwysliggame het die VHS gesteun en dit is in koerante ingevoer. Baie Afrikaners was nog nie daarvan oortuig dat Afrikaans 'n gesikter skryftaal as die VHS was nie. Dit was ook die mening van die taalkundige T.H. le Roux, wat indertyd in die Boland op skool en kollege was en in 1953 kommentaar gelewer het op lesings wat D.F. Malherbe en Viljoen in Oktober 1906 op Wellington gehou het. Hulle het verskillend geoordeel oor die steun vir Afrikaans en Hollands. Le Roux (1953:80-81) meen dat Viljoen se siening dat "verreweg de meesten" teen die gebruik van Afrikaans as skryftaal was, nader was aan die waarheid as Malherbe wat die teenstanders op hoogstens 1% geskat het.

Een van die groot punte van kritiek op Afrikaans was die gebrek aan skoolboeke en 'n letterkunde. Viljoen of een van sy medestanders sou op 'n keer gesê het: "Jong, eintlik staan

⁴ Die University of the Cape of Good Hope was nie 'n residensiële universiteit nie, maar 'n eksamenliggaam vir gevorderde skool- en universiteitseksamens.

julle maar net met Johannes van Wyk op die Vlakte!” (*Johannes van Wyk* was De Waal se avontuurroman en “Die Vlakte” die bekende gedig van Jan F.E. Celliers.) Die gebrek aan Afrikaanse boeke was in die eerste jare van die naoorlogse taalbeweging die Achilles heel van Afrikaans. Maar binne enkele jare het alles verander. Die digbundels wat in Hollands verskyn het – *Zevenjaartjes* van A. Moorrees, *Pastoriebloemen* van G.R. Keet en *Uit mijn jonkheid* van G.B.A. Gerdener – kon, weliswaar ook weens die inhoud, nie die Afrikaanse lesers raak nie. Maar die een na die ander Afrikaanse digbundel, veral *Oom Gert vertel en ander gedigte* van Leipoldt (1911), het dieselfde lesers geroer. Dit het ook lof en aanprysing van ’n hele aantal Nederlandse kenners ontvang. Koerante en tydskrifte het hul lesers hiervan op die hoogte gehou. Kollewijn is in *De Volkstem* soos volg oor Leipoldt aangehaal: “Het komt mij voor dat niets de Afrikaners só kan verbinden, zózeer hun zelfvertrouwen kan sterken, als, het besef dat hun Afrikaans niet is een minderwaardig dialekt, waarvoor zij zich eigenlijk moeten schamen, maar de ‘taal van een volk’; een taal die gesproken, geschreven wordt met hetzelfde recht waarmee zich de Nederlander van ’t Nederlands, de Engelsman van Engels bedient” (vertaald aangehaal in Steyn 2014:102).

Daarby het die taalvereenvoudiging wel die spelling van Hollands makliker gemaak, maar die taal self het vir Afrikaanssprekendes moeilik gebleek. Dit kos hulle, selfs vandag nog, aansienlike moeite om te leer watter selfstandige naamwoorde *het-* en watter *de-*woorde is. Elffers (1907) wy drie bladsye aan reëls vir *het*-woorde, wat gevvolg word deur ’n lys van byna drie bladsye met woorde “die niet onder die regels vallen”, en dááarna kom ’n bespreking van “dubbel geslacht” (*de blik van ’t oog* teenoor *het blik* van metaal), samegestelde selfstandige naamwoorde en natuurlike geslag. Byna ewe moeilik is die vervoeging van die werkwoord en die swak en sterk verledetydsvorme.

Hoewel die VHS vir leerlinge makliker was as die ouer spelling, kon die VHS Hollands nie red nie. Dit het Viljoen later (in 1922) toegee. Hy het geantwoord op ’n vraag van Von Wielligh (1922:94). Die VHS het duidelik bewys dat, al was dit makliker as Nederlands, dit nooit die algemene spreektaal sou word nie en dat daar nog altyd betreklik baie moeilikhede van allerlei aard “in het wezen van die taal als zulks bestonden, die voor die Afrikaner onoverkomelik waren, omdat hij er hoegenaamd geen gevoel voor had” (Von Wielligh 1922:94).

Die VHS en AWSI

Ná die stigting van De Zuid-Afrikaanse Akademie voor Taal, Letteren en Kunst in 1909 het spanning tussen voorstanders van Afrikaans en Hollands lank voortgeduur. Die skrywer Melt Brink het die Akademie in 1911 gevra om gestandaardiseerde spelreëls vir Afrikaans op te stel. Sy voorstel is op die jaarvergadering bespreek, maar die bespreking is gestaak uit vrees vir ’n twis tussen die twee groepe (Kapp 2009:111-114).

Spelreëls was egter deel van die sakelys op die Akademie se iaarvergadering van 1914. Op dié vergadering het C.J. Langenhoven ’n kommissie voorgestel wat Afrikaanse spelreëls moes opstel. Dit was ’n praktiese uitvloeisel van ’n besluit wat die provinsiale rade van Kaapland, die Vrystaat en Transvaal in daardie jaar geneem het. Op inisiatief van Langenhoven is die moedertaal-ordonnansies van dié provinsies gewysig sodat Afrikaans vir die doeleindes van dié ordonnansies as die moedertaal van Afrikaanssprekendes aanvaar word en nie *Nederlands* nie. Langenhoven se voorstel vir ’n spellingkommissie is aanvaar en die Akademie het op sy sitting van 18 September 1915 die spelreëls goedgekeur. In 1917 is dit saam met ’n woordelyst in boekvorm uitgegee. Eksteen (1985:172) en Kapp (2009:115) beskou Le Roux as die “vader” van die Afrikaanse spelreëls.

Die *Spelling-kommissie* (voortaan SK) het, soos in die inleiding vermeld, so weinig as moontlik van die VHS afgewyk “om algemeen erkende redes” (Le Roux e.a. 1917b:ix). Die twee redes is die “vergemakliking van onderwijs” en “nasionale belang”. Dit sou inderdaad onverstandig gewees het om by die oorgang van Hollands na Afrikaans in skoolboeke die leerlinge ’n heeltemal nuwe spelling te wou leer soos die radikale *Patriot*-spelling van v-woorde met *f* en *ei*-woorde met *y* of *ij*. Teen 1917 is wette, wetsontwerpe, Hansard- en ander verslae en ander dokumente in VHS gedruk. Ook vir dié soort dokumente sou ’n nuwe spelling onnodige teenstand uitgelok het.

In hierdie afdeling word ingegaan op spelvorme waarby die SK uitdruklik na die VHS verwys. (’n Volledige behandeling van al die uitgawes van die AWS is onnodig. Eksteen (1985) en Odendaal (2012) bespreek die Afrikaanse spelling in die verskillende uitgawes baie deeglik. Omdat die *AWSI* sy voorbeeld in vet druk gee, verskyn alle voorbeelde in hierdie afdeling ook in vet druk.)

Die SK beroep hom op die VHS om te verduidelik waarom hy **kinders** skryf en ook die **v** naas die **f** behou “al sê ons **kinners** en al maak ons geen onderskeid, soos die Hollanders, tussen **v** en **f** nie. Om dieselfde rede behou ons ook **ei** naas **ij**, hoewel dit sowel in Hollands als Afrikaans dieselfde klank aandui” (ix). In opmerking 8 (xi) word herhaal: “Die spelling **ei** en **ij** word behou waar dit in die V.H.S. voorkom: **lei** naas **lij** (Holl. **leiden** naas **lijden**).”

Daarmee het dus ’n einde gekom aan sommige radikale spelvorme wat *Die / Di Afrikaanse Patriot* met verloop van tyd aangeneem het, naamlik **i** en **ii** vir **ie**, soos in **di** en **hiir**, die **f** vir **v** en die **y** vir **ei**. Die vernaamste hiervan het reeds in die spelreëls van die Afrikaanse Taalvereniging (ATV) in die slag gebly. De Waal het niks teen **i** gehad vir **di** nie en het self die skuilnaam **Janni** vir sommige van sy artikels gebruik. Op die ATV-kongres van 1907 was daar sterk teenstand teen **di**. Die SK verwys in opmerking 6 (xi) na hierdie **ie**. “In Afrikaanse en verafrikaanse vreemde woorde word die i-klank deur **ie** voorgestel, net soos in die V.H.S.: **die, wiel, tiekel.**”

Die SK sê dat, waar ’n vereenvoudiging algemeen gebruiklik is, hy dan van die VHS afwyk. “So skrijwe ons **z** en **au** net in eiename en vreemde woorde: anders altoos **s** en **ou** (x). Ook waar die Afrikaanse uitspraak heeltemal afwyk van die Hollandse, gee die SK die Afrikaanse uitspraak so ver moontlik weer, byvoorbeeld **nuwt** en **nuws** vir Hollands **nieuw** en **nieuws**.

Wat ’n sterk VHS-agtige indruk in *AWSI* maak, is die gebruik van **ij** in plaas van **y**. Slegs twee woorde begin in *AWSI* met **y**: **Yankee** en **psilon**. “Die letter **y** word net gebruik in eiename en egte vreemde woorde: **Egypte, hypothek**. Origens word **y** vervang deur **i: dinamies, simpatie.**” (x, opmerking 1 (a) 2). Die Akademie het eers in Januarie 1920 besluit om **ij** te vervang deur **y**.

Soos gemeld, het die Taalbond op sy 1904-kongres van die uitgang **-lijk** afskeid geneem en dus **-lik** aanvaar. “Net soos in die V.H.S. word **ij** [...] vervang deur **i** in die uitgang **-lik(e)** maar behou in **-rijk: waarlik, jaarliks**, maar **belangrijk, klankriek** (xi, opmerking 8).

Die hoofstuk “Afrikaanse spelreëls” is duidelik geskryf in ’n “owergangstijd”, soos die kommissie dit ook noem. Die gebruikers van die *AWSI* is Afrikaanssprekendes wat gewoond was aan die Hollandse spelling en die SK wys meermale op die verskil. Dit gebeur veral in die afdeling “Medeklinkers”. “Waar **d** tussen klinkers nie uitgespreek word nie, word hij ook nie geskrywe nie: **broer, leier, wijer** in plaas van **broeder, leider, wijder**” (xii, opmerking 13). “Waar **t** voor **s** in die Afrikaanse vorm van dieselfde Hollandse woord nie uitgespreek word nie, word hij in die spelling weggelaat: **laas, plaas, geplaas**, in plaas van **laats(t), plaats, geplaats(t)**. (xii, opmerking 14).

Die AWSI kon ook gebruik maak van die VHS by woorde wat in Hollands met **th** begin: **tans, tee, termometer** “maar **thuis** (omdat hier nog aan **huis** gedink word)” (xii, opmerking 15).

Die eerste uitgawe van die eerste Afrikaanse tydskrif vir vroue het verskyn toe AWSI nog van krag was en die titel was dus *Die Boervrouw*, want die AWSI spesifieer: “w word als eindletter oral behou waar dit in die Hollandse spelling voorkom: **vrouw, leeuw**”. AWSI het dus ook ‘n onderskeid gemaak tussen die spelling van die persoonlike en besitlike voornaamwoorde **jou** en **jouw**, **u** en **uw** en illustreer dit met die volgende voorbeelde: **ek het jou (u) gesien**, maar **ek het jouw (uw) boek**. (xiii, opmerking 20). In Januarie 1920 het die Akademie besluit dat die w moet wegval waar daar geen w-klank in die uitspraak gehoor word nie soos in **gou, jou** en **vrou**. Terselfdertyd is besluit dat **uw** moet plek maak vir **uu**, soos in **nuus** en **nuut**.

Spore van VHS is ook in diewoordelys te vinde: **affaire, als** naas **as, eigenlik** of **einlik** of **eintlik, ik** naas **ek, fysiek, verlies** naas **verloor** as werkwoord (**het verloor** of **verlies**), **verderfelik** naas **verderflik, verlogen** naas **verloën**. Daar is baie ander. Die VHS is egter geïgnoreer in **waanhuis, waentjie, vooltjie** (*klein voël*), wat dan tog in latere uitgawes by VHS aangepas is: **waenhuis, waentjie, voëltjie**.

SLOT

Die Afrikaner-teenstanders van Afrikaans as skryftaal het een na die ander hul eie taal aanvaar. Le Roux, een van Viljoen se oudstudente, vertel dat hy Viljoen in sy vier jaar van studie onder hom, nooit Afrikaans hoor praat het nie. Le Roux het hom nooit in Afrikaans aangespreek nie, maar in Hollands – “aanvanklik baie gebrekkig, weldra beter en later redelik goed”. Toe Le Roux in 1910 uit Nederland terugkom en sy werk in Pretoria aanvaar, het hy Viljoen steeds in Hollands bly aanspreek. “Maar op ‘n goeie dag, enige jare later, wat sou ek hoor? Hy praat swiwer Afrikaans!” (Le Roux 1953:81).

Die verhaal van Viljoen en Afrikaans eindig so positief dat die anti-Nederlandse Langenhoven hom daarvoor eer. In 1925 moes Viljoen voor ‘n gekose komitee van die parlement getuig oor die geskiktheid van Afrikaans as amptelike taal. Langenhoven, ‘n lid van die komitee, was heel op sy hoede, want die teenstanders van Afrikaans het Viljoen as hul kampvechter beskou. “Eksel het gevrees dat sy getuenis vyandig sou wees en die uitwerking daarvan dodelik.” Hy het hom goed voorberei en met Viljoen se proefskrif opgedaag. “En op die ou end het ek met ‘n uitvoerige ondervraging [...] letterlik alles van Dr. Viljoen gekry wat ek wou hê en nie met steekse teësinnigheid van sy kant nie, maar hartlike samestemming. Ek dink vandag met erkentlike geneentheid aan Dr. Viljoen terug omrede van die diens wat hy daar voor die Gekose Komitee aan sy taal en sy volk bewys het” (Langenhoven 1956:409).

Hollands en die VHS het ‘n alternatief vir verengeling gebied in ‘n tyd toe sommige Afrikaners, soos Le Roux (1953) suggereer, vermoedelik die voorkeur sou gegee het aan Engels bo Afrikaans. Bowendien het Viljoen en die ander vereenvoudigers, ‘n bydrae tot die Afrikaanse beweging gelewer. Die VHS-invloed op die Afrikaanse skryftaal het die aanvaarding daarvan deur teenstanders makliker gemaak. Die twee tale vul mekaar aan; “Afrikaans sluit Hollands grotendeels in”, sê die *woordelijs-kommisie* in AWSI. Die VHS het daartoe bygedra dat Hollands ‘n hele tyd lank kon dien as “die onmisbare bron waaruit Afrikaans moet put, oral waar voorlopig nie deur eie taalmiddele in die behoeftes kan voorsien word nie” (Le Roux e.a. 1917a:iv).

BIBLIOGRAFIE

- Brink, Linda. 2010. 'n Biografie van die taalstryder F.V. Engelenburg tot met die stigting van die Akademie. MA-verhandeling. Vaaldrifhoeke kampus van die Noordwes-Universiteit.
- Claassen, L.H. 1977. Die ontstaansgeskiedenis van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Taal, Lettere en Kuns. MA-verhandeling. Randse Afrikaanse Universiteit.
- De Villiers, Anna J.D. 1936. *Die Hollandse taalbeweging in Suid-Afrika. Annale van die Universiteit van Stellenbosch*. Kaapstad: Nasionale Pers.
- De Vos, P.J.G. & M.J. Besselaar (namens het hoofdbestuur van de ZA. Taalbond). 1904. *De ZA. Taalbond en de taalvereenvoudiging*. Kaapstad: ZA. Taalbond.
- De Waal, J.H.H. 1939. *My herinnerings van ons taalstryd. Versamelde werke*, deel I. Kaapstad: Nasionale Pers.
- Du Toit, J.D. 1917. *Ds. S.J. du Toit in weg en werk*. Paarl: Paarl Drukpers Maatschappij Beperkt. (Faksimilee-heruitgawe deur Tafelberg, Kaapstad, in 1977).
- Elffers, Hubert. 1907. *Nieuwe Hollandse spraakkunst voor de volkscholen van Zuid-Afrika*. Kaapstad: Juta.
- Elffers, Hubert en W.J. Viljoen. 1908. *Beknopt Nederlands woordenboek voor Zuid-Afrika*. Kaapstad: Juta.
- Eksteen, L. C. 1985. Die rol van die akademie in die standaardisering van die Afrikaanse spelling. In: Botha, R. P. & M. Sinclair (red). Norme vir taalgebruik, *Spil plus* 10:169-200.
- Erasmus, O.C. 1972. Viljoen, Willem Jacobus. *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek*, deel II, pp. 835-836.
- Giliomee, Hermann. 2012. Afrikanernasionalisme, 1875–1899. In Pretorius (red.) (2012):219-232.
- Hesseling, D.C. 1897. Het Hollandsch in Zuid-Afrika. *De Gids* 61, vierde serie, eerste deel, 138-162.
- Hofmeyr, J.H. 1913. *Het leven van Jan Hendrik Hofmeyr (Onze Jan)*. Kaapstad: Van de Sandt de Villiers.
- Kalff, G. 1915. Zuid-Afrika in de letterkunde. *Die Brandwag*, 1 Maart 1915:541-544.
- Kapp, Pieter. 2009. *Draer van 'n droom. Die geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns 1909-2009*. Hermanus: Hemel en See boeke.
- Langenhoven, C.J. 1932/1956. My aandeel aan die taalstryd, in *U dienswillige dienaar (Versamelde werke*, deel XII). Kaapstad: Nasionale Pers.
- Le Roux, T.H., D.F. Malherbe & J.J. Smith. 1917a. *Afrikaanse woordeljs en spelreëls*. Bloemfontein: Die Nasionale Pers (Le Roux e.a. 1917a).
- Le Roux, T.H., Jan F.E. Celliers, J.D. du Toit, C.J. Langenhoven, D.F. Malherbe, W.M.R. Malherbe & Gustav S. Preller. 1917. in Le Roux e.a. 1917a. (Le Roux e.a. 1917b)
- Le Roux, T.H. 1953. Toelighting en beskouing oor D.F. Malherbe se lesing "Is Afrikaans 'n dialekt?" en Viljoen se antwoord daarop "Wat is nu eigenlik onse taal?" *Hertzog-annale* 1 (3):74-81.
- Odendaal, B.G. 2012. Die herstandaardisering van Afrikaans. 'n Praktiese benadering met die AWS as gevallestudie. Proefskrif vir die graad Doktor in die Wysbegeerte aan die Universiteit van Stellenbosch.
- Pretorius, Fransjohan (red.) 2012. *Geskiedenis van Suid-Afrika van voortye tot vandag*. Kaapstad: Tafelberg, in opdrag van die Geskiedeniskomitee van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns.
- Scholtz, J. du P. 1965. *Die Afrikaner en sy taal 1806–1875*. Kaapstad: Nasou.
- Scholtz, J. du P. 1980. *Wording en ontwikkeling van Afrikaans*. Kaapstad: Tafelberg.
- Smit, A.P. 1977. De Vos, Pieter Jacobus Gerhardus. In *Die Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek*, Deel III: 232-233.
- Steyn, J.C. 2014. 'Ons gaan 'n taal maak'. *Afrikaans sedert die Patriotjare*. Pretoria: Kraal.
- Van der Sijs, Nicoline. 2004. *Taal als mensewerk: het ontstaan van het ABN*. Den Haag: Sdu Uitgevers.
- Van der Wal, Marijke & C. van Bree. 1994. *Geschiedenis van het Nederlands*. Utrecht: Aula.
- Von Wielligh, G.R. 1922. *Eerste skrywers*. Tweede en verbeterde uitgawe. Pretoria: Van Schaik.
- Zietsman, P.H. 1982. Die stryd oor die Afrikaner se taal in die Kaapkolonie en Transvaal 1899-1908. D. Litt. Universiteit van Suid-Afrika.
- Zietsman, P.H. 1992. *Die taal is gans die volk: woelinge en dryfvere in die stryd om die Afrikaner se taal*. Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika.

Ná honderd jaar: Die Afrikaans van die eerste taalkommissie

After a hundred years: The Afrikaans of the first Language Commission

CHRISTO VAN RENSBURG

Navorsingsgenoot: Navorsingseenheid *Tale en literatuur in die SA konteks*

Noordwes-Universiteit

Potchefstroomkampus

E-pos: christovanrensburg100@gmail.com



Christo van Rensburg

CHRISTO VAN RENSBURG was vir dertien jaar lank 'n lid van die Taalkommissie, en het hom meermale uitgespreek oor die problematiek wat inskrywings uit Afrikaans se dialekwoordeskat in die Afrikaanse Woordelys en Spelreëls onderlê het. Die Afrikaans in brieue wat onveranderd in negentiende-eeuse koerante geplaas is (wat hy saam met J.H. Combrink ondersoek het), en die gesproke Afrikaans van Afrikaanse dialekgemeenskappe, het moeilik in die AWS's tereggekom.

Hy het saam met nagraadse studente daarna vrae gevra oor hoe dit gebeur het dat die eerste Kommissies van die "Zuid-Afrikaanse Akademie voor Taal, Letteren en Kunst" wat na die Afrikaanse spelling moes omsien, hulle aan Nederlands verbind het, eerder as aan Afrikaans.

CHRISTO VAN RENSBURG was a member of the Language Commission for thirteen year, and on several occasions expressed his opinions regarding the problematic nature of including entries from the vocabulary of Afrikaans dialectal varieties in the *Afrikaanse Woordelys en Spelreëls*. The Afrikaans of letters published unaltered in nineteenth century newspapers (which he investigated with J.H. Combrink) and the spoken Afrikaans of communities using Afrikaans dialects were included with great difficulty in the AWS's, even though they continued to be used on various levels.

A question that subsequently followed, was how it had come about that the first Commissions of the *Zuid-Afrikaanse Akademie voor Taal, Letteren en Kunst*, which had to take care of the spelling of Afrikaans, committed themselves to Dutch rather than to Afrikaans.

ABSTRACT

After a hundred years: The Afrikaans of the first Language Commission

After a hundred years the Afrikaans of the first Taalkommissie (Language Commission) of 1917 differs radically from the Afrikaans that is covered by the rules contained in the eleventh issue of the Afrikaanse Woordelys en Spelreëls (Afrikaans Word List and Spelling Rules) (AWS 11). These differences will in future probably become even greater. The Afrikaans that before 1917 had run its natural course towards becoming the written form, was passed over and a Dutchified Afrikaans was standardised. How did this happen?

Circumstances beyond the control of the Afrikaans linguistic community resulted in the standardisation of Afrikaans in 1917.

The change in government in Britain in 1905 gave rise to a series of reactions which in 1910 resulted in Unification in South Africa. In the new constitution of the time, English was no longer retained as the only official language but recognition was given to two languages: English and Dutch. Dutch, which then unexpectedly became one of the two official languages of the Union of South Africa, could be accommodated culturally in the Zuid-Afrikaanse Akademie voor Taal, Letteren en Kunst (the South African Academy for Language, Literature and Art) (hereafter referred to as “the Academy”), which was founded in 1909. The language of the Academy was Dutch (in terms of the draft statute). At the founding meeting of the Academy it was proposed that Afrikaans be one of the languages of the Academy. This proposal was not accepted and Afrikaans was perforce included in article 2 of the founding charter with the explanation that it was included with Dutch.

The Academy inter alia strove to promote the teaching of Dutch (“t onderwys van t Holland”) (article 3).

Afrikaans was not recognised in the Constitution of the Union or in the Statute of the Academy as an independent language, even though it was the language spoken in the largest area in South Africa during the nineteenth century, by more people than either Dutch or English. Various groupings of Afrikaans-speakers wrote Afrikaans in different ways: in the Bo-Kaap as a religious language (with an adapted Arabic and Malay orthography), in Genadendal, in the Paarl, where middle-class Farming Afrikaans was written – a variety that was customarily used during the nineteenth century and was significantly influenced by Khoi Afrikaans – at mission stations and by newspaper editors and entertainment entrepreneurs. How to standardise these various ways in which Afrikaans was written? This was still music of the future.

C.J. Langenhoven in 1914 convinced three of the four Provincial Councils to introduce Afrikaans on the first levels at primary schools, and he undertook to obtain the support of the Academy for this. The Academy had a stated educational responsibility in respect of Dutch. C.J. Langenhoven lay claim to this, but he did so on behalf of Afrikaans. The 1914 annual meeting of the Academy supported C.J. Langenhoven’s plan with Afrikaans as language of education and appointed a commission to take care of the writing and spelling of Afrikaans. The use by the pro-Dutch Zuid-Afrikaansche Taalbond (South African Language Association) of the Simplified Dutch Spelling (“VHS”) dominated language education (except for English) in South Africa from 1904. The pro-Afrikaans Afrikaanse Taalvereniging (Afrikaans Language Society) (“ATV”) also to a large extent used the VHS spelling system.

The Academy’s spelling commission was compromised by agreements that C.J. Langenhoven and his supporters had made with the Taalbond and the ATV before the 1909 Annual Meeting so as to obtain their cooperation in order to carry through his education plan, and they had to adhere to the current Dutch writing conventions during the compilation of AWS1, which agreement was protected in a Principle until 1992.

These spelling concessions by C.J. Langenhoven resulted in Dutchified written Afrikaans. Afrikaans-speakers continued to speak their different types of Afrikaans, which differed in many respects from the written Standard Afrikaans, and which were increasingly influenced by it. The language of Afrikaans dialects, particularly with a basis of Khoi and Malay, was quite different from Dutch. The Afrikaans of these varieties differed significantly from Standard Afrikaans and was kept out of the standard variety, inter alia on the basis that it was not “customary” or “civilised”.

Language Commissions, from AWS 3, continued “Afrikaansifications” in the Word Lists, but the consequences of the 1914 Dutchification are still to be found in the spelling of Afrikaans. And AWS 11, after a 100 years? For the first time, after a full century has elapsed, the Preface to AWS 11 confirms that the different varieties of Afrikaans form part of Standard Afrikaans and that the Language Commission encourages the development and use thereof, and that in the long run it may change and modify Standard Afrikaans.

KEY WORDS: Afrikaans word list and spelling rules, Afrikaansification, dialects, Dutchification, Khoi-Afrikaans, Language commission, standardising, stigmatizing

TREFWOORDE: *Afrikaanse Woordelys en Spelreëls, dialekte, Khoi-Afrikaans, standaardisering, stigmatisering, Taalkommissie, verafrikaansing, vernederlandsing*

OPSOMMING

Hierdie artikel bekyk die omstandighede wat aanleiding gegee het tot die manier waarop die eerste *Afrikaanse Woordelys en Spelreëls* van 1917 die Afrikaanse spelling bereël het, en die gevolge daarvan.

W.J. Viljoen het in 1903 die voorstanders van die VHS (Vereenvoudigde Hollandse Spelling) in Nederland en België besoek om by hulle leiding te kry vir 'n eenvoudiger Nederlandse spelling vir Suid-Afrika, wat nog steeds Nederlands sou wees. Hulle het ooreengeskakel dat Die Taalbond die vereenvoudigde spellingsysteem van die VHS in Suid-Afrika kan volg, 'n reëling wat in Desember 1904 op 'n kongres van die Taalbond aanvaar is, en wat van 1915 af sy neerslag in die vroeë uitgawes van die *Woordelys en Spelreëls* gevind het.

Met hierdie spellingbesluit is die Afrikaanse skryfpogings van die negentiende eeu verbygegaan, en desnieteenstaande latere verafrikaansings, kan die gevolge van die vernederlandse spelling van Afrikaans steeds in geskrewe Afrikaans waargeneem word.

1. AANLOOP: 'N REGERINGSBESLUIT EN TWEE TAALRIMPELINGS DAARNA

1.1 Die besluit

In Desember 1905 het 'n regeringsverandering in Brittanje plaasgevind. Die Liberale party het die regering by die Konserwatiewe Party oorgeneem. Die Britse kiesers wat die Konserwatiewe regering se bedenklike oordele oor oorlogsvordering tussen 1899 en 1902 in Suid-Afrika veroordeel het (vgl. Giliomee 2003:267; James 1998:319-323), het 'n rol in die regeringsverandering gespeel. Die nuwe regering in Engeland (vgl. Steyn 2014:77) was meer genaakbaar teenoor die politici uit Suid-Afrika se Boeregeledere as wat dit die geval was met die vorige regering.

J.C. Smuts het gou munt geslaan uit die moontlikheid wat hom hier voorgedoen het. "No sooner had the Liberals won power", skryf Steyn (2015:46), "than he [Smuts] was on his way to London on behalf of Het Volk" (die politieke party waaraan hy behoort het). Hy het in Januarie 1906 die nuwe Eerste Minister, H. Campbell-Bannerman, in Downingstraat 10 ontmoet, en sy steun gevra vir 'n plan van verantwoordelike selfregering vir die vorige Boererepublieke, waaroor politieke leiers in Suid-Afrika ook aan praat was (Kapp 2009:21). Die volgende dag het die Britse Premier 'n voorstel daaromtrent aan sy kabinet voorgelê, en

hulle het dit goedgekeur. Die implementering daarvan is in 1910 gevolg deur die vorming van die onafhanklike Unie van Suid-Afrika (vgl. Giliomee 2003:257).

2. TWEE TAALRIMPELINGS

Die gesprek tussen J.C. Smuts en H. Campbell-Bannerman in 1906, het gevolge op verskillende fronte gehad, en kon ook op die taalterrein in Suid-Afrika waargeneem word.

2.1 Die tale van die Unie van Suid-Afrika

Watter tale moes die tale van die Unie van Suid-Afrika wees, is 'n vraag wat kort voor 1906 nie voorsien kon word nie. Taalyweraars vir onderskeidelik Afrikaans en Nederlands is taamlik onverhoeds betrap met die situasie wat opgeduik het toe Engels se posisie as die enigste ampstaal in die na-oorlogse Suid-Afrika statutêr beëindig is. Claassen (1977:121, 131) wys daarop dat die Nederlandse kamp beter georganiseer was as die voorstanders van Afrikaans. Die Nederlandsgesinde Taalbond het die Transvaalse en Vrystaatse onderwysdepartemente in 1904 sover gekry om voorstelle te aanvaar om die VHS te gebruik, wat ook die geval was met die University of the Cape of Good Hope. Die Afrikaanse Taalvereniging (ATV) was nie op hierdie vlak mededingend nie. (Vgl. Le Roux 1968a: 167 en Steyn 2014:92) oor die beperkings van die ATV.

Sou daardie taal wat naas Engels moes funksioneer, dalk Afrikaans kon wees, en nie Nederlands nie? (Vgl. 4 hierna. Dit was nie die geval nie, soos die Nederlandse vertaling (uit die oorspronklike Engels) van die gedeelte van die 1910-grondwet oor daardie taalbesluit lui:

De engelse alsmede de hollandse talen zijn officiele talen van de Unie. Zij worden op een voet van gelijkheid behandeld en bezitten en genieten gelijke vrijheid, rechten en voorrechten.

2.2 Die taal van die "Suidafrikaanse Akademie vir Taal, Lettere en Kuns"

2.2.1 Net drie moontlikhede?

Die "Suidafrikaanse Akademie vir Taal, Lettere en Kuns" (hierna die Akademie) was met sy stigting in 1909 (vgl. Kapp 2009:5-7) vir die pro-Nederlandsgesinde taalaktiviste 'n geleentheid om die status van Nederlands in Suid-Afrika te konsolideer. Hulle het die Akademie gesien as 'n liggaam om die skryfvorm en kultuurprestasies van Nederlands in Suid-Afrika te stimuleer en te organiseer.

Gesien die vreemdheid van Nederlands vir die deursnee Afrikaanssprekende, en die beperkte gebruik van Nederlands, kon die vraag ook hier gevra word: kon Afrikaans nie die Akademietaal gewees het nie?

Tydens 'n byeenkoms op 5 Januarie 1909 in Kaapstad oor die beoogde totstandbrenging van die Akademie (Kapp 2009:28-29) is Afrikaans nie aangewys as die Akademietaal nie. J.B.M. Hertzog het 'n voorstel gemaak dat die te stigte liggaam hom ten doel moet stel om die "Hollandse taal en letteren in Zuidafrika" te bevorder. Wat van "beide taalrichtingen... in Zuidafrika", het 'n amendement van J.H. Hofmeyr gelui? Die amendement is nie aanvaar nie. Afrikaans is later bygesleep soos *Ons Land* op 19 Januarie 1909 met voortydige binnekennis vermeld het dat *Afrikaans* wel in die Akademiebesluite geïmpliseer sal word, al het die oorspronklike amendement, misluk (De Villiers 1934:249). Artikel 2 van die Konsepstatuut

het toe vermeld dat Hollands “beide taalvormen gebruiklik in Zuid-Afrika” sal insluit (*Jaarboek* 1:14).

In die praktyk het daar vir die volgende jare niks van die paaibeloofte van “beide taalvormen” tereggekom nie. Eers in 1921 het die Akademie sy *Jaarboek* met ’n Afrikaanse voorblad gepubliseer, maar met nog heelwat Nederlandse gedeeltes daarin. Die eerste Akademiebesluit wat in Afrikaans geneem is, is na Langenhoven se voorstel vir die reglementering van Afrikaans in 1914 geneem (Bosman 1959:118). Dit het egter nie die algemene gang van besprekings in Nederlands verander nie.

Kapp (1909:7) noem drie taalmoontlikhede wat die Akademie met sy stigting kon oorweeg het: hy kon besluit het om op te gaan “in die groter Engelse wêreld, vashou aan die verswakkende Nederlandse band of nuut skep”. Dit gebeur dat reglementeringsliggame soms amper “nuut skep”, soos wat met die omgangstaal in Nieu-Guinee in die tweede helfte van die twintigste eeu gebeur het (Crystal 1987:335). Volgens daardie nuwe skryfwyse is die titel van die padveiligheidshandleiding van 1972: *Rot Sefti Long Niugini* (Padveiligheid in Nieu-Guinee).

Afrikaanssprekendes was al gewoond daaraan dat Nederlands in hulle leefwêrelde die administratiewe rol moet speel, soos die besluite illustreer wat oor die administrasietale van die Republieke geneem is, oor die taal van die Unie, en oor die Akademie se gebruik van Hollands (Bosman 1959:118). (Hollands word naas Nederlands in hierdie artikel gebruik, afhangende van die konteks.) In 1897 verwys S.J. du Toit na die taalomstandighede van die regeringsinstansies van daardie tyd, en sê “in die Volksrade en Parlemente word Hollans nie mar Afrikaans gepraat” (Steyn 2014:35).

2.3 Sulke groothartigheid

’n Opvallende gees van behoedsame verdraagsaamheid tussen voormalige opponente het ná die maak van die Britse toegewings in 1906 geheers. J.C. Smuts het hom byvoorbeeld afgevra: “Has such a miracle of trust and magnanimity ever happened before?” (Steyn 2015:47). Sy verbassing oor dié Britse groothartigheid laat dink dat hy die uitkoms nie te wagte was nie. Die gebaar van toegeeflikheid het verrassend op selfstandige regering uitgeloop, het wyd uitgekragt, is versigtig vertroetel en op meer terreine toegepas. Met die stigting van die Akademie is opinieverskille oor die taal van die Akademie byvoorbeeld nie op die spits gedryf nie. “Die nuwe gees van samewerking” (Kapp 2009:28), is ook aan pro-Afrikaanssprekendes en pro-Nederlandssprekendes voorgehou. W. Postma en dr. W.J. Viljoen het in 1908 toegewyd versoening tussen Nederlandse en Afrikaanse voorstanders verkondig (Kapp 2009:27). Dat sulke versoeningsgesprekke ten gunste van Nederlands sou uitloop, kon goed voorspel word as in gedagte gehou word dat F. C. L. Bosman (1959:77) na W.J. Viljoen verwys het as “die hoëpriester van die VNS” in Suid-Afrika (Vereenvoudigde Nederlandse Spelling, vgl. 7 hierna).

3. DOELWITTE

Die doelwitte van die artikel, in die lig van die tema van die bundel waarin dit sal verskyn, is om ná verloop van honderd jaar, met die besluite oor die taal van die Unie van Suid-Afrika, en van die Akademie in gedagte, opnuut te kyk na die volgende:

- 1 die stand van Afrikaans teen die tyd van die besluitneming oor die genoemde nuwe taalreëlings in Suid-Afrika,

- 2 die omstandighede wat gelei het tot die aansluiting van die Spelreëls by die Nederlandse spelling, en
- 3 die implikasies van die besluite wat toe oor die Afrikaanse spelling geneem is.

4. WAT VAN 'N VIERDE MOONTLIKHEID?

Naas die drie taalmoontlikhede vir die Akademie waarvan Kapp (hierbo) melding maak, kan daar aan die bestaan van 'n vierde moontlikheid aandag gegee word: *Kon Afrikaans nie die taal van die Unie van Suid-Afrika en van die Akademie gewees het nie?*

4.1 Om voort te bou op negentiende-eeuse Afrikaans

4.1.1 Stabilisering

Afrikaans was voor die twintigste eeu, teen die tyd van die stigting van die Akademie, al lank bekend. Heelwat Afrikaanshede is al so vroeg soos in die eerste helfte van die sewentiende eeu opgeteken (vgl. Van Rensburg 2016; Den Besten 1989). Die verskeidenheid van grammatiskapatrone wat Afrikaans met sy ontstaan vertoon het, het in die negentiende eeu sodanig gestabiliseer dat Scholtz (1980:80) strukture kon uitwys wat reeds teen "die begin van die agtiende eeu" vasgelê is (wat Viljoen 1896:29,56 ook aantoon). Teen "die einde van die 18de eeu", voer Raidt aan, het Afrikaans "reeds" sy "beslag gekry" (Raidt 1976:198).

4.1.2 Afrikaans?

Die taalnaam **Afrikaans** is eers van 1875 af deur die Genootskap van Regte Afrikaners (GRA) gebruik, maar in hierdie studie word terugskouend van Afrikaans gepraat, wanneer die taal met kenmerke wat oorwegend met huidige Afrikaans ooreenkoms, ter sprake is, of wanneer die sosiolinguistiese omstandighede van die sprekers, soos tydstip, plek en identiteit, hulle as hoogs waarskynlik Afrikaanssprekend sou klassifiseer.

4.1.3 'n Karakterisering van negentiende-eeuse Afrikaans

Hoe kan die Afrikaans gekarakteriseer word wat bestaan het teen die tyd toe die nuwe taalreëlings aan die begin van die twintigste eeu getref moes word? Kon negentiende-eeuse Afrikaans belangriker funksies vervul het?

Afrikaans was in die negentiende eeu:

4.2 'n Afsonderlike taal

In die negentiende eeu is daar meermale uitsprake gemaak wat daarop gedui het dat Afrikaans as 'n afsonderlike taal beskou is. Tromp wys daarop "dat wij" Afrikaans (wat hy so noem) "als taal zullen erkennen" en verwys ook na sy status as hy praat van "deze niet onbelangrijke taal" (Tromp 1879:23; vgl. ook Franken 1953:175 e.v.).

Voor 1875 was Afrikaans onder verskeie name bekend, wat ook sy bestaan bevestig. "Afrikanisch" (Afrikaans), merk Viljoen (1896:17) op, is teen die einde van die negentiende

eeu deur “die Engländer noch immer ... Cape Dutch” genoem. (In sy *Fergelykende Taalkunde van Afrikaans en Engels*, vertaal S.J. du Toit (1902) Afrikaans ook as “Cape Dutch”). Tromp (1879:22) wys daarop dat Afrikaanssprekendes hulle taal soms “Laag-Hollandsch” noem, en Van Rijn (1914:13) vermeld dat “Boere-Hollands”, naas ander name, ook goed bekend was.

4.3 ... wat wyd versprei is

Etlike waarnemers, soos Burchell (1967 vol. I :29, 77), het aan die begin van die negentiende eeu opgemerk hoeveel van Suid-Afrika se inwoners Afrikaans praat: “All the inhabitants use the Dutch language, and many slaves and Hottentots speak no other”. Die Nederlands (*Dutch*) wat hulle praat, was niks anders as variëteite van Afrikaans waartoe sy Nederlands hom (beperkte) toegang gegee het nie. Viljoen (1896:25) het agtergekom dat Afrikaans die “eigentliche Form der südafrikanischen Umgangs- und Volkssprache” is (Viljoen 1896:24). In ’n Mededeling in die *Pall Mall Gazette* van 4 Junie 1894 kry hy ondersteuning vir sy waarneming: “that language [Afrikaans] has permeated all South Africa”, is daar gesê. Steyn (2015:49) praat van die “the almost unilingual Orange River Colony”, wat ’n idee gee dat dit in die ZAR ook die geval was. Giliomee (2003:213) bevestig hierdie waarnemings: “by 1875 Afrikaans ... was spoken across most of the present South Africa”.

Burchell (1967 I:13) het sy ervaring van die wye verspreidheid van Afrikaans aan die begin van die negentiende eeu met voornemende reisigers gedeel: hy het hulle aangeraai om gerus iets van Afrikaans te leer voordat hulle die binneland aandurf. In Augustus 1811 het hy ervaar hoe “Kosas” hulle op Afrikaans se waarde as binnelandse kommunikasietaal verlaat het. Uit ’n groep van vyf wat deur die Bruintjieshoogte-gebied getrek het, was daar twee wat in Afrikaans ’n gesprek kon voer (Burchell 1967 I: 269). Afrikaans se waarde as reisigerstaal in die Suid-Afrikaanse binneland van die negentiende eeu (en in die eerste dekades van die twintigste eeu) was algemeen bekend. Die titel van Elffers se Afrikaanse grammatika van 1908 staan ook in die trant van Burchell se advies: *The Englishman’s Guide to the speedy and easy acquirement of Cape Dutch for the use of Travellers, Settlers and Military Men*.

4.4 ... met ’n verskeidenheid dialekte

Met die bestaan van Afrikaans moet mense maar verlief neem, het Changuiou in 1844 agtergekom, toe hy die Afrikaans wat hy in Kaapstad gehoor het, sonder sukses nader na Nederlands toe wou gebring het (Van der Merwe 1971:viii). Teen die einde van die negentiende eeu het Afrikaans bestaan uit “verschillende dialecten van het hoofddialect”, het Tromp (1879:21) opgemerk, wat “in de verschillende delen van Zuid-Afrika” gepraat word. Die verskillende dialekte het elkeen sy eie geskiedenis, wat gesamentlik Afrikaans se geskiedenis vorm.

Burchell (1967:13) het in 1810 iets van Afrikaans se verskeidenheid raakgesien, wat “according to the Cape dialect” gepraat is, en in die binneland weer volgens die “dialect of the Hottentots”, aan die Oranjerivier. Hiermee het hy *Khoi-Afrikaans* bedoel, soos die voorbeeld illustreer wat hy uit Klaarwater (later Griekwastad) opgeteken het. Khoi-Afrikaans was die aanleerdersvariëteit van die Khoi-Khoi wat Khoi teen die begin van die agtiende eeu verplaas het (Van Rensburg 2016:456).

Lichtenstein (1928:116), het Afrikaans (*African Dutch*) aan die begin van die twintigste eeu in die Hantam gehoor waar hy na twee jong inwoners van die gebied se kampvuurstories geluister het. Hulle het dit in ’n ander taal as Nederlands vertel. “[T]he effect was exceedingly increased by the concise, yet expressive, African Dutch language, in which the relation was

given”, skryf hy. In die omgewing van Swellendam het hy sy bejaarde landgenoot, die Duitse plantkundige Auge, raakgeloop, en merk hy op dat Auge nie meer Duits praat nie, maar “the corrupted Dutch of the colonists” (Lichtenstein 1928-30:170). Die “corrupted Dutch” van daardie streek was Afrikaans, soos afgelei kan word uit taalhistorici se karakterisering van die taal van “Die Lied ter eere van de Swellendamsche en diverse andere helden bij de bloedige actie aan Muisenberg in dato 7 Aug. 1795” (Raidt 1976:138, 139; Scholtz 1965:143).

Lichtenstein het ook ‘n geletterde boer, S. de Beer, in die Paarl raakgeloop (Lichtenstein 1928-30: 87), wat diglossies ‘n versigtige Nederlands gebruik het, anders as sy Kaapse “African Malay dialect, in which he was educated”. Sprekers van Khoi-Afrikaans se taal kon ook uitdagings aan Europeërs stel wat meer Nederlands by hulle gespreksgenote verwag het omdat herkenbare Nederlands in die Afrikaans met ‘n Khoi-basis maar skaars kon wees. Die Griekwa-Afrikaans wat Burchell (1967:156) se handlangers in 1811 gebruik het, was buite bereik van die Nederlands waaroor hy beskik het. Dit “was so peculiar”, dat hy die hulp van ‘n tolk moes inroep.

Die drie Boereleiers, Botha, De Wet en De la Rey, wat Europa in 1902 besoek het om hulp vir die heropbou van hulle land te verkry, se Nederlands het in Nederland en België nogal kommentaar ontlok. Dit was eintlik maar negentiende-eeuse Afrikaans, soos Paul Kruger se taal ook (Zietsman 1992:124-125), wat met ‘n bietjie Nederlands gepoets was.

4. 5 ... waarin daar geskryf is

Sprekers van die variëteite van Afrikaans het gedurende die negentiende eeu in ‘n klompie gevalle self hulle dialekvorme weergegee wanneer hulle geskryf het. In ander gevalle het waarnemers weer geskryf hoe daardie soorte Afrikaans vir hulle geklink het.

In die Bo-Kaap, en later ook in Port Elizabeth, het sprekers van ‘n subvariëteit van Kaaps, van 1865 af, of missien selfs vroeër (Davids 2011:89), Afrikaans as ‘n godsdiensstaal in Arabiese en in Romeinse skrif geskryf. In navolging daarvan het ‘n tradisie ontstaan waarin die variëteit vir lank informeel geskryf is (Davids 2011:33-150). Op Genadendal, “in die 19de eeu” (Belcher 1987:29; Steyn 1914:39), het sprekers van Khoi-Afrikaans meegewerk om hulle Afrikaans in gedrukte vorm bekend te stel, danksy die drukpers daar. Noord van die Oranjerivier (Stals & Ponelis 2001:11) was sendinggemeenskappe belangrike uitstralingsentrums van Khoi-Afrikaans (Freund 1989:340). Die Khoi-Khoi het ‘n hoër status aan Khoi-Afrikaans gekoppel as aan Khoi (Freund 1989:342), wat rigtinggewend was vir die *drift*, waar Khoi-sprekers wegbeweeg het van die laaste Khoi-reste af, nader na Khoi-Afrikaans toe.

Kenmerke van die Khoi-onderbou van Khoi-Afrikaans is merkbaar in die briewe wat Carolus en Jan Bastert van die Zakrivier-sendinggemeenskap self geskryf het. Den Besten (2005:31) verwys daarna as ‘n vorm van “acrolectal Afrikaans” “met een ten dele bewust aangebracht Nederlands vernis” (2005:25), wat in die meerderheid tekste van Afrikaans-sprekendes voorgekom het, en toegeskryf kan word aan die trek-effek van die status van Nederlands. Roberge (2003:21) praat van sulke tekste as “orthographic fiction”.

Verskeie skrywers het aan negentiende-eeuse Transvaalse koerante, in die tweede helfte van daardie eeu, briewe geskryf waarvan die redaksies nie die taal gewysig het nie (Van Rensburg & Combrink 1983:142 e.v.). Die briewe bevat woorde soos:

ek/ik, wen/win, (ge)wenk, assablief, asemblief, banja, moet/mot, genog, moes/mos, stoer/steur, streukel/struikel, speul, beusem, seuwe, veul, ommers, moi, mit/met, ken/kan, tien/teen, wor, morre, (be)sorre, follende, oek, oer/oor, oempi, yster, en -heid/-geit, waarmee afleidings gevorm is.

Uit die briewe van vrouens uit die agtiende eeu wat Raidt (1986:157-257) ondersoek het, kom woorde voor wat hiermee ooreenstem.

Boniface (van 1830 af) en Meurant (van 1844 af) het die Afrikaans wat hulle gehoor het, ook in hulle koerante probeer skryf sodat die boere dit makliker kon volg. (Scholtz 1965:31 e. v.:76 e. v.:259 e. v. en Ponelis 1993:51, 83-84.) Scholtz (1965:101) wys op die “onmiskenbare” Khoi-aard van die Afrikaans in Boniface se bydraes, en wys ook (Scholtz 1965:77-99) op ooreenkoms daarvan met latere Afrikaans. Meurant het Afrikaans propagandisties gebruik om sy lesers te beïnvloed om sy planne vir ’n onafhanklike Oos-Kaap te steun. Die aard van sy skryfwerk, en die lesers se skriftelike reaksies daarop, het nuwe funksies vir die gebruik van Afrikaans ontsluit.

Die Genootskap van Regte Afrikaners (hierna die GRA), het van 1875 af ’n Afrikaans begin skryf wat gebaseer was op die middelklas se Boerdery-Afrikaans. Ander moontlikhede wat hulle kon oorweeg, was om “Here-Afrikaans” (wat met Nederlands verdeftig is) te kodifiseer, of Khoi-Afrikaans, laer op die sosiale leer. Die middelklas se *Boerdery-Afrikaans* was algemeen gebruiklik in die negentiende eeu, beduidend beïnvloed deur Khoi-Afrikaans, en het ook dié deel van die taal se geskiedenis gereflekteer.

Die GRA het aandag aan die skryf van Afrikaanse grammaticas gegee (S.J. du Toit en C.J. van Rijn), en van 1875 af, vir die volgende stuk of dertig jaar, is GRA-Afrikaans betreklik sistematis volgens die GRA-spelreëls geskryf: die grootste skryfprestasie van Afrikaans in die negentiende eeu.

It is opmerklik dat die GRA se bedrywighede vir J.H. Hofmeyr “op die gedagte gebring het om ’n dergelyke poging aan te wend om die Hollandse taal te bevorder” (De Villiers 1934:98). J.H. Hofmeyr het later die dryfveer agter die pro-Hollandse beweging in Suid-Afrika geword, en het nie net van die GRA verskil oor hulle Afrikaans nie, maar ook van S.J. du Toit se politieke sienings, deurdat hy oortuig was dat dit in die beste belang van die Kaapkolonie was dat die Afrikaanssprekendes lojaal aan die Britse Ryk bly (Giliomee 2009:221), terwyl S.J. du Toit, toe nog uitgesproke nasionalisties was (De Villiers 1934:100), en die teenoorgestelde siening gehuldig het.

5. DIE WÊRELD VAN NEGENTIENDE-EEUSE AFRIKAANS

5.1 Sosiolekte en stigmatisering

5.1.1 Diversiteit

Negentiende-eeuse Afrikaans het ’n wye geskakeerdheid vertoon: tussen die Afrikaans van die twee hooftaalgroepe, die Veeboere en die Khoi-Khoi, het ’n verskeidenheid variëteite daartussen voorgekom.

Die Veeboere het “hun nasionaal character voor dat van dezen landaart verwisseld” (Stavorinus 1770, in Scholtz 1965:244), maar nogtans ’n vervloë Nederlandse taal- en kultuurfase as ’n verbeeldelike verlede gekoester, waaraan hulle waarskynlik nooit deel gehad het nie. Dit pas by die aard van Voorposmense, soos Du Plessis (2013) dit uiteensit. Die Khoi-Khoi het ook hulle idees van die taal wat hulle voormense gepraat het voor die taalverskuiwing na Khoi-Afrikaans toe getroetel, en kultuuruitings bewaar wat met ’n vroeë leefwyse gepaardgegaan het.

5.1.2 'n Veelrassige taal

Die wedersydse taalbeïnvloeding tussen die twee hooftaalgroepe laat Ponelis (1993:39) tereg opmerk “[t]he incorporation of the Khoi was the single most important demographic contribution to the Afrikaans speech community during the eighteenth century”. Hofmeyr (1987:97) praat daarvan as Afrikaans se “colouredness”. Hierdie gekleurdeheid waarna Hofmeyr verwys, slaan op die taalbeïnvloeding in die binneland waar sprekers van die twee taalgroepe Afrikaans as “n veelrassige taal” gedeel het, wat 'n stoot-effek gehad het, en “n verkeerde sein gegee [het] in 'n samelewing wat al meer 'n obsessie ontwikkel het met ras en klasse-onderskeidings”, skryf Steyn (2014:20, met verwysing na Giliomee). Die grense tussen die Afrikaanssprekende taalgemeenskappe was betreklik poreus. Ontlenings het wedersyds plaasgevind, al was die taalvorme gemerk, soos die geskiedenis van *ons* as onderwerp aandui, en *ek* (vir Nederlands *ik*), wat Khoi-Afrikaans gestigmatiseer het (Van Rensburg 2015:329 e.v.).

Die sosiale gelaagdheid van sy sprekers het in negentiende-eeuse Afrikaans gewys. Viljoen (1896:24) het verskillende Afrikaanse sosiolekte geïdentifiseer soos wat “unter den Buren, den Dienstboten, auf dem Felde, in der Familie und im gewöhnlichen Verkehr” gebruik is (Viljoen 1896:24), variasie wat ook deur Teenstra in 1825 geïllustreer is in 'n gesprek wat hy weergegee het (Franken 1953:175 e.v.; Raidt 1976:139-140, 1991).

In die Afrikaanssprekende taalgemeenskappe van die negentiende eeu het 'n groot aantal sprekers in armoede gelewe. Ds. Andrew Murray het in 1893 herhaaldelik die aandag daarop gevëstig (Steyn 2014:235). Hofmeyr (1987:96) het die verband tussen die sprekers se gebrek aan welvaart en hulle taal oorsigtelik saamgevat as “[t]he poorer the community, the more their language varied from that of the 'civilised' Western Cape”, wat beteken het dat sulke gemeenskappe ook verder van die skrifbeeld van versorgde Nederlands af gestaan het.

Sprekers wat hoër op die sosiale leer gestaan het, kon hulle nie altyd vereenselwig het met die Afrikaans wat met armoede en sosiale onderklas geassosieer is nie (vgl. ook Giliomee 2003:224), en met die ruheid van byvoorbeeld 'n Kaatjie Kekkelbek se geïmproviseerde taal nie (Scholtz 1965:59-67). Distansiëring van die skryf van GRA-Afrikaans, en van briewe in koerante waar Afrikaans geskryf is, die stoot-effek, was normaal, vgl.: “Het is geen Afrikaansch Boer Hollandsch maar de taal van de Platbergsche Hottentots ...” (Nienaber 1982:28; vgl. ook Zietsman 1992:9 vir voorbeeld van neerhalende opmerkings oor Afrikaans).

6. DIE DINAMIEK VAN NEGENTIENDE-EEUSE AFRIKAANS

6.1 Koerante

In 'n grootliks passiewe Afrikaanse negentiende-eeuse taalgemeenskap was daar tog sprekers van Afrikaans wat aktief deelgeneem het aan 'n tradisie van briefskryf aan koerante, aan die *Bode* in Genadendal, Nederlandstalige koerante, en die *GRA*-tydskrifte. “Kaapse nie-akademies geskoolde Afrikaners het Afrikaans gebruik, maar slegs vir briewe aan en gedigte in die *Patriot* en *Ons Klyntji*, skryf Steyn (2014:29). Hierdie betrokkenheid het in die binneland aansteeklik gewerk, wat meegebring het dat die GRA se Afrikaanse koerant, die *Patriot*, se sirkulasie “in die vroeë 1880's groter [was] as die van die Hollandse koerante” (Steyn 2014:23). Tot aan die einde van die negentiende eeu het hulle 81 000 boeke gepubliseer (Steyn 1980:139) wat oor die hele land gelees is.

6.2 Literatuur

Tussen 1876 en 1896 het die byblad van die GRA se tydskrif *Die Patriot* aandag gegee aan Afrikaans se letterkunde, terwyl “Nederlands in Suid-Afrika geen noemenswaardige inheemse literatuur opgelewer [het] nie” (Zietsman 1992:103). Twintig jaar ná die stigting van die GRA het die nuwe pro-Engelse politiek van S.J. du Toit die *Patriot* se lesers begin vervreem (Antonissen 1965:34). *Ons Klyntji* is toe op 15 en 16 Januarie 1896 geloods, ’n letterkunde tydskrif wat “o’rpoletiek...ni praat ni” (*Ons Klyntji* I (I):1). Bydraes van letterkundige en wetenskaplike aard is geplaas (Lätti 1978:7-9), en lesers se eie bydraes is nie afgeskeep nie. Wanneer dit in *Ons Klyntji* geplaas is, was dit ’n “bewys dat daar in Afrikaans geskryf kon word”, het Lätti (1978:5) opgemerk. In 1897 was *Ons Klyntji* se oplaag 3000 eksemplare (Steyn 2014:37). Nadat Du Toit sy politieke standpunt verander het, het dit onsekerheid by sy volgelinge oor die posisie van Afrikaans gelaat, wat deur die pro-Nederlandse taalaktiviste uitgebuit is tot voordeel van Nederlands.

Negentiende-eeuse Afrikaans was voortdurend besig om sy grense te versit, en is vir al hoe meer funksies gebruik. Tydens die taalkongres ter viering van die GRA se twintigjarige bestaan, is daar saans musiek gemaak (Rocco de Villiers, ’n bekende uit musiekkringe van daardie tyd), vertellings aangebied (J. Celliers, die seun van Sarel Celliers) en is voordragte gelewer. Die opvoerings waarby Melt Brink betrokke was, het De Waal opgemerk, het die publiek laat voel dat Afrikaans ’n aparte taal was (Steyn 2014:36-37).

In die laaste kwart van die negentiende eeu het verskeie belanghebbendes ernstig oor Afrikaans nagedink en hulle in die openbaar daaroor uitgelaat. Sal Afrikaans nie toenemend meer funksies kan vervul nie? F.W. Reitz het in 1880 argumente oor die outonomie van Afrikaans gevoer, terwyl J. Brill in 1875 dit weer oor die erkenning van Afrikaans gehad het. Soms is daar gereageer op gesigspunte wat onrealistiese voorstellings gemaak het oor Nederlands as die taal van Suid-Afrika (vgl. Nienaber en Heyl II, 1960). In hulle studentedae het J.C. Smuts in 1890 (Giliomee 2009:271) en J.B.M. Hertzog (Kapp 2009:11) hulle ook positief uitgelaat oor die toekoms van Afrikaans. Was dit nie tekens dat negentiende-eeuse Afrikaans besig was om sy grense te toets nie?

Afrikaans was in elk geval op erkenning geregtig, volgens ’n hoofartikel van *De Express* van 3 Februarie 1891. Dit is geskryf in reaksie op ’n oproep aan “Voorstanders der Hollandsche Taal in Zuid-Afrika”, en het beweer dat Hollands nie so belangrik as Afrikaans nie: “nie Hollands nie maar wel Afrikaans en Engels [is] die tale van Suid-Afrika” (De Villiers 1934:238).

’n Pro-Afrikaanse gees het ook aan die einde van die negentiende eeu in onderwyskringe begin posvat. Leyds het aan die begin van 1899 ’n insiggewende opmerking in dié verband gemaak: “Sinds ik weg ben, begint jong Afrika te regeeren en de Hollanders beginnen zich onzeker te gevoelen” (Ploeger 1951:235). ’n Beswaar van Afrikaanssprekendes in die doodsnikke van die negentiende eeu teen die onderwysbeleid van Mansveld was dat hy “op verhollandsing afgestuur het wat ewe erg as verengelsing was” (Zietsman 1992:14). Dit was ook ’n teken van die “oplewing van nasionalisme” van daardie tyd, waarvan F. Pretorius (1998:9; 2012: 236) praat.

6.3 Die Afrikaanse Beweging

“Daar was teen 1914 al ’n taamlike skryftradisie in Afrikaans”, sê Steyn (2014:154). “In die Kaapkolonie het ’n beweging vir ’n eenvormige Afrikaanse spelling reeds teen Julie 1904 begin vorm aanneem”, wys Kapp (2009:14) uit – die ATV-spelling (Steyn 2014:154; Le Roux 1926:256-269). Die Afrikaanse Taalgenootskap (ATG) het in 1905 ook planne gemaak om ’n

grammatika vir Afrikaans te skryf en spelreëls daarvoor op te stel (Kapp 2009:14), en die Afrikaanse Taalvereniging (ATV) wat op 5 November 1906 in Kaapstad gestig is, het ook spelreëls vir Afrikaans opgestel (Kapp 2009:14), wat, hoewel nog onvolledig, in 1908 op sy Jaarkongres aanvaar is en wyd gepropageer is (Steyn 2014:154), en waarin die ATG in Bloemfontein ook belang gestel het (Kapp 2009:27).

Die Afrikaanse Taalbeweging het nooit die omvang van sy Nederlandse eweknie bereik nie, en dit was ook nooit so goed georganiseer nie. Die Anglo-Boereoorlog het hulle planne omvergegooi. Die haas met die reglementeringsplanne aan die einde van die eerste dekade van die twintigste eeu het hulle ook in 'n hoë mate onkant betrap.

6.3.1 Nederlands was te moeilik

Die voorstanders van Nederlands wou Nederlands as taal in Suid-Afrika hê, naas Engels. Een van die groot besware van die Afrikaanssprekendes met die Nederlandse planne was dat dit so moeilik was om Nederlands aan te leer. J.J. Smith, die latere Taalkommissielid, laat hom in 1907 uit oor die onhoudbare situasie waarin Afrikaanssprekendes hulle moedertaal tuis hoor, "maar op school leren wij het moeilike Hoog Hollands dat voor 'n Afrikaner verder af staat dan 't Engels" (Kapp 2009:116). Die Nederlandse Beweging wou hierdie geldige beswaar uit die weg ruim deur dieselfde Kollewijn-vereenvoudigingsreëls in te voer as wat in Nederland vir die vereenvoudiging van die Nederlandse spelling voorgehou is. Hulle het nie daarmee rekening gehou dat vereenvoudigde Nederlands nog steeds Nederlands moes wees nie, soos 'n Nederlandse afvaardiging met Viljoen ooreng gekom het (sien afdeling 7 hierna), en dat dit nie die Afrikaanse taalgemeenskap se taal is nie.

6.3.2 Twee Taalbewegings?

In die loop van die negentiende eeu was daar twee gedagterigtings oor die taal wat naas Engels in Suid-Afrika gekodifiseer moet word: die rigting wat die bevordering van Afrikaans voorgestaan het, en die Nederlandse beweging. Hierdie twee rigtings het steeds teen mekaar meegeding. Die beskrywing van die wedywering tussen voorstanders van Afrikaans en Nederlands as 'n Eerste en 'n Tweede Taalbeweging, waar die een doodloop en 'n ander een sou begin, laat nie reg geskied aan die volgehoue strewes van die voorstanders van sowel Afrikaans as Nederlands, asook die komplekse saamhang daarvan met verskillende politieke en sosio-ekonomiese strominge nie (vgl. Conradie & Groenewald 2014:53).

Die Nederlandse Beweging se verband met die VNS en die aantreklikheid daarvan vir onderwysdoeleindes en vir koerante (sien 7 hierna), met die status van Nederlands as rugsteun, en die ondersteuning van Afrikaanssprekendes wat in Nederland studeer het, en na hulle terugkeer invloedryk simpatiek teenoor Nederlands gestaan het (Pont 1935), het vir die eerste dekades van die twintigste eeu die oorhand oor die Afrikaanse taalstrewe gehad. "Aanvanklik is die hegte inskakeling by Nederlands nog opvallend aanwesig, maar mettertyd is daar 'n al hoe groter beweging in die rigting van verafrikaansing" skryf Eksteen (1985:180, 1984). Die tabel wat McLachlan (2016:487) verskaf, illustreer hierdie verafrikaansingsproses ook.

Hoewel die voorstanders van Nederlands 'n greep op die nie-Engelse taalaktiwiteit in Suid-Afrika gehad het, het die visie by hulle ontbrek om Nederlands stewig naas Afrikaans in Suid-Afrika te vestig. Het dit gebeur, kon die latere Suid-Afrikaanse taalwêrelde en taallewe onteenseglik veel daarby gebaat het.

7. DIE ANDER KANT VAN DIE MUNT

7.1 Die Vereenvoudigde Nederlandse (VNS) spelling¹

Die VNS waarna AWS 1 in sy voorwoord verwys, was die laaste groot projek van die Hollandse taalbeweging soos Anna de Villiers dit noem. Die aanhangers van dié beweging wou nie alleen die regte van *Hollands* in die Kaapkolonie herstel nie, maar het ook probeer om Hollands te vereenvoudig. Hollands was vir Afrikaans- en ook Hollandssprekende Afrikaners aan die einde van die 19de eeu 'n moeilike taal om te skryf. Gevolglik het toonaangewende taalliefhebbers daarna gestreef om Hollands as skryftaal te vereenvoudig.

Hierdie streef het gekom van die Zuid-Afrikaansche Taalbond (gestig in 1890) in die Kaapkolonie, asook die onderwysers en joernaliste in Transvaal en die Vrystaat, waar Hollands die ampelike taal was. Twee van die belangrikste figure in die Taalbond was die teoloog prof. P.J.G. de Vos en die taalkundige, prof. W.J. Viljoen, professor in Hollands aan die Victoria-kollege (voorloper van die Universiteit van Stellenbosch). Die Taalbond het aansluiting probeer vind by een van die taalkundiges in Nederland wat hom eweneens vir taalvereenvoudiging beywer het. Dit is R.A. Kollewijn, stigter, in 1892, van die *Vereniging tot Vereenvoudiging van onze Schrijftaal*. In Transvaal was daar omstreeks 1895 'n komitee van vooraanstaande Afrikaners en Hollanders wat gereeld oor taalkwessies vergader het en in 1896 besluit het om die Kollewijn-spelling in beginsel aan te neem mits die Nederlandse beweging erkenning daaraan gee. 'n Gesamentlike kongres van Kapenaars, Transvalers en Vrystaters het in 1897 'n uitvoerende kommissie opdrag gegee om by Nederlandse taalkundiges en taalliggeme 'n verklaring van steun te verkry. Die kongreslede wou nie vereenvoudigings invoer wat in stryd is met Nederlands nie. 'n Aantal voorstelle vir vereenvoudiging in die Kollewijn-rigting is aangeneem.

Die Anglo-Boereoorlog (1899–1902) het 'n einde gemaak aan taalaktiwiteit van dié aard. Maar die vereenvoudiging van Hollands was die rede waarom van die leiers van die Hollandse beweging op 20 Januarie 1903 op Stellenbosch bymekaargekom het. Aanleiding daar toe was 'n vraag van die Transvaalse Onderwysdepartement in 1902 aan die Taalbond of die 1897-kongresbesluite insake taalvereenvoudiging as gesaghebbend vir die onderwys beskou kan word. Die hoofbestuur het W.J. Viljoen gevra om 'n rapport oor die vereenvoudiging van die skryftaal op te stel. Hy het in Nederland en België met taalkundiges en ander gesaghebbendes beraadslaag en op 19 September 1903 het die "Commissie voor Taal en Letteren bij de Maatschappij der Nederlandsche Letterkunde te Leiden" 'n byeenkoms gehou waaraan twintig professore deelgeneem het.

W. J. Viljoen het op 5 Oktober 'n baie positiewe goedkeurende verklaring van die bestuur ontvang. 'n Taalkongres is op 28 Desember 1904 in Kaapstad gehou. Die Taalbond het ook afgevaardigdes uit Transvaal, die Vrystaat en Natal genooi. Al dié onderwysorganisasies was positief teenoor die voorstelle en in die volgende jaar of wat het die VNS verdere steun ontvang. W. J. Viljoen, P. J. G. de Vos en die ander vereenvoudigers het teen die einde van 1906 dus rede gehad om tevrede te voel. Onderwysliggame het die VNS gesteun en dit is in die Hollands-Afrikaanse koerante soos *Ons Land* ingevoer. Maar vir die Afrikaanssprekendes buite hierdie intellektuele dampkring het ook die vereenvoudigde Nederlands 'n moeilike taal gebly.

¹ 7.1 is 'n opsomming van 'n ongepubliseerde studie van J. C. Steyn, en is deur hom geskryf, op versoek van die oueur.

Die Suid-Afrikaanse Nederlandse skryftaal het in 1904 veranderings ondergaan wat die skryftaal in Nederland eers in 1934 sou aanvaar. Maar die gemoderniseerde spelling kon Nederlands in Suid-Afrika nie red nie. Afrikaans het geseëvier, maar op die Afrikaanse spelreëls het die VNS tog 'n invloed uitgeoefen.

8. AGTER DIE SKERMS

8.1 Spelreëls vir Afrikaans

Melt Brink het in 1911 voorgestel dat die Akademie “gestandaardiseerde” spelreëls moet opstel. Dié voorstel het nêrens heen gelei nie. “[D]ie brose verhouding tussen die voorstanders van Nederlands en Afrikaans het meegebring dat daar besluit is om van die saak af te stap omdat dit net twis tussen die twee groepe sou aanblaas”, skryf Kapp (2009:111). Onderwysliggame en koerante het alreeds die VNS gebruik vir die Nederlands in Suid-Afrika, soos wat die Taalunie wou hê. Hoekom moes die Akademie nou ook met skryfreëls begin?

8.2 Om Langenhoven te ondersteun

Op die taalfront in Suid-Afrika het daar drie jaar ná Melt Brink se voorstel, in 1914, belangrike woelinge plaasgevind. C.J. Langenhoven se visie om Afrikaans as voertaal in die laerskole te laat invoer, was besig om goed te vorder. Indien 'n kultuurliggaam met die statuur van die Akademie hom ondersteun, kon die Provinciale Rade voortgaan met die plan om Afrikaans as onderwystaal in die laerskole in te voer (vgl. Bosman 1959:118). In 'n dinamiese toespraak waarin hy Afrikaans se lof besing het (Akademiejaarboek 5/1914:104-139), het hy die Akademie oorreed om sy planne te ondersteun.

Sy een voorstel het daarop neergekom dat hy die Akademie se goedkeuring gevra het vir die genoemde plan om Afrikaans as voertaal in laerskole te laat invoer. Hy het die ondersteuning op twee teenstemme na gekry. Daarnaas het die Akademie 'n voorstel van hom aanvaar om die Departement van Onderwys behulpsaam te wees met leermiddelle in Afrikaans, waarvan die voortsetting van sy plan afhanklik was. Die neerslag hiervan is nog in die voorwoord van *AWS 1* van 1917 (:iii) te sien, waar Le Roux dit stel “dat ons in die eerste plaas ons oog rig op die onderwijs.”

9. DIE EERSTE TAALKOMMISSIE

9.1 Nie 'n skoon lei nie

Langenhoven het ook 'n derde voorstel gemaak, oor die reglementering van Afrikaans. In sy voordrag het hy verwys na die “regels wat hierbij gaan en onderteken is deur dr. T.H. le Roux en andere” (*Jaarboek 5*, Zuid Afrikaanse Akademie voor Taal, Letteren en Kunst 1914;104-139). Dit was spelreëls, en hy het versoek dat 'n Akademiekommisie dit verfyn, maar die inhoud onveranderd laat.

Hierdie Akademiekommisie was die eerste Taalkommisie, wat toe die “Die Woordelijks-Kommisie” genoem is (*AWS 1:vi*), en deur T.H. le Roux saamgestel is. Hulle het nie 'n skoon lei gekry om mee te werk nie.

Korrespondensie van F. Engelenburg dui daarop dat heelwat oortuigingswerk agter die skerms gedoen is voordat Langenhoven se voorstelle voorgelê is (Akademie-argief:

Engelenburgkorrespondensie, 4 Junie 1914). Die spelreëls “wat hierbij gaan”, waarvan hy in sy toespraak gepraat het, val onder die werk wat die Jaarvergadering voorafgegaan het. Daarvoor was T.H. le Roux en “andere”, heel moontlik een of meer lede van die kommissie wat die Woordelys later opgestel het, verantwoordelik: C.J. Langenhoven self, J.F.E. Celliers, D.F. Malherbe, W.M.R. Malherbe, G.S. Preller en J.D. du Toit.

9.2. Die sluit van nog 'n kompromie

Wie het nog 'n sê gehad in die opstel van hierdie spelreëls waarmee die eerste Taalkommissie verlief moes neem? In sy dankwoord aan die Akademie in 1915 by die aanvaarding van die voorlopige spelreëls sê Le Roux “[d]it resultaat was verkregen met medewerking en raadpleging van alle betreffende autoriteiteen”. “Met “autoriteiteen” het Le Roux waarskynlik gesaghebbende taalmense in gedagte gehad: joernaliste, skrywers (wat hy die aand voor die vergadering ontmoet het (Le Roux 1926:270)), ensovoorts, maar beslis ook die Taalunie en die ATV.

Die Taalunie se spelreëls, wat skole alreeds gebruik het, en *Ons Land* ook, was gebaseer op die VHS. Langenhoven wou gehad het dat die Akademie beheer oor die spelreëls kry. Dit sou sy argumente oor die invoer van Afrikaans op laerskoolvlak by die Provinciale Rade sterk, maar dan moet die “brose verhouding” (vgl. 8.1 hierbo) tussen die pro-Afrikaanse faksies en die pro-Nederlandse faksies nie weer hierdie planne tot stilstand rem en daar mee 'n indruk van verdeeldheid skep nie.

9.3 “dat die Hollandse manier van spel volmaak was”

Wat was die kompromie wat in die versoeningsgees van daardie tyd bereik is? Gebruik die Taalunie se VHS-grondbeginsel, was 'n moontlikheid. (Daarna verwys AWS 6 in 1953). G.R. von Wielligh, een van die lede van die GRA, het vroeër gewys op die persepsie wat bestaan het “dat die Hollandse manier van spel volmaak was” (Steyn 2014:23). Sake sou miskien nie so sleg afloop vir Afrikaans nie. Die “Woordelijs-Kommissie” kan in elk geval oor die toepassing van die VNS beheer uitoefen. Dit is opmerklik dat die lede van daardie eerste Woordelyskommissies gelaai was met lede wat hulle aan die kant van die pro-Afrikaanse faksie geskaar het. Was dit om die VNS-transaksie te beheer en mettertyd te neutraliseer?

Langenhoven het sy sin gekry, maar toe sit die Taalkommissie (van AWS 1) met Grondbeginsel (d), waaroor gevra kon word: hoe effektief kon so 'n Afrikaanse *Woordelijs en Spelreëls* die Nederlands van die skole vervang het?

In die loop van die volgende dekades het verafrikaansings steeds plaasgevind, maar die gevolge van die spel- en skryfwyse van AWS 1 kon nooit heeltemal ongedaan gemaak word nie.

Die spelreëls wat Le Roux tydens Langenhoven se toespraak gereed gehad het, is met inspraak van die “Woordelijs-Kommissie” op 18 September 1915 deur die Akademie goedgekeur (Le Roux AWS1:iv), en as voorlopige Spelreëls gepubliseer (*Jaarboek 5*, Suid Afrikaanse Akademie voor Taal, Letteren en Kunst 1915:80-87), sodat “die lastige en belemmerende spellingverwarring onder ons”, het Le Roux gehoop, hiermee beëindig sal word (Le Roux AWS1:iv).

Le Roux se hoop was gedoem om te beskaam. Watter Nederlands moes Afrikaanssprekendes aanleer? Naas die tradisionele Siegenbeeck-Nederlands van die skoolboeke, en die De Vries en Te Winkel-Nederlands wat as onderrigmedium gebruik is (Kapp 1909:12), het VNS-Nederlands in twee gedaantes verskyn: dié van die Taalunie in die skole, en van 1917 af kon

die AWS-skryfwyse ook nog bygetel word! Spellingverwarring sou aan die orde van die dag gewees het.

9.4 'n Agent vir vernederlandsing

“‘n Woordelijs, bevattende die aangename spelreeëls en op grond daarvan”, was na 1915 op die Akademie se agenda (*Jaarboek 6* van die Zuid Afrikaanse Akademie voor Taal, Letteren en Kunst 1915:15), en daarvoor is 'n “Spelling-kommisie” benoem wat bestaan het uit T.H. le Roux (“konvener”), J.J. Smith en D.F. Malherbe. Die gesamentlike “woordelijs” met die spelreeëls het in 1917 vir die eerste keer verskyn (*AWS 1*), en is onveranderd “met wegneming van die drukfoute” in 1918 herdruk (*AWS 2*) (Le Roux 1918:vii). Die kommissie word in *AWS 2* die “Woordelijs-kommisie” genoem, en die spelvorm *woordelijs* word behou. (Die GRA sou moontlik *woordelys* geskryf het, volgens die aanwysers wat Du Toit gee (Du Toit 1902:7). J. C. Steyn skryf daaroor (persoonlike mededeling 20/08/2016): “Die GRA het -y- gebruik. Ek dink die -ij- is uit blote konserwatisme weer ingevoer, miskien ook omdat dit so 'n Nederlandse aanskyn aan 'n teks gee?”

Die Akademie het hom verbind aan die Nederlandse skryffoorbeeld as model vir die Afrikaanse spelling, en het daarmee sy agentstatus vir die vernederlandsing van Afrikaans bevestig. (Vir die vernederlandsing van Afrikaans vgl. Odendaal 2014:659-660; Uys 1983).

9.5 Wat het van die VHS-grondbeginsel geword?

9.5.1 'n Verontskuldiging?

Op die 1953-Taalkommissie wat die VNS-koppeling in die formulering van die Grondbeginsels na 1904 toe teruggevoer het, het twee van die oorspronklike Taalkommissielede steeds gedien: T.H. le Roux en D.F. Malherbe. (T.H. le Roux, die eerste Taalkommissievoorsitter, het in 1965 na 50 jaar van Taalkommissiediens bedank, en Malherbe het sy laaste vergadering in Julie 1966 bygewoon. Hulle het geweet hoe hierdie grondbeginsel oorspronklik in die *AWS* beland het.)

Waarom die byvoeging van die stukkie geskiedenis, “soos in 1953 in Suid-Afrika aanvaar” by *Grondbeginsel (2)* in 1953? Die druk om die *AWS* te verafrikaans, was toe al aan die oplai. Langenhoven het reeds in 1906 gewys op die onhoudbaarheid daarvan om Nederlands voor te hou as 'n Suid-Afrikaanse taal, toe hy aangedui het dat “Afrikaners nie in staat is om Hollands te praat of te skryf nie” (Steyn 1989:219). In 1953 het die taal Nederlands nie meer 'n rol gespeel in Suid-Afrika nie. Oorgeblewe Nederlandshede in Afrikaanse tekste het meer en meer gemerk geraak. Om die grondbeginsel oor Afrikaans se gedwonge aansluiting by Nederlands in 1953 te skrap, in plaas daarvan om dit te probeer regverdig, sou te radikaal teen die behoudende aard van Taalkommissies ingedruis het.

Kon die twee lede te kenne gegee het dat hulle nie as Taalkommissielede in 1917 vir dié Grondbeginsel verantwoordelik was nie? D.F. Malherbe (1959:41) skryf later dat hy in elk geval nie 'n lid van die Nederlandse kamp was nie. Hy skryf dat hy hom in 1906 by die Afrikaanse Taalvereniging geskaar het, en het die pro-Nederlandsgesindes “andersdenkendes” genoem! T.H. le Roux het sy ongemak met die verbintenis om Nederlands te spel in die voorwoord tot *AWS 1* gewys, waar hy dié publikasie as die vrug van die werk van die GRA beskryf het, wat nie die geval was nie. Die GRA wou met sy stigting in 1875 juis nie “Hollans-getinte Afrikaans” (Steyn 2014:23) skryf nie. Le Roux het later ook die vervanging van

“algemeen Afrikaanse vorme” soos *verjaarsdag* en *eers* met die Nederlandse *verjaardag* en *eens* bevraagteken (Le Roux 1968b:23).

9.5.2 Die VNS in Nederland

In *AWS* 7 (1964) staan die grondbeginsel wat die skakeling met die Nederlandse spelling verpligtend maak, dié keer sonder die verduideliking wat in *AWS* 6 (1953) gegee is. Die *AWS* 7-Taalkommissie het ook daarvan kennis geneem dat die oorspronklike VNS-voorstelle in elk geval net gedeeltelik in Nederland gevvolg is (Van der Horst & Van der Horst 1999:355 e.v.), wat heel moontlik aan die insigte van “die uitgebreide” nuwe ledetal wat sitting op die 1964-Taalkommissie gehad het, toegeskryf kan word (Eksteen 1985:171). Met die nuwe 1964-perspektief op die VNS se beperkte rol in die spelling van Nederlands in Nederland is die betrokke Grondbeginsel in *AWS* 7 so geformuleer dat die Afrikaanse spelling “rekening [wil] hou met die spelling wat vandag amptelik in Nederland erken word”. Die VNS-geskiedenis was nie nou meer belangrik nie.

Hierdie formulering van dié Grondbeginsel in *AWS* 7 (1964) was die laaste vermelding van ’n moontlike verbintenis tussen die Afrikaanse en die Nederlandse spelling in die Grondbeginsels van die *AWS*’e. Dié Grondbeginsel het daarna weggeval. Opvallend gryp *AWS* 8 (1991:11, 12) effens desperaat daarna terug en verklaar die spelling *v en f*, *ei* en *y*, ensovoorts op grond van aansluiting “by Nederlands”, terwyl Grondbeginsels 1 en 3 huis daarop wys dat die Afrikaanse speltradisie al gevestig is. In *AWS* 10 (2009:113–114) kom die beweerde Nederlandse herkoms van Afrikaans weer ter sprake, op grond waarvan die vasskryf van *goedkoop*, *handdoek* en *landkaart* geregverdig word.

9.6 ’n “[V]ertraagde, verafrikaansing ...” (Eksteen)

Eksteen (1985: 172, 173) maak ’n opmerking waaruit heelwat van die behoudendheid van die *AWS*’e oor die jare, asook “die geleidelike, maar soms ook vertraagde, verafrikaansing van die spelreëls”, verstaan kan word. Dit is te wye aan die “lang tydperk” van diens van sommige lede op die Taalkommissie, impliseer Eksteen, met reg. (T.H. le Roux het 51 jaar lank as Taalkommissielid gedien, en Malherbe vir 52 jaar.) Behalwe die reeds genoemde twee stigerslede noem hy ook die name van D.B. Bosman (1918–1948), S.P.E. Boshoff (1931–1969) en L.W. Hiemstra (1937–1969).

9.6.1 Verafrikaansing van die *AWS*’e

Ná 1964 het ’n nuwe geslag Taalkommissielede die vorige lede geleidelik vervang. In 1970 is daar ook besluit op ’n ouderdomsperk van 70 jaar vir Taalkommissielede. Vir ’n jonger Taalkommissie het verafrikaansing van die *AWS* toenemend belangrik geword (Eksteen 1985:173). Vernuwing het in die Grondbeginsels neerslag gevind, waar Nederlands nie meer die toetssteen gebly het om Afrikaans aan te meet nie. Gesien die onbekendheid van Nederlands in Suid-Afrika, en die groot afstand tussen Nederlands en Afrikaans (vgl. Du Plessis 2016), was dit eintlik hoog tyd dat dié besluit geneem is. Standaardafrikaans, en die tradisie wat met die skryf daarvan sedert 1915 geskep is, word in *AWS* 8 (1991) in twee van die grondbeginsels genoem as die verwysingspunt vir die spelling van Afrikaans, vgl.:

Die spelling van Afrikaans in die *AWS* is gebaseer op die *klankstelsel* van *Standaardafrikaans*, en

Die huidige spelling en skryfwyse van woorde word in 'n hoë mate bepaal deur die *tradisie* waarvolgens Standaardafrikaans gespel en geskryf word.

9.7 Die gevolge van die VHS/VNS-episode

9.7.1 Spelling en Afrikaans se herkoms?

'n Gevolg van die AWS-Grondbeginsel dat Afrikaans volgens die VHS/VNS-uitgangspunte gespel moet word, het die Afrikaanse skrifbeeld nader aan die Nederlandse skryftaal gekry, en is aangehelp met 'n groot aantal woorde wat in AWS 1 se woordelys opgeneem is, via die "VHS-woordeboeke van Elffers-Viljoen en Van Rijn", vermoed Nienaber (1973: 4). Dit het die onderlinge leesverstaanbaarheid tussen Nederlands en Afrikaans aangehelp, maar die Nederlandse en Afrikaanse spreektale het nog net so ver van mekaar af bly staan, en Afrikaanse woorde soos "worre" (volgens die GRA-spelling), en "suffel" (vgl. AWS 1) het spreektaalwoorde gebly.

Die gedwonge spellingverbintenis met Nederlands het nog 'n gevolg gehad. Dit het die idee van 'n genealogiese verwantskap tussen die twee tale versterk, wat aangesluit het by die leë bewering dat Afrikaans by Nederlands/Hollands ingesluit sou wees. Hierdie beeld is ook gebruik as 'n argument vir die verkryging van ampstaalstatus vir Afrikaans. Dit was beter politiek as taalkunde, en het hardnekkig bly voortleef, selfs al is daar al op die onhoudbaarheid daarvan gewys (vgl. Zietsman 1992:9).

Deur Afrikaans en Nederlands tot 1991 aan mekaar te koppel in 'n Grondbeginsel van die AWS'e, het die voorstellings dat Afrikaans hom in 'n dogtertaalstatus ten opsigte van Nederlands sou bevind (soms sustertaal), ook ingehou dat Nederlands in 'n taalevolusieproses oorgegaan het tot Afrikaans. Daarmee is besonderhede van Afrikaans se eiesoortige ontstaansgeschiedenis wat nie 'n taalevolusieproses illustreer nie, geïgnoreer (Van Rensburg 2016).

9.7.2 Afrikaans se nie-Europese dialekte

Dialeksprekers van Afrikaans, veral diegene wat 'n Afrikaans praat met 'n Khoi- of Maleise onderbou, se taal was maklik herkenbaar op grond van hulle afstand met Nederlands, en is uit die AWS'e geweer, al het hulle oor 'n breë spektrum 'n beduidende rol in negentiende-eeuse Afrikaans gespeel (soos die bekendheid van verbindingssysteme met -goed, vgl. *Pa-goed*, aantoon). Zietsman (1992:9) skryf dat "voorvegters vir Afrikaans sy Germaanse karakter beklemtoon het en die bruin bydraes tot sy ontstaan en ontplooiing grotendeels misken het".

Die Grondbeginsels van die eerste AWS, en AWS'e net na hom, het as filters gedien waarmee nie-Nederlandse vorme wat van sy ontstaan af kenmerkend was van Afrikaans, geïgnoreer kon word. Hulle was nie "om praktiese redes noodsaaklik" nie, en waar hulle alreeds gespel is (soos byvoorbeeld deur die GRA), is besluit dat hulle meer as wat toegelaat is "van die Vereenvoudigde Hollandse Spelling" afgewyk het (soos *kinners*, AWS 1). Daar kon ook (subjektief) besluit word of sulke woorde "die mees gebruiklike uitspraak" verteenwoordig (*geseg*, Ndl. *gezicht*). Laasgenoemde uitgangspunt het gebruiklikheid aan beskaafdheid gekoppel, waaraan onlogies nog 'n normatiewe etiket van "die beste" gehang is (AWS 1). Die norm *Algemeen Beskaafd* kom uit die denksfeer van die Nederlandse tydskrif *Taal en Letteren*, tussen 1895 en 1900. Die begrip VNS het sy oorsprong ook in daardie denkklimaat (Van der Horst & Van der Horst 1999: 356, 361) vanwaar dit deur die AWS'e oorgeneem is. AWS 1 (1917) gebruik nie die term "beskaaf" in die Grondbeginsels nie, maar wel in die Voorwoord (AWS 1:V). In 1931 (AWS 4) is *Algemeen beskaaf* in die Grondbeginsels opgeneem.

Volgens 'n korpus wat uit negentiende-eeuse binnelandse koerante saamgestel is, blyk dit dat die skryfwyse met die hoë geronde voorvokaal [u] in *oek* en *oer* baie meer voorgekom het as die spellings *ook* en *oor* (respektiewelik 348 keer teenoor 62, en 331 teenoor 53 gevalle (Van Rensburg & Combrink 1983:143 e.v.). Hierdie spelwyse (*oek* en *oer*) het nie in die AWS'e neerslag gevind nie, asook ander vorme wat as "afwykinge van die 'algemeen gebruiklike' Afrikaanse uitspraak" beoordeel is (AWS⁴:ix). Talle Afrikaanssprekers se taal was as ras- en klasonderskeidend gemerk (vgl. die verwysings daarna in Steyn 2014:53), en het dit vir normeerders maklik gemaak om sulke vorme uit te ken. Ponelis (1993:125) merk op:

Some vernacular features (in all probability the vernacular stereotypes) were stigmatised so heavily that they entered neither more refined colloquial speech (the Hollands koine) nor Afrikaans.

Die beperkte mate waarin AWS'e die omvang van Afrikaans gereflekteer het, is al in die afgelope dekades meermale gekritiseer, en herstandaardiseringsgedagtes het huis hierom gewentel.

Deesdae lyk die prentjie anders. Ná konsultasie met belangegroepe is daar in die afgelope tyd al heelwat aandag gegee aan die vul van hiate in die AWS, en verder kan die TK tans 'n groot versameling digitale tekste (ongeveer 57 miljoen woorde) raadpleeg om te help om besluite te neem (vgl. Van Huyssteen 2016).

Of herkomsgetuienis sowel as sosiale differensiasie met die vroeg-twintigste-eeuse standaardisering van Afrikaans meer simpatiek hanteer kon gewees het, al was dit sonder moderne hulpmiddels? Dan kon die resultaat 'n kodifisering gewees het wat ooreenstem met Deumert (2004:2) se voorstelling dat "standard languages have 'multiple ancestors' and their history is shaped by various types of language contact". Die ondertone van rasonderskeidings lê ook vlak in vroeë Kuisafrikaans.

9.7.3 *Toe die geleentheid om voort te bou, verpas is.*

Toe die eerste Akademie-spelreëls gemaak is, het Afrikaans alreeds 'n skryftaalgeschiedenis gehad (vgl. 4.5 hiervoor, en Kapp 1909:7). Die nuwe spelreëls van die twintigste eeu kon met 'n goeie Afrikaanse taalwil beter by die bestaande verskriftelikings aangesluit het: met die wete dat 'n voorstelling wat die afstand wat 'n eeu bring, kleiner besonderhede van oorsaak en gevolg maklik oorsien.

Die beplande bevrugting van Afrikaanssprekendes se taal deur Nederlands het net 'n beperkte tyd geduur. Daar was geen onderbou om dié aksie in stand te hou nie. Van 1914 af het Afrikaans skooltaal geword, en van 1925 af regeringstaal, waardeur Nederlandse invloed stelselmatig verklein is. In die tydperk tussen 1925–1941 het Nederlands final afgelei die vlag voor Afrikaans gestryk, skryf Kapp (2009:114).

9.7.4 *Die reglementering van 'n eie taal*

Verafrikaansing was nie dieselfde as die reglementering van Afrikaans nie. Dié geleentheid om met die reglementering van negentiende-eeuse Afrikaans voort te gaan, was final afgelei, met die verlies van die erflating van die mense wat hulle omgewing en hulle geskiedenis onlosmaaklik ingevleg het in die maniere waarop Afrikaans in die negentiende eeu geskryf is.

Die maak van 'n skryftaal is 'n aktiwiteit wat naby staan aan die sprekers, en deel het aan die wisselwerking van spraak en menswees, dit is die ervar van 'n eie wêrld op skrif, en die deel daarvan met nageslagte.

Oor die pad van vernederlandsing wat Afrikaans geloop het, sê Hofmeyr (1987:105), “that Afrikaans needed massive injections of Dutch to save it from the English and ‘Coloured’ structures which permeated it”.

Sou die sprekers van negentiende-euse Afrikaans nie self hulle reëlings goed genoeg kon tref nie?

10. SAMEVATTING

Taalkommissies, van AWS 3 af, het Verafrikaansings steeds in die AWS'e deurgevoer, maar die gevolge van die 1914-Vernederlandsing kan steeds in die spelling van Afrikaans waargeneem word.

En AWS 11, na 100 jaar? Vir die eerste keer, na die verloop van 'n eeu, bevestig die Voorwoord van AWS 11 dat Afrikaans se verskillende variëteite deel het aan Standaardafrikaans, dat die Taalkommissie die ontwikkeling en gebruik daarvan aanmoedig, en dat dit op die lange duur Standaardafrikaans kan verander en wysig.

BIBLIOGRAFIE

- Akademie vir wetenskap en kuns. *Jaarboek 1*, (1910), 5, (1914), 6, (1915), 12 (1922).
- Antonissen, R. 1965. *Die Afrikaanse letterkunde van aanyang tot hede*. Kaapstad: Nasou.
- Belcher, R. 1987. Afrikaans en kommunikasie oor die kleurgrens. In Du Plessis, H. & T. du Plessis (reds.). *Afrikaans en taalpolitiek*. Pretoria: HAUM, pp. 17-36.
- Bosman, F. C. L. 1959. Geskiedkundige oorsig van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns. In *Feesalbum 1909–1959*. Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns. Pretoria, pp. 73-166.
- Claassen, L. H. 1977. Die ontstaansgeschiedenis van die Suid-Afrikaanse Akademie vir taal, lettere en kuns. M A-verhandeling, Universiteit van Stellenbosch.
- Conradie, J. & Groenewald, G. 2014. Die ontstaan en vestiging van Afrikaans. In Carstens, W.A.M. & N. Bosman (eds.). *Kontemporäre Afrikaanse Taalkunde*. Pretoria: Van Schaik, pp. 27-60.
- Crystal, D. 1987. *The Cambridge encyclopedia of language*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Davids, A. 2011. *The Afrikaans of the Cape Muslims from 1815 to 1915*. Pretoria: Protea.
- Den Besten, H. 1989. From Khoekhoe Foreign talk via Hottentot Dutch to Afrikaans: The Creation of a Novel Grammar, in M. Pütz, & R. Dirven, (eds.). *Wheels within wheels. Papers of the Duisburg Symposium on Pidgin and Creole Languages*. Frankfurt am Main: Peter Lang, pp. 207-209.
- Den Besten, H. 2005. Neerlandismen, pidginismen en Afrikaans in brieven van twee Khoekhoen uit 1800. *Tydskrif vir Nederlands en Afrikaans* 12(1):25-42.
- Deumert, A. 2004. *Language standardization and language change. The dynamics of Cape Dutch*. Amsterdam: John Benjamins.
- Deumert, A. & W. Vandenbussche. 2003. Standard Languages. Taxonomies and histories. In Deumert, A. & W. Vandenbussche (eds.). *Germanic standardizations. Past to present*. Amsterdam / Philadelphia: John Benjamins.
- De Villiers, A. 1934. *Die Hollandse Taalbeweging in Suid-Afrika*. Annale van die Universiteit van Stellenbosch XIV, Reeks B, Aflewing 2. Stellenbosch: Universiteit van Stellenbosch.
- Du Plessis, H. 2013. Die Groot Trek 175: Storie of historie? *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 53(3):437-451.
- Du Plessis, H. 2016. Hoe Nederlands is Afrikaans? LitNet. Seminare en essays 2016-07-13.
- Du Toit, S. J. 1902. *Fergelykende Taalkunde fan Afrikaans en Engels*. Paarl: D. F. du Toit.
- Eksteen, L.C. 1984. Die rol van die Akademie in die standaardisering van Afrikaans. In Moll, J.C. et al. (eds.). *Akademie 75*. Pretoria: S.A. Akademie vir Wetenskap en Kuns, pp. 56-66.
- Eksteen, L. C. 1985. Die rol van die akademie in die standaardisering van die Afrikaanse spelling. In: Botha, R. P. & M. Sinclair (red). *Norme vir taalgebruik, Spil plus* 10:169-200.

- Elffers, H. 1908. *The Englishman's Guide to the speedy and easy acquirement of Cape Dutch for the use of Travellers, Settlers and Military Men*. Cape Town: Juta.
- Franken, J.L.M. 1953. *Taalhistoriese bydraes*. Amsterdam / Kaapstad: Balkema.
- Freund, W. M. 1989, 2nd ed. The Cape under transitional governments, 1795–1814, in R. Elphick & H. Giliomee (eds). 1989. *The shaping of South African Society, 1652–1840*. Cape Town: Maskew Miller Longman, pp. 342–357.
- Giliomee, H. 2009. *The Afrikaners*. Cape Town: Tafelberg.
- Hofmeyr, I. 1987. Building a nation from words: Afrikaans language, literature and ethnic identity, 1902–1924. In Marks, S. & S. Trapido (eds). *The politics of race, class and nationalism in twentieth-century South Africa*. London & New York: Longman, pp. 95–123.
- James, L. 1998. *The rise and fall of the British empire*. London: Abacus.
- Kapp, P.H. 2009. *Draer van 'n droom. Die geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns 1909–2009*. Hermanus: Hemel en see boeke.
- Lätti, M. C. 1978. Die taalgebruik in Ons Klyntjie 1896–1906. Ongepubliseerde M. A. Universiteit van die Witwatersrand.
- Le Roux, T. H. 1926. Die geskiedenis van die Afrikaanse spelling. In *Gedenkboek ter eere van die Genootskap van regte Afrikaners*. Potchefstroom: Die Weste-Drukkery, pp. 256–277.
- Le Roux, T. H. 1968 (a). Die geskiedenis van die Afrikaanse spelling. In Pienaar P. de V. (red). *Kultuurgeskiedenis van die Afrikaner*. Nasionale Boekhandel: Kaapstad, pp. 163–174.
- Le Roux, T. H. 1968 (b). *Afrikaanse Taalstudies*. Pretoria: J. L. Van Schaik.
- Lichtenstein, H. 1928–30 [1812–15]. *Travels in Southern Africa in the years 1803, 1804, 1805, 1806*; by Henry Lichtenstein. (Vertaal deur A. Plumptre.) Kaapstad: Van Riebeeck-vereniging.
- Malherbe, D. F. 1959. Herinneringe in verband met die Akademie. In *Die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns. Feesalbum 1909–1959*. Pretoria: Van Schaik, pp. 40–43.
- Meiring, A. G. S. 1956. *Die Afrikaanse Taalbewegings*. Kaapstad: Nasionale Boekhandel.
- McLachlan, J. D. 2016. Standaardafrikaans, standaardspelling en die AWS. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 56, (2–1):477–502.
- Newton-King, S. 1999. *Masters and servants on the Cape Eastern frontier*. New York: Cambridge University Press.
- Nienaber, G. S. 1973. Taalkommissieopdrag oor die wyse waarop woorde in die AWS opgeneem is. Agenda van die Taalkommissie, 2 Julie tot 6 Julie 1973, Bylae 73.2.4, pp. 1–15.
- Nienaber, P.J. & J.A. Heyl. 1960. *Pleitdoorie in belang van Afrikaans*. Deel II. Kaapstad: Nasionale Boekhandel.
- Nienaber, P.J. 1982. *Vroeë Afrikaans in die Vrystaat tot 1875*. Johannesburg: Perskor.
- Odendaal, G. 2014. Moet Afrikaans geherstandaardiseer word? *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 54(4):656–674.
- Ploeger, J. 1952. *Onderwys en onderwysbeleid in die Suid-Afrikaanse Republiek onder Ds. S. J. du Toit en dr. N. Mansveld (1881–1900)*. Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis 15 (1). Parow: Staatsdrukker.
- Ponelis, F.A. 1993. *The development of Afrikaans*. Frankfurt am Main: Peter Lang.
- Pont, J. W. 1935. *Het studiefonds voor Zuid-Afrikaansche studenten 1885–1935. Overzicht van zijn geschiedenis*. Amsterdam: Keizersgracht 141.
- Pretorius, F. 1998. *Die Anglo-Boereoorlog 1899–1902*. Kaapstad: Struik-uitgewers.
- Pretorius, F. 2012. Almal se oorlog: die Anglo-Boereoorlog (1899–1902). In *Geskiedenis van Suid-Afrika. Van voortye tot vandag*. Kaapstad: Tafelberg, pp. 235–254.
- Raidt, E. 1976. *Afrikaans en sy Europese verlede*. Kaapstad: Nasou.
- Raidt, E. 1991. (3de uitgawe). *Afrikaans en sy Europese verlede*. Kaapstad: Nasou.
- Raidt, E. 1986. Taalvariasie in agtende eeuse vrouetaal. In *Historiese Taalkunde*. 2001. Johannesburg: Witwatersrand University Press, pp. 217–257.
- Roberge, P. 2003. Afrikaans. In Deumert, A. & W. Vandenbussche (reds.). *Germanic standardizations. Past to present*. Amsterdam / Philadelphia: John Benjamins, pp. 15–40.
- Scholtz, J. du P. 1965. *Afrikaans uit die vroeë tyd. Studies oor die Afrikaanse taal en literêre volkskultuur van voor 1875*. Kaapstad: Nasou.

- Stals, E.L.P. & Ponelis, F.A., 2001. *So het Afrikaans na Namibië gekom*. Windhoek: Gamsberg Macmillan.
- Steyn, J. C. 1980. *Tuiste in eie taal*. Kaapstad: Tafelberg.
- Steyn, J. C. 2014. *Ons gaan 'n taal maak. Afrikaans sedert die Patriot-jare*. Centurion: Kraal uitgewers.
- Steyn, R. 2015. *Jan Smuts. Unaframed of greatness*. Johannesburg: Jonathan Ball.
- Tromp, T. M. 1879. *Herinneringen uit Zuid-Afrika ten tijde der annexatie van de Transvaal*. Leiden, E. J. Brill. In Van der Merwe H J J M. 1971. *Vroeë Afrikaanse woordelyste*. Pretoria: Van Schaik, pp. 19-28.
- Van der Horst, J. & K. Van der Horst. 1999. *Geschiedenis van het Nederlands in de twintigste eeuw*. Antwerpen: Standaard Uitgewerij.
- Van der Merwe, H J J M. 1971. *Vroeë Afrikaanse woordelyste*. Pretoria: Van Schaik.
- Van Huyssteen, G. 2016. Taalkommissiesitting. *Beeld*, 1/10/2016.
- Van Rensburg, C. 2015. Oor die eerste 50 jaar se maak aan Standaardafrikaans. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 55(3):319-342.
- Van Rensburg, C. 2016. Die vroegste Khoi-Afrikaans. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 56(2-1):454-476.
- Van Rensburg, M.C.J. & Combrink, J.H. 1984, 1ste uitgawe. Transvaalse Afrikaans. In T.J.R. Botha, (red). *Inleiding tot die Afrikaanse taalkunde*. Pretoria: Academica, pp. 107-133.
- Van Rijn, C. J. 1914. *Het zeer nauwe verband tussen het Afrikaans en het Nederlands. Vooral voor onderwijzers*. Kaapstad: C. J. Van Rijn.
- Viljoen, W. J. 1896. *Beiträge zur Geschichte der Cap-Holländische Sprache*. Strassburg: Karl J. Trübner.
- Uys, M. 1983. Die vernederlandsing van Afrikaans. Ongepubliseerde D. Litt-proefschrift. Pretoria: Universiteit van Pretoria.
- Zietsman, P. H. 1992. *Die taal is gans die volk*. Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika.

Uitgawes van die Afrikaanse woordelys en spelreëls:

- AWS1: Le Roux, T. H., Malherbe, D. F. & Smith, J. J., in opdrag van die Suidafrikaanse Akademie vir Taal, Lettere en Kuns. 1917. *Afrikaanse woordelijs en spelreëls*. Bloemfontein: Het Volksblad-Drukkerij.
- AWS2: Le Roux, T. H., Malherbe, D. F. & Smith, J. J., in opdrag van die Suidafrikaanse Akademie vir Taal, Lettere en Kuns. 1918. *Afrikaanse woordelijs en spelreëls*. Bloemfontein: De Nationale Pers.
- AWS6: Taalkommissie (samest.), in opdrag van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns. 1953. *Afrikaanse woordelys en spelreëls*. Kaapstad, Bloemfontein & Johannesburg: Nasionale Boekhandel.
- AWS7: Taalkommissie (samest.), in opdrag van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns. 1964. *Afrikaanse woordelys en spelreëls*. Kaapstad & Johannesburg: Tafelberg-Uitgewers.
- AWS8: Taalkommissie (samest.), in opdrag van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns. 1991. *Afrikaanse woordelys en spelreëls*. Kaapstad: Tafelberg.
- AWS10: Taalkommissie (samest.), in opdrag van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns. 2009. *Afrikaanse woordelys en spelreëls*. Kaapstad: Pharos.

'n Kritiese waardering van die Afrikaanse Woordelys en Spelreëls – AWS (2009)

A critical appraisal of the Afrikaanse Woordelys en Spelreëls – AWS (2009)

ANNA NEL OTTO

Departement Tale en Lettere
Nelson Mandela Universiteit
E-pos: anna.otto@nmmu.ac.za



Annél Otto

ANNA NEL (ANNÉL) OTTO doseer Afrikaanse taalkunde aan die Nelson Mandela Universiteit in Port Elizabeth. Sy spits haar veral toe op die sosiolinguistiek en leksikografie. In hierdie verband het sy onder andere 'n hoofstuk oor die sosiolinguistiek geskryf in *Kontemporäre Afrikaanse Taalkunde* (2014 en 2017), met Wannie Carstens en Nerina Bosman as redakteurs. Sy het al haar grade aan die US verwerf en haar doktorale proefskrif handel oor die kriteria vir 'n Afrikaanse aanleerdeerwoordeboek. Sy skryf gereeld artikels oor 'n verskeidenheid leksikografiese onderwerpe, byvoorbeeld die hantering van kollokasies, vaste uitdrukings, voegwoorde, antonieme, ensovoorts in woordeboeke. Sy dien op die redaksiekomitee van *Lexikos* en was voorheen 'n Taalkommissielid.

ANNA NEL (ANNÉL) OTTO lectures Afrikaans linguistics at the Nelson Mandela University in Port Elizabeth. She focuses especially on sociolinguistics and lexicography. In this regard she wrote, amongst others, a chapter on socio-linguistics in *Kontemporäre Afrikaanse Taalkunde* (2014 and 2017), with Wannie Carstens and Nerina Bosman as editors. She received all her degrees at the US and her doctoral thesis deals with the criteria for an Afrikaans learner's dictionary. She regularly writes articles on a variety of lexicographical topics, for example the treatment of collocations, fixed expressions, conjunctions, antonyms, etcetera in dictionaries. She serves in the editorial committee of *Lexikos* and was previously a member of the Taalkommissie.

ABSTRACT

A critical appraisal of the AWS (2009)

The AWS (Afrikaanse woordelys en spelreëls) is a normative source of information on spelling with the intention to assist the user with text production and text correction. The point of departure in this article is taking into account the potential user's point of view to evaluate the AWS in terms of its functions. Firstly, the different possible motivations for lemma selection is examined. Although corpora are useful, they must, according to Asmussen (2013:1081), be consulted with great circumspection.

With e-dictionaries logfile analysis can provide valuable data about which lexicographic items are looked up by users, although it cannot confirm that the user will experience it as a successful consultation (Nesi 2013:65). It appears as if researchers increasingly follow a mixed-method approach to compensate for the limitations of individual methods to determine lemma selection and the treatment thereof. Researchers like Wiegand (2001:235), Helbig and Osswald (2013:1141), Barnhart (1967:161), Tarp (2013:463), Storrer (2013:1245) and Müller-Spitzer 2013:369) have confirmed the value of the search question as one of the important elements related to the compilation of reference works, i.e. in the form of a use situation question where the user, as it were, poses a question to the work of reference, e.g. what is the plural of word x?

In a communicative metalexicography such as the theory of lexicographic communication (cf Beyer 2014) the concept of the user question is also a key component as the reference work consultation process is an act in which the user, as it were, poses a question to the reference work by consulting this type of resource. In the theory of lexicographic communication a distinction is made between a raw user question and a user situation question (Beyer 2014:56, 70-71). A raw user question is a user question as the user would have formulated it as a consultation stimulus, e.g: What is the part of speech of boek? or: Is boek a noun? A user situation question is an abstraction of one or more raw usage questions into an illocution in terms of Searle's (1969:31) expression of illocutions against the background of his principle of expressibility. The two raw user questions mentioned above can be reduced to the following user situation question: (The part of speech of boek is?). The concept of the user question can be used as empirical research tool in real or simulated user situations. A limitation of this study is that it was not investigated in a real situation, however, the current data types of the AWS were taken as point of departure to investigate possible user situation questions.

The present AWS already pays attention to a wide variety of typical spelling and punctuation problems, for example what the plural is of a certain noun and where capital letters, hyphens, diaeresis, etcetera must be used. For a full set of data types the index of the AWS can be consulted.

The article subsequently examines forty search questions that can be regarded as typical questions that a user could ask. The finding is that the AWS at present answers most of these questions, whether in the word list or via the rules, but that there are still unanswered questions, especially with regard to food terms. The compilers of the new AWS (to be released in 2017) should take note of these limitations in AWS (2009). Since meaning discrimination is essential in determining the spelling of certain lexical items, it is extremely important that contextual guidance is provided, e.g. aan een (two words if the meaning is "for one") but aaneen (one word if the meaning is continuously). The compilers of the forthcoming AWS should also take note of the fact that the spelling of learners and students have deteriorated to such an extent that for instance all words containing ei, ui and y are potentially problematic for these users.

KEY CONCEPTS: AWS, reference work, users' needs, normative source, lemma selection, search question, raw user question, user situation question, meaning discrimination, log file analysis

TREFWOORDE: AWS, naslaanwerk, gebruikersbehoeftes, normatiewe bron, lemma-seleksie, soekvraag, rou gebruikersvraag, gebruikersituasievraag, betekenisonderskeiding, log-lêer-analise

OPSOMMING

Die *AWS* is 'n normatiewe naslaanwerk oor spelling, waarvan die doel is om gebruikers te help met teksproduksie en tekskorrigering. In hierdie artikel word die soekvraag van die potensiële gebruiker as uitgangspunt geneem om die *AWS* in terme van sy funksies te evalueer. Daar word eerstens gekyk na verskillende moontlike motiverings vir lemmaseleksie. Hoewel korpora nuttig kan wees, moet dit volgens Asmussen (2013:1081) met omsigtigheid geraadpleeg word. By e-woordeboeke kan log-lêer-analise data verskaf oor watter leksikale items deur gebruikers nageslaan word, hoewel dit nie kan bevestig of die gebruikers dit as suksesvolle konsultasie ervaar het nie (Nesi 2013:65). Navorsers soos Wiegand (2001:235), Helbig en Osswald (2013:1141), Barnhart (1967:161), Tarp (2013:463), Storrer (2013:1245) en Müller-Spitzer (2013:369) het die waarde van die soekvraag as belangrike element by die saamstel van naslaanwerke bevestig. Die *AWS* gee aandag aan 'n wye verskeidenheid tipiese spelprobleme. Die navorsing ondersoek dan ook, aan die hand van 40 soekvrae, tipiese vrag wat gebruikers sou kon vra. Daar word bevind dat die *AWS* tans die meeste van hierdie vrag beantwoord, hetby in die woordelys of in die spelreëlgedeelte, maar dat daar steeds onbeantwoorde vrag is, veral met betrekking tot kosterme.

INLEIDING

In hierdie artikel sal die *AWS* beoordeel word in terme van sy funksie as normatiewe naslaanwerk oor spelling. Die *AWS* word nie deur die Taalkommissie as woordeboek beskou nie, maar baie van die stellings wat in hierdie artikel oor woerdeboeke gemaak word, byvoorbeeld oor die belang van die soekvrae van woerdeboekgebruikers, kan op enige naslaanwerk van toepassing gemaak word, hoewel die spesifieke soekvrae natuurlik van naslaanwerk tot naslaanwerk sal verskil.

Wat van belang is by die raadpleeg van enige naslaanwerk, is dat gebruikers moet voel dat hulle soektogte suksesvol is deurdat hulle soekvrae/gebruikersvrae met die minimum moeite beantwoord word.

METODOLOGIE

In hierdie artikel sal kwalitatiewe navorsing gedoen word deur middel van 'n literatuurstudie waartydens die soekvraag van die gebruiker gemotiveer word as uitgangspunt by die beoordeling van die *AWS* (2009) nadat verskillende moontlikhede oor byvoorbeeld lemmaseleksie en data-aanduiders bespreek is. Veertig potensiële soekvrae sal ook gebruik word om die *AWS* (2009) te evalueer in terme van of antwoorde verkry word en indien nie in die woordelys nie, watter roete gevolg moet word om by antwoorde uit te kom.

'n Aanhanger van die funksieteorie, Tarp (2008:40), is van mening dat die behoeftes in die gemeenskap die inhoud van naslaanwerke moet bepaal en dat daar nie slegs gekyk moet word na of die soekvrae van werklike gebruikers in 'n spesifieke gebruiksituasie deur middel van 'n bestaande naslaanwerk beantwoord word nie. Tarp (2008:77) verskaf 'n tabel, waarin hy al die behoeftes wat volgens die funksieteorie benodig word vir die funksies begrip, produksie, proeflees en nasien, aandui. Dit geld spesifiek vir moedertaalsprekers. Ten opsigte van produksie, proeflees en nasien, dui hy wat spelling betref, die volgende behoeftes aan: ortografiese variante as lemmata, ortografiese foute as lemmata en spesifiek met betrekking tot produksie en proeflees, plaaslike taalbeleidbeperkings. Die mate waarin hierdie behoeftes in die *AWS* verreken sou kon word, sal nie in hierdie artikel bespreek word nie, hoewel

byvoorbeeld foutiewe vorme, veral in die aanlyn weergawe, van hulp sou kon wees waar gebruikers by vreemde woorde nie kan raai met watter letter 'n bepaalde woord begin nie. Die gebruiker mag byvoorbeeld dink dat *ceasar-slaai* met die letter *s* begin. Daar sal in so 'n geval wel oral verwysings na die korrekte lemma moet wees en die aanlyn weergawe sou moontlik deur middel van kleur ook foutiewe vorme van korrekte vorme kan onderskei. Sodanige konvensie sal prominent aangedui moet word sodat gebruikers hiervan kennis moet neem voordat hulle die *AWS* gebruik.

Die behoeftes, soos aangedui deur Tarp (2008), impliseer onder andere ook dat daar gekyk moet word na die vaardighede van die verskillende gebruikersgroepe, aangesien die gebruikers sekere afleidings moet kan maak op grond van die spelreëls. In hierdie artikel word daar nie gefokus op die verstaanbaarheid van die spelreëls en die mate waarin bepaalde gebruikersgroepe vertrouyd is met die *AWS* nie, hoewel die belang hiervan nie ontken word nie.

Die fokus in hierdie artikel is gerig op of die gebruiker se soekvrae beantwoord kan word en hoe gebruikersvriendelik die data-aanbod is.

Tydens die beplanning van enige naslaanwerk behoort 'n gids saamgestel te word wat riglyne vir die opname en bewerking van leksikale items uitspel. Een van hierdie besluite behoort te handel oor 'n deskriptiewe, preskriptiewe of dalk selfs proskriptiewe benadering. Volgens die funksieteorie bepaal die funksie(s) van naslaanwerke die belangrikste benadering wat gevolg moet word (vergelyk Bergenoltz & Gouws 2010:38). In hierdie verband noem hulle dat waar teksproduksie die tersaaklike funksie is, daar gefokus behoort te word op preskriptiewe of proskriptiewe inskrywings ten einde onder andere voorsiening te maak vir innoverende taalgebruik, om die huidige bestaande variante te behou of om veranderinge aan te bring.

Ongeag van watter benadering oorwegend in 'n bepaalde naslaanwerk gevolg word, is daar altyd 'n element van gesag en taalpolitiek betrokke wanneer die normatiewe rol van taal ter sake is. Die ortografiese vorms van die lemmas in 'n woordeboek word in baie lande indirek gereguleer deur 'n amptelike liggaam wat die gesag het om te besluit hoe woorde gespel moet word (Tarp-Jensen 2013:39-40). In die geval van Afrikaans is dit natuurlik die Taalkommissie van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns.

Hierdie liggaam gee, vanweë die normatiewe aard van die *AWS*, slegs riglyne oor Omgangsafrikaans en neem nie hierdie items in die alfabetiese lys op nie. Wat die Standaardafrikaanse items betref, kan gespekuur word oor die rol van frekwensie binne korpusverband as faktor om te bepaal of 'n bepaalde leksikale item opgeneem behoort te word, al dan nie. Korpora as sodanig moet egter met groot omsigtigheid geraadpleeg word, soos Asmussen (2013:1081) aandui: "Occasionally, they may even give mistakable or self-contradictory answers to *user questions*." (my beklemtoning)

By E-woordeboeke kan log-lêer-analise waardevolle data verskaf oor watter leksikale items deur gebruikers nageslaan word. Tarp-Jensen (2013:43) duï aan dat studies wat in hierdie verband gedoen is, suggereer dat daar min korrelasie is tussen korpusfrekwensie en naslaanfrekwensie in die geval van woerdeboeke.

Net soos ander vorms van waarneming, kan log-lêer-analise nie baie insig gee in die konteks en doel van woerdeboekkonsultasie nie. Dit kan nie bevestig of die gebruiker dit as suksesvolle konsultasie ervaar het nie (Nesi 2013:65). Dit wil voorkom asof navorsers toenemend 'n gemengde metode-benadering volg om te vergoed vir die beperkinge van elke individuele metode en dit dra by tot die betroubaarheid van die bevindings (Nesi 2013:65).

Die moderne neiging is om een databasis te hê waaruit verskillende woerdeboeke onttrek kan word (vergelyk onder andere Bergenoltz & Gouws 2010: 49). Woerdeboeke moet aan

inligtingsbehoeftes voldoen en versigtig gekose data verskaf. Dit is in ooreenstemming met Sternberg (1988:58) wat deur Nielsen (in Jackson 2013:361) aangehaal word, se algemene beginsels van kommunikasie: “The best way to inform your reader is to tell them what they are likely to want to know – no more and no less.”

In hierdie verband sê Helbich en Osswald (2013:1137 – my beklemtoning) oor elektroniese databasisse:

“Some approaches regard it therefore as reasonable in this case to reduce the linguistic coverage of the system by imposing syntactic and lexical restrictions on the *user questions* [...]”.

'N MOTIVERING VIR SOEKVRAE/GEBRUIKERSVRAE OM LEMMASELEKSIE EN AANDUIDERTIPES TE BEPAAL

Barnhart het reeds in 1967 op die belang van die gebruiker se soekvrae gewys:¹

It is the function of a popular dictionary to answer the questions that the user of the dictionary asks, and dictionaries on the commercial market will be successful in proportion to the extent to which they answer these questions of the buyer. This is the basis on which the editor must determine the type of information to include. The editor's very first concern, therefore, must be to determine the probable buyer of a particular book. (Barnhart 1967:161)

Hoewel Barnhart se beskrywing van die funksie hier bo slegs op “populêre” (dit is algemene) en kommersiële woordeboeke afgestem is, verwoord dit die kern van enige gebruikersgerigte leksikografie.

Selfs Tarp (2013:463) skryf: “Dictionaries are basically an *answer* to specific types of need registered in society among specific types of users in specific situations.” [my beklemtoning]

Hoe kan inligtingsbehoeftes anders waargeneem word as dat daar op die een of ander manier na gevra word?

In e-woordeboeke begin woerdeboekgebruikers met 'n spesifieke *soekvraag* en konsulteer net daardie items van woerdeboekartikels wat hierdie *soekvraag* op die beste manier beantwoord (Storrer 2013: 1245 - my beklemtoning).

Müller-Spitzer (2013: 369) dui ook verder aan dat gebruikers hul *soekvraag* begin beantwoord deur 'n soekitem in die soekboks in te tik ten einde die soekprosedure in die databasis aan die gang te sit.

Soekvrae as konsep in die teksteorie van Wiegand word onder andere soos volg verwoord: “They are then regarded as an ordered set of potential search targets for a number of *search questions* regarding a fixed topic” (Wiegand, Beer & Gouws 2013:63 – my beklemtoning). Wiegand (2013:193) dui verder aan dat die soekvrae beantwoord kan word deur na die woordvorm te kyk, of deur die kommentaar oor die woordvorm te bestudeer.

¹ Die insig om die soekvraag as uitgangspunt te gebruik het ek te danke aan prof. Herman Beyer van UNAM en ek bedank hom ook graag vir al die literatuur oor die soekvraag, wat 'n reusebydrae gemaak het tot hierdie artikel. Enige foute wat begaan is, is natuurlik my eie.

Gebruikersvrae in 'n kommunikatiewe metaleksikografie

In 'n kommunikatiewe metaleksikografie soos die teorie van leksikografiese kommunikasie (TLK – vgl. Beyer 2014) vorm die konsep van die gebruikersvraag ook 'n kernkomponent, aangesien die woordeboekgebruiksproses 'n kommunikatiewe handeling is waartydens die gebruiker as't ware 'n vraag aan die woordeboek vra deur die woerdeboek te raadpleeg. In die TLK word tussen sogenoemde *rou gebruikersvrae* en *gebruikersituasievrae* onderskei (Beyer 2014:56, 70-71). 'n Rou gebruikersvraag is 'n gebruikersvraag soos wat 'n gebruiker dit sou formuleer as naslaanstimulus, byvoorbeeld:

- (1a) Wat is diewoordsoort van *boek*?
- (1b) Is *boek* 'n selfstandige naamwoord?

'n Gebruikersituasievraag is 'n abstraksie van een of meer rou gebruikersvrae tot 'n illokusie in terme van Searle (1969:31) se uitdrukking van illokusies, teen die agtergrond van sy beginsel van uitdrukbaarheid. So kan die twee rou gebruikersvrae in (1a) en (1b) tot die volgende gebruikersituasievraag afgelei word:

- (2) ?(Die woordsoort van *boek* is ...)

Die konsep van die gebruikersvraag kan by uitstek as empiriese navorsingsmiddel benut word in werklike of gesimuleerde gebruikersituasies. Gebruikers kan gevra word om die vrae wat by hulle opkom tydens die tersaaklike gebruikersaktiwiteit hardop of op skrif te stel. Met 'n goed gedefinieerde potensiële gebruiker en potensiële gebruikersituasie kan die navorser ook potensiële gebruikersvrae deur logiese afleiding identifiseer of as deel van 'n gevalliestudie opteken.

Die waarde van die illokusie-formulering van gebruikersituasievrae is dat die waarskynlike toegangselement tot die antwoord op die gebruikersvraag sowel as die aard van die antwoord bepaalde sintaktiese posisies inneem. As die propositionele funksie *p* in *?(p)* in navolging van Searle (1969:31) as 'n (elliptiese) stelsin geformuleer word, bevat die onderwerpsnaamwoordstuk (O-NS) die twee komponente wat tot die antwoord op die vraag lei in 'n bepaalde struktuur: (1) Die kernnaamwoord (N) impliseer die aard van die gesogte inligting en by uitbreiding die omvang van die versameling moontlike mikrostruktuurelemente wat die leksikografiese boodskap met die antwoord op die gebruikersvraag sal bevat; (2) die nabepaling bevat die waarskynlikste spesifieke behandelingseenheid wat die gebruiker sal opsoek om die gebruikersvraag te beantwoord, of dit kan daarvan afgelei word.

Skryf mens *Plockwurst* of *Blockwurst*?
= ?(Die korrekte spelling tussen *Plockwurst* en *Blockwurst* is ...)

Wat beteken *Parorexie*?
= ?(Die betekenis van *Parorexie* is ...)
à NS = Die betekenis van *Parorexie*
Die kernnaamwoord gee die inligting wat gesoek word.
Die nabepaling bevat die waarskynlikste internettoegangstruktuurelement.

Wat is die teenoorgestelde van *aanhouwend*?
= ?(Die teenoorgestelde van *aanhouwend* is ...)

Wat is die Afrikaanse ekwivalent vir *to be up a tree*?
= ?(Die Afrikaanse ekwivalent vir *to be up a tree* is ...)

By watter lekseme in hedendaagse Afrikaans tree die suffiks *-es* op?
 = ?(Die lekseme waarby die suffiks *-es* in hedendaagse Afrikaans optree, is ...)

Watter voorsetsel volg op *verlief*?
 = ?(Die voorsetsel wat op *verlief* volg, is ...)

Vergelyk die weergawe van die bostaande formuleringsbeginsels en resultate in die volgende tabel:

O-NS		
Voorbepaling	N (→ inligtingstipe)	Nabepaling (→ behandelingseenheid)
die korrekte	spelling	tussen <i>Plockwurst</i> en <i>Blockwurst</i>
die	betekenis	van <i>Parorexie</i>
die	teenoorgestelde	van <i>aanhouwend</i>
die	Afrikaanse ekwivalent	vir <i>to be up a tree</i>
die	voorsetsel	wat op <i>verlief</i> volg
die	lekseme	waarby die suffiks <i>-es</i> in heden-daagse Afrikaans optree

Potensiële gebruikersvrae van AWS-gebruikers

Aangesien relevansie (vergelyk Bothma & Tarp 2012:86-106) uiters belangrik is by die beoordeling van enige naslaanbron en daar altyd deur uitgewers beperkings op die aantal toegelate bladsye geplaas word, behoort die soekvraagitems in die gedrukte weergawe beperk te word tot daardie aspekte wat die gebruiker kan help om beter te spel. 'n Mens kan nie reg spel as jy nie weet: waar om 'n woord op skrif af te breek nie, waar om 'n afkappingsteken te gebruik nie, wat die erkende afkorting is vir 'n bepaalde woord nie, wat die meervoudsvorme van selfstandige naamwoorde is en of wisselvorme by bepaalde woorde moontlik is nie, hoe om die akutteken korrek te gebruik vir beklemtoning, of waar dit noodsaaklik is nie, waar die deelteken gebruik moet word nie, watter diftonge waar gebruik moet word nie, byvoorbeeld woorde met *ui*, *y* en *ei*, hoe getalle, syfers en simbole saam met naamwoorde gespel word nie, waar die gravisteken gebruik moet word, wanneer jy 'n hoofletter of kleinletter moet gebruik nie, waar kappies gebruik moet word nie, waar koppeltekenen gebruik moet word nie, waar jy los en waar jy vas moet skryf nie, wat die korrekte verkleiningsvorme is nie, waar jy een en waar meer as een vokaal gebruik moet word nie, hoe woorde van vreemde herkoms gespel word nie, wat die byvoeglike naamwoord en inwoner is van buitelandse plekname nie en hoe om Russiese en ander Slawiese name wat gebruikers in die oorspronklike taal of in Engels teëkom in Afrikaans weer te gee nie.

Die AWS gee aan al bogenoemde aspekte aandag en daar kan sekerlik nie verwag word dat aandag aan elke enkele woord, wat potensieel spelprobleme kan oplewer, gegee word nie. Deur foute-analise kan 'n mens wel vasstel watter woorde meestal verkeerd gespel word en dit is veral hierdie woorde wat opgeneem behoort te word.

In die AWS gaan dit hoofsaaklik oor spelling, maar spelling kan nie altyd in isolasie beskou word nie, want dit is dikwels gekoppel aan die betekenis van die betrokke woord of woordgroep, waar daar dikwels 'n vorm is wat vas geskryf word en een wat los geskryf word.

In die oorgrote meerderheid gevalle dui die AWS die verskillende spelvorme, naamlik los of vas, wat veroorsaak word deur verskillende betekenis, volledig aan.

'n Paar tipiese soekvrae in hierdie verband is soos volg:

- 1) Hoe spel ek aaneen/ aan een in die betekenis "aanhouwend"?

Die gebruiker sal die antwoord in die AWS kry, waar aangedui word:

aan een (*vir een*)

aaneen (aanhouwend)

- 2) Hoe spel ek al daar/aldaar in die betekenis "daar"?

Die gebruiker sal die antwoord in die AWS kry, waar aangedui word:

al daar (*reeds daar*)

aldaar (daar)

- 3) Hoe spel ek een maal/eenmaal in die betekenis "een keer"?

Die gebruiker sal die antwoord in die AWS kry, waar aangedui word:

een maal (dit het net - - gebeur)

eenmaal (- was daar 'n koning)

Daar is nietemin ander gevalle waar die gebruiker nie die antwoorde sal kry nie, soos in die volgende voorbeelde:

- 4) Hoe spel ek aanstryk/aanstreik/aanstruik in die betekenis "nader/verder loop/stap"?

Aanstryk is nie in die AWS opgeneem nie.

- 5) Hoe spel ek aankruip/aankreip/aankryp in die betekenis "verder kruip"?

Aankruip is nie in die AWS opgeneem nie en dit is verder problematies omdat *kruip* ook nie opgeneem is nie.

Oor die algemeen maak studente dikwels foute ten opsigte van die onderskeid *ui* versus *ei* versus *y* in woorde wat hierdie letters bevat, gevvolglik behoort alle woorde wat *ui/ei/y* bevat, vir opname oorweeg te word, dit wil sê woorde soos: aanbrei, aandagfleibaarheidsindroom, aandryf, aanprys, aansluit, aangryp, aanlêsteier, aanry, aanstruikel, aansuiwer, aanvly, aardrykskunde, aartslui, allersyds, alleruiterste, alruin, alsydig, ambagsgeheim, ambrosyn, ampsgeheim, angorakonyn, appellwyn, appelluis, arduin en armsein (met betrekking tot die letter a).

Soekvrae kan ook verband hou met die meervoudsvorme van woorde of woordgroepes.

- 6) In die meeste gevalle kan meervoudsvorme in die AWS opgespoor word by die

selfstandige naamwoorde wat wel opgeneem is, bv.

Wat is die meervoud van *a*?

Die antwoord word in die AWS aangedui as *a's* en die verkleiningsvorm *a 'tjie* word ook aangedui.

- 7) Wat is die meervoud van *acre*?

Die antwoord word aangedui as *acre* of *acres*.

- 8) Wat is die meervoud van *johannesbrood*?

Die antwoord dui aan dat dit nie meervoud het nie.

In ander gevalle sal die gebruiker soms nie die antwoord in die woordelyst kry nie, want die stam is nie opgeneem in die AWS nie, soos in die volgende gevalle:

- 9) Wat is die meervoud van *aanbeveling*?

Die woord is nie opgeneem in die AWS nie, gevvolglik sal die gebruiker nie die antwoord in die woordelyst kry nie. Die gebruiker moet gevvolglik die Spelreëlgedeelte raadpleeg. Na aanleiding van Reël 13.3 kan die gebruiker dan sien dat woorde wat op -ng eindig en voorafgegaan word deur 'n onbeklemtoonde vokaal, asook... 'n meervoudsvorm met -s kry. Indien die gebruiker wel Opmerking (d) lees, sal hy/sy sien dat daar soms wisselvorme is, byvoorbeeld *verbeteringe* of *verbeterings* en dan waarskynlik raai dat *aanbeveling* se meervoude wisselvorme met onderskeidelik -s en -e kan wees, wat inderdaad die geval is.

- 10) Wat is die meervoud van *alkoof*?

Die woord is nie opgeneem in die AWS nie, gevvolglik sal die gebruiker nie die antwoord in die woordelyst kry nie. In hierdie geval moet die gebruiker eweneens die Spelreëlgedeelte raadpleeg en die relevante reël, naamlik Reël 13.1 op die woord toepas.

- 11) Wat is die meervoud van *aas* in die betekenis "voedsel om iets aan te lok, karkas"?

Die woord *aas* is wel opgeneem en die meervoud word aangedui as *ase*, maar die verskillende betekenisse, en die implikasies wat dit het vir die meervoudsvorme, word nie aangedui nie. 'n Beter inskrywing sou wees:

Aas, – (voedsel om iets aan te lok, karkas)

aas, ase (kaart, dobbelsteen met 'n aas daarop)

Gebruikers het dikwels 'n probleem met die gebruik van die deelteken en kan dus soekvrae soos die volgende vra:

- 12) Moet ek *finansiële* met 'n deelteken spel of nie?

Die antwoord verskyn in die AWS, naamlik dat dit wel met 'n deelteken gespel word.

- 13) Moet ek *reünie* met 'n deelteken spel of nie?

Die gebruiker sal die antwoord in die woordelyst kry, tesame met al die reëls wat op die spelling van hierdie woord betrekking het en wat daartoe aanleiding gee dat dit ook met 'n koppelteken gespel kan word. Die onus rus dus byvoorbeeld op 'n onderwyser wat opstelle korrigeer om die reëlverwysings na te gaan sodat 'n leerder wat *re-unie* met 'n koppelteken spel, se spelling aanvaar word.

- 14) Moet ek *harmonieer* met 'n deelteken spel of nie?

Die gebruiker sal die antwoord in die *AWS* kry, naamlik sonder 'n deelteken.
Gebruikers het ook dikwels vrae oor die trappe van vergelyking van adjektiewe.

- 15) Wat is die trappe van vergelyking van *arbitrêr*?

Die gebruiker sal die antwoord kry in die *AWS*, naamlik -der, -ste.

- 16) Wat is die trappe van vergelyking van *elasties*?

Die gebruiker sal nie die antwoord onmiddellik by die lemma kry nie, want dit word nie in die *AWS* aangedui nie, hoewel daar wel gespesifiseer word dat ongemerkte/normale vorme met -er en -ste nie in die *AWS* aangedui word nie. Die gebruiker moet dus die flapteks lees om te weet dat dit die geval is.

- 17) Wat is die trappe van vergelyking van *tevrede*?

Die gebruiker sal die antwoord in die *AWS* kry, want dit word aangedui as *-ner* of *meer -*, *-nste of mees -*.

Die spelling van woordgroepes, veral leenwoorde, kan problematies wees. Die volgende soekvrae is dus relevant:

- 18) Hoe spel ek *à la carte*?

Die gebruiker sal nie die antwoord in die *AWS* kry nie.

- 19) Hoe spel ek *alfresco*?

Die gebruiker sal nie die antwoord in die *AWS* kry nie.

- 20) Hoe spel ek *bona fides*?

Die gebruiker sal wel die antwoord in die *AWS* kry.

Koppeltekens al dan nie kan gebruikers ook hoofbrekens gee. Die volgende soekvrae is dus relevant:

- 21) Spel ek *gou-gou* met of sonder 'n koppelteken?

Die gebruiker sal die antwoord in die woordelys kry asook by Reël 12.14 as een van die voorbeeld van reduplikasie.

- 22) Spel ek *doemdoempie* met of sonder 'n koppelteken?

Die gebruiker sal die antwoord in die woordelys kry, naamlik dat dit sonder 'n koppelteken gespel word.

- 23) Spel ek *pietretiefbroodboom* met of sonder 'n koppelteken?

Die gebruiker sal die antwoord in die *AWS* kry.

Kos is deesdae in die kollig en baie tydskrifte en koerante verskaf resepte. Veral joernaliste kan dus soekvrae soos die volgende hê:

- 24) Hoe spel ek *bagel*, *bain-marie*, *baklava*, *basmatirys*, *béarnaisesous*, *beaujolais*, *béchamelsous*, *bief/bees stroganoff*, *bel paese-kaas*, *blini*, *blintz*, *bordelaisesous*, *bouchée*, *bouillabaise-sous*, *brijani*, *bruschetta*, *barain-marie-geregte*, *brûlée*, *cannelloni*, *cassata*, *ceasar-slaai*, *chantillyroom*, *chateaubriand*, *chelseabolletjie*, *chipolataworsie*, *chop suey*, *choux-deeg*, *chow mein*, *coq au vin*, *crudité*, *daiquiry*, *dhal*, *Dom/Don Pedro*, *duchesse-aartappels*, *duxelles*, *eiers foe jong/joeng*, *en croûte*, *escalope*, *falafel/felafel*, *fettuccini*, *fransering*, *frappé*, *gâteau*, *gazpacho*, *genuakoek*, *gewürztraminer*, *ghi*, *glogg*, *gnocchi*, *grappa*, *hoemoes*, *hollandaisesous*, *jaffalemoen*, *jakitori*, *jus*, *linguini*, *marengohoender*, *marron glacé*, *mascarponekaas*, *meunière*, *mousse*, *moussaka*, *nacho*, *nasi goreng*, *navarin*, *noisette*, *nouvelle cuisine*, *ouzo*, *pancetta*, *pasjka*, *patisserie*, *pawlawa*, *pecorinokaas*, *pepperoni*, *pesto*, *piña colada*, *zarzuela* en *zabaglione*?

Die gebruiker sal nie antwoorde op hierdie vrae in die *AWS* (2009) kry nie. Aangesien die *AWS* se gedrukte weergawe ruimtebeperkings het, sal die Taalkommissie hier bepaalde keuses moet uitoefen. In die huidige *AWS* (2009) is *suurlemoensponspoeding* byvoorbeeld opgeneem, maar *suurlemoenskuimtert* nie. 'n Gebruikersvriendelike benadering sal wees om veral aandag te gee aan die woord wat potensieel makliker verkeerd gespel kan word, byvoorbeeld eerder *suurlemoenskuimtert*, waar die *-ui-* maklik verkeerdelik as *-ei-* of *-y-* gespel kan word. Indien *suurlemoenskuimtert* opgeneem word, sal ook erkenning gegee word aan die korrekte vertaling van *lemon meringue*, waarvan baie gebruikers waarskynlik nie die korrekte Afrikaanse vertaalekwivalent ken nie. Dit is waarskynlik ook 'n woord wat frekwenter gebruik word as *suurlemoensponspoeding*, aangesien die produk verkoop word en dus op spyskaarte behoort te verskyn.

- 25) Hoe spel ek *croissant*?

Die gebruiker sal die antwoord in die *AWS* kry, maar slegs indien hy/sy weet dat die woord met 'n *c* begin.

- 26) Hoe spel ek *peperment*?

Die gebruiker sal die antwoord in die *AWS* in die woordelys kry en verder ook kan kennis neem dat *peperment* 'n wisselvorm is.

- 27) Hoe spel ek *coulis* in die betekenis “dun vrugte- of groentepuree, gebruik as 'n sous”?

(vergelyk HAT6:171)

Die gebruiker mag dalk die foutiewe spelvorm *coulisse* gebruik, aangesien dit die enigste vorm is wat in die *AWS* (sonder enige betekenistoeligtig) verskyn en wat naastenby lyk soos 'n moontlike spelling. Betekenistoeligtig is hier noodsaklik want *coulisse* beteken “beweegbare syskerm op 'n verhoog/ens.” (HAT6:171)

- 28) Is die inwoners van Australië *Australianers* of *Australiërs*? Die gebruiker sal die antwoord, naamlik *Australiërs* op p. 525 in die “Lys buitelandse geografiese name met afleidings” vind.

- 29) Wat is die korrekte pleknaamekwivalent vir die Engelse woord “Poland” – is dit *Poland* of *Pole*? Die korrekte antwoord is *Pole* en die antwoord is op p. 539. Foute-analise toon dat die verkeerde opsie soms gekies word.

- 30) Wat is die byvoeglike naamwoord en inwoner van Maputo? Die antwoord word indirek aangedui op p. 535 deur die simbool (O). Indien die gebruikers nie die oriëntasie op p. 523 gelees het nie, sal hulle nie weet wat die simbool beteken nie. Gebruikers moet dus bewus gemaak word van waar hulle data kan kry en hoe om dit te interpreteer.
- 31) Waar kan die woord *vergroeiting* oral afgebreek word in lettergrepe? Die gebruiker sal die antwoord op p. 3 kry by Reël 1.6. Daar is ook 'n voorbeeld na analogie waarvan die reël geïnterpreteer kan word, naamlik *besproei-ing*.
- 32) Waar kan die woord *potpourri* afbegreek word? Die gebruiker sal die antwoord kry op p 5.
- 33) Waar kan die woord *mangel* afgebreek word? Die gebruiker kan die antwoord kry by Reël 1.11.
- 34) Wat is die afkorting vir *handskrif*?
Die antwoord, naamlik hs. kan op bladsy 487 gekry word.
- 35) Wat is die afkorting vir *Suid-Afrikaanse Amateur-Gimnastiekunie*?
Die gebruiker sal nie die antwoord, naamlik SAAGU, in die AWS kry nie.
- 36) Moet *Ma* met 'n hoofletter gespel word in 'n sin soos "My ma kom môre kuier."
Die gebruiker sal die antwoord kry op bladsy 46 by die opmerking.
- 37) Wat is die voltooide deelwoord van *aanbied* en hoe spel mens dit?
Die gebruiker sal nie die antwoord in die woordelysgedeelte kry nie.
- 38) Wat is die voltooide deelwoord van *aanwys* en hoe spel mens dit?
Die gebruiker sal nie die antwoord in die woordelysgedeelte kry nie.
- 39) Wat is die voltooide deelwoord van *kies* en hoe spel mens dit?
Die gebruiker sal nie die antwoord in die woordelysgedeelte kry nie.
- 40) Moet die lidwoord *die* voor Eoseen gebruik word of nie?
Die gebruiker sal nie die antwoord in die AWS kry nie.

Indien die AWS, in enkele gevalle, konsekwenter leiding per kategorie bied, sal gebruikers se soekvrae beantwoord word en hulle nie potensieel verwarring word nie. Daar word byvoorbeeld by bepaalde woorde aangedui dat *die* verpligtend is voor die betrokke woord, vergelyk die hantering van die hakietoeligting by Ooste/ooste, Noorde/noorde, Suide/suide, Weste/weste, maar hierdie hakietoeligting word nie verskaf by Nabye Ooste, Verre Noord-Transvaal, Verre Ooste, Ystyd of Ystydperk, Eoseen, Jura, Pleistoseen en Mesosoïkum nie.

BEPERKING VAN DIE NAVORSING

Hierdie artikel het nie aandag geskenk aan 'n vraelys of groeponderhoude met AWS-gebruikers tydens konsultasie nie.

GEVOLGTREKKING

Hoewel die meeste soekvrae van die gebruiker beantwoord sal word in *AWS* (2009), is daar tog 'n paar aspekte wat nog aandag moet geniet, byvoorbeeld kosterme. Daar kan verwag word dat die Taalkommissie aandag sal skenk aan die enkele aangetoonde leemtes wanneer die nuwe uitgawe saamgestel word.

BIBLIOGRAFIE

- Afrikaanse woordelys en spelreëls.* Taalkommissie van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns. 2009. Kaapstad: Pharos.
- Asmussen, J. 2013. Combined products: Dictionary and corpus. In Gouws, R.H., Heid, U., Schweickard, W. & Wiegand, H.E. (eds). *Dictionaries. An International Encyclopedia of Lexicography. Supplementary Volume: Recent Developments with Focus on Electronic and Computational Lexicography.* Berlin/Boston: De Gruyter Mouton, pp. 1081-1090.
- Barnhart, C.L. 1967. Problems in Editing Commercial Monolingual Dictionaries. In Householder, F.W. & S. Saporta (eds). *Problems in Lexicography.* Second, revised edition. Bloomington: Indiana University, pp. 161-181.
- Bergenholtz, Henning & Rufus H Gouws. 2010. A Functional Approach to the Choice between Descriptive, Prescriptive and Proscriptive Lexicography. *Lexikos*, 20:26-51.
- Beyer, H.L. 2014. Explaining dysfunctional effects of lexicographical communication. *Lexikos*, 24:36-74.
- Bothma, Theo J.D. & Tarp, S. (eds). 2012. Lexicography and the Relevance Criterion. *Lexikos*, 22:86-108.
- Gouws, R.H., Heid, U., Schweickard, W. & Wiegand, H.E. (eds). 2013. *Dictionaries. An International Encyclopedia of Lexicography. Supplementary Volume: Recent Developments with Focus on Electronic and Computational Lexicography.* Berlin/Boston: De Gruyter Mouton.
- HAT Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal.* Sesde uitgawe. Luther, J., Pheiffer, F. & Gouws, Rufus H. 2015. Kaapstad: Pearson.
- Helbich, H. & Osswald, R. 2013. Electronic dictionaries for question answering and natural language database access. In Gouws, R.H., Heid, U., Schweickard, W. & Wiegand, H.E. (eds). *Dictionaries. An International Encyclopedia of Lexicography. Supplementary Volume: Recent Developments with Focus on Electronic and Computational Lexicography.* Berlin/Boston: De Gruyter Mouton, pp. 2013:1136-1149.
- Jackson, Howard (ed). *The Bloomsbury Companion to Lexicography.* London, New Delhi, New York, Sydney: Bloomsbury.
- Müller-Spitzer, C. 2013. Textual structures in electronic dictionaries compared with printed dictionaries: A short general survey. In Gouws, R.H., Heid, U., Schweickard, W. & Wiegand, H.E. (eds). *Dictionaries. An International Encyclopedia of Lexicography. Supplementary Volume: Recent Developments with Focus on Electronic and Computational Lexicography.* Berlin/Boston: De Gruyter Mouton, pp. 367-381.
- Nesi, Hilary. 2013. Researching Users and Uses of Dictionaries. In Jackson, Howard (ed). *The Bloomsbury Companion to Lexicography.* London, New Delhi, New York, Sydney: Bloomsbury, pp. 62-74.
- Searle, J.R. 1969. *Speech Acts. An Essay in the Philosophy of Language.* Cambridge: Cambridge University Press.
- Storrer, A. 2013. Representing (computational) dictionaries in hypertextual form. In Gouws, R.H., Heid, U., Schweickard, W. & Wiegand, H.E. (eds). *Dictionaries. An International Encyclopedia of Lexicography. Supplementary Volume: Recent Developments with Focus on Electronic and Computational Lexicography.* Berlin/Boston: De Gruyter Mouton, pp. 1244-1253.
- Tarp, S. 2008. *Lexicography in the Borderland between Knowledge and Non-Knowledge.* Tübingen: Max Niemeyer.
- Tarp, S. 2013. Lexicographic Functions. In Gouws, R.H., Heid, U., Schweickard, W. & Wiegand, H.E. (eds). *Dictionaries. An International Encyclopedia of Lexicography. Supplementary Volume: Recent*

- Developments with Focus on Electronic and Computational Lexicography.* Berlin/Boston: De Gruyter Mouton, pp.460-468.
- Tarp-Jensen, L. 2013. Researching Lexicographical Practice. In Jackson, H. (ed.). 2013. *The Bloomsbury Companion to Lexicography*. London, New Delhi, New York, Sydney: Bloomsbury, pp. 35-47.
- Wiegand, H.E. 2001. Was eigentlich sind Wörterbuchfunktionen? Kritische Anmerkungen zur neueren und neuesten Wörterbuchforschung. *Lexicographica*, 17:217-248.
- Wiegand, H.E. 2013. Microstructures in printed dictionaries. In Gouws, R.H., Heid, U., Schweickard, W. & Wiegand, H.E. (eds). *Dictionaries. An International Encyclopedia of Lexicography. Supplementary Volume: Recent Developments with Focus on Electronic and Computational Lexicography*. Berlin/Boston: De Gruyter Mouton, pp. 149-214.
- Wiegand, H.E., S. Beer & R.H. Gouws. 2013. Textual structures in printed dictionaries: An overview. In Gouws, R.H., Heid, U., Schweickard, W. & Wiegand, H.E. (eds). *Dictionaries. An International Encyclopedia of Lexicography. Supplementary Volume: Recent Developments with Focus on Electronic and Computational Lexicography*. Berlin/Boston: De Gruyter Mouton, pp. 31-73.

Honderd jaar *Afrikaanse Woordelys en Spelreëls* – ’n Oorsig en waardering. Deel 1: Die woordelys

One hundred years of Afrikaanse Woordelys en Spelreëls – An overview and evaluation.
Part 1: The wordlist

NERINA BOSMAN

Departement Afrikaans
Universiteit van Pretoria
E-pos: nerina.bosman@up.ac.za



Nerina Bosman

Elsabé Taljard

ELSABÉ TALJARD

Departement Afrikatale
Universiteit van Pretoria
E-pos: elsabe.taljard@up.ac.za

DANIE PRINSLOO

Departement Afrikatale
Universiteit van Pretoria
E-pos: danie.prinsloo@up.ac.za



Danie Prinsloo

NERINA BOSMAN is medeaprofessor in die Departement Afrikaans aan die Universiteit van Pretoria. Sy doseer voor- en nagraadse kursusse in Afrikaanse Taalkunde en nagraadse kursusse in Toegepaste Taalstudies. Haar navorsingsgebiede is in die eerste plek die Afrikaanse leksikologie en die leksikale semantiek. Binne die teoretiese raamwerk van die konseptuele metafoorteorie is sy tans besig met ’n projek oor eet- en drinkmetafore in Afrikaans en ander tale. Danksy ’n navorsingstoekenning deur die Nasionale Navorsingstigting, is daar in 2014 onder haar leiding begin met ’n groot projek oor aanspreekvorme in Afrikaans, nie net in Suid-Afrika nie, maar ook in Namibië. In 2017 verskyn, onder haar en prof. Wannie Carstens se redakteurskap, die tweede uitgawe van *Kontemporäre Afrikaanse Taalkunde*.

NERINA BOSMAN is an Associate Professor in the Department of Afrikaans at the University of Pretoria. She teaches undergraduate and post-graduate courses in Afrikaans Linguistics and postgraduate courses in Applied Language Studies. Her research areas are in the first instance Afrikaans lexicology and lexical semantics. Within the theoretical framework of conceptual metaphor theory, she is currently working on a project on eat and drink metaphors in Afrikaans and other languages. Courtesy of a research grant by the National Research Foundation, a big project on forms of address in Afrikaans was launched under her leadership. This project will involve participants in the whole of South Africa as well as in Namibia. In 2017 the second edition of *Kontemporäre Afrikaanse Taalkunde*, co-edited by prof. Wannie Carstens, was published.

<p>ELSABÉ TALJARD is professor in die Departement Afrikatale, Universiteit van Pretoria. Haar spesialistaal is Noord-Sotho en haar navorsingsareas is Noord-Sothotaalkunde, leksikografie, terminologie en menslike taaltegnologie. Haar navorsing is oorwegend korpusgebaseerd. Sy dien op die bestuur van AFRILEX (Tesorier), is lid van die Suid-Afrikaanse been van die ISO/TC37-komitee en dien ook op die kundigheidspaneel van mensliketaaltegnologie van die Departement van Kuns en Kultuur. Sy is die outeur of mede-outeur van 35 artikels in geakkrediteerde tydskrifte en lewer gereeld referate by nasionale en internasionale kongresse. Sy is mede-projekbestuurder van die <i>Open Education Resource Term Bank</i>, 'n multi-miljoenrand projek, befonds deur die Departement van Hoër Onderwys vir die daarstel van 'n veeltalige, aanlyn termbank vir Suid-Afrikaanse studente. Sy is 'n NRF-gegradeerde navorser.</p>	<p>ELSABÉ TALJARD is professor in the Department of African Languages, University of Pretoria. Her language of specialization is Northern Sotho and her research interests are linguistics, lexicography, terminology and human language technology. Her research is mainly corpus based. She serves on the Board of AFRILEX (Treasurer), is a member of the South African version of the ISO/TC37 committee and also serves on the expert panel of human language technology of the Department of Arts and Culture. She has authored or co-authored 35 articles in accredited journals and regularly reads papers at national and international conferences. She is co-manager of the Open Education Resource Term Bank, a multi-million rand project funded by the Department of Higher Education for the creation of a multilingual, online term bank for South African students. She is an NRF-rated researcher.</p>
<p>DANIE PRINSLOO is professor in Afrikatale aan die Universiteit van Pretoria. Hy is 'n voormalige voorsitter van AFRILEX (African Association for Lexicography), Hoof van die Departement Afrikatale en voorsitter van die Skool vir Tale. Hy is nasionaal en internasionaal bekend vir sy baanbrekersnavorsing in korpusgebaseerde Afrikataal-leksikografie en is die outeur of mede-outeur van meer as 100 publikasies en 'n soortgelyke aantal kongresreferate oor die onderwerp. Die huidige fokus van sy navorsing is op die ontwikkeling van hulpmiddelle vir elektroniese woordeboeke en die koppeling van elektroniese woordeboeke met verwerkte korpusdata. Hy is die ontvanger van verskeie toekenning as Uitnemende Akademiese Presteerder en as 'n Denkleier van die eeu van die Universiteit van Pretoria asook van 'n PanSAT-toekenning vir sy bydrae tot meertaligheid.</p>	<p>DANIE PRINSLOO is Professor of African Languages at the University of Pretoria. He is a former Chairperson of AFRILEX (African Association for Lexicography), Head of the Department of African Languages and Chair of the School of Languages. He is well known nationally and internationally for his groundbreaking research in corpus-based African language lexicography and is the author or co-author of more than 100 publications and an equal number of conference papers on this subject. The current focus of his research is on the development of support tools for electronic dictionaries and linking electronic dictionaries with processed corpus data. He received several awards as Exceptional Academic Performer, and as a Centenary Leading Mind from the University of Pretoria, as well as a PanSALB award for his contribution to multilingualism.</p>

ABSTRACT

One hundred years of Afrikaanse Woordelys en Spelreëls – An overview and evaluation.

Part 1: The wordlist

In 2017 the Afrikaanse Woordelys en Spelreëls (AWS) celebrates its centenary year. Our contribution commemorates this milestone with a (re)evaluation of this standard and well-known reference work – in particular of the wordlist sections of the AWS.

This article – the first of two – offers a historical overview of the function, nature and scope of the wordlist as revealed in the ten different editions of the AWS. For the overview we used the different editions (from 1917 to 2009) of the AWS as primary source texts. An evaluation of the Afrikaans spelling rules falls outside the scope of the article, but because these rules

have an impact on which lemmas are included in the wordlist (one of the main functions of the wordlist being to help people with their spelling problems), we looked briefly at the way in which they have been defined since 1917.

The fundamental principles of the Afrikaans spelling system have essentially not changed, although they have periodically been reformulated. From 1917 to 1964 commonly used pronunciation and tradition (by which is also meant the ways in which the Afrikaans spelling system still reflects its history and relationship with Dutch spelling) remained two key criteria for the inclusion of words in the wordlist. In addition, the visible illustration and application of the spelling rules are important reasons for the inclusion (or elimination) of certain words. In the 2009 edition the main criterion for inclusion seems to be that the list must reflect contemporary written standard Afrikaans. No mention is made any longer of the commonly used pronunciation as guiding principle.

With respect to its nature, the question was raised whether the wordlist can be regarded as a special kind of dictionary – one with a limited lemma list and minimal microstructural information. Within the context of how best to describe this source, problematic or unclear aspects that were investigated were the basis for lemma selection – in other words, how exactly did the various language commissions determine what can or should be regarded as standard Afrikaans? This is arguably the most important criterion for inclusion.

Other issues that remained throughout the past 100 years were the treatment of two different spelling forms (so-called variant forms or “wisselvorme”) like “more” and “môre” (“morning”) and words of foreign origin (“krusifiks”, “guillotine”, “zero”/”sero”). In the treatment of these problematic cases the interaction between the three fundamental principles that inform the spelling rules are clearly illustrated.

The main purpose – to help with spelling problems and to set certain norms and standards – and the size and complexity of the wordlist were explored.

That the wordlist occupies a very important place in every AWS is not disputed, and we conclude that the wordlist is a very valuable reference work. Nevertheless, users’ expectations when consulting the wordlist as an information source have to be realistic:

- The wordlist serves as an illustration and application of the spelling rules and as such is very valuable as a guideline for all users.
- The list is of course, due to various reasons, not comprehensive and it does not contain nearly as many standard Afrikaans words as do standard monolingual and bilingual dictionaries.
- It does not give guidance on the spelling of non-standard Afrikaans words. It is not clear whether all users are aware of this.
- By its very nature it is prescriptive and it provides a clear norm for language users.
- The 2009 wordlist is much more user-friendly than its predecessors, but the hard copies are in essence static documents that have not been updated frequently enough to satisfy all the information needs of its users. Users are therefore often forced to look for other sources of information on spelling issues.

With these characteristics in mind, we evaluate the electronic version of the wordlist in Part 2. This is done against the background of the current rapid development of theoretical lexicography and the increasing need of users to find the information that they need as quickly as possible. In Part 2 the focus is very clearly on the user and his or her needs.

KEY WORDS: AWS, overview, appreciation, word list, fundamental principles, lemma selection, microstructural treatment, variant forms, pronunciation

TREFWOORDE: AWS, oorsig, waardering, woordelys, grondbeginsels, lemmaseleksie, mikrostrukturele bewerking, wisselvorme, uitspraak

OPSUMMING

In 2017 sal die *Afrikaanse Woordelys en Spelreëls* (hierna afgekort as AWS) 'n volle eeu oud wees, en hierdie bydrae gedenk die mylpaal met 'n (her)waardering van veral die woordelysdeel van die AWS. Aanvanklik word 'n historiese oorsig gegee oor die ontstaan en ontwikkeling van die woordelys met 'n fokus op sy funksie, aard en omvang. 'n Evaluasie van die spelreëls het buite die bestek van die artikel geval, maar daar word wel kortliks stilgestaan by die grondbeginsels van die Afrikaanse spelling. Aspekte wat ondersoek is, was lemmakeuse, wat op sy beurt weer beïnvloed is deur beginsels van die Afrikaanse spelreëls soos 'n algemeen gebruiklike uitspraak, die bepaling van wat as "Standaardafricaans" beskou kan of moet word en ander kwessies. Die doel en aard van die woordelys – kan dit byvoorbeeld as 'n spesiale soort woordeboek beskou word? – lemmaseleksie en mikrostrukturele bewerking, wisselvorme en die hantering van vreemde woorde, die normerende rol van die AWS en die omvang en volledigheid van die woordelys, kry aandag in hierdie eerste van twee artikels. Die gevolgtrekking waartoe gekom word, is dat die woordelys baie waardevol is as naslaanbron, maar wel tot 'n mate as belangrike gebruikersbron gekortwiek word deur sy aard: staties, onvolledig en voorskriftelik. Met die gebruiker in gedagte val die klem in Deel 2 dan op die nuwe moontlikhede wat 'n elektroniese woordelys sou kon bied.

1. INLEIDING

In 2017 sal die *Afrikaanse Woordelys en Spelreëls* (hierna afgekort as AWS) 'n volle eeu oud wees, daarom dink ons dat dit gepas is om 'n (her)waardering van die AWS aan te bied. In hierdie artikel – die eerste van twee – word 'n historiese oorsig oor die AWS met besondere verwysing na die woordelysgedeelte en die funksie(s) daarvan aangebied. 'n Evaluasie van die spelreëls val dus buite die bestek van die artikel.

In Deel 2 van die uitgebreide artikel sal die woordelys as inligtingsbron – en spesifiek die aanlyn weergawe van die woordelys – onder die loep geneem word. Die twee artikels moet saam gelees word vir 'n geheelindruk.

2. DOELSTELLING

In hierdie eerste van twee artikels argumenteer ons dat daar bepaalde probleme is met die woordelysgedeeltes van die onderskeie AWS'e – probleme wat 'n lang historiese aanloop het en wat oor die jare wel ten dele opgelos is. Die eerste artikel wil die problematiese aspekte aantoon en die huidige aard van die woordelys ontleed as voorbereiding vir die tweede deel, waar die klem val op die funksionale leksikografie met die gebruiker in fokus. Ons maak hoofsaaklik gebruik van inligting wat in die tien uitgawes tot en met die 2009-uitgawe van die AWS te kry is, maar verwys waar nodig na sekondêre bronne.

Ons begin deur in Deel 1 die grondbeginsels van die Afrikaanse spelreëls kortliks te belig en gee vervolgens 'n oorsig oor die aard en doel van die woordelys deur die historiese ontwikkeling van die AWS te volg. Ons eindig deur die woordelys soos wat hy tans daar uitsien

kortlik te karakteriseer. Ons is bewus daarvan dat daar moontlik 'n splinternuwe aanpak te siene mag wees in die 2017-uitgawe van die AWS.

In Deel 2 van die uitgebreide artikel word die woordelys as inligtingsbron – en spesifiek die aanlyn weergawe van die woordelys – onder die loep geneem deurveral die gebruiker en sy of haar inligtingsbehoeftes in ag te neem.

Die twee artikels moet saam gelees word vir 'n geheelindruk.

3. DIE DOEL EN AARD VAN DIE WOORDELYS 1917–2009¹

3.1 Inleidende opmerkings

Van 1917 tot 2009 verskyn daar tien uitgawes² van die *Afrikaanse Woordelys en Spelreëls*. Die eerste spelreëls sien reeds die lig in 1915 nadat die sitting van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Taal, Lettere en Kuns dit op 18 September van daardie jaar goedgekeur het (AWS¹: iv; Eksteen 1985:170). By dié sitting besluit die Akademie tewens dat 'n woordelys so spoedig moontlik opgestel moet word.

In die Voorwoord tot elkeen van die tien uitgawes (van 1917 tot 2009) word daar telkens verwys na die insluiting van 'n woordelys en die redes hiervoor word ook gegee. Deur die loop van 92 jaar is daar 'n aantal kernkressies wat dieselfde gebly het. Op grond van die Voorwoord by elk van die tien uitgawes (en vanaf 1991 ook die gebruiksleidings- en toelichtingsgedeeltes), kan 'n paar redes vir die noodsaak van 'n woordelys en die kriteria ten grondslag aan die opname van spesifieke woorde in so 'n lys geïdentifiseer word.

Die fokus van hierdie artikel is die woordelysgedeelte van die AWS, maar die kernwerksaamheid van die AWS is die Afrikaanse **spelling** en die insluiting van 'n woordelys ter aanvulling en illustrasie van die spelreëls staan in diens van hierdie funksie.

Die opstel van 'n woordelys klink na 'n eenvoudige opgaaf, maar die samestelling van so 'n lys was nog altyd 'n lastige een (vergelyk reeds die Voorwoord by AWS¹) en deur die jare was taalgebruikers dan ook taamlik kritis oor die opname (en skrapping) al dan nie van sekere woorde (vergelyk hier ook afdeling 4.5.2 in Odendaal 2012). Die samestellers het kennelik met elke uitgawe van die AWS lank besin oor die keuse van die woorde wat ingesluit en sedert 1921 ook wegelaat sou word.

Aspekte wat die samestelling van die Woordelys vanaf 1917 ten nouste geraak het, was die vasstelling van 'n algemeen gebruiklike uitspraak; die bepaling van wat as "Standaardafrikaans" beskou kan of moet word; lemmaseleksie (wat saamhang met frekwensie) en lemmabewerking. Hierby kom ook die feit dat die samestellers sedert 1921 gewerk het met oorgeërfde lyste, wat telkens weer as die kernlys in opeenvolgende hersiene uitgawes gebruik is. Geen woordelys is dus nog ooit sedert 1917 van nuuts af saamgestel nie. Hierdie aspek van die werkwyse van die Taalkommissie is nie noodwendig problematies nie – hoogstens iets wat in gedagte gehou moet word by die beoordeling en waardering van die opeenvolgende woordelyste, met die jongste (ook elektronies beskikbare) woordelys as die nuutste verwysing.

Omdat daar in die volgende afdelings dikwels verwys gaan word naveral twee van die grondbeginsels van die Afrikaanse spelling, staan ons eerstens baie kortlik by hierdie beginsels stil, al is die spelreëls as sodanig nie die onderwerp van ons ondersoek nie.

¹ Vir 'n volledige oorsig oor al tien die AWS'e kan Odendaal (2012) geraadpleeg word.

² Die 1918-uitgawe is nie 'n nuwe uitgawe nie, maar 'n herdruk van die 1917-uitgawe (Odendaal 2012:322).

3.2 Grondbeginsels van die Afrikaanse spelling

Wesentlik verander die grondbeginsels nie sedert 1917 tot 1964 nie. Hulle word wel van tyd tot tyd aangepas wat betref formulering en die plek wat hulle (moontlik in volgorde van belangrikheid?) inneem, maar die strekking bly tog in hoofsaak dieselfde (AWS⁸:1). Op die geleidelike weg beweeg van die spelling wat amptelik in Nederland erken word, word daar nie in hierdie artikel ingegaan nie. Die navolging van die Nederlandse spelling in bepaalde gevalle word later as deel van ons speltradisie beskou.

Ons haal uit drie AWS'e aan.

1917

In die eerste uitgawe is vyf algemene grondbeginsels geformuleer:

Om

1. so ver moontlik, elke klank deur 'n aparte letter voor te stel en geen onnodige letters te gebruik nie
2. dieselfde woord, voor- of agtervoegsel, so ver moontlik, altyd op dieselfde manier te skrywe
3. die geskiedenis net daar in ag te neem waar dit om praktiese redes noodsaaklik is
4. nie onnodig van die Vereenvoudigde Nederlandse Spelling af te wyk nie
5. altyd die gebruiklikste uitspraak weer te gee, en dit as norm aan te neem.

1964

Die grondbeginsel dat daar nie afgewyk moet word van die Nederlandse spelling nie, is tot en met die 1953-uitgawe grootliks onveranderd gelaat. In die 1964-uitgawe word die Nederlandse spelling egter nie meer as uitgangspunt geneem nie, maar word daar nog steeds rekening gehou met die spelling wat amptelik in Nederland erken word (Odendaal 2016:267).

Volgens AWS⁷ wil die Afrikaanse spelling:

1. die algemeen gebruiklike uitspraak in beskaafde Afrikaans as grondslag aanvaar;
2. rekening hou met die spelling wat vandag amptelik in Nederland erken word;
3. sover moontlik die beginsel van gelykvormigheid, soos hieronder verduidelik, handhaaf.

In 1964 val die eerste en derde beginsel van 1917 dus weg en die vierde word anders geformuleer, maar dit adem steeds die gees van 1917.

1991

Die formulering wat betref die uitspraak asook dié van die tweede grondbeginsel van AWS⁷ verander in 1991:

1. Die spelling van Afrikaans in die AWS is gebaseer op die *klankstelsel* van *Standaardafrikaans*.
2. Vormlik verwante woorde word, sover moontlik, *gelykvormig* gespel.
3. Die huidige spelling en skryfwyse van woorde word in hoë mate bepaal deur die tradisie waarvolgens Standaardafrikaans gespel en geskryf word.

Die grondbeginsels word daarna, behalwe weer eens wat die rangskikking betref, (volgens belangrikheid?) onveranderd gelaat in die 2002- en 2009-uitgawe.

Soos ons hier onder sal aantoon, is **uitspraak** en **tradisie** (waarby onder andere die Nederlandse spelling veronderstel word) deurgaans twee belangrike kriteria vir die opname van woorde in die woordelys, maar die sigbare toepassing van die spelreëls is ook 'n belangrike doel.

3.3 Die doel van die woordelys

3.3.1 Spellingprobleme

Woorde wat spellingprobleme bied (weens 'n hele spektrum van verskeie moontlike redes), word in die woordelyste opgeneem – 'n oorweging wat aansluit by die hooffunksie van die AWS, naamlik om spellingleiding te gee. Hierdie rede word in elke uitgawe pertinent genoem en hang veral saam met die grondbeginsels rakende die uitspraak en die nog waarneembare verband tussen sekere aspekte van die Afrikaanse en Nederlandse spelsisteme.

Oor die jare het die aard van die “spellingmoeilikhed” (AWS¹:vi) waarmee taalgebruikers te kampe het, verander. 'n Omstrede aspek van die Afrikaanse spelling was nog altyd die feit dat die eerste kommissie besluit het om die Nederlandse spelling te volg. “Die beleid om so ná as moontlik aan Nederlands te bly, het van vroeg af tot verset gelei”, skryf Steyn (2014:160) en Odendaal (2016) verwys na die “Nederlands-Afrikaanse stryd” wat gewoed het. Die verwysing na die Nederlandse spelling word vanaf 1991 uitgelaat en daar word bloot na 'n reeds sterk gevestigde tradisie waarvolgens Standaardafrikaans gespel en geskryf word, verwys. Hierdie tradisie hou onder andere rekening met sekere historiese Nederlandse spelwyses, soos *ei* naas *y* vir die [əj]-klank en *f* naas *v* vir die [f]-klank.

Ten spye van 'n tradisie wat in 2017 reeds stewig gevestig behoort te wees, bly verskeie spel- en skryfkwessies nog steeds 'n tameletjie vir opeenvolgende geslagte Afrikaanse taalgebruikers. Soos wat duidelik sal word in Deel 2, is spelprobleme steeds part en deel van die probleme waarmee Afrikaanssprekendes te kampe het en 'n woordelys wat hier baie volledig hulp en bystand bied, is in 2017 ewe nodig as gedurende die afgelope 100 jaar.

3.3.2 Uitspraak

In die Voorwoord van die 1917-AWS verduidelik T.H. le Roux, D.F. Malherbe en Johannes J. Smith (in 1917 staan hulle bekend as die “Woordelijs-Kommissie”) dat die kwessie van 'n **algemene uitspraak** 'n belangrike rede was vir die opname van 'n woordelys ter aanvulling van die spelreëls. Die kommissie skryf uitvoerig oor die kwessie van die “mees algemene uitspraak” (AWS¹:v en vi). Op grond van wat in die Voorwoord oor die woordelys gesê word, kan 'n mens aflei dat die woordelys veral die **vyfde grondbeginsel** weerspieël: die Afrikaanse spelling wil naamlik die “algemeen gebruiklike uitspraak in beskaafde Afrikaans as grondslag aanvaar” (AWS¹:ix).

Dat dit as sodanig makliker gesê is as gedaan, besef die eerste kommissie terdeë: “Wie 'n woordelijs saamstel van woorde wat nog in algemene gebruik is, en daarbij probeer om die mees algemene uitspraak weer te gee; m.a.w. wie 'n werk verrig waarbij die algemene publiek reg het om ook sij oordeel te laat hoor – so iemand neem 'n lastige taak op hom” (AWS¹: v).

Sommer met die intrapslag plaas die eerste woordelyskommissie die idee van 'n “algemeen beskaafde uitspraak” in nugtere perspektief: “Laat ons ook nie vergeet dat daar eintlik nie so iets is als absolute beskaafdheid van uitspraak nie: wat gewoon is, is beskaaf; wat nie gewoon is nie, is onbeskaaf” (AWS¹:v).

Sonder om die 1917-Woordelys in diepte te ontleed, is daar wel 'n paar vrae oor hoe die "gebruiklikste uitspraak" in 1917 weergegee word, as 'n mens na skryfwyses soos *vrouw*, *leeuw*, *jouw*, *uw*, *nuwt*, *nuws*, *mogelijk*, *owerlewering*, *owerigens*, *theologie*, *thesis*, *thuis*, *soeloe* (vir "Zoeloe" [skrywers]) en *troubadour* kyk (vergelyk ook Eksteen 1985:172).

Omdat klanke soos die w hierbo en die h naas die t nie uitgespreek word in Afrikaans nie, is dit nie duidelik hoe die spelling die gebruiklike uitspraak reflekteer nie. Op grond van die algemeen gebruiklike **Afrikaanse uitspraak** kan hierdie letters dus as onnodig beskou word. Die kombinasie *ou* (soos in *troubadour*) word nie in Afrikaans as [u] uitgespreek nie. Die spelling in die aangehaalde voorbeeld gee dus nie die uitspraak getrou weer nie. Die spelling van dié woorde verander reeds in 1921 en 'n vreemde woord soos *troebadoer* word nou gespel met die letters wat [u] voorstel in Afrikaans, naamlik oe. Die 1921-spelling volg dus veral die eerste en vyfde grondbeginsel van die 1917-uitgawe meer getrou na en probeer veral die uitspraak getrou weergee. Wat die w betref, lees ons byvoorbeeld op bladsy xi van die 1921-uitgawe: "W verdwyn in die Afrikaanse spelling orals waar dit nie gehoor word nie".

Die poging om grondbeginsels 1, 4 en 5, naamlik die vermyding van onnodige letters en die weergee van die gebruiklike uitspraak aan die een kant en die eis dat daar so weinig moontlik van die Vereenvoudigde Hollandse Spelling afgewyk sal word aan die ander kant met mekaar te versoen, lei tot duidelike probleme in diewoordelys van die eerste AWS.

Die algemeenste (dit wil sê die gebruiklikste) uitspraak word deur al die jare as riglyn aanvaar. Op grond hiervan verduidelik die Taalkommissie in 1964 dat spelvorme soos *baiing*, *hiekel*, *iesel* en *loep* byvoorbeeld uit die Woordelys "geweer" is omdat hulle 'n uitspraak verteenwoordig wat nie algemeen gebruiklik is nie (AWS⁷:1). In dieselfde AWS word spelvorme soos *agint*, *sperskies* en *tarmtyn* ook nog op grond van die vereiste van "beskaafde Afrikaans" afgekeur (AWS⁷:1). Sedert 1991 word 'n ander term verkies, naamlik "Standaardafrikaans" en 'n sekere uitspraknorm word steeds voor oë gehou.

Die vraag bly hoe lede van die kommissie hierdie algemene gebruiklikheid vasgestel het en nog steeds vasstel, gesien in die lig van die gebrek aan 'n spraakkorpus. Die vermoede is dat hulle, as noukeurige waarnemers van die taal, op sowel hulle eie intuïsie as hulle goeie waarnemingsvermoë staatmaak. Alhoewel die besluitnemingsproses nie duidelik is nie,³ vermoed 'n mens wel dat onderhandelde besluite ná 'n goeddeurdagte proses telkens geneem is en word. Ter voorbereiding van die 1964-uitgawe was daar byvoorbeeld 15 lede van die kommissie wat moes saamstem oor die opname of nie van vreemde woorde, om maar een voorbeeld te noem. Gebruikers van die opeenvolgende AWS'e kon en kan steeds sekerlik ook hulle stemme laat hoor rakende hoe akkuraat die Taalkommissie telkens dié gebruiklikheid inskat.

In die afdeling waar die werkwyse by die saamstel van die 2009-woordelys verduidelik word (AWS¹:xxiii), word ses maatstawwe gelys. Uitspraak word nie meer een van dié maatstawwe genoem nie. Hedendaagse geskrewe Standaardafrikaans is tans die rigsnoer.

Baie onsekerhede rakende die mees gebruiklike uitspraak word gedurende die afgelope 100 jaar uitgeklaar, sodat daar waarskynlik 'n goeie weergawe van die fonetiek van een-en-twintigste-eeuse Standaardafrikaans in die Woordelys van die 2009-uitgawe gevind word. *Ertappel* is nog algemeen gebruiklik, so ook *aalwee*. In Standaardafrikaans sê die meeste sprekers nog *more* [mo:rə] of *môre*, *skryf* of *skrywe*, maar nie meer *beginne* of *begint* nie, kan 'n mens uit die woordelys aflei.

³ Vir hierdie artikel kon ons nie toegang tot notules van Taalkommissiesittings kry nie vanweë die bouwerk by die Akademiekantoor in Pretoria.

3.3.3 Wisselvorme

Die voorkoms van 'n aantal wisselvorme – forme wat verskil wat uitspraak en spelling betref, maar wat dieselfde betekenis het – is pas aangetoon. Wisselvorme was van meet af aan 'n probleem wat in diewoordelys opgelos moes word. Waaroor dit by wisselvorme gaan, is weer eens die beginsel dat die algemeen gebruiklike en ook beskaafde uitspraak weergegee moet word, maar dat dit dikwels "nie uit te maak is watter van twee en soms meer forme as die gebruiklikste en tegelyk as beskaafde vorm erken moet word nie" (AWS⁷:1).

Taalgebruikers kan by wisselvorme kies watter spelling hulle wil volg, wat sekerlik nie 'n te groot probleem kan wees nie, maar deur die jare lewer die gebruikers van die AWS kritiek op die groot aantal wisselvorme en wil hulle meer sekerheid hieroor hê. In die Voorwoord tot die 1921-uitgawe noem die samestellers die besware van die publiek teen te veel dubbelvorme en te veel vryheid rakende vreemde forme (AWS³:iii). Hier eggo hulle die opmerking in die 1917-Voorwoord: "Te veel vryheid kan nie gegee word; dit stig net verwarring" (AWS¹:vi), maar "aan die ander kant mag ons nie ons taal in 'n dwangbuis forseer nie" (t.a.p.).

Eksteen (1985:189–197) dui verskeie problematiese aspekte rakende wisselvorme in die sewende AWS aan. Hy wys op die ineksakte manier waarop konsepte soos gebruiklikheid, regionale uitspraakverskille en chronolektiese wisselvorme gebruik word. Hy noem as voorbeeld van 'n chronolektiese wisselvorm waar die slot-t (wat sistematies in Afrikaans verval het) behou is, *agt x ag*.

Die grootste probleem, volgens Eksteen (1985:194), is dat die alternatiewe uitspraakvorme nie altyd die toets van "gelyke gebruiklikheid" deurstaan nie. Hy gee 'n hele aantal voorbeelde, aangehaal uit Taljard (1984), wat die kwessie ondersoek het, en konkludeer voorlopig dat die kontinuum waarop wisselvorme van mekaar qua aard en gebruiklikheid verskil vanaf 'n wye verskeidenheid tot 'n merkbaar gelyke gebruik wissel. Hy sluit af deur te sê dat die kwessie noukeuriger en diepgaande ondersoek verdien.

Iets van hierdie noukeuriger en diepgaande ondersoek sien 'n mens in die 2009-uitgawe. Daar is 'n baie volledige en gedetailleerde uiteensetting in afdeling 17, "Wisseling en subkategorieë" (AWS¹⁰:160 e.v.) van onder andere wisselvorme maar ook ander soorte wisseling soos die gebruik al dan nie van *ge-* by voltooide deelwoorde. Ook verbindingsklanke en agtervoegsels kry aandag in hierdie afdeling. Vir die deeglike uitleg (en dus ook motivering) van spelwisseling verdien die 2009-uitgawe 'n definitiewe pluimpie.

Hoe groot weerstand teen wisselvorme onder die skrywende publiek inderdaad is, is moeilik om vas te stel. Of dit wel as 'n probleem deur die meerderheid ervaar word, is nie werklik seker nie. Met korpusondersoek kan voorkeurgebruiken vasgestel word, maar of die minder gebruiklike forme dan nie meer erken mag/moet word nie en nie meer in diewoordelys opgeneem behoort te word nie, druis dalk weer in teen die taalgevoel van die meer individualistiese taalgebruiker wat 'n bepaalde voorkeur mag hê vir 'n vorm wat jare lank wel erken is in diewoordelys.

Een voorbeeld waar (foutiewe) algemene gebruiklikheid ons insiens wel tot 'n bedenklike wisselvormopname in diewoordelys gelei het, is dié van *agterlosig*. Op sy minste kon die grondbeginsel van tradisie (indien dan nie dié van semantiese en morfologiese korrektheid nie) hier die algemene gebruiklikheid getroef het.

3.3.3.1 *s/z-wisseling by wisselvorme*

In 'n baie klein steekproef wat net kyk na die *s/z*-wisseling as aanvangsklank by vreemde woorde, is die volgende tabel opgestel. Hieruit is voorbeeld van aanvanklike verafrikaansing

op te merk (*soeloe* in 1917 staan uit) wat weer later laat vaar is. Opvallend is dat die voorkeur toenemend uitgaan na die s-spelling (byvoorbeeld in 'n woord soos *masurka*). Interessant is dat die z-klank en nie die s-klank nie, by *soem* behou word, waarskynlik ter wille van sy klanknabootsende waarde. Die wisselvorme met z wat daar nog is, lyk nou redelik ingeburger. In die 2009-uitgawe word daar ook op bl. 183 die volgende leenwoorde uit Afrikatale ter illustrasie van die z-spelling gegee: *kiza*, *kleza*/*klêza* en *woza*.

Vir die volgende tabel het ons net na sekere uitgawes gekyk. Dit is die uitgawes van 1917, 1964 (die sewende uitgawe waaraan die grootste aantal Taalkommissielede deelgeneem het), 1991 en 2009 – die eerste uitgawe waar daar van korpusse gebruik gemaak is om die kennis van die Taalkommissielede aan te vul.

TABEL 1: s/z-wisseling by vreemde woorde in vyf geselekteerde AWS'e

	1917	1921	1964	1991	2009
sebra	✓	✓	✓	✓	✓
zebra	✓	x	x	x	x
sefier	x	x	✓	✓	✓
zefier /zefir	✓	✓	x	x	x
senit	x	x	✓	✓	✓
zenith/zenit	✓	✓	x	x	x
sero	x	x	✓	x	x
zero	✓	✓	✓	✓	✓
sodiak	x	x	✓	✓	✓
zodiak	x	✓	x	x	x
soem	x	x	x	x	x
zoem	x	x	✓	✓	✓
Soeloe	✓	✓	x	x	x
Zoeloe	x	✓	✓	✓	✓
Zulu	x	x	✓	✓	✓
sone	x	x	✓	✓	✓
zone	✓	✓	x	x	x
soöloog	x	x	x	✓	✓
zoöloog	x	✓	x	x	x

'n Mens moet natuurlik in aanmerking neem dat nie alle Afrikaanse woorde (met of sonder 'n verafrikaanse spelling) in die verskillende opeenvolgende woordelyste opgeneem is nie.

Die afgelope 100 jaar is daar wel gepoog om die wisselvorme te verminder (vergelyk veral onder andere die volgende bladsye in Odendaal 2012: 337, 341, 344 en 375 asook Odendaal 2016:272) maar Odendaal (2012:345) wys ook op persmense se behoefte aan meer wisselvorme. Dit sal 'n interessante studie wees om die 2017-uitgawe se hantering van dié taaltameletjie te ondersoek. Die lastige vraag of wisselvorme verwarrend of juis akkommoderend is, is een wat waarskynlik nog lank bepeins kan word.

3.3.4 Normering en standaardisering

Die Akademie, as die oorsigliggaam wat die besluite van die Taalkommissie moet goedkeur, het onder ander ten doel om die Afrikaanse spelling te bereël, en binne dié opdrag word die Taalkommissie se rol gaandeweg uitgebrei om ook oor "breëre taalgebruiksaangeleenthede" (Eksteen 1985:174) uitsprake te lewer. Hieruit vloei voort dat 'n woordelys opgestel word "waarin daar onder meer konkreet aangedui word hoe bepaalde vorme gespel/geskryf moet word en waarin daar ook voorbeeld van moeilike en vreemde woorde opgeneem word" (Eksteen 1985:174). Vir gebruikers van die AWS is die Woordelys (ook) 'n rigtingwyser vir wat as Standaardafrikaanse woorde beskou kan word.

Die normerende funksie van die AWS word die eerste keer pertinent genoem in die 1991-Voorwoord. Die samestellers van AWS⁸ noem byvoorbeeld dat opeenvolgende taalkommissies probeer het om die **norme** te erken waarvolgens taalgebruikers woorde en vorme as **standaard** beoordeel het (AWS⁸:2 [ons nadruk]). Ook die 2009-uitgawe verklaar dat die AWS veral gemoeid is met die standaardisering van die leksikon van Standaardafrikaans en dus sowel normatief as voorskriftelik is (AWS¹⁰:xxv). Woorde wat niestandaard bevind word, word derhalwe nie in die opeenvolgende woordelyste behou of opgeneem nie. In die afdeling waarin wisseling bespreek word, noem die 2009-Taalkommissie pertinent dat die Taalkommissie, as deel van die standaardiseringsproses van Afrikaans in die beginjare, nie net moes besluit hóé gespel moes word nie, maar ook wát gespel moet word (AWS¹⁰:160).

Hierdie rol van die Taalkommissie word oor die algemeen deur die breë publiek, leksikografie, die koerant- en uitgewerswese, akademiese instellings en tydskrifte, en so meer, aanvaar. Die standaardiseringskrag van die AWS is nog nooit in twyfel getrek nie – as 'n woord in die woordelys opgeneem is, is dit Standaardafrikaans. Die opstellers van die 2009-uitgawe ag dit dan ook nodig om dit duidelik te maak dat die voorbeeld van Omgangstaafrikaans wat opgeneem is nie as Standaardafrikaans beskou moet word nie.

3.3.5 Vreemde woorde

Die kwessie van die spelling van vreemde woorde bly deurgaans problematies en 'n verskil van mening bestaan duidelik onder sowel die kommissielede as die publiek (vergelyk onder ander die Voorwoord in AWS⁴:iii). Vir die samestellers het die kwessie van die omvang en graad van verafrikaansing, soos gesien in die vreemde woorde, 'n "brandpunt van 'n spellingstryd" (AWS⁴:v) geword. In die Voorwoord van die 1931-uitgawe word daar vir die eerste keer stilgestaan by wat onder "vreemde woorde" verstaan moet word. Ook hier word "gebruiklikheid" as rigsnoer aanvaar om die graad van verafrikaansing te bepaal.

Oor die jare word daar telkemale in die Voorwoorde verduidelik dat vreemde woorde met 'n lae gebruiksfrekvensie geskrap word. In hulle plek kom toenemend tegniese en natuurweten-

skaplike terme asook "streekspraakwoorde". Woorde wat as min of meer ingeburger in Afrikaans beskou kan word, word "woorde van vreemde herkoms" genoem (AWS⁷, paragraaf 5 van die Voorwoord).

Die 1964-uitgawe deel woorde van vreemde herkoms in drie klasse in. In die 1991-uitgawe word dieselfde drie klasse gevind en ons haal voorbeeld uit dié uitgawe aan:

- verafrikaanste woorde waar die gewone spelreëls geld (soos onder andere *amoreus*, *krusifiks*, *boksendaïs*, *maroela*, *perestroika*, *tjek*, *sjampoe*, *sjiek*, *stres* en *zombie*)
- vreemde woorde wat hulle vreemde spelvorm behou omdat hulle opvallend vreemd sou lyk met 'n verafrikaanste vorm (soos byvoorbeeld *garage*, *avant-garde*, *worcestersous*, *cliché* en ander)
- 'n tussenklas wat gedeeltelik volgens 'n vreemde en gedeeltelik volgens die gewone spelreëls geskryf word. Voorbeeld is *Africana* of *Afrikana*, *chevron* of *sjevron*, *chronologies* of *kronologies*, *zero* of *sero* (woorde wat dus wisselvorme het) asook woerde wat net een korrekte spelvorm het, soos *giraf*, *kibboets*, *hidroulies* en baie ander.

Alhoewel die spelling van woerde soos *guillotine*, *guillotineer*, *croissant* en *crouton* byvoorbeeld geen akkurate aanduiding gee van die manier waarop hulle deur Afrikaanssprekendes volgens die Afrikaanse klankstelsel uitgespreek word nie (vergelyk die eerste grondbeginsel), hou die Taalkommissie rekening met die feit dat 'n meer Afrikaanse spelling groot weerstand van die skrywende en lesende publiek wat reeds die vreemde spelwyse ken, sou kry. In AWS¹⁰(:xxvii) noem die Taalkommissie dan ook dat die grondbeginsels mekaar in 'n sekere sin aanvul, maar in ander opsigtestrydig is met mekaar. Hierdie wisselwerking tussen die grondbeginsels word onder andere goed geïllustreer in die nie-rigiede hantering van vreemde woerde.

Benewens 'n nuwe oriëntasiedeel (afdeling 18, AWS^{10:174}) wat verduidelik waarom daar aandag geskenk word aan woerde van vreemde herkoms, bly die drie klasse wat in 1964 onderskei is, dieselfde tot en met 2009.

Die opname al dan nie van vreemde woerde in die woordelys bly nietemin 'n ietwat lukrake saak. Ons moet met net 'n paar voorbeeld volstaan, maar wil daarop wys dat ook hierdie kwessie om deeglike historiese ondersoek vra. In 1964 word *guttapertsja* en *gurjuneen* opgeneem; in 1991, 2002 en 2009 oorleef slegs *guttapertsja* die valbyl. Ons kan slegs spekuleer oor die rede hiervoor.

3.3.6 Terme

Die prosedure rakende die opname van wetenskaplike en tegniese terme wissel deur die loop van die 92 jaar tot 2009. Vanaf 1917 word die terme stelselmatig meer, totdat die lys in 1991 weer verminder word omdat daar teen dié tyd voldoende tegniese woerdeboeke bestaan (AWS^{8:2}). Origens meld die Voorwoord van die tiende uitgawe niks rakende tegniese terme nie. Sommige terme word nog steeds opgeneem, maar gebruikers sal nie vir alle navrae rakende terminologiese kwessies antwoorde in hierdie naslaanbron vind nie – en dit is nie noodwendig iets wat alle gebruikers sal weet nie.

3.4 Die aard en omvang van die Woordelys

Dat die woordelys nie 'n **woordeboek** is nie, word in elke uitgawe van die AWS benadruk (kyk byvoorbeeld AWS^{10:186}). Die primêre oogmerk van die woordelys is om spellingleiding

te gee, en die woordelys moet in samehang met die spelreëls gebruik word. Vir dié doel word die voorbeeld wat ter illustrasie by reëls gebruik word, in die woordelys van die tiende uitgawe saam met 'n verwysing na die toepaslike reël aangebied (soos verduidelik in die afdeling "Wenke vir gebruikers" (AWS¹⁰:xiii).

Oor die aard van die woordelys is daar wel verskillende opinies. Teenoor die samestellers van die AWS wat die woordelys tot nog toe nog nooit beskou het as 'n woordeboek nie, staan die oortuiging van Odendaal: "Die Afrikaanse woordelys en spelreëls kan as 'n woordeboek vir spesiale doeleindes beskou word, aangesien die bron 'n beperkte leksikale aanbod het, asook beperkte datakategorieë" (Odendaal 2016:260). Die woordelys verskil byvoorbeeld van 'n vertalende of verklarende woordeboek wat betref die aantal lemmas (met ander woorde wat omvang en volledigheid betref) en die afwesigheid van 'n konsekwente mikrostruktur. Tog bied al die woordelyste vanaf 1917 wel in beperkte mate leksikografiese leiding en soos ander woordeboeke is hulle inligtingsbronne.

Reeds in 1917 gee die Woordelys morfologiese inligting, woordsoorte word in sommige gevalle aangedui, betekenisleiding word soms gegee en daar is ook hier en daar kollokasies – en so is dit ook tot en met die 2009-uitgawe. Aan die leksikografiese status van die Woordelys word in Deel 2 meer aandag gegee.

3.4.1 *Omvang en volledigheid*

Waarskynlik omdat Afrikaans se funksie as akademiese en skryftaal deur die loop van die 20ste eeu baie vinnig ontwikkel het, neem die omvang van die woordelys oor die jare toe: van 196 bladsye in 1917 tot 282 in 2009. (Die aantal bladsye kan nie as 'n absolute aanduiding beskou word nie, omdat bladsy- en fontgroottes verskil.) Vanaf AWS⁸ is daar ook drie kolomme in plaas van twee. Eksteen (1985:179) verskaf wel die volgende syfers: 15,680 woorde in 1917 wat vermeerder tot 26,102 woorde in 1964. Odendaal (2012:417) noem dat die 1991-woordelys byna meer as die helfte meer lemmas as die vorige lys van 1964 het en die aanlyn weergawe van die woordelys, wat dieselfde is as dié van AWS¹⁰, bevat tans 33,049 lemmas.

Die samestellers van die 1917-woordelys maak dit duidelik dat dit nie hier gaan om 'n volledige lys van alle Afrikaanse woorde nie (AWS¹:vi). (Hierdie uitspraak sal in elke volgende uitgawe van die AWS herhaal word.) Hulle sê wel dat 'n volledige woordelys in vele opsigte baie goed sou wees en dat so 'n lys heel moontlik by 'n later druk kan gebeur. Dié hoop het egter, om goed begryplike redes, beskaam.

Tog maak die samestellers in 1917 wel aanspraak op 'n "redelike mate van volledigheid" wat die woordelys betref (AWS¹:vi), maar hoe volledig die lys regtig is en waaraan volledigheid presies gemeet word, kan moeilik 'n honderd jaar later vasgestel word, veral as 'n mens in berekening bring dat daar talle Nederlandse woorde in hierdie eerste lys opgeneem is. Die kwessie van volledigheid sal dan ook telkens in opeenvolgende AWS'e te berde gebring word.

Ons kan wel met stelligheid beweer dat geen woordelys oor die jare werklik volledig genoeg sou wees nie. Dit is byvoorbeeld moontlik dat iemand wat deesdae 'n woorde in die elektroniese woordelys op die webwerf opsoek, dikwels teleurgesteld sal wees. In Deel 2 word verwys na loglêers wat 'n aanduiding gee van sulke soektogte. Hoe gebruikers met soektogte in die papierwoordelyste vaar, is nie bekend nie.

3.4.2 Lemmaseleksie

Eksteen (1985:180) se opmerking oor die manier waarop die woordelyste saamgestel is, bly vandag nog waar:

Dit sou 'n insiggewende studie wees om vas te stel op watter grondslag die betrokke vorme in die woordelys telkens gekies is. By 'n oppervlakkige deurgaan van die materiaal kry mens die indruk dat daar nie op grond van sekere vaste uitgangspunte besluit is om sekere tipes problematiese gevalle op te neem nie, maar dat die opnames eerder ad hoc van aard is. (...) Dit blyk egter wenslik te wees om die woordelys aansienlik uit te brei en om sorg te dra dat soveel probleemtipes as moontlik in die woordelys opgeneem word, aangesien die praktyk leer dat die AWS-gebruiker hoofsaaklik die woordelys naslaan, eerder as om die betrokke spelreël na te slaan en toe te pas.

Dit sou die moeite loon om die besluitnemingsprosesse, redenering en uitgangspunte van opeenvolgende Taalkommissiesittings deeglik te ondersoek om onder ander te kan vasstel tot watter mate die aard van die woordelys (as belangrike inligtingsbron) verreken is. So 'n omvangryke ondersoek val egter buite die bestek van hierdie artikel.

In AWS⁸ word die volgende drie oorwegings vir opname in die Woordelys gebruik (AWS⁸:5-6):

- Woorde wat spellingprobleme bied word opgeneem
- Woerde word ter wille van erkenning opgeneem en daar word op die algemene gebruik gesteun
- Gelede woorde soos samestellings en afleidings word opgeneem ter aanduiding van die resultate van woordvormingsprosesse

In die Werkwyse-afdeling (AWS¹⁰:xxiii) word 'n aantal maatstawwe genoem waaraan die woerde wat in die Woordelys opgeneem word, moet voldoen. Een van die maatstawwe is dat die woerde moontlik spellingprobleme moet inhou. 'n Ander maatstaf is dat die erkenning van die woerde as Standaardafrikaans nodig is.

In opeenvolgende uitgawes word verouderde, gespesialiseerde (tegniese) lemmas geskrap en nuwe woerde opgeneem. Vir die 2009-uitgawe maak die Taalkommissie gebruik van drie elektroniese korpusse en programmatuur om 'n wetenskaplike grondslag te vestig vir die keuse van lemmas. Dit verteenwoordig vir die eerste keer 'n skuif weg van die intuïsie van die Taalkommissielede. Soos ons sal aantoon in Deel 2, is lemmaseleksie egter nog steeds 'n groot probleem – dermate dat die samesteller hulle werkwyse dalk ernstig sal moet hersien.

3.4.3 Leksikografiese inligting

Die 1991-uitgawe verteenwoordig duidelik 'n meer moderne benadering wat gebruiksleiding betref. Vir die eerste keer is daar ook 'n toelichtingsafdeling oor die doel en aard van die woordelys. Hierdie agtste uitgawe verteenwoordig 'n nuwe en ander blik op die taak van die Taalkommissie, soos wat Odendaal (2012:409 e.v.) tereg aantoon.

Alhoewel die woordelyste sedert 1917 wel in beperkte mate ekstra inligting by sekere lemmas verskaf, is daar pas vanaf 1991 gebruiksleiding wat die mikrostruktuur van die woordelys betref in die afdelings "Inligtingtipes" (vergelyk byvoorbeeld AWS⁸:7-8 en AWS¹⁰:xix-xv). Die volgende tipes inligting word aangebied:

- Morfologies (meervoude, verledetysvorme, verbuiging van adjektiewe)
- Woordsoorte word soms aangedui of soms word die woordsoort implisiet by wyse van illustrasie duidelik gemaak: **skaam** (*ek – my*)
- Betekenisleiding: *wei* (“vreet”) en *wy* (“plegtig in diens stel”), *Shoa* of *Sjoa* (“Jodeverdelging onder die Nazibewind”)
- Kollokasies of voorbeeldfrases: *swartman* (*die geskiedenis van die – in Afrika; swart man* ('n – van 1,78 m lank); *verbode* (vrug/geskrifte)

In 2009 word geloofs- en kultuurverwante woorde uit die Moesliemgemeenskap ingesluit en toegelig met kort verklarings in kursiewe skrif (AWS^{10ix}). Voorbeelde is:

- sjeg (*Islamities*) (“soort imaam”)
- tartiep (*Islamities*) (“ortodoks gelowig”)
- tasbie (*Islamities*) (“gebedstring”)
- trammakasie (“dankie”)

’n Baie oppervlakkige steekproef toon aan dat dit voorkom asof inligtingstipes nie sistematies aangebied word nie – dit is nie duidelik op watter gronde daar byvoorbeeld besluit is om by *ogief* (“soort boog”) en *ojief* (“soort lyswerk”) betekenisinligting te verskaf, maar nie by lemmas soos *imbawoela* en *rampatjaan* nie. Ook hierdie aspek verg meer diepgaande ondersoek as waarvoor hierdie artikel ruimte laat.

4. SAMEVATTING

Op grond van die voorafgaande uiteensetting kan ons die volgende sê oor die woordelys: Dit is ’n eiesortige lys wat, ten spye van duidelike groot sorg en nadenke, tog soms op ’n ietwat onduidelike manier saamgestel is die afgelope honderd jaar. Hoe daar besluit is op die aantal lemmas wat opgeneem sal word en op grond waarvan hulle opgeneem (of weggelaat) is, is veral nie duidelik nie, alhoewel daar deur die jare wel riglyne en maatstawwe was. Ook die mikrostrukturele inligting wat slegs by sommige lemmas gegee word, kan dalk met groter sorg bedink word. Daar kan aanvaar word dat die onderskeie taalkommissies wat hieroor besluit het, kundiges is, maar terselfdertyd ook dat hulle oordeel, saam met die veranderende aard van Afrikaans, nie dieselfde gebly het die afgelope 100 jaar nie. Tog blyk ’n nugtere en oorwoë, en ook begrypplik normatiewe aanpak, uit die 10 Voorwoorde en die toenemend langer wordende toelichtingsgedeeltes. Hiervoor moet ’n mens die hoogste waardering uitspreek.

Dat die woordelys ’n baie belangrike plek inneem in elke AWS kan ook aangeneem word, maar op die oomblik moet gebruikers se verwagtings by die raadpleging van die Woordelys as inligtingsbron oor ortografiese kwessies realisties wees:

- Die lys is kort en bevat nie naastenby soveel Standaardafrikaanse woorde soos standaard verklarende en vertalende woordeboeke nie.
- Die lys dien as belangrike illustrasie en toepassing van die spelreëls en is as sodanig ’n waardevolle inligtingsbron.
- Niestandaardvorme sal nie gevind word nie. Ons is nie seker of alle gebruikers van hierdie beperking bewus is nie (vergelyk Deel 2).
- **Alle woorde** in die Woordelys is reg gespel en voorbeeld van Standaardafrikaans.
- Soms laat die woordelys ’n mate van vryheid toe maar dit is oorwegend voorskriftelik en gehoorsaam baie duidelike spelriglyne.
- Die 2009-woordelys is baie meer gebruikersvriendelik as sy voorgangers.

- Die papierweergawes van die woordelys is statiese dokumente. Hiermee word bedoel dat hulle nie gereeld bygewerk word nie (met gemiddelde tussenposes van 9 jaar die afgelope 100 jaar) sodat gebruikers hulle moet wend na ander inligtingsbronne. Woorde kom op 'n baie gereelde grondslag die taal binne en geen woordelys kan hiermee tred hou nie.
- Gebruikers weet nie noodwendig van alle veranderinge wat in opeenvolgende uitgawes aangebring is nie. Wie nog met 'n 1991-uitgawe sit, byvoorbeeld, kan dalk met verontwaardiging en selfs ontnugtering reageer op gewysigde spelwyses (veral as hulle voorheen oor die vingers getik is oor iets wat nou volkome aanvaarbaar is, byvoorbeeld).

Tot dusver is sekere eienskappe van die Woordelys soos op te merk is in die papieruitgawes van die AWS vanaf 1917 tot 2009 ontleed. In die tweede artikel wil ons in die lig van die snelle ontwikkeling van die teoretiese leksikografie en die toenemende behoefté by (veral jonger?) gebruikers om so gou moontlik, met twee of drie klikke van 'n muis, by gesoekte inligting uit te kom, voorstelle aan die hand doen vir 'n beter aanpak. Ons fokus spesifiek op die elektroniese weergawe van die woordelys, soos dit by www.woordelys.co.za te vinde is.

DANKWOORD

Dr. Leti Kleyn en haar span by die Merensky-Biblioteek, Universiteit van Pretoria, het die AWS'e wat in die Merensky-versameling is, gedigitiseer. Ons het met dankbaarheid gebruik gemaak van hierdie gedigitiseerde tekste, waartoe ons met 'n paar klikke van die muis toegang kon kry.

BIBLIOGRAFIE

Uitgawes van die AWS vanaf 2017 tot 2009

AWS¹: Le Roux, T.H., Malherbe, D.F. & Smith, J.J., in opdrag van die Suidafrikaanse Akademie vir Taal, Lettere en Kuns. 1917. *Afrikaanse woordelijs en spelreëls*. 1e uitgawe. Bloemfontein: Het Volksblad-Drukkerij.

AWS²: Le Roux, T.H., Malherbe, D.F. & Smith, J.J., in opdrag van die Suidafrikaanse Akademie vir Taal, Lettere en Kuns. 1918. *Afrikaanse woordelijs en spelreëls*. 2e uitgawe. Bloemfontein: De Nasionale Pers.

AWS³: Bosman, D.B., Le Roux, T.H., Malherbe, D.F. & Smith, J.J., in opdrag van die Suidafrikaanse Akademie vir Taal, Lettere en Kuns. 1921. *Afrikaanse woordelys en spelreëls*. 3e uitgawe. Bloemfontein: Die Nasionale Pers.

AWS⁴: Boshoff, S.P.E., Bosman, D.B., Le Roux, T.H., & Malherbe, D.F., in opdrag van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Taal, Lettere en Kuns. 1931. *Afrikaanse woordelys en spelreëls*. 4e uitgawe. Bloemfontein, Kaapstad & Stellenbosch: Nasionale Pers.

AWS⁵: Boshoff, S.P.E., Bosman, D.B., Hiemstra, L.W., Le Roux, T.H., & Malherbe, D.F., in opdrag van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Taal, Lettere en Kuns. 1937. *Afrikaanse woordelys en spelreëls*. 5e uitgawe. Bloemfontein, Kaapstad & Pretoria: Nasionale Pers.

AWS⁶: Taalkommissie (samest.), in opdrag van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns. 1953. *Afrikaanse woordelys en spelreëls*. 6e uitgawe. Kaapstad, Bloemfontein & Johannesburg: Nasionale Boekhandel.

AWS⁷: Taalkommissie (samest.), in opdrag van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns. 1964. *Afrikaanse woordelys en spelreëls*. 7e uitgawe. Kaapstad & Johannesburg: Tafelberg-Uitgewers.

AWS⁸: Taalkommissie (samest.), in opdrag van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns. 1991. *Afrikaanse woordelys en spelreëls*. 8e uitgawe. Kaapstad: Tafelberg.

- AWS⁹: Taalkommissie (samest.), in opdrag van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns. 2002. *Afrikaanse woordelys en spelreëls*. 9e uitgawe. Kaapstad: Pharos.
- AWS¹⁰: Taalkommissie (samest.), in opdrag van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns. 2009. *Afrikaanse woordelys en spelreëls*. 10e uitgawe. Kaapstad: Pharos.

Ander bronne

- Eksteen, L.C. 1985. Die rol van die Akademie in die standaardisering van die Afrikaanse spelling. *SPIL plus*, 10:169–200.
- Odendaal, B.G. 2012. Die herstandaardisering van Afrikaans: 'n Praktiese benadering met die AWS as gevallestudie. Ongepubliseerde proefskrif. Universiteit van Stellenbosch.
- Odendaal, G. 2016. Die rol van die US se Departement Afrikaans en Nederlands in die ontwikkeling van die Afrikaanse leksikografie: Die Nederlands-Afrikaansstryd gedurende die aanvangsjare. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 56(1):257-276.
- Steyn, J.C. 2014. 'Ons gaan 'n taal maak'. *Afrikaans in die Patriotjare*. Pretoria: Kraal Uitgewers.

Honderd jaar Afrikaanse Woordelys en Spelreëls – ’n oorsig en waardering. Deel 2: Die gebruiker in fokus

One hundred years of Afrikaanse Woordelys en Spelreëls – An overview and evaluation. Part 2: The user in focus

ELSABÉ TALJARD

Departement Afrikatale
Universiteit van Pretoria
E-pos: elsabe.taljard@up.ac.za



Elsabé Taljard



Dannie Prinsloo

DANIE PRINSLOO

Departement Afrikatale
Universiteit van Pretoria
E-pos: danie.prinsloo@up.ac.za



Nerina Bosman

NERINA BOSMAN

Departement Afrikaans
Universiteit van Pretoria
E-pos: nerina.bosman@up.ac.za

ELSABÉ TALJARD is professor in die Departement Afrikatale, Universiteit van Pretoria. Haar spesialistaal is Noord-Sotho en haar navorsingsareas is Noord-Sothotaalkunde, leksikografie, terminologie en menslike taaltegnologie. Haar navorsing is oorwegend korpusgebaseerd. Sy dien op die bestuur van AFRILEX (Tesorier), is lid van die Suid-Afrikaanse been van die ISO/TC37-komitee en dien ook op die kundigheidspaneel van mensliketaaltegnologie van die Departement van Kuns en Kultuur. Sy is die outeur of mede-outeur van 35 artikels in geakkrediteerde tydskrifte en lewer gereeld referate by nasionale en internasionale kongresse. Sy is mede-projekbestuurder van die *Open Education Resource Term Bank*, ’n multi-miljoenrand projek, befonds deur die Departement van Hoër Onderwys vir die daarstel van ’n

ELSABÉ TALJARD is professor in the Department of African Languages, University of Pretoria. Her language of specialization is Northern Sotho and her research interests are linguistics, lexicography, terminology and human language technology. Her research is mainly corpus based. She serves on the Board of AFRILEX (Treasurer), is a member of the South African version of the ISO/TC37 committee and also serves on the expert panel of human language technology of the Department of Arts and Culture. She has authored or co-authored 35 articles in accredited journals and regularly reads papers at national and international conferences. She is co-manager of the Open Education Resource Term Bank, a multi-million rand project funded by the Department of Higher Education for the creation of a multilingual, online term bank for South

<p>veeltalige, aanlyn termbank vir Suid-Afrikaanse studente. Sy is 'n NRF-gegradeerde navorser.</p>	<p>African students. She is an NRF-rated researcher.</p>
<p>DANIE PRINSLOO is professor in Afrikatale aan die Universiteit van Pretoria. Hy is 'n voormalige voorstander van AFRILEX (African Association for Lexicography), Hoof van die Departement Afrikatale en voorstander van die Skool vir Tale. Hy is nasionaal en internasionaal bekend vir sy baanbrekersnavorsing in korpusgebaseerde Afrikataal-leksikografie en is die outeur of medeouteur van meer as 100 publikasies en 'n soortgelyke aantal kongresreferate oor die onderwerp. Die huidige fokus van sy navorsing is op die ontwikkeling van hulpmiddelle vir elektroniese woordeboeke en die koppeling van elektroniese woordeboeke met verwerkte korpusdata. Hy is die ontvanger van verskeie toekennings as Uitnemende Akademiese Presteerder en as 'n Denkleier van die eeu van die Universiteit van Pretoria asook van 'n PanSAT-toekenning vir sy bydrae tot meertaligheid.</p>	<p>DANIE PRINSLOO is Professor of African Languages at the University of Pretoria. He is a former Chairperson of AFRILEX (African Association for Lexicography), Head of the Department of African Languages and Chair of the School of Languages. He is well known nationally and internationally for his ground-breaking research in corpus-based African language lexicography and is the author or co-author of more than 100 publications and an equal number of conference papers on this subject. The current focus of his research is on the development of support tools for electronic dictionaries and linking electronic dictionaries with processed corpus data. He received several awards as Exceptional Academic Performer, and as a Centenary Leading Mind from the University of Pretoria, as well as a PanSALB award for his contribution to multilingualism.</p>
<p>NERINA BOSMAN is medeaprofessor in die Departement Afrikaans aan die Universiteit van Pretoria. Sy doseer voor- en nagraadse kursusse in Afrikaanse Taalkunde en nagraadse kursusse in Toegepaste Taalstudies. Haar navorsingsgebiede is in die eerste plek die Afrikaanse leksikologie en die leksikale semantiek. Binne die teoretiese raamwerk van die konseptuele metafoorteorie is sy tans besig met 'n projek oor eet- en drinkmetafore in Afrikaans en ander tale. Danksy 'n navorsingstoekenning deur die Nasionale Navorsingstigting, is daar in 2014 onder haar leiding begin met 'n groot projek oor aansprekIFORME in Afrikaans, nie net in Suid-Afrika nie, maar ook in Namibië. In 2017 verskyn, onder haar en prof. Wannie Carstens se redakteurskap, die tweede uitgawe van <i>Kontemporäre Afrikaanse Taalkunde</i>, co-edited by prof. Wannie Carstens, was published.</p>	<p>NERINA BOSMAN is an Associate Professor in the Department of Afrikaans at the University of Pretoria. She teaches undergraduate and post-graduate courses in Afrikaans Linguistics and postgraduate courses in Applied Language Studies. Her research areas are in the first instance Afrikaans lexicology and lexical semantics. Within the theoretical framework of conceptual metaphor theory, she is currently working on a project on eat and drink metaphors in Afrikaans and other languages. Courtesy of a research grant by the National Research Foundation, a big project on forms of address in Afrikaans was launched under her leadership. This project will involve participants in the whole of South Africa as well as in Namibia. In 2017 the second edition of <i>Kontemporäre Afrikaanse Taalkunde</i>, co-edited by prof. Wannie Carstens, was published.</p>

ABSTRACT

One hundred years of Afrikaanse Woordelys en Spelreëls – An overview and evaluation. Part 2: The user in focus

This article is the second in a series of two concerned with the word list section of the Afrikaanse Woordelys en Spelreëls (AWS). The online version of the word list section was released to users in 2010, shortly after the tenth version of the AWS was published in 2009. This version of the 2009 Woordelys is the focus of the current article. We investigate the Woordelys from a user perspective and contextualise our study against the background of the rapid development of e-lexicography, and the possibilities opened up by the availability of online lexicographic

reference sources. We start our investigation with a critical evaluation from the perspective of the user of the Woordelys. In our evaluation we refer to the implications of the unavailability of the Afrikaans spelling rules to the online user, the inadequacy of the software underpinning the online version of the Woordelys, and lastly, we comment on the fact that no typographical distinction is made within the articles between different data types. Secondly, we discuss the status of the Woordelys as lexicographic information source. In the third section we focus on the user of the Woordelys viewed against the background of the information needs of the user in the information era. Analysis of logfiles is a relatively new technique for obtaining information on the real information needs of the user. Based on such analysis, we conclude that the needs of the user of the Woordelys are not restricted to seeking information on spelling of specific words only – users of the Woordelys have far more sophisticated needs than those pertaining exclusively to spelling. By compiling a corpus of unedited writing by Afrikaans-speaking students, we were able to identify words which are often misspelled and which consequently are suitable candidates for inclusion in future versions of the Woordelys. We conclude that the current online version of the Woordelys – despite being a valuable reference work – does not provide adequately for the information needs of the modern user. In terms of the function theory – one of the modern theories of lexicography – lexicographic information sources should not only provide cognitive information, but should also provide clear guidance with regard to text production. Provision of this kind of information should be a consideration when a revised version of the Woordelys is planned. Apart from making a number of recommendations with regard to a more functional lemma selection, we also recommend the use of a lexicographic ruler, although the relevance of such a ruler for the Woordelys, which could be seen as a kind of special dictionary, has not yet been ascertained. Currently, there is a good correlation between the predictions made by the ruler for Afrikaans and the actual alphabetical stretches covered in the Woordelys. We conclude with a number of suggestions which could assist in the creation of an improved online version of the old familiar Woordelys, which could serve its users well in the next hundred years.

KEY WORDS: *Afrikaanse Woordelys en Spelreëls, e-lexicography, user perspective, spelling guidance, log file analysis, information needs, lexicographic ruler, lemma selection, user guidance, online dictionaries*

TREFWOORDE: *Afrikaanse Woordelys en Spelreëls, e-leksikografie, gebruikersperspektief, spelleiding, logleeranalise, inligtingsbehoefte, leksikografiese liniaal, lemmakeuse, gebruikersleiding, aanlyn woordeboeke*

OPSUMMING

Hierdie artikel vorm die tweede deel van 'n reeks van twee oor die Woordelysgedeelte van die *Afrikaanse Woordelys en Spelreëls (AWS)*. Die aanlyn weergawe van die woordelysgedeelte van die *AWS* is in 2010, net nadat die tiende uitgawe van die *AWS* in 2009 die lig gesien het, aan gebruikers beskikbaar gestel. Hierdie weergawe van die 2009-Woordelys word in die artikel vanuit 'n gebruikersperspektief beskou en wel teen die agtergrond van die snelle ontwikkeling van e-leksikografie en die moontlikhede wat aanlyn beskikbaarheid aan leksikografiese naslaanwerke bied. Ons begin met 'n kritiese evaluering vanuit 'n gebruikersperspektief van die *Woordelys*. Tweedens kyk ons na die status van die *Woordelys* as leksikografiese inligtingsbron. In die derde plek stel ons die gebruiker van die *Woordelys* in fokus, en wel teen die breër agtergrond van die inligtingsbehoeftes van die woordeboekgebruiker in die inligtingsera. Gebaseer op ons

ondersoek, wat onder andere gebruik gemaak het van loglêers en 'n korpus van ongeredigeerde studenteskryfwerk, kom ons tot die gevolgtrekking dat die huidige elektroniese *Woordelys* – alhoewel dit 'n waardevolle naslaanwerk is – noulik aan die moderne gebruiker se inligtingsbehoeftes voldoen. In terme van die funksieteorie – een van die moderne leksikografiese teorieë – moet leksikografiese inligtingsbronne byvoorbeeld naas kognitiewe inligting ook sterk leiding bied ten opsigte van teksproduksie. Die gee van hierdie tipe leiding is iets wat die samestellers van die *Woordelys* in die toekoms miskien ook in gedagte sou kon hou. Ten opsigte van lemmakeuse stel ons voor dat die gebruik van 'n leksikografiese liniaal bykomende hulp sou kon verleen. Ons bied wenke aan oor hoe 'n beter aanlyn weergawe van die ou bekende *Woordelys* by die aanvang van die tweede honderd jaar van die *AWS* daar sou kon uitsien.

1. INLEIDING

Die aanlyn weergawe van die woordelysgedeelte van die *AWS*, tesame met 'n elektroniese gebruikersgids, is in 2010 aan gebruikers beskikbaar gestel (Odendaal 2012:311). In hierdie artikel – die tweede in 'n reeks van twee – word hierdie weergawe van die woordelys (hierna *Woordelys*) (<http://www.woordelys.co.za/>) vanuit 'n gebruikersperspektief beskou. Dit word gedoen teen die agtergrond van die snelle ontwikkeling van e-leksikografie en die moontlikhede wat aanlyn beskikbaarheid aan leksikografiese naslaanwerke bied. Ons begin met 'n kritiese evaluering vanuit 'n gebruikersperspektief van die *Woordelys*. Tweedens kyk ons na die status van die *Woordelys* as leksikografiese inligtingsbron. In die derde plek stel ons die gebruiker van die *Woordelys* in fokus, en wel teen die breër agtergrond van die inligtingsbehoeftes van die woordeboekgebruiker in die inligtingsera. Ons sluit af met aanbevelings vir 'n nuwe benadering tot lemmakeuses en spellingleiding.

2. KRITIESE EVALUERING VAN DIE *WOORDELYS*

Die aanlyn weergawe van die *Woordelys* is 'n tipiese voorbeeld van wat Tarp (2011:59) 'n "faster horse" noem: 'n leksikografiese naslaanwerk waarin die samestellers wel van nuwe beskikbare tegnologie gebruik maak, "but only in a very restricted way in order to provide quicker access to their data by means of links or search strings, (...) and which might recognize not only inflectional forms but also parts of words, orthographic variants and even mistakes". Die *Woordelys* bied dus wel vinniger toegang tot leksikografiese data, maar verken nie volledig die moontlikhede wat deur die elektroniese medium gebied word nie. Die data is steeds gerangskik in tradisionele en statiese inskrywings, wat presies ooreenstem met die inskrywings in die papierweergawe – uit die oogpunt van die gebruiker kan dit as 'n onkritiese oornname van die papiermodel beleef word. Enkele aspekte van die onderbenutting van die moontlikhede van die e-medium word vervolgens bespreek.

Die eerste ooglopende frustrasie vir die gebruiker is die verwysing na spelreëls waartoe die gebruiker nie aanlyn toegang het nie. Trouens, die onervare gebruiker sal waarskynlik geen benul hê van die betekenis van die syfers wat ná sommige van die inskrywings gegee word nie, terwyl die logiese oplossing gewoon is om die betrokke spelreël deur middel van 'n klikbare skakel aan gebruikers beskikbaar te stel. Sou gebruikers die gebruikersgids raadpleeg deur op die skakel *Belangrike gebruiksinligting¹ oor die Woordelys* te klik, vind hulle die volgende verduideliking onder punt 2:

¹ Let op dat die bladsy wat oopmaak, egter die opskrif "Oriëntasie" het.

Die primêre oogmerk van die *Woordelys* is om spelreëls te gee, en dit moet dus in samehang met die Spelreëls gebruik word. Vir dié doel word die voorbeeld wat ter illustrasie by reëls gebruik word, in die *Woordelys* saam met die toepaslike reëlverwysing(s) aangebied. 'n Reëlnommer bestaan uit die hoofstuknommer gevvolg deur die volgnommer van die reël, byvoorbeeld 5.1. Indien daar na 'n bepaalde opmerking by 'n reël verwys word, volg die opmerkingnommer ná die reëlnommer, byvoorbeeld 5.1 (a).

Die gebruikers van die *Woordelys* baat geensins by die verwysing na die spelreëls waartoe hulle geen toegang het nie – dit kan lei tot erge frustrasie aan die kant van die gebruiker. Dit is onwaarskynlik dat gebruikers wat die elektroniese weergawe raadpleeg, 'n papierkopie van die *AWS* waarin die spelreëls vervat is, ter hand sal hê – hulle raadpleeg waarskynlik die e-weergawe, huis omdat hulle nie die papierweergawe byderhand het nie. Die opmerking in die Veel Voorkomende Vrae (VVV) dat "(d)ie lyste op hierdie webblad dien as aanvulling tot die *AWS* en nie as 'n vervanging van die *AWS* nie" bied nie veel troos nie – aanvulling impliseer dat bykomende inligting verskaf word – iets wat nie die geval is nie. Verderaan onder VVV word aangedui dat 'n volledige elektroniese weergawe van die *AWS*, die *e-AWS*, met die spelreëls ingesluit, op 'n betaalbasis in die toekoms beskikbaar gestel gaan word. Daar word aangedui dat meer inligting oor die *e-AWS* in 2011 bekend gemaak sal word. Hierdie belofte het egter tot nog toe nie tot uitvoer gekom nie.

In die tweede plek is die rekenaarmatige onderbou van die *Woordelys* gebrekkig wat daartoe lei dat soektogte vreemde en soms verwarringe resultate oplewer. Enkele lukraak gekose voorbeeld word vervolgens bespreek.

Wanneer *voltooide* byvoorbeeld as soekwoord ingetik word, is daar 'n enkele soekresultaat, naamlik *volt.dw.* as lemma, gevvolg deur die verklaring "voltooide deelwoord". Vergelyk die volgende skermeskoot:

The screenshot shows the PHAROS Afrikaanse Woordelys en Spelreëls website interface. At the top, there's a navigation bar with links to 'Tuis', 'pharos.co.za', 'PharosAanlyn', and 'Veel Voorkomende Vrae'. Below that is a search bar with a magnifying glass icon, a 'Soek' button, and a dropdown menu 'Kies Lyste'. A horizontal menu bar shows letters from A to Z, with 'Woordelys' highlighted. To the right of the menu is a link 'Belangrike gebruiksinligting oor die Woordelys'. The main content area shows the search term 'voltooide' and the result count 'Resultate: 1'. Below this, a list of definitions is displayed, starting with 'VNHKV Verenigde Nasies se Hoëkommissariaat vir Vlugtelinge.' and ending with 'volt.teenw.t. voltooid teenwoordige tyd'. On the right side of the results, there are navigation buttons for previous and next results, the page number '1-1/1', and a zoom level indicator '59% Afkortingslyst'.

Die soekresultaat is om verskeie redes vreemd. In die eerste plek verskyn daar in die blokkie aan die regterkant van die skerm 'n lewendige skakel *volt.dw*. Wanneer daarop geklik word, egter, verleen dit nie toegang tot enige nuwe inligting nie. Tweedens word daar in dieselfde blokkie die syfer 58% verstrek, maar nóg in die gebruikersgids, nóg in die Veel Voorkomende Vrae word enige aanduiding gegee van wat die betekenis van dié syfer is. In die derde plek is dit ook nie duidelik waarom die soekresultaat as *volt.dw* aangegee word nie, terwyl *volt.voltooid(e)* vroeër in die alfabetiese strek voorkom. Die soekresultate is egter irrelevant vir die gebruiker se soektog. Dit wil dus voorkom of die programmering wat die soekfunksie onderlê nie meer gesofistikeerde soektogte ondersteun nie – die soekfunksie is soortgelyk aan dié wat in woordverwerkingspakkette aangetref word, met dié verskil dat hierdie funksie in die *Woordelys* nie aan die gebruiker die opsig bied om byvoorbeeld heelwoorde of slegs gedeeltes van woorde te soek of kassensitiewe soektogte uit te voer nie. Die program kan ook nie 'n kombinasie van soekfunksies hanteer nie. Die soekfunksie is afgestem op die blote masjienmatige herkenning van ortografiese eenhede wat tot onbevredigende soekresultate kan lei.

Bogenoemde leemte in die sageware word verder duidelik wanneer “tersprake” as soekwoord ingetik word. Dit lewer geen resultate op nie, wat die gebruiker op een van twee maniere kan interpreteer: dit kan naamlik impliseer dat die woord korrek geskryf is, maar nie in die *Woordelys* opgeneem is nie, of dit kan beteken dat die skryfwyse foutief is. Geen verdere gebruikersleiding word verskaf nie. Sou die gebruiker vermoed dat die korrekte skryfwyse *ter sprake* is en dit as soekwoord intik, is daar nie minder nie as 84 resultate. Van die 84 resultate bevat 15 die voorsetsel *ter*, maar *ter sprake* is nie in die resultate te vind nie. Die gebruiker word verder onkant betrap wanneer die lemma *promp* onder die soekresultate verskyn. Wanneer daarop geklik word, blyk dit dat die verboë vorm en trappe van vergelyking as “*promp, -te, -ter, -ste*” aangegee word. Hoewel die soektog dus 84 resultate opgelewer het, bly die gebruiker se inligtingsbehoefte onbevredig. 'n Pluspunt is dat die sageware wel soektogte met behulp van die sogenaamde Booleaanse soekwysigers (*Boolean Search Modifiers*) * en “” ondersteun, maar selfs hierdie funksie is nie sonder frustrasie vir die gebruiker nie. Sou die gebruiker byvoorbeeld **tjie* intik om 'n lys van alle verkleinwoorde te kry wat op *-tjie* eindig, word aangedui dat daar 258 resultate is. Van die 285 kan die gebruiker egter net die eerste 10 sien en daar is skynbaar geen manier waarop toegang tot die res van die soekresultate verkry kan word nie.

'n Derde tekortkoming in die aanlyn *Woordelys* is dat daar nie (tipografies) onderskei word tussen verskillende inligtingstipes wat deurgaans in hakies en kursiewe druk ná die lemma gegee word nie: soms is dit woordsoortaanduiding, soms is dit betekenisleiding, soms duï dit 'n bepaalde vakgebied of gebruikskonteks aan, soms is dit 'n sinoniem van die soekwoord en soms word 'n vaste uitdrukking of idioom gegee waarin die soekwoord tipies voorkom. Enkele voorbeeld word ter illustrasie aangebied.

mag (ww.): woordsoortaanduiding

maerman (soort plant): betekenisleiding

souffleer(drama): vakgebied

madras (Islamities): gebruikskonteks, moontlik selfs bedoel as etimologiese inligting?

maermerrie (skeen): sinoniem

baat (- vind by): vaste uitdrukking

Daar kan nie sonder meer aanvaar word dat gebruikers die nodige diskriminasie aan die dag sal lê met die interpretasie van sodanige inligting nie. Daar is verwarring oor of daar etikette gebruik word en of ander inligting gegee word. By die lemma *magie* byvoorbeeld, word

“toorkuns” in hakies verskaf. Dit is nie duidelik of “toorkuns” ’n sinoniem vir *magie* is, en of *magie* ’n woord is wat tot die terrein van die toorkuns behoort nie en dit dus gebruikskonteks aandui nie. Dat enige addisionele inligting wat verstrek word, potensieel nuttig is, val nie te betwyfel nie, maar alvorens hierdie inligting op ’n beter gestruktureerde en gebruikersvriendelike wyse aangebied word, kan die gebruiker nie maksimaal daaruit voordeel trek nie. Vanuit ’n sagtewareperspektief is een of ander vorm van tipografiese diskriminasie tussen verskillende inligtingstypes ’n relatief eenvoudige prosedure.

In die vierde plek is daar heelwat interne mikrostrukturele inkonsekwentheid. Dieselfde inligtingstypes word naamlik verskillend hanteer. Wanneer betekenisleiding gegee word deur na die superordinaat van die betrokke lemma te verwys, word hierdie hiponimiese verhouding meestal aangetoon deur aan te dui dat lemma X ’n “soort Y” is, vergelyk byvoorbeeld *baar* (“soort seevis”), *rabas* (“soort plant”). Tog word voorbeeldlike aangetref waar dieselfde leksikale verhouding geld, maar dit word op ’n ander wyse gemerk, bv. *babala* (“gras”), *radioliet* (“fossiel”). Veral laasgenoemde voorbeeld is potensieel verwarrend omdat daar – soos in die voorafgaande paragraaf aangetoon – geen tipografiese onderskeid tussen verskillende inligtingstypes getref word nie. Die gebruiker kan daarom verkeerdelik aanneem dat “fossiel” ’n sinoniem vir *radioliet* is. Verder word lemmas wat tematies verwant en morfologies ooreenstemmend is, verskillend behandel. Vergelyk in dié verband die volgende voorbeeld:

Basotho (die –)

Barolong (lid van ’n bevolkingsgroep), -s

Bapedi (die –)

Volgens die gebruikersleiding moet Basotho en Bapedi saam met ’n bepaalde lidwoord gebruik word. Daar word geen aanduiding gegee ten opsigte van meervoudsvorming nie. Hoewel dieselfde reël ten opsigte van die gebruik van die bepaalde lidwoord by *Barolong* geld, word dit nie aangedui nie en word daar aangetoon dat die meervoud daarvan *Barolongs* is. Benewens die inkonsekwente behandeling van gelyksoortige lemmas is die korrektheid van laasgenoemde meervoudsvorm debatteerbaar.

Daar is egter wel gebruikersvriendelike elemente in die *Woordelys*. Een hiervan is die voorspellende teks. Sodra die gebruiker ’n soekwoord begin intik, verskyn ’n lys woorde wat met die letters wat deur die gebruiker ingetik word, begin. Hierdie eienskap ondervang tot ’n mate die probleem van soekwoorde waarvan die spelling foutief is. Sou die gebruiker bv. *paralel* as soekwoord intik, verskyn die korrekte spelling (*parallel*) wel in die lys woorde wat outomaties “voorspel” word, en kom die gebruiker tog by die korrekte spelling uit. Dit is egter nie altyd die geval nie: sou die gebruiker *teroris* intik, bied die program geen keusemoontlikhede aan nie, en die gebruiker kry slegs ’n nul-resultaat. Verdere verfyning van hierdie funksie is dus nodig.

Dit is dikwels die geval dat gebruikers nie weet hoe om deeltekens of kappies rekenaarmatig aan te dui nie. Die soekfunksie maak hiervoor voorsiening: ’n soektog na “beindruck” lei die gebruiker wel na die korrekte spelling, naamlik “beïndruk”.

Vir die *Woordelys* om in navolging van Tarp (2011) se metafoor van ’n “faster horse” na ’n Model T-Ford en uiteindelik tot ’n Rolls-Royce te vorder, is ’n paar modifikasies nodig. In die eerste plek moet die moontlikheid ondersoek word om inskrywings dinamies te maak, dit wil sê om die gebruiker die geleentheid te bied om sy eie profiel te skep en die aktiwiteit of funksie waarvoor hy die *Woordelys* wil gebruik, te spesifiseer. Leksikografiese Model T-Fords bied gebruikers ook die opsie om deur middel van lewendige skakels toegang tot bestaande inligting op die internet te kry om sodoende die gebruiker se spesifieke inligtingsbehoefte te

bevredig. Ons dink byvoorbeeld hier aan skakels na die aanlyn grammaatika van Afrikaans soos dit op die taalportaal van die ViVA-webblad (<http://viva-afrikaans.org/index.php>) verskyn. Hoewel Tarp (2011:61) daarop wys dat die kategorie van leksikografiese Rolls-Royces tans nog 'n leë een is, is dit die toekoms van leksikografiese inligtingsbronne. Hierdie toekomstige inligtingsbronne sal pasgemaakte oplossings vir individuele gebruikers in spesifieke gebruikssituasies bied; dit sal toegang tot geselekteerde data in 'n databasis met internetsoektogte combineer en sodoende dinamiese oplossings, gebaseer op 'n herbewerking en hervoorstelling van die data in die databasis, aan gebruikers bied.

3. DIE WOORDELYS AS (LEKSIKOGRAFIESE) INLIGTINGSBRON

Die huidige status van die *AWS* is dié van 'n preskriptiewe leksikografiese inligtingsbron, wat 'n aanslag reflektere wat kontrasteer met die moderne leksikografiese benadering – veral wat betref algemene woordeboeke, waar die oorheersende benadering deskriptief van aard is. Spesiale woordeboeke oftewel vakwoordeboeke is egter tot 'n groter mate preskriptief, huis vanweë die leidende rol wat hulle ten opsigte van normering en standaardisering speel. Huis in terme van hierdie rol van die *AWS* sou geargumenteer kon word – soos Odendaal (2016) inderdaad doen – dat die *AWS* 'n woordeboek vir spesiale doeleindes is. Dit word naamlik spesifiek gebruik om spellingleiding aan gebruikers te verskaf en kan derhalwe as 'n spel- of ortografiese woordeboek beskou word wat as verwysingspunt vir korrekte spelling gebruik word. Hoewel algemene woordeboeke ook dikwels geraadpleeg word vir korrekte spelwyses, lê die verskil daarin dat 'n ortografiese woordeboek geen ander leksikografies relevante inligting verstrek nie.

Tenoor Odendaal se mening dat die *AWS* 'n woerdeboek is, haal ons aan uit die gebruikersgids van die aanlyn weergawe van die woordelys, die eerste punt: "Die *Woordelys* is nie 'n volledige lys van alle bestaande Afrikaanse woorde nie. Dit is ook nie 'n woerdeboek nie en moet dus nie as een gebruik of beskou word nie." Die gebruiker word dus eksplisiet gewaarsku om nie enige inligting benewens leiding ten opsigte van spelling en ander ortografiese aangeleenthede in die *Woordelys* te verwag nie. Belangriker as die tipologiese status van die *Woordelys* as spesiale woerdeboek al dan nie, is die vraag of die tipe inligting wat in die *Woordelys* verskaf word noodwendig beperk moet word tot spellingleiding. Spellingleiding kan kwalik as 'n geïsoleerde leksikografiese aktiwiteit gesien word – dit kan dikwels nie geskei word van ander tipes gebruikersbehoeftes nie, soos verderaan deur die analise van die loglêers uitgewys word. Die sentrale rol wat die gebruiker en sy inligtingsbehoeftes in die moderne leksikografie speel, kom vervolgens onder die loep.

4. DIE GEBRUIKER IN FOKUS

4.1 Die gebruikersperspektief in die inligtingsera

Dit is duidelik dat die *Woordelys* – waarskynlik as gevolg van historiese redes en die feitlik uitsluitlik preskriptiewe en normerende aard daarvan – nie die gebruiker en dié se behoeftes ten opsigte van inligting en die verkryging daarvan vooropstel nie. Dit blyk duidelik uit die instruksies wat in die gebruikersleiding van die *Woordelys* gegee word. Die onus word dikwels op die gebruikers geplaas om te sorg dat die inligting wat hulle uit die *Woordelys* herwin het, korrek en gepas vir 'n bepaalde situasie is: "Die lys bevat ook heelwat geografiese name wat om verskeie redes as histories beskou kan word en van tyd tot tyd nog in publikasies opduik.

Sulke name en afleidings word nie gemerk nie en *dit berus by die gebruiker om te verseker dat die gekose naam of afleiding gepas is vir die betrokke konteks*". (Ons kursivering) Só 'n benadering is uit pas met 'n moderne leksikografiese benadering waar klem op die gebruiker geplaas word en dit as die leksikograaf se plig geag word om toe te sien dat gebruikers so vinnig as moontlik die korrekte inligting verkry ten einde in hul inligtingsbehoefte(s) te voorsien.

Ons wil juis in ons herwaardering die *AWS* en spesifiek die *Woordelys* vanuit 'n gebruikersperspektief benader. Ons argumenteer dat die normerende en standaardiserende funksie van die *AWS* en 'n sensitiwiteit vir die behoeftes van sy gebruikers nie noodwendig onderling uitsluitend hoef te wees nie. 'n Deeglike kennisname van die sentrale rol wat die gebruiker en sy inligtingsbehoeftes speel, is nodig indien 'n hersiening van die aanlyn *AWS* en spesifiek die *Woordelys* oorweeg sou word.

In die afgelope ongeveer twee dekades het die gebruikersperspektief, en spesifiek die gebruiker se inligtingsbehoeftes, sterk na vore gekom en die oorheersende kriterium vir die beoordeling van die kwaliteit van woordeboeke en by implikasie enige leksikografiese inligtingsbron geword.

The user-perspective, so prevalent in modern-day metalexicography, compels lexicographers to compile their dictionaries according to the needs and research skills of well-defined target user groups. The dominant role of the user has had a definite effect on the compilation of dictionaries as well as on the evaluation of their quality. Good dictionaries do not only display a linguistically sound treatment of a specific selection of lexical items. Good dictionaries are products that can be used as linguistic instruments by their respective target user groups. The better they can be used, the better dictionaries they are. (Gouws & Prinsloo 2005:39)

A good dictionary is one in which you can find the information you are looking for – preferably in the very first place you look. (Haas 1962:48)

Die gebruiker en spesifiek sy inligtingsbehoeftes is nie net van kardinale belang vir woordeboeke nie – dit is belangrik vir die saamstel van enige leksikografiese inligtingsbron, vergelyk Bergenholz en Gouws (2010:106) in dié verband:

For the user the type of information source is not important. Important is that he/she retrieves the exact required information as quickly as possible.

In die lig hiervan is dit ook nie verbasend dat die toonaangewende leksikografievereniging *Euralex* se kongrestema in 2016 *The user in focus* was nie.

4.2 Die woordeboekgebruiker in die inligtingsera

In die inligtingsera is gebruikers toenemend daarop ingestel om inligting maklik en vinnig aanlyn te bekom. Daar word dikwels hierna verwys as die eenmalige gebruiker ("on the fly user") se behoefte aan die onmiddellike verkryging van die korrekte inligting ("information on demand"). Inligting oor spelling en ander skryfprobleme kan deesdae ook byvoorbeeld deur middel van skakels na ondersteunende webwerwe of programme soos skryfhulpe en verwerkte korpusdata verkry word.

The e-dictionary could, for example, link to a writing assistant in order to solve text production problems of users, and to provide specific information on demand. (Bothma et al. 2016:110)

In terme van die funksieteorie – een van die moderne leksikografiese teorieë – moet leksikografiese inligtingsbronne naas kognitiewe inligting ook sterk leiding bied ten opsigte van teksproduksie. Daar kan nie vandag sonder meer aanvaar of vereis word dat gebruikers lang teksgedeeltes in 'n woordeboek of grammatika moet deurwerk alvorens hul inligtingsbehoeftes bevredig is nie.

Die vereistes van die inligtingseeu en die toename in die omvang en kwaliteit van inligtingsbronne op die internet moet in gedagte gehou word by toekomstige samestellings van die *Woordelys*. Soos met ander naslaanbronne loop woordelyste en spelreëls die gevaar om irrelevant te raak indien gebruikers die inligting wat hulle benodig makliker en vinniger kan bekom deur bloot te google. 'n Gesofistikeerde spelkontroleerdeerder vir Afrikaans en 'n aanlyn vertalingsprogram soos *Google Translate* kan byvoorbeeld 'n groot persentasie spellingleiding wat in die verlede slegs deur die AWS voorsien is, ondervang en vir die gebruiker maklik die voorkeurepsie bô die gebruik van die aanlyn AWS word. Toekomstige weergawes van die AWS moet na ons mening hulself dus as hulpmiddels onderskei ten opsigte vanveral dié inligtingstipes wat nie deur spelkontroleerders of ander hulpmiddels soos aanlyn vertaalpakkette, korpuskonkordansies en ander skryfhulpmiddels gebied word nie.

Die voorgestelde verandering in die benaderingswyse tot die samestelling vanveral die *Woordelys* wat in hierdie artikel voorgehou word, stel dus die gebruikersfokus, en in besonder die behoeftes van dié gebruiker, wat vinnig en direk die regte antwoord verlang, voorop.

4.3 Inligtingsbehoeftes van die *Woordelysgebruiker*

Die aard van die AWS en spesifiek dié van die *Woordelys* dui daarop dat dit nou afgestem is op teksproduksie, een van die kommunikatiewe funksies van leksikografiese inligtingsbronne. Die funksie van enige leksikografiese inligtingsbron word vanuit die perspektief van die samesteller daarvan gedefinieer. Wat egter belangrik is, is dat daar belyning tussen die bedoelde funksie van so 'n naslaanwerk en die inligtingsbehoefte van die teikengebruiker is. Tarp (2009: 283) identifiseer 'n aantal strategieë deur middel waarvan gebruikers se inligtingsbehoeftes bepaal kan word, en een hiervan is die analise van loglêers² – 'n relatief nuwe prosedure wat moontlik gemaak is deur die beskikbaarheid van die elektroniese medium.³

Daar is verskeie voordele verbonde aan die ontleding van loglêers. Eerstens beïnvloed dié tipe waarneming nie die gebruiker of die leksikografiese konsultasieproses nie. Dit voorsien verder die navorser van 'n groot hoeveelheid data wat die werklike gebruikersgroep verteenwoordig, en op grond van empiriese data kan afleidings gemaak word ten opsigte van die werklike inligtingsbehoeftes van die gebruiker. Die kwantitatiewe analise van die data is relatief eenvoudig. 'n Analise van die loglêers van die gebruikers van die *Woordelys* kan dus mee help om 'n betroubare aanduiding te gee van die inligtingsbehoeftes van die gebruiker. Vir die doel van hierdie artikel is die loglêers van die *Woordelys* van 4 Junie 2010 tot 14 Maart 2012 ontleed. 'n Totaal van 41 653 soektogte is vir hierdie tydperk gedokumenteer.

Bergenholtz en Johnsen (2007:2) toon aan dat een van die voor die hand liggendste gebruik van die loglêeralanalise is om gapings in die lemmaseleksie in woordeboeke te identifiseer en aan te vul deur woorde wat opgesoek is, maar nie gevind is nie, in te sluit. De

² 'n Loglêer is 'n lêer wat alle soektogte aanteken. Dit stoor onder andere inligting rakende die IP-adres van die gebruiker, die tyd waarop die soektog gedoen is en inligting oor die soektog self.

³ Ons dank aan die Taalkommissie wat die loglêers van die aanlyn *Woordelys* aan ons beskikbaar gestel het.

Schryver en Joffe (2004) rapporteer byvoorbeeld dat die opname van woorde waarvoor daar onsuksesvol gesoek is in die SeDiPro-projek ('n aanlyn, tweetalige Noord-Sotho-Engelse woordeboek) die suksesvolle soektogte van 67% na 75% opgestoot het. Soos Bergenholz en Johnsen (t.a.p.) tereg opmerk, hang die insluiting van lemmas af van onder meer die funksie van die woordeboek, die teikengebruiker en die werklike doel van die naslaanwerk. 'n Eerste, oppervlakkige analise van die soektogte soos in die loglêers van die *Woordelys* opgeneem, bring aan die lig dat 14 431, d.w.s. 34.6% uit die totaal van 41 653 soektogte 'n nulresultaat opgelewer het. Die bespreking verderaan fokus op hierdie onsuksesvolle soektogte, omdat ons van mening is dat 'n behoorlike analise van dié data die persentasie suksesvolle soektogte beduidend kan verhoog en so waarde tot die *Woordelys* kan toevoeg.

Uit die loglêeralise is dit duidelik dat daar verskillende permutasies ten opsigte van die aard van die soektog, die resultaat daarvan en die opname al dan nie in die *Woordelys* is:

- soekwoord korrek gespel, maar nie in die woordelys opgeneem nie
- soekwoord verkeerd gespel, korrekte vorm in die woordelys opgeneem
- soekwoord verkeerd gespel, korrekte vorm nie in die woordelys opgeneem nie

Ten opsigte van die eerste kategorie is dit belangrik om in gedagte te hou dat die soektog onsuksesvol was en die gebruiker se inligtingsbehoefte gevoldlik onbevredig gelaat is. Die blote feit dat die woord opgesoek is, is 'n aanduiding dat die gebruiker óf onseker is oor die korrekte spelling, óf op soek was na bevestiging dat die woord wel as Standaardafrikaans beskou word. Die gebruiker se inligtingsbehoefte en die gevoldlike soektog is dus inlyn met die gestelde funksies van die *Woordelys*. Om klakkeloos alle woorde wat deur gebruikers opgesoek word, in te sluit, is waarskynlik nie haalbaar of sinvol nie en vra vir die oordeel van die samestellers. 'n Oorweging vir die opname van sulke woorde sou byvoorbeeld kon wees hoeveel keer die betrokke woord (deur verskillende gebruikers) opgesoek is. Ter illustrasie: die woorde *sexy* en *postapartheid*, is sewe en vier maal onderskeidelik opgesoek, en sou op grond hiervan vir opname oorweeg kon word, al is dit dan in die geval van *sexy* met 'n aanduiding dat dit nie Standaardafrikaans is nie. 'n Verdere oorweging sou ook die algemene gebruiksfrekvensie van die woord wees. Met die beskikbaarheid van groot datakorpusse is dit relatief eenvoudig om vas te stel wat die gebruiksfrekvensie van enige woord is. 'n Soektog in die 48 miljoen Taalkommissiekorpus (TK) dui byvoorbeeld daarop dat "sexy" 'n gebruiksfrekvensie van 349 het. Die samestellers van die woordelys sou argumentsonthalwe op 'n minimumfrekvensie in die korpus kon besluit waaraan kandidaatwoorde moet voldoen om te kwalifiseer vir opname.

In gevalle waar die soekwoord verkeerd gespel is, en die korrekte vorm wel in die *Woordelys* opgeneem is, is die soektog ook nie altyd suksesvol nie. Die teksvoorspellingsfunksie lei die gebruiker soms na die korrekte woord, maar dit is slegs van nut wanneer die foutiewe spelling en die korrekte weergawe na aan mekaar binne dieselfde alfabetiese strek val. In die meeste gevalle is daar geen leiding wat die gebruiker by die korrekte spelwyse uitbring nie; trouens, soms kan die teksvoorspelling misleidend wees: "nogsteeds" is byvoorbeeld 16 keer opgesoek, en sodra die gebruiker "nog" inlees, verskyn die woorde "nogmaals" en "nogtans" in die kieslys. Na analogie hiervan kan die gebruiker die foutiewe aanname maak dat "nogsteeds" inderdaad een woord is. Verdere voorbeeldsluit in: "aantuiging" (sewe maal gesoek), "soesjie" (nege maal gesoek), "bestandeel" (ses keer gesoek) en "ensomeer" (11 keer gesoek). Voorbeeld soos hierdie is goeie kandidate vir 'n geïntegreerde outomatiese speltoetser wat alternatiewe aangebied indien die soekreeks nie gevind word nie – die tipiese "*Did you mean...?*"-funksie. So 'n funksie sou die gebruiker na die korrekte inskrywing begelei en so die gebruiker se inligtingsbehoefte bevredig.

Die sterkste kandidate vir opname in die woordelys, is waarskynlik dié wat tot die laaste kategorie behoort, veral indien dit blyk dat so 'n lemma herhaaldelik opgesoek is. So is *onverskoning* agt keer en *omverskoning* sewe keer opgesoek, maar die korrekte vorm verskyn nie in die *Woordelys* nie, *vuurmaak* is vier keer gesoek, maar *vuur maak* is nie opgeneem nie. Ook hier behoort gebruiksfrekvensie 'n rol te speel in die besluit of so 'nwoord opgeneem behoort te word of nie.

Bewens die vul van gapings ten opsigte van lemmaseleksie, kan die analise van die loglêers ook 'n aanduiding gee van die aard van die inligtingsbehoeftes van die gebruiker. 'n Analise van die loglêers dui daarop dat die gebruiker ook van die *Woordelys* verwag om in kognitiewe inligtingsbehoeftes te voorsien. Hierdie tipe inligtingsbehoefte verwys na gevalle waar die gebruiker kennis oor 'n spesifieke verskynsel wil inwin. Soektogte soos die volgende bevestig dat die inligtingsbehoeftes van die gebruiker van die *Woordelys* verder as die soek na spellingleiding vir teksproduksie gaan:

- deelteken
- wanneer een woord of twee
- wanneer gebruik jy *y* of *ei*
- verkleinwoorde spelreëls
- koppelteken reëls
- betekenis van webtuiste
- antoniem *spyt*
- ander woord *skurk*

Die feit dat die gebruiker *deelteken* as soekwoord intik, dui daarop dat hy inligting nodig het oor die gebruik van die deelteken, en nie soseer op soek is na die korrekte spelling van 'n spesifieke woord waarin daar 'n deelteken voorkom nie. Die aard van die inligtingsbehoefte van die gebruiker in die laaste drie gevalle spreek vanself.

Die besluit tot watter mate daar aan inligtingsbehoeftes soos blyk uit die soektogte hierbo gelys, aandag gegee gaan word in toekomstige weergawes van die *Woordelys*, is uiteraard vir die diskresie van die samesteller(s) van die *Woordelys*. 'n Baie belangrike vraag hier is: kan daar aangeneem word dat 'n toekomstige besluit oor die aard en omvang van 'n aanlyn woordelys nog steeds die tradisionele doel en aard van die lys, soos uiteengesit in Deel 1, in ag behoort te neem?

5. 'N NUWE BENADERING TOT LEMMAKEUSE EN SPELLINGLEIDING

Die benadering tot lemmakeuse vir 'n woordelys moet verskil van die lemmakeuse van 'n gewone woordeboek. By laasgenoemde val die klem op die oeroue probleem rakende watter woorde ingesluit en watter weggelaat kan word. By gewone woerdeboeke val die klem ook sterk op lemmatisering, dit wil sê die keuse van 'n lemma wat in werklikheid 'n abstraksie is en wat 'n bepaalde paradigma (moet) verteenwoordig. So, byvoorbeeld, word *hond* (die ongemerkte vorm) as lemma gekies vir die paradigma *hond*, *honde*, *hondjie*, *hondjies*. Om ekonomiese redes gebruik die gewone woerdeboek dikwels ook sekere konvensies, byvoorbeeld deur slegs die enkelvoudsvorm op te neem en meervoudsaanduiding op 'n verkorte wyse te gee, *man(s)* of *man, ~s*. Die gebruiker van 'n gewone woerdeboek of woordelys kan nie verwag om alle afleidings van 'n spesifieke woord in die naslaanbron, veral nie as lemmas nie, te vind nie.

Die klem in 'n aanlyn, elektroniese woordelys behoort egter anders geplaas te word. In teenstelling tot betekenisinligting as hoofdoel in 'n gewone woerdeboek, (het) deur betekenis-

omskrywing in 'n verklarende woordeboek of vertalekwivalente in 'n vertalende woordeboek), staan spellingleiding voorop in 'n woordelys. Betekenisinligting moet egter gegee word in dié gevalle waar verskillende spellings van 'n woord verskillende betekenisse impliseer, byvoorbeeld *wyer* (breër) versus *weier* (toestemming weerhou).

Tweedens moet die woordelys sensitief wees vir woorde wat gereeld verkeerd gespel word en kategorieë van problematiese spelaspekte. Voorbeeld van sulke kategorieë is *ei* versus *y* (*wyer/weier*), *f* versus *v* (*fel/vel*), met of sonder deelteken of kappie, (*finansieel/finansiële*), enkel- of dubbelletters (**plakaat/plakkate*), ens. 'n Uiters belangrike aspek van inligtingsoektogte is die versekering/bevestiging ("reassurance/confirmation") dat die gebruiker die woord reg gespel het en dat die gebruiker korrek gespelde woorde fisies in die lys moet kan sien. Daarvoor word 'n omvattende woordelys van byvoorbeeld die mees gebruikte, korrek gespelde 50 000 Afrikaanse woorde in die elektroniese weergawe benodig.

Só 'n woordelys moet dan deur 'n spelkontroleerde ondersteun word. Die gebruiker wat wil seker maak en die woord *onmiddellik* intik, vind die woord in die lys en kry daardeer bevestiging en vertrou dat die woordelys hom daarop attent sou maak indien daar 'n ander spelling was met 'n verskil in betekenis. Die gebruiker wat **onmiddelik* of **onmiddellik* intik word deur die spelkontroleerde die opsies *onmiddellik*, *onmiddellike*, ensovoorts aangebied. In gevalle waar verskillende spellings op verskillende betekenisse duï, moet daar klikbare skakels wees na 'n teks met meer betekenis- en produksie-inligting. So, byvoorbeeld, moet gebruikers wat *wyer* opsoek daarop bedag bedag gemaak word dat hulle ook rekening moet hou met *weier* wat 'n totaal ander betekenis het en bowendien 'n werkwoord is.

6. GEBRUIKERSLEIDING VIR DIE KORREKTE SPELLING VAN WOORDE

Vir die doel van hierdie artikel is 'n Afrikaanse korpus van 1.3 miljoen woorde saamgestel uit taakopdragte van voorgraadse Afrikaanssprekende studente en is ondersoek ingestel na woorde wat tipies verkeerd gespel word.⁴ Enkele voorbeelde is uitgesonder vir bespreking hieronder. (Die frekwensietelling van woorde in die korpus word tussen hakies aangegee.)

Dit is opvallend dat woorde dikwels op meer as een wyse verkeerd gespel word. So, byvoorbeeld, kom drie foutiewe spellings vir *plakkate* en twee elk vir *professioneel* en *interessante* voor.

plakkate (164)	*plakate (18)	*plakaate (4)	*plakkaate (9)
plakkaat (143)		*plakaat (54)	
professioneel (8)	*profesioneel (4)	*proffessioneel (1)	
professionele (20)	*profesionele (4)		
interessante (80)	*interesante (1)	*interesaante (1)	
interessant (48)	*interesaant (1)		

Die *Woordelys* gee die volgende resultate:

⁴ Ons dank aan kollegas wat die data wat in die korpus opgeneem is, aan ons beskikbaar gestel het: prof. Rinelle Evans, me. Annelie Botha en me. Linette van der Merwe.

plakkaat, ..kate
plakkaatboek, -e

Huidige soektog: **plakaat** | Resultate: 0

Huidige soektog: **interesaant** | Resultate: 0

Die konvensie om die meervoud aan te dui as ..*kate* kan op sigself misleidend wees vir relatief onervare woordeboekgebruikers. Dit mag wees dat hulle nie seker is of ..*kate* vervangend optree vir *-kkaat* of *-kaat* nie en gebruikers kan moontlik tot die foutiewe gevolgtrekking kom dat die meervoud van *plakkaat*, **plakate* is as *-kkaat* met ..*kate* vervang word.

Bloot prakties of leksikografies gesproke begaan die *Woordelys* geen fout om nie foutiewe vorme soos **plakkaate* en **profesioneel* op te neem nie, maar gegewe die groot aantal foutiewe spellings in die korpus sou dit raadsaam wees om **plakaat* en selfs **plakate* op te neem met 'n waarskuwing en riglyn na die korrekte spelling, byvoorbeeld **plakaat**: **foutiewe spelling van plakkaat**, of **plakaat**: **korrekte spelling** = *plakkaat*. Hierdie beginsel is nie onbekend in woerdeboeke nie. In die *Oxford Bilingual School Dictionary: Northern Sotho and English* (De Schryver 2007) word vorme wat gereeld verkeerd gespel word, in die lemmalys opgeneem met 'n verwysing na die korrekte vorm. Vergelyk byvoorbeeld:

waka Correct spelling = *wa ka*
yaba Correct spelling = *ya ba*

Die lemma **plakaat* kan byvoorbeeld in die alfabetiese posisie *plak* gelemmatiseer word met verwysing na die korrekte spelling, *plakkaat*. Na ons mening is dit 'n tekortkoming in die woordelys dat dit nie gebruikersleiding voorsien waar die gebruiker die verkeerde spelling in gedagte het en in die woerdeboek opsoek nie. 'n Gebruiker wat vermoed dat die korrekte spelling **plakkaate* is, sal meer as een poging moet aanwend om by die korrekte spelling uit te kom. In hierdie geval sou die gebruiker meer gebaat het by 'n goeie spelkontroleerder van Afrikaans. Gebruikers kan byvoorbeeld *plakkate* op enige manier verkeerd spel soos **plakate*, **plakaate*, of **plakkaate* soos hierbo en die spelkontroleerder sal onmiddellik korrekte opsies aanbied of die spelling outomatis korrigeer.

Meer problematies is gevalle waar verkeerde spelling en alternatiewe spellings met verskillende betekenis gelykydig voorkom soos *weier/wyer*, *verassing/verrassing*, *fel/vel*, *lei/ly*, *voorkeer/voorkeur*, *waardeer/waardeur*, ens. Tabel 1 gee 'n aanduiding van die korrekte versus foutiewe spelling in die studentekorpus van enkele willekeurig gekose woorde wat binne konteks beoordeel is vir korrektheid al dan nie.

TABEL 1: Reg gespelde versus verkeerd gespelde woorde in die ongeredigeerde studentekorpus

ly	4 uit 14 keer verkeerd gespel
lei	4 uit 100 keer verkeerd gespel
weier	1 uit 13 keer verkeerd gespel
wyer	7 uit 19 keer verkeerd gespel
voordeer	3 uit 3 keer verkeerd gespel
voorseur	0 uit 17 keer verkeerd gespel
waardeer	4 uit 39 keer verkeerd gespel
waardeur	6 uit 29 keer verkeerd gespel

In die geval van *wyer* (breér) is die woord in meer as 40% van die gevalle verkeerd gespel omdat die gebruiker *weier* (toestemming weerhou) bedoel het. Vergelyk die volgende uittreksel van konkordansielyne uit die korpus:

- N Concordance
- 1 te bewerkstellig, en in die wyer /I sin die struktuur te ver
 2 partheidsregering het egter wyer gestrek as bloot net die aa
 3 ksamen toetse. Hier moet ek wyer dink om my les te beplan omr
4 die wat is nou fout, hoekom wyer jy om jou skool klere aan t
 5 rbeeld: lank, kort, langer, wyer ensovoorts. Lewensvaardighe
6 toe dit by tandeborsel kom wyer Trudie om haar tandte te bor
 7 nder vakke. Dit het my laat wyer dink aan moontlikhede wat g
 8 s handel oor om leerders 'n wyer perspektief te gee oor die
 9 iese kanon, en ook binne 'n wyer intertekstuele konnteks" (Litn
 10 houding te kry, asook om 'n wyer perspektief te kry. Liggaam
 11 swart leerlinge, dit 'n wyer veld van leer oopgemaak 'n
 12 wees om die situasie uit 'n wyer perspektief te beskou en ai
13 staan vir skoal. Die oggend wyer Trudie nie om wakker te wor
 14 ngrik omdat dit ons leer om wyer te soek vir interessante kl
15 ngrik omdat dit ons leer om wyer te soek vir interessante kl
16 er staan Trudie op, maar sy wyer om haar skool klere aan te
17 t die bed te klim nie en sy wyer ook nie om haar skool klere
18 eet nie lekkers nie. Trudie wyer toe om op te staan en sy ho
19 beur dieselfde ding, Trudie wyer om skool toe te gaan as haa
 20 hul Engels as 'n taal van wyer kommunikasie aanleer. Onde

Die *Woordelys* gee *wyer* as deel van die afleidingsparadigma vir *wyd*.

Huidige soektog: **wyer** | Resultate: 1

wrywing, -e of -s
 wrywingkrag of wrywingskrag, -te
 wuf, -te; -ter, -ste
 wuftheid, ..hede
 wuif of wuiwe, ge-
 wuifgroet, ge-
 wulfeniet
 wulps, -e; -er, -ste
 wurg, ge-
 wurggreep, ..grepe
 worm, -s
 wormpie, -s
 WVK-agtig, -e 12.10
 WVK-sitting, -s 12.12
 wy (plettig in diens stel), ge- 6.1
wyd, wye; wyer, -ste

Die gebruiker word nie daarop gewys dat die risiko bestaan dat *wyer* met *weier* verwarring kan word nie. Omdat die betekenis van “wyd” of “wyer” nie hier gegee word nie en daar ook nie ’n kruisverwysing na “weier” is nie, kan die gebruiker wat “weier” bedoel maklik konkluderend daar net een spelling, naamlik “wyer” is. Gebruikersleiding is hier noodsaklik by wyse van ’n kruisverwysing, byvoorbeeld “sien ook *weier*”, óf deur ’n hiperskakel na ’n opspringkieslys (“pop-up menu”) óf direkte konteksleiding, *wyer* (breër) vergelyk *weier* (toestemming weier). Die feit dat *weier* glad nie in die *Woordelys* opgeneem is nie, is beslis ’n leemte.

Huidige soektog: **weier** | Resultate: 0

Gebruikers wat *weier* in die sin van “toestemming weerhou” wil gebruik maar onseker is oor die spelling daarvan, kan byvoorbeeld probeer om albei vorme *wyer* en *weier* op te soek. Die feit dat hulle dan slegs *wyer* teëkom, kan veroorsaak dat daar verkeerdelik aangeneem word dat *wyer* die korrekte spelling vir *weier* is.

Vergelyk ook *verassing* (verbranding) versus *verrassing* (onverwagte gebeurtenis). *Verassing* of ’n afleiding van hierdie woord kom tien keer in die studentekorpus voor, naamlik *verassing* (3), *verassings* (3) en *?verassende* (4).

Die gebruiker wat *verassing* opsoek vind die resultaat: *verassing, -e of -s*. Indien hy egter *verrassing* opsoek is daar geen resultate nie:

Huidige soektog: **verrassing** | Resultate: 0

In al tien gevalle waar studente *verassing/verassings/?verassende* gebruik het, was die bedoeling ’n handeling wat *verras* en nie die verbranding van ’n lyk nie.

- 1 sy wou graag weet wat die **verassing** is. Bennie vertel haar t
- 2 die manier versier geen **verassings** nie en alles wat gebeur
- 3 ders gepak het. Die groot **verassing** van die dag was die Towe
- 4 Bennie vir Lettie van ’n **verassing**. Dit het Lettie baie nuu
- 5 Wolf vra: “Hou julle van **verassings**?” Thandi en Nina se ja ’n
- 6 Verseboek is steeds vol **verassings** en sal altyd ’n digbunde

- 7 van die karakter. “Die **verassende** kompleksiteit word bygev
 8 n kom die skrywer met ’n **verassende** einde. Dit bevat element
 9 se aandag te hou met ’n **verassende** oplossing waar die skuld
 10 karakters en kan lei tot **verassende** aspekte van die karakter

In ’n koerantkorpus is *verassing* 50 keer in die eerste honderd voorkomste, dit wil sê in 50% van die gevalle verkeerd gebruik, naamlik om na *verrassing* te verwys, en selfs in die korpus van die Taalkommissie self is *verassing* 3 uit 31 (10%) keer verkeerd gebruik.

Statistiek soos hierdie beklemtoon die omvang van die probleem en die dringende behoefte aan duidelike en sterk gebruikersleiding in ’n woordelys, en spesifiek dat daar kruisverwysings tussen *veras* en *verras* en hulle afleidings gegee moet word.

Daar kan geargumenteer word dat die *Woordelys* wel voorsiening maak vir *verassing* en *verrassing* in die sin dat dit uit die alfabetiese konteks afgelei kan word met die inskrywings vir *veras*, *verras* en hulle afleidings.

veras, -te
veras (verbrand), het –
verassing, -e of -s

verras, het –
verras, -te
verrassend, -e
verrassinkie, -s

Daar kan egter nie van die gebruiker wat inligting onmiddellik en direk verlang, verwag word om die alfabetiese kontekste vir *veras* en *verras*, wat nie onderling van eksplisiete kruisverwysings voorsien is nie, raak te sien nie. Die gevaar hier is dus dat gebruikers wat onseker is oor die spelling van die veelgebruikte woord *verrassing*, en dit direk opsoek, (*verrassing* en nie via *verras* nie), nie gewaarsku word dat hulle by die laefrekvensie-woord wat “lykverbranding” beteken in die *Woordelys* beland het nie. Die voorkomste van *verras* versus *veras* in die Taalkommissiekorpus dui daarop dat die frekwensie van *verras* 30 keer hoër is as *veras*, vergelyk *verras* (950) versus *veras* (31) en in die koerantkorpus 5 445 keer teenoor 352. Die *Woordelys* moet sodanige direkte toegang bied vir die eenmalige gebruiker (“casual” of “on the fly user”), dit is die gebruiker wat nie noodwendig die woordvormings-/spellingreëls wil bestudeer of selfs bereid is om tipiese leksikografiese lemmatiseringsreëls of selfs die alfabetiese konteks te bestudeer nie. Gebruikers wil bloot weet of hulle *verrassing*, in die betekenis “onverwagte gebeurtenis”, reg spel. In hierdie geval is die grootste leemte dus dat *verrassing* nie in die *Woordelys* gelemmatiseer is nie. Die gebruiker kan dus verkeerdelik aflei dat *verassing* die korrekte spelling vir *verrassing* is.


Die gebruiker sou in hierdie spesifieke geval meer baat gevind het by *Google Translate* wat vir *verrassing* die vertalekwivalent *surprise* aanbied en vir *verassing* *cremation*. Gebruikers benodig egter ’n betroubare inligtingsbron wat hulle nie sal mislei of soms die verkeerde antwoord gee nie. *Google Translate* sit byvoorbeeld die pot mis ten opsigte van *wyer* en *weier* wat albei met *refuse* vertaal word, *voorkeer* met *for once* en *lei* met *slate*. ’n Hersiene *Woordelys* kan hierdie leemte vul.

Die krag van die *Woordelys* lê in sy gesag as normeerder vir korrekte spelling in Afrikaans. Dit moet beslag vind in reëls maar ook ondersteun word deur ’n omvattende woordelys van korrek gespelde woorde waardeur gebruikers seker kan wees dat hulle nie alleen die reël reg toegepas het nie, maar dat die eindproduk wel korrek gespel is en die toepaslike spelling is vir die betekenis wat hulle in gedagte gehad het. ’n *Woordelys* van byvoorbeeld die mees

gebruikte 50 000 Afrikaanse woorde met hiperskakels waar toepaslik, sou uitnemend hieraan voldoen. 'n Moontlike benadering sou wees om frekwensielyste handmatig deur te werk en met 'n spelkontroleerde te vergelyk.

7. DIE WOORDELYS IN VERGELYKING MET LEKSIKOGRAFIESE LINIALE VIR AFRIKAANS

Heelwat navorsing is deur Prinsloo en De Schryver (2002, 2003) oor leksikografiese liniale vir Afrikaanse woordeboeke gedoen. Hierdie liniale gee 'n aanduiding van die relatiewe grootte van Afrikaanse alfabetiese strekke in verhouding tot mekaar. So, byvoorbeeld, is die kategorieë B, K, S en V relatief groot terwyl C, J, Q, X en Z relatief klein is. Vir die doel van hierdie artikel is 'n leksikografiese liniaal vir die AWS saamgestel en met liniale vir die TK korpus en 'n koerantkorpus vergelyk. Daar is bevind dat die drie liniale tot 'n groot mate ooreenstem en dat die AWS gevoldglik in terme van hierdie liniale die nodige balans ten opsigte van woorde in die verskillende alfabetiese kategorieë gehandhaaf het.



Figuur 1: Leksikografiese liniale vir TK, Koerantkorpus en die AWS

TABEL 2: Persentasie woorde per alfabetiese kategorie in TK, Koerantkorpus en die AWS

	TK	Koerantkorpus	AWS
A	5.37	4.82	4.7
B	7.51	7.54	7.3
C	1.93	2.21	0.8
D	4.41	5.06	5.7
E	2.84	2.74	3.5
F	2.06	1.85	2.1
G	4.99	5.33	5.2
H	4.28	4.26	3.3
I	2.45	2.14	2.8
J	1.09	1.18	0.9
K	6.94	6.58	10.1
L	3.86	3.62	3.5
M	5.76	6.67	4.9
N	2.8	3.34	2.6
O	5.46	4.57	5.2
P	5.36	4.81	7.6
Q	0.09	0.12	0.1
R	4.38	4.2	4.1
S	11.28	11.32	9.2
T	4.83	4.99	5.1
U	1.18	1.16	1
V	6.74	6.83	7.2
W	3.74	3.87	2.9
X	0.13	0.06	0.1
Y	0.23	0.29	0.2
Z	0.3	0.41	0.1
	TK	Burger&Beeld	AWS

Daar kan uiteraard nie sonder meer verwag word dat daar 'n eksakte korrelasie tussen woorde in 'n korpus en die woorde wat geselecteer is met die oog op spellingleiding in die *AWS* sal wees nie. By gebrek aan ander duidelike riglyne vir die opname al dan nie van woorde in die *Woordelys*, sou so 'n liniaal wel één van die kriteria kon wees. 'n Mens sou dan kon verwag dat 'n groter kategorie soos S ook meer woorde sal bevat waarvoor spellingleiding nodig is as 'n kleiner kategorie soos J.

8. SAMEVATTING

Dat die *AWS* en spesifiek die *Woordelys* van groot waarde vir die Afrikaanssprekende en -skrywende is, val nie te betwyfel nie. Vir 'n eeu reeds dien dit as gesaghebbende bron vir standaardisering en normering van Standaardafrikaans. Deur 'n aanlyn weergawe van die woordelysgedeelte aan gebruikers beskikbaar te stel, gee die samestellers reeds 'n eerste tree om te voorsien in die behoeftes van die gebruikers van leksikografiese inligtingsbronne wat in die inligtingsera daaraan gewoond geraak het om korrekte inligting direk en vinnig te bekom. Om in die snel ontwikkelende era van e-leksikografie relevant te bly, staan die samestellers van die *Woordelys* onder 'n verpligting om die moontlikhede wat deur die elektroniese media gebied word, maksimaal te ontgin. Ideaal gesproke, behoort die *Woordelys* 'n kombinasie te wees van 'n standaardlys van die 50 000 mees frekwente, korrek gespelde Afrikaanse woorde, aangevul met woorde wat dikwels verkeerd gespel word, soos deur korpusondersoek uitgewys en woorde waar verskillende spellings verskillende betekenisse impliseer. Dié lys kan ook verder uitgebrei word deur woorde wat introspektief deur die samestellers as problematies geïdentifiseer is.

Aangesien die Standaardafrikaanse uitspraak sedert 1917 pertinent genoem word as 'n rede vir die insluiting van woorde, stel ons laastens voor dat toekomstige weergawes van die *AWS* meer uitspraakleiding verskaf. Die aanlyn webwerf kan dan ook klanklêers aanheg van problematiese woorde soos byvoorbeeld *weliswaar*, *sinister* en *veras*.

BIBLIOGRAFIE

- Bergenholtz, H. & Gouws, R. H. 2010. A new perspective on the access process. *Hermes. Journal of Language and Business Communication*, 44:103-127.
- Bergenholtz, H. & Johnsen, M. 2007. Log files can and should be prepared for a functionalistic approach. *Lexikos*, 17:1-20.
- Bothma, T.J.D., Gouws, R.H. & Prinsloo, D.J. 2016. *The role of e-lexicography in the confirmation of lexicography as an independent and multidisciplinary field*. Kongresverrigtinge van die 17de Internasionale EURALEX Kongres, 6-10 September 2016. Tbilisi. Georgië.
- De Schryver, G-M. 2007. *Oxford Bilingual School Dictionary: Northern Sotho and English/Pukuntšu ya Polelopedi ya Sekolo: Sesotho sa Leboa le Seisimane. E gatišišwe ke Oxford*. Cape Town: Oxford University Press Southern Africa.
- De Schryver, G-M & Joffe, D. 2004. On How Electronic Dictionaries are Really Used. Williams, G. & S. Vessier (eds). 2004. *Proceedings of the Eleventh EURALEX International Congress, EURALEX 2004, Lorient, France, July 6–10, 2004*:187-196. Lorient: Faculté des Lettres et des Sciences Humaines, Université de Bretagne Sud.
- Fuertes-Olivera, P. & Bergenholtz, H. (eds). 2011. *e-Lexicography: the internet, digital initiatives and lexicography*. London: Continuum International Publishing Group.
- Gouws, R.H. & Prinsloo, D.J. 2005. *Principles and practice of South African lexicography*. Stellenbosch: African Sun Media.
- Haas, M.R. 1962. What belongs in the bilingual dictionary? In: Householder, F.W. & S. Saporta (eds). *Problems in Lexicography*. Bloomington: Indiana University. 1962:45-50.

- Odendaal, B.G. 2012. Die herstandaardisering van Afrikaans: 'n Praktiese benadering met die AWS as gevallenstudie. Ongepubliseerde proefskerif. Universiteit van Stellenbosch.
- Odendaal, G. 2016. Die rol van die US se Departement Afrikaans en Nederlands in die ontwikkeling van die Afrikaanse leksikografie: die Nederlands-Afrikaansstryd gedurende die aanvangsjare. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 56(1):257-276.
- Pharos. 2010. *Afrikaanse woordelys en spelreëls*. [Aanlyn]. Beskikbaar: <http://www.woordelys.co.za/> [11 November 2016].
- Prinsloo, D.J. & de Schryver, G-M. 2002. Designing a Measurement Instrument for the Relative Length of Alphabetical Stretches in Dictionaries, with special reference to Afrikaans and English. Tenth Euralex International Congress, Copenhagen, Denmark, August 2002: 483-494.
- Prinsloo, D.J. & de Schryver, G-M. 2003. Effektiewe vordering met die Woordeboek van die Afrikaanse Taal soos gemeet in terme van 'n multidimensionele Liniaal. In Botha, W. (red.). 2003. *'n Man wat Beur: Huldigingsbundel vir Dirk van Schalkwyk*, pp. 106-126.
- Tarp, S. 2009. Reflections on lexicographic user research. *Lexikos*, 19:257-296.
- Tarp, S. 2011. *Lexicographical and other e-tools for consultation purposes: towards the individualization of needs satisfaction* in Fuertes-Olivera, P. & Bergenholz, H. (eds), pp. 54-70.
- ViVA Virtuele instituut vir Afrikaans <http://viva-afrikaans.org/index/php>

Die aard, doel en omvang van die Afrikaanse Woordelys en Spelreëls. Deel 1

The nature, goal, and scope of the Afrikaanse Woordelys en Spelreëls. Part 1

GB (GERHARD) VAN HUYSSTEEN

Sentrum vir Tekstegnologie (CTexT)

Potchefstroomkampus

Noordwes-Universiteit

E-pos: gerhard.vanhuysteen@nwu.ac.za



Gerhard van Huyssteen

GERHARD VAN HUYSSTEEN is professor in Afrikaanse taalkunde en taaltegnologie aan die Noordwes-Universiteit. Hy dien sedert 2005 op die Taalkommissie van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns en is tans voorsitter van dié liggaaam. Vanaf 2009–2014 dien hy ook op die paneel van mensetaaltegnologiekundiges van die Departement Kuns en Kultuur. Hy is onder andere ontvanger van die Elizabeth Eybers-beurs, die CL Engelbrecht-prys vir taalkundeneavorsing vir sy aandeel in die publikasie van die *Afrikaanse Woordelys en Spelreëls*, en die Stalsprys vir multi- en interdissiplinêre spanwerk. Hy het al verskeie grootskaalse, internasionale multimiljoenrandprojekte geleid, waaronder projekte vir Microsoft, MTN en die Suid-Afrikaanse regering. Van Huyssteen is veral bekend vir sy bydrae as taalkundige in die ontwikkeling van tekstegnologietoepassings en verskeie elektroniese hulpbronne vir Afrikaans, asook as konseptualiseerder, samesteller en beoordelaar van die kykNET-programme *Op die Spel*.

GERHARD VAN HUYSSTEEN is professor in Afrikaans linguistics and language technology at the North-West University. Since 2005, he served in the “Taalkommissie” (Language Commission) of the “Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns” (South African Academy for Science and Arts), and is currently chair of this commission. He has also served in the Human Language Technology Expert Panel of the Department of Arts and Culture from 2009–2014. He is the recipient of, among others, the Elizabeth Eybers Bursary, CL Engelbrecht Award for linguistic research for his contribution to the publication of the *Afrikaanse Woordelys en Spelreëls*, and the Stals Award for multi- and interdisciplinary team work. He has initiated and led numerous large-scale, international, multimillion rand projects for institutions like Microsoft, MTN and the South African government. Van Huyssteen is known for his contribution as a linguist in the development of text technology applications and various resources for Afrikaans, as well as conceptualiser and developer of the kykNET programme *Op die Spel*.

ABSTRACT

The nature, goal, and scope of the Afrikaanse Woordelys en Spelreëls. Part 1

When the first Afrikaanse woordelys en spelreëls (AWS) was conceived more than a hundred years ago, it was not yet standard practice to explicate the nature, goal and scope (for example with regard to inclusion and elimination criteria) of dictionaries explicitly in a dictionary conceptualisation plan. Through the years, the compilers of the AWS (i.e. the Language Commission ("Taalkommissie" (TK)) of the "Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns") provided in the respective forewords of each new edition of the AWS indications of their specific perspectives, goals and methodologies. Until 2006, no internal (or public) dictionary conceptualisation plan of the AWS existed.

From 2006 onwards, the TK endeavoured to compile a style guide (addressing matters such as the sequence of dictionary tags, alphabetisation, sequence of disjunctively and conjunctively written forms, treatment of clippings, typography, etc.), as well as methodological guidelines for inclusion and elimination of lemmas in the word-list section of the AWS. None of these documents have been formally approved by the TK, or have been released in the public domain. The aim of this article is to organise and interpret some of the information contained in these documents, to construct an operationalisation framework, and to make this information available for scientific scrutiny.

With regard to the nature of the AWS (as a so-called spelling or orthography dictionary), it is characterised within a broader dictionary typology as a limited, monolingual, synchronic, linguistic-encyclopaedic reference work. As such, it shares certain similarities with standard monolingual dictionaries, specifically regarding the normative character of some of these dictionaries. One can therefore also say that it is the primary goal of the AWS to set norms and standards for using present-day, written, formal Standard Afrikaans.

Regarding the scope of the word-list section of the AWS, this article argues that lemmas in the AWS has a bipartite function, serving simultaneously as macro- and microstructural dictionary elements. Numerous inclusion and elimination criteria that determine the scope of the AWS are discussed and illustrated with examples from the AWS.

Macrostructural criteria include: (1) lexical items that could present potential spelling problems and problems of style; (2) the status of lexical items (taking the distribution and frequency of a lexical item in corpora into account); (3) lexical items that should be included for the sake of completing certain paradigms in the AWS (e.g. derivations of language names); (4) illustration material in the rule section of the AWS; and (5) physical limitations in the scope of a to-be-published book, set by a publisher.

Microstructural criteria include: (1) linguistic correctness/motivation of lexical items; (2) institutionalisation of lexical items in other dictionaries; (3) frequency of lexical items (and specifically variant lemmas) in a variety of corpora; and (4) the dictionary style and editorial policy of the AWS.

A few statistical models and techniques that could be considered by the TK when analysing corpus data are also discussed. The article concludes with a summative table that could serve as an operationalised frame of reference for the AWS. A few topics for further future research are also included.

KEYWORDS:

Afrikaans; Afrikaanse Woordelys en Spelreëls (AWS); elimination criteria; inclusion criteria; lexicography; normative linguistics; orthography; Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns (SAAWK); Taalkommissie (TK)

TREFWOORDE: Afrikaans; *Afrikaanse Woordelys en Spelreëls* (AWS); elimineringskriteria; leksikografie; normatiewe taalkunde; opnamekriteria; ortograafie; Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns (SAAWK); Taalkommissie (TK)

OPSOMMING

Toe die eerste *Afrikaanse woordelys en spelreëls* (AWS) meer as honderd jaar gelede gekonsipieer is, was dit nog nie standaard praktyk om die aard, doel en omvang van woordeboeke duidelik, omvattend en sistematies uit te spel in 'n woerdeboekkonseptualiseringplan nie. In 2006 het die TK begin om twee dokumente saam te stel, naamlik 'n stylgids (waarin kwessies soos die volgorde van etikette, alfabetisering, volgorde van los-, vas- en koppeltekenskryfvorme, inkortings, tipografie, en so meer aangeraak word) en riglyne vir die TK (waarin opname- en elimineringskriteria vir lemmas in die woordelysgedeelte van die AWS bespreek word). Geen van beide is tot op datum van publikasie van hierdie artikel formeel deur die TK goedgekeur of in die openbare domein beskikbaar nie. Die doel van hierdie artikel is om van daardie inligting te organiseer, daarop uit te brei en as 'n operasionaliseringsraamwerk te formuleer. Met betrekking tot die aard van die AWS word die AWS binne 'n groter woerdeboektipologie gekarakteriseer as 'n beperkte, eentalige, synchroniese, linguistiese-ensiklopediese naslaanbron. Die belangrikste doel van die AWS is om norme daar te stel vir die gebruik van hedendaagse, geskrewe, formele Standaardafrikaans. Met betrekking tot die omvang van die woordelysgedeelte in die AWS word daarop gewys dat lemmas in die AWS 'n dubbele rol as woerdeboekskrywings vervul, naamlik as makro- én mikrostrukturelemente. Verskeie opname- en elimineringskriteria wat die omvang van die AWS bepaal, word bespreek en aan die hand van verskeie voorbeeldte toegelig.

1. INLEIDING

In sy resensieartikel oor die negende uitgawe van die *Afrikaanse Woordelys en Spelreëls* (AWS)⁹ skryf Van Sterkenburg (2004:428): "Verder is de woordenlijst uitgebreid met nieuwe lemma's en met meer afleidingen en samenstellingen. Maar, over de wijze van selectie daarvan geenwoord." Hy beveel dan ook verder aan: "Je moet als commissie een referentiekader hebben waaraan je alles kunt toetsen" (Van Sterkenburg 2004:428). In die moderne leksikografiepraktyk word so 'n verwysingsraamwerk idealiter a priori in die leksikografiese stylgids (Bergenholtz 1990) omskryf, wat deel van die woerdeboekkonseptualiseringplan (Gouws & Prinsloo 2005:14) van enige woerdeboek is.

Toe die eerste AWS meer as honderd jaar gelede gekonsipieer is, was dit nog nie standaardpraktyk om die aard, doel en omvang (byvoorbeeld opname- en elimineringskriteria vir lemmas in die woordelysgedeelte) van woerdeboeke duidelik, omvattend en sistematies uit te spel in 'n konseptualiseringplan nie. Die enigste aanduiding oor die aard van AWS¹ vind ons in die voorwoord:

Maar hoewel die spelreëls [wat op 18 September 1915 deur die Suidafrikaanse Akademie vir Taal, Lettere en Kuns goedgekeur is] die algemene beginsels bevat, is dit op sigself nie voldoende nie. Daar blij nog altoos baing gevalle van spelling oor wat veel beter in 'n aparte woordelijs kan behandel word, omdat sodanige vorme daar veel makliker te vind is. Daarom het die Akademie ... opdrag gegee ... om 'n Afrikaanse woordelijs saam te stel, in aansluiting bij, en ter aanvulling van die ... spelreëls. (AWS¹:IV-V)

Oor die doel – en veral die teikengebruikers – is dit duidelik dat die eerste Taalkommissie (TK) hom rig op die volwasse wording van Afrikaans as (veral) onderwystaal:

Vanself dus wil ons sôre dat ons taal in ieder opsig tot sij reg kom; dat dit die draer word van ons kultuur. Vandaar dat ons in die eerste plaas ons oog rig op die onderwijs. (AWS¹:III)

Reeds in AWS¹ identifiseer die TK een van die belangrikste riglyne wat die omvang van die AWS oor die volgende eeu sou bepaal, naamlik dat prioriteit gegee word aan woorde wat potensieel spellingprobleme oplewer:

Wat die aantal woorde betref, is dit die samestellers nie in die eerste plaas daarom te doen gewees om 'n volledige lys te gee van al die gebruiklike Afrikaanse woorde nie. ... Daarom het die samestellers hul veral bepaal bij die woorde, wat in meer of minder mate spellingmoeilikheid oplewer. Daarnaas is egter ook gestreef na 'n redelike mate van volledigheid. ... Maar die grenslyn is dikwels vaag; en hoe maklik word 'n woord nie uitgelaat als 'n lys vir die eerste keer saamgestel word nie. Die opname van vreemde woorde is met opset beperk, om die deur nie al te wijd oop te sit nie. (AWS¹:VI)

Twee ander kriteria, naamlik frekwensie en algemeenheid, word ook (hoewel indirek) reeds in die voorwoord van AWS¹ gestel, en dit is twee beginsels wat 'n eeu later – soos in hierdie artikel sal blyk – steeds geld:

Wie 'n wordelijks saamstel van woorde wat nog in algemene gebruik is, en daarby probeer om die mees algemene uitspraak weer te gee ... so iemand neem 'n lastige taak op hom.... Een versekering kan die samestellers darem gee, en dit is dat hul altoos daarna gestreef het om, na hul beste wete, die gebruiklikste, dus die beste uitspraak weer te gee. Waar verskillende uitsprake ewe gewoon is – wat dikwels die geval is, veral met 'n jong taal – daar is ook verskillende vorme opgeneem. Te veel vrijheid kan nie gegee word nie; dit stig net verwarring. Aan die ander kant mag ons nie ons taal in 'n dwangbuis forseer nie. (AWS¹:V-VI)

Met verloop van die jare is daar in elke voorwoord van elke nuwe uitgawe van die AWS duidelik gemaak wat die sienings en werkwyse van die TK('s) van daardie spesifieke uitgawe was (vergelyk ook McLachlan 2016). Behalwe vir oorlewering van TK tot TK of uitgawe tot uitgawe van die AWS, en behalwe vir besluite wat opgeteken is in die notules van TK-sittings (vergelyk Van Rensburg 2017), het daar tot en met 2006 geen formele stylgids of konseptualiseringplan vir die AWS bestaan nie.

In 2006 het die TK begin om twee dokumente saam te stel:

- *Stylgids*: In hierdie dokument is kwessies soos die volgorde van etikette, alfabetisering, volgorde van los-, vas- en koppeltekenskryfvorme, inkortings, tipografie, en so meer aangeraak. Die doel van die dokument is veral om inkonsekwenhede in die AWS te probeer uitskakel en is aanvanklik deur Mariëtta Alberts opgestel (en daarna verder uitgebrei en onderhou deur veral Gerhard van Wyk en Herman Beyer).
- *Riglyne vir die Taalkommissie*: Daar is begin om geformaliseerde riglyne, wat as opname- en elimineringskriteria vir lemmas in die woordelysgedeelte kan dien, vir die TK neer te lê. Ek en Tom McLachlan was die aanvanklike outeurs van dié dokument.

Beide hierdie dokumente is dinamiese dokumente wat steeds organies groei; geen van beide is tot op datum van publikasie van hierdie artikel formeel deur die TK goedgekeur en as final

“afgeteken” nie. Soos wat nuwe gevalle hulle voordoen, of soos nuwe insigte in die werkwyse van die TK verkry word, word die dokumente dienooreenkomsig aangepas.

In hierdie artikel is die fokus laasgenoemde dokument. Die doel van die artikel is om die inligting daarin na my eie siening te organiseer, daarop uit te brei en as 'n operasionaliseringsraamwerk te formuleer. In Van Huyssteen (2017) illustreer ek die toepassing daarvan aan die hand van 'n toetsgeval. As sodanig is hierdie artikel dus my persoonlike (kritiese) beskouing van die aard, doel en omvang van die AWS en die werkwyse van die TK in die periode 2006 tot 2016. Ofskoon hierdie artikel van interne TK-dokumentasie gebruikmaak, is en bly dit my persoonlike interpretasie en verteenwoordig dit nie die amptelike standpunt van die TK nie; enige denk- of berekeningsfoute moet dus voor my deur gelê word. Ek hoop egter om hiermee van die kennis en werkwyse van die TK in die openbare domein beskikbaar te stel, sodat dit ook aan die normale praktyk van die wetenskaplike proses onderwerp kan word. Hopelik dra dit op dié wyse by tot die vakkundige diskouers oor die AWS en ander spelling- of ortografiewoordeboeke soos die AWS, ten einde uiteindelik tot nuwe insigte en metodologieë te lei.

In afdeling 2 word die aard van die AWS in oënskou geneem, met spesifieke verwysing na die AWS se plek in 'n groter woordeboektipologie en die ooreenkomste wat dit met standaard verklarende woordeboeke vertoon. Afdeling 3 sluit hierby aan waar besin word oor die doel van die AWS, ook met spesifieke aandag aan die normatiewe aard en preskriptiewe funksie van 'n bron soos die AWS. In afdeling 4 word verskeie opname- en elimineringeskriteria wat die omvang van die woordelysgedeelte in die AWS bepaal, bespreek en aan die hand van verskeie voorbeeldelike toegelig. Die artikel word afgesluit met 'n samevattende tabel wat myns insiens as geoperasionaliseerde “referentiekader” vir die AWS kan dien (dit is deur Van Sterkenburg (2004:428) as 'n leemte uitgewys), asook met 'n lys onderwerpe wat in die toekoms verder nagevors kan word.

2. DIE AARD VAN DIE AFRIKAANSE WOORDELYS EN SPELREËLS

By gebrek aan empiriese gegewens oor gebruikers se siening van wat die AWS is of behoort te wees, word die aanname hier gemaak dat daar uiteenlopende sieninge is oor die aard van die AWS. Daar word gepostuleer dat sommige gebruikers dit sien as 'n woordeboek, ander as 'n naslaanbron, ander as 'n reëlboek; dat sommige wil hê dit moet 'n normatief-preskriptiewe handleiding wees, terwyl ander wil hê dit moet 'n synchronies-deskriptiewe beeld van hedendaagse Afrikaans weergee. Sulke uiteenlopende verwagtinge is nie vreemd ten aansien van 'n normatiewe bron soos die AWS nie.

Hierdie verskillende verwagtinge lei veral tot verwarring oor wat van die TK verwag word om te doen en hoe dit gedoen moet word. Dié kwessie kan gedeeltelik uitgeklaar word deur 'n duidelike en eenduidige karakterisering van die aard van die AWS te gee.

Aangesien die AWS primêr uit twee dele bestaan (d.i. die woordelys en die spelreëls), het dit 'n distinktiewe karakter, sodat dit nog as woordeboek, nog as grammatica/handboek beskou kan word. Dit is eerder 'n hibridiese naslaanbron met eienskappe van sowel woordeboeke as taalkundige grammatikas en selfs 'n ensiklopedie, soos hier onder aangedui sal word (vergelyk die inhoudsopgawe van AWS¹¹).

Gebaseer op die bekende tipologie van Zgusta (1971), kan die AWS (en moontlik ook ander sogenaamde spelling- of ortografiewoordeboeke (Singh 1982)) geklassifiseer word as 'n beperkte, eentalige, synchroniese, linguisties-ensiklopediese naslaanbron:

- **Beperk:** Die beperking van die AWS lê daarin dat dit
 - 'n beperkte skopus het –
 - in diewoordelys word slegs 'n beperkte deel van die volledige Afrikaanse leksikon beskryf, te wete
 - leksikale items in geskrewe, formele Standaardafrikaans
 - waar daar moontlik twyfel kan wees oor die
 - skryfwyse/spelling; en/of
 - status; en
 - in die spelreëls word slegs reëls opgeneem met betrekking tot die ortografiese konvensies van Afrikaans, terwyl sintaktiese, semantiese en pragmatiese aspekte (soos woordvolgorde, betekenisuitbreiding en styl) nie in die AWS bereël word nie – en
 - 'n beperkte doel het (kyk afdeling 3 hier onder).
- **Eentalig:** Die AWS fokus slegs op Afrikaans, sonder om vertalings in ander tale aan te bied. Vir die eerste keer in honderd jaar bevat sommige van die bylae in AWS¹¹ wel 'n Engelse vertaalekwivalent, soos die Engelse landname en name van elemente in die periodieke tabel. Die insluiting van Engelse vertaalekwivalente verander egter nie aan die eentalige aard en doel van die AWS nie; dit kan eerder as ensiklopediese inligting gesien word wat toeligtend is tot die Afrikaanse inskrywings (sien hier onder).
- **Synchronies:** Die AWS fokus slegs op hedendaagse Afrikaans. Die AWS word met gereelde tussenposes hersien en bygewerk om juis veranderinge in die woordeskatafotografie op te teken.
- **Linguisties-ensiklopedies:** Benewens die alfabetiese woordelys, bevat die AWS ook ensiklopediese inligting, waarvan die spelreëls en die bylae die belangrikste is. Die spelreëls is weliswaar linguistiese inligting, maar dit word op ensiklopediese wyse aangebied (tipies alfabeties gerangskik volgens die aspekte van die ortografie, maar met besprekings, kommentaar, opmerkings, voorbeeld, uitsonderings, en so meer). Hiernaas verskyn daar ook van tyd tot tyd bylae in die AWS, soos 'n afkortingslys (vanaf AWS⁵), lys buitelandse geografiese eiename en hulle afleidings (vanaf AWS⁹), terminologielys (vanaf AWS⁹), riglyne vir die skryf van Omgangsafrkaanse woorde (vanaf AWS⁹), riglyne vir transliterasie (vanaf AWS¹⁰), en so meer. Vanaf AWS¹¹ word nog meer ensiklopediese inligting ingesluit (dikwels met Engelse vertaalekwivalente as toeligtende materiaal daarby), soos die lys met elemente in die periodieke tabel; 'n lys met plekname in die Ooste; 'n lys met landname, hulle geldeenheid en ISO-kodes; en gebruiksriglyne vir die SI-stelsel. Die ensiklopediese aard van sommige van hierdie inligting blyk onder andere uit die organisering daarvan: Die bylae met plekname in die Ooste is byvoorbeeld nie alfabeties gerangskik soos wat 'n mens in 'n tradisionele (linguistiese) woordeboek sou verwag nie, maar volgens land, provinsie/streek, ensovoorts. 'n Gebruiker sou ook AWS¹¹ kon gebruik om te sien watter lande in 2017 deur die Verenigde Nasies erken is, of wat die geldeenheid van 'n bepaalde land is. In 'n tradisionele linguistiese woordeboek sal sulke inligting nie tematies aangebied word nie, maar eerder alfabeties.

Die AWS toon verder ook bepaalde ooreenkoms met standaard verklarende woordeboeke/handwoordeboeke. Opsommend kan die volgende karakteristieke van sodanige woordeboeke wat op die AWS (in die geheel) van toepassing is, genoem word (na aanleiding van Gouws 1989:69-70):

- Vanweë die gerigtheid van sodanige woordeboeke om 'n weergawe van die standaardtaal te gee, het dit 'n duidelike **normatiewe karakter**.
- As normatiewe naslaanbron word dit as 'n **gesaghebbende bron** beskou (kyk hier onder).
- **Betekenisverklarings en lektiese variasie** (byvoorbeeld sosiolekte en dialekte, asook vak- en ander kringtale) val buite die AWS se regstreekse reikwydte (en wanneer uitsonderings hierop gemaak word, geld gebruiksfrekvensie as kriterium, en word die lemma dikwels van 'n etiket voorsien).
- Die AWS is op **die hede en die toekoms** gerig en gee dus min aandag aan etimologiese en historiese inligting of aan verouderde taalgebruik.
- Dit het primêr 'n **preskriptiewe funksie** omdat dit nie net 'n aanduiding gee van hoe die taal in die hede gebruik word nie (die deskriptiewe funksie), maar ook hoe dit na verwagting nog vir 'n tyd lank gebruik sal word.

Laasgenoemde punt is veral van kernbelang vir die AWS, aangesien dit saamgestel word deur die TK, as geïnstitutionaliseerde liggaam wat die ortografie en skryfkonvensies van Afrikaans bepaal. Ofskoon die status van die TK en AWS nooit direk deur middel van wetgewing geïnstitutionaliseer is nie (soos byvoorbeeld die geval in Nederland deur middel van die Spellingwet (Nederland 2005) is), het 'n formele proklamasie van die Sekretaris van Onderwys op 15 September 1932 bepaal dat die *Woordeboek van die Afrikaanse Taal* (WAT) die Taalkommissies spelling moet aanvaar. Hierdie gesag van die TK oor die spelling en skryfwyse van Afrikaans is in 1933 verder bevestig toe die toenmalige minister van Binnelandse Sake, JH Hofmeyr, opdrag aan die staatsvertaler gegee het om die TK-spelling in alle staatspublikasies te volg (Van Rensburg 2017). In die Wet op die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns (54 van 1959) is ook bepaal dat, ten einde sy oogmerke te bereik, die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns (SAAWK) "norme [kan] bepaal ten bate van die gebruik en ontwikkeling van die Afrikaanse taal in al sy funksies".

As sodanig was dit nog altyd die TK se eksplisiete opdrag om die spellingkonvensies van Afrikaans te bepaal en te bereël. In 'n reglement van die SAAWK (hersiene weergawe goedgekeur in September 2015) word die mandaat van die TK bepaal:

Die Taalkommissie is die liggaam van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns wat hom, onderworpe aan die gesag van die Akademieraad, besig hou met die voortgesette standaardisering en beskrywing van Standaardafrikaans as gebruiksvariëteit, met inbegrip van die spelling, skryfwyse, punktuasie en grammatika daarvan, en van die variëteite van verskillende gebruikersgroepes. Hierdie werksaamhede sluit advies en voorligting oor Standaardafrikaans aan die Akademie en die breë publiek in.

Gegewe hierdie normatiewe opdrag van die TK en die preskriptiewe aard van die AWS, en gegewe die dinamiek van taal en taalgebruikers, is dit nie verbasend dat daar dikwels 'n spanning tussen (ingeligte) taalgebruikers (die "skrywende volk", byvoorbeeld subredakteurs, terminoloë, leksikograwe, vertalers, ensovoorts) se heersende praktyk en die AWS se norme/reëls kan ontstaan nie. Ten einde hierdie spanning op te los, is dit dus noodsaaklik dat sowel die TK as eindgebruikers 'n ooreenstemmende siening moet hê van wat die doel van die AWS is.

3. DIE DOEL VAN DIE AWS

Die doel van die AWS is tweërlei van aard, naamlik om:

- (1) (preskriptiewe) norme daar te stel vir die gebruik van hedendaagse, geskrewe, formele Standaardafrikaans; en
- (2) as ekspertnaslaanbron oor skryfnorme vir gebruikers van Afrikaans te dien.

Die AWS is die resultaat van die TK se normeringswerk in Afrikaans oor meer as 'n eeu en word beskou as "dié normatiewe gesagsbron oor Afrikaanse spelling" (Carstens 2011:146). Ten spyte hiervan is daar soms steeds kritiek dat die AWS nie normatief genoeg is nie: "Ik vind dat die 'Taalkommissie' niet prescriptief of normatief genoeg is geweest. Er blijft veel te veel optioneel; er blijft ook veel te veel variatie toegestaan" (Van Sterkenburg 2004:430, oor AWS⁹).

Oor die verwagtinge van eindgebruikers merk Heid et al. (2004) op: "The most important criterion is the user perspective: the intended use and usergroup of a dictionary, the prior knowledge and the needs of the users." Drie aspekte moet hiervolgens in gedagte gehou word:

- **Gebruikersgroep:** By gebrek aan gebruikersgebaseerde navorsing oor die AWS, word dit in hierdie artikel aanvaar dat die primêre gebruikersgroep volwasse moedertaalsprekers van Afrikaans is wat versorgde, geskrewe Afrikaans/ Standaardafrikaans wil gebruik (meestal binne 'n professionele omgewing).
- **Voorkennis van gebruikersgroep:** Daar word in hierdie artikel vooronderstel dat die primêre gebruikers van die AWS 'n goeie (maar nie gevorderde nie) kennis van geskrewe Afrikaans, die Afrikaanse spelsisteem en skryfkonvensies het. Die vooronderstelling hier is dat gebruikers wat nie 'n goeie kennis van Afrikaanse skryfwyses het nie, meestal nie bewus van bepaalde spelreëls of skryfkonvensies is nie, of dat hulle hulle dikwels tot ander, meer algemene bronne soos die *Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal* (HAT), of slegs tot die woordelysgedeelte van die AWS wend.
- **Behoeftes van gebruikersgroep:** Die aannname word hier gemaak dat gebruikers se eerste toegang tot die AWS die woordelysgedeelte is (eerder as om die reëlgedeelte te raadpleeg). Indien die opgesoekte leksikale item nie gevind word nie, sal eindgebruikers waarskynlik eers probeer om "eie reëls" af te lei uit omstaande of soortgelyke voorbeeld, alvorens hulle hulle tot die reëlgedeelte wend. Myns insiens het gebruikers van die AWS meestal een van die volgende primêre behoeftes:
 - Leiding met betrekking tot spelling/skryfwyse (*Hoe skryf/spel ek X?*)
 - Leiding met betrekking tot erkenning/status van 'n leksikale item (*Is X 'n erkende Standaardafrikaanse woord?*) (Byvoorbeeld: Is "app" 'n erkende Standaardafrikaanse woord?)
 - Leiding met betrekking tot fleksie of afleiding van, of samestellings met 'n leksikale item (*Wat is X se Y-vorm?*) (Byvoorbeeld: Wat is "slu" se oortreffende trap?, of: Is dit "werkswinkel" of "werkwinkel"?)
 Sekondêre behoeftes sou die volgende kon insluit:
 - Leiding met betrekking tot spelreëls (*Wat is die reël waarom X so geskryf word?*)
 - Leiding met betrekking tot die Afrikaanse grammatika (byvoorbeeld: *Wat is 'n massanaamwoord? Hoe tree massanaamwoorde in Afrikaans op?*)

Soos blyk uit die feit dat bestaande bloot vooronderstellings is, moet al hierdie aannames nog in die toekoms deeglik empiries nagevors word. Dit is die taak/verantwoordelikheid van die TK om in sy normeringswerk te sorg dat die behoeftes van die gebruikersgroep deeglik in ag geneem word en hanteer word op 'n vlak wat vir die eindgebruikers aanvaarbaar is.

Met betrekking tot normering (d.i. standaardisering) sover dit die ortografie van 'n taal betref, kan die volgende drie algemene uitgangspunte gestel word:

- **Normering moet gebruikergerig wees:** Gebruikers wil antwoorde hê op wat reg en wat verkeerd is (Carstens 2011:17). Daarom moet 'n woordeboek soos die AWS klinkklaar en ondubbelbelsinnig antwoorde aan gebruikers verskaf.
- **Normering moet kontroleerbaar wees:** By gebrek aan empiriese ondersteuning word die status van norme tans op basis van die oordele van taalkundiges en taalpraktisyens bepaal. Dit kan egter nie willekeurig bepaal word nie (Carstens 2011:18), maar moet berus op "objektiewe waarneming" deur "teoreties geskooldle taalkundiges" (volgens De Villiers 1977:2) en ervare taalpraktisyens (myns insiens) wat bevoeg is om tussen die norm en awfykings van die norm te onderskei. Voortspruitend moet die normeerder (d.i. die TK) deeglik oor die status van die bron(ne) van norme besin (byvoorbeeld korpusse, ander woordeboeke, of taalkundige navorsing) en waaraan dit gemeet word.
- **Normering moet sistematies wees:** Alle norme moet aan die taalsisteem voldoen, met inagneming van (a) hoe taal (in die algemeen) teoreties inmekbaarsteek, (b) hoe die spesifieke taal prakties gebruik word, en (c) wat die status van relevante taaldata is (Carstens 2011:18). Dit impliseer ook dat die TK kennis moet neem van moontlike veranderinge wat in die taalsisteem kan intree en op verantwoordbare wyse leiding gee oor sodanige verandering.

Hierdie drie karakteristieke van normering mag voor die hand liggend wees, maar Carstens (2011:19-20) wys terug daarop dat dit egter in die praktyk die moeilike vraag oproep: *Wanneer en hoe kry deskripsie 'n preskriptiewe funksie?* 'n Liggaaam soos die TK is veronderstel om 'n sinchroniese beskrywing te verskaf van die variëteit van Afrikaans wat algemeen in formele, geskrewe kontekste gebruik word (oftewel Standaardafrikaans), maar gebruikers verwag egter van die TK om preskriptief op te tree. Dit lei onteenseglik tot 'n metodologiese spanning waar daar 'n balans tussen beskrywing en voorskrywing gevind moet word. In die "Werkwyse"-afdeling in AWS¹¹ word dit soos volg verwoord:

Dit is dus altyd vir die Taalkommissie noodsaklik om 'n goue middeweg te vind tussen ener syds voorskrywing (soos wat taalgebruikers dikwels van hom verwag), en andersyds beskrywing (soos wat die taalkundige dikwels van hom verwag). Daar moet dus 'n ewewig gehandhaaf word tussen wat vir die gemiddelde ingeligte gebruiker verstaanbaar en aanneemlik is, en wat vir die taalkundige aanneemlik en wetenskaplik verantwoordbaar is.

In die samestelling van 'n ortografiewoordeboek (soos die AWS) is dit myns insiens ononderhandelbaar dat besluite en uitsprake wetenskaplik begrond word deurdat dit ten minste **taalkundig verantwoordbaar** moet wees (kyk uitspraak van De Villiers (1977) hier bo). Al moet die TK dus ingevolge sy mandaat en gebruikersverwagtinge preskriptief optree, moet sodanige voorskrywings/normering op goeie wetenskaplike gronde fundeer word (wat objektiewe waarneming (byvoorbeeld van korpusdata) en subjektiewe intuïtiewe oordeel gebaseer op ervaring insluit – vergelyk Tarp en Fuentes-Olivera (2016:275)). Dit moet gedoen word binne 'n raamwerk

van 'n stel riglyne wat die sistematiek en kontroleerbaarheid van sy werk verhoog. Alle besluite moet verdedigbaar wees en nie bloot idiosinkraties (of, erger, ideologies) wees nie.

In die res van hierdie artikel word slegs gefokus op die woordelysgedeelte van die AWS. Daar word eerstens spesifiek 'n stel riglyne nagevors aan die hand waarvan inskrywings in die woordelys makrostruktureel opgeneem of weggelaat kan word. Tweedens word 'n beskrywing gegee van die mikrostrukturele data wat oor opgeneemde lemmas verskaf word.

4. DIE OMVANG VAN DIE AFRIKAANSE WOORDELYS EN SPELREËLS: OPNAME- EN ELIMINERINGSKRITERIA

Gouws en Prinsloo (2005:65) stel dit duidelik dat “[i]t is important that the compilation of any dictionary must be dominated by well-defined principles regarding the collection and selection of lexical items to be included as lemmata.” De Schryver en Prinsloo (2001:375) sluit hierby aan: “One could say that setting up a dictionary’s lemma-sign list is the first major problem with which any lexicographer is confronted”, soos ook bevestig word deur Tomaszczyk (1983:51): “One of the basic problems of lexicography is to decide what to put in the dictionary and what to exclude.”

In die leksikografie word 'n onderskeid tussen die makro- en mikrostruktuur van 'n woordeboek getref: “Die makrostruktuur verwys … na die lemmakeuse terwyl die mikrostruktuur verwys na die interne struktuur van elke artikel”, d.i. die tipes inligting wat by elke lemma aangebied word, soos grammatisiese inligting, uitspraakleiding, betekenisverklaring, voorbeeldsinne, ensovoorts (Gouws 1989:40). Gouws (1989:75) wys daarop dat lemmas 'n dubbele rol as woordeboekinskrywings vervul, aangesien hulle as makro- én mikrostruktuurelemente optree:

As makrostruktuurelemente verteenwoordig die lemmas daardie versameling woordeskat-elemente wat leksikografies bewerk moet word en funksioneer elke lemma as die kop van 'n woordeboekartikel. As mikrostruktuurelement vorm elke lemma 'n onderdeel van 'n woordeboekartikel. Wat dié optrede betref, is 'n lemma leksikografies gelykwaardig aan die ander inskrywings van die betrokke artikel.

Dit is des te meer en by uitstek waar vir lemmas in 'n ortografiwoordeboek soos die AWS. In byvoorbeeld 'n vertalende woordeboek is 'n gebruiker primêr geïnteresseerd in die mikrostruktuur van die woordeboekartikel: H/sy wil 'n vertaalekwivalent/die vertaalekwivalente van 'n opgeneemde lemma vind; die lemma is dus eintlik die sleutel wat toegang bied tot die inligting waarna die gebruiker eintlik soek. In 'n ortografiwoordeboek bevat die lemma self die inligting waarna die gebruiker primêr soek, naamlik hoe om 'n leksikale item te spel/skryf, of wat die status van 'n bepaalde leksikale item in Standaardafrikaans is; die lemma is dus die sleutel én die inligting. Die vraag oor **wat** opgeneem moet word, is dus gelyktydig ook die vraag **hoe** dit opgeneem moet word.

In elk van die elf uitgawes van die AWS (1917; 1918; 1921; 1931; 1937; 1953; 1964; 1991; 2002; 2009; 2017) gee elk van die TK's op hul eie direkte of indirekte manier rekenskap van die werkwyse wat in die samestelling van die betrokke uitgawe se woordelys gevolg is. Vergelyk byvoorbeeld die werkwyse wat gestel word in die voorwoord van AWS¹ (1917:IV; sien die aanhaling in afdeling 1 hier bo), of in die afdeling “Werkwyse” in AWS¹¹ (2017) waar gestel word:

... dat die woorde wat in die Woordelys opgeneem word aan soveel as moontlik van die volgende maatstawwe moet voldoen:

- (1) Dit moet taalkundig korrek wees in ooreenstemming met die grondbeginsels van die Afrikaanse spelling- en skryfsisteem.
- (2) Dit moet met 'n relatief hoë frekwensie in 'n verskeidenheid hoëfunksiepublikasies voorkom.
- (3) Dit moet opgeneem wees in ander gesaghebbende woordeboeke of taalkundige bronne.
- (4) Dit moet moontlik spelling- of skryfprobleme vir gebruikers inhoud.
- (5) Die erkenning daarvan as deel van Standaardafrikaans is nodig, veral ook met betrekking tot woorde of frases wat unieke benoemers van (nuwe) konsepte is.
- (6) Opname is wenslik ter wille van paradigmiese volledigheid.
- (7) Dit moet hedendaagse Afrikaans wees of waarskynlik kan voorkom in hoëfunksiepublikasies wat (nog) deur die huidige geslag Afrikaanssprekendes gelees en gebruik word.
- (8) Dit moet, in die lig van die gebruik van standaardtaal vir hoë funksies, die geskrewe gebruik deur die Afrikaanse taalgemeenskap in sulke funksies weerspieël.
- (9) Dit moet sosiaal, kultureel en politiek sensitief wees.

Hierdie nege maatstawwe kan breedweg in twee interafhanglike kategorieë verdeel word, naamlik kriteria wat:

- (a) die makrostruktuur van die AWS bepaal (d.i. of 'n leksikale item enigsins oorweeg moet word vir opname/skrapping); en
- (b) betrekking het op die lemma as mikrostrukturele element in die AWS (d.i. hoe 'n leksikale item opgeneem moet word).

4.1 Makrostrukturele kriteria

Die sentrale vraag met betrekking tot die makrostrukturele kriteria is: *Moet die leksikale item vir opname (of skrapping) oorweeg word?* In dié verband is die oorkoepelende kriterium **bruikbaarheid**, wat deur Gove (1961:4a) as 'n belangrike seleksiekriterium geïdentifiseer word: "Selection is guided by usefulness, and usefulness is determined by the degree to which terms most likely to be looked for are included." Teen die agtergrond van veronderstelde gebruikersverwagtinge moet die TK dus die leksikale items en reëls opneem waarna die veronderstelde eindgebruiker waarskynlik sal soek as hy/sy die AWS raadpleeg. Die volgende kriteria geld (myns insiens in volgorde van belangrikheid vir die veronderstelde gebruiker):

- **Spelling- en skryfprobleme** (kyk punt (4) hier bo): 'n Hoëfrekwensiwoord soos *sit* sal minder geredelik opgeneem word as 'n woord soos *masjinis*, gewoon omdat laasgenoemde waarskynliker deur 'n gebruiker opgesoek sal word.
- As elimineringskriterium kan **deursigtigheid** gebruik word om diewoordelysgedeelte te verklein: Indien 'n mens uit die leksikale item se onderdele kan aflei hoe dit gespel of geskryf moet word, hoef dit nie noodwendig opgeneem te word nie. Hier gaan dit oor die verhouding tussen reëls en lyste: As 'n leksikale item genoegsaam deur die reëls ondervang word, is dit minder noodsaaklik om die leksikale item op te neem. Soos die samestellers van die Nederlandse *Het Groene Boekje* tereg opmerk: "Daarom werden veel samenstellingen geschrapt waarvan de spelling blijkt uit gelijksoortige gevallen" (Instituut voor Nederlandse Lexicologie 2005).
- **Status** (kyk punt (5) hier bo): Gebaseer op informele terugvoer van eindgebruikers (soos studente), asook op eie ervaring, weet ons dat die woordelys dikwels gebruik

word om te bepaal of 'n bepaalde leksikale item 'n "erkende woord in Afrikaans" is. Iemand wat byvoorbeeld wil weet of *karnivoor* (naas *vleiseter*) 'n erkende Afrikaanse woord is, sou die woord in die woordelys kon naslaan. Hierdie kriterium geld dikwels vakterme, rekenaarterme, nuutskeppings, unieke benoemers (byvoorbeeld die werkwoorde *netwerk* en *teks*; of *fyn goed* vir bokke en skape, en *groot goed* vir grootvee en trekdiere), en so meer. Dit kan ook gebruik word as motivering vir die opname van leksikale items wat dalk meer gewestelik of van spesifieke kulturele belang is (kyk punt (9) hier bo), maar wat dalk tog 'n plek in die breër Afrikaanse gemeenskap sou kon kry, byvoorbeeld *brötchen* ("soort broodjie"; word meestal in Namibië gebruik), *ghoemahare* ("spookasem"; word meer algemeen in die Wes-Kaap gebruik), of *motjie* ("bejaarde vrou"; word meestal in die Moesliemgemeenskap gebruik). Uiteraard moet 'n liggaam soos die TK uiters omsigtig te werk gaan om byvoorbeeld nie net op een variëteit te fokus nie, of om byvoorbeeld nie hipermoralisties of polities op te tree nie.

As elimineringskriterium dien hierdie kriterium ook om verouderde leksikale items, of leksikale items wat sosiaal, kultureel of politiek onsensitief is uit die AWS te skrap (kyk punt (9) hier bo). Voorbeeld van verouderde leksikale items wat in AWS¹⁰ voorgekom het, maar nie meer in AWS¹¹ nie, sluit in *fransbrandewyn*, *hoegroothed*, *juts* en *KGB-agent*, en voorbeeld van onsensitiewe leksikale items sluit in *idioot-savant*, *Kakie*, *mongool* en *bruinman/swartman/witman*.

Om die status van 'n leksikale item in hedendaagse Standaardafrikaans te bepaal, wordveral twee subkriteria in ag geneem:

- **Spreiding** (kyk punt (7) en (8) hier bo): In afdeling 2 is genoem dat die skopus van die AWS in wese beperk is tot geskrewe, formele Standaardafrikaans. Leksikale items behorende tot beperkte sosiale, geografiese of vakkundige groepe/domeine behoort nie in die **woordelys** opgeneem te word nie, behalwe waar sodanige leksikale items ook algemeen in die standaardvariëteit gebruik word (byvoorbeeld in koerante), of waar erkenning van unieke benoemers nodig is. Daarteenoor behoort die **spelreëls** wel eksplisiet voorsiening te maak vir die spelling en skryfwyses van Standaardafrikaans in gespesialiseerde kontekste, byvoorbeeld in vaktaal. Die skrywer, teksredakteur of vertaler van 'n gespesialiseerde teks moet dus steeds die AWS as rigtinggewende bron kan gebruik, selfs al word spesifieke terme en uitdrukking nie in die woordelys opgeneem nie.
- **Frekwensie** (kyk punt (2) hier bo): Ten einde patronne te bepaal vir die formulering van spelreëls, of om op die spelling of skryfwyse van 'n bepaalde leksikale item te besluit, kan korpusfrekwensie as 'n kriterium in samehang met ander kriteria in 'n spesialiswoordeboek soos die AWS gebruik word: "In practice, corpus frequency is only one of several selection criteria" (Heid et al. 2004). Die gebruik van frekwensie as kriterium moet egter verantwoordelik hanteer word: Die feit dat 'n bepaalde vorm frekwent voorkom, waarborg nie noodwendig die taalkundige korrektheid daarvan nie (vergelyk byvoorbeeld Reynaert (2009) se navorsing oor die hoë frekwensie van spelfoute in korpusse). Die belangrikste vraag hier is: *Wanneer dikteer frekwensie van gebruik die norm?* Om die balans te vind tussen beskrywing en voorskrywing, moet daar op verantwoordbare en (sover moontlik) wetenskaplike wyse met korpusdata omgegaan word, al is dit nie altyd in praktyk volkome moontlik nie (weens, byvoorbeeld gebrek aan hulpbronne en tyd).

Twee aspekte is in dié verband van belang. In die eerste plek is dit noodsaaklik om te bepaal wat as korpus(se) dien. Gouws en Prinsloo (2005: 65) stel die ideaal: “The lemmata have to be drawn from a representative corpus of the specific language and a vital part of the planning of any lexicographic endeavour is the development of a corpus.” Vir 'n hulpbronskaars taal soos Afrikaans is dit makliker gesê as gedaan, veral aangesien uitgewers en mediahuise dikwels huiverig is om hulle data as (kommersiële) korpusse beskikbaar te stel. Dit word dus moeilik om 'n **betroubare, verteenwoordigende en gebalanseerde korpus** as basis vir die bepaling van frekwensietellings saam te stel. In dié verband het die TK in 2005 begin om 'n verwysingskorpus vir leksikografiese doeleindes (d.i. “... any collection of texts where lexicographers can find inspiration for completing the dictionary structures they need when making a real dictionary” (Fuertes-Olivera 2012:51) saam te stel. Die korpus (Taalkommissie 2011) bestaan uit ongeveer 57 miljoen woorde, waarvan nagenoeg 27 miljoen woorde uit niefiksie-, nieakademiese tekste soos koerante, tydskrifte, godsdiensstige geskrifte, notules en ander boeke kom; ongeveer 6 miljoen woorde uit fiksie kom; en 24 miljoen woorde uit akademiese tekste soos artikels, studiegidse en proefskrifte kom (kyk TABEL 1 vir die gedetailleerde stratum). Ander korpusse van (veronderstelde) geredigeerde teks wat op die webwerf van die Virtuele Instituut vir Afrikaans (VivA) (2016) beskikbaar is, word ook geraadpleeg, tesame met soektogte in die WAT as korpus, die Afrikaanse korpus van Projekt Deutscher Wortschatz (2016; voortaan Leipzigkorpus) en ander soortgelyke hulpbronne. Desalnietemin is dié versamelings tekste dikwels steeds te klein om klinkklare afleidings of statisties betroubare gevoltrekkings te maak, en dan word daar van Googlesoektogte gebruikgemaak om tendense buite beskikbare korpusse na te speur. Só 'n gebruik van Google (of ander soekenjins) word deur Fletcher (2005) “web hunting” genoem, d.i. om websoektogte te gebruik om seldsame voorkomste van konstruksies (wat nie noodwendig in standaardkorpusse voorkom nie) te soek. Van Huyssteen (2016) toon byvoorbeeld aan dat slegs die ortografiese vorme *Ou Testamenties* en *Ou-Testamenties* in die korpusse op VivA se Korpusportaal (2016) aangetreft word, terwyl 'n allesomvattende Googlesoektog nog nege ander variante aan die lig bring. Aangesien beskikbare korpusse te klein is of neig om alleen geredigeerde teks te bevat, kan soekenjins gebruik word om 'n vollediger prentjie van die taalwerklikheid te probeer kry. Dit moet egter met groot omsigtigheid gedoen word, soos Fletcher (2007) waarsku: “The query, search and ranking optimization techniques [search engines] have adopted can either assist or sabotage a scholar's quest ...”.

Die ander aspek wat van belang is, is dat die **beginsels en metodes** wat aangewend word om korpusse te ontgin, ook neergelê moet word. Dit sluit onder andere die volgende aspekte in:

- Word frekwensietellings in vergelykbare korpusse vir **alle leksikale items** gemaak, of net vir twyfelagtige gevalle? En hoe word **nuwe leksikale items en/of patronen** sistematies gevind (d.i. ten einde die insidentele opname van toevallighede, soos eendagsvlieë, teen te werk)? Die woordelyste in die AWS is die organiese resultaat van meer as 'n eeu se werk deur verskillende TK's. Aan die beginjare was korpuslinguistiese metodes nog nie beskikbaar nie, en leksikale items is slegs na die oordeel van TK-lede bygevoeg. So byvoorbeeld verskyn *kernwapenbeperkingskonferensie* vir die eerste keer in AWS⁸, waarskynlik om rekursiwiteit in komposita te illustreer. Dié woord kom egter nêrens anders as in AWS⁸ en AWS⁹ voor nie – nie in ander woordeboeke nie, en ook nie in enige korpusse of Googlesoektogte nie. Die woordelyste van die AWS is nog nooit in sy geheel onderwerp aan 'n sistematiese frekwensie-ondersoek nie. So 'n ondersoek sou esoteriese gevalle soos *kernwapenbeperkingskonferensie* kon uitskakel.

TABEL 1: Stratum van TK-korpus (2011)

Vlak	Kat.	Genre	Domein	TK 1.1
Romans	Prosa	Romans		5 168 392
		Kortverhale		684 559
Nie-fiksie	Akademies	Proefskrif/Verhandeling Artikel	Geesteswetenskappe Tydskrif vir Geesteswetenskappe In die Skriflig Koers Woord en Daad Literator Tydskrif vir Natuurwetenskappe en Tegnologie	240 476 186 634 1 095 273 588 452 265 139 737 450 172 355
		Studiegids	Verskeie wetenskappe 1 Verskeie wetenskappe 2 Verskeie wetenskappe 3 Verskeie wetenskappe 4	2 628 075 4 115 694 5 723 929 1 957 055
	Nie-akademies	Koerante Tydskrifte Boeke Godsdienstige tekste Notules	Noord Suid Landswyd Algemeen Vrouetyldeksrif Algemeen Vroue Leefstyl Sport & Ontspanning Tegnologie Finansies Kuns en Kultuur Ander Primêr: Christelik Amptelik	4 825 742 6 343 360 5 186 000 158 419 195 005 2 866 041 221 053 182 405 195 357 241 261 200 085 638 151 1 632 474 837 788 34 720
				47 321 344

- **Hoeveel keer** moet 'n leksikale item of spellingvorm voorkom alvorens dit opgeneem word? In dié verband sê Lehmann (2006): "A frequency threshold may be defined for a dictionary. Typically, hapax legomena are thrown out." Daar is tot nog toe geen vaste, formele frekwensiëredempelwaarde vir die AWS bepaal nie, omdat die AWS juis ook voorsiening maak vir hapaxlegomena wat spel- of skryfprobleme sou kon oplewer, of waarvan die status erken wil word (en omdat die korpusse waarmee gewerk word, gewoon te klein is om frekwensie as kriterium te verabsouteer). In die samestelling van die woordelys word daar dus eerder gewerk met praktiese beduidendheid (d.i. of'n verskil groot genoeg is om van praktiese waarde in toegepaste

omgewings te wees) as statistiese beduidendheid (d.i. wiskundige waarskynlikheid), wat dikwels bepaal word deur die vraag te beantwoord: *Kom hierdie spel-/skryfsvorm genoeg kere in betroubare bronne voor om erkenning daaraan te verleen?* (waar beide “genoeg kere” en “betroubare bronne” relatief en subjektief is). Binne die TK is nog geen metodologiese beleid in dié verband geformaliseer nie, en dit is sonder twyfel ’n saak wat in die toekoms verder nagevors en ondersoek moet word.

In hierdie artikel (en in Van Huyssteen 2017) stel ek voor dat die frekwensieklass (Perkuhn et al. 2012) van ’n bepaalde ortografiese vorm ’n nuttige maatstaf vir opname of eliminering kan wees. Die frekwensieklass N (na onder afgerond) word bepaal deur:

$$N = \left\lfloor 0.5 - \log_2 \left(\frac{\text{frekwensie van woord}}{\text{frekwensie van frekwentste woord}} \right) \right\rfloor$$

Aangesien met ortografiese forme gewerk word, word die frekwensie van die geskrewe vorm (en nie gelemmatiseerde forme nie) gebruik soos dit in die korpus voorkom. Dusdanig word byvoorbeeld *die* en *Die*, of *soek* en *gesoek* as aparte woord(vorm)e hanteer. Die frekwentste ortografiese vorm (*die* = 3 198 933 in die TK-korpus) se frekwensieklass is 0, terwyl die tweede frekwentste vorm (*van* = 1 393 371) in frekwensieklass 1 is. Die frekwensieklasses vertoon ’n tipiese Zipfiaanse verspreiding, waar ’n hapaxlegomenon soos *dramakritikus* in die TK-korpus in frekwensieklass 22 is. Deur sistematische ondersoek sou die Taalkommissie ’n drempel vir die frekwensieklass kon vassel, byvoorbeeld dat slegs woorde in frekwensieklasses 4 tot 18 vir opname oorweeg word.

- **Paradigmavoltooiing** (kyk punt (6) hier bo): ’n Spesifieke eienskap van die AWS is dat by sommige groep leksikale items afleidings van of samestellings met die basiswoord opgeneem word ten einde die woordvormingsparadigma van die basiswoord te illustreer. Dit geld onder ander taalbenamings (byvoorbeeld *Sanskrit*; *Sanskrities* (*b.nw.*); *Sanskritis*), religieuse strominge (byvoorbeeld *Hindoeïsme*; *Hindoe* of *hindoe*; *Hindoeïsties* of *hindoeïsties*; *Hindoekaste*) en leksikale items van klassieke herkoms (byvoorbeeld *reglement*; *reglementeer*; *reglementēr*).
- **Illustrasie:** ’n Ander AWS-spesifieke eienskap is dat leksikale items wat aan geen van bestaande kriteria voldoen nie, maar wat ter illustrasie van ’n spesifieke spelreël ingesluit word, soms in die woordelys opgeneem word. ’n Woord soos *kelder* lewer byvoorbeeld nie spellingprobleme op nie en oor die status daarvan in Standaardafrikaans bestaan geen twyfel nie, maar aangesien dit ’n voorbeeld is by reël 11.4 (AWS¹¹), word dit tog ingesluit in die woordelys.
- **Ruimtelike beperking:** Aangesien ’n uitgewer bepaalde beperkinge op die omvang van ’n boek kan lê (byvoorbeeld die aantal bladsye wat nie oorskry mag word nie ten einde die boek steeds teen ’n bekostigbare prys te verkoop), moet die TK “...constantly ... make pragmatic decisions on what to include in a dictionary to conform to the dictates of space available” (Walter 1996:640). In dié verband merk Martin et al. (1983: 81-82) ook op: “The decision what to include in the dictionary still has to be made by the lexicographer himself, however, and this depends in turn upon the nature and size of the dictionary and its intended users.” Sodanige besluite kan egter nie lukraak geneem word nie, maar moet liefs aan die einde van ’n hersieningsproses geskied. Hier kan allerlei outomatiese metodes gebruik word om finale keuses te

maak, soos byvoorbeeld om na die gebalanseerdheid van verskillende letters te kyk (Prinsloo & De Schryver 2003), die sistematische hantering van opgeneemde spesialisterme, paradigmas, ensovoorts.

Die woordelysgedeelte van die AWS is sedert 2010 gratis aanlyn beskikbaar by www.woordelys.co.za. Hiermee het die AWS die digitale era betree, en ruimtelike beperkings (soos tradisioneel in 'n boekformaat) is nie meer 'n hooftoeweging nie. AWS¹¹ is ook in sy geheel digitaal beskikbaar op die uitgewer se woordeboekplatform, en dié beperking word des te minder belangrik.

4.2 Mikrostrukturele kriteria

Mikrostrukturele oorwegings is dié wat betrekking het op/as motivering verskaf word vir die keuse en insluiting van kategorieë grammatale inligting oor elke opgeneemde lemma. Die vraag is dus: *Hoe moet die leksikale item opgeneem word?*, oftewel *Watter ortografiese inligting kan aan die lemmateken onttrek word?* Die volgende subkriteria is onderling afhanklik, maar word tog in volgorde van belangrikheid gerangskik:

- **Taalkundige korrektheid/motivering** (kyk punt (1) hier bo): Myns insiens geniet die heersende konvensies van die taalsisteem en grammatica voorrang bo enige ander kriteria. Die taak van die TK is juis om te verseker dat sodanige konvensies sistematies en konsekwent toegepas word in die ortografie/skryfwyse van die taal – daarom ook dat daar altyd ervare taalkundiges en taalpraktisyne in die TK dien. Daar moet 'n passing gemaak word tussen die spelreëls onderling (d.i. reëls moet samehang toon en mekaar nie weerspreek nie) en tussen die spelreëls en die woordelys (d.i. leksikale items wat opgeneem word, moenie die spelreëls weerspreek/oortree nie). Wanneer dit uit die taalkundig wetenskaplike proses (en/of uit onderstaande kriteria) blyk dat daar 'n diskrepansie bestaan tussen die spelreëls en/of woordelys aan die een kant, en die taalwerklikheid aan die ander kant, behoort die TK te oorweeg of dit nodig is om aanpassings aan die spelreëls en/of woordelys te maak. Op dié manier beïnvloed die TK (as standaardiseringsliggaam) dus die konvensies van die taal (d.i. deur die normatiewe funksie van die TK), eerder as om uitsluitlik 'n beskrywing van taalpatrone te gee (d.i. sy deskriptiewe funksie).

Byvoorbeeld, al kom die spelvorm **onmiddelik* (en selfs **onmidellik* en **onmidelik*) met 'n hoë frekwensie in korpusse voor, is dit die TK se taak om taalkundig te motiveer dat *onmiddelik* die korrekte spellingvorm is, aangesien dit uit die morfeme ***on-***, ***middel*** en ***-lik*** bestaan. In dié sin "troef" hierdie kriterium dus as 't ware die frekwensiekriterium (kyk hier bo).

Ook hierdie kriterium kan egter nie verabsouteer word nie. Dit gebeur soms dat die spelling van 'n leksikale item die uitspraak in die volksmond navolg, ongeag die taalkundige korrektheid daarvan. Sulke uitsonderings word dan tradisioneel op 'n ander wyse geskryf of gespel as wat deur reëls of taalkundige beginsels voorspel sou kon word. Vergelyk byvoorbeeld die woord *vadoek* "lap om skottelgoed mee te was/af te droog". Diachronies gesien moet die spelling *vaatdoek* wees, aangesien *vaat* die Nederlandse woord vir "skottelgoed" is. McLachlan (2016:499) toon aan dat die wisselvorme *vadoek* of *vatdoek* van AWS¹ tot AWS³ erken is; van AWS⁴ tot AWS⁷ word *vatdoek* verander na die taalkundig meer korrekte *vaatdoek* (naas *vadoek* as wisselvorm); vanaf AWS⁸ word slegs *vadoek* erken. In beskikbare korpusse van

hedendaagse Afrikaans kom *vaatdoek* nooit voor nie; *vatdoek* kom een keer voor in die TK-korpus (Taalkommissie 2011); *vadoek* kom 119 keer voor. Vir die hedendaagse TK om die taalkundige versene teen die talige prikkels te slaan, sou gewoon futiel wees.

'n Belangrike aspek van taalkundige korrektheid het betrekking op die tradisie en ontwikkelingsgeschiedenis van die Afrikaanse ortografie waarteen "korrektheid" gestel word. Dit is 'n feit dat daar aan die beginjare van Afrikaans se normatiewe kodifiseringsgeschiedenis sterk aangeleun is by die Nederlandse tradisie (vergelyk Van Rensburg (2017) vir 'n oorsig en o.a. Kotzé (2014); McLachlan (2016); en Odendaal (2012) vir kritiese beskouings). By die beoordeling van 'n bepaalde ortografiese patroon moet daar m.i. steeds heden ten dage oorweging geskenk word aan die Germaanse (spesifiek Wes-Germaanse en meer spesifiek Dietse) tradisie, omdat Afrikaans steeds vormlik binne dié taalfamilie getipologiseer kan word. As kriterium kan dit egter eweneens nie verabsouteer word nie, omdat Afrikaans ook sedert sy vroeegste ontstaansgeschiedenis 'n eie tradisie ontwikkel het, en aangesien onder andere internasionalisering en globalisering ook bydra tot die skep van 'n nuwe tradisie (byvoorbeeld ten aansien van transliterasie, verafrikaansing (al dan nie) van eiename, en insigte wat deur nuwe taalkundige navorsing verkry word).

- **Institusionalisering** (kyk punt (3) hier bo): Ten einde te bepaal tot watter mate 'n bepaalde spel- of skryfvorm reeds geïnstitusionaliseerd (algemeen gebruik en aanvaarbaar) is, en aangesien die kollektiewe insig van die taalkunde- en leksikografiegemeenskap ook besluite van die TK moet/kan rig, kan ander gesaghebbende bronne geraadpleeg word. Dit sluit onder andere omvattende woordeboeke (soos die WAT), standaardwoordeboeke (soos die HAT), vakwoordeboeke, (taalkunde)boeke, grammaticas en ander wetenskaplike publikasies in.

Byvoorbeeld, in AWS¹⁰ word aangedui dat *endomorf* se meervoud óf *endomorfe* óf *endomorwe* is. In die WAT (2016) word slegs *endomorfe* as meervoud aangedui, en die TK het dus vir AWS¹¹ slegs dié vorm erken en verder geïnstitusionaliseer.

- **Frekwensie** (kyk punt (2) hier bo): Een van die moeiliker besluite wat dikwels deur die TK geneem moet word, is of enige wisselvorme vir 'n bepaalde spel- of skryfvorm aanvaar word. Benewens die gebruik van bogenoemde kriteria, kan die TK hom ook in dié verband deur frekwensietellings in korpusse laat lei. Soos hier bo genoem, bestaan daar in ondersoeke van hierdie aard dikwels 'n spanning tussen statisties beduidende verskille en prakties beduidende verskille. Tot op hede maak die TK eintlik, tereg, alleen staat op prakties beduidende verskille – die enigste vraag wat beantwoord word, is of 'n bepaalde wisselvorm met redelike frekwensie in korpusse voorkom, en of daar 'n groot genoeg waarskynlikheid is dat die wisselvorm(e) naas 'n ander vorm gebruik sal word. Indien wel, en indien dit ook aan van die ander kriteria voldoen (soos taalkundige korrektheid), word dit as 'n variante lemma in die AWS opgeneem. Soos ook reeds genoem, is verdere grondige ondersoek met betrekking tot die gebruik van frekwensies en statistiek in die samestelling van 'n woordeboek soos die AWS nodig.

In hierdie artikel stel ek voor dat daar – veral met betrekking tot wisselvorme – gewerk word binne die statistiese raamwerk wat deur Wallis (2012a; 2012b; 2013a; 2013b) voorgehou word. Binne 'n **keusemodel** word ortografiese variasie gesien as keuseopsies wat vry is om te varieer, d.i. "a genuine choice exists and all cases could theoretically be of one type or the other" (Wallis et al. 2012:4). Die waarskynlikheid

P dat 'n bepaalde vorm n_j uit die totale aantal werklike keuseopsies n_i gekies sal word, is:

$$P(n_1 \mid \{n_1, n_2, n_3, \dots, n_i\}) = \frac{F(n_1)}{F(n_1, n_2, n_3, \dots, n_i)}$$

Waar $F(n_j)$ die totale aantal gevalle (ongenormaliseerde frekwensie) van die eerste ortografiese variant is, $F(n_j)$ van die tweede variant, ensovoorts (Wallis et al. 2012:4). Die waarskynlikheid P word uitgedruk as 'n waarde tussen 0 (onwaarskynlik) en 1 (volkome waarskynlik). Aangesien daar met waarskynlikhede gewerk word, kan ook met die gemiddeld van waarskynlikhede oor verskillende korpusse heen gewerk word (kyk Van Huyssteen (2016; 2017) vir 'n toepassing van dié model).

Om 'n aanduiding te kry of die waarskynlikheidsverspreiding enigsins ook statisties beduidend is (indien dit nie op die oog af duidelik is nie), maak Wallis (2013a) gebruik van die enkelsteekproef- z -toets. Kortlik kom dit daarop neer dat, gegewe 'n waargenome waarskynlikheid p en 'n bekende, verwagte populasiewaarskynlikheid P (0,5 in die geval waar twee vorme vergelyk word), die enkelsteekproef- z -toets bepaal of die twee waardes statisties beduidend verskil. Die z -waarde word bereken deur:

$$z = \frac{p - P}{S}$$

waar:

$$\text{Populasie se standaardafwyking } S = \sqrt{\frac{P(1-P)}{S}}$$

en n die totale aantal gevalle in die steekproef is. Daarna word getoets of die absolute waarde $|z|$ minder is as die kritieke waarde van z by 'n bepaalde foutdrempelwaarde (0,05 in Wallis (2013a) se implementasie). Indien $|z| > 1,95996$ is, is die verskil in frekwensie statisties beduidend en kan die twee vorme nie eintlik as wiskundig/statisties waarskynlike wisselvorme gesien word nie. Met dié gegewens in pag, moet dan besluit word of die verskil ook prakties beduidend is.

Byvoorbeeld, in die korpusse in VivA se korpusportaal (VivA 2016) kom *weer eens* 1 820 keer voor en *weereens* 1 199 keer. Die verskil tussen hierdie twee frekwensies is statisties beduidend ($z=11,30212$; $p<0,00$), wat beteken dat dié twee vorme eintlik nie as wisselvorme opgeneem behoort te word nie. As 'n mens egter die waarskynlikheidsverdeling ($\sim 0,6:0,4$) in ag neem, is dit tog dalk van praktiese waarde om *weer eens* en *weereens* as wisselvorme te behou. In Van Huyssteen (2017) word hierdie metode geïllustreer aan die hand van 'n gevallestudie.

- **Woordeboekstyl en redaksionele beleid:** Die stylgids van 'n woordeboek bepaal nie net wat opgeneem word nie, maar ook hoe dit opgeneem word. Oor 'n tydperk van honderd jaar het die opnamestyl in die AWS in wese nie verander nie: 'n Artikel bestaan uit 'n lemma (en wisselvorme), gevvolg deur fleksie-inligting, en soms word addisionele inligting (woordsoort, voorbeeld, betekenisonderskeiding of gebruiksdomein) in die vorm van woordeboeketikette aangebring. Vanaf AWS¹⁰ word sommige artikels ook van reëlverwysings voorsien. Soos in afdeling 1 aangetoon is, het die

TK sedert 2006 begin om die redaksionele beleid in 'n interne, huishoudelike stylgids te formaliseer, waarin byvoorbeeld die volgorde van etikette, die volgorde van spel- en skryfvariante en die hantering van morfologiese inligting uitgestippel word. Die voorskrifte in die stylgids is daarom bepalend vir hoe 'n lemma uiteindelik in die AWS opgeneem word.

Bestaande kriteria geld uiteraard nie alle gevalle nie, en kan in die praktyk nie nougeset en slaafs vir elke moontlike inskrywing gevolg word nie (gewoon omdat veral die woordelys organies oor meer as honderd jaar gegroei het). Die eksplisering hiervan dra egter hopelik by tot 'n konsekwenter hantering van veral kontensieuse gevalle en gevalle waar keuses gemaak en besluite geneem moet word.

5. SLOT

In TABEL 2 word die opname- en elimineringskriteria prakties opgesom en geoperasionaliseer in 'n aantal vrae. Hoe meer ja-antwoorde op die makrostrukturele vrae verkry word vir 'n voorgestelde leksikale item, hoe groter sou die kans wees dat die leksikale item in die AWS opgeneem kan word. Die antwoorde op die mikrostrukturele vrae verskaf leiding oor hoe die inskrywing uiteindelik in die AWS daar sal uitsien. Soos telkens hier bo geargumenteer is, moet geen van die kriteria egter verabsoluteer word nie – 'n holistiese beskouing en benadering is van kardinale belang, soos geïllustreer word in Van Huyssteen (2017).

TABEL 2: Operasionalisering van makro- en mikrostrukturele kriteria

Makrostrukturele kriteria: <i>Moet die leksikale item vir opname (of skrapping) oorweeg word?</i>		
Spel-/skryfprobleme	1. <i>Lewer die leksikale item potensiële spel- of skryfprobleme op?</i>	Ja/Nee
Spel-/skryfprobleme	2. <i>Is die leksikale item se spelling/skryfwyse/morfologiese struktuur ondeursigbaar?</i>	Ja/Nee
Status	3. <i>Moet die leksikale item (se status?) in Standaardafrikaans erken word?</i>	Ja/Nee
Status	4. <i>Is die leksikale item (nog) in hedendaagse Standaardafrikaans in gebruik?</i>	Ja/Nee
Status	5. <i>Kan die leksikale item as 'n unieke benoemer beskou word?</i>	Ja/Nee
Status	6. <i>Is die leksikale item van spesifieke sosiokulturele belang?</i>	Ja/Nee
Status: Spreiding	7. <i>Is die leksikale item wyd genoeg bekend, of sal dit wyd gebruik kan word?</i>	Ja/Nee
Status: Frekwensie	8. <i>Kom die leksikale item met prakties beduidende frekwensie in betroubare, verteenwoordigende, gebalanseerde korpusse voor?</i>	Ja/Nee
AWS-spesifiek	9. <i>Moet die leksikale item opgeneem word ter wille van paradigmavoltooiing?</i>	Ja/Nee
AWS-spesifiek	10. <i>Word die leksikale items elders in die AWS as voorbeeld gebruik?</i>	Ja/Nee
AWS-spesifiek	11. <i>Is dit nodig om die leksikale item op te neem, ruimtelike beperkinge ten spyte?</i>	Ja/Nee

TABEL 2: Operasionalisering van makro- en mikrostrukturele kriteria (*vervolg*)

Mikrostrukturele kriteria: Hoe moet die leksikale item opgeneem word?		
Taalkunde	12. Hoe moet die leksikale item gespel-/skryf word ingevolge taalkundige oorwegings (ook ten aansien van die Germaanse taalsisteem)?	Spel-/skryfvorm(e)
Taalkunde	13. Watter spel- en skryfreëls is ter sake ten aansien van die spelling/ skryfwyse van die leksikale item?	Reëlverwysing(s)
Taalkunde	14. Indien die leksikale item 'n uitsondering is wat tradisioneel anders gespel of geskryf word as wat deur die spel- en skryfreëls gedikteer word, op watter spel- en skryfreëls is dit 'n uitsondering?	Reëlverwysing(s)
Institutionalisering	15. Hoe word die leksikale item in ander gesaghebbende woordeboeke of (taalkunde)boeke opgeneem en bewerk?	Spel-/skryfvorm(e)
Frekwensie	16. Watter wisselvorm moet vir die leksikale item opgeneem word (slegs indien daar geen prakties beduidende verskil tussen verskillende vorme is nie)?	Spel-/skryfvorm(e)
AWS-spesifiek	17. Hoe moet die artikel bewerk word om te voldoen aan die AWS se styl- en redaksionele beleid (insluitende fleksie-inligting en gebruikersleiding)?	Opnamevoorstel

Deur die loop van hierdie artikel is talle temas vir verdere navorsing geïdentifiseer.

Navorsingsvrae soos die volgende kan in die toekoms aandag geniet:

- Navorsing oor eindgebruikers:
 - Wie is die primêre gebruikers van die AWS?
 - Word die AWS inderdaad deur die primêre gebruikers as “dié normatiewe gesagsbron oor Afrikaanse spelling” (Carstens 2011:146) beskou?
 - Wat is die voorkennis van die primêre gebruikers?
 - Wat is die primêre en sekondêre behoeftes van hierdie gebruikers?
 - Wat is die primêre gebruikers se toegangstrategie? Is dit hoofsaaklik die woordelys- of die spelreëlgedeelte wat eerste geraadpleeg word?
- Navorsing oor die woordelysgedeelte van die AWS:
 - Hoe gebalanseerd is die AWS se lemmaverspreiding oor letters heen (Prinsloo & De Schryver 2003) in vergelyking met ander Afrikaanse woordeboeke?
 - Tot watter mate is die woordelys van die AWS verteenwoordigend van hedendaagse formele, geskrewe Standaardafrikaans? Byvoorbeeld: Is daar (variante) lemmas wat slegs in die AWS voorkom en nie in werklike taalgebruiksdatabase of ander woerdeboeke nie?
- Navorsing oor die metodologie van die TK:
 - Hoe kan die TK-korpus uitgebrei en verbeter word?
 - Hoe vergelyk verskeie “geslote” korpora (soos die TK- en Leipzigkorpus) met data wat deur Googlesoektoggte verkry word? Kan “web hunting” (Fletcher 2005) as data-insamelingstrategie laat vaar word?
 - Kan objektiewe drempelwaardes vir frekwensieklassie bepaal word om as kriterium vir opname en eliminering te dien?

- Met betrekking tot variante ortografiese vorme, is dit moontlik om objektiewe drempelwaardes vir waarskynlikheidsverspreiding daar te stel? Kan statistiese beduidendheid prakties gebruik word om die aantal wisselvorme in die AWS te beperk (of uit te brei)?

ERKENNING

Hierdie artikel is baseer op 'n aanvanklike werksdokument wat in 2006 deur my en Tom McLachlan vir die Taalkommissie opgestel is. Erkenning word hiermee nie net gegee aan sy insette in daardie dokument nie, maar veral ook aan sy jarelange invloed op my denke oor die aard, doel en omvang van die AWS.

Sedert 2006, toe die aanvanklike werksdokument opgestel is, het verskeie TK-lede persoonlik of tydens TK-sittings kommentaar gelewer op die dokument en bygedra tot die verfyning van die werkwyse van die TK. Erkenning word hiermee gegee aan iedere TK-lid se direkte of indirekte invloed op die vorming van die gedagtegang in hierdie artikel.

Erkenning word ook gegee aan die volgende persone vir perspektiewe gestel in persoonlike gesprekke: Wannie Carstens, Hans du Plessis, Rufus Gouws, Danie Prinsloo en Piet Swanepoel.

Alle potensiële denk- en argumentasiefoute bly egter myne en kan nie voor die deur van enige van hierdie individue of die TK gelê word nie.

BIBLIOGRAFIE

- AWS¹: Le Roux, T.H., Malherbe, D.F. & Smith, J.J., in opdrag van die Suidafrikaanse Akademie vir Taal, Lettere en Kuns. 1917. *Afrikaanse woordelijs en spelreëls*. 1e uitgawe. Bloemfontein: Het Volksblad-Drukkerij.
- AWS²: Le Roux, T.H., Malherbe, D.F. & Smith, J.J., in opdrag van die Suidafrikaanse Akademie vir Taal, Lettere en Kuns. 1918. *Afrikaanse woordelijs en spelreëls*. 2e uitgawe. Bloemfontein: De Nasionale Pers.
- AWS³: Bosman, D.B., Le Roux, T.H., Malherbe, D.F. & Smith, J.J., in opdrag van die Suidafrikaanse Akademie vir Taal, Lettere en Kuns. 1921. *Afrikaanse woordelys en spelreëls*. 3e uitgawe. Bloemfontein: Die Nasionale Pers.
- AWS⁴: Boshoff, S.P.E., Bosman, D.B., Le Roux, T.H., & Malherbe, D.F., in opdrag van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Taal, Lettere en Kuns. 1931. *Afrikaanse woordelys en spelreëls*. 4e uitgawe. Bloemfontein, Kaapstad & Stellenbosch: Nasionale Pers.
- AWS⁵: Boshoff, S.P.E., Bosman, D.B., Hiemstra, L.W., Le Roux, T.H., & Malherbe, D.F., in opdrag van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Taal, Lettere en Kuns. 1937. *Afrikaanse woordelys en spelreëls*. 5e uitgawe. Bloemfontein, Kaapstad & Pretoria: Nasionale Pers.
- AWS⁶: Taalkommissie (samest.), in opdrag van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns. 1953. *Afrikaanse woordelys en spelreëls*. 6e uitgawe. Kaapstad, Bloemfontein & Johannesburg: Nasionale Boekhandel.
- AWS⁷: Taalkommissie (samest.), in opdrag van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns. 1964. *Afrikaanse woordelys en spelreëls*. 7e uitgawe. Kaapstad & Johannesburg: Tafelberg-Uitgewers.
- AWS⁸: Taalkommissie (samest.), in opdrag van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns. 1991. *Afrikaanse woordelys en spelreëls*. 8e uitgawe. Kaapstad: Tafelberg.
- AWS⁹: Taalkommissie (samest.), in opdrag van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns. 2002. *Afrikaanse woordelys en spelreëls*. 9e uitgawe. Kaapstad: Pharos.
- AWS¹⁰: Taalkommissie (samest.), in opdrag van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns. 2009. *Afrikaanse woordelys en spelreëls*. 10e uitgawe. Kaapstad: Pharos.
- AWS¹¹: Taalkommissie (samest.), in opdrag van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns. 2017. *Afrikaanse woordelys en spelreëls*. 11e uitgawe. Kaapstad: Pharos.

- Bergenholtz, H. 1990. Lexikographische Instruktionen für ein zweisprachiges Wörterbuch. *Zeitschrift für Phonetik, Sprachwissenschaft und Kommunikationsforschung*, 43:19-37.
- Carstens, W.A.M. 2011. *Norme vir Afrikaans*. 5e uitgawe. Pretoria: J.L. van Schaik.
- De Schryver, G-M. & Prinsloo, D.J. 2001. Corpus-based activities versus intuition-based compilations by lexicographers: The Sepedi lemma-sign list as a case in point. *Nordic Journal of African Studies*, 10(3):374-398.
- De Villiers, M. 1977. Die plek van die normatiewe in die taalkunde. *Taalfasette*, 22(3):1-9.
- Fletcher, W.H. 2007. Concordancing the web. Promise and problems, tools and techniques. In Hundt, M., Nesselhauf, N. & Biewer, C. (eds). *Corpus Linguistics and the Web*. Amsterdam: Rodopi, pp.1-22.
- Fuertes-Olivera, P.A. 2012. Lexicography and the internet as a (re-)source. *Lexicographica*, 28:49-70.
- Gouws, R.H. 1989. *Leksikografie*. Pretoria: Academica.
- Gouws, R.H. & Prinsloo, D.J. 2005. *Principles and practice of South African lexicography*. Stellenbosch: SUN PRESS.
- Gove, P.B. (ed.). 1961. *Webster's Third New International Dictionary of the English Language*. Springfield: Merriam-Webster.
- HAT⁶: Luther, J., Pfeiffer, F. & Gouws, R.H. (eds.). 2015. *Handwoordeboek van die Afrikaanse taal*. 6e uitgawe. Kaapstad: Pearson. (*In VivA Woordeboekportaal*. Weergawe 1.2. [Toepassing]). <https://www.microsoft.com/en-gb/store/apps/windows> [30 November 2016]
- Heid, U., Evert, S., Säuberlich, B., Debus-Gregor, E. & Scholze-Stubenrecht, W. 2004. Tools for upgrading printed dictionaries by means of corpus-based lexical acquisition. *Proceedings of the 2004 Language Resources and Evaluation Conference*. Lisbon: LREC, pp. 419-423.
- Instituut voor Nederlandse Lexicologie. 2005. *Het Groene Boekje: Woordenlijst Nederlandse Taal van de Nederlandse Taalunie*. Den Haag: Sdu Uitgevers.
- Kotzé, E.F. 2014. Afrikaans as besitting, en die vraagstuk van herstandaardisering. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 54(4):635-655.
- Lehmann, C. 2006. Daten – Korpora – Dokumentation. In Institut für Deutsche Sprache – Jahrbuch 2006. *Sprachkorpora – Datenmengen und Erkenntnisfortschritt*. Berlin: De Gruyter, pp. 9-27.
- Martin, W.J.R., Al, B.P.F. & Van Sterkenburg, P.J.G. 1983. On the processing of a text corpus: From textual data to lexicographical information. In Hartmann, R.R.K. (ed.). *Lexicography: Principles and practice (Applied language studies 5)*. London: Academic Press, pp. 77-87.
- McLachlan, J.D. 2016. Standaardafrikaans, standaardspelling en die AWS. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 56(2-1):477-502.
- Nederland. 2005. Spellingwet van 15 September 2005.
- Odendaal, B.G. 2012. Die herstandaardisering van Afrikaans: 'n Praktiese benadering met die AWS as gevallenstudie. Ongepubliseerde proefskerif. Stellenbosch: Universiteit Stellenbosch.
- Perkuhn, R., Keibel, H. & Kupietz, M. 2012. *Korpuslinguistik*. Paderborn: Wilhelm Fink Verlag.
- Prinsloo, D.J. & De Schryver, G-M. 2003. Effektiewe vodering met die 'Woordeboek van die Afrikaanse Taal' soos gemeet in terme van 'n multidimensionele liniaal. In Botha, W. (red.). *'n Man wat beur: Huldigingsbundel vir Dirk van Schalkwyk*. Stellenbosch: Buro van die WAT, pp. 106-126.
- Projekt Deutscher Wortschatz. 2016. *Afrikaans corpus*. Leipzig: Universität Leipzig, Abteilung Automatische Sprachverarbeitung. <http://corpora.uni-leipzig.de/en>
- Reynaert, M. 2009. Parallel identification of the spelling variants in corpora. *Proceedings of the Third Workshop on Analytics for Noisy Unstructured Text Data*. Barcelona, pp. 77-84.
- Singh, R.A. 1982. *An Introduction to Lexicography*. Michigan: University of Michigan, Central Institute of Indian Languages. <http://www.ciiil-ebooks.net/html/lexico/link5.htm> [2 Desember 2016].
- Suid-Afrika. 1959. Wet op die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns 54 van 1959.
- Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns. 2015. Reglement: Taalkommissie. Hersiene weergawe goedgekeur in September. Pretoria: Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns.
- Taalkommissie van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns. 2011. Taalkommissiekorpus 1.1. Potchefstroom: CTExT, Noordwes-Universiteit.
- Tarp, S. & Fuertes-Olivera, P.A. 2016. Advantages and disadvantages in the use of internet as a corpus: The case of the online dictionaries of Spanish Valladolid-UVa. *Lexikos*, 26:273-295.

- Tomaszczyk, J. 1983. On bilingual dictionaries: The case for bilingual dictionaries for foreign language learners. In: Hartmann, R.R.K. (ed.). *Lexicography: Principles and practice (Applied language studies 5)*. London: Academic Press, pp. 41-51.
- Van Huyssteen, G.B. 2016. Die ortografiese realisering van komposita met en afleidings van multiwoordeiename. *LitNet Akademies*, 13(3):424-456.
- Van Huyssteen, G.B. 2017. Opname- en elimineringskriteria vir die Afrikaanse Woordelys en Spelreëls: Die geval *emeritus*. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 57(2-1):346-368.
- Van Rensburg, M.C.J. 2017. Ná honderd jaar: die Afrikaans van die eerste taalkommissie. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 57(2-1):249-270.
- Van Sterkenburg, P.J.G. 2004. Resensie: Afrikaanse Woordelys en Spelreëls. *Lexikos*, 14:428-431.
- Virtuele Instituut vir Afrikaans (VivA). 2016. Korpusportaal. <http://viva-afrikaans.org> [20 November 2016].
- Wallis, S. 2012a. Measures of association for contingency tables.<http://www.ucl.ac.uk/english-usage/staff/sean/resources/phimeasures.pdf><https://corplingstats.wordpress.com/2012/04/09/measures-of-association/> [2 Desember 2016].
- Wallis, S. 2012b. Robust and sound? <https://corplingstats.wordpress.com/2012/04/04/robust-and-sound/>. [2 Desember 2016].
- Wallis, S. 2013a. Comparing frequencies within a discrete distribution. <https://corplingstats.wordpress.com/2013/05/20/comparing-frequencies/> [2 Desember 2016].
- Wallis, S. 2013b. Goodness of fit measures for discrete categorical data.<http://www.ucl.ac.uk/english-usage/staff/sean/resources/gofmeasures.pdf>. [2 Desember 2016].
- Wallis, S., Bowie, J. & Aarts, B. 2012. That vexed problem of choice. Some reflections on experimental design and statistics with corpora. In *International Conference on Advances in Mechanics Engineering (ICAME 33), Leuven*. <http://www.ucl.ac.uk/english-usage/staff/sean/resources/vexedchoice.pdf>. [6 Julie 2016].
- Walter, E. 1996. Parallel development of monolingual and bilingual dictionaries for learners of English. In Gellerstam, M., Järborg, J., Malmgren, S-G., Norén, K., Rogström, L. & Papmehl, C.R. (eds). *Euralex '96 Proceedings I-II*. Gothenburg: Göteborg University, Department of Swedish, pp. 635-641.
- WAT: Woordeboek van die Afrikaanse Taal. 2016. Stellenbosch: Buro van die WAT. (*In VivA Woordeboekportaal*. Weergawe 1.2. [Toepassing]). <https://www.microsoft.com/en-gb/store/apps/windows> [30 November 2016].
- Wette kyk Suid-Afrika.
- Zgusta, L. 1971. *Manual of lexicography*. The Hague: Mouton.

Opname- en elimineringeskriteria vir die Afrikaanse Woordelys en Spelreëls: Die geval *emeritus*. Deel 2

Inclusion and elimination criteria for the Afrikaanse Woordelys en Spelreëls: The case of emeritus. Part 2

GB (GERHARD) VAN HUYSSTEEN

Sentrum vir Teksttegnologie (CTexT)
Potchefstroomkampus
Noordwes-Universiteit
E-pos: gerhard.vanhuysteen@nwu.ac.za



Gerhard van Huyssteen

GERHARD VAN HUYSSTEEN is professor in Afrikaanse taalkunde en taaltegnologie aan die Noordwes-Universiteit. Hy dien sedert 2005 op die Taalkommissie van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns en is tans voorsitter van dié liggaam. Vanaf 2009–2014 dien hy ook op die paneel van mensetaaltegnologiekundiges van die Departement Kuns en Kultuur. Hy is onder andere ontvanger van die Elizabeth Eybers-beurs, die CL Engelbrecht-prys vir taalkundenevorsing vir sy aandeel in die publikasie van die *Afrikaanse Woordelys en Spelreëls*, en die Stalsprys vir multi- en interdissiplinêre spanwerk. Hy het al verskeie grootskaalse, internasionale multimiljoenrandprojekte geleid, waaronder projekte vir Microsoft, MTN en die Suid-Afrikaanse regering. Van Huyssteen is veral bekend vir sy bydrae as taalkundige in die ontwikkeling van teksttegnologietoepassings en verskeie elektroniese hulpbronne vir Afrikaans, asook as konseptualiseerder, samesteller en beoordelaar van die kykNET-program *Op die Spel*.

GERHARD VAN HUYSSTEEN is professor in Afrikaans linguistics and language technology at the North-West University. Since 2005, he served in the “Taalkommissie” (Language Commission) of the “Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns” (South African Academy for Science and Arts), and is currently chair of this commission. He has also served in the Human Language Technology Expert Panel of the Department of Arts and Culture from 2009–2014. He is the recipient of, among others, the Elizabeth Eybers Bursary, CL Engelbrecht Award for linguistic research for his contribution to the publication of the *Afrikaanse Woordelys en Spelreëls*, and the Stals Award for multi- and interdisciplinary team work. He has initiated and led numerous large-scale, international, multimillion rand projects for institutions like Microsoft, MTN and the South African government. Van Huyssteen is known for his contribution as a linguist in the development of text technology applications and various resources for Afrikaans, as well as conceptualiser and developer of the kykNET programme *Op die Spel*.

ABSTRACT

Inclusion and elimination criteria for the Afrikaanse Woordelys en Spelreëls: The case of emeritus. Part 2

Since 2006, the Language Commission (“Taalkommissie”; TK) endeavoured to compile formal guidelines for the inclusion or elimination of lemmas in the Afrikaanse woordelys en spelreëls (AWS); these guidelines have been formalised as an operationalisation framework by Van Huyssteen (2017b – see Part 1 in this edition). The purpose of this article is to illustrate the application of this framework, using the lexical item *emeritus* as a case study. The history of *emeritus* in the various editions of the AWS is discussed, and it is illustrated that its lexicographic treatment in AWS¹⁰ does not provide the end-user with any clear answers as to how *emeritus* should be used in combination with other nouns (titles). Moreover, its treatment in several other Afrikaans dictionaries varies considerably, leaving end-users with even more uncertainty. It therefore necessitates a systematic analysis of this lexical item, using various macro- and microstructural criteria.

In the first eleven steps, questions regarding the macrostructural status of the lemma *emeritus* in the word-list part of the AWS are considered, with the overarching question being whether *emeritus* should be included in the AWS or not. Based on data from various corpora and dictionaries, eight of the questions are answered positively, and it is demonstrated that *emeritus* occurs frequently enough in written Standard Afrikaans to justify its inclusion as a lemma in the AWS. Even though the plural form *emeritusse* (introduced in AWS⁴ as a variant plural form of *emeri*) occurs in various Afrikaans dictionaries (but not in dictionaries of any other Germanic languages), it is shown that it does not occur at all in any of the corpora, and could therefore be excluded as a word-form in contemporary written Standard Afrikaans.

In the six last steps of the operationalisation framework questions regarding the microstructural treatment of a lemma are considered, with the overarching question being how *emeritus* should be treated in the AWS. Data from a few other Germanic languages show that *emeritus* functions both as noun (with the possible exception of Frisian) and adjective in these languages. As an adjective, it occurs mostly postpositively in English, German, Swedish, Danish, and Norse, while occurring mostly prepositively in Dutch and Frisian. An analysis of Afrikaans corpus data clearly shows that *emeritus* occurs statistically significantly as a prepositive adjective (e.g. *emeritus aartsbiskop* “*emeritus archbishop*”) in written Standard Afrikaans, and that its postpositive occurrence is rather improbable. In combination with other nouns (titles) the only probable competing construction is a coordinating compound with *emeritus* as left-hand constituent (e.g. *emeritus-aartsbiskop*).

The article concludes with a summative table of all criteria considered, and gives reasons why and how the entries of *emeritus* in AWS¹⁰ were changed in AWS¹¹ to reflect its usage in contemporary written Standard Afrikaans more accurately.

KEY WORDS: Afrikaans; *Afrikaanse Woordelys en Spelreëls* (AWS); elimination criteria; inclusion criteria; lexicography; normative linguistics; orthography; Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns (SAAWK); Taalkommissie (TK)

TREFWOORDE: Afrikaans; *Afrikaanse Woordelys en Spelreëls* (AWS); eliminering-skriteria; leksikografie; normatiewe taalkunde; opnamekriteria; ortografie; Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns (SAAWK); Taalkommissie (TK)

OPSOMMING

Sedert 2006 het die Taalkommissie (TK) begin om formele riglyne vir die opname of eliminering van lemmas in die *Afrikaanse woordelys en spelreëls* (AWS) saam te stel; dié riglyne is deur Van Huyssteen (2017b – kyk Deel 1 in hierdie uitgawe) in 'n operasionaliseringsraamwerk geformaliseer. Die doel van hierdie artikel is om die operasionaliseringsraamwerk uitvoerig aan die hand van 'n gevallestudie, te wete die geval *emeritus*, te illustreer. In die eerste elf stappe word vrae beantwoord wat die makrostrukturele status van die lemma in die woordelysgedeelte van die AWS raak, naamlik **of** *emeritus* opgeneem moet word of nie. Agt van dié vrae kan positief beantwoord word en dien as motivering vir die opname van *emeritus* as lemma. Die laaste ses stappe se vrae het betrekking op die mikrostrukturele hantering van *emeritus*, naamlik **hoe** dit in die AWS opgeneem moet word. Op sterkte van die analyses word tot die gevolgtrekking gekom dat *emeritus* soms as selfstandige naamwoord (met slegs die meervoud *emeriti*) in Afrikaans funksioneer, maar meestal as prenominale adjektief (byvoorbeeld *emeritus aartsbiskop*).

1. INLEIDING

Die *Afrikaanse woordelys en spelreëls* (AWS; 1917; 1918; 1921; 1931; 1937; 1953; 1964; 1991; 2002; 2009; 2017) het oor 'n tydperk van meer as honderd jaar ontwikkel, waarvan die elfde, hersiene uitgawe in 2017 verskyn het. As 'n bron wat organies gegroeи het en deur verskeie individue en Taalkommissies (TK's) saamgestel is, het daar tot en met 2006 geen formele woordeboekkonseptualiseringplan vir die AWS bestaan nie (Van Huyssteen 2017b). Sedertdien het die TK begin om 'n stylgids saam te stel waarin kwessies soos die volgorde van etikette, alfabetisering, volgorde van los-, vas- en koppeltekenskryfvorme, inkortings, tipografie, en so meer aangeraak word, asook riglyne vir die TK waarin opname- en elimineringskriteria vir lemmas in die woordelysgedeelte van die AWS bespreek word. Geen van beide is tot op datum van publikasie van hierdie artikel formeel deur die TK goedgekeur of in die openbare domein beskikbaar nie.

Van Huyssteen (2017b) gebruik van die inligting in laasgenoemde dokument om 'n operasionaliseringsraamwerk vir die woordelysgedeelte van die AWS te formuleer. Hy tipeer die AWS ('n tipe spelling-/ortografiwoordeboek) as 'n beperkte, eentalige, sinchroniese, linguisties-ensiklopediese naslaanbron, waarin norme vir die gebruik van hedendaagse, geskrewe, formele Standaardafrikaans neergelê word. Verskeie opname- en elimineringskriteria wat die omvang van die woordelysgedeelte in die AWS bepaal, word bespreek en aan die hand van verskeie voorbeelde toegelig.

Die doel van hierdie artikel is om die gebruik van hierdie operasionaliseringsraamwerk uitvoerig te illustreer aan die hand van 'n gevallestudie, te wete die geval *emeritus*. In die volgende afdeling word die operasionaliseringsraamwerk ter verwysing weer aangebied. In afdeling 3 word die problematiek met betrekking tot *emeritus* aan bod gestel, waarna dit sistematies aan elk van die kriteria geanalyseer en beoordeel word. Die artikel word afgesluit met voorstelle vir verdere ondersoek.

2. OPERASIONALISERINGSRAAMWERK

In aansluiting by Gouws (1989), wys Van Huyssteen (2017b) daarop dat lemmas in die AWS 'n dubbele rol as woerdeboekinskrywings vervul, naamlik as makro- én mikrostruktuurelemente:

As makrostruktuurelemente verteenwoordig die lemmas daardie versameling woordeskat-elemente wat leksikografies bewerk moet word en funksioneer elke lemma as die kop van 'n woordeboekartikel. As mikrostruktuurelement vorm elke lemma 'n onderdeel van 'n woordeboekartikel. Wat dié optrede betref, is 'n lemma leksikografies gelykwaardig aan die ander inskrywings van die betrokke artikel. (Gouws 1989:75)

In 'n ortografiwoordeboek soos die AWS bevat die lemma self die inligting waarna die gebruiker primêr soek, naamlik hoe om 'n leksikale item te spel/skryf, of wat die status van 'n bepaalde leksikale item in Standaardafrikaans is. Die vraag oor **wat** opgeneem moet word, is dus gelyktydig ook die vraag **hoe** dit opgeneem moet word (of vice versa: Die besluit oor **hoe** gespel moet word, is gelyktydig ook die vraag oor **wat** gespel moet word). Só gesien kan daar twee interafhanglike kategorieë van kriteria onderskei word, naamlik kriteria wat:

- die makrostruktur van die AWS bepaal (d.i. of 'n leksikale item enigsins oorweeg moet word vir opname/skrapping); en
- betreking het op die lemma as mikrostrukturele element in die AWS (d.i. hoe 'n leksikale item opgeneem moet word).

Van Huyssteen (2017b) bespreek talte kriteria in elk van die twee kategorieë en bied 'n opsomming in die vorm van 'n tabel (kyk Tabel 1) aan waarin die kriteria aan die hand van 'n aantal vrae geoperasionaliseer word. Hoe meer ja-antwoorde op die makrostrukturele vrae verkry word vir 'n voorgestelde leksikale item, hoe groter sou die kans wees dat die leksikale item in die AWS opgeneem kan word. Die antwoorde op die mikrostrukturele vrae verskaf leiding oor hoe die inskrywing uiteindelik in die AWS daar sal uitsien.

TABEL 1: Operasionalisering van mikro- en makrostrukturele kriteria

Makrostrukturele kriteria: Moet die leksikale item vir opname (of skrapping) oorweeg word?		
Spel-/skryfprobleme	1. Lewer die leksikale item potensiële spel- of skryfprobleme op?	Ja/Nee
Spel-/skryfprobleme	2. Is die leksikale item se spelling/skryfwyse/morfologiese struktuur ondeursigtig?	Ja/Nee
Status	3. Moet die leksikale item se status in Standaardafrikaans erken word?	Ja/Nee
Status	4. Is die leksikale item (nog) in hedendaagse Standaardafrikaans in gebruik?	Ja/Nee
Status	5. Kan die leksikale item as 'n unieke benoemer beskou word?	Ja/Nee
Status	6. Is die leksikale item van spesifieke sosiokulturele belang?	Ja/Nee
Status: Spreiding	7. Is die leksikale item wyd genoeg bekend, of sal dit wyd gebruik kan word?	Ja/Nee
Status: Frekwensie	8. Kom die leksikale item met praktiese beduidende frekwensie in betroubare, verteenwoordigende, gebalanseerde korpusse voor?	Ja/Nee
AWS-spesifiek	9. Moet die leksikale item opgeneem word ter wille van paradigma-voltooiing?	Ja/Nee
AWS-spesifiek	10. Word die leksikale items elders in die AWS as voorbeeld gebruik?	Ja/Nee
AWS-spesifiek	11. Is dit nodig om die leksikale item op te neem, ruimtelike beperkinge ten spyte?	Ja/Nee

TABEL 1: Operasionalisering van mikro- en makrostrukturele kriteria (*vervolg*)

Mikrostrukturele kriteria: Hoe moet die leksikale item opgeneem word?		
Taalkunde	12. Hoe moet die leksikale item gespel-/skryfword ingevolge taalkundige oorwegings (ook ten aansien van die Germaanse taalsisteem)?	Spel-/skryfvorm(e)
Taalkunde	13. Watter spel- en skryfreëls is ter sake ten aansien van die spelling/ skryfwyse van die leksikale item?	Reëlverwysing(s)
Taalkunde	14. Indien die leksikale item 'n uitsondering is wat tradisioneel anders gespel of geskryf word as wat deur die spel- en skryfreëls gedikteer word, op watter spel- en skryfreëls is dit 'n uitsondering?	Reëlverwysing(s)
Institutionalisering	15. Hoe word die leksikale item in ander gesaghebbende woordeboeke of (taalkunde)boeke opgeneem en bewerk?	Spel-/skryfvorm(e)
Frekwensie	16. Watter wisselvorm moet vir die leksikale item opgeneem word (slegs indien daar geen praktiese beduidende verskil tussen verskillende vorme is nie)?	Spel-/skryfvorm(e)
AWS-spesifiek	17. Hoe moet die artikel bewerk word om te voldoen aan die AWS se styl- en redaksionele beleid (insluitende fleksielinligting en gebruikersleiding)?	Opnamevoorstel

In die volgende afdeling word die geval *emeritus* aan die hand van elk van hierdie vrae (kriteria) beoordeel. Dit dien aan die een kant as illustrasie van die toepassing van hierdie operasionaliseringstraamwerk, en aan die ander kant as materiaal om die metodologie krities te evalueer.

3. TOEPASSING: DIE GEVAL “EMERITUS”

Van AWS¹ tot AWS³ word slegs die lemma *emeritus* (sonder enige verdere bewerkings) opgeneem, en dit is dus onduidelik of bedoel word dat *emeritus* as naamwoord of adjektief gebruik word. Vanaf AWS⁴ word die lemma wél van meervoude (*emeritusse* of *emeriti*) voorsien, waaruit die naamwoordelike aard daarvan blyk. In AWS⁸ en AWS⁹ word *emerituspredikant* (met meervoud) naas *emeritus* opgeneem, maar geen ander verbindings met *emeritus* nie. In AWS¹⁰ verskyn vier inskrywings:

- (1) *emeritus*, -se of..riti
- (2) *emeritus* (*b.nw.*), –
- (3) *emerituspredikant* of *emeritus predikant*, -e
- (4) *predikant-emeritus*, *predikante-emeritus*, of *predikant emeritus*, *predikante emeritus*

Uit (1) en (2) blyk dit dat die TK van AWS¹⁰ *emeritus* as sowel 'n naamwoord as adjektief beskou, en dat dit dus sowel los as vas van 'n ander naamwoord geskryf kan word, en sowel pre- as postnominaal gebruik kan word (soos in (3) en (4) geïllustreer word). By die koppeltekenskryfwyse in (4) is dit nie duidelik of die koppelteken 'n leesbaarheidskoppelteken is (vergelyk reël 12.1.c in AWS¹¹), en of dit op 'n neweskikkende verhouding tussen die twee woorddele van die samestelling dui nie (vergelyk reël 12.7 in AWS¹¹). Wanneer 'n skrywer na Desmond Tutu sou verwys, sou die skrywer kon aflei dat enige van die volgende skryfwyses korrek is:

- (5) *emeritus Desmond Tutu*
- (6) *emeritaartsbiskop Desmond Tutu*
- (7) *emeritus-aartsbiskop Desmond Tutu* (indien die skrywer 'n leesbaarheidskoppelteken ingevolge 12.1.c in AWS¹⁰ nodig ag)
- (8) *emeritus aartsbiskop Desmond Tutu*
- (9) *aartsbiskop-emeritus Desmond Tutu*
- (10) *aartsbiskopemeritus Desmond Tutu* (indien die koppelteken in (4) ingevolge 12.1.c in AWS¹¹'n leesbaarheidskoppelteken geag te word)
- (11) *aartsbiskop emeritus Desmond Tutu*

In kombinasie met 'n ander naamwoord (titel) is enige skryfwyse dus volgens AWS¹⁰ moontlik – die skrywer kan doen wat hy/sy wil, al is daar nie 'n spesifieke reël wat al die wisselvorme kondoneer nie (soos byvoorbeeld reël 15.6 in AWS¹¹ wat *Hertzogprys*, *Hertzog-prys*, *Hertzog-Prys* en *Hertzog Prys* toelaat). Die vraag ontstaan of hierdie toedrag van sake met die taalwerklikheid klop, en of daar dalk duideliker riglyne vir 'n meer eenvormige skryfwyse verskaf sou kon word. Die vraag kan aan die hand van die vroeë in Tabel 1 beantwoord word om te illustreer waarom (3) en (4) in AWS¹¹ geskrap en (1) en (2) soos volg gewysig is:

- (12) *emeritus, -se of .riti*
- (13) *emeritus (attr.), – (– aartsbiskop/predikant/professor)*

Spel-/skryfprobleme	1. <i>Lewer die leksikale item potensiële spel- of skryfprobleme op?</i>	Ja
---------------------	--	----

Op sigself staande lewer *emeritus* kennelik spelprobleme op. 'n Googlesoektog met <emmeritus> lewer 13 trefslae op, waarvan sommige in veronderstelde geredigeerde tekste soos op die webwerwe van OFM (2011a; 2011b) en Pretoria FM (2015).

Die kombinasie van *emeritus* met 'n ander naamwoord lewer ook veel variasie in korpusse op, soos hier onder aangetoon sal word. Ter illustrasie, let op die volgende drie skryfwyses uit ongeveer dieselfde periode by dieselfde nuusnetwerk (Netwerk24) [telkens met my beklemtoning – GBVH]:

- (14) Die Tutu-stigting het verlede Donderdag bekend gemaak dat Mpho, dogter van **emeritus-aartsbiskop** dr. Desmond Tutu (85), uitree ... (Netwerk24 2016)
- (15) Dit kan ook gerugte wees wat sommer eensklaps 'n virale feit word, soos onlangs by ons: **aartsbiskop-emeritus** Desmond Tutu se "afsterwe". (Rabe 2016)
- (16) **Emeritus aartsbiskop** Desmond Tutu is Woensdag uit die hospitaal ontslaan en sal verder huis aansterk. (Germishuys 2016)

As veronderstel word dat subredakteurs by publikasies soos dié wel die AWS raadpleeg, illustreer hierdie voorbeeld dat die AWS nie duidelike leiding aan subredakteurs gee nie. Dit regverdig dus ook 'n herbewerking van die opnames soos dit in AWS¹⁰ verskyn het.

Spel-/skryfprobleme	2. <i>Is die leksikale item se spelling/skryfwyse/ morfologiese struktuur ondeursigtig?</i>	Ja
---------------------	---	----

Die kombinasie van *emeritus* met *aartsbiskop* is struktureel meerduidelik. In *emeritus aartsbiskop* is *emeritus* 'n prenominale attributiewe adjektief en in *aartsbiskop emeritus* 'n postnominale attributiewe adjektief; in beide gevalle word dit los geskryf en word die meervoud by

aartsbiskop aangedui. In die koppeltekengevalle is dit onduidelik of die koppelteken 'n neweskikkende betekenisverhouding aandui (hy is én 'n emeritus én 'n aartsbiskop, met die meervoud *aartsbiskop-emeriti* of *emeritus-aartsbiskoppe*, soos in die geval van byvoorbeeld *skriba-kassiere*), 'n onderskikkende verhouding (in welke geval daar ook twyfel sou kon bestaan oor die meervoudsvorming: *aartsbiskoppe-emeritus* of *aartsbiskop-emeriti* of *emeriti-aartsbiskop* of *emeritus-aartsbiskoppe*), en of dit 'n leesbaarheidskoppelteken is (aangesien byvoorbeeld *aartsbiskopemeritus* verkeerdelik in lettergrepe as **aarts-bis-ko-pe-me-ri-tus* verdeel sou kon word).

Status	3. <i>Moet die leksikale item se status in Standaardafrikaans erken word?</i>	Ja
--------	---	----

Kombinasies met *emeritus* kom dikwels in Standaardafrkaanse tekste voor, soos sal blyk uit die frekwensietellings hier onder. Ook sou 'n skrywer kon twyfel of *emeritus* 'n erkende Standaardafrkaanse woord is, en of *rustende*, *afgetrede* of *gepensioeneerde* nie eerder in prenominale adjektiwiese funksie gebruik moet word nie. Boonop sou daar onsekerheid kon wees of *emeritus* as naamwoord én adjektief in Afrikaans erken en gebruik word: Tot en met AWS⁹ is *emeritus* slegs as naamwoord in die woordelys opgeneem; vanaf AWS¹⁰ word die adjektiwiese funksie ook aangedui.

Status	4. <i>Is die leksikale item (nog) in hedendaagse Standaardafrkaans in gebruik?</i>	Ja
--------	--	----

Voorbeelde (14) tot (16) hier bo illustreer duidelik dat die woord nie verouderd is nie, maar gereeld in hedendaagse publikasies gebruik word. Dit word ook in geen van die geraadpleegde woordeboeke (sien hier onder) as *verouderd/verouderend* geëtiketteer nie.

Status	5. <i>Kan die leksikale item as 'n unieke benoemer beskou word?</i>	Ja
--------	---	----

Daar bestaan geen ander Afrikaanse alternatief vir *emeritus* as naamwoord nie. Sonder toegang tot *emeritus* moet 'n skrywer dus gebruik maak van naamwoordfrases soos *rustende predikant*, *afgetrede dosent* of *gepensioeneerde professor*.

Status	6. <i>Is die leksikale item van spesifieke sosiokulturele belang?</i>	Nee
--------	---	-----

Hoewel die woord *emeritus* veral in akademiese en kerkkontekste gebruik word, is dit 'n woord wat dikwels en algemeen in die media gebruik word. Die woord is daarom nie van spesifieke sosiokulturele belang, of as sosiaal, politiek of kultureel sensitief gemerk nie.

Status: Spreiding	7. <i>Is die leksikale item wyd genoeg bekend, of sal dit wyd gebruik kan word?</i>	Ja
-------------------	---	----

In geen van die woordeboeke wat geraadpleeg is (sien hier onder), word *emeritus* as **gewestelik** geëtiketteer nie. Dit is boonop 'n woord wat in ander tale gebruik word.

Status: Frekwensie	8. Kom die leksikale item met prakties beduidende frekwensie in betroubare, verteenwoordigende, gebalanseerde korpusse voor?	Ja
--------------------	--	----

Ten einde te besluit op die spelling of skryfwyse van 'n bepaalde leksikale item, kan korpusfrekwensie as 'n kriterium (in samehang met ander kriteria) gebruik word. Die TK gebruik meestal die TK-korpus (Taalkommissie 2011), wat uit ongeveer 57 miljoen woorde bestaan, maar doen ook soektogte in ander korpusse soos dié wat op die webwerf van die Virtuele Instituut vir Afrikaans (VivA) (2016) beskikbaar is, die *Woordeboek van die Afrikaanse Taal* (WAT 2016) as korpus, die Afrikaanse korpus van Projekt Deutscher Wortschatz (2016; voortaan Leipzigkorpus) en ander soortgelyke hulpbronne.

Die frekwensies F en frekwensieklassie N van *emeritus* en verbindings daarmee soos gesamentlik voorkom in al die korpusse wat op VivA se Korpusportaal beskikbaar is, asook die Leipzigkorpus word in Tabel 2 weergegee. Die frekwensieklassie N (na onder afgerond) van 'n woord word bepaal deur:

$$N = \left\lfloor 0.5 - \log_2 \left(\frac{\text{frekwensie van woord}}{\text{frekwensie van frekwentste woord}} \right) \right\rfloor$$

Die frekwentste woord (*die* in beide die VivA-korpusversameling en Leipzigkorpus) se frekwensieklassie is 0, terwyl 'n woord in frekwensieklassie 1 ongeveer die helfte so frekwent soos *die* is. 'n Hapaxlegomenon soos *hoogleraarspos* se frekwensieklassie is 23. Om 'n indruk te kry van die frekwensieklassie waarin *emeritus* val, vergelyk ander algemeen bekende en gebruikte woorde in die TK-korpus wat in dieselfde frekwensieklassie val, soos *amnestie*, *beboet*, *leeromgewing*, *mikrofoon*, *onderbreking*, *ontplooiing*, *ontvoering*, ensovoorts.

TABEL 2: Frekwensie van *emeritus* en verbindings daarmee

Vorm	VivA		Leipzig	
	F	N	F	N
[emeritus] _N of [emeritus] _{ADJ}	248	14	314	15
[[emeritus] - x] _N	121	16	174	16
[[emeritus] x] _N	13	19	79	17
[x - [emeritus]] _N	11	19	3	22
[x [emeritus]] _N	1	23	0	-

Met betrekking tot die meervoudsvorm van *emeritus*, sien ons uit Tabel 3 dat slegs *emeriti* in taalgebruiksdata voorkom. In weerwil van die wisselvorm *emeritusse* wat in 1931 in die AWS ingevoer is en vervolgens neerslag gevind het in ander woordeboeke soos die WAT en HAT⁶, kom dié vorm gewoon nie in taalgebruiksdata voor nie. Die enigste voorbeeld van *emeritusse* in lopende teks wat met 'n Googlesoektog gevind kon word, is in die titel van 'n brief wat op LitNet verskyn het:

(17) God, godsdiens, grade en “emeritusse”! (Van Huyssteen 2008)

Die feit dat die skrywer *emeritusse* tussen aanhalingstekens skryf, sou ook op sy eie onsekerheid (of moontlik ironie) kon dui. Let ook daarop dat slegs *emeriti* as meervoudsvorm in geraadpleegde Engelse, Nederlandse en Duitse woordeboeke voorkom, sonder enige ander moontlike wisselvorme (kyk hier onder).

TABEL 3: Frekwensie van *emeriti* en *emeritusse*

Meervoudsvorm	VivA		Leipzig	
	F	N	F	N
emeriti	5	20	99	17
emeritusse	0	–	0	–

AWS-spesifiek	9. <i>Moet die leksikale item opgeneem word ter wille van paradigmavoltooiing?</i>	Ja
---------------	--	----

Indien van die makrostrukturele kriteria sou aandui dat *emeritus* wel as naamwoord en adjektief gebruik word, sal dié onderskeid ten minste aangedui moet word. Ten einde die valensiepotensiaal van *emeritus* aan te duï, sou dit ook nuttig wees om hoë frekwente samestellings/kollokasies op te neem (of ten minste as voorbeeldmateriaal tussen hakies).

AWS-spesifiek	10. <i>Word die leksikale items elders in die AWS as voorbeeld gebruik?</i>	Nee
---------------	---	-----

Nó *emeritus*, nóg enige verbindings daarmee word in die reëlgedeelte van die AWS aangetref.

AWS-spesifiek	11. <i>Is dit nodig om die leksikale item op te neem, ruimtelike beperkinge ten spy? </i>	Nee
---------------	---	-----

Die vooronderstelling in hierdie artikel is dat daar geen ruimtelike beperkings is nie, gegewe dat die AWS hede ten dag elektronies beskikbaar is.

Taalkunde	12. <i>Hoe moet die leksikale item gespel/-skryf word ingevolge taalkundige oorwegings (ook ten aansien van die Germaanse taalsisteem)?</i>	[emeritus [x] _N] _{NP} of [[x]Nemeritus] _{NP}
-----------	---	--

Met betrekking tot die kombinatoriek van *emeritus* is daar drie potensiële vrae wat taalkundig beantwoord moet word:

1. Fungeer *emeritus* as naamwoord of adjektief in kombinasie met titels? Indien dit as naamwoord fungeer, vorm dit 'n neweskikkende of apposisiekompositum (Van Huyssteen 2017a:197) met 'n ander titel en moet dit ingevolge reël 15.3 (AWS¹¹) vas geskryf word; indien 'n adjektief, moet dit as naamwoordfrase ingevolge reël 15.1 (AWS¹¹) los geskryf word, of as attribuutkompositum met 'n koppelteken vas geskryf word. Hierdie vraag is die belangrikste en is bepalend of vraag 2 of 3 daarna gestel moet word.
2. Naamwoord: Indien dit 'n kompositum met ander titels vorm, watter tipe kompositum – semosintakties gesien (vergelyk Van Huyssteen 2017a:197) – word gevorm? Indien dit 'n neweskikkende kompositum is (d.i. $[[a]_{Ni} - [b]_{Nj}]_{Nk} \leftrightarrow [SEM_iENSEM_j]_k$, soortgelyk aan *skrywer-digter*) moet dit ingevolge reël 12.7 (AWS¹¹) met 'n koppelteken geskryf word en sal die meervoud byvoorbeeld *emeritus-aartsbiskoppe* of *aartsbiskop-emeriti* wees. As die kombinasie as 'n apposisiekompositum (d.i. $[[a]_{Ni} [b]_{Nj}]_{Nk} \leftrightarrow [SEM_jISSEM_i]_k$, soortgelyk aan *sleutelwoord*) geïnterpreteer word, sou die koppelteken opsioneel wees. Op die morfosemantiese vlak (Van Huyssteen 2017a:197) moet ook bepaal word of *emeritus* die kern (*aartsbiskopemeritus*) of bepaler (*emeritusaartsbiskop*) in so 'n samestelling is.
3. Adjektief: Indien dit 'n woordgroep met titels vorm, moet bepaal word of die adjektief prenominaal (*emeritus aartsbiskop*) of postnominaal (*aartsbiskop emeritus*) optree. Indien dit as 'n saamgestelde rangbenaming met die kern aan die linkerkant (d.i. $[[a]_N - [b]_{ADJ}]_N$, soos *posmeester-generaal*) gesien word, is *aartsbiskop-emeritus* in dié patroon die enigste moontlikheid en sal die meervoud ingevolge reël 14.12 (AWS¹¹) *aartsbiskoppe-emeritus* (net soos *posmeesters-generaal*) wees. Laasgenoemde konstruksie is egter nie produktief in Afrikaans nie en kan dus eintlik as moontlikheid uitgesluit word (en boonop word meervoudsvorme soos *aartsbiskoppe-emeritus* of *predikante-emeritus* in geen van die korpusdata of ander woordeboeke aangetref nie).

Die eerste vraag kan vanuit twee perspektiewe beantwoord word. Aan die een kant kan toetse vir wordstatus, met alle beperkinge van dien (Van Huyssteen 2017a:184, 186), aangelê word. In terme van omstelbaarheid blyk uit die ondersoekte korpusdata (kyk hier onder) dat *emeritus* nooit as predikatiewe adjektief (**die aartsbiskop is emeritus*) optree nie.¹ Dit is wel vervangbaar met ander adjektiewe (byvoorbeeld *die rustende/afgetrede/gepensioeneerde aartsbiskop*, asook *die aartsbiskop is rustend/afgetrede/gepensioeneerd* (HAT⁶ 2015)), maar nie met ander naamwoorde nie (byvoorbeeld ??*pensioenaris aartsbiskop* of ??*aartsbiskoppensioenaris*). As dit as adjektief beskou word, blyk dit vrywel mobiel in pre- of postnominale posisie te wees (kyk frekwensieonderzoek hier onder), maar dat dit wel onskeibaar is: *die Angliaanse emeritus aartsbiskop* blyk uit die korpusondersoek moontlik te wees (drie gevalle in VivA se Korpusportaal), maar **die emeritus Angliaanse aartsbiskop* nie. Ofskoon dit sou kon suggereer dat *emeritus* dus eerder as naamwoord in komposita gesien moet word (dus *emeritusaartsbiskop* of *aartsbiskopemeritus*), kan die ewe waarskynlike analise as frasenaam (Booij 2010) ook

¹ In die WAT, onder betekenis II van die lemma **emeritus** as selfstandige naamwoord, is die volgende poëem opgeneem: "Die ou dominee is al jare emeritus." Ofskoon die gebruik van *emeritus* in hierdie geval as predikatiewe adjektief geïnterpreteer sou kon word, volstaan ek by die WAT se kategorisering daarvan as selfstandige naamwoord.

geld. Vanuit dié beskouing is daar dus geen klinkklare antwoord nie, hoewel 'n interpretasie as adjektief dalk waarskynliker lyk.

Aan die ander kant kan *emeritus* diachronies en sinchronies vanuit 'n taalvergelykende perspektief beskou word. In Latyn beteken *emeritus* "veteraan soldaat", die verledelewoordvorm van *emere* "om diens te voltooi" (EtymOnline 2016). In *Collins English Dictionary* (2003) word aangedui dat dit in Engels normaliter as postnominale adjektief (Eng. "a professor emeritus") gebruik word, en dit word deur verskeie ander woordeboeke bevestig (waaronder *The American Heritage® Dictionary of the English Language* 2009). Dieselfde geld ook Duits waar die adjektief postnominaal gebruik word: *Professor emeritus* (Duden 2016). Uit 'n vergelyking met inskrywings op Wikipedia (2016) blyk dit ook ten minste waar te wees vir Sweeds, Deens en Noors (as voorbeeld van nog Germaanse tale). Die situasie ten aansien van Fries is onduidelik: Die *Wurdboek van de Fryske Taal* (WFT 2016) dui die woordsoort van *emeritus* as adjektief aan, maar in die voorbeeldmateriaal word slegs die naamwoordelike gebruik geillustreer. Die inskrywing op Wikipedia (2016) wil egter laat blyk dat dit as adjektief prenominaal gebruik word: *emearitusdúmny; emearitus professor*.

Met betrekking tot Nederlands dui Van Wijk (1936) aan dat *emeritus* slegs as naamwoord gebruik kan word, terwyl Philippa et al. (2003–2009) weer slegs op die adjektiwiese gebruik daarvan dui, so te sien vanweë die feit dat *emeritus* in Latyn 'n deelwoord is. Die *Woordenboek der Nederlandse Taal* (WNT 2007) dui aan dat *emeritus* sowel naamwoordelik as adjektiwies gebruik kan word en dui eksplisiet die koppeling *emeritus-predikant* (sonder verdere verklaring) aan. In die *Woordenlijst Nederlandse Taal* (Nederlandse Taalunie 2016b) word *emeritus* as naamwoord én adjektief opgeneem; daarnaas verskyn ook *emeritus hoogleraar, emeritus pastoor* en *emeritus predikant*.

Op die webwerf van die Nederlandse Taalunie se taaladviesdiens (Nederlandse Taalunie 2016a) verskyn 'n uitgebreide artikel oor *emeritus* [my vetdruk – GBVH]:

Een hoogleraar die met pensioen is, is een gepensioneerd hoogleraar. Vaak heeft hij het recht gekregen om de titel *emeritus hoogleraar* te voeren (vergelijk *ereleraar* en *eresecretaris*). ***Emeritus*** is hier een bijvoeglijk naamwoord – **daarom staat er geen koppelteken tussen *emeritus* en *hoogleraar***. Het bijvoeglijk naamwoord kan ook als zelfstandig naamwoord voorkomen: *een emeritus, een emerita, twee emeriti*. ... In combinatie met, bijvoorbeeld, *prof. dr.* kan de afkorting van *emeritus - em.* - op drie plaatsen staan: *prof. dr. em., prof. em. dr.* en *em. prof. dr.* Alle drie die mogelijkheden komen in de praktijk voor. Titulatuurgidsen geven geen uitsluitsel over de volgorde. ... Wegens de ondubbelzinnigheid en de parallelle met de volledige aanduiding *emeritus hoogleraar* (cf. *emeritus procureur-generaal, emeritus predikant, emeritus Kamervoorter* enzovoort) gaat de voorkeur naar *em. prof. dr.*

Dit is duidelik dat daar dus in Nederlands (ten minste in amptelike kringe) 'n sterk voorkeur is vir die prenominaal adjektiwiese gebruik, soos ook die geval in Fries is. In alle Germaanse tale wat ondersoek is, blyk dit dus dat *emeritus* in kombinasie met titels as adjektief beskou word; in Nederlandse en Fries gaan die voorkeur uit vir die prenominaal adjektiwiese interpretasie, terwyl Engels, Duits, Sweeds, Deens en Noors die postnominale skryfwyse voorstaan. Van de Velde (2009:202) toon aan dat die attributiewe adjektief in Protobermaans "zich ... vrij op zinsniveau bewogen", maar dat "acteropplaatsing van adjektieven rond 1100 volledig verouderd is ... want postnominale positie is dikwils onderworpen aan allerlei beperkingen." Die postnominale skryfwyse van *emeritus* in Germaanse tale kan dus enigsins as gemerk beskou word, maar nie as "verkeerd" nie.

Vir Afrikaans – as Germaanse taal – sou enige van die twee opsies dus ten minste taalkundig korrek wees. Die twee konstruksieskemas (Van Huyssteen 2017a) in (18) en (19) sou beide moontlik kon wees.

- (18) [[emeritus]_{ADJ} [x]_N]_{NP} ↔ [AFGETREDE SEM_N]
 (19) [[x]_N [emeritus]_{ADJ}]_{NP} ↔ [AFGETREDE SEM_N]

Taalkunde	13. Watter spel- en skryfreëls is ter sake ten aansien van die spelling/skryfwyse van die leksikale item?	15.1 of 15.2
-----------	---	--------------

Indien aanvaar word dat *emeritus* as adjektief in Afrikaans fungeer, geld die losskryfwyse soos bepaal word in reël 15.1 (AWS¹¹). As die adjektiwiese funksie egter verwerp word, word dit as 'n samesetting vas aan 'n ander titel geskryf soos bepaal word in reël 15.2 (AWS¹¹).

Taalkunde	14. Indien die leksikale item 'n uitsondering is wat tradisioneel anders gespel of geskryf word as wat deur die spel- en skryfreëls gedikteer word, op watter spel- en skryfreëls is dit 'n uitsondering?	Geen
-----------	---	------

Enige van die skryfwyses is moontlik ingevolge die konvensies van die Afrikaanse ortografie en verteenwoordig dus nie 'n uitsondering nie.

Institusionalisering	15. Hoe word die leksikale item in ander gesaghebbende woordeboeke of (taalkunde)boeke opgeneem en bewerk?	Wyd uiteenlopend
----------------------	--	------------------

Afrikaanse woordeboeke interpreteer *emeritus* op 'n verskeidenheid wyses. Uit beide die WAT (Figuur 1) en HAT⁶ (Figuur 2) se voorbeeldmateriaal by die adjektief gee hulle erkenning aan sowel die pre- as postnominale gebruik daarvan.

eme'ritus

I b.nw. Gesê van predikante en hoogleraars wat hul amp neergelê het en emeritaat verkry het; rustend: *Emeritus predikant, professor. Die akademiese titel van professor emeritus sal binnekort by die Universiteit van Kaapstad ingestel word* (*Die Burger*).

II s.nw., *emeriti* of *emeritusse*. Persoon aan wie emeritaat verleen is; afgetrede predikant of professor: *Die ou dominee is al jare emeritus.*

Figuur 1: *emeritus* in die WAT

e·me·ri·tus, e·me·ri·tus [afk. em.] b.nw. [~]rustend; gepensioeneerd: 'n *emeritus predikant/professor* • 'n *predikant/professor emeritus*. s.nw. [*emeriti of ~se*]afgetrede predikant/professor: *Ds. Van der Walt is al tien jaar ('n) emeritus.*[Latyn *e* uit + *mereri* verdien]► *emeritus*: ~**predikant**, ~**professor****Figuur 2:** *emeritus* in HAT⁶

Die HAT⁶-gebruiker wat op soek is na skryfwyseleiding, kan egter verwarring word deur die onverklaarde sublemmas by die naamwoordelike gebruik, aangesien HAT⁶ duidelik te kenne gee dat *emerituspredikant* en *emeritusprofessor* ook aanvaarbaar is (naas die adjektiwiese gebruik). Die twee onverklaarde sublemmas lyk identies op die hantering in *Verklarende Afrikaanse Woordeboek* (VAW⁹ 2010; Figuur 3).

e·me·ri·tus [=tusse, =riti] Afgetrede, rustende predikant of
hoogleraar. ~**predikant**, ~**professor**.

Figuur 3: *emeritus* in VAW⁹

Die inskrywing in *Pharos Afrikaans-Engels/Engels Afrikaanse Woordeboek* (PAEEA 2005; Figuur 4) sluit ook hierby aan en laat die gebruiker aflei dat 'n vasskryfwyse (*emerituspredikant*) die korrekte vertaling is vir die Engelse *pastor emeritus*. Wat nog meer verwarrend is, is dat *emerituspredikant* 'n sublemma van die adjektiwiese gebruik van *emeritus* is.

e·me·ri·tus, e·me·ri·tus =ritusse, =riti, n. 1 retired professor; 2
retired minister of religion **e·me·ri·tus** adj. retired, *emeritus*
~**predikant** pastor *emeritus*.

Figuur 4: *emeritus* in PAEEA

Die *Afrikaans/Japannese Woordeboek* (2015; Figuur 5) gee slegs erkenning aan die skryfwyse *emeritus-professor*, terwyl die *Pharos Groot Woordeboek Afrikaans en Nederlands* (ANNA 2011; Figuur 6) slegs die naamwoordelike gebruik erken – sonder enige leiding oor hoe om dit in kombinasie met ander titels te gebruik.

emeritus-professor n. form. (~e) *meeyo-kyooju* 名譽教授

Figuur 5: *emeritus* in Afrikaans/Japannese Woordeboek

emeritus nw.[de; mv: *emeriti*], **emeritus** nw.[mv: *emeriti*]

A|N

(iemand die zijn emeritaat heeft) **emeritus****Figuur 6:** *emeritus* in ANNA

Uit bostaande is dit duidelik dat bykans alle geraadpleegde woordeboeke van mekaar verskil in hulle hantering van *emeritus*. Nie net verskil die woordeboeke van mekaar nie, maar word die eindgebruiker ook dikwels met meer vrae as antwoorde gelaat indien hy/sy selfs net een van die woordeboeke (byvoorbeeld HAT⁶ of PAEEA) sou raadpleeg. Vir leiding met betrekking tot die wyse van opname in die AWS kan die TK dus eintlik moeilik steun op ander woerdeboeke.

Frekwensie	16. <i>Watter wisselvorm moet vir die leksikale item opgeneem word (slegs indien daar geen prakties beduidende verskil tussen verskillende vorme is nie)?</i>	<i>emeritus aartsbiskop, moontlik ook emeritus-aartsbiskop</i>
------------	---	--

In Van Huyssteen (2017b) stel ek voor dat die keusemodel van Wallis et al. (2012:4) as statistiese raamwerk gebruik kan word, veral in gevalle waar besluit moet word oor variante ortografiese vorme. Binne dié raamwerk is die waarskynlikheid P dat 'n bepaalde vorm n_1 uit die totale aantal werklike keuseopsies n_j gekies sal word:

$$P(n_1 | \{n_1, n_2, n_3, \dots, n_j\}) = \frac{F(n_1)}{F(n_1 | \{n_1, n_2, n_3, \dots, n_j\})}$$

Waar $F(n_1)$ die totale aantal gevalle (ongenormaliseerde frekwensie) van die eerste ortografiese variant is, $F(n_j)$ van die tweede variant, ensovoorts. Die waarskynlikheid P word uitgedruk as 'n waarde tussen 0 (onwaarskynlik) en 1 (volkome waarskynlik). Aangesien daar met waarskynlikhede gewerk word, kan ook met die gemiddeld van waarskynlikhede oor verskillende korpusse heen gewerk word. Die enkelsteekproef-z-toets (Wallis 2013a; 2013b) kan gebruik word om 'n aanduiding te kry of die waarskynlikheidsverspreiding enigsins ook statisties beduidend is (indien dit nie op die oog af duidelik is nie). Indien $|z| > 1,95996$ is, is die verskil in frekwensie statisties beduidend en kan die twee vorme nie eintlik as wiskundig/statisties waarskynlike wisselvorme gesien word nie.

Teen dié agtergrond kan die kombinasie van *emeritus* met ander titels as 'n 2x3-keuseruimte voorgestel word:

- *emeritus* kan links of regs van die titel staan (2 opsies); en
- *emeritus* kan los van, met 'n koppelteken vas, of sonder 'n koppelteken vas aan die titel geskryf word (3 opsies).

Vir doeleindes van hierdie artikel is *emeritus* in kombinasie met *aartsbiskop* in al die korpusse op Viva (2016) se Korpusportaal en die Leipzigkorpus (Projekt Deutscher Wortschatz 2016) ondersoek, asook data wat met 'n Googlesoektog (sien Bylae) versamel is. Die frekwensies word in Tabel 4 aangebied, en die waarskynlikhede in Tabel 5.

TABEL 4: Frekwensies van *emeritus* in kombinasie met *aartsbiskop* in drie datastelle

	<i>emeritus+aartsbiskop</i>			<i>aartsbiskop+emeritus</i>			TOTAAL		
	VivA	Leipzig	Google	VivA	Leipzig	Google	VivA	Leipzig	Google
los	155	57	59	42	14	42	197	71	101
koppelteken	95	87	98	11	1	19	106	88	117
vas	4	5	46	1	0	4	5	5	50
TOTAAL	254	149	203	54	15	65	308	164	268

TABEL 5: Waarskynlikhede van *emeritus* in kombinasie met *aartsbiskop* in drie datastelle

	<i>emeritus+aartsbiskop</i>			<i>aartsbiskop+emeritus</i>			TOTAAL			Gemiddeld
	VivA	Leipzig	Google	VivA	Leipzig	Google	VivA	Leipzig	Google	
los	0,503	0,348	0,220	0,136	0,085	0,157	0,640	0,433	0,377	0,483
koppelteken	0,308	0,530	0,366	0,036	0,006	0,071	0,344	0,537	0,437	0,439
vas	0,013	0,030	0,172	0,003	0,000	0,015	0,016	0,030	0,187	0,078
TOTAAL	0,825	0,909	0,757	0,175	0,091	0,243	1,000	1,000	1,000	
Gemiddeld	0,830			0,170						1,000

Uit alle keusemoontlikhede is die waarskynlikheid van *emeritus aartsbiskop* in die VivA-korpusse die hoogste ($P = 0,503$), maar steeds eintlik nie prakties beduidend nie: Dit het dit maar steeds slegs 'n 50%-kans om gekies te word – d.i. soortgelyk aan die opskiet van 'n onsydige muntstuk. Die verskil tussen *emeritus aartsbiskop* en sy naaste kompeterende vorm, *emeritus-aartsbiskop*, is statisties beduidend ($z = 3,794733$, $p = 0,0001$), wat impliseer dat dié twee statisties gesproke nie as wisselvorme gesien kan word nie. As 'n mens na die gesamentlike waarskynlikhede in die VivA-korpusse kyk (in die TOTAAL-kolom en -ry), blyk die kans dat *emeritus* links in plaas van *aartsbiskop* sal staan veel groter te wees ($P = 0,825$). Insgelyks, as daar na die totale waarskynlikhede vir los, met koppelteken vas, of vas gekyk word, blyk die kans effens groter te wees dat dit los geskryf sal word ($P = 0,640$) – ten minste waarskynliker as 'n gelyke kans by die opskiet van 'n onsydige muntstuk.

Indien die Leipzig- en Googledata in ag geneem word, blyk dieselfde tendens ten opsigte van links teenoor regs waar te wees: Vir die links geplaaste opsie is $P = 0,909$ en $P = 0,757$ onderskeidelik (kyk die "TOTAAL"-ry in Tabel 5). As 'n mens die gemiddeld van waarskynlikhede in die drie datastelle neem (kyk die "Gemiddeld"-ry in Tabel 5), is dit duidelik dat die gevalle waar *emeritus* links van *aartsbiskop* staan veel waarskynliker is ($P = 0,830$) as gevalle waar dit regs daarvan staan.

In die Googledata – waarvan 'n mens kan veronderstel dat dit meer ongeredigeerde tekste bevat as die korpusse in VivA se Korpusportaal (Van Huyssteen 2016) – is die los-, koppelteken- en vasskryfwyses egter meer eweredig versprei, met die koppeltekenskryfwyse effens

waarskynliker ($P = 0,437$) as die res. Ook in die Googledata verskil die frekwentste vorm (*emeritus-aartsbiskop*) statisties beduidend van die naas frekwentste vorm (*emeritus aartsbiskop*) ($z = 3,112539, p = 0,0019$), wat beteken dat ook hulle nie statisties gesproke as wisselvorme gesien kan word nie.

Soos in die Googledata is die koppeltekenskryfwyse die waarskynlikste ($P = 0,537$) in die Leipzigdata. Ook *emeritus-aartsbiskop* (frekwentste vorm) verskil statisties beduidend van die naas frekwentste *emeritus aartsbiskop* ($z = 2,5, p = 0,012$), en hulle kan dus nie statisties as wisselvorme gesien word nie.

Die losskryfwyse is gemiddeld (kyk die “Gemiddeld”-kolom in Tabel 5) oor die drie datastelle heen die waarskynlikste van alle moontlikhede ($P = 0,483$), ofskoon dit ongeveer gelyk is aan die kansie by die opskiet van 'n onsydige munstuk. Die enigste ander kompeterende skryfwyse is met 'n koppelteken ($P = 0,439$).

Deur soortgelyke vergelykings te doen met *emeritus* en byvoorbeeld *professor*, *leraar* en *predikant*, kan 'n meer omvattendebeeld verkry word van *emeritus* se gedrag in werklike taalgebruiksdata. Vir doeleinades van hierdie artikel word volstaan met die VivA- en Leipzigkorpusdata, aangesien dit uit die *aartsbiskop*-data (kyk Tabel 4 en Tabel 5) geblyk het dat die Leipzigkorpus en Googledata tot 'n redelike mate ooreenstemmende spreiding vertoon. In Tabel 6 word die frekwensies van *emeritus* in kombinasie met ander titels (uitgesonderd *aartsbiskop*) weergegee, en in Tabel 7 die ooreenstemmende waarskynlikhede. In die twee individuele datastelle sien ons hier ander spreidings as in die *aartsbiskop*-data: In die VivA-data is vorme soos *emeritus-predikant* en *emeritus-professor* die waarskynlikste ($P = 0,388$), terwyl *emeritus aartsbiskop* die waarskynlikste is; in die Leipzigdata is presies die teenoorgestelde waar, met *emeritus aartsbiskop* as die waarskynlikste vorm ($P = 0,437$).

TABEL 6: Frekwensies van *emeritus* in kombinasie met ander titels (uitgesonderd *aartsbiskop*) in twee datastelle

	<i>emeritus+y</i>		<i>y+emeritus</i>		TOTAAL	
	VivA	Leipzig	VivA	Leipzig	VivA	Leipzig
los	21	142	11	20	32	162
koppelteken	26	87	0	2	26	89
vas	9	74	0	0	9	74
TOTAAL	56	303	11	22	67	325

As ons egter na die gemiddelde kyk (vergelyk die “Gemiddeld”-kolom en -ry in Tabel 5 en Tabel 7), sien ons wel naastenby dieselfde spreiding: Die linkerkantse plasing van *emeritus* is telkens die waarskynlikste (onderskeidelik $P = 0,830$ en $0,884$), soos ook die los geskrewe vorm (onderskeidelik $P = 0,483$ en $0,488$). As ons al die data combineer (kyk Tabel 8 en Tabel 9) word hierdie patroon nog sterker duidelik met die gemiddelde waarskynlikheid vir die linkerkantste plasing van *emeritus* as $P = 0,876$ en die los geskrewe vorm as $P = 0,544$.

TABEL 7: Waarskynlikhede van *emeritus* in kombinasie met ander titels (uitgesonderd *aartsbiskop*) in twee datastelle

	<i>emeritus+y</i>		<i>y+emeritus</i>		TOTAAL		Gemiddeld
	VivA	Leipzig	VivA	Leipzig	VivA	Leipzig	
los	0,313	0,437	0,164	0,062	0,478	0,498	0,488
koppelteken	0,388	0,268	0,000	0,006	0,388	0,274	0,331
vas	0,134	0,228	0,000	0,000	0,134	0,228	0,181
TOTAAL	0,836	0,932	0,164	0,068	1,000	1,000	
Gemiddeld	0,884		0,116				1,000

TABEL 8: Frekwensies van *emeritus* in kombinasie met alle titels (insluitende *aartsbiskop*) in twee datastelle

	<i>emeritus+x</i>		<i>x+emeritus</i>		TOTAAL		Gemiddeld
	VivA	Leipzig	VivA	Leipzig	VivA	Leipzig	
los	176	199	53	34	229	233	
koppelteken	121	174	11	3	132	177	
vas	13	79	1	0	14	79	
TOTAAL	310	452	65	37	375	489	

TABEL 9: Waarskynlikhede van *emeritus* in kombinasie met alle titels (insluitende *aartsbiskop*) in twee datastelle

	<i>emeritus+x</i>		<i>x+emeritus</i>		TOTAAL		Gemiddeld
	VivA	Leipzig	VivA	Leipzig	VivA	Leipzig	
los	0,469	0,407	0,141	0,070	0,611	0,476	0,544
koppelteken	0,323	0,356	0,029	0,006	0,352	0,362	0,357
vas	0,035	0,162	0,003	0,000	0,037	0,162	0,099
TOTAAL	0,827	0,924	0,173	0,076	1,000	1,000	
Gemiddeld	0,876		0,124				1,000

Die afleidings wat uit hierdie dataondersoek gemaak kan word, is dat *emeritus* waarskynliker as prenominale adjektief as enige van die ander keuseopsies funksioneer, soos in die konstruksieskema in (18) beskryf word. Die enigste ander kompeterende konstruksie is waar *emeritus* as naamwoord geïnterpreteer word en dan met ander titels in neweskikkende komposita (byvoorbeeld *emeritus-aartsbiskop* of *emeritus-professor*) verbind. 'n Skryfwyse (en interpretasie) is dus in die volksmond aan die ontluk, in weerwil van normgewende bronne. Daar is egter telkens aangetoon dat dié kompeterende vorme statisties beduidend van mekaar verskil en dus statisties gesproke nie as wisselvorme beskou kan word nie; met 'n normatiewe doelstelling voor oë moet besluit word of die verskil ook prakties beduidend is. Daar moet ook in gedagte gehou word dat die koppeltekenskryfwyse nóg in enige AWS, nóg in enige gesaghebbende woordeboek (met die uitsondering van die *Afrikaans/Japannese Woordeboek* 2015) geperpetueer word.

AWS-spesifiek	17. <i>Hoe moet die artikel bewerk word om te voldoen aan die AWS se styl- en redaksionele beleid (insluitende fleksie-inligting en gebruikersleiding)?</i>	<i>emeritus, ..riti emeritus (attr.), – (– aartsbiskop/ predikant/ professor)</i>
---------------	---	---

Uit die voorafgaande bespreking kan die volgende algemene gevolgtrekkings saamgevat word:

- Taalkundig gesproke blyk beide die prenominale en postnominale adjektiwiese gebruik van *emeritus* in Germaanse tale moontlik te wees, met 'n voorkeur vir die prenominale gebruik in Nederlands en Fries. In al die ondersoekte tale, met die moontlike uitsondering van Fries, kan *emeritus* ook as selfstandige naamwoord gebruik word.
- Korpusdata bevestig dat *emeritus* ook statisties beduidend as prenominale adjektief in Afrikaans gebruik word en baie onwaarskynlik postnominaal voorkom. In kombinasie met ander titels is die enigste kompeterende konstruksie 'n neweskikkende kompositum met *emeritus* as linkerlid.
- Afrikaanse woordeboeke se interpretasie en hantering van *emeritus* in kombinasie met ander titels is wyd uiteenlopend, wat ook 'n aanduiding is van die onsekerheid wat bestaan met betrekking tot die skryfwyse van *emeritus* in sulke kombinasies. In die naamwoordelike gebruik gee al die ondersoekte tale se woerdeboeke slegs erkenning aan die oorspronklike Latynse meervoudsvorm (*emeriti*), terwyl dit blyk dat die gegermaniseerde meervoudsvorm (*emeritusse*) slegs in Afrikaanse woerdeboeke voorkom.

Alles in ag genome dien dit as motivering waarom die volgende inskrywings in AWS¹¹ opgeneem is:

- (29) *emeritus, ..riti*
 (30) *emeritus (attr.), – (– aartsbiskop/predikant/professor)*

4. SLOT

In hierdie artikel is die operasionaliseringsraamwerk wat deur Van Huyssteen (2017b) voorgestel is, stap vir stap aan die hand van die geval *emeritus* geïllustreer. In die eerste elf stappe (kyk Tabel 10) is vrae beantwoord wat die makrostrukturele status van die lemma

emeritus in die woordelysgedeelte van die AWS raak, naamlik **of *emeritus*** opgeneem moet word of nie. Agt van dié vrae kan positief beantwoord word en dien as motivering vir die opname van *emeritus* as lemma. Die laaste ses stappe se vrae het betrekking op die mikrostrukturele hantering van *emeritus*, naamlik **hoe** dit in die AWS opgeneem moet word. Deur alle kriteria gebalanseerd in ag te neem, kan uiteindelik gemotiveer word waarom die inskrywings van *emeritus* in AWS¹¹ gewysig is van AWS¹⁰.

TABEL 10: Opsomming: *emeritus*

Makrostrukturele kriteria: <i>Moet die leksikale item vir opname (of skrapping) oorweeg word?</i>		
Spel-/skryfprobleme	1. Lewer die leksikale item potensiële spel- of skryfprobleme op?	Ja
Spel-/skryfprobleme	2. Is die leksikale item se spelling/skryfwyse/morfologiese struktuur ondeursigtig?	Ja
Status	3. Moet die leksikale item se status in Standaardafrikaans erken word?	Ja
Status	4. Is die leksikale item (nog) in hedendaagse Standaardafrikaans in gebruik?	Ja
Status	5. Kan die leksikale item as 'n unieke benoemer beskou word?	Ja
Status	6. Is die leksikale item van spesifieke sosiokulturele belang?	Nee
Status: Spreiding	7. Is die leksikale item wyd genoeg bekend, of sal dit wyd gebruik kan word?	Ja
Status: Frekwensie	8. Kom die leksikale item met prakties beduidende frekwensie in betroubare, verteenwoordigende, gebalanseerde korpusse voor?	Ja
AWS-spesifiek	9. Moet die leksikale item opgeneem word ter wille van paradigmavoltooiing?	Ja
AWS-spesifiek	10. Word die leksikale items elders in die AWS as voorbeeld gebruik?	Nee
AWS-spesifiek	11. Is dit nodig om die leksikale item op te neem, ruimtelike beperkinge ten spy?	Nee
Mikrostrukturele kriteria: <i>Hoe moet die leksikale item opgeneem word?</i>		
Taalkunde	12. Hoe moet die leksikale item gespel-/skryf word ingevolge taalkundige oorwegings (ook ten aansien van die Germaanse taalsisteem)?	[emeritus [x] _N] _{NP} of [[x] _N emeritus] _{NP}
Taalkunde	13. Watter spel- en skryfreëls is ter sake ten aansien van die spelling/skryfwyse van die leksikale item?	15.1 of 15.2
Taalkunde	14. Indien die leksikale item 'n uitsondering is wat tradisioneel anders gespel of geskryf word as wat deur die spel- en skryfreëls gedikteer word, op watter spel- en skryfreëls is dit 'n uitsondering?	Geen
Institutionalising	15. Hoe word die leksikale item in ander gesaghebbende voordeboeke of (taalkunde)boeke opgeneem en bewerk?	Wyd uiteenlopend
Frekwensie	16. Watter wisselvorm moet vir die leksikale item opgeneem word (slegs indien daar geen prakties beduidende verskil tussen verskillende vorme is nie)?	emeritus aartsbiskop, moontlik ook emeritus-aartsbiskop
AWS-spesifiek	17. Hoe moet die artikel bewerk word om te voldoen aan die AWS se styl- en redaksionele beleid (insluitende fleskie-inligting en gebruikersleiding)?	emeritus, ..riti emeritus (attr.), -(- aartsbiskop/predikant/professor)

ERKENNING

Erkenning vir die kritiese beskouing van hierdie navorsing oor *emeritus* word gegee aan die TK wat AWS¹¹ saamgestel het. Dank ook aan Ernst Kotzé en Tom McLachlan vir hulle perspektiewe in persoonlike gesprekke. Alle denk- en berekeningsfoute moet egter voor my deur gelê word.

BYLAE

Ten einde konsekwentheid tussen verskillende Googlesoektogte te verseker, word streng by die volgende protokol gehou:

1. Doen soektogte na vergelykbare vorme op dieselfde dag, vanaf dieselfde IP-adres, op dieselfde rekenaar/toestel, met dieselfde webblaaiers, vanaf dieselfde Googledomein (byvoorbeeld google.com, en nie google.co.za nie, of andersom) en met private soekmodus (byvoorbeeld “Incognito”-modus in Chrome, of “In Private”-modus in Internet Explorer). Dit is 'n bekende feit (vergelyk byvoorbeeld McEvoy 2015) dat Googlesoektogresultate dramaties kan verskil afhangende van faktore soos die tipe toestel, webblaaiers, ensovoorts. Vergelykbaarheid word ten minste tot 'n mate verseker deur soveel as moontlik veranderlikes konstant te hou.
2. Plaas alle soekterme tussen dubbele aanhalingstekens, selfs al is dit enkelwoord-soekterme, byvoorbeeld <”emeritusartsbiskop”> of <”emeritus aartsbiskop”>. Afhangende van die basis van vergelyking met ander korpusse, soek ook vir geïnflekteerde vorme, byvoorbeeld <”emeritusartsbiskoppe”>.
3. Sluit woordeboek- en vertaalenijsresultate uit deur sulke domeine eksplisiet uit die soektog weg te laat, byvoorbeeld deur middel van <-site:majstro.com>, <-site:woordelys.co.za>, ensovoorts.
4. Neem in ag dat die Googlesoekalgoritme koppeltekens as spasies hanteer en dat soekresultate nie kassensensitief is nie. In 'n soektog met <emeritus-aartsbiskop> sal resultate met *emeritus-aartsbiskop*, *emeritus aartsbiskop*, *EMERITUS AARTSBISKOP* en *Emeritus aartsbiskop* op dieselfde bladsy gevind word. In stap 7 hier onder moet desnoods verskillende teksdokumente geskep word, indien los- en koppeltekenskryfwyses, of hoof- en kleinlettergevalle met mekaar vergelyk word.
5. Vertoon slegs resultate vir bladsye geskryf in Afrikaans.
6. Kopieer al die teks op die eerste soekresultaatbladsy en plak dit in 'n platteksredigeringsprogram (byvoorbeeld Notepad++). Herhaal vir elke soekresultaatbladsy tot op die bladsy waar die boodskap vertoon word wat vermeld dat sommige resultate weggelaat word, aangesien dit baie soortgelyk is aan die resultate wat reeds vertoon is.
7. In die platteksredigeringsprogram, merk alle reëls wat die onderhawige soekterm bevat (byvoorbeeld in Notepad++ deur middel van [Search>Mark ... {Bookmarkline}>Mark All]. Verwyder alle reëls wat nie die soekterm bevat nie (byvoorbeeld in Notepad++ deur middel van [Search>Bookmark>RemoveUnmarkedLines]). Indien los- en koppeltekenskryfwyses, of hoof- en kleinlettergevalle met mekaar vergelyk word, skep desnoods aparte dokumente vir die onderskeie soorte.
8. Lees deur die oorblywende data en verwijder ruis, waaronder URL's waarin die soekterm kan voorkom, teks uit ander tale wat deur Google as Afrikaans beskou is,

ooglopende dupliserings en teks van ongewenste webwerwe. (Laasgenoemde kan ook vooraf geëlimineer word, soos aangedui in stap 3 hier bo.)

9. Verkry frekwensiegetalle deur vir die onderhawige geval te soek (byvoorbeeld in Notepad++ deur [Search>Find>FindAll in CurrentDocument] en dan die aantal waar te neem).

BIBLIOGRAFIE

- Afrikaans/Japannese Woordeboek.* 2015. Kaapstad: Pharos. (*In PharosAanlyn [Webdiens]*). Beskikbaar by: <http://www.pharosaanlyn.co.za>. Geraadpleeg op: 2016-11-30.
- ANNA: *Pharos Groot Woordeboek Afrikaans en Nederlands.* 2011. Kaapstad: Pharos. (*In Pharos Aanlyn [Webdiens]*). Beskikbaar by: <http://www.pharosaanlyn.co.za>. Geraadpleeg op: 2016-11-30.
- AWS¹: Le Roux, T.H., Malherbe, D.F. & Smith, J.J., in opdrag van die Suidafrikaanse Akademie vir Taal, Lettere en Kuns. 1917. *Afrikaanse woordelijs en spelreëls*. 1e uitgawe. Bloemfontein: Het Volksblad-Drukkerij.
- AWS²: Le Roux, T.H., Malherbe, D.F. & Smith, J.J., in opdrag van die Suidafrikaanse Akademie vir Taal, Lettere en Kuns. 1918. *Afrikaanse woordelijs en spelreëls*. 2e uitgawe. Bloemfontein: De Nationale Pers.
- AWS³: Bosman, D.B., Le Roux, T.H., Malherbe, D.F. & Smith, J.J., in opdrag van die Suidafrikaanse Akademie vir Taal, Lettere en Kuns. 1921. *Afrikaanse woordelys en spelreëls*. 3e uitgawe. Bloemfontein: Die Nasionale Pers.
- AWS⁴: Boshoff, S.P.E., Bosman, D.B., Le Roux, T.H., & Malherbe, D.F., in opdrag van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Taal, Lettere en Kuns. 1931. *Afrikaanse woordelys en spelreëls*. 4e uitgawe. Bloemfontein, Kaapstad & Stellenbosch: Nasionale Pers.
- AWS⁵: Boshoff, S.P.E., Bosman, D.B., Hiemstra, L.W., Le Roux, T.H., & Malherbe, D.F., in opdrag van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Taal, Lettere en Kuns. 1937. *Afrikaanse woordelys en spelreëls*. 5e uitgawe. Bloemfontein, Kaapstad & Pretoria: Nasionale Pers.
- AWS⁶: Taalkommissie (sames.), in opdrag van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns. 1953. *Afrikaanse woordelys en spelreëls*. 6e uitgawe. Kaapstad, Bloemfontein & Johannesburg: Nasionale Boekhandel.
- AWS⁷: Taalkommissie (sames.), in opdrag van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns. 1964. *Afrikaanse woordelys en spelreëls*. 7e uitgawe. Kaapstad & Johannesburg: Tafelberg-Uitgewers.
- AWS⁸: Taalkommissie (sames.), in opdrag van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns. 1991. *Afrikaanse woordelys en spelreëls*. 8e uitgawe. Kaapstad: Tafelberg.
- AWS⁹: Taalkommissie (sames.), in opdrag van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns. 2002. *Afrikaanse woordelys en spelreëls*. 9e uitgawe. Kaapstad: Pharos.
- AWS¹⁰: Taalkommissie (sames.), in opdrag van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns. 2009. *Afrikaanse woordelys en spelreëls*. 10e uitgawe. Kaapstad: Pharos.
- AWS¹¹: Taalkommissie (sames.), in opdrag van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns. 2017. *Afrikaanse woordelys en spelreëls*. 11e uitgawe. Kaapstad: Pharos.
- Booij, G.E. 2010. *Construction morphology*. Oxford: Oxford University Press.
- Collins English Dictionary.* 2003. New York: Harper Collins Publishers. (*In The Free Dictionary Pro* by Farlex. Weergawe 2.1.0.17. [Toepassing]). Beskikbaar by: <https://www.microsoft.com/en-gb/store/apps/windows>. Geraadpleeg op: 2016-11-30.
- Duden – *Die deutsche Rechtschreibung.* 2014. 26e uitgawe. Berlin: Bibliographisches Institut GmbH. (*In Duden Wörterbücher für Windows*. Weergawe 4.1.73.0. [Toepassing]). Beskikbaar by: <https://www.microsoft.com/en-gb/store/apps/windows>. Geraadpleeg op: 2016-11-30.
- EtymOnline. 2016. Etym Online etymological dictionary. [Toepassing]. Beskikbaar by: <https://www.microsoft.com/en-gb/store/apps/windows>. Geraadpleeg op: 2016-11-30.
- Germishuys, G. 2016. Tutu uit hospitaal ontslaan. 21 September. Beskikbaar by: <http://www.netwerk24.com/Nuus/Algemeen/tutu-uit-hospitaal-ontslaan-20160921>. Geraadpleeg op: 2016-12-02.
- Gouws, R.H. 1989. *Leksikografie*. Pretoria: Academica.

- HAT⁶: Luther, J., Pheiffer, F. & Gouws, R.H. (eds.). 2015. *Handwoordeboek van die Afrikaanse taal*. 6e uitgawe. Kaapstad: Pearson. (*In VivA Woordeboekportaal*. Weergawe 1.2. [Toepassing]). Beskikbaar by: <https://www.microsoft.com/en-gb/store/apps/windows>. Geraadpleeg op: 2016-11-30.
- McEvoy, M. 2015. 7 Reasons Google search results vary dramatically. Beskikbaar by: <http://www.webpresencesolutions.net/7-reasons-google-search-results-vary-dramatically/>. Geraadpleeg op: 2016-12-16.
- Nederlandse Taalunie. 2016a. Taaladvies. Beskikbaar by: <http://taaladvies.net>. Geraadpleeg op: 2016-12-16.
- Nederlandse Taalunie. 2016b. *Woordenlijst Nederlandse Taal*. Beskikbaar by: <http://woordenlijst.org>. Geraadpleeg op: 2016-12-16.
- Netwerk24. 2016. Tutu se dogter tree uit as direkteur van stigting, verhuis na Nederland. 01 Desember. Beskikbaar by: <http://www.netwerk24.com/Nuus/Algemeen/tutu-se-dogter-tree-uit-as-direkteur-van-stigting-verhuis-na-nederland-20161130>. Geraadpleeg op: 2016-12-02.
- OFM. 2011a. Tutu: Ek gaan terugsit en SA se jonges dophou. 10 Maart. Beskikbaar by: <http://www.ofm.co.za/article/national/96868/tutu-ek-gaan-terugsit-en-sa-se-jonges-dophou>. Geraadpleeg op: 2016-12-23.
- OFM. 2011b. Tonge klap steeds oor Tutu-Dalai Lama debakel. 8 Oktober. Beskikbaar by: <http://www.ofm.co.za/article/national/99577/tonge-klap-steeds-oor-tutu-dalai-lama-debakel>. Geraadpleeg op: 2016-12-23.
- PAEEA: *Pharos Afrikaans-Engels/Engels Afrikaanse Woordeboek*. 2005. Kaapstad: Pharos. (*In PharosAanlyn [Webdiens]*). Beskikbaar by: <http://www.pharosaanlyn.co.za>. Geraadpleeg op: 2016-11-30.
- Philippa, M., Debrabandere, F., Quak, A., Schoonheim, T. & Van der Sijs, N. 2003-2009. *Etymologisch woordenboek van het Nederlands*. Amsterdam: Amsterdam University Press.
- Pretoria FM. 2015. Pretoria FM Geloftefees. Beskikbaar by: <http://www.pretoriafm.co.za/wp-content/uploads/2015/12/Pretoria-FM-Geloftefees.pdf>. Geraadpleeg op: 2016-12-23.
- Projekt Deutscher Wortschatz. 2016. Afrikaans corpus. Leipzig: Universität Leipzig, Abteilung Automatische Sprachverarbeitung. Beskikbaar by: <http://corpora.uni-leipzig.de/en>.
- Rabe, L. 2016. Gevaar voor: fopnuis dreig! 29 November. Beskikbaar by: <http://www.netwerk24.com/Stemme/Aktueel/gevaar-voor-fopnuis-dreig-20161125>. Geraadpleeg op: 2016-12-02.
- Taalkommissie van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns. 2011. Taalkommissiekorpus 1.1. Potchefstroom: CText, Noordwes-Universiteit.
- The American Heritage® Dictionary of the English Language*. 2000. 4e uitgawe, bygewerk in 2009. Boston: Houghton Mifflin Company. (*In TheFree Dictionary Pro* by Farlex. Weergawe 2.1.0.17. [Toepassing]). Beskikbaar by: <https://www.microsoft.com/en-gb/store/apps/windows>. Geraadpleeg op: 2016-11-30.
- Van de Velde, F. 2009. *De nominale constituent: structuur en geschiedenis*. Leuven: Leuven University Press.
- Van Huyssteen, G.B. 2016. Die ortografiese realisering van komposita met en afleidings van multiwoordeiename. *LitNet Akademies*. 13(3):424-456.
- Van Huyssteen, G.B. 2017a. Morfologie. In: Carstens, W.A.M. & Bosman, N. (eds.). *Kontemporäre Afrikaanse taalkunde*. 2e uitgawe. Pretoria: Van Schaik, pp.177-214.
- Van Huyssteen, G.B. 2017b. Die aard, doel en omvang van die *Afrikaanse Woordelys en Spelreëls. Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 57(2-1):323-345.
- Van Huyssteen, J. 2008. God, godsdiens, grade en “emeritusse”! 7 Mei. Beskikbaar by: http://argief.litnet.co.za/article.php?news_id=37854. Geraadpleeg op: 2016-12-23.
- Van Wijk, N. 1936. *Franck's etymologisch woordenboek der Nederlandsche taal, met een Supplement van C.B. van Haeringen*. Den Haag: Martinus Nijhoff.
- VAW⁹: Labuschagne, F.J. & Eksteen, L.C. *Verklarende Afrikaanse woordeboek*. 9de uitgawe. Kaapstad: Pharos. (*In PharosAanlyn [Webdiens]*). Beskikbaar by: <http://www.pharosaanlyn.co.za>. Geraadpleeg op: 2016-11-30.
- Virtuele Instituut vir Afrikaans (VivA). 2016. Korpusportaal. Beskikbaar by: <http://viva-afrikaans.org>. Geraadpleeg op: 2016-11-30.

- Wallis, S. 2013a. Comparing frequencies within a discrete distribution. Beskikbaar by: <https://corplingstats.wordpress.com/2013/05/20/comparing-frequencies/>. Geraadpleeg op: 2016-12-02.
- Wallis, S. 2013b. Goodness of fit measures for discrete categorical data. Beskikbaar by: <http://www.ucl.ac.uk/english-usage/staff/sean/resources/gofmeasures.pdf>. Geraadpleeg op: 2016-12-02.
- Wallis, S., Bowie, J. & Aarts, B. 2012. That vexed problem of choice. Some reflections on experimental design and statistics with corpora. In International Conference on Advances in Mechanics Engineering (ICAME 33), Leuven. Beskikbaar by: <http://www.ucl.ac.uk/english-usage/staff/sean/resources/vexedchoice.pdf>. Geraadpleeg op: 2016-07-06.
- WAT: *Woordeboek van die Afrikaanse Taal*. 2016. Stellenbosch: Buro van die WAT. (*In VivA Woordeboekportaal*. Weergawe 1.2. [Toepping]). Beskikbaar by: <https://www.microsoft.com/en-gb/store/apps/windows>. Geraadpleeg op: 2016-11-30.
- WFT: *Wurdbok van de Fryske Taal*. 2016. Leiden: Instituut voor Nederlandse Lexicologie. Beskikbaar by: <http://gtb.inl.nl/>. Geraadpleeg op: 2016-11-30.
- Wikipedia: *The free encyclopaedia*. 2016. Wikimedia Foundation, Inc. Beskikbaar by: <http://en.wikipedia.org>. Geraadpleeg op: 2016-11-30.
- WNT: *Woordenboek der Nederlandsche Taal*. 2007. Leiden: Instituut voor Nederlandse Lexicologie. Beskikbaar by: <http://gtb.inl.nl/>. Geraadpleeg op: 2016-11-30.

Variasie en variëteit: 'n Voorlopige verkennings van die voorkoms en funksie van taalvariëteite in Kaar (Marlene van Niekerk)

Variation and variety: A provisional exploration of the occurrence and function of language varieties in Kaar (Marlene van Niekerk)

H.J. PIETERSE

Departement Afrikaans en Nederlands, Duits en Frans

Universiteit van die Vrystaat

Bloemfontein

E-pos: PieterseHJ@ufs.ac.za



Henning Pieterse

H.J. PIETERSE is 'n professor in die departement Afrikaans en Nederlands, Duits en Frans aan die Universiteit van die Vrystaat waar hy Afrikaanse taal- en letterkunde en Kreatiewe Skryfkuns doseer. Hy publiseer vakartikels oor Afrikaanse taal- en letterkunde, asook poësie en kortverhale. Hy ontvang onder meer die Hertzogprys en die Nedbank-Akademieprys vir Vertaalde Werk.

H.J. PIETERSE is a professor in the department of Afrikaans and Dutch, German and French at the University of the Free State where he teaches Afrikaans linguistics and literature and Creative Writing. He has published papers on Afrikaans linguistics and literature, as well as poetry and short stories. He was awarded the Hertzog Prize and the Nedbank Academy Prize for Translated Work.

ABSTRACT

Variation and variety: A provisional exploration of the occurrence and function of language varieties in Kaar (Marlene van Niekerk)

In this article the polyphony of languages discernible in Kaar, Marlene van Niekerk's third volume of poetry (2013), is investigated. Standard Afrikaans and various sociolects, dialects and regional varieties of Afrikaans are found in the volume, as well as lexical items from various mother and sister languages of Afrikaans such as Dutch, German and Latin. A number of possible points of entry to the volume is firstly discussed: Kaar can be analysed as an "encyclopedic narrative" (Mendelson 1976); the variety of scientific, literary and art-theoretical intertexts can be researched fruitfully; the conversation with Afrikaans poetics may be analysed; the variety of morphological and onomatopoeic and often playful creations and onomastics that are performed on the level of the wordplay in the poetry of Peter Blum, T.T. Cloete and Breytenbach deserve attention; the formation and function of reduction, combination forms, techno derivations and compounds, fusions and folk etymologies can serve as basis for a comprehensive morphological-literary investigation (cf. Combrink 1990:53-83);

from an ecocritical animal and botanical perspective plant and animal onomastics – especially the many examples of regional names for plants and animals – could be analysed; the themes of political involvement and resistance deserve thorough analysis. The focus then shifts to the various languages in the volume; the ways in which they are used in the poems are listed in an extensive Addendum. The question is posed why so many items from Afrikaans labelled as “archaic”, “seldom used”, “obsolete”, “dignified” and “poetical” are put to use to create a heteroglossic effect. After reasoning that these lexical items form part of the poet’s day to day world, the argument is put forward that nearly forgotten items are “loosened” from oblivion and held up to the reader as living items to recall a passing and fugacious world. Commentary is furthermore given on the place of Afrikaans in and between this polyphony of languages and an indirect assertion is made by the poet that Afrikaans’ roots are from the Indo-Germanic language family and not from the African languages; this forms part of the theme of estrangement in Africa, an important theme in the volume. Finally, Deleuze and Guattari’s (1986) notion of “major” and “minor” languages is used to partially explain the register of many of the poems in *Kaar* as a minor language, a language that is pushed beyond its usual morphological and syntactic boundaries to ensure that it stays in a continuous nomadic and dynamic state.

KEY CONCEPTS: Marlene van Niekerk; *Kaar*; encyclopedic narrative; idiolect; sociolect; regional variety; contact language; major language; minor language

TREFWOORDE: Marlene van Niekerk; *Kaar*; taalvariasie; ensiklopediese narratief; idiolek; sosiolek; streeksvariëteit; tussentaal; majeurtaal; mineurtaal

OPSUMMING

In hierdie artikel word die polifonie van tale in *Kaar*, Marlene van Niekerk se derde digbundel (2013), ondersoek. Standaardafrikaans en verskeie sosiolekte, dialekte en streeksvariëteite van Afrikaans word in die bundel gevind, asook leksikale items uit verskeie moeder- en sustertale van Afrikaans. ’n Aantal moontlike invalshoeke tot die bundel word eerstens bespreek. Die fokus verskuif dan na die verskeie tale in die bundel; die wyses waarop hulle gebruik word in die gedigte, word gelys in ’n uitgebreide Addendum. Die vraag word gestel waarom soveel items uit Afrikaans wat geëtiketteer word as onder meer “argaeës”, “weinig gebruiklik”, “verouderd” en “deftig” gebruik word om ’n heteroglossiese effek te skep. Die argument word gestel dat byna vergete items “losgemaak” word uit die vergetelheid en vir die leser opgehou word as lewende items om ’n verbygaande en verbygogene wêreld mee op te roep. Kommentaar word voorts gelewer oor die plek van Afrikaans binne en tussen hierdie polifonie van tale en ’n indirekte stelling word deur die digter gemaak dat Afrikaans se wortels in die Indo-Germaanse taalfamilie lê en nie in die Afrikatale nie. Ten slotte word Deleuze en Guattari (1986) se begrippe “majeur-” en “mineurtaal” deelteoreties gebruik om die register van talle gedigte in *Kaar* as ’n mineurtaal te verduidelik, ’n taal wat verby sy gewone morfologiese en sintaktiese grense gedruk word om te verseker dat die taal in ’n voortdurend nomadiese en dinamiese staat bly.

1. INLEIDING

Marlene van Niekerk se derde digbundel, *Kaar*, word gepubliseer in 2013 en word uits gunstig deur kritici ontvang. Henning Snyman (2013) noem dit “n merkwaardige bundel”,

Marius Crous (2013) meen dat Suid-Afrikaanse poësie voortaan aan dié bundel gemeet gaan word, Helize van Vuuren (2014) is uiters positief oor die bundel, ook as “laatwerk” van die digter, en so ook Zandra Bezuidenhout (2013) wat die ensiklopediese aard van die bundel uitlig. Die bundel word bekroon met die Hertzogprys (2014) en die UJ Prys vir Poësie (2014).

Met die lees en herlees van die bundel word die leser getref deur die omvangryke taal spel, wye reekse intertekstuele verwysings en leksikale items uit verskillende tale en taalvariëteite in die gedigte. Bezuidenhout (2013) noem pertinent die gebruik van teenwoorde, Afrikaanse woorde met 'n lae gebruiksfrekvensie en ander wat grootliks in onbruik geraak het, vakterminologie uit die musiek, die natuurwetenskappe en filosofie en nuutskeppings met betrekking tot woordvervormings, woordsamestellings, volkse uitdrukkings en funksiewisseling. In hierdie artikel word geargumenteer dat die “ensiklopediese narratief” van *Kaar* deels in 'n idiolek gevoer word wat as 'n soort “mineurtaal” (vergelyk Deleuze & Guattari 1986) beskryf kan word.

Daar is 'n hele aantal moontlike invalshoeke om hierdie bundel mee te ontsluit:

- *Kaar* kan as 'n “ensiklopediese narratief” ontleed word. Mendelson (1976:1268) omskryf 'n “ensiklopediese skrywer” soos volg:

[O]ne whose work attends to the whole social and linguistic range of his nation, who makes use of all the literary styles and conventions known to his countrymen, whose dialect often becomes established as the national language, who takes his place as national poet or national classic and who becomes the focus of a large and persistent exegetic and textual industry comparable to the industry founded upon the Bible.

Hy beskryf hierdie genre-tipe as

[...] among other things, an encyclopedia of narrative, incorporating, but never limited to, the conventions of heroic epic, quest romance, symbolist poem, *Bildungsroman*, psychomachia, bourgeois novel, lyric interlude, drama, eclogue and catalogue”. [...] All include a full account of technology or science (1976:1270, oorspronklike kursivering).

Voorts skryf hy: “Each encyclopedic narrative is an encyclopedia of literary styles, ranging from the most primitive and anonymous levels of proverb-lore to the most esoteric heights of euphuism” (1976:1271). Hy is van mening dat “[n]o one could suppose that any encyclopedic narrative is an attractive or comfortable work” (1976:1272) en dat “[a]ll encyclopedias are polyglot books that provide a history of language” (1976:1273). Ten slotte skryf Mendelson oor hierdie genre: “All encyclopedic narratives, to a greater or lesser degree, originate in opposition to the cultures they later come to symbolize” (1976:1274). Alhoewel *Kaar* natuurlik 'n digbundel is, is daar verskeie aspekte van die ensiklopediese narratief wat klop met die inhoud van die bundel.

- Die verskeidenheid literêre, wetenskaplike en kunsteoretiese intertekste sou met groot vrug ondersoek kan word.
- Die gesprek met die hele Afrikaanse digkuns (en verskeie ander poëtikas) sou eweneens ondersoek kan word: daar is verwysings na onder meer Totius, D.J. Opperman, Breyten Breytenbach, C.M. van den Heever, N.P. Van Wyk Louw, Sheila Cussons, Ingrid Jonker, G.A. Watermeyer, P.J. Philander, Louis Eksteen, Wilma Stockenström, Boerneef en Peter Blum. Voorts is daar intertekstuele verbande met onder meer T.S. Eliot, Paul van Ostayen, Adriaan Roland Holst, Rainer Maria Rilke, John Keats en Hermann Hesse aan te toon.

- Die verskeidenheid morfologiese en onomatopeïese en dikwels speelse skeppings- en naamgewingsprosesse en -spelle – wat op die skaal van die woordspel in die digkuns van Peter Blum, Breyten Breytenbach en T.T. Cloete uitgevoer word – verdien ook aandag. Die vorming, gebruik en funksie van reduksie, knipsels, truvorme, inkortings, kombinasievorme, tegnoafleidings- en -samestellings, versmeltings, volksetimologieë, samestellings en samestellende afleidings kan as basis dien van 'n deeglike morfologies-letterkundige ondersoek (vergelyk Combrink 1990:53-83 oor hierdie prosesse). Hierdie tipes skeppings kom in talle gedigte voor, maar "Oggend van 'n waterfiskaal", "Visioen", "joeliewoorde vir my pa", "Fagotvis", "Fantasie vir Monteverdi en die Maagd Maria", "Turdus merula" en dan, veral, "Oujaar Amsterdam 2007" en "rimram", kan in hierdie verband uitgesonder en verder ondersoek word. Dié werkswyse kan met die laaste afdeling, "vier pogings in linguistiese sinaps-opsporing", in *Mede-wete* van Antjie Krog (2014) vergelyk word, waarin soortgelyke morfologiese prosesse, nuutskeppings en vervormings aangetref word.
- Vanuit 'n ekokritiese dier- en plantkundig- taksonomiese perspektief sou plant- en diernaamgewing – veral die talle voorbeeld van streeksname vir plante en diere – ondersoek kan word. Vergelyk onder meer Crous (2016) in hierdie verband.
- Die temas van *betrokkenheid* en *verset* verdien deeglike ondersoek.

In hierdie artikel word daar, in aansluiting by die ensiklopediese aard van *Kaar*, 'n voorlopige ondersoek gedoen na die voorkoms van die polifonie van tale, oftewel heteroglossia, en spesifiek na die verskillende variëteite van Afrikaans wat in die bundel gebruik word. Daar word ten slotte gespekuur oor die funksies van hierdie verskillende tale en variëteite.

2. TAALKUNDIGE VARIASIE

Volgens Hans du Plessis sluit *taalkundige variasie*

[...] voorbeeld [in] van tale, dialektes en selfs registers. [...] Binne [die] versamelterm [*variëteit*] kan 'n mens fynere onderskeidings maak, naamlik taal, dialek, styl, ensovoorts. Ons gebruik dus die oorkoepelende term *variëteit* om al die moontlike vorme van sistematiese variasie wat daar tussen tale en binne tale kan bestaan, in te sluit. Die term sou ruweg so gedefinieer kon word: 'n Variëteit van 'n taal is 'n patroonmatige sisteem van linguistiese items met ooreenstemmende sosiale en/of geografiese verspreiding. Variëteit sluit hiervolgens eenhede groter as dialektes (byvoorbeeld verskillende tale) en eenhede kleiner as dialektes (byvoorbeeld register) in. (1987:9). [...] *Variasie* "kan [...] dui op taal, dialek, sosiolek, register [en] styl". (1987:12, vergelyk ook Otto 2014:312)

Poësie sal, per definisie, as idiolektiese uitdrukking van 'n digter beskou word, asook alle *skeppings* wat binne hierdie idiolek manifesteer.

Uiteraard is die meeste leksikale items in *Kaar Afrikaanse* woorde (uit Standaardafrikaans en verskeie streeksvariëteite), maar items uit ten minste twintig ander tale, veral uit moeder- en sustertale van Afrikaans, word in die bundel gevind as leenwoorde, leenvertalings en verafrikaansings, sodat 'n tipe "tussentaal" as register in talle van die gedigte ontstaan.

Hierdie artikel maak nie aanspraak op 'n volledige indeksering van al die variëteite en hulle funksies nie en poog bloot om 'n verteenwoordigende deursnit van die verskillende tale te verskaf in die Addendum. Ter wille van ruimte word enkele items gelys en ook slegs enkele items wat as leenvertalings of verafrikaansings afgelei is uit die onderskeie tale. Talle skeppings verdien verdere ondersoek en oor verskeie items en hul oorsprong kan daar slegs gespekuur

word. Wat voorts vir die een leser 'n "verouerde" of "deftige" leksikale item is, sal nie noodwendig vir 'n volgende leser geld nie. Verder is die indeling van die tale nie waterdigte afbakenings nie – daar is talle leenwoorde en leenvertalings wat oor taalgrense heen spoel. Die tipe ondersoek wat in die artikel gedoen word, sou maklik uitgebrei kan word tot 'n MA-verhandeling.

Kaar bestaan merendeels uit woorde uit Standaardafrikaans. Voorts is daar items uit verskeie sosiolekte en streekstale soos Kaapse Afrikaans en Overbergse Afrikaans (laasgenoemde deur Hendricks 2012:47-48 as variëteit van Wes-Kaapse/Suidwestelike Afrikaans gelys). Wat opvallend is, is die talle weinig gehoorde en argaïese Afrikaanse woorde in die bundel (meer as 80), dikwels met 'n liturgiese en Ou-Testamentiese, Psalm- en Gesange-inslag. Dié tipe register is nie vreemd in Marlene van Niekerk se oeuvre nie en word ook in *Agaat* en veral in *Die sneeuvelaper* gevind, vergelyk Stander (2012) in hierdie verband.

Verskeie van die Afrikaanse en Nederlandse items wat heel waarskynlik minder bekend sal wees aan die gemiddelde Afrikaanssprekende of -leser, word in *WAT* en/of *HAT* en *Van Dale Nieuw Handwoordenboek der Nederlandse taal* geëtiketteer as *deftig*, *w.g.* (weinig gebruiklik), *veroud*. (verouerd), *verouderend*, *digt.* (digterlik), *arg.* (argaïes), *min gehoor*, *gemeens*. (gemeensam), *geselst.* (geselstaal), *gewest*. (gewestelik) en/of *nie alg.* (nie algemeen nie). In die volgende afdeling word die verskillende tale en variëteite onder die loep geneem.

3. DIE TALE IN KAAR

Soos vermeld, is daar meer as twintig tale in *Kaar* te bespeur naas Afrikaans. In die Addendum word verteenwoordigende items uit hierdie verskillende tale gelys. Die volgende tale kan in die bundel onderskei word: Afrikaans (honderde items; Standaardafrikaans, streeksvariëteite en ouer Afrikaans ingesluit); Nederlands (tientalle items; ook Middel- en Oudnederlands); Duits (minstens 16 items; ook Neder-, Middelhoog- en Oudhoogduits); Frans (minstens 20 items); Jiddisj/Hebreeus (minstens 10 items); Engels (tientalle items; ook as deel van die Kaaps-Afrikaanse register in "poets van ons vaderland unite" en "Hoekom moetie worldcup wê'k?"); Latyn (minstens 70 items); Grieks (minstens 20 items); Italiaans (4 items); Spaans (4 items); Mandaryns-Chinees (2 items); Zulu (1 item); Sjangaan (1 item); Indonesies/Javaans (3 items); Kelties (Iers/Gaelies) (3 items); Sanskrit (6 items); Noors/Oudnoors (4 items); Arabies (2 items); Turks (2 items); Turkies (1 item); Russies (1 item); Polinesies (2 items).

4. 'N BESINNING OOR DIE FUNKSIES VAN DIE TAALVARIËTEITE IN KAAR

'n Mens sou lank kon besin oor die redes vir die gebruik van al hierdie variëteite en items, waarvan sommiges oer-, moeder- of sustertale van Afrikaans is en ander sosiolekte, dialektes en idiolekte van en in Afrikaans, asook oor die verskeidenheid streeksname vir sekere plante en diere. 'n Kort antwoord hierop, sonder om psigologieste te wil wees, sou kon wees: al hierdie tale en variëteite kom uit Marlene van Niekerk se bekende leefwêreld: die Overberg, Wes-Kaap, en dan ook Europa (spesifiek Nederland) waar sy studeer en werk (1980–1985) en waar sy jaarliks lang tydperke deurbring (vergelyk onder meer Van Vuuren 2016:919); sy is uiteraard bekend met al die variëteite wat sy gebruik in haar tekste.

Soos 'n spieël in die eerste gedig ("Oggend van 'n waterfiskaal") opgehou word as 'n procédé om die bundel mee te ontsluit, word 'n ware spieël van tale en taalfamilies – spesifiek die Indo-Germaanse/Indo-Europese taalfamilie – in verwondering ("thaumazein") vir die leser voorgehou. Byna vergete items word as't ware "losgemaak" uit die vergetelheid en vir die

leser voorgehou as lewende items. Daardeur word 'n verbygegane en verbygaande wêreld opgeroep – vergelyk "Die mandjie" – en kommentaar gelewer oor die gemeenskaplikheid van en tussen mense en tale in die bree.

Die verskillende variëteite van Afrikaans en minder bekende Afrikaanse woorde wat aan die bod kom, lewer voorts kommentaar, soos wat die geval is met die lyste Afrikaanse woorde in *Die boek van toeval en toeverlaat* van Ingrid Winterbach, oor die uitsterf van tale, spesifiek Afrikaans. Die argaïese, dikwels Ou-Testamentiese aanslag van talle Afrikaanse woorde is, soos reeds vermeld, opvallend: dit is dikwels woorde met etikette van *arg./hist/w.g./defig./veroud.*, ensovoorts.

Kommentaar word voorts gelewer oor die plek van Afrikaans in en tussen hierdie polifonie van tale en 'n indirekte stelling word gemaak dat Afrikaans se herkoms uit die Indo-Germaanse taalfamilie is en nie uit die Afrikatale nie; dit vorm deel van die tema van vervreemding en vreemd-maat in Afrika. Let in hierdie verband op die feit dat daar slegs twee items uit Afrikatale voorkom en die reëls "my vergelykings spreek/van onvermoë in Afrika" ("Sorry suide").

Uitgaande van die bundeltitel kan 'n "kaar" onder meer beskou word as 'n tydelike houer met gaatjies waarin 'n hele taalfamilie metafories bewaar word. Simbolies-metafories word die teks dan 'n vlegwerk van taal/tale wat tentoongestel word: "'n somber geskiedenis van strewes en rampe/beheer ons gesig/stom dui ons tekens, raadpleeg voorsate./kodekse, konkordanse, etimologieë, genetiese spore" ("Waenuiskrans"). Kultuurkritiese, taalsosiologiese kommentaar oor die herkoms, status en stand van Afrikaans asook, indirek, oor die verarming van die woordeskat, word gelewer.

Die gedigte in *Kaar* gaan tot in die vesels van die poësie en van Afrikaans in. Hier dink 'n mens aan "Chtoniese invokasie" waarin daar, soos deur 'n sjamaan, skald of bard uitgevoer, 'n ritualistiese aanroep van, in en tot die eerste en laaste wortels van taal gehoor word.

Lucebert se bekende stelling, "Poëzie is kinderspel", is voorts van toepassing op aspekte van die taal spel en -vermenging in *Kaar*, vergelyk die volgende reëls uit "rimram": "wantit makie saak/hóé ik tekieregan, in waffer taal/of hakkestomp, julle hó̄r my nie,/mar mit mine elp wat innie willig brillig/gat ekkit nou veranner, ik gat hom slánn!" Hier dink 'n mens ook aan poësie as die vreemd-maat, die ostranenie, die "mal-maat" van taal – "[...] [A] poet is nothing more or less than a divinely inspired madman" het Herman Charles Bosman (2002:61) immers geskryf. Aansluitend hierby skryf Van Niekerk self:

Dit is [die] kapasiteit van 'n taal om vreemd gemaak te (wil) word wat die uitdaging stel aan skrywers [...]. Want soseer moet die skrywer die taal probeer lig uit haar alledaagse voeë, uit die slagspreuke, die ideologieë en die kommunikatiewe gewoontes van die dag, dat daardeur nie net taal oopgedig word by wyse van spreke tot in *haar moer* nie, maar ook die besonderhede van ons tyd en dae oopgedek en hervind word; in hulle afgrondelikheid en afgrýse soos in hulle wonderbaarlikheid en betowering (2009:134, oorspronklike kursivering).

Deur die vermenging en vervorming van tale en variëteite word tipies tussentale (basilekte, mesolekte, akrolekte, ensovoorts – vergelyk Du Plessis 1987:29) as registers van en in verskeie gedigte bereik. Conradie skryf in hierdie verband onder meer:

Soos enige lewende taal, is Afrikaans voortdurend aan verandering onderhewig. [...] In talle gevalle kan die Afrikaanse vorm [...] nie uit Nederlands verklaar word nie en moet daar na eksterne oorsake gesoek word, byvoorbeeld in die situasie van intense talekontak waaruit Afrikaans voortgekom het. Die rolle van taaloordrag van een geslag na 'n ander,

enersyds, en van tussentale, substraatinvloede, kreolisering, ensovoorts, andersyds, moet teen mekaar opgeweeg word (2014:61).

Voortspruitend uit die vorige punt: Die geweldige variasie en getal variëteite kan ook deels vanuit die spanning tussen allochtoon en ooutochtoon verklaar word. Vanuit hierdie worsteling sê die liriese subjek byvoorbeeld: “vanuit my heupe in die woekerkruid/rank my taal die heelal in op soek na ’n gelykenis” (“Kommunie”).

Een moonlike verklaring vir die geweldige taalvariasie en -verwringing in *Kaar* kan gevind word in Gilles Deleuze en Félix Guattari se nou reeds bekende sienings oor dominante majeurtale en mineurtale wat sonder mag is, soos verwoord in hoofstuk 2 van *Kafka: Towards a Minor Literature* (1986). Hulle verduidelik hoe Kafka – ’n Tsjeggiese Jood woonagtig in Praag – nie in Tsjeggies of Jiddisj geskryf het nie, maar in ’n stamelende, sintakties-gebroke Duits. Hy het Duits – ’n dominante taal wat ook deur ’n onderdrukte minderheid gepraat is – gedeterritorialiseer deur sy eie aksent daarop te plaas: dit is nie ’n standaardduits wat gebruik word nie, maar ’n Duits met talle grammaticale foute en sintaktiese verskrywings.

Van Niekerk skryf – in *Kaar* en ook in *Die kortstondige raklewe van Anastasia W* en veral *Die sneeuvelaper* – in ’n mineurtaal, ’n stameltaal, ’n taal wat vervreem en sodoende vernuwend, eksperimenterend en dinamies oorkom.

’n Mineurletterkunde deterritorialiseer (Deleuze & Guattari 1986:16) – dit maak die majeurtaal of -letterkunde vreemd, laat dit stotter en struikel. Dit behels ’n strategiese losmaak van die oue sowel as die skep van nuwe kreatiewe vorms wat die potensiaal vir ’n literêre rewolusie bevat. Die stottering van Afrikaans in *Die sneeuvelaper* (en dan ook in *Kaar*) is een gevolg van ’n taal wat onder geweldige politieke spanning verkeer en, in ’n poging om nie stom te word nie, begin om te deterritorialiseer, te varieer – om te verseker dat die taal in ’n voortdurend dinamiese staat bly (Stander 2012:112).

Van Niekerk vermeng nie net Afrikaans met ander tale nie, sy vervorm dit tot ’n vreemde taal – ’n tussentaal – wat voorheen nie bestaan het nie, vergelyk veral die gedig “rimram”, waarvan die eerste paar reëls soos volg lui: “jirre ik wag net virre sonskiendag se ingewing/dan klim ek innie wierskynwilg/en soek my wiederligge watseding/wat my byrie gat moet bring/ innie klienbrein warie klippe sing/innie gierputsdroem oppie mooiroemwoore/my wulk my hommel my kantele/wat wie wiet innie wilg/nog hang aan garingdrarre”. Die spreektaalvervorming van woorde (soos by Boerneef) is opmerklik, so ook die gebruik van ’n verafrikaanse woord, “wiederligge”, uit die Duits “widerlich” (lelik, aaklig). Die “stotterende” Afrikaans in *Kaar* – soos in *Die sneeuvelaper* – gryp terug na die Europese tale waaruit dit ontstaan het en set dit doelbewus af teen die invloed van ’n bloedvergietende (Suid-)Afrika (vergelyk Stander 2012:10).

’n Mineurtaal is voorts altyd polities van aard (teenoor die majeur wat primêr op die individu ingestel is) en ’n vergestalting van die minderheid wat op sosiale en politieke vlak ook wil ontylug van dié wat domineer en onderdruk (Deleuze & Guattari 1986:17).

Die gedig “grimoire” (p. 27-8) word vervolgens kortlikse ontleed as voorbeeld van die inspan van verskeie tale om die inkantatiewe, towerspreuk-agtige aard wat verskeie gedigte in die bundel kenmerk en laat aansluit by die konsep van ’n mineurtaal, te bewerkstellig:

grimoire

hoe anders as jy ver weg slaap
 kan ek jou naderraak
 as met middernagsillabes
 hoe anders as hul ligature
 hermeties na jou oor te bind?

ek knip 'n kerkuil
 uit jou laken
 ent 'n tork
 van krieke om jou hals
 sout vinnig op jou stuitjie
 my violiere ampersand

in die skoene langs jou bed
 'n konsonant van heksedrek
 sodat soggens in jou voete
 alles brand wat ek na jou verhang
 uit inkunabels van gemis

sose benreki
 sose bluotreki
 sose lidirenki
 ben zi bena
 bluot zi bluoda
 lid zi geliden
 sose gelimida sin

die hele kogelbergse fynbos
 van katvoetjies tot sporrie dus
 hoe anders as jy ver weg slaap
 kan ek jou aanraak as met toorvokabels?
 afwesigheid is beenkwetsuur
 is bloedkwetsuur
 na jou sal ek 'n weg vind of een maak
 van karolingiese minuskels

“grimoire” volg op die reeks “limerence” (1-3) waarin die liriese subjek se bykans obsessiewe verlange na die verre geliefde kragtig vergestalt word. “limerence” beteken “smoorverliefdheid” en is 'n term geskep deur die Amerikaanse sielkundige Dorothy Tenov in 1979. Hierdie obsessiewe verlange en verliefdheid word in “grimoire” ('n handboek vir (swart) toorkuns waarin beskryf word hoe om talismans, spreuke en amulette te maak en hoe om bonatuurlike wesens op te roep) na 'n volgende vlak gevoer, waarin die geliefde by wyse van towerspreuke en -handelinge aan die liriese subjek gebind word. “middernagsillabes” (middernag = die hekse-uur) word in strofe 1 ingespan om die geliefde “nader te raak” (= naderhark) en hul

“ligature” (afbindings van byvoorbeeld bloedvate – binding/verbinding) na haar oor te bind. In strofe 2 word ’n “kerkuil” (katuil) (*Tyto alba*) as tipe talisman van verbinding uit die geliefde se laken geknip en ’n “tork/van krieke” om haar hals gebind. “Tork” is ’n verafrikaansing van die Keltiese woord *torc* wat “silwernekring” beteken. Soos daar sout op ’n voël se stert gegooi word in die volksetimologiese geloof om die dier te vang, “sout” die liriese subjek haar “violiere ampersand” op die objek van begeerte se stuitjie in ’n poging om haar vas te vang. (’n “Violier” is ’n kruisblommige plant *Matthiola annua*, muurblom, angelier.) ’n “[K]onsonant van heksedrek” word voorts in die aangesprokene se se skoene geplaas sodat die brand in die voete herinnering kan versterk. “Verhang” kan gelees word as ’n intensivering van *hang*: anders hang, op ’n ander plek hang. “Inkunabels” is die oudste voortbrengsels van die boekdrukkuns – met los letters gedrukte boeke wat voor 1501 ontstaan het. Strofe 4 is ’n direkte aanhaling van reëls uit die Oudhoogduitse “Merseburger Zaubersprüche” (Spreuk 2: “Geneestowerspreuk vir ’n beseerde perd”) en kan soos volg vertaal word: “soos die beenverstuiting/so die bloedverstuiting./so die ledemaatverstuiting/been (teen)aan been/bloed (teen)aan bloed/ledemaat (teen)aan ledemaat/asof hulle gelym is” (vgl. Zickel & Thiel 1969:25). Hierdie spreek sluit aan by die “toorvokabels” (<*vokabulēr* (w.g.), woordelys/woordeskat) en “minuskels” (kleinletters (<Lat. *minisculus*)) waarmee die liriese subjek in die laaste strofe die kwetsuur van afwesigheid mee wil besweer. As magiese plantmateriaal om die geliefde te betower word “die hele kogelbergse fynbos/van katvoetjies tot sporrie” ingespan. *Sporrie* is ’n streekstaal-benaming vir die plant *Heliophila sp.*

Al die magiese handelinge en woorde uit vreemde tale hang dan uiteindelik saam om, soos voorgeskryf in ’n toorkunshandleiding, die geliefde deur middel van inkantasies en toorvoorwerpe in ’n towerweb vas te vang, haar te bind, te “lym” aan die liriese subjek.

5. SLOT

Net soos die doel van die mineur in musiek is om die refrein – die konstante in musiek – te deterritorialiseer, is die doel van mineurliteratuur om die konstante in taal te laat varieer. Hierdie werkswyse is nie onbekend in Van Niekerk se oeuvre nie – vergelyk die reeds vermelde talle registers, variëteite, verskrywings en verwringings in die teks *Die kortstondige raklewe van Anastasia W* en veral in *Die sneeuvelaper*; die taal word ’n soort literatuur wat tegelykertyd skaamteloos skree en protesteer teen die brutaliteit wat alledaags geword het in Suid-Afrika (vergelyk Stander 2012:4).

Die gebruik van Nederlands en verskeie ander voorgangers en variëteite van Afrikaans in *Kaar* hoef nie noodwendig ’n afkeer van Suid-Afrika, Afrikaans of die huidige veeltalige Suid-Afrikaanse samelewning en ’n voorkeur vir die Europese samelewning en tale te wees nie, dit kan eerder gelees word as ’n manier om standpunt in te neem teen plaaslike, huidige politieke en sosiale kwessies, byvoorbeeld die debat rondom die uitsterwing van Afrikaans (vergelyk Stander 2012:110).

Die wye verskeidenheid variëteite situeer *Kaar* nie slegs as (Suid-)Afrikaanse bundel nie, maar as poësie wat *transnasional* is, vergelyk Viljoen (2016) in hierdie verband.

Ten slotte kan *Kaar* inderdaad, soos Henning Snyman (2013) dit stel, beskou word as “’n klein monument vir die soepelheid van Afrikaans”. Of daar weer so ’n bundel gaan verskyn wat die verskillende variëteite in en van Afrikaans, asook die herkomstale van Afrikaans uitlig, sal slegs deur die tyd bepaal word.

ADDENDUM: 'n Deursnit van leksikale items uit die verskillende tale in *Kaar*

Woordverklarings word telkens uit die *HAT* (2005), *WAT*, *Van Dale Nieuw Handwoordenboek der Nederlandse Taal* (1977) en *Etymologisch Woordenboek der Nederlandse Taal* (1949) oorgeneem en kursories aangepas.

Afrikaans (vergelyk ook Viljoen 2016:258 vir soortgelyke woorde in *Die sneeuvelaper*): knukkels: kneukels <Ndl. *knokkel*; [oggend]kier: (deftig) nou opening/spleet; konter: teëgaan <Eng. *counter*; oewerkruï: (w.g.) kruid ("Oggend van 'n waterfiskaal"); hoognoen: (arg.) middag; krink: voorstel van 'n wa draai (ook "opkrink" in "Vir waterplas en sterre"); uitvier: (w.g.) laat skiet, skiet gee, laat loop; aangeswengel: <Ndl. *zwengelen*, 'n "zwengel" (handvat sel/arm waarmee mens iets in beweging bring) beweeg; teruggesmak: teruggeval, -gestamp, -geplof, neergegooi ("Seun wat visvang"); prekêre: onseker, haglik, bedenklik; ranke: (deftig) slank en fyngebou ("Rotstekening"); fratsig: skepping<*frats*, hansworserig; twielig < Eng. *twilight*, skemering; sinds: (deftig, ook in "Brief aan die roosmarynbos" en "Fonteinriet") sedert; worp: (w.g) die handeling van werp/dit wat gebaar is op een slag – tegelyk gebaarde kleintjies ("Soos aan die somerwind die waterbessie"); tumult: (nie alg.) opskudding, geraas; skry: (w.g., deftig) statig loop; mimiek (ww.): <Eng. *mimic*, naboots; ampoelie: skepping <*ampule*, flessie; besweem: <*sweem*, skepping<Ndl., van ligte skyn, aanduiding, spoor voorsien ("Perskereën"); aanslib: deur die besinking en neersetting van slib (vaste stof wat deur water vervoer word) ontstaan of groter wordend; doupunt: temperatuur waarby konstant blywende dampdruk/kondensasie gebeur ("Woordverklaring"); skalmei: blaasinstrument van hout; krokus: irisagtige sierplant, saffraanblom; ylingse: (deftig) vinnig, snel, in groot haas ("Aan die swaan op die IJ in Februarie"); traseer: skets, nateken, ontwerp < Lat. *trahere* (ook in "Google Earth"); mangel (ww.): draai; gatjeponders: <*gatjaponners*, gemeens. vir lidmate van die NG Kerk; maansaad: saad van die maankop (papawer, slaapbol); keil (ww.): onderdompel ("keelhaul"); importeurs: (w.g.) mense wat goedere invoer; ("limerence 1"); langer (ww.): <Ndl. *langen* (nie alg., besondere styl), aangee, oorrek; iepe: bladwisselende bome *Ulmus* (elm) wat in die Noordelike halfrond groei; estiveer: somerslaap <Lat. *aestis*, somer; treurnis: < *treurigheid*; wak: swak plek, gat in ys ("limerence 2"); galjoen: (hist.) groterige Spaanse seilskip uit die 17de eeu ("limerence 3"); oepsedaisynootgesien: speelse skepping; spinnaker: groot, driehoekige seil; hoegenoem: speelse skepping; striddelkriek: <*striduleer* (w.g.) < Fr. *stridulation*, kriek wat skerp/skril/deurdringende klanke voortbring; verskole: <Ndl. *verscholen*, verborge ("Eerste risky liefdesliedjie", "Klaproos"); gespreeu (s.nw.): skepping; wend: (deftig) draai/keer; konifeer: keëldraende gewas/naaldboom; soeks: skepping/inkorting <*soekend* ("memo 21 Junie 2009"); fornuis: (veroud.) vuuroond/stookplek; pook: (deftig) yster gebruik om as uit vuur te krap en kole om te keer; gebint: timmerasie waarop dakbedekking rus; baskule[brein]: <Ndl. *bascule*, weegskaal vir swaar laste of vir huishoudelike gebruik, die wip van 'n brug of swingel van 'n waterput; sider: appelbier ("Sot poempie"); Awendstil: Oud-Afr./arg.; getrede: (arg.) <*getree*; starre (adj.): styf/onbeweeglik; verglaas: tot glas verander, glaserig word ("Heraldiek van gemis"); wrong: bymekaar gevoegde en vas ineengedraaide voorwerp (ook *waterwrong* in "Tangaroa"); oggendstond: (dig., verouderd, deftig) oggenduur; rose (adj.): ligrooi < Ndl. *roze*; mette: middernag- of dagbreekgebed (< Lat. *horae matutinae*, oggendure) ("By die donker wrong van sterre"), reveil: < Fr., opwekking; brigantyne: (hist.) ligte vrag- of oorlogskip met twee maste; chagallend: skepping n.a.v. die skilder Marc Chagall; [vyebaar]-jojiewe: (boukunde) lys met half hol, half bol dwarsprofiel ("januarie"); agteroogs: skepping ("Hollandse wandeling");

koen: (arg.) dapper/ondernemend/onverskrokke; omswagteling: verafr.<Ndl., omwikkeling; rosse (adj.): (dig., w.g.) rooibruijn; es: boom van Noordelike Halfronde, *Oleaceae*; trembleer: verafr. <Ndl.<Fr., bewe; verniks: skepping, tot nijs maak ("Wintervink"); skrewe (s.nw.): gleuve; skulpture: (deftig) beeld; ontwind: oopdraai/afdraai <*wind* (deftig), omwikkel (ook "omwind" (w.g.) in "vir waterplas en sterre"); wiens: betr. vnw. ("Delicious monster"); bik: (arg.) 'n artefak versigtig los kap, hamer van omringende materiaal (ook in "Fagotvis"); wiekend: skepping< *wiek* (deftig), vlerk (ook *wiek* as ww. in "joeliewoorde vir my pa"); snikgrou: skepping; swerk: <Ndl. *zwerk*, aan die hemel drywende wolke/hemel/uitspansel ("Sewe klein variasies op wintertuin": "Rooivalk"); sitervrugte: metatesis <*situs*; latei: draagbalk bo venster of deur (< Fr. *lattis*) ("Fonteinriet"); agterjaart: (gemeens.); tjierieriep (ww.): onom. ("Jangroentjie"); swades: <Ndl. *zwad(e)*, snit gras, <Eng. *swathe*; verpower: skepping, verswak ("Die valk"); dingel: < Eng. *dangle*, hang; balg: afgestroopte vel van 'n dier, leersak van harmonika, ens., plat buik, maag (van mens en dier); beatifikasie: <Lat., saligverklaring ("Visioen"); prokrastineer: verafr.<Eng.<Lat., uitstel; gomkolom: skepping, trapsuutjies se tong; peregrineer: verafr.<Eng.<Lat., rondswerf; bog: (dig., veroud.) draai, buiging, kromming; ginderse: dáár/daardie, op die plek<Ndl. *ginders*, Afr. *ginds* (deftig, veroud.) ("trapsuutjies"); nagspin (s.nw.)<Ndl. *nachtspin*, nagspinnekop; stuwadoors (mv. eintlik -e): vakkundiges wat die lossing en lading van seeskepe behartig; omfloers (ww.): met floers/lanfer bedek; akelei: ranonkelagtige Europese plant, *Aquilegia*/Duitse suring, sinnebeeld van ootmoed en liefde, met blou, geel en pienk blomme (ook in "Vraag oor transmigrasie aan 'n rondgaande kat"); loog (ww.): met loog behandel; kaparrings: (skerts.)<Javaans, Moslemskoeisel, groot lomp skoen of stewel; kik: flou, sagte (keel)geluid ("Herfsmeditasie 2"); vermiljoen (s.nw.): helderrooi mineraal as verfstof gebruik en ook in rubber; filigraan: fyn edelsmeewerk met goud en silwer, met die voorkoms van kantwerk; vermiljoene (adj.): met die kleur van so 'n verfstof, helderrooi; palawer: (nie alg.)<Portugees, nuttelose praterij; swind (ww.): < Ndl. *zwinden* (dig.), verdwyn; imkers: byeboere, ("Klaproos"); temperlose: sonder temper/matiging/versagting; dryfbalein: veerkrachtige stafie/buigsame stof uit walvisbaard; verskote: (veroud.)<verskiet; redolente (adj.): <Eng., geurig/welriekend; wrík (ww.): (w.g.) heen en weer beweeg, wikkel om los te maak (vgl. *onwrikbaar*); lode rose: loodkleurige rose, <Ndl. *loden*; sog (s.nw.): kielwater, spoor (van 'n skip); koloriet: <It., effek van die gesamentlike kleure van 'n skildery of ander kunswerk; slink: (w.g., deftig) afneem, inkrimp, verminder; verdomp: (gemeens.) ("Postmoderne hadeda"); kaf: los papieromkleedsel, oortreksel om band van boek, stof-/boekomslag; skigte: pyle/strale; getwinkel: <Eng. *twinkle* ("Luiperdgedig"); fielte (s.nw.): (w.g.) skurke; habit: <Ndl. *habijt*, gewaad van kloosterling; kripte: ondergrondse kapelle; molmakramie: skepping/samestelling <*makramie* ("*Tyto alba*"); klare (adj.): (dig., deftig) helder, deurskynend ("Nagliedjie"); akant: doringagtige plant, *Acanthus mollis* (ook in "Vraag oor transmigrasie aan 'n rondgaande kat"); binte: lang, swaar vierkant gesaagde stukke hout, balk, staaf ("Brulpadda"); dingel, dienk: onom. ("Nagpsalm"); ontwenning: aflering, awenning ("Vir waterplas en sterre"), [einder-]jomvamende: <Ndl., met beide uitgestrekte arms omvat; bare (s.nw.): (dig.) brander, groot golf/staaf goud of silwer (ook in "Tangaroa"); frisp: onom. (ook *gefrispel* in "Turdus merula"); glimme (s.nw.): kortstondige glans, glimp; gebonk: onom.; [reën] bedolwe: bedekte ("Besoeker"); vervinniging: skepping, intensivering van "vinnig maak"; amaran: (dig.) *Amaranthus*, blom wat nie verwelk nie, simbool van onsterflikheid, met 'n purperrooi kleur; globules: bolletjies, <Eng.; tamp: <Ndl. *tampen*, geslaan van klok; aangesweem: min of meer lyk op, ooreenkomen met; togtige: <Ndl., trek van 'n lug(gie); konserf: (veroud.) konfyt ("Die mandjie"); vattinge: <Ndl. (metaal)-omlysting ("Vurk"); garansies: waarborg; spieëlneurone: selle wat senuwee-impulse begelei ("Breekgoed"); ombengel (verl.dw./adj.):

“omlui” (deur klok) (“Brief aan die roosmarynbos”); premonisies: <Eng./Lat., voorgevoel; poppiesnôi: raaigras, soort hawergras; souffleer: <Fr., as souffleur optree; jobbelsee: (*WAT*: streeks.: Weskus) see met deining, golwe, swelling; *HAT*: joppel (nie alg.) brander in see, wat taamlik woelig is; vilet[blou]: <Fr., winterblom met skerp geur /violier, *Cruciferae*; lupine: “vlinderblommige” plant met blou, pers, wit of geel blomme (“Google Earth”); adel (adj.): (arg.)<adellike; someravond: verafr.<Ndl.; pierewiet (ww.): verbalisering van voëlsoort willie/bokmakierie; kroes (s.nw.): drinkbeker/houer waarin iets gesmelt word (“ek berei ‘n slaai voor die oë van my vader”); kwiek: Sonder om te kwiek of te kwaak; pendoelie: skepping<*pendule*; toelie <*tulle*; tandebroelie: skepping<*tandeborsel*; foucault [se pendulum]: pendulum wat die rotasie van die aarde demonstreer; modoelies: skepping< *melodieë*; pa/edoelies: skepping<*poeletjies*, gamoel: skepping <*gemoed*; karnoelies: skepping <*carnations*; froelie: skepping <*frille* (Dalk dui hierdie woordespel op die kindertaal waarheen die pa regresseer – vergelyk die reëls “my vader wat langsaam uit sy woorde lek” en “jou mond waarmee jy kerie/sê vir broccoli,/en hanepoot vir hout/en rankroos,/rankroos,/vir rivier” in “Google Earth” en “my pa eet blare my pa eet gras en praat in tale” in “ek berei ‘n slaai voor die oë van my vader”) (“joeliewoorde vir my pa”); kalot: klein plat, ronde petjie wat slegs skedel bedek; rooi keëlformige mussie deur Maleiers gedra <Fr. *calote*; kês (adj.): (min gehoor, arg.) skielike gestol; leng (adj.): (w.g., arg.) draderig; hinderling: skepping, iemand wat hinder; bleekskeet: “witnerf” <Ndl. *bleekscheet*; gruttepap: (w.g.) gebreekte graan; bokwiet en hawer gemaal; trokar: mediese implement – saam met *kanule* – die term word ook in *Agaat* gebruik; kanule: buisie van metaal, glas of harde rubber wat in liggaamsholte geplaas word om vog af of toe te voer (“Strofes vir my pa”); herneuter: (verouderd) <*herneutermes*<*Hernnhüternmesser*, lang soort jagmes; opgebaar: <Ndl. op ‘n baar neerlê (opgebaar lê); slink: (w.g., deftig) in omvang/krag afneem, inkrimp, verminder (“Waatlemoen”); welf (uit ww.): boog; kiel (ww.): (w.g.) hoekie maak, opening, hoek tussen twee vleuels van ‘n gebou; klif: < Eng. *cliff*; gier: branderplank ry, skuins ry op ‘n brander; silt: (w.g.) sout(agtigheid) (ook *halfsilt* in “Klipmuur”); smuk (s.nw.): (w.g.) opskik, sieraad, tooi (“Tangaroa”); erker (s.nw.): (w.g., arg.) uitgeboude venster, kwisp (ww.): inkorting/knipsel<*kwispel*; flankevere: skepping/versmelting<*flankeer + vere*; loess: sediment gevorm deur windgedrae slik; mediokere: < Fr./Eng. *mediocre*, middelmatige (“Fan mail Freddy Mercury”); sprankend: skepping<*sprank* (vонк); piek (ww.) <*peak*/of soos piek (hist.)/lans maak (“Herout”, ook “gepiek” in “Fantasie vir Monteverdi en die Maagd Maria”); [rib-]staketsel: <Ofr. (ook in “Hollandse landskap”), heining van pale of ystertralies in water om vyand toegang te belet/palissade (“*Hippocampus reidi*”); singelbogte: draaipaaie <Ndl.; strikte: nougeset, presies, streng, stip (“Augur”); haperloos: (deftig) faalloos/ontbreekloos (“Mevrou Thaumazein”); sloom: langsaam, suf; slab: (ietwat deftig) agtergelate slyk, m.a.w. wat opdam, aanpak (“By die otoloog”); luguber: huiweringwekkend, somber, naargeestig; snode (adj.): (deftig, verouderd) sleg, deurtrap, misdadig, gemeen (“Besoek van die binnehuisversieder”); yle (adj.): <Ndl., haastige, vinnige, snel; jol (s.nw.): ligte roei- of seilvaartuig (“kaping in die suurlemoenboord”); gloor: (ww.<s.nw.): (dig.) skynsel, glans gloed; devosie: (deftig) vroomheid, godsvrug (“Bejaarde met mobiel”); vilein (bw.): vyandig/skirkagtig < Fr. *vilain* (“Allochtone anecdote”); Kadaster: register van vaste eiendom met beskrywing daarvan (Eur.); boukete: bourommel, mv.<Ndl.; hondswag: < Eng. *dog watch*; opgejut: < Ndl. (gemeens.), opjaag, aanspoor; hinderman: iemand wat pla, belemmer, skepping; fluim[kunskriminele]: (gemeens.) iemand sonder karakter (“Hollandse landskap”); snabber (ww.): onom. skepping; joert (ww.): onom. skepping; ty: inkorting< gety; fietel: (nie alg.) iets lustig, speel-speel, handig doen soos ‘n bedreve persoon dit doen; kwaf: hare <Fr. *coiffe*; klootsakke <Ndl. *klootzakken* (skeldterm: poepholle); festoen (ww.): inkorting<*festoeneer*,

helleborus: (streekstaal) tipe ranonkel; pjirrrts (ww.): onom.; miniemer (bw.): vergrotende trap van *miniem*, buitengewoon klein; kavort: genot < Eng. *cavort* (“Oujaar Amsterdam 2007”); krokette: <Fr., pasteitjies; alvleisklier: pankreas (“Heavy metal in Bagdad”); sermoenade: (veroud.) vermanende preek (“Meditasie op die digkuns by die karwassery”); tries (ww.): < Fr. *triste*, treurig; gepikeerd (verlede dw.): (deftig) beleidig, afgehaal, gekrenk, geraak; livrei: < Fr., spesiale uniform van lakei; subalternes: < Fr., ondergeskiktes (“Sorry suide”); toerneerdeeres: rondreisende <Fr. (“Gerbrand/Plascon”); falie: (hist.) kapmantel/swart sluier; falbala: val/valletjie; klavikel: sleutelbeen; min (s.nw.): (deftig) liefde <Mhd.; maretak: woekerplant/voëllym, *Viscum album* (“Fagotvis”); knus (ww.): geborge, veilig maak; libidineuser (adj.): vergrotende trap van *libidineus* – betreffende die libido (“Fantasie vir Monteverdi en die Maagd Maria”); “Etologie”: studie van die karakter/lewensgewoontes en gedrag van diere; elektromaaS: elektronetwerk, tegnoterm; verkrop (ww.): verafr.<Ndl. *verkroppen*, moeilik sluk, jou nie kan neerlê by iets nie; liting: soldate wat gesamentlik opgeroep word <Ndl. (“Etologie”); “Hoekom moetie worldcup wê’k?” en “poets van ons vaderland unite”: Kaapse Afrikaans as register regdeur die gedigte; vlere: inkorting<veleermuisie; aantontelende: wat aan die brand gesteek word (“Chtoniese invokasie”); skram (s.nw.): krapmerk, skaafplek, litteken; prang (s.nw.): (w.g., deftig) druk, klem, (fig.) kwel, benou; strawaas: (geselst., verouderend) moeilikheid, struweling, lawaai< It. *strapazzo* (“Nagwaak vir Andries Tatane, Stellenbosch, Pase 2011”); adelwipagtig: <Mhd. *adelwip*, adelvrou; drewel: <*drewelpen*, deurslagpen om spykers mee in te slaan; kruidnaels: <Ndl. speserye; jakobskulp: boonste, waaievormige, geribde skaal van ’n oestersoort, *Pecten jacobaeus* (Sint Jakobskulp, Shell se handelsmerk) (“Teorie en praktyk van die digkuns in ’n era van aardgas”); bevroed <Ndl. *bevroeden*, begryp (“Augustus is die wredeste maand”); skilderlike: van ’n skilder (vgl. die item “bruinlik” by Blum in “Die klok in die newel”); miniatuur-bossiklaam: skepping uit *siklaam*, Alpeviooltjie (“Brief aan Suid-Afrika”), liewerlee: van liewerlee, langsamerhand, bietjie vir bietjie; vliet: (dig., w.g.) stroompie water, spruitjie, bekie (“Klipmuur”); skwinte: <Eng. *squints*, (argitekt.) dakvenstertjies; rap (bw.): (w.g., digt.) vinnig (“Besoekers in Kassiesbaai”); spigtig: smal en puntig; kapseis: (w.g.) omslaan, omkantel (“Weissenbruch”); kanvas: < Eng. *canvas*, skildersdoek (“Stillewe”); stoets: stoterig, nors, stuurs; kokarde: strik, roos, roset <Fr.; orifies: <Eng. *orifice*, opening; krepuskulêre <Lat., wegsterwende (“*Turdus merula*”); sier (s.nw.): (veroud.) uiters min; aans: (nie alg., arg.) aanstoms, netnou (“Vrou, wind, deur”); krogte: <Ndl. *krochten*, tussenvelde/verborge onderaardse ruimtes (“Vraag oor transmigrasie aan ’n rondgaande kat”); ligspigot: ligkraan < Eng. *spigot*; foedraal: sak-, doos- of kokervormige omhulsel om ’n voorwerp wat presies daarin pas, te bewaar (“Exit Octopus vulgaris”).

Nederlands: rulle (adj., ook in “Google Earth”): baie los; frak: <Hd. *rokjas/jas* (Suidnederland) (<Fr. *frac*, Eng. *frock*); bergkut: lett. “doos van die berg”; triest <Fr. *triste*, treurig (“Seun wat visvang”); gemekker: klaende gesanik (“Rotstekening”); bram: inkorting <*bramra*, lang, ronde spriet aan die “bramsteng” van ’n seilboot waaraan die bramseil geheg is; kien: byderhand/ handig; bloedend (“Soos aan die somerwind die waterbessie”); soelaas: (veroud.) solaas<Fr. *solace*, vertroosting/verligting; ogentroost: *Euphrasia stricta* – tipe leeubekkie (“Ogentroost”); res (ww.): inkorting< *resten*, bly oor (“Perskereën”); kaar: bak met gaatjies waarin vis bewaar word (vergelyk ook die gedig “Woordverklaring” vir ander betekenisse van die woord); brem: geel “vlinderbloemig” heiplant, *Sarrothamus vulgaris/scoparius*; orewoet: Mnl., mistieke term by Hadewijch – gloed, hitte, vurigheid, drift, geestelike gloed, ekstase, liggende drift (“Woordverklaring”); balts (s.nw.): hofmaking/hofmakings-vertoning in paartyd (“Aan die swaan op

die IJ in Februarie”); waag (s.nw.): weegtoestel; kade: kaai/gronddyk (“limerence 1”); lieve vrouwe bedstro: streekstaal vir *Galium odoratum*, kruidagtige plant uit die sterblaarfamilie met ’n soet reuk; grondelend: skepping, tw. dw. <grondel, ’n soetwatervissie, *Gobius fluviatilis* (“limerence 2”); melodiedeken: tipe Mnl./Vlaamse verkleiningsvorm van *melodie*; snoetske: Vlaamse verkleiningsvorm van *snoet* (“Eerste risky liefdesliedjie”); vloog: verlede tyd van *vliegen* (“memo 21 junie 2009”); ereprijs (“Sot poempie”); fuit: geslag duikvoëls, *Podiceps* (ook “Oossee-fuit” in “Klipmuur”); fok: hulpseil/onderste raseil aan voormas (Afr. *fokseil*); koete: geslag alkagtige voëls, *Uria* (“Hollandse wandeling”); vilte: adj. van *vilt* (“die jakaranda in oktober”); tureluurs: pluvieragtige waadvoëls met reguit snawel, *Tringa tetanus* (“Jangroentjie”); mugge-rei: <*muggen*, rei van muggies; uiterwaarde: (mv.) buitedykse grond, tussen dyk en somerkade van ’n rivier geleë (“Visioen”, ook in “Google Earth”); vlytige liesje: (streekstaal) *Impatiens walleriana* (“Herfsmeditasie 2”); alsnog: versterking van *nog, nou nog, toe nog, dan nog* (“Postmoderne hadeda”); sleetse (adj.): verslete; stek: plankvlloer vir kruiwaens/grondkruiers langs spoorweg (“Breekgoed”); deemster (adj.): (streeksvariant, Suidndl.) donker/duister (“Brief aan die roosmarynbos”); revers: <Fr. agterkant (“joeliewoorde vir my pa”); loos (adj.): leeg/vals (“Strofes vir my pa”); slab: morsdoekie van kinders, babaservet (“Besoek van die binnehuisversieder”); soetgevooisde: (streekstaal, Suidndl.) soet-gemelodiede (“kaping in die suurlemoenboord”); jan-van-gent: streeksnaam vir seervoël, *Morus bassanus* (“Bejaarde met mobiel”); berm: strook grond langs pad (“Allochtone anekdote”); florissante (adj.): bloeiende (“Hollandse landskap”); freule (s.nw.): adellike jongvrou; pindakaas: grondboontjiebotter; junk: (s.nw.) <*junkie*, sleng; griet: meisie, sleng; pooier: ruwe, gemene kêrel (koppelaar); wespejager: Vesparyer; hark: (fig.) onhandige, houterige persoon; getijsem: (sleng, streekstaal) gespus, omstanders, skuim, skorriemorrie; klootjiesvolk: kudde, dom menigte (“Oujaar Amsterdam 2007”); paardekastanjes: *Aesculus hippocastanum*, blaarryke boom en sy vrugte (“Heavy metal in Bagdad”); kwibus: dwaas, sot; dolboom: hout ter versterking van bodem (van skip); rimram: bombas/flauwekul, geklets, hol klanke, nonsens (ook in “rimram”); maliekolder: harnas <Mnl. (“Fagotvis”); bremhaag: bremheining (“Fantasie vir Monteverdi en die Maagd Maria”); beduuus: bedremmeld, beteuterend (“Etologie”); tengels: (gemeens.) vingers (“Nuwejaarsbrief aan die ringvinger van Nadine Gordimer”); slempend: brassend, smullend (“Chtoniese invokasie”); mangliet: Wes-Indiese hoë boom/Oos-Indiese vrug (“Teorie en praktyk van die digkuns in ’n era van aardgas”); kweeste:< Mnl. *queeste*, soektog (“Brief aan Suid-Afrika”); blikkerende: flikkerende (“By nooitverstuurde poskaarte”); roes: nagskuil-/lêplek van vlieënde diere (“Besoekers in Kassiesbaai”); labberhoed: slap/sagte hoed (“Weissenbruch”); tremulante (adj.): (mus.) triltoon (“Stillewe”); protserige: pronkerige (“Die perde van Velásquez”); fluitekruid: toeters, *Anthriscus silvestris* (“Mei”).

Duits: minne: <Mhd., hoofse liefde (“Woordverklaring”); mund’ken: mondjie < Nederduits (“memo 21 junie 2009”); Umweltkas: skepping, “omgewing(s)kas” (“Etologie”); dreikanter: lett. “driekanter”, tegnoterm, “ventrifak” verweer deur sand tot drie sye (“Gedig vir die wind”).

Frans: debris: puin (“Perskereeën”); [aandlig]craquelé: barsies in die verf- of vernislaag van ’n skildery (“heraldiek van gemis”); [kuns-]piste: baan/renbaan (“Hollandse wandeling”); luxe, calme et volupté: reël uit Baudelaire se gedig “Invitation au voyage”, ook skildery van Matisse (1905); vilet[blou]: winterblom met skerp geur, violier, *Cruciferae* (“Google earth”); revers: agterkant (“joeliewoorde vir my pa”); assemblage: versameling/byeenkoms (“Mevrou Thaumazein”); broche (s.nw.): sierspeld; (“Oujaar Amsterdam 2007”); trottoirs: sypaadjies

("Heavy metal in Bagdad"); *boeuf en daube*: biefkasserol ("Meditasie op die digkuns by die karwassery"); *rose voile*: pienk sluier ("Gerbrand/Plascon"); chiffres: syfers, kodes, figure ("'n Boodskap uit die dode van Peter Blum"); décolleté (s.nw.): lae halslyn ("Fantasie vir Monteverdi en die Maagd Maria"); passepartout: sleutel, loper wat tot alles toegang verleen/ plakband om 'n lys om portret te vorm ("Besoekers in Kassiesbaai"); Crepuscule: (aand-) skemer(ing) ("Najaarsbloei").

Jiddisj/Hebreeus: kippah: simboliese, godsdiensig-liturgiese hoofbedekking; yarmulke: baie dieselfde as die *kippah*, maar meer beperk tot die Asjkenazi-Jode; chametz: gesuurde kos, verbode tydens Pase; Behemoth: die dier van Job 40:15-24; Ziz: griffoenagtige voël (wat die son kan bedek) uit die Joodse mitologie; pesach: Pase ("Herout"); kantor: leier in sang en gebed ("Fantasie vir Monteverdi en die Maagd Maria"); golem: die mitiese reus, gemaak deur Rabbi Scholem in die Middeleeue, wat die Jode sou bevry uit onderdrukking ("Nagwaak vir Andries Tatane, Stellenbosch, Pase 2011", vergelyk ook Peter Blum se gebruik van hierdie gegewe); psiempsoem: skepping/vervorming <*tzimtzum*, konseptuele ruimte waarbinne eindige sfere kan bestaan. God het oneindige lig "saamgetrek" om daardie sfere daarbinne te kan laat bestaan. Vergelyk ook Johann de Lange se gedig "Tzimtzum" uit *Vaarwel, my effens bevlekte held* (2012) en Helize van Vuuren (2016:950) se omskrywing van die term: dit kom "uit die Kaballah (die almagtige Ein Sof se eerste skeppingshandeling van selfinkrimping sodat daar plek kan kom vir die geskape wêreld)".

Engels: akimbo: met hande in die sy staan; ("Oggend van 'n waterfiskaal"); strum: pluk/streel ("Eerste risky liefdesliedjie", "Brulpadda"); gezephyr: <*zephyr*, skepping (lit., digit.), lett. "gewind"; ardent: brandend, vurig, gloeiend (arg., digit.) ("Memo 21 Junie 2009"); poempie ("Sot poempie"); slippers ("Herfsmeditasie I"); conceit: vergesogte vergelyking, gekunstelde beeldspraak/metafoor ("Postmoderne hadeda"); gejinxte: skepping <*jinx*, getoorde ("Oujaar Amsterdam 2007"); spandrel: spasie tussen twee boë of tussen boog en vierkantige omhulling ("'n Boodskap uit die dode van Peter Blum"); talle Engelse items in "Hoekom moetie worldcup wê'k?" en "poets van ons vaderland unite" is deel van die Kaapse register in beide gedigte.

Latyn: Equuleus: klein perdjie; Celeris: vinnige ("Rotstekening"); Euphrasia stricta: "eyebright" ("Ogentroost"); Sint Ambrosius: 340–397n.C. Hy het bye op sy gesig gehad as kind, daar is 'n druppel heuning agtergelaat, daarom sy "heuningtong"/"honeyed tongue"; De bono mortis, de fuga saeculi: oor die goeie van die dood, oor die vlug van die wêreld; Gervasius en Protasius: martelare, deur Ambrosius behoue onder die vloer van 'n kerk ontdek ("Woordverklaring"); arborium: kweekhuis ("Skype"); gyrus singulatus: deel van die limbiese sisteem wat betrokke is by emosievorming en -prosessering, leer en onthou ("Sot poempie"); Terpsiphone viridis: paradysvlieëvanger ("Visioen"); mysterium/tremendum et fascinans: groot en fassinerende misterie; carnyx: blaasinstrument (bronstrompet) uit die Keltiese Ystertydperk ("Postmoderne hadeda"); "Tyto alba": kerkuil; Pyxicephalus adpersus: Afrika-brulpadda ("Brulpadda"); tintinnabuli: klokke ("Die mandjie"); sulkus: groef in die brein ("Tangaroa"); "Hippocampus reidi": langsnoet-seeperdjie; "Augur": godsdiensdige beampete wat natuurtekens (voëls) interpreteer; solvitur ambulando: dit word al lopend opgelos/probleem opgelos deur praktiese eksperiment; homo sacer: heilige mens ("Mevrou Thumazein"); deus absconditus/homo, neque ludens, neque symbolicus: verdwene god/ mens, nóg spelend, nóg simbolies ("Allochtone anekdote"); radiolarus: (mikroskopiese) straaldiertjie; pontifex graffiticus: pous-graffitiskrywer ("Hollandse landskap"); cauda pavonis: poustert; [motor]

maenade: <*Maenas* (Bacchante = profetes); amigdala: amandelvormige nuclei in temporale lobbe wat betrokke is by geheue en besluitneming; Nephelae[-tinte]: vrou van Athamas, ma van Helle en Phrixus; Pollux [...] Castor: tweelingbroers, seuns van Leda in Gr. en Romeinse mitologie (“Oujaar Amsterdam 2007”); Cythera: eiland heilig aan Venus/Kithira; perfide: verraaiend; infidel: ongelowig (“Sorry suide”); Gonimbrasia belina: motspesie, die mopaniewurm is sy ruspe (“’n Boodskap uit die dode van Peter Blum”); Dunkleosteus: prehistoriese vis uit die laat-Devoniese tydperk, 380–360 miljoen jaar gelede; favete linguis: bly stil (“hold your tongue”) (“Fagotvis”); audi caelum, verba mea,/plena desiderio et perfusa gaudio: hoor die hemel, my woorde,/ vol verlange en rasende vreugde; in saecula saeculorum: vir altyd en altyd; “quilismas”: tipe neume (musieknoot), tipe triller (“Fantasie vir Monteverdi en die Maagd Maria”); columbarium: duiwehok of tombe waarin urne met as gehou word (“Nagwaak vir Andries Tatane, Stellenbosch, Pase 2011”); Quercus: eik (“Brief aan Suid-Afrika”); Quercus ilex: eik (“By nooitverstuurde poskaarte”); scabiosapolle: pluisdistel; “Turdus merula”: merel; “Exit Octopus vulgaris”: die seekat gaan uit/vertrek.

Grieks: biotoop: plek waar ’n dier of plant heeltemal in sy omgewing ingepas is, homogene woon-/groeigebied (“Ogentroost”); petrichor: die geur van reën op droë grond, die geur van stof ná reën (“Perskereën”); sparagmos: uitmekarskeur (binne Dionisische konteks, ook t.o.v. Orpheus) (“Visioen”); hieros gamos: heilige huwelik, seksuele rite, huwelik tussen god en godin, uitgespeel in ’n simboliese ritueel waarin mense die gode voorstel (“Postmoderne hadeda”); mnemoniese: t.o.v. *onthou* (“Augur”); “[Mevrou] Thaumazein”: die verwondering oor wat is; sigmoidoskope: skope wat binne-in die liggaam kyk, byna soos ’n kolonoskoop; katadroom: dier wat uit vars water trek na see om te gaan paar (“Mevrou Thaumazein”); otoloog: oorheekundige (“By die otoloog”); makrobiot: iemand wat, deur die handeling van ’n bepaalde dieet volg, lank lewe (ook *makrobioties*, Oujaar Amsterdam 2007”); “Etologie”: studie van karakter/van lewensgewoontes en gedrag van diere; “Chtonies[e invokasie”]: (Sheila Cussons gebruik ook die term (“Ktonies”) in “Die etser” in *Plektrum*, 1970) wat betrekking het op die (vrugdraende) aarde, die onderaardse, die onderwêrelde; Nyx: godin van nag: Erebos: (Erebus) onderwêrelde/hel, god van die onderwêrelde; Diktaion Andron: die grot waar Zeus gebore is in Kreta (“By nooitverstuurde poskaarte”), litofoon: klip-instrument (<*lithos*, klip) (“Klipmuur”); episkoop: projeksietoestel vir ondeurskynende voorwerpe (“Ruimtevaartbaan 2, Ijsselstein”); pleroma: totaliteit van goddelike krag (“Weissenbruch”); [oer-]clematis: *Ranunculaceae*, klimplant, dotter, stinkblaar; metempsigose: sielsverhuising (“Vraag oor transmigrasie aan ’n rondgaande kat”); kripsiskunde: geheimkunde (“Exit Octopus vulgaris”).

Italiaans: furore: opskudding (“Woordverklaring”); sordino: demper (“Memo 21 Junie 2009”); brio: (con brio) met lewendigheid/lewendig; stringendo: vinniger en vinniger (“*Turdus merula*”).

Spaans: duende[-agtigs]: Spaanse elf of aardgees, ook verbind met sterk emosionele uiting t.o.v. die flamenco (vgl. ook Lorca se gebruik van die term) (“Postmoderne hadeda”); paso fino: perderas uit Spanje; estrapades: pogings van ’n perd om sy ruiter af te gooi (“Augur”); fandango: Spaanse volksdans (“Oujaar Amsterdam 2007”).

Mandaryns-Chinees: koeng foe: tipe gevegskuns; kongsi: organisasie van Chinese mense met dieselfde vanne (“Oujaar Amsterdam 2007”).

Afrikatale: hamba kahle: gaan in vrede (Zulu); tshetsha: Sjangaanmusiek (“Nagwaak vir Andries Tatane, Stellenbosch, Pase 2011”).

Indonesies/Javaans: nasi (hier as ww.): rys; bami (hier as ww.): noedels; galangal (hier as ww.): (blou)gemmer (“Oujaar Amsterdam 2007”).

Kelties (Iers/Gaelies): tork: < *torc*, halsband van metaal/metaalnekring (“grimoire”, “Fagotvis”); larsach: Ierse harp (“Sot poemarie”); Cernunnos: Keltiese god (“Fagotvis”).

Sanskrit: om mani padme ha en hum: speelse verwerking van die bekende Sanskrit-mantra *om mani padme hang* (“Eerste risky liefdesliedjie”); sadhoe: verligte/wyse (“Herfsmeditasie 2”); Ahura Mazda: Avestaniese naam, oppergod, koning van natuur in Persies/Assiries/Babilonies wat geassosieer word met vuur (“Fan mail Freddy Mercury”).

Noors/Oudnoors: Sleipnir: Odin se perd; Bragi: Skandinawiese god van poësie; Gundestrup: (plaat van Gundestrup) ’n silwer pot gevind in Denemarke uit die tydperk 150-1 v.C. (“Fagotvis”); skald: digter/bard (“Meditasie op die digkuns by die karwassery”).

Arabies: Allahu akbar: God is groot (“Oujaar Amsterdam 2007”).

Turks: döner kebab: vleis gaargemaak op ’n roterende spit, opgedien in ’n deegkoevert (“Oujaar Amsterdam 2007”).

Turkies: yardang: steil wand, vaartbelynde heuwels deur wind en sand/stof afgeslyt uitrots (“Gedig vir die wind”).

Russies zastrugi (mv.): skerp groewe op sneeu deur winderosie, saltasie en deposisie veroorsaak (“Gedig vir die wind”).

Polinesies: Tangaroa: Hawaiiese god van die see; Teahupoo: ’n uiters gevaarlike seerif met hoë golwe, in Augustus 2000 gery deur Laird Hamilton (“Tangaroa”).

BIBLIOGRAFIE

- Bezuidenhout, Zandra. 2013. Resensie van *Kaar*. Versindaba [www.versindaba.co.za], 25/11/2013.
- Bosman, Herman Charles. 2002. *A Cask of Jerepigo*. Cape Town: Human & Rousseau.
- Carstens, W.A.M. & Bosman, N. (eds.). 2014. *Kontemporäre Afrikaanse Taalkunde*. Pretoria: Van Schaik Uitgewers.
- Combrink, J.G.H. 1990. *Afrikaanse Morfologie: Capita Exemplaria*. Pretoria: Academica.
- Conradie, Jac. 2014. Taalverandering in Afrikaans. In: Carstens, W.A.M. & Bosman, N. (eds.). 2014. *Kontemporäre Afrikaanse Taalkunde*. Pretoria: Van Schaik Uitgewers, pp. 61-89.
- Crous, Marius. 2013. Resensie van *Kaar*. *Rapport*, 19/12/2013.
- Crous, Marius. 2016. Die hadeda as liminale dier in *Kaar* van Marlene van Niekerk. *Litnet-Akademies (Geesteswetenskappe)*, 2016-04-19.
- Cussons, Sheila. 2006. *Versamelde gedigte*. Kaapstad: Tafelberg.
- De Lange, Johann. 2012. *Vaarwel, my effens bevlekte held*. Kaapstad, Pretoria: Human & Rousseau.
- Deleuze, Gilles & Guattari, Félix. 1986. *Kafka: Toward a Minor Literature*. Translated by Dana Polan. Minneapolis: University of Minneapolis Press.
- Du Plessis, Hans. 1987. *Variasietaalkunde*. Pretoria: Serva-Uitgewers.

- Hendricks, F. 2012. Die potensiële nut van 'n gelykvlak-perspektief op die variëteite van Afrikaans. In: Prah, K.K. (red.). *Veelkantiger Afrikaans: Streeksvariëteite in die standaardvorming*. Kaapstad: Centre for Advanced Studies of African Society, pp. 44-63.
- Krog, Antjie. 2014. *Mede-wete*. Kaapstad: Human & Rousseau.
- Mendelson, Edward. 1976. Encyclopedic Narrative: From Dante to Pynchon. *MLN* 91(6): 1267-1275.
- Otto, Annél. 2014. Sosiolinguistiek. In: Carstens, W.A.M. & Bosman, N. (eds.). 2014. *Kontemporäre Afrikaanse Taalkunde*. Pretoria: Van Schaik Uitgewers, pp. 311-346.
- Prah, K.K. (red.). *Veelkantiger Afrikaans: Streeksvariëteite in die standaardvorming*. Kaapstad: Centre for Advanced Studies of African Society.
- Snyman, Henning. 2013. *Kaar* 'n merkwaardige bundel, 'n klein ensiklopedie van woord en digkuns. *LitNet Akademies*-resensie-essay, 2013-12-04.
- Stander, A.S. 2012. Taal wat stamel, stotter en struikel: Marlene van Niekerk se *Die sneeuvelaper* (2010) as mineurletterkunde. Ongepubliseerde MA-verhandeling, Universiteit van Stellenbosch.
- Van Coller, H.P. (red.). 2016. *Perspektief & Profiel. 'n Afrikaanse Literatuurgeschiedenis. Deel 3*. Pretoria: Van Schaik Uitgewers. Tweede uitgawe.
- Van Niekerk, Marlene. 2009. Aanvaardingstoespraak by die toekenning van die Helgaard Steyn-prys. *Stilet* 21(1): 134-135.
- Van Niekerk, Marlene. 2013. *Kaar*. Kaapstad: Human & Rousseau.
- Van Vuuren, Helize. 2014. Resensie van *Kaar. Die Burger*, 2/1/2014.
- Van Vuuren, Helize. 2016. Marlene van Niekerk (1954-). In: Van Coller, H.P. (red.). 2016. *Perspektief & Profiel. 'n Afrikaanse Literatuurgeschiedenis. Deel 3*. Pretoria: Van Schaik Uitgewers. Tweede uitgawe, pp. 919-953.
- Viljoen, Louise. 2016. Intertalige en kruiskulturele verkeer tussen Afrikaans en Nederlands in Marlene van Niekerk se verhaalbundel *Die sneeuvelaper*. *LitNet Akademies* 13(1):250-271.
- Zickel, E. & Thiel, H. 1969. *Die Silberfracht. Sprachdenkmäler des Mittelalters*. Frankfurt am Main: Hirschgraben-Verlag.

Woordeboeke geraadpleeg

- De Tollenaere, F. & Persijn, A.J. 1977. *Van Dale Nieuw Handwoordenboek der Nederlandse Taal*. 's-Gravenhage: Martinus Nijhoff. Achtste, opnieuw bewerkte en aangevulde druk.
- Odendaal, F.F. & Gouws, R.H. (eds.). 2005. *HAT. Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal*. Kaapstad: Pearson Education South Africa/Maskew Miller Longman.
- Schoonees, P.C. (hoofred.). 1970-. *Woordeboek van die Afrikaanse Taal*. Pretoria: Die Staatsdrukker.
- Simpson, D.P. 1975. *Cassell's New Latin-English English-Latin Dictionary*. London: Cassell. Fifth Edition, Fifth Impression.
- Van Wijk, N. 1949. *Franck's Etymologisch Woordenboek der Nederlandsche Taal*. 's-Gravenhage: Martinus Nijhoff.

Die Hertzogprys vir drama: Griekse tragedie, Middeleeuse moraliteitspel of Negentiende-eeuse realiteit – die problematiek en uitdagings binne die drama-“industrie” en die invloed daarop by die toekenningsproses

The Hertzog prize for drama: Greek tragedy, Medieval morality play or Nineteenth century reality – the problematic nature of and challenges within the drama “industry” and the influence it bears upon the process of awarding prizes

A VAN JAARSVELD

Departement Afrikaans en Nederlands, Duits en Frans

Universiteit van die Vrystaat

E-pos: vjaarsa@ufs.ac.za



Anthea van Jaarsveld

ANTHEA VAN JAARSVELD is senior lektor in die Departement Afrikaans en Nederlands, Duits en Frans aan die Universiteit van die Vrystaat. Haar Magistergraad en proefskerif handel oor referentialiteit. Sy doseer en publiseer veral oor drama en film en is besig met 'n groter projek oor die indeksering van Afrikaanse speelfilms.

ANTHEA VAN JAARSVELD is a senior lecturer in the Department Afrikaans and Dutch, French and German at the University of the Free State. Her Master's degree and dissertation are both about referentialism. She lectures and publishes especially on drama and film and is working on a bigger project on the indexing of Afrikaans films.

ABSTRACT

The Hertzog prize for drama: Greek tragedy, Medieval morality play or Nineteenth century reality – the problematic nature of and challenges within the drama “industry” and the influence it bears upon the process of awarding prizes

The twentieth century compels a reinterpretation of our position within the cultural and social domains in society. This process also inevitably leads to a reconsideration of the concept of “community”. To understand and evaluate this process one needs to refer to Bourdieu and the philosophy of science. For the sake of this reinterpretation Pierre Bourdieu positions himself between structuralism on the one hand and a more subjective approach to agents in the society on the other. In effect this means that people ostensibly act as subjective independent agents, but are also influenced by structures within their social environment. Within the literary

system it implies that neither the author or playwright nor his/her text, can be evaluated autonomously. Other important players are readers, critics, publishers and even the media. In today's society there is a remarkable increase in the importance of prizes in literature and in the arts. The power and impact thereof on society and culture in general has grown significantly. In a comprehensive review of this phenomenon, James F. English (2008) documents the dramatic rise of the awards industry and its complex role in what he described as an economy of cultural prestige (Van Coller 2010; Bonthuys 2016). Investigating the Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns's literary awards, it is evident that the drama awards are surrounded by controversy. Through decades the drama awards were characterized by controversial issues over who would be worthy of an award, but often also about whether an award could be made whatsoever.

To reflect on the Hertzog Prize for drama, it is important to get a complete overview of the awards made, but more importantly to investigate the years in which no awards were made. From this investigation, meaningful facts come to the fore especially on the specific process involved. It is apparent that a problematic situation exists because of important issues that play a significant role in the award process of the Hertzog Prize for drama. For one, the fact that the drama genre can never completely be defined within a singular realm. It is literary text, but also performance text and is furthermore heavily dependent on publication. Given the trends in the Afrikaans drama and theatre world, one finds a unique set of problems relating to the successful reception of the published play. The larger ground breaking "new" drama genre is now livelier than ever before, and because of its specific features, it also acts restrictively with regards to publication. Furthermore, the existence of the Afrikaans drama genre, against the background of the important and decisive political and social landscape, has an enormous impact on the status and publication of plays in Afrikaans. The demands set for playwrights for mere survival in the industry today exert extreme entrepreneurial thinking. Apart from the problematic nature and form of the drama, the genre suffers under many outside factors detrimental to financing productions, performance, prescribed feasibility of texts and ultimately publication. These are all factors that have an impact indirectly on the awarding of the Hertzog Prize for drama.

As a result of the aforementioned, the dynamics of literary prize awards are investigated in this article. More specifically the nature of the prizes and the value of literary and cultural capital when it comes to assessing these prizes are under scrutiny. Despite the ultimate main focus on the published literary work, there is also an underlying awareness of the types of usable capital in the literary field to establish the position of a playwright of a specific drama within the larger social structures of power in the literary community.

A clear transformation in the awarding of prizes is currently taking place. In this process there is a constant dynamic interaction between the extensive mechanics of nomination and election, presentation and acceptance, sponsorship, publicity and scandal. In this article the focus will be on the specific relationships between agents and rules that exist in the field. In addition, the larger "cultural field" which is exposed through prizes, including the interest they generate and the critical hostility they evoke, is viewed. The conclusion that can be drawn is that there is no escape whatsoever from "the economy of prestige".

This article attempts an in depth look at drama awards against the background of the drama genre as part of the larger literary system, but also the larger scientific study of theatre. As mentioned above, the dramatic script is concurrently literary text and theatrical performance. It is also, much more than the other two genres, hampered by the specific socio-political landscape within which it exists. The political dynamics as well as socio-historical contexts

contribute greatly to the creation, existence and survival of the theatre as a source of the published play. Within the Herzog prize assessment process the drama as performance text as well as reading text requires without a doubt a unique approach without which the drama genre will never gain its rightful place within the literary system.

KEY WORDS: Herzogprize, drama, literary prestige, Bourdieu, field-theory, forms of capital, literary awards, drama genre

TREFWOORDE: Herzogprys, drama, literêre prestige, Bourdieu, veld-teorie, vorme van kapitaal, literêre pryse, drama-genre

OPSUMMING

Die herbesinning oor die begrip “gemeenskap” in die eeu waarin ons leef, noodsak tot ’n groot mate ’n herinterpretasie van ons posisie binne die kulturele en sosiale domeine in die samelewning. Met verwysing na die filosofie van die wetenskap, neem Pierre Bourdieu standpunt in tussen strukturalisme aan die een en ’n meer subjektiewe benadering tot agente in die samelewing aan die ander kant. Dit beteken in feite dat hoewel mense skynbaar as subjektiewe onafhanklike agente optree, hulle tog ook beïnvloed word deur strukture binne hulle sosiale omgewing. Binne die literêre sisteem impliseer dit dus dat die skrywer of dramaturg en sy/haar teks nooit outonom geëvalueer kan word nie. Ander belangrike rolspelers binne hierdie proses sou die leser, kritici, uitgewer en selfs die media ook insluit.

’n Duidelike transformasie by die toekenning van pryse is tans in werking. Daar is ’n gedurige dinamiese wisselwerking in die proses, tussen die uitgebreide meganika van nominasie en verkiesing, aanbieding en aanvaarding, borgskap, publisiteit en skandale. In hierdie artikel val die fokus op die bepaalde verhoudings tussen agente en reëls wat binne die veld bestaan. Voorts word die groter “kulturele veld” wat deur pryse blootgelê word, insluitend die belangstelling wat hulle genereer asook die kritieke vyandigheid wat hulle so toenemend ontlok, bekyk. Die afleiding wat gemaak kan word, is dat daar geen ontsnapping uit “die ekonomiese van prestige” kan wees nie.

Daar word indringend gekyk na die problematiek ten opsigte van die drama-toekennings teen die agtergrond van die drama-genre as deel van die groter literêre sisteem maar ook as onlosmaaklik deel van die groter teaterwetenskap. Die dramateks is dus terselfdertyd literêre teks en teateropvoering. Die drama as speel- en leesteks vereis binne die Herzogprys-beoordelingsproses sonder twyfel ’n eiesortige benadering waaronder die drama-genre nooit sy regmatige plek binne die literêre sisteem sal verkry nie.

1. DIE HERZOGPRYS VIR DRAMA AAN TERTIUS KAPP IN 2015 EN DIE POLEMIEK EN OMSTREDENHEID RONDOM ENKELE VROEËRE TOEKENNINGS VAN DIE PRYS

Wat die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns se literêre toekennings betref, het die dramatoekenning van meet af aan telkens swaar gedra aan omstredenheid. Die ontvangs van die toekenning van die prys aan Kapp het in 2015 egter sonder veel kritiek verloop. Ten spye van enkele stemme wat opgegaan het oor die feit dat dit dalk literêr nie sterk genoeg is nie, reken prof. J.L. Coetser in sy huldigingswoord tydens die bekroningsplegtigheid in Junie 2015 in Stellenbosch dat die drama, *Rooiland*,

... 'n belangrike nuwe bydrae tot die Afrikaanse dramasisteem verteenwoordig. Dit is 'n digte teks wat 'n hoë mate van opvoeringsgerigtheid vertoon. Die dramaturg bied aan sy leser, en uiteindelik aan die gehoor, hiermee 'n herkenbare gestalte van geweld. Voorts dra goed gedefinieerde karakters en karakteropenbaring oortuigend tot die voorstelling by. *Oorsee*, Kapp se tweede bekroonde drama, is eweneens sterk opvoeringsgerig en literêr-dig. Dit vertoon duidelike allegoriiese trekke. Die intertekste teenwoordig in die teks maak dit moontlik om *Oorsee* as 'n distopiese, politieke reisallegorie te beskou wat die Afrikaner, soos in sommige dramas deur Van Wyk Louw, Pieter Fourie en Reza de Wet, parodiërend en satiries in die kollig plaas. (Coetser 2015)

Die toekenning van die Hertzogprys vir drama is egter – soos die meeste ander literêre prys – nie gevrywaar van kritiek en kontroversie nie en hierdie prestige-prys het al telkemale onder fel kritiek deurgeloop. Vroeëre toekennings het nie altyd so lig daarvan afgekom soos in 2015 nie. Só is die Akademie ook al daarvan beskuldig dat hulle sekere skrywers misken, dat hulle toelaat dat politiek in sekere gevalle 'n beduidende rol gespeel het by bekronings, en dat hulle 'n gebrek aan deursigtigheid vertoon het.

Talle polemiese en debatte rondom prystoekennings, asook die kom en gaan van pryse deur die jare, duï daarop dat literêre toekennings nooit outonoom kan funksioneer nie. Dit staan altyd in verband met magsverhoudings op 'n bepaalde tydstip, die opvattinge oor waardeoordeel, smaak en literaturopvattings.

Vele voorbeeld uit die verlede getuig hiervan. So is daar in 1966 uiteindelik geen Hertzogprys toegeken na die groot polemiek nadat Uys Krige daarvoor genomineer is nie. Volgens Carstens (2009:184) wil dit blyk dat Krige se politieke oorwegings hom grootliks gekniehalter het, alhoewel die Letterkundige kommissie (soos dit toe bekend gestaan het) dit natuurlik ontken het. Hy ontvang wel in 1985 die Hertzogprys vir sy volledige drama-oeuvre. Name wat deurgaans in dieselfde asem as Krige genoem word, as skrywers wat nooit of té laat bekroon is, is onder andere Jan Rabie en Abraham H. de Vries wat nooit bekroon is nie en Adam Small wat eers in 2012 bekroon is vir sy volledige drama-oeuvre tot en met 1983. Telkens is daar met genoemde skrywers gereken dat politieke voorbehouded deurslaggewend was. Die toekenning aan André P. Brink vir *Die Jogger* (2000) sou ook nie sonder kontroversie wees nie. Beskuldigings is voor die deur van die Letterkundekommissie gelê dat die toekenning gemotiveer sou word deur 'n skuldgevoel (Van Coller 2010:487).

Seker die grootste dwaling van die Akademie volgens Van Coller (2010:491) vind plaas in 1952 met die bekroning aan Gerhard Beukes en W.A. de Klerk. Van Coller verwys na Antonissen, waarin die werk van Beukes destyds byvoorbeeld afgemaak is as waardeloos (Antonissen 1956:279). Volgens Van Coller sou N.P. van Wyk Louw se *Die pluimsaad waai ver* (1966) ook deur kundiges bestempel word as bekroningswaardig, maar dat eksterne omstandighede (naamlik Louw se botsing met die destydse premier, dr. H.F. Verwoerd) in die niebekroning daarvan weer 'n rol gespeel het.

Kanna hy kô hystoe (1965) deur Small word deur Van Coller beskou as "een van die allerbeste Afrikaanse dramas" en 'n drama waarvoor Small sonder twyfel die Hertzogprys verdien het (Van Coller 2010:492). Met die toekenning aan Adam Small in 2012 is die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns gekritiseer omdat hulle hul reglement geignoreer het ten einde die toekenning te maak. Die feit dat Small reeds jare lank die prys verdien het, het ook nie kritiek op die toekenning aan hom in 2012 opgehef nie. Die uitgewer Nicol Stassen meen byvoorbeeld dat dramas wat in die bepaalde toekenningstrydperk verskyn het, grootliks deur hierdie besluit benadeel is (Stassen 2012). Michael le Cordeur, daarenteen, het gevoel dat die prys wel geregtig is en erkenning so verleen is aan Small in wie se oeuvre sy drama

Kanna hy kô hystoe kop en skouers uitstaan as 'n hoogtepunt in die Afrikaanse dramatiese kuns (Le Cordeur 2012). 'n Groep digters, skrywers, dramaturge en belanghebbendes, insluitende Willem Fransman Jr, Floris Brown en Elias P Nel, het 'n persverklaring uitgereik waarin hulle die Akademie vir Wetenskap en Kuns geluk gewens het met hul besluit om die prys aan Small toe te ken. André P Brink lig ook sy mening in die *Burger* oor die toekenning: "Vyftig jaar moes Adam Small wag om die Hertzogprys te kry vir *Kanna hy kô hystoe*, moontlik die beste drama in Afrikaans. Ná 'n halfeeu se wag is 'n onreg uiteindelik reggestel, selfs al het dit dan gepaard gegaan met reglementêre kleitrappery en burokratiese omslagtigheid" (Brink 2012:7).

Op sigwaarde kan die toekenning van die prys aan Adam Small beswaarlik anders geïnterpreteer word, as 'n regstelling van 'n Akademiefout uit die verlede, alhoewel alle oeuvre-toekennings natuurlik nie gesien kan word as regstellings nie. Dit het egter noodgedwonge 'n rimpeling-effek op gepubliseerde tekste van die toekenningsjaar, maar bly 'n dinamiese proses waarbinne die besondere politieke landskap van die tydvak, die beskikbaarheid van tekste, asook die maatskaplike en ekonomiese omstandighede onomwonne 'n rol speel, want soos Bourdieu in analitiese terme die strukture van 'n veld (in hierdie geval die literêre veld) definieer, word dit beskou as "a network, or a configuration, of objective relations among positions" (Bourdieu & Wacquant 1992:97).

2. DIE TOEKENNINGSPROSES BY DIE HERTZOGPRYS VIR DRAMA

Deur dekades word die dramatoekennings gekenmerk, deur nie net polemiek oor wie bekroningswaardig sou wees nie, maar ook in ekstreme gevalle oor of daar enigsins 'n toekenning oorweeg moes word, al dan nie. In sekere jare word daar ook weliswaar geen toekennings gemaak nie.

Die Hertzogprys is die oudste literêre prys in Afrikaans – 103 jaar oud in 2017. As destydse Minister van Onderwys in die Oranje Rivier Colony het Hertzog as politieke leier die wetgewing oor tweetaligheid in die Vrystaatse onderwys deurgevoer. Die implementering daarvan was egter problematies en het geleei tot 'n hofgeding in 1909 (Kapp 2009:158) wat op sy beurt weer die weg gebaan het vir die ontstaan van die Hertzog-prys. Die skenking van £1 200 deur genl. Hertzog is aanvanklik nie uitsluitlik vir letterkunde aangewend nie, maar kon in beginsel ook vir taalkunde aangewend word. Daarom was die prys aan die begin bekend as die Hertzog Taal Fonds (Kapp 2009:49). Hierdie prys, wat die eerste prys was wat deur die Akademie toegeken is, is reeds in 1914 ingestel en vanaf 1916 jaarliks vir toekennings oorweeg. Vanaf 1923 is slegs gepubliseerde werke vir die prys oorweeg. Buite in 1984, met die viering van die Akademie se 75ste bestaansjaar, roeteer die drie genres, prosa, poësie en drama en publikasies van die vorige drie jaar kwalifiseer vir bekroning. Hierdie rotasie begin in werklig tree vanaf 1928 (Smuts 2005:12). Tot en met 1965 is die beoordelaars van die Hertzogprys ad-hoc aangewys, maar vanaf 1966 is die Letterkundige kommissie in die lewe geroep wat as beoordelaars, nie net van die Hertzogprys nie, maar van alle pryse wat deur die Akademie toegeken word, optree. 'n Lys van die ad-hoc komitees is beskikbaar in Nienaber (1965:161-168) en die lede van die Letterkundige kommissie, later (vanaf 1992) die Lettekundekommissie, wat telkens vir 'n driejaar-periode aangestel word, verskyn op www.akademie.co.za. Die feit dat sekere skrywers wat betref sekere genres in sekere tydvakke uit die aard van die saak meer produktief is as ander, kompliseer natuurlik die uitkomste of moontlike toekennings. Daarvoor is strategieë ontwikkel om juis hierdie soort probleme te ondervang. Indien daar byvoorbeeld nie in 'n sekere jaar op 'n moontlike teks besluit kan word nie, word die volledige oeuvre van skrywers in ag geneem, maar slegs as daar ook van hul werk in die drie jaar verskyn het.

Pryse self het natuurlik ook meerdere of mindere status, voortvloeiend uit die gehalte van die instel, instandhouding en bestuur daarvan. Faktore soos die volgende speel 'n rol: veral die geskiedenis daarvan is belangrik; "ou" prysie het groter prestige; intrinsiek literêre prysie – nie dié wat in diens staan van besighede nie, dra meer gewig; die doelwitte van die instelling wat toekennings daarstel en/of borg; die aard van die reglement en beoordelingskriteria; die keuse van beoordelaars/samestelling van beoordelingspanele; die beoordelingsprosedure; die prosedure rondom die bekendmaking van wenners; die (geld)waarde van die toekenning; mediablootstelling en reklame, insluitend die bekroningsgeleenheid; die impak van die toekenning op die mark (ook op institutionele aankope) en die kanoniserende invloed van die toekenning op die langer termyn (kyk ook Galloway 2014). Vir die Hertzogprys word gepubliseerde werk oorweeg met geen voorkeure wat betref sekere uitgewers nie. Lede van die Letterkundekommisie kry ook geen finansiële voordeel uit bekronings nie. Hierdie intrinsieke onafhanklikheid skep die vertroue dat toekennings objektief is en koppel 'n sterk kanoniserende waarde aan die Hertzogprys (kyk ook Smuts 2005:3). In hierdie verband sou 'n mens tog egter 'n vraag kon opper of Elize Botha (destydse voorsitter van die Letterkundekommisie) se status as lid van die Letterkundekommisie enigsins in die gedrang gekom het, omdat sy toe ook lid was van die direksie van Naspers. Tans is dit die voorwaarde dat lede van die Letterkundekommisie wie se werk ingeskryf is vir enige letterkunde prys, hulle moet onttrek van die Letterkundekommisie se vergadering van daardie betrokke jaar.

Om te kan besin oor die Hertzogprys vir drama is dit belangrik om 'n oorsig te kry van die toekennings gemaak, maar belangriker, 'n blik op die nietoekenningsjare te werp. Tot en met 2016 is die Hertzogprys 28 keer toegeken vir poësie, 33 keer vir prosa en net 20 keer vir drama. Van die drie hoofgenres trek die drama hier duidelik aan die kortste ent. Die aantal jare waarin daar geen drama-toekennings gemaak is nie, beloop 9, vir prosa is daar slegs in 2 jare nie 'n toekenning gemaak nie en vir poësie, 'n totaal van 3 jare. Die oorwig lê dus weer by drama. Wanneer daar gekyk word na die jare waarin geen dramatoekennings gemaak is nie, word belangrike problematiek na vore gebring, wat deurgaans 'n noemenswaardige rol blyk te speel in die bekroningsproses van die Hertzogprys vir drama.

1929 – Van Melle se *Bart Nel*, verdien om vermeld te word in die tydperk vanaf 1927–1929, maar aangesien dit net in romanvorm gepubliseer is, en die drama as treurspel slegs in manuskripvorm voorgelê is, het dit nooit gekwalifiseer vir die toekenning nie (Nienaber 1965:58,109).

Die feit dat min dramas uiteindelik in gepubliseerde formaat verskyn, blyk alreeds problematies te wees in die twintigerjare.

1932 – Reeds in 1932 toon P.C. Schoonees noemenswaardige insig in sy minderheidsverslag, deurdat hy die drama as 'n eiesoortige genre beskou wat met groter omsigtigheid beoordeel behoort te word: "Dis eintlik onbillik om 'n oordeel uit te spreek oor toneelstukke waarvan 'n mens die opvoering nie self gesien het nie. 'n Stuk, wat as 'leesdrama' weinig indruk maak, kan 'n groot sukses op die planke wees en omgekeerd." (LK 1/1: 29 September 1932 – Carstens, 2009:142). 'n Tweede teks wat moontlik in hierdie tydperk meer erkenning kon kry, is J.C.B. van Niekerk se *Van Riet van Rietfontein*. Weer tref Schoonees in sy minderheidsverslag pertinent die onderskeid tussen 'n dramateks en die opvoering daarvan. Hy beklemtoon dat sy oordeel berus op die leesteks, en nie op die toneelwaarde van die stuk nie. Daarom brei hy ook nie uit oor die tegniese aspekte van die werke nie. Die onderskeid tussen leesdrama en toneelstuk blyk duidelik problematies te wees en die niebekroning in 1932 is dus grootliks te wyte aan die feit dat daar in werklikheid nie verreken kon word wat die "drama" werklik is nie.

1938 – In hierdie tydperk tree verdere problematiese gegewens omtreent die drama-genre na vore wat betref die afbakening van die genre. Nie alleenlik is die onderskeid tussen leesteks en speelteks steeds problematies nie, daar is ook onduidelikheid wat betref die onderskeid tussen werklike versdrama en die lang gedig. Sprekend is die geval van die koorspel, *Die Dieper Reg van Van Wyk Louw*. D.F. Malherbe as sameroeper van die Letterkundige kommissie skryf in sy verslag:

Aandag, vir hierdie doel, verdien alleen *Die Dieper Reg* van Van Wyk Louw. Dis 'n koorspel, maar die Kommissie was van mening dat die eise wat aan so 'n koorspel gestel kan word so verskillend is van dié wat vir die gewone drama geld, dat hierdie 'gedig' nouliks as volledige drama beskou kan word en dus buite beschouing vir die Hertzogprys vir drama val". (Carstens 2009:183)

Van Schoor opper ook sy voorbehoud rakende *Die Dieper Reg*:

Of *Die Dieper Reg* egter in die streng afgebakende gebied van die drama ingedeel sal word, skyn egter geen uitgemaakte saak te wees nie. Tot dusver is die kritici glad nie eenstemmig of dit wel onder die hoof drama beoordeel moet word nie. (Van Schoor 1938:111)

F.E.J. Malherbe, sameroeper van die Letterkundige Kommissie, het *Die dieper reg* in die September 1938-uitgawe van *Ons eie boek* bespreek as 'n gedig oor die Voortrekkers, as deel van Louw se poësie-oeuvre, en beskou as 'n "suiwer voortsetting van sy vorige digkuns" as "moderne digter" (Malherbe 1938:165, 167). 'n Lid van die Breë Kommissie, F.C.L. Bosman, sien die werk nie as "'n beeldende drama" nie, maar as "'n wysgerige gedig" (Bosman 1941:174). Van Rensburg (1975:167) is selfs jare later van mening dat die teks eerder as 'n drama beskou moet word. Die onduidelikheid daaromdat het veroorsaak dat daar uiteindelik geen toekenning in daardie jaar gemaak is nie.

1941 – Die tydperk word gekenmerk deur die groot aantal historiese stukke asook sterk politieke invloede wat grootliks die toekenning van die Hertzogprys sou beïnvloed. Twee van Uys Krige se dramas wat ernstige oorweging geniet, is *Magdalena Retief* en *Die Wit Muur* (bestaande uit drie eenbedrywe), beide historiese tekste.

Teen 1941, toe besluit moes word oor die Hertzogprys vir Drama, was daar verskillende politieke groeperinge in die geledere van Afrikaanssprekendes, onder andere die meerderheid wat die neutraliteitspolitiek van Malan en Hertzog/Havenga ondersteun het, en sommige wat hulle geskaar het by die regeerende Verenigde Party. Vrae het begin ontstaan oor die Akademie se politieke neutraliteit weens sy "vriendskaplike betrekkinge" (SAATLK 1931: 5) met die FAK wat op daardie stadium die steun gehad het van Malan se HNP.

Benewens verbintenisse tussen verskillende kultuurorganisasies en politieke partye, het ook die Afrikaanse koerante 'n partypolitieke rol gespeel. *Die Suiderstem* en *Die Volkstem* het in berigte van onderskeidelik 30 Desember 1941 en 19 Januarie 1942 kritiek uitgespreek teen die versium om Krige met die Hertzogprys te bekroon. Die Akademie is daarvan beskuldig dat hulle Krige nie as 'n "praktiese Afrikaner" beskou nie. Die beswaar is geopper dat Uys Krige se dramas wat deur die Letterkundige Kommissie aanbeveel is, weens politieke redes nie bekroon is nie (Carstens 2009:206). Uys moes 44 jaar wag vir sy regmatige toekenning van die Hertzogprys vir drama. Carstens (2009) wys op talle plekke op Krige se negering deur die Akademie en skryf:

Dit is opmerklik dat oor 'n bekroningsperiode van dertig jaar (1929–1959) die naam van Uys Krige as wenner ontbreek – dit terwyl hy gedurende hierdie periode al die dramas geskryf het waarna spesifiek verwys is toe hy in 1985 die Hertzogprys vir sy hele drama-oeuvre ontvang het. (Carstens 2009: 325)

'n Politieke magspel met die daaropvolgende polemiek oor voortspruitende bekronings, al dan nie, sou nie net beskore wees vir die drama-bekronings nie, maar behoort volledigheids-halwe ook genoem te word as rede vir omstredenheid.

1948 – Gedurende hierdie tydperk kom die vraagstuk van vertaalde werk aan bod. Sou vertaalde werke onder die bepaling van die Hertzogprys val, sou J.P.J. van Rensburg se *Vroue van Troje* oorweeg word.

In hierdie jaar is Uys Krige weereens met 'n hele aantal dramas oor die hoof gesien. Beide Beukes en De Klerk ontvang wel in 1952 die Hertzogprys vir drama terwyl Van Coller (2010:491) duidelik reken dat

... die mees verdienstelike kandidaat in 1952 was sonder enige twyfel Uys Krige wat in daardie stadium in 1941 reeds vir die Hertzogprys oorweeg is, in 1944 die knie moes buig voor Leipoldt en in 1948 weer in aanmerking kon kom.

Daar moet toegegee word dat die probleemdramas van De Klerk nie net steeds van sy beste werk is nie, maar selfs meer as beduidend binne die totale Afrikaanse dramaliteratuur. Boonop was dit die wegbereider vir die latere politieke dramas van Bartho Smit, Pieter Fourie én die probleemdramas van P.G. du Plessis en Pieter Fourie. Beukes se eenbedrywe en komedies was weer in hoë mate voorbereiding vir die talle eenakters wat later tydens Kampus Toneel en die SANLAM-dramakompetisie oorheersend sou raak. Sy blyspele (eerder klugte) was baanbrekend wat betref die klugtige tradisie in Afrikaans wat veral met die televisie-era in belangrikheid toegeneem het. Binne die kontekstuele paradigma is albei se werk belangriker as wat destyds binne 'n intrinsieke paradigma geoordeel is. (Van Coller 2010:491)

Ten spyte hiervan word geen toekenning in 1948 gemaak nie. Dit wil voorkom asof 1948 ook sy kwota onduidelikhede oplewer rakende die intrinsieke waarde van die verskillende vorme waaruit die drama-genre bestaan.

1963 – *Putsonderwater* kan seker gereken word as een van die eerste Afrikaanse dramas wat suksesvol eksperimenteer met die teaterkonvensie, die Teater van die Absurde. Dit blyk 'n uiters verdienstelike drama te wees met sterk allegoriiese elemente, 'n hegte struktuur en werkbare simboliek, maar word deur F.C.L. Bosman (sameroeper) en Elize Botha afgekeur. Bosman sou eers jare later *Putsonderwater* beskryf as: "die 'ontmaskering' van 'n Suid-Afrikaanse gemeenskap", en dit hoog aanslaan (Carstens 2009:353). Tydens die polemiek wat ontstaan het met die toekenning van die 1964 Hertzogprys vir Prosa aan Etienne Leroux vir *Sewe dae by die Silbersteins*, het sekere beswaarmakers en afvaardigings huis *Putsonderwater* ook genoem as "ongewenste literatuur" (Carstens 2009:35), dalk een van die redes waarom dit in 1963 met versigtigheid nie bekroon is nie. Weereens 'n jaar waarin polities-maatskaplike kwessies ten koste van die literêre gehalte die botoon voer.

1966 – In hierdie toekenningsjaar gebeur egter dit waaroor Stassen hom uitspreek in 2012: dat wanneer sogenoamde regstelling plaasvind omdat die keurkomitee foute begaan met bekronings "...dramas wat in die bepaalde toekenningstydperk verskyn, grootliks deur hierdie besluit benadeel word" (Stassen 2012). Uit 'n voorlopige aanbeveling deur T.T. Cloete, gedateer

14 Desember 1965, word dit duidelik watter rimpelingseffek regstellings kan hê:

In my aanbeveling beroep ek my op par. 7 van die Handleiding vir die Keurkomitee vir die Hertzogprys, waarvolgens ek graag aanbeveel dat die prys hierdie keer toegeken word aan Uys Krige. Voorlopig wil ek my aanbeveling so motiveer:

Krige het nog nooit die Hertzogprys gekry nie, nitemstaande hy sowel drama- as prosaskrywer is en verdienstelike digbundels uitgegee het. Van sy geslag is hy die enigste van die belangrike figure wat nog nooit bekroon is nie. Digters wat minder belangrik as hy is, het die prys al gekry, en ander skrywers wat miskien minder belangrik as hy is, het die prys al meer as een keer gekry.

Uiteindelik word daar egter geen toekenning gemaak nie.

1975 – Twee belangrike werke deur N.P. van Wyk Louw, *Die pluimsaad waai ver* (1972) en *Blomme vir die winter* (1974) kon nie in aanmerking kom nie aangesien Van Wyk Louw oorlede is twee jaar voor die termyn onder bespreking en geen toekenning word gemaak nie.

1988 – Werke wat vir die 1988-Dramaprys in aanmerking kon kom, en waarvan die dramaturge uiteindelik nooit die erkenning gekry het wat hulle reeds in 1988 verdien het nie, is waarskynlik onder andere: Reza de Wet met *Diepe grond* (1986), wat moes wag tot 1994 vir 'n bekroning van *Vrystaat Trilogie en Trits*; Pieter Fourie met *Ek, Anna van Wyk* (1986) wat moes wag vir 'n bekroning tot 2003 en Deon Opperman vir *Môre is 'n lang dag* en *Die teken* (1986) wat moes wag tot 2006 vir sy bekroning vir sy drama-oeuvre tot en met 2005. Geen toekenning is egter in 1988 gemaak nie (Carstens 2009:686).

Vanaf 1991 tot 2015 is daar wel elke keer binne die driejaar-siklus 'n dramatoekenning gemaak.

Die Hertzogprys het homself oor die jare gevestig as die belangrikste prestige-prys vir letterkunde in Afrikaans. Vir skrywers, uitgewers en letterkundiges sowel as ingeligte lesers van letterkunde, het die prys lank reeds sy status bereik as belangrike kanoniseringsmeganisme binne die Afrikaanse literêre sisteem. Soos in alle ander kulturele velde kompeteer skrywers, ook wat die Hertzogprys betref, duidelik vir 'n tipe sosiaal-kulturele posisie. "This competition gives rise to social structures, which, understood as a social topography, positions writers relative to each other according to the overall amount of capital available to them" (Bourdieu 1989; Müller 1985:164). Die besondere aard van die drama as genre problematiseer hierdie strewe na 'n sterker sosiale struktuur, ook binne die literêre veld by uitstek.

Buiten die problematiese sosiaal-kulturele posisie wat die drama-genre beklee, is daar vele ander aspekte wat hierdie problematiek vergroot, onder andere die spesifieke aard en vorm van die drama.

3. DIE PROBLEMATIESE GESKIEDENIS VAN DIE DRAMA-GENRE

Vir die problematiese situasie soos hierbo bespreek, moet uiteindelik 'n rede verskaf of 'n oplossing gevind word. Miskien sou 'n mens kon sê dat die grootste rede vir hierdie problematiek waarskynlik lê in die feit dat daar binne die groter literêre veld soms nie verreken word wat die drama in feite is nie. Dit is literêre teks, maar dit is ook speelteks en is ook afhanklik van publikasie. Wanneer daar gekyk word na die tendense in die Afrikaanse drama en teaterwêreld, vind 'n mens 'n unieke stel probleme wat betref die suksesvolle resepsie van die gepubliseerde drama. Die gepubliseerde Afrikaanse drama is om vele redes vir 'n hele aantal dekades al aan die krimp terwyl die groter grensverskuiwende "nuwe" drama-genre

tans lewendiger skyn te wees as ooit tevore – kyk maar na die groei in televisie-dramas en -reeks, rolprente, nuwe dramas op feeste, ens.

’n Politieke dinamika sowel as sosio-maatskaplike kontekste dra grootliks by tot die skep, bestaan en voortbestaan van die teaterbedryf as voedingsbron vir die gepubliseerde drama. Dit sou dus veilig wees om die aanname te maak dat die drama-genre dalk meer as die ander twee genres gekortwiek word deur die besondere politieke en sosio-maatskaplike landskap waarbinne dit bestaan: die teelaarde vir ’n suksesvolle en aktiewe drama-genre van gehalte, word bevestig deur ’n gesonde en aktiewe teaterbedryf, wat in Suid-Afrika en met die Afrikaanse teaterbedryf nie altyd die geval was en is nie. Van Coller en Van Jaarsveld (2006:73) bevestig ook hierdie uitgangspunt wanneer hulle beweer dat die begrip *Literére periodisering* altyd in verband met interne (literére) faktore maar ook buite-(politiek-maatskaplike) faktore staan. In hierdie verband word die kwyning van streeksrade ’n belangrike faktor. Hierdie polities-gedrewe sluiting van teaters aan die begin van die negentigerjare as gevolg van ’n gebrek aan befondsing, die opkoms van onafhanklike teaterhuise soos byvoorbeeld, die Teaterhuisie in Pretoria, Pieter-Dirk Uys se teater op Darling, Die Sterrewag in Bloemfontein en die Theatre on the Bay in Kampsbaai, die ATKV se tienertoneelkompetisie en Nasionale kunstefeste het ’n enorme invloed gehad op, nie net die teaterbedryf nie, maar ook die drama-genre tesame met sy korpus gepubliseerde tekste. Die drama is sedert die laat negentiger jare, met die ontbinding van streeksrade, gelaat met geen verdere institusionele beskerming nie. Gelukkig was daar nog nooit soveel kunstefeste as nou nie.

Voorts word die bestaan van die Afrikaanse drama-genre, teen die agtergrond van die belangrike en bepalende politieke en sosio-maatskaplike landskap, kortliks onder die loep geneem, in ’n poging om aan te duï watter enorme effek dit uitgeoefen het op die status en publikasie van dramas in Afrikaans.

Die eerste Afrikaanse dramas, onder andere klugte, tranerige melodramas en vaderlands-historiespele was van meet af aan ’n vorm van massatoneel en het sterk ooreenkoms vertoon met die sogenaamde “lekespele wat tussen die twee wêreldoorloë in Europa en Amerika, veral in aktivisties-politieke en religieuse kringe, ’n gewilde vorm van massatoneel geword het” (Antonissen 2016:132). Reeds van die beginjare van die Afrikaanse drama sien ’n mens reeds ’n beweging na gewilde sosio-maatskaplike tekste. Selfs in die twintigerjare van die twintigste eeu moes ’n toenemende ernstiger strewe na toneel steeds ’n stryd voer teen die voorkeure van, soos Antonissen dit noem “n oor die algemeen liefs op bloed, trane, sensasie en growwe komiek ingestelde publiek ... [wat soek na] burgerlike en sosiaal-realistiese dramas” (Antonissen 2016:134). In die veertigerjare met die pogings van die beroepstoneel om ’n enigsins finansiële bestaan te bewerkstellig, is die fokus van teater om die guns van die algemene publiek te wen. Gehalte kon nie anders as om hieronder te ly nie. Ontenseglik kan daar dus gesien word dat daar teen hierdie tyd nog maar ’n skraal oes was aan goeie gehalte tekste.

In die vyftigerjare vind daar wel ’n wending plaas in die drama-genre. Wat die dramaliteratuur betref word die monoloog, die hoorspel, meer digterlike dramas, soos dié van Uys Krige asook die klugspelkuns noemenswaardig uitgebrei. Dit word die voorloper vir die ontwikkeling op dramagebied in die sestigerjare. Maar ten spyte van ’n opbloei in die drama-vonds word dit weereens deur buitefaktore gekniehalter. Brink verwoord hierdie problematiek soos volg:

Die Afrikaanse drama vertoon in die tydvak 1967–1977 enkele tekens van lewe en vernuwing, onder meer in die verskyning van ’n hele paar nuwe dramaturge; maar die bedreiging van sensuur – wat ten opsigte van ’n openbare (en in hoofsaak staatgesubsidieerde) medium soos die teater ’n nog meer funeste rol speel as ten opsigte van die

literatuur – oefen ’n al meer inhiberende uitwerking op die drama uit. Dit bly die stiefkind van die Afrikaanse literatuur. (Brink 2016:152)

Steeds bly die stelsel van bogenoemde publikasiebeheer ’n groot rede vir die afname in publikasies van dramas in veral die sestiger- en sewentigerjare. Veral Pieter Fourie word blootgestel aan polities-georiënteerde weerstand terwyl hy seker die mees prominente dramaturg van die tagtigerjare is. Ander dramaturge wat die Afrikanergegewe op ’n histories en politiese vlak ontgin, loop deurgaans die gevaar om as gevolg daarvan met ’n groter versigtigheid voorgeskryf en gepubliseer te word (Odendaal 2016:225).

Die gepubliseerde Afrikaanse drama gaan vanaf 1976 verder gebuk onder die opkoms van die televisiemedium. Die televisie as medium moet trouens nooit onderskat word nie en is ook, soos reeds genoem, vanaf die sewentigerjare een van die vernaamste redes vir die afname in die publikasies van dramas (Van Coller & Van Jaarsveld 2006:71). Wat die invloed van die televisie betref, is die Suid-Afrikaanse situasie ook nie uniek nie. Odendaal noem in aansluiting hierby dat die TV-dramareeks of -serie ook in ander lande sy ooglopende gewildheid toon: “In Nederland het series in die sewentigerjare in so ’n mate gewilde kykstof geword dat dit die enkeldrama byna heeltemal verdring het” (Odendaal 2016:231). Dit blyk dat literatore soos Odendaal die TV-dramareeks of -serie nie as volwaardige dramas beskou nie en dat die enkeldrama eerder gesien word as die norm of standaard vorm. Die vraag sou waarskynlik gevra kon word of aflewerings van reekse (soos *Arende*) nie ook as “drama” beoordeel kan word nie? Moet drama nie dalk huis anders gedefinieer word nie?

Volgens Coetser het die vestiging van hibridiese teatervorme ook gelei tot verdere diversifikasie van beskouings oor die Afrikaanse drama. Hieronder ressorteer gemarginaliseerde Afrikaanse teatervorme soos byvoorbeeld die Afrikaanse Namibiese orale drama-tradisie en gemeenskapsdrama wat sterk beïnvloed word deur die Afrika-drama (Coetser 2016:235-237).

Teen die agtergrond van die demokratisering van die taallandskap het die Afrikaanse drama en teater vanaf ongeveer 2000 feitlik net een lewensboei oor en dit is die kunstefeste. Dit blyk egter nie die antwoord te wees nie, want volgens Galloway (2002:219-223) is die meeste Afrikaanse dramatekste wat by die KKNK opgevoer is, steeds nie gepubliseer nie. Hierdie verskynsel het volgens haar saamgeheng met die steeds afnemende vraag na gepubliseerde dramatekste vir die voorskryfmark en die algemene inkrimping van die Afrikaanse literêre boekbedryf. Ongepubliseerde dramatekste het net eenvoudig nie soveel krag as die gepubliseerde teks in die belangrike spel van kanonisering nie. En ’n genre wat homself nie sterk genoeg kan laat geld in die kanon nie, se voortbestaan is sonder twyfel in die weegskaal. Dit is duidelik uit voorafgaande dat die drama ongelukkig grootliks binne die gemeenskap geklassifiseer word as verbruikersproduk eerder as ’n kanoniseerbare literêre produk.

So het die SAG (Swart Afrikaanse Gemeenskapsteater) ook nie bygedra tot die uitbou van die drama-genre as gekanoniseerde genre nie (Coetser 2016:270). SAG-tekste is verder ook op beperkte skaal opgevoer (in gemeenskap- en kerksale) en die reikwydte was ook nie bevorderlik vir moontlike publikasie nie. Hierdie vorm van drama bring selde diepgaande of volhoubare vernuwing.

Die meeste dramas wat rondom 2000 gepubliseer is, word deur Fleishman (2001:98) beskou as klein narratiewe; ’n persepsie wat kanonisering ook vertroebel. Gelukkig is daar in hierdie tyd ’n oplewing van literêre drama-prysse wat publikasie tot ’n groot mate aanmoedig. Die oorkoepelende rasional agter die instelling van die Sanlam-prys in 2003–2009, was huis die bevordering van gepubliseerde vollengte dramas in Afrikaans, met prysgeld van ongeveer R250 000. Verder verdien die Nagtegaal-teksprys, later die Genugtig!-prys, ingestel in 2003 tot 2010 ook vermelding, met ’n totale prysgeld van ongeveer R200 000. Joho!-Uitgewers het

in 2008 'n versamelbundel Nagtegaal-tekspryswenners uitgegee. RSG se radiodrama-skryfkompetisie, ingestel in 1997 met prysgeld van ongeveer R37 000, bevorder by uitstek die publikasie van hoorspele.

'n Goeie voorbeeld van publikasie wat gespruit het uit literêre prysse is onder andere, S.D. Fourie, die 2008-pryswennner van Sanlam en Radiosondergrense se radiodrama-kompetisie vir gevestigde skrywers. Fourie se *Droomskip* (2009), is gepubliseer saam met vyf ander radiodramas in die bundel, *Droomskip en ander radiodramas* (Coetser 2016:283). Wat waarskynlik ook bygedra het tot die publikasie is weereens die feit dat die teks op die skolemark afgestem is. Tekste wat gepubliseer kan word met die versekering dat dit vir skole voorgeskryf word, is uiteraard 'n finansieel-gedreve waarborg vir enige uitgewer.

Bekende gepubliseerde dramaturge publiseer steeds na 2000, onder andere Pieter Fourie, Reza de Wet, Deon Opperman, George Weideman en P.G. du Plessis. Interessant genoeg is dat Marlene van Niekerk wat nie bekend is vir haar teaterwerk nie, se *Die Kortstondige raklewe van Anastasia W* (2010), deur Coetser bestempel as "in verskeie opsigte 'n uitsonderlike teks" (Coetser 2016:273), nooit deur 'n gevestigde uitgewery gepubliseer is nie, maar wel deur TEATERteater, 'n onafhanklike vervaardigingsmaatskappy in Stellenbosch. Dit ondersteun weereens die versigtigheid en voorbehou van uitgewers rakende onbekende name in die dramabedryf. Van Niekerk, seker een van die bekendste skrywers binne die Afrikaanse letterkunde, is relatief onbekend as dramaturg.

Vanaf 2005 is daar wel 'n nuwe inisiatief van LitNet om 'n groot aantal dramatekste of selfs net uittreksels uit dramatekste op die internet te publiseer op LitNet-spens. Ongelukkig is oorwegings wat met letterkundige kanonisering of uitgewerye se publikasievoordele te make het, nie deurslaggewend wanneer besluit word of 'n teks geplaas word, al dan nie. Volgens Coetser het daar al tot en met 2010 'n groot verskeidenheid dramatipes verskyn: nege radiodramas, negentien verhoogdramas, twee tienerdramas en een musiekblyspel. Die uiteindelike waarde van dié getalle is ongelukkig steeds bloot dat hulle 'n aanduiding gee van die aard en beskikbaarheid van dramatekste op die internet (Coetser 2016:281). Internetpublikasies verseker ongelukkig net nie dieselfde durende waarde as gepubliseerde dramas nie.

Die beskikbare gegewens rakende ongepubliseerde dramatekste in vergelyking met die korpus wat uiteindelik gepubliseer word, skets die daadwerklike dilemma waarbinne die drama-genre sigself bevind. 'n Goeie voorbeeld is die radiodrama: Alhoewel die SAUK se radio-argief oor 'n groot aantal hoorspele beskik, is daar 'n skrale oes aan gepubliseerde radiodramas. Volgens Keuris (2001/2002:1) is daar bykans 1 200 radiodramas uitgesaai tussen 1980 en 2000 terwyl daar maar net ongeveer 51 radiodramas vanaf 1960 gepubliseer is (In Coetser 2016:273).

Die eise wat gestel word aan dramaturge vir die blote voortbestaan in die bedryf, noodsak vandag veel meer entrepreneuriese denkrigtings. 'n Voorbeeld van 'n dramaturg wat hierdie klimaatsverandering met albei hande aangegryp het, is Deon Opperman. Opperman publiseer bekroonbare dramas, maar is ook teater praktisyń by uitstek; hy skryf musiekblyspiele, TV-dramas en -reeks en vervaardig lokettreffervideos. Ondanks Opperman se talle kommersiële suksesse was dit nooit nodig om in te boet op literêre kwaliteit nie. Daarvan getuig die Hertzogprys-toekenning aan hom in 2006 vir sy drama-œuvre tot en met 2005 en in 2009 vir sy drama *Kaburu*.

Wat hierdie veranderende blik op die drama as genre betref, het die Akademie reeds in 2014 ook nuut begin dink deur die bekendstelling van die Daleen Bekker-prys wat afwisselend vir beste TV-drama, dokumentêre program of rolprentdraaiboek in Afrikaans (dit moet gebeeldsend of vertoon wees) toegeken word.

Die besondere aard en vorm van die drama hou ook van meet af aan 'n bepaalde problematiek vir die gepubliseerde teks in aangesien die primêre eienskap daarvan is dat die gebeure eerstens op 'n sigbare wyse voorgestel moet word. Hierdie aanbiedingswyse bring daarom vir die drama-leesteks bepaalde beperkings mee (vgl. Levitt 1971; Elam 1980; Segre 1981). Die kernprobleem lê dus by die aanvanklike onderskeid tussen die twee begrippe, dramateks en opvoering. 'n Verdere problematiese gegewe is die uiteindelike leesteks, maar later meer hieroor. Wanneer dit kom by die beoordeling van 'n dramateks is daar vanuit die gekompliseerde aard van die drama as genre, legio aspekte wat in ag geneem moet word. Wanneer 'n literêre teks beoordeel word, word daar gewoonlik gefokus op 'n suwer literêre interpretasie en analise daarvan vanuit 'n literêr-teoretiese benadering. Die drama-genre verskil egter in wese van die prosa- en poësieteks juis as gevolg van die feit dat dit in wese geskryf word om opgevoer te word. Beckerman sê in dié verband:

Usually when we refer to drama, we mean the production of that script. This assumption is deeply ingrained in our thought. It pervades our entire system of education and criticism. One studies dramatic literature, and one studies theatre, and though there is a growing recognition of the interaction between the two, departmental organization, personal prejudice, and incorrect theory all conspire to reinforce the chasm between the drama and the ... theatre. (Beckerman 1967:29)

Volgens Jean Alter (1981) is daar by alle uitvoerende kunste 'n bepaalde dualisme wat betref teks en uitvoering. Dit is egter net wat die drama betref, dat die geskrewe teks wel tog 'n soort outonomie verkry het. Keuris (1992:83) beweer in navolging van Alter dat "die dramateks selfs in so 'n mate outonom geword het dat baie tekste net gelees word, terwyl die ondersoeker om verskeie redes nooit 'n opvoering daarvan te siene kry nie. Dit is as gevolg van hierdie verkreë outonomie van die dramateks dat ons ... ook 'n geïnstitutionaliseerde opvoedingssysteem verkry het wat bepaal dat hierdie teks op sigself bestudeer kan word". Hieruit word 'n verdere onderskeid getref, en wel tussen drama-teoretiese studie en teaterwetenskap. By enige beoordeling van 'n dramateks is daar dus twee dimensies van evaluering naamlik 'n teoretiese dimensie, maar ook 'n teaterwetenskaplike dimensie. Keuris beaam hierdie problematiek wanneer sy die dramateks en die skryfproses beskryf:

Die feit dat 'n persoon vir die verhoog skryf, bepaal die voorkoms van daardie teks, met ander woorde, die teks lyk soos wat hy lyk as gevolg van sy intensie om opgevoer te word. In so 'n lig gesien, sou 'n lineêre verhouding tussen die teks en die (uiteindelike) opvoering omgekeer kan word, met ander woorde, dat dit 'n opvoering is wat in der waarheid die teks beïnvloed en voorafgaan. (Keuris 1992:84)

Die problematiek van hierdie dualisme kry sonder twyfel nie genoeg aandag wanneer dit kom by die beoordeling van prysen nie. Die besondere dualiteit van twee afsonderlike vakwetenskappe wat gelykydig beoordeel moet word, is nie iets wat deur 'n literêre teoretikus alleen beoordeel kan word nie.

Alter (1981) beskou die drama as 'n unieke artistieke vorm. Dit bestaan as 'n besondere samestelling of konstruksie van literêre teks en teateropvoering. Die teks bestaan uit geskrewe tekens en werk hoofsaaklik met linguistiese, literêre en kulturele kodes. Die opvoering bestaan weer uit 'n netwerk van verskillende tekensisteme, waarbinne kostuums, dekor, beligting, byklanke, gebare, ens. bepalende elemente word tot moontlike kommunikasie en interpretasie van die teks (Schmid & Van Kesteren 1984:34-36). Alter se uitgebreide beskrywing van die verhouding tussen die dramateks en die opvoering as 'n drieledige proses is uiterwaardevol

vir die totale begrip van die werking van die dramateks. Hy verwys na die uiteindelike dramaproduk as drie tekste, *the literary text*, wat beoordeel en geïnterpreteer kan word as suiwer literêre werk, *the total text*, of “*the graphic notation of a performance*” wat die teatermatige lees van die literêre teks impliseer en *the staged text*, wat weer alle verbale tekens insluit tesame met aspekte soos teatermatige veranderinge aan die literêre teks (Alter 1982:113-117). Hierdie soort beoordeling word ’n transformasionele proses wat moeilik interpreteerbaar word vanuit slegs ’n literêre oogpunt.

Die Hertzogprys vir drama word, soos trouens in al die ander genres, slegs toegeken vir gepubliseerde dramas. Wanneer daar gepraat word van die gepubliseerde drama, is daar ook sprake van ’n ander eiesortige problematiek. Die sogenaamde *leesdrama* of soos dit ook genoem word deur Puchner (2002:60,100,182), “*closet drama (often derogatory)*”, is ’n spesifieke drama-vorm geskryf om uit die staanspoor gelees te word en nie noodwendig opgevoer te word nie. Sommige leesdramas soos dié van Van Wyk Louw en Opperman word ook leesdramas genoem, maar hulle is tog wel met groot sukses opgevoer. Die “*derogatory drama*” wil bloot bewys dat daar wel dramas geskryf word wat surwer as leesteks (as eiesortige vorm) kan bestaan. Om hierdie rede kan die leesdrama as addisionele vorm van die drama hoegenaamd nie ontken word nie. Dit kan ook nie op dieselfde manier beoordeel word as dramas wat wel met die oogmerk om opgevoer te word, beoordeel word nie. Wat die onderskeidende kenmerke van die leesdrama egter wollerig maak, is die talle beroemde dramas uit die klassieke tyd en ook van byvoorbeeld Eliot, wat in feite versdramas is, wat wel suksesvol opgevoer is.

Buiten die problematiese aard en vorm van die drama, dra die voorafbespreekte politieke en sosio-maatskaplike drama-landskap ook daartoe by dat die drama-genre dekade vir dekade gebuk gaan onder een of ander buitefaktor wat negatief inwerk op die finansiering van produksies, opvoermoontlikhede, voorskryfbaarheid van tekste en uiteindelik ook publikasie. Dit is alles faktore wat op indirekte wyse ’n invloed uitoefen op die toekenning van die Hertzogprys vir drama.

4. DIE DINAMIKA VAN LITERÊRE PRYSTOEKENNINGS

Die vraag wat in hierdie artikel gestel word, is of al hierdie eise deurgaans deur beoordelaars verreken word? Om die vraag te kan antwoord, moet daar eers ondersoek ingestel word na die aard van die prys asook die waarde van literêre sowel as kulturele kapitaal wanneer dit kom by die beoordeling van hierdie prys.

In Suid-Afrika is daar al ruim navorsing gedoen oor die bestaan en bedryf van, asook polemiese rondom, prys (bv. Smuts 2005; Venter 2006; Van Coller 2010; Kleyn 2013; Carstens 2009 en Bonthuys 2016). Daar bestaan verder ook verskillende teoretiese vertrekpunte vir die bestudering van die geskiedenis en werking van literêre (kultuur-)prys. Bourdieu (1993) ontwikkel in sy boek, *Field of Cultural Production*, ’n benadering tot die studie van literatuur deur ’n hele aantal bekende aspekte binne die literêre veld, kuns en kulturele kritiek in die laat twintigste eeu te inkorporeer, naamlik estetiese waarde en oordeel, die sosiale konteks binne kulturele praktyke, die rol van intellektuele en (in die geval van die literatuur) skrywers asook die literêre en artistieke vorme van outoriteit. Bourdieu noem dit die teorie van die *kulturele veld* wat die kunswerk, of dan die literêre teks, plaas binne ’n sosiale domein van skepping, verspreiding en resepsie. Verder ondersoek Bourdieu die institusionele rolspelers betrokke by die skep van die totale werk/teks. Nie alleenlik die skrywers en die kunstenaars nie, maar ook die uitgewers, kritici, verskaffers, handelaars, argivarisye en akademici. Hierdie strukture

binne die kulturele veld word verder geanaliseer wat betref hulle posisie binne die groter sosiale strukture van mag in die gemeenskap (Bourdieu 1993). Hierbinne onderskei hy dan tussen *ekonomiese* en *kulturele* kapitaal. Eersgenoemde verwys na kapitaal in terme van byvoorbeeld verkoopselfers, terwyl laasgenoemde verwys na erkenning wat nie aan die mark gekoppel is nie, byvoorbeeld resensies, erkenning deur ander skrywers, asook die ontvangs van kulturele toekennings. English (2008) brei op die teorie van Bourdieu uit deur 'n derde vorm van kapitaal by te voeg, naamlik *journalistieke* kapitaal wat sigbaarheid, roem of skandaal sou impliseer. Dit sou ook kon verwys na die bemarkbaarheid van toekennings en die wenners daarvan binne die groter strukture van die literêre veld. Hier sou die nuut-ingestelde Daleen Bekker-prys 'n belangrike rol speel, ook omdat dit nie afhanklik is van publikasie nie, maar die "teks" tog binne 'n literêre domein erkenning gee en so ekonomiese sowel as kulturele kapitaal tot stand bring.

Volgens English (2008:15) het die toekekening van kulturele prysse, ook literêre prysse, in die laaste dekades 'n belangrike klemverskuiwing ondergaan. Daar is 'n duidelike beweging na 'n "more genuine and far-reaching globalization than what has occurred in the economy of material goods". In sy boek, *The Economy of Prestige: Prizes, Awards, and the Circulation of Cultural Value* (2008), fokus hy op die kulturele prysse in sy huidige vorm en spreek hom uit oor die ekonomiese dimensies van kultuur, oor die reëls of logika van valuta in die mark en noem dit, soos Bourdieu, *kulturele kapitaal*.

Van Coller stel dit dat die toekekening van prysse en ander vorme van erkenning wat aan skrywers gemaak word,

... maniere (is) om literêre prestige toe te ken. Literêre prestige hou uiteraard verband met Bourdieu se opvatting van ook simboliese kapitaal. 'n Skrywer se prestige is onder andere afhanklik van die agting wat hy of sy van ander rolspelers binne die literêre veld geniet en van sy of haar 'posisie' binne die literêre veld. Hierdie posisie is weer afhanklik van verhoudings met institusies en agente, asook van karakteristieke en strategiese posisionering. (Van Coller 2010:485)

Bonthuys beklemtoon ook die belangrikheid van die kunsproduk se materiële maar ook simboliese waarde binne die maatskappy wanneer sy, in navolging van Bourdieu, beweer dat 'n kunsproduk, soos 'n literêre teks, se waarde nie slegs bepaal word deur materiële faktore nie, maar ook simboliese faktore. Volgens Bonthuys moet daar binne 'n literatuursosiologiese benadering nie net ondersoek ingestel word na die rol van die direkte produsent van die teks nie, maar na almal wat bydra tot die waarde van die teks (byvoorbeeld kritici, uitgewers, akademici, lesers, boekwinkels, biblioteke en jurielede). Die teks word as't ware 'n manifestasie van die hele veld waarbinne dit geskep word (Bonthuys 2016:21). Galloway (2014), redakteur van LitNet Akademies, is weer van mening dat literêre toekennings onder andere aan skrywers simboliese erkenning vir voortreflike en/of grensverskuiwende werk verskaf; dit moedig hulle aan en dit ondersteun die vooruitgang van hul skrywerskap; dit bied ook (broodnodige) finansiële steun aan pryswenners (deur prysgeld en/of verhoogde verkope). Pryses hou ook sterk simboliese kapitaal in vir uitgewereye – dit bou die prestige uit van die firmas wat pryswennnerboeke produseer, asook die statuur van hulle fiksieleyste. Vir die mark (lesers en kopers van boeke) dien prysse as rigtingwyser na gehalte. Vir die borge van toekennings dra dit bemarkingswaarde via mediablootstelling. Vir die "professionele smaakkakers" (kritici) is prysse 'n literêre barometer, en vir die literatuurgeskiedenis dien prysse as kanoniseringsmiddel. Galloway haal ook Squires (2013) in dié verband aan:

The literary prize environment is one that continues to provoke debate. At the heart of any literary award are issues of literary value, taste and judgment, of representation and gatekeeping, and the uneasy equations of artistic and commercial value. (Galloway 2014:1)

Gegewe die voorafgaande, sou 'n mens dus sonder twyfel kon sê dat skrywers en die werk wat hulle lewer, die produk word van literêre oordeel en evaluasie op grond van onder andere moontlike prys wat aan hulle toegeken word. Wanneer dit gaan oor 'n bepaalde waardeoordeel, geld die volgende uitspraak van Van Coller en Human-Nel eweneens:

.... die literêre kanon [kan] bestempel word as 'n versameling tekste wat deur 'n bepaalde gemeenskap (of die literêre hekwagters daarbinne) op 'n spesifieke tydstip beskou word as waardevol, en werd om bewaar te word ... die literêre kanon reflekteer gewoonlik die helearsenaal waardes van die heersende klasse én die leidinggewende figure in die literêre veld. (Van Coller & Human-Nel 2016:4)

Die toekenning van literêre prysen en die gepaardgaande prestige daarvan verbonde, kan, in die woorde van Van Coller en Human-Nel (2016:5) soos volg gestel word:

... die noodwendige in-of uitsluiting by die kanon, is afhanklik van hoe hulle deur belangrike rolspelers in die literêre veld geag word ... Die lotgevalle van 'n skrywer word in 'n groot mate bepaal deur sy of haar strategiese posisionering ten opsigte van die mekanismes wat op 'n bepaalde tydvak by die samestelling van die literêre kanon aan die werk is. Die kanon se 'verhouding tot sosiale beheer en mag tot kulturele produksie en reproduksie' (Willemse 1999:3) word regstreeks in verband gebring met die in- of uitsluiting van sekere tekste/skrywers van wat op 'n sekere tydstip as die literêre kanon beskou is. Die problematiek rondom die toekenning van die Hertzogprys vir drama en die gepaardgaande status, al dan nie, van die drama-genre word deur bogenoemde duidelik aan bod gebring.

Hoe minder toekennings gemaak word, hoe minder is die kans op kanonisering en daarom ook die kans op groter status van die genre as geheel. Hierdie swak posisie van die drama-genre is nie noodwendig toe te skryf aan swak tekste nie, maar waarskynlik bloot omdat dit ander poëtikale sienings asook "ander waarde-opvattinge", om Willemse se term te gebruik, veronderstel as dié wat die agente/hekwagters van die bepaalde tyd gehad het. Hierdie situasie is uiteindelik die resultaat van Bourdieu se "veldteorie".

5. BOURDIEU SE "VELDTEORIE" – SOSIALE KAPITAAL, EKONOMIESE KAPITAAL, KULTURELE KAPITAAL

In sy bekende veldteorie ("Field theory") is *veld* een van die kernbegrippe wat gebruik word deur die Franse sosiale wetenskaplike Pierre Bourdieu. 'n Veld is 'n "omgewing" waarin agente bepaalde sosiale posisies beklee. Die posisie van elke spesifieke agent in die veld, is 'n gevolg van die interaksie tussen die spesifieke reëls van die veld en die sosiale, ekonomiese en kulturele kapitaal wat aan daardie agent gekoppel kan word. Elke veld het dan sy eie stel reëls en gebruiken. Agente of individue tree dus op binne die betrokke veld om hul posisie binne die veld te bevestig. Die spesifieke posisie wat 'n agent beklee, is verder ook afhanklik van die agent se kapitaal, en vir hierdie artikel is die verskillende vorms van kapitaal belangrik. Daar bestaan *sosiale*, *ekonomiese*, *kulturele* sowel as *simboliese* kapitaal. Later meer hieroor.

Die veldteorie beskryf dus 'n stelsel van sosiale posisies (byvoorbeeld, die Afrikaanse literêre sisteem as veld) intern gestruktureer in terme van magsverhoudings (soos die mag wat

byvoorbeeld verskil tussen literatore en joernaliste). Meer spesifieker is 'n veld 'n sosiale arena waarbinne die mag spel van voorafgenoemde vorme van *kapitaal* hul voltrek. Verskillende velde kan óf outonomus óf onderling verwant aan mekaar wees (byvoorbeeld, in die literêre sisteem is kanoniseringsagentes gewoonlik nou verwant aan mekaar soos byvoorbeeld akademici wat prys teken, redakteurs wat skrywers opneem in bloemlesings of versamelde werke, resensente wat op 'n gegewe tydstip baie te skryf het oor 'n sekere skrywer, tekste wat op 'n bepaalde tydstip uitgelig word deur die media, ens.) (Bourdieu 1984).

Volgens die reëls van die gemeenskap, ontwikkel dinamiese aktiwiteit en kompetisie in bepaalde velde, wat werk soos 'n mark waarin persone kompeteer vir die spesifieke voordele wat verband hou daarmee. Hierdie kompetisie definieer uiteindelik die verhoudings tussen die deelnemers deur faktore soos die mate van kapitaal wat hulle dra, maar ook hul vermoë om aan te pas by die reëls wat inherent aan daardie veld is. Kapitaal is daarom 'n belangrike konsep om mee rekening te hou. Verskillende vorms van kapitaal werk dus gedurig op mekaar in om te bepaal watter een of meer die bepalendste sou wees in die vorming van die spesifieke veld op 'n spesifieke tydstip (Hilgers & Mangez 2014:124).

Om die konsep van kapitaal te begryp, word na die volgende vorme daarvan verwys:

Die *sosiale kapitaal* behels sosiale netwerke en verhoudings tussen agente. Dit sluit in besigheidsverhoudings maar ook soms persoonlike verhoudings, dus formele en informele netwerke.

Economiese kapitaal sluit alle finansiële en materiële winste in.

Kulturele kapitaal veronderstel die kulturele kennis en bevoegdhede wat 'n bepaalde agent oor 'n tydperk opgebou het en oor beskik. Hier gaan dit ook oor voorkeure wat smaak betref. Kritici speel hier 'n belangrike rol as "professionele smaakkakers" soos Galloway (2014:2) dit noem. Op 'n bepaalde manier stel kritici, deur hul kommentaar, 'n bepaalde waardestel of literêre styl of dan smaak voor. Literêre smaak word dan uiteindelik ook bepaal deur prys wat aan werke toegeken word.

Die *simboliese kapitaal* het in werklikheid te make met al die reeds genoemde vorms van kapitaal en word uiteindelik voltrek binne die kontekste van prestige en reputasie (Bourdieu 2016:75).

Elkeen van hierdie vorme van kapitaal vorm duidelik die boustene van 'n betrokke veld. In hierdie geval die literêre veld. Die drama as subgenre binne die literêre veld word voorts geëvalueer teen die agtergrond van hierdie vorme van kapitaal om aan te toon hoe die resensie van die betrokke genre die toekenning van die Hertzogprys vir drama beïnvloed het.

6. 'N BLIK OP DIE JONGSTE BEKRONING VAN DIE HERTZOGPRYS – TERTIUS KAPP: *ROOILAND EN OORSEE* AS GEVALLESTUDIE TEEN DIE AGTERGROND VAN VOORTGAANDE PROBLEMATIEK

Kapp is een van die jongste Afrikaanse dramaturge. Hy is ook regisseur en draaiboekskrywer. Saam met Neels van Jaarsveld en Vicky Davids is hy stigter van die teatergroep *Tart 'n Koggelproduksie*. Sy dramas word gereeld by kunstfeeste opgevoer. Kapp is 'n veelsydige kunstenaar wat nie net skryf nie, maar ook self toneelspel. Hy vervaardig produksies soos onder andere, sy eie dramas, *Terre 'Blanche*, *Harmse*, *Al doberend*, die drama *Sielsiek*, in samewerking met Willem Anker en Willem Anker se *Skroothonde*. Hy speel dan ook self die hoofrol in *Terre 'Blanche*. Sy televisie-werk sluit onder andere die dokumentêre film *Johnny en die Maaiers*, waarin die musiekbedryf oor die afgelope veertig jaar in Suid-Afrika onder die loep geneem word, in. Hierdie veelsydige dramaturg skryf verder ook 'n radiodrama, *Die Flambojante L*;

'n Afrikaanse opera, *Poskantoor* (2014), waarvan hy die libretto skryf en Braam du Toit die musiek komponeer; 'n dramateks, *Iemand anders*, wat tot kortfilm verwerk word; die draaiboek vir die verfilming van Anchien Troskie se romans, *Dis ek, Anna* en die vervolg daarop, *Die staat teen Anna Bruwer*; 'n verhoogverwerking van Wilma Stockenström se roman *Die kremetart-ekspedisie* asook vertalings van onder andere die Franse dramaturg Bernard-Marie Koltés se drama, *Buite blaf die honde swart*. Sy plek in die Afrikaanse literêre veld herinner aan dié van Hugo Claus, die alombekende Vlaamse dramaturg wat eweneens 'n veelsydige skrywer en kunstenaar was: dramaturg, draaiboekskrywer, rolprentregisseur (en ook digter, romanskrywer, skilder en beeldende kunstenaar).

Kapp het met sy skryfwerk tot op hede 'n geweldige hoeveelheid kulturele en simboliese kapitaal opgebou as die nominasies en prystoekennings wat hy ontvang het in ag geneem word. Met sy fokus op draaiboekte en filmproduksies genereer hy natuurlik ook 'n bepaalde hoeveelheid ekonomiese kapitaal. Sy opera, *Poskantoor*, debuteer in 2014 by Aardklop in Potchefstroom en wen die Clover Soveel Beter-prys vir die beste algehele aanbieding. Dit word daarna benoem vir sewe Fiësta-toekennings. Die kortfilm, *Iemand anders*, word onder ander by die 2015 Silwerskermfees vertoon. *Dis ek, Anna*, word op verskeie internasionale rolprentfeeste vertoon, onder ander in Edinburg in Skotland, Londen, Amsterdam en Palm Springs in die Verenigde State. Hierdie rolprent is die wenner van die beste rolprent-toekenning by die 2015 Silwerskermfees. In 2016 word dit bekroon met ses Safta-toekennings, onder ander vir beste vol lengte rolprent, die eerste keer dat 'n Afrikaanse rolprent hierdie prestasie behaal.

Voorts word die twee dramas *Rooiland* en *Oorsee* van nader belang in 'n poging om te probeer vasstel tot watter mate die toepassing van die elemente van Bourdieu se veldteorie bygedra het tot die bekroning van die dramas. Die problematiek rondom die dualistiese aard van die drama – as literêre leesteks maar ook speeltexs, kom ook hier aan bod. Die sukses, al dan nie, van die werk tesame met die rol van die werk binne spesifieke literêr-sosiale kontekste word duidelik in hierdie bespreking beklemtoon. Deur dit telkens te vergelyk met ander bekroonde dramaturge bevestig dit die legitimiteit van die bepaalde bekroning en bevestig dit selfdertyd die nodige fokus in die beoordelingsproses in die geval van die dramagenre.

Die drama *Rooiland* word vir die eerste keer in 2011 by die Aardklop Kunstfees op Potchefstroom vertoon en wen die Anglo Gold Ashanti Aardklop-Smeltkroesprys vir die beste nuwe teks. By die KKNK van 2012 word dit vir vier kategorieë benoem, insluitend beste teater-aanbieding. In dieselfde jaar word dit benoem vir ses Fiësta-toekennings, waarvan dit vier verower, insluitend beste regie, beste akteur en beste nuut geskepte Afrikaanse aanbieding. Kapp verower hiervoor ook 'n Fiësta-toekenning as die beste opkomende kunstenaar. Hierbenewens word die drama in 2014 met vyf Fleur du Cap-teaterpryse bekroon. Met die blootstelling wat Kapp reeds met voorafgaande verwerf het, slaag hy duidelik daarin om genoegsame ekonomiese, kulturele, sowel as simboliese kapitaal op te bou om sonder twyfel sy posisie binne die groter sosiale strukture van mag in die literêre gemeenskap te laat geld.

Rooiland plaas die kollig op bendestrukture in Suid-Afrikaanse tronke. Die titel verwys na die gesteelde bees van 'n wit boer wat deel geword het van die tronkmitologie, met *Rooiland*, die bees waarvan die vel gebruik is om die bendes se wette op te skryf. Vier gevangenes bevind hulle in die ingekrimpte ruimte en beklemming van 'n tronksel en hulle verteenwoordig 'n mikrokosmos van taal, kultuur en ouderdom. Die bendelid, Adidas, probeer die nuwe gevangene, Frans, deur intimidasie te werf vir die bende die 27's. In die sel is ook die wedergebore Christen, Chris en Pastoor, 'n tronkveteraan, wat as jongman reeds opgesluit is en na 'n tyd in die dodesel nou 'n leiersfiguur in die tronk is. Daar loop 'n sterk spanningslyn deur die stuk ten spyte van die fragmentariese struktuur, tot by die bloedige einde.

Die teks is aanvanklik geskryf as deel van die Aardklop-teksontwikkelingsprogram. Na grondige kritiek op die eerste weergawe het Kapp 'n herskrewe teks voltooi waarin slegs die name van die karakters dieselfde gebly het. Dit is duidelik dat Kapp in sy hantering van die tronkscenario en verwysings in die teks, die tronkmitologie asook tronk- en misdaadkultuur van onder andere Jonny Steinberg, Charles van Onselen, Nicolas Haysom en KDP Makhudu deeglik bestudeer het om dit slim met die teks te integreer. Die narratief, met sterk simboliese waarde, bly deurgaans onderhouwend. Noemenswaardig is die speelbaarheid of opvoerbaarheid van die teks. Kapp wil onder andere met *Rooiland* demonstreer dat eenvoudige speelbaarheid van 'n teks versoenbaar is met sterk literêre kwaliteite.

Dit is in hierdie uiters speelbare drama wat 'n mens die raakpunte begin vind met die dramas van P.G. du Plessis. Vergelyk byvoorbeeld ook Du Plessis se debuutdrama, *Die nag van Legio* (1969) en selfs *Plaston DNS-kind* (1973). Die titel in *Die nag van Legio* verwys na die duivelbesetene van Gadara in Lukas 8:30, terwyl die nag en daarom ook die duisternis die bose impliseer. Hierdie drama ontspring die verhoog ewe slim as Kapp met *Rooiland* in die ontstellende blik op die bose se alomteenwoordigheid. Beide tekste tree in gesprek met universele relevante temas en die waarde lê huis in die egg van bekende tydlose kwessies – die soeke na 'n tuiste, mag en intimidasie, in 'n ruimte wat wreed en ongenaakbaar uitgebeeld word. Die eeu-eue soeke na identiteit en die spanning tussen die karakters in die groep in 'n poging om die ware individu te vind, asook die onderwerping van die individu staan voorop in beide dramas. *Die nag van Legio* ontvang ook in 1972 die Hertzogprys vir drama (saam met *Siener in die Suburbs*). Die universele worsteling van die enkeling in die gemeenskap herhaal hom deurgaans in die werk van Kapp en Du Plessis. Van Coller (2015:727) skryf oor *Die nag van Legio*: (dit) "is (ook) 'n maklik opvoerbare drama met 'n eenvoudige, maar effektiwe dekor en geen kunsgrepe nie... (die stuk het 'n) wye toepasbaarheid". Die konflik in beide tekste word universeel beeld van ons moderne wêrld wat so vasgevang is in wrede aktualiteit dat die onderskeid tussen goed en kwaad nie meer moontlik is nie. Huis hierin lê die krag van genoemde tekste: Dit bly altyd aktueel en maatskaplik relevant en is eenvoudig genoeg om die simboliek daarin die nodige trefkrag te gee. Maar bo alles is *Rooiland*, soos *Die nag van Legio*, 'n uiters speelbare drama en daarin lê waarskynlik die krag van die teks.

Oorsee, 'n satiriese apokaliptiese verhaal, debuteer in 2013 by Aardklop. Vyf uiteenlopende karakters wat elkeen 'n argetipiese karakter binne die disfunksionele mikrokosmos van eietydse Suid-Afrika verteenwoordig, dryf rond op 'n skuit, op pad na 'n beloofde land in die noorde. Die vaarders is reeds dertien jaar op reis. Die Asem het aan hulle 'n beloofde land gegee, maar hulle het afgedwaal van sy wette en verordeninge. Dit is egter hulle taak om die kennis en geskrifte van die volk te bewaar – die kanon of heilige geskrifte soos *Germanicus* en werke van D.J. Opperman en Adam Small. In hulle oorlewingstryd word daar ingegaan op die verstregelde verhale van hulle herkoms en hulle beplanning vir die toekoms. Die Bybelse uittog na die Beloofde Land en die Groot Trek dien onder andere as metatekste vir hierdie drama, terwyl die paradysverhaal in die epiloog herskep word. Die karakters word in *Oorsee* ook universele verteenwoordigers van 'n swerwende volk in 'n ander/vreemde land. Die surrealiste gegewe word sinvol aangewend om die gehoor te lei tot 'n ondersoek na eie identiteit. Hierdie satiriese drama vra ernstige vrae oor nasionalisme, eksklusiwiteit en die vasklou aan die eie en bekende binne 'n vinnig veranderende omgewing.

Dit is 'n verhaal van twee gesinne, die Waterbroers en die Verfkanne. Weereens is die struktuur van die teks eenvoudig. Die karakters verteenwoordig elkeen 'n definitiewe argetipe binne die Afrikanervolk en parodieer dit deurgaans. Mossie speel in op die Griekwaleier Andries Waterboer, en die ontnugterde volksvader wat alle vertroue in "die Asem" verloor

het. Jos Verfkan glo weer met alles wat hy is, aan die woord en belofte van "die Asem" maar is uiteindelik die een wat swig onder sy begeertes met sy swakheid van gees. Eeufeesia Verfkan is simbool van die volksmoeder en van vroulikheid en die jongmense op die skip is duidelik tekenend van die jongmens van vandag. Die hoop en verlossing, en voortbestaan van die uitverkore volk, vir die drenkelinge wat al vir 'n lang tydperk op die see vasgevang is, is die twee karakters, Abrie Verfkan en Canola Waterboer. Ongelukkig is hulle maar net simbool van 'n uiteindelik wanhopige Afrikanerjeg.

Ooreenkomste is weer te vind in huis die tematiek in *Oorsee* van Kapp en *Plaston DNS-kind* van P.G. du Plessis. Soos wat die herhaalde motief van enkeling/gemeenskap in die werk van Du Plessis in *Plaston DNS-kind* vergestalt word, vind 'n mens in *Oorsee* ook die duidelike uitbeelding van die Afrikaner as 'n soort enkeling teenoor die groter wêreld daarbuite, ofte wel Europa. *Plaston DNS-kind* vertel die verhaal van die eksperimente van wetenskaplikes om hul eie mense kunsmatig voort te bring en dan in die samelewning te integreer. Wanneer Plaston op die dorpie Aardental aankom, ontmoet hy ook die deursnit van die samelewing in tipiese allegoriiese karakters soos byvoorbeeld die predikant Genopen ('n samevoeging van Genesis en Openbaring). Plaston het 'n diep begeerte om mens te word, maar word uiteindelik ter dood veroordeel. So ook smag die drenkelinge om uiteindelik noordwaarts te seil na die beloofde land van "melk en heuning". Beide dramas is sterk allegoriiese verhale met 'n eenvoudige struktuur. Die kompleksiteit lê huis in die verhouding tussen karakters en die ontsluiting van die parodieë. Kapp, soos Du Plessis, vra deurgaans belangrike indirekte vrae aan die gehoor oor bestaan, tradisie, kultuur en identiteit – temas wat hierdie dramas tydlose waarde gee. Kapp bevestig met *Oorsee* weereens dat 'n sterk literêre teks ook versoenbaar is met 'n relatief maklik speelbare teks.

In 2013 is *Oorsee* op die kortlyst vir die toekenning van die ATKV se prys vir 'n dramateks en dit wen die AngloGold Ashanti Aardklop-Smeltkroesprys as beste nuwe Afrikaanse teks wat by Aardklop debuteer. In dieselfde jaar is die drama ook op die kortlyst vir die toekenning van die Universiteit van Johannesburg-prys. *Oorsee* slaag soos *Rooiland* daarin om genoegsame ekonomiese, kulturele sowel as simboliese kapitaal op te bou wat as platform dien vir sy dinamiese posisie binne die groter sosiale strukture van mag in die literêre gemeenskap. Kapp se dramas is werke met literêre meriete: dit is dus opvoerbaar én leesbaar. Dit is waarskynlik wat 'n goeie drama behoort te wees.

Kapp se toneelstukke verken, soos ook die geval met *Rooiland* en *Oorsee*, dikwels omstrede maar universele onderwerpe en is 'n toonbeeld van 'n onkonvensionele perspektief op die teatermedium. *Rooiland* en *Oorsee* getuig sonder twyfel van literêre meriete. Beide het 'n eenvoudige hegte struktuur wat nie die deursnee gehoor verwarr of uitsluit nie, dit is uitdagend genoeg om 'n gehoor se aandag te behou deur slim verwysings en simboliek, wat tematiek betref aktueel en universeel genoeg om die toets van die tyd te kan deurstaan en op die koop toe maklik opvoerbare dramas. Hierdie dramas slaag beide as leesdrama sowel as speeldrama. Met *Rooiland* en *Oorsee* doen Tertius Kapp suksesvol mee aan die uitbou van groter status van die drama-genre as geheel. Miskien word die "uittog na die Beloofde Land" as metateks in *Oorsee*, simbolies van die uittog na 'n veranderende en bloeiende toekoms van die Afrikaanse drama-genre.

Die afgelope dekade is daar wat prystoekenning/kanonisering betref geleidelik weg beweeg van gevestigde en gekanoniseerde dramaturge na nuwe name in die drama-genre, onder andere Willem Anker, Adriaan Meyer en Tertius Kapp. Dit blyk veral uit die toekenning van twee gesogte prysse, die jongste Hertzogprysbekroning in 2015 aan Tertius Kapp vir sy twee dramas *Rooiland* en *Oorsee* en ook deur die toekenning van die Eugène Maraisprys ('n prys wat aan

'n eerste of tweede digbundel, prosawerk óf gepubliseerde drama toegeken kan word) in 2015 aan Nicola Hanekom vir haar twee dramas *Hol* en *Trippie*, wat saam in een band as *Die pad byster* uitgegee is.

Een van die lede van die Letterkundekommisie van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns (wat die Hertogprys toeken), Willie Burger, reageer ook positief in die pers op hierdie spesifieke bekronings: "Dit is 'n merkwaardige gebeurtenis dat hierdie gesogte prys aan relatief jong dramaturge gaan. Dit is 'n aanduiding dat daar tans iets opwindends in Afrikaans op die verhoog gebeur" (Burger 2015). Hiermee wil egter nie beweer word dat daar vroeër nie goeie dramas verskyn het nie. Ongelukkig negeer die gesag van die gepubliseerde teks, tot 'n groot mate bloot die aard en invloed van die kontemporêre teater-industrie. Nuwe dramaturge gaan selfs met groter erns om met 'n veranderende drama-genre. Ten spyte van die uiteindelike hoooffokus op die gepubliseerde literêre werk, is daar by almal 'n onderliggende bewustheid van die vorme van bruikbare kapitaal binne die literêre veld om hul posisies binne die groter sosiale strukture van mag in die literêre gemeenskap te vestig.

7. TERUG BY DIE DILEMMA: SLOTGEDAGTES TEN OPSIGTE VAN DIE DRAMA-TOEKENNINGS

Die literatuur en literêre prys staan binne 'n postmodernistiese werklikheid nooit outonoom nie en dit sou myns insiens onverskillig wees om die lesers, literatore, teatergangers en Janalleman nie op 'n verantwoordelike manier deel te maak van die sukses, al dan nie, van die drama-genre as geheel nie. Van Coller beskou dan ook die literêre prys as 'n vorm van "simboliese kapitaal" en reken dat die kulturele spel nou anders gespeel word as vroeër en dat daar veel groter diversiteit is van agente wat verskillende strategieë toepas (Van Coller 2010:486). Volgens Van Coller (*ibid.*) word vandaag algemeen aanvaar dat selfs die onderhouers van die "hoge" kuns besef dat die spelreëls verander het en dat kulturele kapitaal manipuleerbaar is. Gegewe die dualistiese aard van die drama sou hierdie genre, sonder 'n suksesvolle onderhandeling tussen die teks en die teater, nooit sy regmatige plek kan inneem binne die literêre sisteem as gelyke teenoor die prosa- en poësie-genres nie.

'n Gebrek aan dramas is daar beslis nie. Kunstfeeste lewer 'n groot korpus tekste. Die Afrikaanse rolprentbedryf, ook verwant aan die drama-genre, is in 'n gesonde posisie. Kortfilmfeeste maak 'n enorme bydrae tot die filmbedryf. Die TV lewer uitstekende dramas en reekse. Publikasies bly egter min, en as gevolg van die relatief klein hoeveelheid tekste wat uiteindelik gepubliseer word, lyk die drama-oes op die oog af skraal. Feit is dat dit eintlik net 'n geval is dat die literêre veld, en spesifiek die drama-genre, deur uiteindelike publikasie bloot reeds deur die proses van seleksie is. Elke dramaturg is binne die literêre veld gedurig besig om te veg vir 'n bepaalde vorm van kapitaal, hetsy dit ekonomiese, kulturele, simboliese of joernalistiese kapitaal behels. Na die uiteindelike siftingsproses is die korpus publiseerbare dramas logieserwys net kleiner. Die wat nie gepubliseer word nie, is nie noodwendig van swakker gehalte nie. Dit is net geskryf met 'n ander spesifieke vorm van kapitaal in gedagte.

Wanneer dit dus vir 'n skrywer/dramaturg gaan oor literêre prestige en reputasie, is ekonomiese sukses ondergeskik aan simboliese waarde en skrywers kompeteer om kulturele kapitaal in die vorm van erkenning, reputasie en legitimiteit. Tog reken Van Coller dat: "Kuns lank nie meer iets [is] wat in isolasie gedy nie; dit is deel van 'n groter sisteem waarin ekonomiese beginsels 'n belangrike rol speel" (Van Coller 2010:488). Gegewe die problematiese dualiteit van die drama as opvoering maar ook geskrewe teks, gepubliseer al dan nie, speel finansiële kapitaal maar altyd 'n deurslaggewende rol.

Wat literêre prysie betref, is die voorkeuroorweging aangaande potensiële kapitaal meer gekompliseerd. Die probleem is dat dramaturge aan die een kant kunstenaars is van 'n kreatiewe literêre uitset, maar in dieselfde asem ook kommersiële produsent wat sukses onder andere meet aan vol teaters. Daar is dus deurgaans 'n dinamiese wisselwerking tussen prestige en kapitaal en elke produk is intern gestruktureerd volgens kapitale óf reputatiewe waarde of sukses, of 'n kombinasie van die twee. 'n Drama kan daarom op so 'n manier geskryf word dat dit geld kan maak en tog literêr goed is. Hiervan getuig die bekroonde dramas van Kapp duidelik. In die geval van beperkte produksie, soos by die drama-genre, berus die evaluering en legitimisering daarvan as kompeterende genre binne die literêre sisteem by kritici en literatore wat 'n uitgebreide kennis moet hê oor huis alle aspekte wat in hierdie artikel bespreek is, in 'n poging om 'n suksesvolle en regmatige oordeel te kan uitspreek. Hierdie rolspelers tree, in die geval van skraler produserende sub-genres soos die drama-genre, op as "the writers' alter egos and offer the basic material for the reputational hierarchy in the struggle for symbolic, cultural and social capital" (Anheier, Gerhards & Romo 1995:864). Die toekenning van literêre prysie impliseer volgens Van Coller "'n gesprek oor verhoudings binne die 'literêre veld' en literêre evaluering, wat weer gebaseer is op (diverse) literatuorpvatting, literêre smaak én literêre prestige" (Van Coller 2010:485). Genoemde kriteria is uiters problematies aangesien dit so veranderlik en meervoudig is. 'n Besondere kapitaal wat in een geval bepalend is, kan in 'n ander geval genegeer word op grond van die groter konteks waarbinne die teks beslag kry.

Coetser skets egter 'n veel meer negatiewe prentjie en gaan van die standpunt uit dat "dit met toneel in Afrikaans, in vergelyking met prosa en poësie, oor die afgelope twee dekades nie goed gegaan het nie en dat daardie situasie voortduur (Coetser 2010:384). Oor die situasie in die uitgewersbedryf beaam Venter (2006:578) dat: "daar slegs tussen 1990 en 1996 'n verskeidenheid dramapublikasies geproduseer is. Dié verskynsel verdwyn heeltemal ná 1996 en produksie as geheel verminder tot slegs enkele titels per jaar. In 1999 en 2004 verskyn daar byvoorbeeld geen dramapublikasies as eerste of heruitgawe nie ... Die toekoms van hierdie produksiekategorie lyk inderdaad kommerwekkend". Die feit dat 'n teks suksesvol vir die skolemark gepubliseer kan word, is altyd bevorderlik vir publikasie en is waarskynlik een van die belangrikste leeflyne vir die voortbestaan van die gepubliseerde drama. 'n Goeie voorbeeld is *Blou uur* (2009) deur Reza de Wet wat heel moontlik, omdat dit as voorgeskrewe skooldrama vir graad 10 tot 12 bemark word deur Maskew Miller Longman, op hul webwerf bekendgestel is. Daar moet egter gewaak word daarteen om 'n dramateks se literêre kwaliteit te meet aan die blote voorskryfbaarheid daarvan.

Ook volgens Van Coller en Van Jaarsveld (2006:86) is daar die afgelope paar dekades so 'n vermindering in gepubliseerde Afrikaanse dramas "dat die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns [gedurende] die afgelope jare se Hertzofprysbekroningsrondtes dit besonder moeilik gevind het om telkens genoeg bekroonbare dramas te kon vind. Daar is selfs oorweeg om 'n versnelde siklus in werking te stel waardeur die drama-genre dus nie elke drie jaar aan die beurt sou kom nie".

Tydens die drama-indaba, met die titel *Afrikaanse drama: hoeksteen of grafsteen*, gehou op 23 April 1989 in die Staatsteater in Pretoria, is die mening toe reeds gehuldig dat die drie belangrikste rolspelers in die Afrikaanse drama as sisteem, die dramaturg, kritici en die uitgewersbedryf is. Dit impliseer weereens die insluiting van al die belangrikste vorme van kapitaal, naamlik sosiale, ekonomiese, kulturele maar ook simboliese kapitaal. Die redes vir die oorweging van diverse vorme van kapitaal is gewoon:

1. omdat die behoefté van uitgewers steeds dieselfde is, naamlik topverkopers vir finansiële gewin,
2. die invloed van die voorskryfmark,
3. literêre meriete,
4. voorkeur vir groot name,
5. kritici se resensies en die daaruit voortspruitende bywoning van opvoerings, asook
6. die gehalte en frekwensie van resensies oor bepaalde tekste wat ook grootliks die status van tekste en dramaturge wat betref die proses van kanonisering en uiteindelik posisionering daarvan binne die Afrikaanse literêre sisteem beïnvloed. (Die gehalte van die Afrikaanse toneelkritiek is in hierdie verband problematies.)
7. En veral om literêre prys te wen (kyk na Protea in dié verband).

By die beoordeling van die Hertzogprys vir drama kan en mag bogenoemde problematiese aspekte rondom die drama-genre nooit buite rekening gelaat word nie. Die beoordeling van die drama-prys vereis 'n gespesialiseerde paneel, van nie net gesoute letterkundiges nie, maar ook kenners op die gebied van die teaterwetenskap aangesien hierdie, enersyds literêre genre, andersyds bestaan binne die teaterwetenskap met sy eiesoortige onderskeidende kenmerke en uitdagings binne die groter drama-“industrie”.

BIBLIOGRAFIE

- Alter, Jean. 1981. "From text to performance". *Poetics Today*, 2(3):113-4.
- Anheier, H.K., Gerhards, J. & Romo, F.P. 1995. "Forms of Capital and Social Structure in Cultural Fields: Examining Bourdieu's Social Topography". *American Journal of Sociology*, 100(4) (January):859-903.
- Antonissen, Rob. 1956. *Die Afrikaanse letterkunde van aanvang tot hede*. Kaapstad, Bloemfontein, Johannesburg: Nasionale Boekhandel Bpk.
- Antonissen, Rob. 2016. Perspektief op die Afrikaanse drama 1906–1989. Die Afrikaanse drama 1906–1966. In Van Coller (2016:129-151).
- Beckerman, B. 1967. Dramatic theory and practice. In Knauf, D.M. (ed). *Papers in Dramatic Theory and Criticism*. Presented at the University of Iowa.
- Bonthuys, Marni. 2016. 'n Vergelykende ondersoek na die toekenning van debuutprysie vir Afrikaanse en Nederlandstalige poësie, 1990–2009. Ongepubliseerde proefskrif. Stellenbosch: Universiteit van Stellenbosch.
- Bosman, F.C.L. 1941. *Uys Krige: Magdalena Retief. Ons eie boek*, VI(3):174-176, September.
- Bourdieu, Pierre. 1984. *Distinction: a social critique of the judgement of taste*. London: Routledge.
- Bourdieu, Pierre. 1989. Social Spaces and Symbolic Power. *Sociological Theory*, 7 (1):14-25.
- Bourdieu, Pierre. 1993. *The Field of Cultural Production*. Cambridge, UK: Polity Press.
- Bourdieu, Pierre et al. 2000. *The weight of the world*. USA: Stanford University Press.
- Bourdieu, Pierre. 2003. *Acts of Resistance: Against the Tyranny of the Market*. New York: New Press.
- Bourdieu, Pierre. 2003. *Firing Back: Against the Tyranny of the Market*, 2. New York: New Press.
- Bourdieu, Pierre. 2005. *The social structures of the economy*. USA: Wiley.
- Bourdieu, Pierre. 2016. *Social theory re-wired: New Connections to Classical and Contemporary Perspectives*. Routledge, Taylor & Francis Group. <http://routledgesoc.com/>
- Bourdieu, Pierre & Wacquant, L.J.D. 1992. *An Invitation to Reflexive Sociology*. Chicago, University of Chicago Press.
- Brink, André P. "Kô lat ons wéér wag", *Burger*, 31 Maart 2012.
- Brink, André P. 2016. Perspektief op die Afrikaanse drama 1906–1989. Die Afrikaanse drama 1967–1977. In Van Coller (2016:151-162).
- Burger, Willie. 2015. Kies 'n boek: rooiland en oorsee deur Tertius Kapp. www.vrouekeur.co.za Developed By Digital Platforms.

- Carstens, B.J.C. 2009. Hertzogprystoekennings vir drama: 1915–1971. Ongepubliseerde D. Litt-proefschrift. Pretoria: Universiteit van Pretoria.
- Cloete, T.T. (red.). 1992. *Literêre terme & teorieë*. Pretoria: HAUM-Literêr.
- Coetser, J.L. 2010. Dramakroniek 2008–9. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 50(3):383–403.
- Coetser, J.L. 2016. Oorsig van die Afrikaanse drama en teater van 1990–2010. In Van Coller (2016:233–295).
- Elam, K. 1980. *The Semiotics of Theatre and Drama*. London: Methuen.
- English, James F. 2008. *The Economy of Prestige: Prizes, Awards, and the Circulation of Cultural Value*. London: Harvard University Press.
- Fleishman, Mark. 2001. Unspeaking the centre: Emergent trends in South African theatre in the 1990's. In Kriger, Robert & Zegeye, Abebe (eds). (2001:91–115).
- Galloway, Francis. 2014. Die belang van literêre toekennings binne die Afrikaanse literêre sisteem. 2014-02-19. <http://www.litnet.co.za/die-belang-van-literêre-toekennings-binne-die-afrikaanse-literêre-sisteem>. Geraadpleeg: 2016/10/14.
- Grundy, Kenneth. 1993. The politics of the National Arts Festival. Occasional Paper 34. Rhodes University Institute of Social and Economic Research.
- Hauptfleisch, Temple. 1984. Die Magiese kring: skepping, herskepping en resepsie in die teater. In Malan (1984:36–50).
- Harper, Graeme (ed). 2013. *A Companion to Creative Writing*. Oxford: Wiley-Blackwell.
- Hilgers, Mathieu & Mangez Eric. 2014. *Bourdieu's Theory of Social Fields: Concepts and Applications*. London: Routledge.
- Kapp, Pieter. 2009. *Draer van 'n droom*. Kaapstad: Hemel en See.
- Kapp, Pieter. 2011. Vyftig jaar diens aan die geesteswetenskappe. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 51(4):1–14.
- Keuris, M. Dramateks en Opvoering. In Cloete (1992:83–88).
- Kleyn, Leti. 2013. 'n Sisteemteoretiese kartering van die Afrikaanse literatuur vir die tydperk 2000–2009: Kanonisering in die Afrikaanse literatuur. Ongepubliseerde PhD-proefschrift, Universiteit Pretoria.
- Kriger, Robert & Zegeye, Abebe (eds). 2001. *Culture in the New South Africa: After Apartheid*. Volume 2. Cape Town: Kwela.
- Le Cordeur, M. 2012. Waarom kla oor Adam Small se Hertzogprys? 2012-03-29 Litnet. www.litnet.co.za
- Levitt, P.M. 1971. *A Structural Approach to the Analysis of Drama*. Mouton: The Hague.
- Malan, Charles (red.). 1984. *Spel en spieël: besprekings van die moderne Afrikaanse drama en teater*. Johannesburg: Perskor.
- Malherbe, D.F. (red.). 1929. *Tydskrif vir Wetenskap en Kuns*, 8(2), Desember 1929.
- Malherbe, F.E.J. 1938. Louw, N.P. van Wyk. *Die Dieper Reg. Ons eie boek*, IV (3):165–167, September.
- Moll, J.C. (red). 1984. *SA Akademie 75*. Pretoria: Die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns.
- Müller, Hans-Peter. 1985. Kultur, Geschmack und Distinktion: Grundzüge der Kulturstoziologie Pierre Bourdieus. In *Kultur und Gesellschaft*, edited by Friedhelm Neidhardt, M.R. Lepius and Johannes Weiss. Opladen: West-Deutscher Verlag.
- Nienaber, P.J. 1965. *Die Hertzogprys Vyftig jaar: 'n Feesbundel*. Kaapstad: Nasionale Boekhandel.
- Odendaal, Louw. 1998. Die Afrikaanse drama sedert 1978. In Van Coller (1998:150–215).
- Odendaal, Louw. 2016. Perspektief op die Afrikaanse drama 1906–1989. Die Afrikaanse drama 1978–1989. In Van Coller (2016:162–232).
- Puchner, Martin. 2002. *Stagefright. Modernism: Anti theatricality and drama*. Baltimore/London: John Hopkins University Press.
- SAATLK s.j. Notules van die Raad van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Taal, Lettere en Kuns. 1927–1934. Gebonde manuskrip bestaande uit handgeskrewe, getikte en gedrukte gedeeltes. AREA, PV 917 Akademie-argief: Akademieraad AR: Houer 1 A.
- SAATLK 1931. Bulletin. II (5), Oktober.
- Schmid, H & Van Kesteren, A. (ed.). 1984. *Semiotics of Drama and Theatre: New perspectives in the theory of Drama and Theatre*. Volume 10. Amsterdam/ Philadelphia: John Benjamins Publishing Company.
- Segre, C. 1981. Narratology and Theatre. *Poetics Today*, 2 (3):95–104.

- Smuts, J.P. 2005. Die Akademie se letterkundepryse. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 45(1):1-14.
- Squires, Claire. 2013. Literary prizes and awards. In Harper, Graeme (ed). 2013:291-304
- Stassen, Nicol. 2012. Repliek op Le Cordeur: Ignoreer reglemente vir die toekenning van prys? 2012-04-01 Litnet. www.litnet.co.za
- Van Coller, H.P. 1999. *Perspektief en Profiel. 'n Afrikaanse Literatuurgeschiedenis, Deel 1*. Pretoria: J.L. van Schaik.
- Van Coller, H.P. 1999. *Perspektief en Profiel. 'n Afrikaanse Literatuurgeschiedenis, Deel 2*. Pretoria: J.L. van Schaik.
- Van Coller, HP. 2010. 'n Kritiese blik op enkele van die literêre prysen van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 50(4):484-501.
- Van Coller, H.P. 2016. *Perspektief en Profiel. 'n Afrikaanse Literatuurgeschiedenis, Deel 2*. (Hersiene uitgawe). Pretoria: J.L. van Schaik.
- Van Coller, H.P. 2016. P.G. du Plessis (1934-). In Van Coller (1998:725-739).
- Van Coller, H.P & Human-Nel, M. 2016. Literêre prestige: Die geval Eleanor Baker. *LitNet Akademies*. Jaargang 13(1).
- Van Coller, H.P. & Van Jaarsveld, A. 2006. Tendense in die Afrikaanse drama en teaterwêrelde – 'n Bestekopname. *Stilet*, XVIII(1): 69-89.
- Van Rensburg, F.I.J. 1975. *Sublieme ambag. Beskouings oor die werk van N.P. van Wyk Louw*, I. Kaapstad: Tafelberg.
- Van Schoor, A.M. 1938. Die Afrikaanse toneel in 1938. In: Jaarboek van die Afrikaanse Skrywerskring. Johannesburg: Die Afrikaanse Skrywerskring, pp. 111-113.
- Venter, R. 2006. Die materiële produksie van Afrikaanse fiksie (1990–2005) – 'n empiriese ondersoek na die produksieprofiel en uitgeweryprofiel binne die uitgeesisteem. Ongepubliseerde PhD-proefskrif, Universiteit van Pretoria.
- Willemse, H. 1999. Inleiding tot buite-kanonieke Afrikaanse kulturele praktyke. In Van Coller (1999:3-20).

'n Herevaluering van Eben Venter se *Wolf, wolf* binne die konteks van sy oewre

*A revaluation of Eben Venter's *Wolf, wolf* within the context of his oeuvre*

PHIL VAN SCHALKWYK

Skool vir Tale

Noordwes-Universiteit (Potchefstroomkampus)

E-pos: Phil.VanSchalkwyk@nwu.ac.za



Phil van Schalkwyk

PHIL VAN SCHALKWYK, PhD (2004, Noordwes-Universiteit, Suid-Afrika), is medeprofessor in die Skool vir Tale, Potchefstroom (NWU), waar hy Afrikaanse en Nederlandse letterkunde doseer. Sy vorige ervaring sluit in byna vyf jaar van onderrig aan die Adam Mickiewicz Universiteit, Poznań, Pole (2001–2006). As gasdosent is hy betrokke by die Universiteit Antwerpen, België (2009; 2011; 2013; 2016). Hy is veral aktief in die veld van vergelykende letterkunde en sy navorsing fokus op relationaliteit en rhetoriese konstruksies in Afrikaanse, Suid-Afrikaanse en Nederlandse prosa en poësie. Hy het verskeie referate gelewer by kongresse in Suid-Afrika, Nederland, België, Pole en die VSA. Geakkrediteerde artikels van hom het verskyn in *Dutch Crossing*, *Critical Arts*, *Stilet*, *Literator*, *Tydskrif vir Nederlands en Afrikaans* en *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Taalkunde*, en hy het hoofstukke bygedra tot boeke soos *Crossing Borders*, *Dissolving Boundaries* (2013), *Beyond the Threshold: Explorations of Liminality in Literature* (2007) en *Shifting the Compass: Pluricontinental Connections in Dutch Colonial and Postcolonial Literature* (2013). Hy is voorstander van die ALV (2016-) en mede-hoofredakteur van *Literator*. In 2014 het hy as navorser 'n NNS-gradering verwerf.

PHIL VAN SCHALKWYK, PhD (2004, North-West University, South Africa), is associate professor in the School of Languages, Potchefstroom (NWU), where he teaches Afrikaans and Dutch literature. His previous experience includes almost five years of teaching at the Adam Mickiewicz University, Poznań, Poland (2001–2006). He has also been guest lecturer at Antwerp University, Belgium (2009; 2011; 2013; 2016). Mainly active in the field of Comparative Literature, his research focuses on relationality and rhetorical constructions in Afrikaans, South African and Dutch prose and poetry. He has delivered several papers at conferences in South Africa, the Netherlands, Belgium, Poland and the USA. His publications include articles in accredited journals (*Dutch Crossing*, *Critical Arts*, *Stilet*, *Literator*, *Tydskrif vir Nederlands en Afrikaans*, *South African Journal of Linguistics*) and book chapters, most notably in *Crossing Borders*, *Dissolving Boundaries* (2013), *Beyond the Threshold: Explorations of Liminality in Literature* (2007) and *Shifting the Compass: Pluricontinental Connections in Dutch Colonial and Postcolonial Literature* (2013). He is chair of the ALV (2016-) and co-editor-in-chief of *Literator*. In 2014 he obtained an NRF rating as researcher.

ABSTRACT

A revaluation of Eben Venter's Wolf, wolf within the context of his oeuvre

Generally well-received in Afrikaans and South African literary criticism and far from completely undervalued in terms of literary prizes, the work of Afrikaans author Eben Venter is, however, in need of reappraisal. Some important literary accolades still evade him, despite the generally accepted merits of his writing, most notably his bold engagement with South African reality (viewed also with an international lens) and his engaging exploration of style. His most recent novel *Wolf, wolf* (2013) received mostly positive reviews in South Africa and was awarded the first KykNet/Rapport Book Prize, but Venter himself was rather disappointed with the local reception as compared to the greater enthusiasm with which the English translation has been welcomed abroad on account of its close examination of highly relevant topics such as the relationship between autocratic father and (gay) son, the rise of social media and, in particular, pornography addiction. In this article I attempt a revaluation of *Wolf, wolf* within the context of Venter's oeuvre.

With reference to Julia Kristeva's (1980) essay "From one identity to an other" I show how the "symbolic" order (the laws of the father/language) and the instinctual "semiotic" aspect of language are strikingly brought together under the same roof in *Wolf, wolf*, with the result that the transcendental ego is shown to come to register its crisis (Kristeva 1980:141). The 32 year old Mattheüs mindlessly views gay pornography in his bedroom when he is not taking care of his father, the strict patriarch Benjamin Duiker who is dying of cancer yet insisting to maintain a "transcendental mastery over discourse" (Kristeva 1980:140) by making tape recordings addressed to his son. Mattheüs' compulsive, secretive porn-viewing, together with his concealed cohabitation with his boyfriend in the privacy of his room, constitute a subversion of the laws that hold sway in the father's house. Venter explores the reluctant, conflicted alignment of the son with the paternal order, and the effect which the loss thereof has on Mattheüs. The semiotic in *Wolf, wolf* coalesces in the motif of the well-known children's game, "Wolf, wolf". Jack, the boyfriend of Mattheüs, first introduces this ominous counting-out game, hinting at both life and death, into their stagnant relationship when he arrives at the gate of the mansion, disguised as a wolf and ready to move in, in spite of the heteronormative father's express prohibition. Unable to accept his son's gay identity, the ensuing transgression is the final straw and results in Benjamin excluding Mattheüs from his will – the culmination of the theme of in- and exclusion explored in *Wolf, wolf*. This theme is consolidated in an earlier passage in the novel describing a memory from Mattheüs' childhood: He once entered the masculine sanctity of his father's study unannounced, thereby interrupting the bawdy discussion going on between Benjamin and another car salesman, upon which he was met, for one pivotal moment, with his father's undisguised "gaze", totally excluding and "othering" him (Venter 2013:10-11).

Against this background, and building on Van den Berg's (2016) Lacoue-Labarthe inspired research on mimesis in Venter's dystopian *Horrelpoot* (2006), I explore the way Venter's work has evolved away from an attempted transcendental mastery of language associated with the symbolic – to a large extent still underpinning *Horrelpoot* (translated as Trencherman) with its strong mimetic relationship with the father text *Heart of darkness* (Joseph Conrad) – toward the confident, independent stance represented by *Wolf, wolf*. This activates another crucial dialectic identified by Kristeva (1980:138-139), i.e. the "rhetorician" and the "stylist", which sheds light on, amongst other things, the battle between father and son in Venter's work. Whereas the rhetorician mimics the tradition – as Venter to some extent does in his novels – in order to win the father's favour or to undermine him in a sly way, the stylist, Kristeva (1980:139)

maintains, “no longer needs to seduce the father by rhetorical affectations. As winner of the battle, he may ... assume a different discourse; neither imaginary discourse of the self, nor discourse of transcendental knowledge, but a permanent go-between from one to the other, a pulsation of sign and rhythm, of consciousness and instinctual drive [...] Stylists ... sound a dissonance within the thetic, paternal function of language”.

Part of the proliferation, instead of censorship, of discourse on sexuality, as described by Michel Foucault (1978) in part one of his *The history of sexuality*, Venter’s *Wolf, wolf* manifests the need for a kind of literature which according to Susan Sontag (2005) in one of her late essays, “At the same time ... (the novelist and moral reasoning)”, is able to say: “[T]his is the important story”. Unflinching in its attention to that which has been selected (Sontag), and marked by both personal involvement and uncompromising exactitude in the artistic execution (as in post-realist painting), *Wolf, wolf* confronts the reader with the reality of pornography as (supposedly) taboo subject, resulting in powerful defamiliarisation, most notably given the way in which the animalistic gains prominence in this novel through the focus on the wolf. The wolf/wolflike, in Jungian terms associated with the shadow and the trickster, is representative in (western) mythology and narratives of that which is denied and excluded, the things (mostly of a sexual nature) we are warned against in a fairytale such as “Little Red Riding Hood”. Crouse (2013), in his review of *Wolf, wolf*, claims that the wolf motif in this novel is unmotivated and poorly integrated, but that is exactly the point: the wolf (motif) threatens the order, also that of the novel, and suggests in a way that recalls and supersedes Foucault (1978), that sexuality, or certain expressions or aspects thereof, may ultimately resist regulation and containment, in practice but also discursively – specifically in this digital age.

Pornography, in conjunction with the wolf motif, thus relates to the more general theme of in- and exclusion explored in *Wolf, wolf*, specifically with respect to Benjamin and Mattheus and the struggle between the symbolic and the semiotic. Although *Wolf, wolf* does present valuable insights on pornography and the addiction to it, the achievement of this novel does not reside in what it tells us in this regard, but rather in what it enacts discursively. The foregrounding of pornography is important in itself and serves to highlight the theme of in- and exclusion, opening it up for discussion: Since pornography can still awaken fierce impulses and reactions relating to in- and exclusion, and is indeed considered taboo in terms of language/ discourse – yet (privately) enjoyed by many – the textual tension between the symbolic order and semiotic wedge is strongly emphasised.

KEY CONCEPTS: Afrikaans literature, literary prizes, literary evaluation, Eben Venter, *Wolf, wolf*, father and son, Julia Kristeva, symbolic order, semiotic, rhetorician, stylist, Michel Foucault, sexuality, homosexuality, gay, pornography, discourse, representation, exactitude, digital

TREFWOORDE: Afrikaanse letterkunde, literêre prys, literêre evaluasie, Eben Venter, *Wolf, wolf*, vader en seun, Julia Kristeva, simboliese orde, semiotiese, retorikus, stilis, Michel Foucault, seksualiteit, homoseksualiteit, gay, pornografia, diskopers, representasie, presisie, digitaal

OPSOMMING

Gegewe die relatiewe onderwaardering in Suid-Afrika van Eben Venter se jongste roman *Wolf, wolf*, veral ten opsigte van literêre prys – wat ook iets van die ontvangs van sy werk oor die algemeen illustreer – word in hierdie artikel gepoog om hierdie roman binne die konteks van Venter se oeuvre te herevalueer. Met verwysing na Julia Kristeva (1980) se essay “From one identity to an other” word aangetoon hoe die spanning tussen die “simboliese” orde van die vader (se taal) en die instinkmatige “semiotiese” aspek van taal in *Wolf, wolf* uitspeel deur die teleskopering van die verhouding tussen die streng, heteronormatiewe Benjamin Duiker en sy pornografie-verslaafde gay seun Mattheüs, wat hy van jongs af half in- en half uitsluit, en uiteindelik dan ook (ten dele) uit sy testament laat. Daar word voorts ondersoek ingestel na hoe ’n verdere dialektiese relasie wat Kristeva (1980) uitlig, naamlik tussen die nabootsende “retorikus” en die onafhanklike “stilis”, in die ontwikkeling van Venter se werk na vore kom, met *Wolf, wolf* as kulminasiepunt waarin die stilis seëvier. Die wolfmotief is in ’n resensie van Crous (2013) as ongemotiveerd beskryf, maar dís huis die punt: die wolf(motief) as vernaamste manifestasie van die semiotiese in hierdie roman bedreig die orde, ook dié van die roman, en suggereer op ’n manier wat Foucault (1978) oproep maar ook aan hom verbystreef, dat seksualiteit, of sekere uitdrukings of aspekte daarvan, uiteindelik dalk nie gereguleer en beheer kan word nie, in praktyk en diskursief – spesifiek in hierdie digitale era. Pornografie as taboe-onderwerp, in samehang met die wolfmotief, markeer dus op ’n treffende manier die meer algemene tema van in- en uitsluiting wat in hierdie roman op die voorgrond gestel word.

1. INLEIDING

Eben Venter se sewende en jongste roman, *Wolf, wolf*, verskyn in 2013. In onderhoude oor hierdie werk maak Venter dit duidelik dat hy *Wolf, wolf* in meer as een opsig as hoogtepunt van sy oeuvre beskou (Myburg 2013:11; Smith 2014:24): dis vir hom die kulminasiepunt van bepaalde temas in sy werk, die boek waaraan hy die lekkerste geskryf het, sonder skroom, en verteenwoordig vir hom ook ’n deurbraak vanweë die suksesvolle bemarking en positiewe ontvangs van die Engelse vertaling in die buiteland. Dit het hom die eerste keer “na ’n skrywer [laat voel], nie noodwendig ’n Afrikaanse skrywer nie” (Myburg 2013:11). Teen hierdie agtergrond gee hy sy teleurstelling oor die uitslag van die Groot Romanwedstryd te kenne (Smith 2014:24).

Eben Venter word egter dikwels as “bekroonde” outeur beskryf. Wat betref die literêre prys wat hy reeds ontvang het, bied Human (2016:977) in sy profiel oor Venter die volgende opsomming:

Ten spyte daarvan dat Eben Venter vanweë sy Australiese burgerskap soms nie vir literêre toekennings in Suid-Afrika in aanmerking kon kom nie, is vier van sy romans – te wete *Foxtrot van die vleiseters* (1993), *Ek stamel ek sterwe* (1996), *Begeerte* (2003) en *Santa Gamka* (2009) met die W.A. Hofmeyr-prys bekroon. Laasgenoemde roman het ook in 2010 die M-Net Literêre Prys vir prosa ingepalm, terwyl *Wolf, wolf* (2013) die eerste *kykNet/Rapport Boekprys* verower het.

Alhoewel Venter dus wel reeds beduidende erkenning ontvang het by wyse van literêre prys, bly bepaalde toekennings hom steeds ontwyk,¹ ongeag die waagmoedige manier waarop hy nuwe/uitdagende temas verken, op volgehoue wyse deelneem aan die gesprek oor/met die

¹ Die belangrikste hiervan is die Hertzogprys.

tydgenootlike (Suid-Afrikaanse) werklikheid, vernuwend met stylelemente (ook reeds bestaandes, byvoorbeeld die bewussynstroomtegniek) omgaan, en die (Suid-)Afrikaanse kanon asook internasionale diskoerse (van literêre, filosofiese, artistieke, teoretiese en wetenskaplike aard) op vindingryke wyse by sy werk inkorporeer (vgl. Van den Berg 2016; Van Schalkwyk 2009 en 2013).

Leon de Kock (2013:69) wys in sy lowende resensie van *Wolf, wolf* daarop dat Venter se werk nie soseer “gay” is nie “as it is generative of current – and vastly altered – forms of ‘normality’”. Die “queer” inhoud van *Wolf, wolf* behoort volgens De Kock (2013:69) vandag as deel van die “new normal” ontvang te word,² maar hy beklemtoon die volgende: “The fact that a ‘queer’ world has become more ‘normal’ does not mean that the work of critical imagining is done. The wedge of questioning, of placing even the ‘new normal’ in quotation marks, must continue. In this novel it is done through a critical exploration of the human adequacy of obsessive (and digital, voyeuristic, avatar-like) sexuality as a response to autocratic heteronormativity” (De Kock 2013:70). In gesprek met Francois Smith (2014:24) beweer Venter dat, ofskoon *Wolf, wolf* plaaslik wel waardering geniet het, die buitelandse reaksie op die boek gunstiger was, “op hedendaagse kwessies soos pornoverslawing. Daardie klas goed was rof vir sommige plaaslike lesers” (Smith 2014:24).

Suid-Afrikaanse kritiese lezers het oor die algemeen egter wel positief geskryf oor beide die Afrikaanse en Engelse weergawes van *Wolf, wolf* (vgl. Amid 2014; Barris 2013; Cochrane 2013; De Vries 2013; Emmett 2013; Grant-Marshall 2014; Hope 2015; Rossouw 2013). Sake wat in hierdie verband uitgesonder is, sluit in: die uitbeelding van die verwikkeld verhouding tussen die wetties-godsdienstige, kapitalistiese vader Benjamin Duiker en sy 32-jarige gay seun Mattheüs wat as opportunistiese dog liefdevolle versorger optree; die problematisering van oorgeërfde blanke voorreg; die skakeling met vorige werk van Eben Venter self (*Ek stamel ek sterwe*, 1996) en byvoorbeeld Marlene van Niekerk se *Agaat* (2004) waarin siekte- en sterwensgeskiedenis (binne familieverband) verhaal word; die funksioneel moeisame opbou van die verhaal en daaropvolgend die vaart waarmee die onstuitbare proses van neergang en verlies vertel word; die stilistiese kwaliteit van die roman; en les bes, die verkenning van pornografie-verslawing. Wat laasgenoemde betref, verrig Venter hier pionierswerk in Afrikaans, net soos hy met *Ek stamel ek sterwe* (1996) een van die eerstes was wat Vigs romanmatig ondersoek het,³ weliswaar op retories verdoeselde wyse (vgl. Van Schalkwyk 2013).

Die resepsie van *Wolf, wolf* is myns insiens eksemplaries van die manier waarop Venter se werk oor die algemeen gelees word: die juiste sake word uitgelig, met insig en begrip, maar die vraag is of die analyses tot hul volle konsekvensies deurgevoer word en of die onderhawige werk met toereikende (teoretiese en artistiek-beskoulike) “instrumente” benader word. Daar word in die bestaande besprekings van hierdie roman grootliks aanduidend-beskrywend gewys op byvoorbeeld die verband met uitdrukings soos “man is a wolf to man”, “om die wolf van die deur te hou”, “wolf in skaapsklere”, “to cry wolf” en die kinderspel “Wolf, wolf, hoe laat is dit?”; die skakeling hiervan met die temas bedreiging en verlies (persoonlik en binne

² “En sonder om dit te moet verduidelik, ontwrig Venter standaard- of normatiewe sienings – onder meer dié van patriargie en genderrolle – deur die skep van ‘n identiteit sonder essensie, à la queer-teorie” (Myburg 2013:11).

³ Hierin is hy voorafgegaan deur Koos Prinsloo, die eerste keer in kortverhaalformaat in *Die hemel help ons* (1987), asook deur Marzanne Leroux-van der Boon met *Klaprose teen die wind* (1992) en Barrie Hough met sy jeugroman *Vlerkdans* (1992). Venter voer hierdie verkenning egter tot nuwe hoogtes deur genoemde tematiek te integreer by ‘n retories verwikkeld romanopset en sodoende ‘n plek daarvoor oop te skryf in die Afrikaanse literêre kanon (Van Schalkwyk 2013).

landskonteks) word wel uitgelig, en daar word positief gereageer op die feit dát pornografie-verslawing hier in Afrikaans verken word en die gevare daarvan (veral ten opsigte van die intieme verhoudingslewe, in hierdie geval tussen Mattheüs en Jack) aan die kaak gestel word. Hierdie sake word egter nie voldoende, indien enigsins, aan die groter skrywerlike “projek” van Venter en aan die diskoversmatige⁴ gekoppel nie.

Die relatiewe onderwaardering van *Wolf, wolf* het ook die distopiese *Horrelpoot* te beurt gevall. Hieroor merk Myburg (2013:11) na aanleiding van sy gesprek met Venter op: “*Horrelpoot*, ’n roman wat ‘vir baie mense te vreeslik was’, maar wat ook die een Venter-boek is waarna dikwels verwys word en wat op universiteite voorgeskryf word, het nie literére prysie ingepalm nie”. Dit blyk uit die distillaat van die bestaande kritiek wat Human (2016:989-992) se taksering van *Horrelpoot* rig, dat hierdie werk minder goed sou slaag juis vanweë die manier waarop die intertekstuele gesprek met Joseph Conrad se *Heart of darkness* onderneem word. Human (2016:991) wys op “frappante ooreenkoms” tussen die twee romans en voer aan dat die verdere versterking hiervan deur allerlei beeldende verwysings die gekose intertekstuele werkswyse “’n bietjie dik vir ’n daalder [maak]”.

In ’n betreklik negatiewe resensie oor *Wolf, wolf* vra Crous (2013) of die “groot probleem” van hierdie roman nie is “dat die vlag nie die lading dek nie”. Hy verwys hier na die wolfmotief wat volgens hom nie behoorlik gemotiveer en geïntegreer is nie.⁵ Die punt is egter juis dat die wolwespel in *Wolf, wolf* doelbewus as irrasionele, infantiele en “ongemotiveerde” element fungeer. Dit bedreig die orde, ook dié van die roman. Crous (2013) is onder meer ook van mening dat daar te veel gekonsentreer word op newekarakters en hul intriges ten koste van deeglike belangstelling van die verhouding tussen vader en seun en hy vind die bandopnames wat Benjamin maak te karig en voorspelbaar. ’n Deurlopende tema van die opnames is egter juis dat vader en seun moeilik kommunikeer, die belangrike dinge nie vir mekaar gesê kry nie.⁶ Die opnames is ’n ydelle poging van Benjamin se kant om die gaping te oorbrug, tot sy seun deur te dring en, natuurlik, homself te regverdig. Crous (2013) wys self op die stremmende faktore wat ’n deurslaggewende rol in die twee se verhouding speel. Hierin is veral belangrik dat Mattheüs, soos Crous (2013) tereg opmerk, sy pa moet naboots: “Wanneer die seun optree soos wat die pa van hom verwag en die pa se rol naboots soos om byvoorbeeld ’n eie besigheid te begin, dra dit die ouman se goedkeuring weg. Wanneer die seun egter buite hierdie orde optree, gee die pa eerder sy geld aan ’n Christelike liefdadigheidsorganisasie”. Gepoogde imitasie het ’n belemmerende uitwerking. Hierdie inperkende effek het myns insiens dus ook ’n gepaste “tekstuele” manifestasie.

Gegewe die relatiewe onderwaardering van Eben Venter se jongste roman *Wolf, wolf*, veral ten opsigte van literére prysie – wat ook iets van die ontvangs van sy werk oor die algemeen illustreer – word in hierdie artikel gepoog om hierdie roman binne die konteks van Venter se oeuvre te herevalueer.⁷ Die verhouding tussen vader en seun, ’n deurlopende tema in Venter

⁴ “Diskoers” word hier literatuurwetenskaplik gebruik, verwysend na die *manier* waarop taal binne ’n bepaalde *konteks* aangewend word.

⁵ In ’n naskrif by sy resensie noem Crous (2013) dat hy De Vries (2013) se oorwegend positiewe resensie ná die voltooiing van sy eie gelees het en dui aan dat selfs die uitgebreide besprekking van die wolfmotief wat laasgenoemde verskaf hom nie oortuig het om sy vraag daaroor te wysig nie.

⁶ Dit was ook die geval tussen Benjamin en sy vader (vgl. bv. Venter 2013:42; 81).

⁷ Dit gaan hier oor hooflyne in Venter se oeuvre, waarop ek dan ook wel sal ingaan. Ruijtte ontbreek egter om sy werke afsonderlik en in hulle opeenvolging volledig te bespreek en aan te toon hoe die sake waarop ek in hierdie artikel fokus, presies in elke teks manifesteer. Ek verwys egter na ander studies, insluitend my eie, waarin vollediger op daardie tekste ingegaan word. Vir ’n

se werk (Human 2016), word in hierdie roman met hernieude aandag op die voorgrond gestel, waarby Benjamin heel duidelik die orde verteenwoordig, terwyl Mattheüs en sy minnaar Jack die ondermyning daarvan versinnebeeld. In samehang daarmee word die talige en diskosmatige op besonder vaardige wyse (implisiet) in *Wolf, wolf* verken en aangewend. Hierdie scenario aktiveer myns insiens onder meer Julia Kristeva (1980) se voorstelling van die spanning en wisselwerking tussen die “simboliese” orde van die vader (se taal) en die instinkmatige “semiotiese” aspek van taal, asook tussen die nabootsende “retorikus” en onafhanklike “stilis”. Daarom kan ’n herevaluering van *Wolf, wolf* met vrug in gesprek met hierdie teoretiese diskos onderneem word.

Indien die doel van ’n ondersoek die herevaluering van ’n roman is, hou dit in dat die meervoudige gekodeerdeheid van die artistieke teks deeglik verreken behoort te word – ook die teks as artistieke geheel. Die leser moet hom dus deur die roman laat lei om die kompleksiteite daarvan te probeer vertolk. Wat by die lees van ’n artistieke teks uit die verf kom, is boonop selde netjies sluitend. Daarom benut ek byvoorbeeld verskillende literêr- en kunsteoretiese perspektiewe in plaas daarvan om die veelheid binne ’n enkele of eng kader te probeer inpas. My gebruik van teorie is ook eerder metafories as wat dit wil voorgee om direk representatief te wees van wat die teks sê en doen.⁸

2. TRANSENDENTALE MEESTERSKAP OOR TAAL

Kort nadat Human (2016) se profiel oor Venter die lig gesien het, verskyn Van den Berg (2016) se artikel oor *Horrelpoot* getiteld “Mimesis soos beredeneer deur Philippe Lacoue-Labarthe: *Horrelpoot* (2006) deur Eben Venter as herskrywing van Joseph Conrad se *Heart of darkness*”. Die intertekstuele spel met die oerteks word hier na waarde geskat maar ook met ’n kritiese ingesteldheid bejeën. Uitgaande van die onderskeid tussen Plato se siening van mimesis as passief en die Aristoteliaanse produktiewe/kreatiewe mimesis, wat aansluit by Van Schalkwyk (2009) se analise van *Horrelpoot* aan die hand van Paul Ricoeur se onderskeid tussen reproduktiewe en produktiewe referensies,⁹ word *Horrelpoot* deur Van den Berg (2016:206) gelees “as mimetiese herhaling van die klassieke teks [*Heart of darkness*]”. Van den Berg (2016:217) konkludeer in hierdie verband: “*Horrelpoot* ‘imiteer’ *Heart of darkness* ten einde betekenis te anker, maar speel noodgedwonge ook die mimetiese dinamika uit: enersyds vaslegging, fundering en ankering van betekenis en andersyds die verglyding daarvan”. Uitgaande van Lacoue-Labarthe se denke toon Van den Berg (2016:217) aan hoe mimesis in *Horrelpoot* “beide teksinhoudelik getematiseer en tegnies geïllustreer” word. In hierdie opsig bou *Horrelpoot* volgens Van den Berg (2016:208) veral voort op *Heart of darkness* se aanslag op die mimetiese dinamika van muthos en “die totaliteitsaanspraak wat *muthos* [die Westerse Subjek as kollektiewe instansie en Westerse logos] as sodanig versinnebeeld”. In navolging van Lacoue-Labarthe gaan Van den Berg (2016:197) wat betref *Heart of darkness* in op die “spanning tussen intensionele (retoriiese) beheer en taal as kontekstuele diskos anderkant

uitvoerige oorsigtelike bespreking van Venter se opeenvolgende werke kan Human (2016) met vrug geraadpleeg word.

⁸ Vergelyk in hierdie verband bv. die volgende metawetenskaplike studies: Brown (1976) en Colman (2009).

⁹ Anders as reproduktiewe referensie, wat bloot die werklikheid probeer weerspieël, is produktiewe referensie ’n kreatiewe proses waarby die verbeelding ingespan word: “Thus mimesis is not simply reduplication but creative reconstruction by means of the mediation of fiction” (Ricoeur 1991:134). Van Schalkwyk (2009) beweer dat produktiewe referensie in *Horrelpoot* die botoon voer.

die subjek se voorneme". Dit geskied in Lacaniaanse terme deur die opstelling van Kurtz se stem teenoor dié van ander. Hierdie stemme ondermyń die totaliserende oueurstem ter bemagtiging van die tekstuële stem, "n stem wat taal verwoord" (Van den Berg 2016:197). Wat *Horrelpoot* betref, kom Van den Berg (2016:210) egter tot die slotsom dat hierdie roman nie lees "as die oratorio van stemme wat Lacoue-Labarthe in *Heart of darkness* vind nie", met die gevolg dat taal "selde ... deursypel" (Van den Berg 2016:210) om die oueurstem te ondergrawe.

Daar moet egter daarteen gewaak word om 'n kragtige teoretiese perspektief soos dié van Lacoue-Labarthe te gebruik op 'n manier wat neerkom op 'n verswelging van die literére teks en van enige ander "stemme" wat dalk wel daarin hoorbaar mag wees. Indien dit dan so is dat *Horrelpoot* nie 'n "oratorio van stemme" vertoon presies soos deur Lacoue-Labarthe gekonsipieer nie, hoef die afleiding wat daaruit volg nie te wees dat in hierdie roman nik (of weinig) meer of anders as die 'oueurstem' opklink nie. Trouens, huis deur die dissonante aard van *Horrelpoot* as artistieke teks word dit 'n progressiewe talige uiting gerig op die "Adornian vision of the Other as the non-identical and non-assimilated" (Van Schalkwyk 2009:97). *Horrelpoot* is 'n vreeslose konfrontasie met nie net vrees en sy beliggamings nie, maar ook met selfvervreemding, waarvan Marlouw se horrelvoet simbool word. Gedagdig aan en vanuit die verbrokkeling van relasie in Suid-Afrika, klink uit hierdie roman 'n stem huis vir die relasionele op. In hierdie verband konkludeer Van Schalkwyk (2009:99):

In this sense *Horrelpoot* echoes Adorno's thinking with regard to transcending society's standardisation and conditioning. It responds to the calls made by intellectuals like Adorno and our own N.P. van Wyk Louw, for an art that is daring and 'dangerous'. *Horrelpoot* could be read as an expression of the dialectical openness to experience that Adorno had advocated throughout his career: it strives towards responding authentically to the moment in history, and to this purpose important constitutive texts, most notably Conrad's *Heart of Darkness*, are revisited.

Daardeur bereik hierdie roman tog iets van die "redescription of reality" waaroer Ricoeur (1991:128) dit het.

In *Wolf, wolf* word hierdie tendens in Venter se werk verder gevoer, onder meer wég van die "administrasie" van denke en gedrag waaroer Adorno dit gehad het – in hierdie roman spesifiek wat betref die seksuele, soos verderaan sal blyk.

"Meerstemmigheid" kom op verskillende maniere in *Wolf, wolf* tot uitdrukking.¹⁰ Nie net word onderskeie karakters beurtelings gefokaliseer nie, maar kry die belangrikste (newe)karakters elkeen "'n eiesoortige 'stylstem'" (Myburg 2013:11): Jack, onderwyser-kérel van Mattheüs, maak (te) gereeld bondige en besonder uitgesproke (amper indiskrete) Facebook-inskrywings oor byvoorbeeld sy lewe as huisvader by 'n eksklusieve seunskool, sy verhouding met Mattheüs en later selfs die wolwespel, dikwels vergesel van 'n "selfie"; Benjamin neem op 'n outydse bandopnemer enkele briewe aan sy seun op waarin hy openhartig probeer wees maar tog sy gekondisioneerdeheid, beperkinge en onhandigheid ten toon stel (hy verwys heel tipies van sy generasie na homself as "pa"); Sissie, die suster van Mattheüs wat op 'n plaas buite Laingsburg woon, word voorgestel as onopreg-paijende en ontwykende stem aan die ander kant van die

¹⁰ My betoog hier word onderlê deur my lesing van die subversiewe uitwerking van die semiotiese op die simboliese in *Wolf, wolf*; daardie ondermyning dien huis die talige, omdat die semiotiese en die simboliese beide, wedersyds dekonstruktief, taal konstitueer (vgl. Schippers 2011).

telefoonlyn (sy eindig byvoorbeeld graag haar sinne met "jong"). Wat al hierdie stemme gemeen het, is onwillekeurige deursigtigheid en selfonthulling. Deur stemme op hierdie manier op die voorgrond te stel, word dan ook die stem in Lacaniaanse terme gesuggereer – die stem as psigiese element wat, soos die "gaze", met die drange in verband staan – spesifiek dan dié van die wolf wat op die grense van die ordelike bestaan bly roep en wat ondanks sy vermomming, soos in "Rooikappie", sy ware stemkleur nie so goed kan kamoefleer nie. Die wolf roep ook ondervraging op (soos in "Rooikappie" en die kinderspel "Wolf, wolf, hoe laat is dit?") en daardeur die potensieel ontmaskerende rol van taal en teks (vgl. Degenaar 1988).

Die wolf aktiveer ook assosiasies met die huis as afgebakende ruimte wat beskut is maar binnegedring kan word, nie net in 'n verhaal soos "Rooikappie" nie, maar ook byvoorbeeld "Die drie varkies" en inderdaad Venter se *Wolf, wolf*. Die Duikerwoning is letterlik en figuurlik die ruimte waarom alles in hierdie roman draai. In haar boek *The politics of home* verskaf George (1999:9) 'n rigtinggewende beskrywing van die huis in terme van spesifiek in- en uitsluiting, waarmee saamhang sake soos (familie)verwantskap, liefde, mag, beheer, begeerte, bedreiging, (toe)vlug en prosesse van verandering:

What then, is home? [...] One distinguishing feature of places called home is that they are built on select inclusions. The inclusions are grounded in a learned (or taught) sense of a kinship that is extended to those who are perceived as sharing the same blood, race, class, gender, or religion. Membership is maintained by bonds of love, fear, power, desire and control. Homes are manifest on geographical, psychological and material levels. They are places that are recognized as such by those within and those without. They are places of violence and nurturing. A place that is flexible, that manifests itself in various forms and yet whose every reinvention seems to follow the basic pattern of inclusions/exclusions. Home is a place to escape to and a place to escape from. Its importance lies in the fact that it is not equally available to all. Home is a desired place that is fought for and established as the exclusive domain of a few. It is not a neutral place.

Die kompleksiteite van in- en uitsluiting met betrekking tot die huis word op 'n boeiende manier in *Wolf, wolf* verken. Mattheüs woon in die huis van sy vader en word dus ingesluit, maar dis 'n ironiese, prekêre insluiting. Jack smag op sy beurt daarna om toegang te verkry, en in hierdie verband word die tema in- en uitsluiting duidelik op die voorgrond gestel. Kort voor die groot ommekteer, as Jack buite wag terwyl Benjamin se testament voorgelees word, is sy gedagtes amper deerniswekkend besig met die geborgenheid van die Duikerwoning en staan hy stil by die tyd toe Mattheüs en Sissie nog klein was: "En niemand kon dit van hulle wegvat nie. Miskien nog die koeldrank en koekies, maar nie daardie onaantastbaarheid van hulle daar binnekant met 'n ma en 'n pa en die res van die wêreld anderkant en who cares. Miskien kan hy hier saam met Matt vir die eerste keer in sy lewe huis maak. Miskien kan hy en Matt hier 'n gesin wees, net hulle twee, maar nogtans, 'n gesin met 'n huis en 'n tuin" (Venter 2013:219). Die interessante is dat Jack beide die meer "konvensionele" en die aggressief-wolfagtige weg beproef in sy pogings om binne te dring.

2.1 Die simboliese en die semiotiese saam onder een dak

Kristeva (1980) wys in haar essay “From one identity to an other” daarop dat Westerse singewing, soos gekonsolideer in die denke van Husserl,¹¹ sig beroep op die transendentale ego, maar dat “poetic language” die beperkinge blootlê van “a civilization dominated by transcendental rationality. Consequently, it is a means of overriding this constraint” (Kristeva 1980:140). Sy maak in hierdie verband ’n onderskeid tussen die semiotiese en die simboliese.¹² Laasgenoemde skakel volgens Kristeva (1980) met die vader en sy (taal)wette (wat deel is van ’n gedugte, sluitende sisteem), terwyl die semiotiese slaan op (liggaamlike) ritmiek en die primitiewe aspekte en elemente van taal wat met die instinkmatige, die driflike (Eros sowel as Thanatos) verband hou en dikwels in literêre tekste op die voorgrond tree, terwyl dit in ander soorte tekste, byvoorbeeld in wetenskaplike diskoers, onderdruk en uitgeskakel probeer word. Selfs in literêre tekste gebeur dit egter selde dat die semiotiese die simboliese orde volkome verdring; dit figureer eerder as ’n ondermynde teenwoordigheid midde-in die orde: dit is “definitely heterogeneous to meaning but always in sight of it or in either a negative or surplus relationship to it” (Kristeva 1980:133). Schippers (2011:28) weeg Kristeva se bydrae op teen dié van Jacques Lacan op wie se werk sy voortbou:

The semiotic can justifiably be claimed as Kristeva’s original contribution to contemporary critical thought; it should be stressed again that, for Kristeva, the semiotic is only intelligible in relation to the symbolic, a term adapted from Lacan’s work ... Whilst she remains faithful to Lacan’s linguistic interpretation of the symbolic, Kristeva also departs substantially from Lacanian ideas, proposing a re-evaluation of the semiotic-symbolic relationship. According to Kristeva, the symbolic, like the semiotic, indicates a dimension of language as well as a stage in the subject’s psycho-sexual development.

Die kritiek op Kristeva se denke sentreer dan ook volgens Schippers (2011:32) veral om die manier waarop die verhouding tussen die semiotiese en simboliese vertolk is, byvoorbeeld deur Diana Coole en Judith Butler. Butler se beswaar is volgens Schippers (2011:32) dat die semiotiese as ekstern tot die kulturele sfeer voorgestel word en ondergeskik sou wees aan die simboliese. Die hegemoniese posisie van laasgenoemde maak dit immuun teen ondermyning. Schippers (2011:33) wys daarop dat Butler se beoordeling van die tweedeling semioties-simbolies gegrond is op ’n beskouing van Kristeva se denke grootliks vanuit die ontwikkelingssigologie. Volgens Schippers (2011:33) behoort die semiotiese en die simboliese eerder as wedersyds konstituerend gesien te word, waarby albei kante die funksionering van die ander kant genereer en fasiliteer:

¹¹ Kristeva (1980) verwys hier self na Husserl. Schippers (2011:28) vestig die aandag op Husserl se rol in die ontwikkeling van Kristeva se denke: “Furthermore, the symbolic, according to Kristeva, is initiated with the thetic break, Husserl’s term that Kristeva applies to the subject’s psycho-linguistic development”.

¹² “The symbolic (*le symbolique*), as opposed to the semiotic, is this inevitable attribute of meaning, sign, and the signified object for the consciousness of Husserl’s transcendental ego. Language as social practice necessarily presupposes these two dispositions, though combined in different ways to constitute *types of discourse*, types of signifying practices.” (Kristeva 1980:134). Oor die semiotiese sê Kristeva (1980:133) onder meer die volgende: “Plato’s *Timaeus* speaks of a *chora* ..., receptacle ..., unnamable, improbable, hybrid, anterior to naming, to the One, to the father, and consequently, maternally connoted to such an extent that it merits ‘not even the rank of syllable’”.

Hence, to suggest, as Butler does, that the symbolic configures the semiotic neglects the symbolic's dependence upon the semiotic, which manifests itself primarily through the inscription of drive energy into the symbolic ... Thus, without the semiotic there is no language, meaning or subject. A more fruitful way of utilising Kristeva's ideas has been proposed by Lechte and Margaroni; they suggest that the relationship between the semiotic and the symbolic is more accurately one of antagonism, which they describe as 'reciprocally deconstructive' ... where each element of the signifying process puts the other under erasure [...] Butler's developmental reading of the semiotic-symbolic relationship fails to consider the generative function of semiotic negativity, as well as the deconstructive nature of the semiotic-symbolic relationship. (Schippers 2011:33-34)

Die semiotiese woon dus onder een dak saam met die simboliese, soos Mattheüs in die huis van sy vader, waar hy in sy geslotte kamer (sterk kontrasterend met die vader se studeerkamer)¹³ in 'n staat van prelinguistiese beswyming op bakenlose pornografie-reise gaan en later, in weerwil van die uitdruklike vaderlike verbod, toelaat dat sy minnaar by hom intrek.¹⁴

Kristeva (1980:141) wys daarop dat die semiotiese te make het met "the drives' register of a desiring body, both identifying with and rejecting a community (familial or folk)". Die effek van die semiotiese wig wat ingedryf word in die simboliese orde is "that any ego recognizes its crisis within it" (Kristeva 1980:141). Benjamin is volgens die siening van die patriargaal-religieuse sisteem waarbinne hy staan die "verteenvoordiger" van God in sy huis, en dit skakel ook met die transendentale beheer oor taal wat hier van binne aangevreet word. Kristeva (1980:140) brei soos volg hieroor uit:

This means that if poetic economy has always borne witness to crises and impossibilities of transcendental symbolics, in our time it is coupled with crises of social institutions (state, family, religion), and, more profoundly, a turning point in the relationship of man to meaning. Transcendental mastery over discourse is possible, but repressive; such a position is necessary, but only as a limit open to constant challenge.

Soos in *Ek stamel ek sterwe*, waar Konstant se reaksies en besluite sterk verband hou met sy verset teen die vaderlike gesag en dit wat in die verlengde daarvan staan, is Mattheüs in *Wolf, wolf* deurentyd op sy vader gerig, hetsy nabootsend of in stryd met hom en dit waarvoor hy staan. Benjamin, die patriarg en suksesvolle Afrikanersakeman, wil die hef in die hand hou, selfs na sy dood deur sy testament – die grootste en finale "uitsluiting" van die seun as ondermynende teenwoordigheid onder sy dak.¹⁵ Hy probeer ook enduit 'n "[t]ranscendental

¹³ Mattheüs se kamer, soos deur Jack beleef, kontrasteer nie net met die studeerkamer spesifiek en die res van die huis in die algemeen nie, maar vertoon ook iets van die *chora*: "In Matt se kamer is hy op sy tuissie. Dis heeltemal anders as die res van die huis waar elke ding sy plek het, elke ding sus en so uitgesoek om die Kaaps-Hollandse buite- en binne-argitektuur te komplementeer. Agter Matt se toe deur, definitief bot toe, brand daar slegs die een lae lamp. Die gordyne is ook toegetrek. Eerlikwaar, as hy daaraan dink. Nee, hy kan nie eens sê watter kleur die mure in Matt se kamer is nie. En altyd met 'n frisson van seks wat daar hang" (Venter 2013:124).

¹⁴ Hierdie hardvogtige en inderdaad hipokritiese heteronormatiewe verbod weerklink met onthutsende herkenbaarheid: "Maar een ding wat jy mooi moet verstaan, en Pa moet dit nou maar sê. Ek was nog altyd eerlik met jou, Mattheüs. Ek wil nie hê dat jy en Jack in hierdie huis inkom en saamslaap of watter onnoembare dade julle ook al aanvang nie. Dis julle besigheid. Maar nie in my huis nie. Dit sal ek nie toelaat nie. Dit druus teen my beginsels in. Ek glo vas dis nie die manier hoe die mens gemaak is om te lewe nie" (Venter 2013:48).

¹⁵ Mattheüs se skok oor die testament, dat hy in der waarheid byna onterf is, is tasbaar in die stortvloed verbysterde gedagtes wat volg op die onthulling (vgl. Venter 2013:223; 227; 231; 240).

mastery over discourse” handhaaf deur die maak van bandopnames waarby hy nie direk gekonfronter word met die destabiliserende (“queering”) teenwoordigheid van sy gespreksgenoot¹⁶ en sy eie emosies nie (vgl. Venter 2013:80). Dit is inderdaad onder meer die manlike taalgebruik van Benjamin en sy sekure handtekening as produk van daardie manlikheid, wat Mattheüs van jongs af imponeer. Hy het byvoorbeeld sy pa se handtekening al, onsuksesvol, probeer naboots (Venter 2013:14). Dis daarom dat die aftakeling van hierdie singewende baken deur kanker hom diep raak. Ofskoon Benjamin intussen reeds blind geword het as gevolg van die siekte, is dit spesifiek die aantasting van dié se stem en taal wat Mattheüs met ontreddering waarnem: “Net in die laaste tien dae of so het die stem, altyd gerond en gelade met aksentuerings en stembuigings so eie aan pa, plek-plek begin verskraal. ’n Woord val uitmekaar, sê byvoorbeeld die ‘r’ in doringsboom, en word stomper, ontdaan van uitdrukkingskrag. O, hy wou sterwe toe hy dit die eerste slag agterkom. Sy pa, ag, hy wou hom teen hom vasdruk” (Venter 2013:13). Ná sy pa se dood, selfs nadat die wysiging van die testament bekend geword het, is die ingesteldheid op die vader en sy orde steeds daar:

En tog is dit die standvastigheid van daardie wêreld wat hom op ’n snaakse, byna afstootlike manier sekuriteit gegee het en wat hy nou so mis, noudat sy pa seker gemaak het dis van hom weggevat, seker wou maak dat dit ná sy dood nie meer staan as sy seun se fondament nie; Mattheüs kwalifiseer nie meer daarvoor nie, sou hy sê, hy kón, maar hy het sy keuse gemaak, nou staan hy op sy eentjie. En hy ween daaroor, nie openlik met sigbare tranen nie, maar diep binnekant, ’n druppende inwendige wond. (Venter 2013:241)

Mattheüs is geweeg en te lig bevind deur die vader-patriarg. In bestaande lesings van *Wolf, wolf* word wat betref die verhouding tussen Mattheüs en sy vader/erfenis tereg gefokus op die verlies van blanke voorreg (want Mattheüs verloor uiteindelik die huis en hy en Jack word haweloos gelaat), maar as ’n mens die saak bekyk teen die agtergrond van Kristeva (1980) se teoretiese redenasie, volg die vasstelling dat dit hier duidelik óók oor iets meer grondliggend en verrekend gaan: die dreigende vervaging van sin(gewing).

Naamgewing speel ’n belangrike rol in *Wolf, wolf*, en daardeur word nie net die wisselwerking en worsteling tussen die simboliese en die semiotiese opgevoer nie, maar die aandag op taal en betekening as sodanig gevestig. Die dinamika van naamgewing setel daarin dat name idealisties is,¹⁷ dat dit deterministies wil wees – orde wil bring en perke wil stel – maar dikwels in die lewenspraktyk nie waar gemaak (kan) word nie. Daar is in heelwat resensies by naamgewing stilgestaan. Rossouw (2013:6), byvoorbeeld, wys daarop dat “Benjamin” in Hebreeus beteken “seun van reg”. Dit roep die wettiese op en spesifiek, volgens Rossouw (2013), die ironie dat hierdie man wat alles reg en volgens die Wet gedoen het, tog gefaal het in die belangrikste gebod, naamlik dié van die liefde, soos Mattheüs trouens uiteindelik self ook besef (vgl. Venter 2013:231). “Mattheüs” is Hebreeus vir “Geskenk van God”, wat, aldus Rossouw (2013), die leser attent maak op die feit dat Benjamin sy gay seun nie volkome kan aanvaar en liefhê nie, en die ironie dat hy in sy sterwensdae die geskenk van liefde huis van hierdie kind van hom ontvang, sonder om dit genoegsaam na waarde te skat. Dít ten spyte daarvan dat Mattheüs op ’n manier wat die gelowige vader se hart eintlik sou moes versag, ná vier jaar van leeglê en geldverkwisting in die buiteland soos die verlore seun teruggekeer het huis toe. Wat die naam “Jack” betref: Dit roep, gegewe die Hebreeuse betekenisassosiasies

¹⁶ “The semiotic activity ... introduces wandering or fuzziness into language” (Kristeva 1980:136).

¹⁷ Byvoorbeeld as die kind vernoem word na ’n suksesvolle persoon, of as die naam iets mooi, deugsaam, edel, ens., beteken.

wat “Jakob” besit, byvoorbeeld volharding en worsteling op. Jack staan trouens tussen (die wêreld van) Mattheüs en (dié van) Benjamin – “tussen die grensgefikseerde vader en die grenslose seun” (Rossouw 2013:6). Volgens Rossouw (2013) volhard Jack lank in die hoop dat Mattheüs uiteindelik sal tuiskom binne die geborge ruimte van die familiewoning (wat aan Mattheüs bemaak sou word en wat Jack self nooit as kind geken het nie) en ’n hegte liefdesverhouding.

Dis dan ook Jack wat beweging in die stagnante en onderdrukkende situasie probeer bring deur by Mattheüs in te trek gepaardgaande met die introduksie van die wolffiguur as verteenwoordigend onder meer van die “bedreiging” wat manlike seksualiteit in sy primitiewe gedaante inhou (Degenaar 1988), asook die wolwespel,¹⁸ spesifiek die onheilspellende kinderspel “Wolf, wolf, hoe laat is dit?”. Hy daag by die Duikerwoning op vermom as wolf – ’n skynbaar verspotte handeling – en oorreed Mattheüs om Benjamin se verbod te oortree deur hom daar toe te laat,¹⁹ en later, as Mattheüs die huis verloor het, verpes hulle twee saam die nuwe eienaars met ’n speletjie (toktokkie/ “ring and run”) waarby hulle voor die CTV-kamera in wolwegewaad verskyn terwyl hulle herhalend roep “Wolf, wolf, hoe laat is dit?”. Hierdie transgressieve en inderdaad irrasioneel-ekstatiese²⁰ spel skakel eweneens met die semiotiese, spesifiek ook met die talige aspek daarvan:

Childrens’ counting-out rhymes, or what one calls the ‘obscene folklore of children,’ utilize the same rhythmic and semantic resources; they maintain the subject close to these jubilatory dramas that run athwart the repression that a univocal, increasingly pure signifier vainly attempts to impose upon the subject. By reconstituting them, and this on the very level of language, literature achieves its cathartic effects. (Kristeva 1980:143)

Die feit dat twee volwasse mans in die onderhawige roman die kinderspel “Wolf, wolf” speel, is ’n besonder treffende dramatisering van die manier waarop die simboliese deur die semiotiese aangevreet kan word. Dit werk ook vervreemding by die leser in die hand.

2.2 Van retorikus na stilis

Teen hierdie agtergrond en met spesifieke verwysing na die seun se voortdurende stryd teen die vader, is ’n verdere onderskeid wat Kristeva (1980) tref van belang by die lees van *Wolf, wolf*, naamlik tussen die *retorikus* en die *stilos*, wat hoofsaaklik op die outeursrol betrekking het maar uiteraard (ook) teksinterne manifestasies en verteenwoordigers het. Dit is verder belangrik om daarop te let dat Kristeva (1980) se gebruik van hierdie begrippe nie lynreg strook met die meer algemene hantering daarvan nie.²¹ Van Schalkwyk (2009; 2013) se

¹⁸ Vergelyk Nel (2015) se verhelderende analise van die spelelement in *Wolf, wolf*, veral die spel van manipulasie.

¹⁹ Een van die genietinge van *Wolf, wolf* is die manier waarop Jack (“Wolfie”) se aankoms by die Duikerwoning en die spel daar rondom voorgestel word (vgl. Venter 2013:158-160), waarby nabootsing duidelik vooropgestel en geproblematiseer word, byvoorbeeld: “Daar is iets aan die harigheid van die hondehare en die koddige immobiele staar van die donker gaatjesoö wat nie heeltemal reg lyk nie. En waar’s die res van die hond-watsenaam se lyf? Hy weet wie’s dit voordat die hees, gemaakte stem oorkom” (Venter 2013:158).

²⁰ Die spel maak ’n “ongeduldige lus” (Venter 2013:255) by Mattheüs wakker. Dit gaan met “buitewestelike opgewondenheid” (Venter 2013:160) gepaard.

²¹ Dit geld ook wat betrek aan die hantering van die begrippe “simbolies” en “semioties” (Kristeva 1980).

ondersoek na die retorika in bepaalde werke van Venter gaan uit van die “klassieke” begripsbepaling, soos hanteer in *Retorika Studies*, maar dit het wel raakpunte met Kristeva (1980:138) se aanwending daarvan:

Here we must clearly distinguish two positions: that of the rhetorician and that of the writer in the strongest sense of the word; that is, as Céline puts it, one who has ‘style’. The rhetorician does not invent a language; fascinated by the symbolic function of paternal discourse, he *seduces* it in the Latin sense of the verb – he ‘leads it astray,’ inflicts it with a few anomalies generally taken from writers of the past, thus miming a father ... but not to the point of leaving cover.

Oor die stilis merk Kristeva (1980:139) die volgende op:

The stylist’s adventure is totally different; he no longer needs to seduce the father by rhetorical affectations. As winner of the battle, he may ... assume a different discourse; neither imaginary discourse of the self, nor discourse of transcendental knowledge, but a permanent go-between from one to the other, a pulsation of sign and rhythm, of consciousness and instinctual drive [...] Stylists ... sound a dissonance within the thetic, paternal function of language.

Die oueur as nabootsende “retorikus”, “performing literary tricks” (Kristeva 1980:139), is wel deurlopend aktief in die werk van Venter, soms meer as wenslik. Veral in *Horrelpoot* voer die “retorikus”, soos beskou deur Julia Kristeva (1980), dalk nog die botoon, in besonder ten opsigte van die mimetiese verhouding met die vaderteks *Heart of darkness*, maar tog, soos Van Schalkwyk (2009) aantoon, slaag Venter hierdaarin om sy roman te laat groei tot moedige “dissonante” uiting (soos gedefinieer deur Theodor Adorno), wars van die verwagtinge van die kultuurindustrie en gerig op harde hedendaagse werklikhede waarvoor ander liever terugdeins – dis huis hierdeur dat katarsis in die hand gewerk word. In ’n vroeëre hoogtepunt *Ek stamel ek sterwe* (1996) is die “behoeftige” retorikus dalk wel teenwoordig in die verhullingspel rondom Vigs en gay identiteit en die kniebuiging voor die plaasromantradisie, maar soos Van Schalkwyk (2013) aanvoer, setel die waarde van hierdie roman ten dele huis in die Trojaanse Perd-tegniek as gekose retoriiese strategie; ook deur die aktivering van kontemporêre genderdiskoerse en die klandestiene aansluiting by ’n marginale dog vreesloos-subversieve internasjonale rigting in manlike artistieke uitinge à la Duchamp, bewerkstellig hierdie diasporiese roman, veral danksy die stilistiese kragtoer van die slot, ’n literêre daad van grensoorskryding en word ’n (be)vestiging van gay subjektiwiteit op resonante wyse in die vooruitsig gestel (vgl. Van Schalkwyk 2013). In *Santa Gamka* (2009) is die grondslag vir onboetvaardigheid (ten opsigte van gender en seksualiteit) en vir ontkoming aan beperkinge en vervolging – in weerwil van of neffens die “wettiese” – met doelbewuste gebare gelê (vgl. Van Schalkwyk 2011), en hierdie doodluiterse aanpak word in *Wolf, wolf* verder gevoer.

Hierdie roman resoneer met *Ek stamel ek sterwe* in die sin dat táál hier die orhand kry en aan die beperkinge van die fiksionele wêreld en die karakters verbystreef. Dis die stilis wat hier seevier, terwyl ons die retorikus, beliggaam deur Mattheüs, nog aan die worstel sien, hom enduit sien rondtas in die duister gegewe sy vrugtelose pogings om die vaderlike guns te wen en iets van sy lewe in die formidabele skadu van laasgenoemde te maak (vgl. Venter 2013:13; 98; 99; 151): hy verloor uiteindelik dan ook die klein besigheid wat hy op die been gebring het met geld van sy pa wat hy lank, amper pateties, gehuiwer het om te vra.

Soos *Ek stamel ek sterwe* se retoriiese meriete²² uiteindelik nie lê in wat dit aktivisties met betrekking tot Vigs-bestryding vermag nie maar eerder stilisties, onder meer ten opsigte van die inweef van Vigs in die Afrikaanse letterkundige kanon (vgl. Van Schalkwyk 2013), is *Wolf, wolf* se verdienste nie in die eerste instansie geleë in wat dit direk oor byvoorbeeld die verhouding tussen vader en seun en pornografie-verslawing meedeel nie, maar die vaardige diskursiewe spel wat hier rondom gespeel word. Hierdeur wen die perspektiewe op hierdie temas wat uiteindelik uit die verf kom juis aan diepgang.

3. IN- EN UITSUITING: TEMATIES EN TEKSTUEEL

In *Wolf, wolf staan weeg* (en daarmee saam die *weegskaal*)²³ en *in- en uitsluiting* vanuit die staanspoor sentraal. In die openingsin kom Mattheüs “ingestap met die skinkbord kos vir sy pa wat besig is om te sterwe” (Venter 2013:5). Die seun voer iets in die mou, naamlik om sy pa oorreel te kry om vir hom ‘n vet tjek te gee sodat hy sy eie besigheid op die been kan bring, en daarom is “[e]lkke woord van sy versoek … gesif en geweeg, en vir middagete is daar tamatie-en-lamsbredie, sy pa se gunsteling” (Venter 2013:5). Benjamin ry hierdie “verleidingspel” van die seun in die wiele deur hom voor te spring met die oorwig van ‘n onverwagse teenversoek, naamlik om “[s]ommier nog vanmiddag” (Venter 2013:7) geskuif te word na sy studeerkamer²⁴ (sodat hy sy laaste dae daar kan deurbring): “Dis nie net oor die boeke dat Pa soontoe wil trek nie, dis oor die sfeer van die vertrek. ‘n Sigaaragtige, manlike sfeer, ‘n binnesfeer, jy is iewers as jy daar is” (Venter 2013:9). Die tema van nabootsing word ook dadelik gesuggereer as daar bygesê word dat die studeerkamer lyk soos die een in *High Society*, waar Frank Sinatra en Bing Crosby ‘n Cole Porter-lied sing: “Bietjie afgekyk” (Venter 2013:9). Die studeerkamer met sy gewigtige manlike sfeer is “die vertrek in die huis wat hy [Mattheüs] die meeste vermy het as Pa daar was, waar hy die meeste gaan snuffel het as Pa nie daar was nie” (Venter 2013:11). Hy het hom by sulke geleenthede voorgestel “hoe hy dit gaan herinrig” (Venter 2013:11) as dit eendag syne word. Die studeerkamer word verteenvoerdigend van Mattheüs se vader en die verwikkeld, teësinnige gerigtheid op hom.²⁵

Een van die mees onthutsende passasies in die roman, waarin Venter as stilis triomfantelik na vore tree, volg waar ‘n herinnering uit Mattheüs se kinderde, wat juis op die studeerkamer betrekking het, opgeroep word en waarin die verband tussen taal en ego uitgelig en die tema in- en uitsluiting kragtig gevestig word:

Hy’t eendag sonder klop ingestap gekom by die haloop dubbeldeur en Pa en oom Diek Smuts, ook karverkoper, het sulke lekker skunnige goed opgedis, hulle dasse was losgetrek, moue kwartpad opgerol oor beharde voorarms (Pa s’n), baadjies uitgetrek en opgehang aan die rak met krulhake links as jy inkom by die dubbeldeur, die kop van die springbokram regs van die deur, gemonter teen die roomwit muur.

²² Bedoelende – kragtens die klassieke beskouing van die retorika.

²³ Dit slaan op die ewewig wat in Jungiaanse terme bereik moet word deur teenpole te balanseer, maar ook dreigende verlies, in die sin van: in die weegskaal staan.

²⁴ Ten opsigte van die spanning tussen die simboliese en die semiotiese is dit belangrik dat die vader van die slaapkamer na die studeerkamer verskuif wil word.

²⁵ “Hy wat ingestel is op Pa se álles verstaan die aksie: die versoek het ‘n bevel geword. Ingegee met al die kragdadigheid, of sagter gestel, die gesag van ‘n man wat gedurende sy lewe kon hiet en gebied en sy personeel, tot vyf-en-twintig eenslag as hy reg onthou, het geweet wie praat dan en in hierdie einste huis het gestaan verordeninge en opdragte, ‘ omdat ek vir julle lief is’, om te sorg dat die twee kinders uit sy saad op die smal, reguit pad bly” (Venter 2013:8).

Pa het in die praat opgehou en sy seun aangekyk. Hy kon toe enigiets vir hom gesê het. Sy mond was oop met die woorde wat daarin hang. Minagtig, enigiets fels. Dis nie uitgespreek nie, hy sal nooit weet wat dit was nie. Net: hy's nie die kring binnegelaat nie. Ag my magtig, hy's mos groot genoeg, Bennie, sê oom Diek toe. Oom Diek het die punt gemis. Dit het nie om *groot genoeg* gegaan nie. Sy pa wou hom binnelaat, wou dat hy sy tasbare sjarme ervaar, sy drif en deursettingsvermoë en beginselvastheid, alles wat sy manlike ego gekonstitueer het, maar soos by 'n dier het instink hom daarteen gewaarsku: jy't hier met 'n anderster soort skepsel te make. Dit was alles op sy tong, in sy blik: sy seun, uit hom, sy vlees en bloed. Hoe, liewe Here, het dit dan so gekom? (Venter 2013:10-11).

Veral die oomblik van betreding, as die vaderlike blik ("gaze") amper Lacaniaans²⁶ op die seun val, word aangebied met 'n sterk vervreemdingseffek wat verkry word deur die uiterste presisie van waarneming en beskrywing, heel gepas gegewe die klem wat hier, en deurlopend in die roman, op die sintuiglike in die algemeen en kyk (die visuele) in die besonder val en wat onder meer verband hou met die swaai in die rigting van "representational accuracy" wat Toth (2010:4) toenemend in eietydse letterkundige werke waarnem en verder ook mag herinner aan bepaalde ontwikkelinge in die eietydse figuratiewe skilderkuns.

3.1 Post-realistiese presisie

Post-realistiese skilderkuns,²⁷ wat onder die noemer "Exactitude" tuisgebring kan word, streef in Ricoeur (1991) se terme nie (meer) reproduktiewe referensie na nie maar wel produktiewe referensie:

For too long the philosophical legacies of realism have struggled to define representational painting. 'Exactitude' enables us to focus on what remains in the aftermath of Realism, Photorealism, Superrealism. These were issues for Modernists, not Post-Modernists. Exactitude presents a particular intensity of vision in a contemporary framework that is finally liberated from a troubling relationship with objective reality. (Head 2009:19)

Anders as in bepaalde vorme van fotorealisme wat pretensies vertoon "towards an objective realism through distancing the artist from his or her subjective vision" (Head 2009:11), belê kunstenaars wat hul by "Exactitude" tuis voel soveel onverdeelde aandag, tyd en persoonlike geskiedenis in die kreatiewe proses "that these paintings take on a special human density" (Head 2009:16):

The paintings are made with remarkable care. To invest such care into the painting of an object, figure or landscape is indicative of a compulsion to pursue an ideal. The act of painting is invested with morality. It is a desire to substantiate the integrity of the artist

²⁶ Die blik hou verband met onder meer magsrelasies en identiteit. Deur die blik van ander word ons bewus van ons nie-outonome status en hierdie besef speel 'n belangrike rol ten opsigte van selfregulerung en die konstruksie van die selfbeeld.

²⁷ Ek betrek hierdie type skilderkuns by die bespreking van *Wolf, wolf* welwetende dat daar verskille tussen verbale en visuele tekste bestaan. Die breë kuns- en kultuurgeskiedenis leer egter dat verskillende kunsvorme en -uitinge dikwels groter samehang binne 'n bepaalde era toon en vanuit gemeenskaplike dryfvere tot stand kom. Die diskfers oor skilderkuns wat onder die noemer "Exactitude" byeengebring word, brei die woordeskat wat aangewend kan word om verhelderend oor hierdie roman te skryf op konstruktiewe maniere uit. Ek wend hierdie diskfers oor "Exactitude" metafories aan. Daar word geen direkte verband met *Wolf, wolf* gesuggereer nie.

through a measured process of achieving an uncompromised level of resolution. Any less would be false. (Head 2009:16)

Hierdie kuns stel buitengewone hoë standarde ten opsigte van skilderkunstige bemeesterding, gerig op “commitment, passion and self-expression” (Head 2009:11). Dit is nie gewortel in ironiese sosiale kommentaar nie, maar in “the details of existence, and its meaning is all the more profound for being rooted in truthfulness. It is a contemporary art of invention, specificity and timelessness” (Head 2009:19).

Daar is 'n sterk verband te trek tussen hierdie ontwikkeling in die visuele kunste (in die rigting van “Exactitude”) en wat Susan Sontag (2005) in 'n laat essay getiteld “At the same time ... (the novelist and moral reasoning)” met betrekking tot gekonsentreerde aandag in die letterkunde sê. In die eerste instansie is van belang dat Sontag (2005:6) letterkunde beskryf as “[that which] incarnates and defends high standards”. Ons leef egter in 'n tyd waarin hoë artistieke standarde met agterdog bejeën word: “The greatest offence now, in matters both of the arts and culture generally ..., is to seem to be upholding some better, more exigent standard ... which is attacked, both from the left and the right, as either naïve or (a new banner for the philistines) ‘elitist’” (Sontag 2005:10). Verder: Wat die letterkunde volgens Sontag (2005:14) sê en moet kán sê, is: “[T]his is the important story. It is to reduce the spread and simultaneity of everything to something linear, a path”. Daar moet dus besluite geneem word oor wat om in en uit te sluit, en hoeveel gewig aan die geselekteerde gegee word. Van deurslaggewende belang by hierdie noodsaaklike, ingeligte daad van seleksie is dus ook aandagtigheid: “To be a moral human being is to pay, be obliged to pay, certain kinds of attention” (Sontag 2005:14). Die besondere waarde van letterkundige werke lê vir Sontag (2005:11) in die stemme van ander, nie ons eie nie, wat vertel van gekonsentreerde aandag aan 'n stuk werklikheid. Dit is vir haar “one of the resources we have for helping us to make sense of our lives, and make choices, and propose and accept standards to ourselves” (Sontag 2005:11). Die gesaghebbende stemme van ander “make up that great body of work which educates the heart and the feelings and teaches us to be in the world, which embodies and defends the glories of language (that is, expands the basic instrument of consciousness): namely literature” (Sontag 2005:11). 'n Roman is die produk van *seleksie* én intense *belewing* van 'n werklikheid, nie *die* (hele) werklikheid nie.

Wolf, wolf is 'n roman wat groei uit en gestalte gee aan 'n eie siening van die werklikheid en put onder meer uit persoonlike belewenis, soos byvoorbeeld *Ek stamel ek sterwe* wat onderlê word deur eie ervaring van Venter onder meer met die verlies van 'n geliefde aan Vigs. Oor hierdie aspek van *Wolf, wolf* sê Venter in 'n onderhou met Ritchie (2015b):

I always draw on my own life experiences and I keep journals. I write down things that I've witnessed or things that I've experienced myself – for example, my own experience with pornography. Over the years I've made notes about that. And so I use that in building a character, and then of course you fictionalise, you add and you subtract, and notes that I've made on myself, and maybe three other people are combined, and then it's all worked into one character. And that's how I work.

Dit is dalk juis hierdie inborende blik van die skrywer²⁸ wat hierdie roman in ons (post-) postmodernistiese tydsgewrig internasionaal laat byval vind, ook, en dis belangrik, binne die

²⁸ Hier sou moontlik 'n verband gelê kon word met wat Farber (1962) beskryf as tonnelende termietekuns wat sy pad aftas deur “walls of particularization”.

sfeer van die populêre kultuur. In hierdie verband spreek Evan Ritchie (2015a) waardering uit vir die boeiende manier waarop tydige sowel as universele temas hier ondersoek word, byvoorbeeld die konflik tussen generasies, tussen vader en seun, en die realiteit van die sosiale media en internetpornografie. Volgens hom is Mattheüs se verhaal “a slice-of-life tale punctuated by psychological and occasionally physical brutality. The desperation of his porn addiction is painted in graphic, textured detail. The rhythm of his compulsion is depicted with intense clarity borne out of many years of research”, en sluit af: “Visceral, and at times extremely difficult, *Wolf, Wolf* is a story of this age and asks us to examine the cultural baggage we each carry”.

Teen hierdie agtergrond kan gekyk word na die eerste uitgebreide beskrywing in *Wolf, wolf* van 'n pornokyksessie (Venter 2013:34-37) waartoe Mattheüs hom wend nadat hy sy vader nog 'n keer dienswillig versorg het, aangedryf deur “[d]ie pyn van ... [sy] drange ... tot anderkant alle rasionele denke”. In sy kamer, “[d]ie gordyne altyd pottoe en in die blourige skynsel van sy komputer, altyd aan” (Venter 2013:34), swerf hy soos sy gewoonte is in 'n toestand van outomatisme van die een webwerf na die volgende, sink weg in slaap en word weer wakker om onwillekeurig te hervat en “loop die hele ritueel op die skerm nog 'n keer ... deur totdat sy kop lig word, sy liggaam koud van uitpersende sweet, die vloeistof wat hy nog kan produseer dun en waterig en hy swewe maar steeds deur, deur, die beeld nie meer op die skerm nie maar ingebrand op sy retina, ingegee aan sy brein ...” (Venter 2013:36). In opeenvolgende passasies, verspreid deur die roman, word dan verder in hierdie pornografiesessies gedelf.

3.2 Die belangrike verhaal: pornografie-verslawing

Om pornografie-verslawing uit die totale aanbod van hedendaagse werklikheidsaspekte te selekteer en daarvan te sê “*this is the important story*” (Sontag 2005:14), en dit dan ook nog met indringende aandagtigheid oop te skryf, is 'n potensieel ongemaklike saak. Nel (2015:198) koppel pornografie aan die abjekte en merk op: “deur die eksplisiete beskrywings van Mattheüs se pornografiese bedrywighede maak hy van die leser 'n voyeur wat gedwing word om te kyk na dit wat onbehaaglik is”.

Dit is algemene kennis dat miljoene mense wêreldwyd internetpornografie verbruik, maar tog bly pornografie een van die laaste groot taboes en is dit 'n tema wat nie by kiese gesprekvoering geduld word nie. Pornografie aktiveer dan ook onmiddellik die grens tussen die private en die publieke, openheid en geslotenheid, dit waарoor gepraat/geskryf en nie gepraat/geskryf (sou) word nie, en die verband met die sensuele, die erotiek, erotiese kuns asook die wet/Wet.²⁹ Die algemene opvatting oor pornografie is dat dit 'n euwel is: dat dit, deur die (veronderstelde) mens-negerende objektivering van die liggaam, minagt van die vrou en seksuele geweld bevorder en dat diegene wat hul brood daardeur verdien, uitgebuit en verneder word. Die vraag wat egter ontstaan, is of dit anders gesteld is in gay pornografie, waar vroue merendeels nie betrokke is nie. Trouens, die betreklik onderbeligte geskiedenis van die representasie van die manlike liggaam in die kuns- en kultuurgeschiedenis het naas bepaalde ooreenkoms met dié van die vroulike (vgl. Berger 1978:45-64), 'n unieke verloop

²⁹ 'n Regsdefinisie van pornografie is byvoorbeeld die volgende (van die Ohio Appèlhof, City of Youngstown vs. DeLoreto (VSA, 1969): “True art conveys a thought, a speculation, or a perception about the human condition. Pornography is the pictures of sex organs and their usage devoid of all other meaning – the personality having no place” (Legal Dictionary 2016).

(vgl. Aldrich 2006). Hierdeur word verdere vrae oor die verband tussen pornografie en welsyn (“eudaimonia”) opgeroep, en nadere ondersoek toon dat daar inderdaad al heelwat navorsing in hierdie verband uitgevoer is, spesifieker oor gay pornografie, met uiteenlopende bevindinge en perspektiewe as resultaat (vgl. Corneau & Van der Meulen 2014; Cohler 2004; Kendall & Funk 2003; Kendall 2004; Morris & Paasonen 2014; Mowlabocus, Harbottle & Witzel 2013; Rothmann 2013; Salmon & Diamond 2012). Die ondersoeksresultate oorspan ’n kontinuum vanaf (oorwegend) positief tot (oorwegend) negatief: vanaf konklusies dat pornografie bevrydend, informatief en bemagtigend is (persoonlik/eroties en “polities”) tot meer afwysende vasstellings, naamlik dat dit bloot (op meganistiese wyse) op seksuele organe en prikkeling ingestel is, die mens ontken, die kyker van die werklikheid en die medemens (spesifieker ook die minnaar/minnares) vervoer (onder meer deurdat seks binne die kapitalistiese sisteem ’n kommoditeit word) en ’n volstrek vernietigende uitwerking het, individueel en sosiaal.

Pornografie vorm uiteraard deel van die breër eietydske konteks van mediatisering. Die digitale simulakra waarmee ons daaglik te doen kry, het ons verstaan van en interaksie met die “werklikheid” ingrypend verander. Wat sterk na vore tree in navorsing oor pornografie, asook in *Wolf, wolf*, is spesifieker dan die diskursieve, en daarmee saam die temas werklikheid en mimesis. Nel (2015:198) wys in hierdie verband tereg op die volgende: “Mattheüs se inleef in die gesimuleerde wêreld van die internet kan gelees word as *mimicry*, die tydelike aanvaarding van ’n illusie in ’n (letterlik) geslote heelal in die skemerwêreld van sy slaapkamer”. Die sosiologiese navorsing oor gay pornografie wat Rothmann (2013) met ’n bykomende Suid-Afrikaanse fokus onderneem het, toon onder meer aan dat imitasie ’n belangrike rol by pornografieverbruik speel, in dié sin dat die persoon wat besig is om performatief aan sy eie seksuele identiteit gestalte te gee daarin modelle kan vind vir emulasie en uitlewing,³⁰ in die verbeelding en/of in werklikheid, maar dat dit ook tot unrealistiese verwagtinge kan aanleiding gee (byvoorbeeld wat betref liggaamlike ideale)³¹ en dat soms nooit ’n oorgang na die smee van gesonde seksuele verhoudings gemaak word nie. Camille Paglia (1994) se omstrede siening van pornografie is dat dit juis nie illusionêr van aard is nie, maar die kyker/leser konfronteer met die paganistiese grondslag van seks wat volgens haar deur die onbegrip en wanvoorstellings van die Joods-Christelike tradisie verdring is. ’n Vertoon van die naakte liggaam behoort kragtens haar beskouing as ’n viering en nie ’n vernedering nie bejeën te word, en sy konkludeer soos volg: “My interpretation of pornography is that it shows *reality* – the animal reality – of sexuality. And people who are disturbed by it are coming from the Judeo-Christian tradition that says that we must rise *above our animal side*” (Paglia 1994:16).³²

Dit is duidelik dat Venter sy “huiswerk” oor pornografie-(gebruik) deeglik gedoen het. Hy meld die volgende in ’n onderhou met Ritchie (2015b):

I did a lot of research, especially from this one guy called Norman Doidge ... He wrote a book on the plasticity of the brain, and there is a section in that book on how a segment of the brain slowly changes when a person obsessively watches pornography. I tried to

³⁰ Impulse, gedagtes en handelinge wat deur die individu as abnormaal ervaar mag word, kry binne daardie domein ’n meer aanvaarbare aanskyn.

³¹ Vergelyk in hierdie verband byvoorbeeld die volgende in *Wolf, wolf*: “Mattheüs val agteroor op die bed, strek hom uit en verpoos by ’n mansbeeld wat hy nog kan herroep: die slakkepaadjie wat die haar al in die middel van die bors afwaarts tot by die naeltjie volg, ’n droom van ’n slakkepaadjie, ’n ideaal, hý (of Jack) sal nooit so lyk of so een hé nie” (Venter 2013:182).

³² Paglia bly hier in gebreke om rekening te hou met die feit dat pornografie steeds ’n representasie is.

bring that into the open by writing about it in the most detailed and visceral fashion that I could. Then, of course, because the brain has this plasticity, it can also change back. It's not fixed.

Aspekte van navorsingsbevindinge is duidelik ingewerk by die romanmatige diskouers, byvoorbeeld waar daar by die beskrywing van 'n pornografie-sessie van Mattheüs oorgegaan word vanaf 'n betreklik direkte kyk op sy handelinge na 'n wetenskaplik-getinte besinning: "... sy brein wat plasties ná een en 'n half jaar van obsessiewe pornokyk aangepas is sodat hy daagliks sy dosis moet vat" (Venter 2013:36).

In kontras met die wetenskaplike diskouers oor seks wat by *Wolf, wolf* in die agtergrond lê, staan die tematisering van die haas grenslose manifestasies van seksualiteit in die digitale sfeer, nie net ten opsigte van internetpornografie nie maar ook tot 'n mate in die sosiale media. Kenmerkend van gesprekke op sosiale media is, afgesien van die rondborstigheid daarvan, dat dit dikwels dilettanties gevoed word deur verskillende soorte lektuur wat tydens internet-swerftogte teëgekom is. Die antwoorde wat vriende en kennisse van Jack verskaf op dié se ope vraag oor pornografie-verbruik is dan ook 'n vermenging van spontaan-voorwetenskaplike en meer "kundige" perspektiewe. Charnie, byvoorbeeld, wil weet of pornografie "ouens [is] wat hulle mambas uithaal" (Venter 2013:187), terwyl ander vriende op ingeligte wyse byvoorbeeld verwys na die illusionêre aard daarvan, weliswaar in meer alledaagse terme: "It's all in your head" en "[u]nreal" (Venter 2013:187). In hierdie gesprek kom ook ander, heel uiteenlopende, perspektiewe na vore, byvoorbeeld die genot daaraan verbonde, die inligtingsfunksie, die verterende behoefte aan altyd meer, en die moontlike fisiologiese uitwerking (byvoorbeeld erektie disfunksie in 'n situasie van werklike seks). Een van die vriende (Steve) noem inderdaad dat daar "baie lektuur" (Venter 2013:187) hieroor bestaan. Hierdie blatante gesprekvoering oor pornografie kontrasteer opvallend met Mattheüs se geslotenheid daaroor.³³

Die gevorderde vlak van Mattheüs se verslawing word bevestig tydens 'n uiteindelike uitbarsting van Jack³⁴ waarin dié 'n meesleurende betoog lewer oor en ter verheerliking van die "verhoogde vlak van sensasie" (Venter 2013:199) wat twee mense saam tydens die ekstatische liefdespel kan bereik: Tydens hierdie spel, met die dierlike as eindpunt, word die vervulling so lank as moontlik van mekaar weerhou, "aan en aan totdat elkeen volkome ontslae raak van alle gedagtes en enige aktiwiteit wat daar moontlik in die rede kan plaasvind, albei nou gehul in 'n nuwe reuk wat jou sweet dra en wat elkeen herken huis omdat jy dit nie ken nie, omdat jy dit nêrens anders ruik nie, en net dan, op daardie oomblik: die oorrompelende, alles insluitende sensasie van 'n suiwere dierlikheid" (Venter 2013:199). Jack verwyt verderaan vir Mattheüs dat hy hom wat Jack is ontoereikend laat voel omdat hy hom vir 'n pornografiese illusie verruil het. Pornografie word hier by implikasie deur Jack voorgestel in terme van passiewe mimesis, wat Van den Berg (2016:201) na aanleiding van Plato se siening beskryf as "hersenskim en nie waarheid nie". Die dierlike grondslag van seks waarmee pornografie 'n mens volgens Paglia (1994) sou konfronteer, koppel Jack dus, op retories kragtige wyse, eerder aan ware seks en bied daarmee 'n opponerende siening. Mattheüs kry dit reg om midde-in hierdie plofbare situasie selfs in te dommel en "homself uit Jack se woorde [te vat] om die skaakmat-effek daarvan te verminder" (Venter 2013:199). Hy vervang dit wat Jack beskryf

³³ "Niemand anders het dit nog gesien nie en sal ook nie. Nie Jack nie, niemand nie" (Venter 2013:79).

³⁴ Jack het self 'n verslawingsgeskiedenis en is trouens nog in geldelike skuld daaroor. In sy geval gaan dit oor dwelmmiddels (Venter 2013:212).

het, presies dus in ooreenstemming met Jack se beskuldiging, vervolgens met 'n droombeeld, wat hy egter nie aan Jack oordra nie: “‘n onlangse beeld uit ‘n pornofilm van twee Latino’s op ‘n sofa, bruingebrand op Rio se strande en golwend van spier sonder om uit proporsie te wees, en die aanpak van die hele ding, glimlaggend en speliger, dis wat hy nou onthou ... en die herinnering aan die beeld verskaf soveel plesier, die volkome vryheid waarmee daardie twee teenoor mekaar optree” (Venter 2013:199-200). Interessant genoeg teleskopeer Mattheüs hier huis die relasionele en die eudaimoniese in die gekose pornografiese toneeltjie, terwyl dit presies hierdie sake is wat volgens Nel (2015) in *Wolf, wolf* ontbreek, veral ten opsigte van Mattheüs se pornografie-verbruik.

Wat myns insiens in hierdie onderonsie opgesluit lê, is dat ons met twee (skynbaar) botsende mistifikasies van seks te make kry: die voorstelling van “werklike” seks wat Jack aan sy minnaar voorhou, teenoor die pornografia-geïnspireerde visie van Mattheüs. Uiteindelik lyk dit egter of die saak ambivalent is en dat die twee posisies nie soveel van mekaar verskil nie. Beide behels ’n intens sensuele voorstelling, ’n ideaal, en beide verteenwoordig die absolute teenpool van die onderdrukking of die ontsegging van die begeerte. Die verskil is dat Jack praat, terwyl Mattheüs ontwykend reageer (Venter 2013:200) en sy visie vir homself hou.

3.3 Die vermeende onderdrukking van (praat oor) seks

Michel Foucault (1978) stel in die eerste volume van sy meerdelige *The history of sexuality* ondersoek in na onder meer die onderdrukking-hipotese, wat daarvan uitgaan dat seksualiteit in die Weste onderdruk en gesprek daaroor gesmoor is/word. Hy verskil van hierdie gangbare opvatting en sy doel is om dit te problematiseer:

The question I would like to pose is not, Why are we repressed? but rather, Why do we say, with so much passion and so much resentment against our most recent past, against our present, and against ourselves, that we are repressed? By what spiral did we come to affirm that sex is negated? What led us to show, ostentatiously, that sex is something we hide, to say it is something we silence? (Foucault 1978:8-9)

Hy ontken nie die taboe-status van seks nie, en kwalifiseer sy standpunt in hierdie verband soos volg: “I do not maintain that the prohibition of sex is a ruse; but it is a ruse to make prohibition into the basic and constitutive element from which one would be able to write the history of what has been said concerning sex starting from the modern epoch” (Foucault 1978:12). In uitgebreide besonderhede toon Foucault (1978) aan dat daar eintlik toenemend oor seks gepraat is, aanvanklik binne die konteks van die kerklike bieg, wat die seksuele aan skaamte koppel en algaande uitgebrei het in die rigting van ander vorme van bekentenis, spesifiek die psigo-analise. Veral sedert die agtende en negentiende eeu het seks ook die objek van wetenskaplike diskwersvoering geword: “[S]ex was taken charge of, tracked down as it were, by a discourse that aimed to allow it no obscurity, no respite” (Foucault 1978:20). In beide gevalle, by die konfessionele sowel as die wetenskaplike, skakel seks met die heimlike. Seks, wat vroeër vanselfsprekend en onnadenkend beoefen is, het doelbewus getematiseer geraak as gegewe wat ten diepste saamhang met wie ’n mens is en dus iets wesenlik omtrent jou kan onthul. Homoseksualiteit, byvoorbeeld, is nie meer gesien as ’n soort gedrag nie, maar as ’n identiteit.

Seksualiteit, mag en agentskap het volgens Foucault (1978) aan mekaar verbind geraak, en hier gaan dit nie oor mag as iets wat van buite af afgedwing en teengestaan kan word, soos baie mense nog dink nie, maar eerder daaroor dat seks al meer gesien is as (vergestalting van)

mag, as instrumenteel ten opsigte van 'n suksesvolle lewe vir die individu en die samelewing.³⁵ Hierin was die opkoms van die bourgeoisie van deurslaggewende belang, maar nie op die manier wat 'n mens sou verwag nie, naamlik dat seks vir blote plesier en te veel ledige praatjies daaroor die gesonde werksetiek sou belemmer nie, maar eerder dat seks potensieel bemagtigend en dus bevorderlik vir die groei van die middelklas is, waarby die opvatting ingebou is dat seks binne die heteroseksuele huwelik met die oog op voortplanting opbouend en ander soorte seksuele uitlewing afkeurenswaardig is – maar dat laasgenoemde nietemin, of juis vanweë die skadelikheid daarvan, verder nagevors moet word omdat kennis bemagtigend is. Derhalwe is die maniere waarop oor seks diskussie gevoer word toenemend gereguleer, naamlik weg van spontane gesprek en eerder in die rigting van die wetenskaplike en die begrensde bieg-situasie sodat seksuele praktyke uiteindelik beheer kan word op maniere wat die samelewing versterk. Daar is dus nie minder oor seks gepraat nie – diskloers oor seks het in der waarheid op ongekende skaal gedy maar wel in meer gestructureerde formaat. Mettertyd is die gesprek uitgebrei na 'n hele spektrum soorte diskloers, byvoorbeeld ook die letterkunde, maar selfs hier is dit meestal steeds in toom gehou – deur die konvensies van die konfessionele.³⁶

Wat vir Foucault (1978) opvallend is, is dat dit vir ons belangrik skyn te wees om te dink dat ons seksualiteit onderdruk en gesprek daaroor gesensureer word, omdat so 'n beskouing juis nog méér gesprek oor seks stimuleer en sodoende ons kennis daaroor selfbemagtigend uitbrei. Wat spesifiek homoseksualiteit betref, betoog Foucault (1978:101) in hierdie verband:

There is no question that the appearance in nineteenth-century psychiatry, jurisprudence, and literature of a whole series of discourses on the species and subspecies of homosexuality, inversion, pederasty, and 'psychic hermaphrodisim' made possible a strong advance of social controls into this area of 'perversity'; but it also made possible the formation of a 'reverse' discourse: homosexuality began to speak in its own behalf, to demand that its legitimacy or 'naturality' be acknowledged, often in the same vocabulary, using the same categories by which it was medically disqualified.

Wolf, wolf vorm duidelik deel van hierdie openlike diskloersvoering oor dit waарoor ons eintlik nie sou praat nie juis deur die vooropstelling van pornografie as verskynsel wat 'n verdere vlak van (vermeende) swye binne die doofpot-domein van seks (sou) verteenwoordig. In 'n Australiese onderhoud oor *Wolf, wolf* stel Ritchie (2015b) aan Venter die vraag of hy dink daar moet meer oor pornografie gepraat word in die publieke sfeer. Hierop antwoord Venter: "Yeah, I think so. Why not? Everybody either watches, has watched or has stumbled across a porn site, but they don't – especially in South Africa where people are generally a little bit more conservative – people don't acknowledge it, you know? So why not talk about it? I feel that this is the first time that porn has been written about so openly, in such a fashion in a novel" (Ritchie 2015). Met hierdie roman plaas Venter gay seks en pornografie, as deel van sy "normaliserende" gerigtheid ten opsigte van hierdie sake, implisiet binne die groter domein van (die geskiedenis van en die gesprek oor) seksualiteit.³⁷

³⁵ Seks kan dus ook aangewend word om mag te verwerf of om iemand tot 'n val te (probeer) bring.

³⁶ "Rather than the uniform concern to hide sex, rather than a general prudishness of language, what distinguishes these last three centuries is the variety, the wide dispersion of devices that were invented for speaking about it, for having it be spoken about, for inducing it to speak of itself, for listening, recording, transcribing, and redistributing what is said about it" (Foucault 1978:34).

³⁷ Wat Mattheüs se hiper-seksualiteit betref, val die appel nie ver van die boom nie. Sy heteroseksuele vader Benjamin was, ten spyte van sy selfgeroemde beginselvastheid en gelowigheid, 'n rokkejaer van formaat wat sy vrou in later jare al slechter behandel het, maar sy gedrag is uiteraard,

Wolf, wolf is 'n voortsetting van wat Foucault (1978:34) beskryf as die noukeurige, stelselmatige transposisie van die seksuele, in al sy geledinge, na diskooers. Uiteindelik het hierdie proses die verste uithoek van die seksuele bereik. Pornografie blyk een van die laastes te wees. Wat *Wolf, wolf* egter demonstreer, is dat ofskoon die diskursiewe omsetting van die seksuele eksponensieel toegeneem het, die regulering van daardie diskooers in die digitale era haas onmoontlik word. Daarvan getuig Mattheüs se verslawing. Ook: Jack se indiskrete vraag oor pornografie-verbruik op Facebook, wat vir diegene wat hom ken sonder twyfel op Mattheüs betrekking het, duï op hierdie diskursiewe "bandeloosheid". Een hooflyn van Foucault (1978) se betoog, naamlik dat gesprek oor seks toenemend gereguleer geraak het, hou blykbaar vandag nie meer heeltemal stand nie, oftewel nie in alle sfere nie. *Wolf, wolf* laat die leser trouens met die gewaarwording dat dit nie net vanweë die digitale revolusie moeilik geword het om (diskooers oor) seks te beheer nie, maar dat seksualiteit, of sekere aspekte daarvan, in wese nie sommer aan bande gelê kan word nie. Juis die idee dat seks geadministreer kan word, blyk dus illusionêr te wees; die projek van die afgelope eeu om beheer daaroor te bewerkstellig, met die veilige seks-kampanje van die Vigsera as kulminasiepunt (Van Schalkwyk 2013:238), is klaarblyklik gedoem tot mislukking. Dis presies dan deur die teleskopering van die dierlike "realiteit" van pornografie dat hierdie vasstelling gemaak kan word. Die skakeling in hierdie roman tussen Mattheüs se pornografiese doenighede en die semiotiese, hou hiermee verband. Die absolute beheer wat deur die simboliese orde ook oor seksuele uitlewing én diskooers uitgeoefen probeer word, word in *Wolf, wolf* by wyse van semiotiese grensoorskrydings as onhaalbaar voorgehou.³⁸

3.4 Die "wolf": beeld van ondermyning én uitsluiting

Deur die leser in *Wolf, wolf*, soos geblyk het, met die realiteit van pornografie te konfronteer, word vreemdmaking bewerkstellig, veral gegewe die manier waarop die dierlike in hierdie roman sentraal gestel word deur die fokus op die wolf(agtige). Die wolf is dan ook beeld van dit wat volstrek ontken en uitgesluit (probeer) word, waarteen byvoorbeeld in 'n sprokie soos "Rooikappie" gewaarsku word. Pornografie, in samehang met die wolfmotief, markeer dus op 'n treffende manier die meer algemene tema van in- en uitsluiting wat in hierdie roman op die voorgrond gestel word, veral dan met betrekking tot Benjamin en Mattheüs en die stryd tussen die simboliese en die semiotiese.³⁹ Ofskoon *Wolf, wolf* waardevolle insigte oor pornografie bevat, lê die krag van hierdie werk nie soseer by wát oor pornografie gesê/getoon

heteronormatief beskou, meer "aanvaarbaar" as Mattheüs se "onnoembare [homoseksuele] dade" (Venter 2013:48). Oor sy "laaste en mooiste" (Venter 2013:40) sekretaresse, Jaydee Minnaar, het Benjamin maklik gaande geraak: "Kyk, daar was nie 'n deel van haar bene met hulle sykouse wat hy nie stilletjies bekyk het nie. Sy het dit natuurlik agtergekom. Meneer Duiker dit en dat, ene lippe en naels. En dan vat sy kamtig haar lae hals so 'n bietjie toe. Dis die meisie wat aan hom bewys het mooi beteken nie dom nie. Diek en hy, hulle twee, kon mekaar aan die brand praat oor haar" (Venter 2013:41). Hiermee word die tema van praat oor seks ook uitgelig.

³⁸ Dit word egter steeds binne die wedersyds-konstituerende spel van die simboliese en semiotiese in tâl voltrek, soos beskryf deur Kristeva.

³⁹ Die tema van in- en uitsluiting kom ook na vore in byvoorbeeld die uitsluiting wat Mattheüs ervaar ten opsigte van Benjamin en Samantha, wat deeltyds met die versorging help, en haar moeder, Antie Mary (Venter 2013:16). Op sy beurt smag Jack na insluiting in 'n familieverband met Mattheüs (Venter 2013:219), en by die begrafnis van Benjamin het hy 'n onverwagse "chora"-belewenis in die kerk (Venter 2013:212).

word nie. Die blote vooropstelling van die pornografiese is van groter belang en skakel direk met die in- en uitsluitingstematiek deur huis dit uit te lig vir diskussie: Aangesien pornografie by uitstek iets is wat 1) nog heftige in- en uitsluitingsimpulse by mense/lesers kan wakker maak en 2) ook ten opsigte van taal/diskoers taboe sou wees maar tog deur baie mense privaat geniet (en selfs publiek bepraat) word, word die tekstuele spanning tussen die "simboliese" en die "semiotiese" op die voorgrond gestel. Mattheüs se heimlike pornografie-kyk staan in 'n spanningsverhouding met die domein van die vader en taal (oftewel die taal van die vader).

Die wolf is 'n alomteenwoordige maar vermaledyde en uitgeworpe figuur in die (Westerse) mitologie en verhaalskaf (vgl. Cirlot 1971:375), en fungeer dikwels ook in daardie hoedanigheid as metafoor ("man is a wolf...", ensovoorts).⁴⁰ Alhoewel die wolf ook positiewe assosiasies mag dra, byvoorbeeld moedersorg, markeer dit gewoonlik die negatiewe (die bose), en ongewenste aspekte omtrent die self word van ouds af graag op hom geprojekteer. Die wolfmotief in *Wolf, wolf* aktiever dus ook die sondebokmotief en die "wet" wat reeds byvoorbeeld in Venter se *Santa Gamka* verken en deur Van Schalkwyk (2011) ondersoek is met verwysing na die filosofiese denke van Giorgio Agamben.

Binne die konteks van die dieptepsigologie word die wolf geassosieer met die (argetype van die) skadu wat die mens agtervolg, en sy boerplek is die (Kollektiewe) Onbewuste. Jung (1990:20-21) wys in hierdie verband op die volgende:⁴¹

The shadow is a living part of the personality and therefore wants to live with it in some form. It cannot be argued out of existence or rationalized into harmlessness. This problem is exceedingly difficult, because it not only challenges the whole man, but reminds him at the same time of his helplessness and ineffectuality. Strong natures – or should one rather call them weak? – do not like to be reminded of this, but prefer to think of themselves as heroes who are beyond good and evil.

Ten einde psigiese heelheid en ewewig te bereik, moet die skadu egter geïntegreer (ingesluit) word.⁴² Hiermee hang saam dat die wolf ook dikwels die rol van triekster speel. Die doel van die triekster is om te destabiliseer maar ook te waarsku. Hieroor merk Hopcke (1999:122) die volgende op: "Jung notices that the shadow may have much in common with the psychology of the Trickster in the way its existence continually upsets the balance of ego-dominated consciousness, giving the lie to our conscious intentions, playing painful pranks on our lofty self-importance, and thereby providing the impetus for transformation and change". Die triekster is 'n dinamiese figuur, "greeted with delight and anxiety, powerful when on our side,

⁴⁰ Wat betref Venter se *Wolf, wolf* merk Amid (2014) in hierdie verband op: "The following Latin saying holds particular sway as organising axiom: 'Homo homini lupus est', meaning 'man is a wolf to (his fellow) man, sometimes translated as 'man is man's wolf', interpreted as a way of saying that men prey on one another."

⁴¹ Ofskoon die artistieke teks nie noodwendig netjies sluit nie en die leser dan ook nie sluiting hoof en behoort af te dwing nie, moet die letterkundige leser wel let op die sluiting van sy teoretiese raamwerke. Wat betref die verband tussen die Lacaniese raamwerk, waarop Kristeva voortbou, en dié van Jung, is daar wel voldoende versoenbaarheid. Hieroor merk Samuels (2003:33) bv. die volgende op: "A case can be made for regarding Lacan's theory as compatible with that of Jung. Lacan's Symbolic and Imaginary orders may be aligned with Jung's archetypal theory (collective unconscious) and personal unconscious respectively. The Symbolic order patterns the contents of the Imaginary in the same way that archetypal structures predispose humans towards certain sorts of experience."

⁴² Volgens die psigoanalitiese opvatting van Jung moet teenpole (byvoorbeeld orde en chaos, lig en donker, goed en boos, gees en vlees, animus en anima) versoen word om individuasie te bereik.

baffling when not, an untrustworthy but altogether necessary part of our humanity" (Hopcke 1999:122). Hierdie woorde van Hopcke resoneer met die beskrywing van Mattheüs se gewaarwordinge tydens "Wolfie" se kom:

Mattheüs kyk na die dubbelverdieping langsaan [die bemoeisieke buurvrou, tant Sannie, se huis], hy is lam van wil-lag en wil-huil en 'n buitewestelike opgewondenheid dat dit die begin van 'n nuwe era is; uiteindelik word die verbod verbreek op hom en Jack saam ingebed onder vadersdak waarvoor hy terselfdertyd wegskrik soos dit aankom, naderkom ... (Venter 2013:160)

Die wolfmotief hou in *Wolf, wolf* nie net verband met die uitdaging van die ego-gedomineerde patriarg Benjamin Duiker nie,⁴³ maar daarvan word ook die spel van die twee groot drange, Eros en Thanatos, gesuggereer. Alhoewel Mattheüs met sy seksobsessie en pornografie-verslawing sterker met Eros geassosieer word en Jack, wat die skadu-/wolvespel introduuseer, "simbolies" meer aan die kant van Thanatos staan, soos dan ook bevestig word deurdat hý die een is wat sterf, besit beide in hulself ook iets van die ander kant. Mattheüs se erotiese handelinge dwing in die rigting van (self)vernietiging, terwyl die onheilspellende speletjies wat Jack voorstel, soos hier onder sal blyk, 'n oorgang in die verhaal bewerkstellig en beweging bring. Trouens, die speletjie "Wolf, wolf, hoe laat is dit?" hou lewe en dood as twee kante van dieselfde munt aan deelnemers aan die spel voor: hierdie spel word immers gekenmerk deur lewensbevestigende opgewondenheid asook (gemaakte) (doods)vrees, want weldra loop die tyd uit en draai die wolf om om sy prooi te kies. Hierdie tweekantigheid word ook getoon as Jack hierdie spel (of iets geskoei daarop) met Sissie se kinders op die gras speel terwyl die testament binne voorgelees word. Die wete dat dit net verbeelding is, 'n speletjie wat 'n mens vir die duur daarvan ernstig opneem en waarin mens "glo", word ook gesuggereer: "Die speletjie het omgeslaan: hý gaan hulle nou vang, hulle voel dit sommer aan, hulle vrees hom, hy weet nie hoe eg nie" (Venter 2013:221).

Die wolfmotief skakel voorts met die manier waarop Mattheüs uitoorlê en sy (by tye voortvarende en soms weer weifelende) planne in die wiele gery word, deur sy pa self en sy Kongoelse werknemer, Emile. Die raakpunt met die kinderspeletjie "Wolf, wolf, hoe laat is dit?" is hier ook duidelik: die tyd loop weldra uit vir elkeen wat ongebalanceerd en ongeïntegreerd leef, en in hierdie roman blyk dit dat niemand daardie staat van heelheid verwerf het nie en daarom enige tyd 'n konfrontasie met die wolf te wagte kan wees. Benjamin, volstrek onbeweeglik, weier enduit om die dinge wat hy van huis uit leer opponeer het, uiteindelik tog te integreer en daarom neem hy sy gebrek aan heelheid en balans saam met hom graf toe. Jack aanvaar met sy wolwepak, as katalisator en bemiddelaar, die rol van argetipiese triekster, aanvanklik in sy eentjie en tot groot ergernis van Mattheüs (wat nog weifelend in die ban van die vaderlike orde is), maar uiteindelik word Mattheüs oorgehaal/verlei tot deelname, wat (die moontlikheid van) psigiese integrasie suggereer. Die doel van die speel van toktokkie, geklee as wolwe, by die familiewoning wat intussen deur die nuwe (swart) eienaars bewoon word, is moontlik om die inwoners en die leser daaraan te herinner dat geen nuwe orde of mite standhou nie en grense nie ondeurdringbaar en ewig is nie: Eenkeer toets Mattheüs en Jack die ou toegangskode van die hek en dit gly sowaar oop – hulle gaan speel vervolgens "Wolf, wolf" binne op die grasperk (Venter 2013:257). Die betreklikheid van ordes is iets wat die Afrikaanse Jungiaanse outeur Etienne Leroux, in wie se spore Venter eerbiedig/eiewys volg,

⁴³ Dit skakel boonop met die spanning tussen die simboliese orde en die semiotiese wig.

deurlopend in sy werk beklemtoon het. Dat Jack uiteindelik deur die nuwe vader van die huis, meneer Mkhonza, doodgeskiet word, wil moontlik die idee vestig dat dit hier in die eerste plek om die kollektiewe patronne gaan waarvan die individu deel vorm.⁴⁴ Diegene wat deur 'n triekster getreiter of om die bos gelei is, het immers daarmee ook die kans verwerf om te groei, en dit is veral ook die leser wat uit die karakters se wedervaringe lering trek.

Inderdaad, Mattheüs se gebrek aan voeling met die werklikheid (onder meer weens sy onbeteuelde selfverwenning) maak hom vatbaar vir kullery, en daarom "verdien" hy die lesse wat hy geleer word. Indirek is Jack as die triekster genaamd "Wolfie" (Venter 2013:160) mede-verantwoordelik daarvoor dat Mattheüs die huis verloor, want dis hy wat laasgenoemde verlei het om hom daar te laat intrek – 'n soort "queering" van die paradysverhaal dus, en in hierdie verband volg *Wolf, wolf* dan ook in die spoor van Venter se vorige werk (byvoorbeeld *Foxtrot van die vleiseters*) met iets van 'n Leroux-agtige "val van die vleispaleis" (vgl. Pothas 1986) daarby ingebou. Die ou patriarg het die twee se transgressie tóg te wete gekom en vervolgens sy seun uit die testament (lees: paradys) gelaat.

Die wolf as triekster het dus sy slagoffers, maar word dikwels in verhale aan die einde self ook afgeransel of doodgemaak – hy word die slagoffer van sy eie dade – en dis presies wat Jack ook te beurt val. Nel (2015:199) wys op die verband wat die wolwespel in *Wolf, wolf* met noodlot (*alea*) toon, "want daar is geen beheer oor die uitkoms van die riskante spel nie". Wat myns insiens hier ook in gedagte gehou moet word, is dat die uiteinde tog tot 'n mate bekend en seker is omdat die wete by sowel die trieksterverhaal as die spel "Wolf, wolf" ingebou is dat iemand gevang gaan word – dit is die konstante gegewe, die "patroon", maar deel daarvan is ook die besef dat dit alles net speel-speel is. Hierdie saak skakel metatekstueel met die wete by die leser dat die onderhawige roman "net" spel is, 'n simboliese konstruk wat iets vir ons opvoer.

Die einde van *Wolf, wolf* is op funksionele wyse vas én oop: Jack word doodgeskiet, maar ons sien ook hoe Mattheüs in die ure ná die kaping van sy besigheid deur Emile en dié se trawante onbepaald handel (Venter 2013:269-271). In die laaste (kort) hoofstuk wil dit lyk of Mattheüs tog koers begin kry: Nog vry van die wete dat Jack dood is en drinkend aan ""n dubbele espresso om sy dronkenskap te temper" (Venter 2013:274), bedink Mattheüs 'n "posisie" (Venter 2013:274) ten opsigte van sy seksualiteit wat 'n lewe vir hom en Jack saam moontlik sal maak, 'n posisie wat hulle, vanuit Foucault (1978) se denke bekhou, sal bemagtig. Hy sal hom tussen sy eie onontkenbare begeerte en Jack se eis van liefde posisioneer, neem hy hom voor: "Iewers tussen die twee pole sal hy dobber" (Venter 2013:274). Sentraal in hierdie voorname is die práát oor seks, wat wel 'n voorwaartse stap is gegewe sy onwilligheid tot dusver om hieroor te kommunikeer. Deel hiervan is egter ook, waarskynlik sonder dat Mattheüs dit besef, die koppeling van seks aan mag, want dit is sý voorgenome/voorgestelde regulering van sy seksualiteit waaroor dit vir hom gaan: "Hy gaan dit die eerste ding maak met Jack: hy gaan met al twee sy hande om daai lieflike kaalkop van hom vat en dit aan hom verduidelik en dan gaan hy hom los en uit die uitdrukking wat in sy oë agterbly, sal hy aflei of Jack met die sogenaamde posisie wat hy nog self moet aanleer, sal kan saamleef" (Venter 2013:274). Die awagting is hier nie op 'n moontlike teenvoorstel en dialoog gerig nie, maar op instemming, die aanvaarding van en blote inval by sý wankelrige orde. Die moontlike

⁴⁴ Voorin Leroux se 1959-roman *Die mugu* konstateer die anarxis Juliana Doepels, "Die orde is mugu", en voeg by: "Die orde dra in homself die kiem van sy eie ondergang. Dis kenmerkend dat alle bestaandeordes tydelik is. Die hoof van elke alternatiewe regeringsvorm, elke opvolgende diktator, elke moontlike staatsvorm is mugu. Elke regorganisasie skep 'n mugu" (Leroux 1974).

implikasie hiervan is dat, indien Jack hom nie hierin kan vind nie, hy uit Mattheüs se lewe gesluit gaan word. Die slotwoorde lui: “Veel meer as dit het hy nie aan te bied nie, nie vir Jack nie, vir niemand nie” (Venter 2013:274). Mattheüs is ten slotte self onseker daaroor of sy seksualiteit sig gaan laat reguleer. Die leser word gelaat met die vermoede dat dit nie gaan slaag nie. Deurdat die roman hiermee eindig, word die deurlopende ondermyning in *Wolf, wolf* van die idee dat seksualiteit in al sy verskeidenheid deur en vanuit die simboliese orde gereguleer kan word, duidelik onderstreep.

4. GEVOLGTREKKING

Gegewe die relatiewe onderwaardering in Suid-Afrika van Eben Venter se jongste roman *Wolf, wolf*, veral ten opsigte van literêre prys – wat ook iets van die ontvangs van sy werk oor die algemeen illustreer – is in hierdie artikel ’n poging tot ’n herevaluering van hierdie roman binne die konteks van Venter se oeuvre aangewend. Met verwysing na Julia Kristeva (1980) se essay “From one identity to an other” is daar aangetoon hoe die spanning tussen die “simboliese” orde van die vader (se taal) en die instinkmatige “semiotiese” aspek van taal in *Wolf, wolf* uitspeel in die verhouding tussen die streng, heteronormatiewe Benjamin Duiker en sy pornografie-verslaafde gay seun Mattheüs, wat hy van jongs af half in- en half uitsluit, en uiteindelik dan ook (ten dele) uit sy testament laat. Daar is voorts ondersoek ingestel na hoe ’n verdere dialektiese relasie wat Kristeva (1980) uitlig, naamlik tussen die nabootsende “retorikus” en die onafhanklike “stilis”, in die ontwikkeling van Venter se werk na vore kom, met *Wolf, wolf* as kulminasiepunt waarin die stilis seëvier. Die wolfmotief is in ’n resensie van Crous (2013) as ongemotiveerd beskryf, maar dis juis die punt: die wolf(motief) as vernaamste manifestasie van die semiotiese in hierdie roman bedreig die orde, ook dié van die roman, en suggereer op ’n manier wat Foucault (1978) oproep maar ook aan hom verbystreef, dat seksualiteit, of sekere uitdrukings of aspekte daarvan, uiteindelik dalk nie gereguleer en beheer kan word nie, in praktyk én diskursief – spesifiek in hierdie digitale era. Pornografie as taboe-onderwerp, in samehang met die wolfmotief, markeer dus op ’n treffende manier die meer algemene tema van in- en uitsluiting wat in hierdie roman op die voorgrond gestel word.

As die werk van ’n retorikus wat stilis geword het, beweeg *Wolf, wolf* buite die domein van kuns wat (wil) behaag, deurdat dit ’n reeds bestaande faset van Venter se werk, teenwoordig selfs in ’n roman soos *Horrelpoet* wat nog heelwat uit die vaderstelsel oorhewel, tot hoofaar laat ontwikkel, naamlik vreesloos-selfstandige diskopersvoering.

BIBLIOGRAFIE

- Aldrich, Robert. (ed.). 2006. *Gay Life and Culture: A World History*. London: Thames & Hudson.
- Amid, Jonathan. 2014. *Wolf, wolf* by Eben Venter. <http://www.litnet.co.za/2014-wolf-wolf-by-eben-venter/> [28 Desember 2016].
- Barris, Ken. 2013. Father and son’s language of love. *Cape Times*, 3 May, p. 32.
- Berger, John. 1978. *Ways of Seeing*. London: British Broadcasting Corporation.
- Brown, Richard H. 1976. Social theory as metaphor: On the logic of discovery for the sciences of conduct. *Theory and Society*, 3(2):169-197.
- Cirlot, J.E. 1990. *A Dictionary of Symbols*. Abingdon: Routledge.
- Cochrane, Neil. 2013. *Wolf, wolf*. *Tydskrif vir Letterkunde*, 50(2):188-189.
- Cohler, B.J. 2004. Memoir and performance: Social change and self life-writing among men who are gay pornography producers and actors. *Journal of Homosexuality*, 47(3/4):7-43.
- Colman, Warren. 2009. Theory as metaphor: Clinical knowledge and its communication. *Journal of Analytical Psychology*, 54:199-215.

- Corneau, S. & Van der Meulen, E. 2014. Some like it mellow: On gay men complicating pornography discourses. *Journal of Homosexuality*, 61(4):491-510.
- Crous, Marius. 2013. Te veel én te min in dié roman. *LitNet*, <http://www.litnet.co.za/te-veel-n-te-min-in-di-roman/> [28 Desember 2016].
- Degenaar, Johan. 1988. Rooikappie se geheim. *De Kat*, 3(8):108-110.
- De Kock, Leon. 2013. A new menu for life. *Financial Mail*, 19-24 April, pp. 69-71.
- De Vries, Izak. 2013. LitNet Akademies-resensie-essay. *LitNet Akademies*, <http://www.litnet.co.za/litnet-akademies-resensie-essay-izak-de-vries-oor-wolf-wolf/> [27 Desember 2016].
- Emmett, Christine. 2013. When the safety net of race is removed. *Sunday Independent*, 3 November, p. 18.
- Farber, Manny. 1962. White elephant art and termite art. <http://www.coldbacon.com/writing/mannyfarber-termiteart.html> [29 December 2016].
- Foucault, Michel. 1978. *The History of Sexuality. Volume I: An Introduction*. Translated from the French by Robert Hurley. New York: Pantheon Books.
- George, R.S. 1999. *The Politics of Home: Postcolonial Relocations and Twentieth-Century Fiction*. Berkeley: University of California Press.
- Grant-Marshall, Sue. 2014. Dying father dominates novel. *Business Day*, 29 July, p. 7.
- Head, Clive. 2009. Foreword. In: Taylor, J.R. (red.). *Exactitude: Hyperrealist Art Today*. London: Thames & Hudson, pp. 8-19.
- Hopcke, R.H. 1999. *A Guided Tour of the Collected Works of C.G. Jung*. Boston: Shambhala.
- Hope, Christopher. 2015. *Wolf, wolf* by Eben Venter – a stark tale of modern South Africa. *The Guardian*, <https://www.theguardian.com/books/2015/mar/21/wolf-wolf-eben-venter-review-christopher-hope> [28 December 2016].
- Hough, Barrie. 1992. *Vlerkdans*. Kaapstad: Tafelberg.
- Human, Thys. 2016. Eben Venter (1954–). In: Van Coller, H.P. (red.). *Perspektief en profiel. Deel 3*. Tweede uitgawe. Pretoria: J.L. van Schaik, pp. 976-1003.
- Jung, C.G. 1990. *The Archetypes of the Collective Unconscious*. Translated by R.F.C. Hull. Princeton: Princeton University Press.
- Kendall, C.N. 2004. Educating gay male youth: Since when is pornography a path towards self-respect? *Journal of Homosexuality*, 47(3/4):83-128.
- Kendall, C.N. & Funk, R.E. 2003. Gale male pornography's "actors": When "fantasy" isn't. *Journal of Trauma Practice*, 2(3/4):93-114.
- Kristeva, Julia. 1980. *Desire in Language: A Semiotic Approach to Literature and Art*. Translated by Thomas Gora, Alice Jardine, and Leon S. Roudiez. New York: Columbia University Press.
- Legal Dictionary. 2016. Pornography. <http://legaldictionary.net/pornography/> [15 December 2016].
- Leroux, Etienne. 1974 [1959]. *Die mugu*. Kaapstad: HAUM.
- Leroux-van der Boon, Marzanne. 1992. *Klaprose teen die wind*. Kaapstad: Tafelberg.
- Morris, P. & Paasonen, S. 2014. Risk and utopia: A dialogue on pornography. *GLQ: A Journal of Lesbian & Gay Studies*, 20(3):215-239.
- Mowlabocus, S., Harbottle, J. & Witzel, C. 2013. Porn laid bare: Gay men, pornography and bareback sex. *Sexualities*, 16(5/6):523-547.
- Myburg, Johan. 2013. Wolfagtige hoogtepunt. *Beeld*, 11 Mei, p. 11.
- Nel, Adéle. 2015. Spel en die spelende mens in *Die sneeuvelaper* (Marlene van Niekerk), *Klimtol* (Etienne van Heerden) en *Wolf, wolf* (Eben Venter). *LitNet Akademies*, 12(1):180-205.
- Paglia, Camille. 1994. An interview with Camille Paglia. *America*, 171(15):10-18.
- Pothas, C.L. 1986. *Die val van die vleispaleis: Destruksie in die romans van Etienne Leroux met besondere verwysing na Onse Hymie*. Potchefstroom: Wetenskaplike Bydraes van die PU vir CHO.
- Prinsloo, Koos. 1987. *Die hemel help ons*. Bramley: Taurus.
- Ricoeur, Paul. 1991. The function of fiction in shaping reality. In: Valdés, M.J. (ed.). *A Ricoeur Reader: Reflection and Imagination*. Toronto: University of Toronto Press, pp. 117-136.
- Ritchie, Evan. 2015a. Review: *Wolf, wolf*. <http://popculture-y.com/2015/02/review-wolf-wolf/> [29 December 2016].
- Ritchie, Evan. 2015b. Eben Venter's novel *Wolf, wolf*: We talk porn addiction and masculinity. <http://popculture-y.com/2015/02/eben-venters-wolf-wolf/> [29 December 2016].

- Rossouw, Johann. 2013. Wie die liefde nie het nie. *Rapport*, 19 Mei, p. 6.
- Rothmann, Jacques. 2013. "Doing" and "using" sexual orientation: The role of gay male pornographic film in the identity construction of gay men. *South African Review of Sociology*, 44(3):22-41.
- Salmon, C. & Diamond, A. 2012. Evolutionary perspectives on the content analysis of heterosexual and homosexual pornography. *Journal of Social, Evolutionary & Cultural Psychology*, 6(2):193-202.
- Samuels, Andrew. 2003. *Jung and the Post-Jungians*. London: Routledge.
- Schippers, Birgit. 2011. *Julia Kristeva and Feminist Thought*. Edinburgh: Edinburgh University Press.
- Smith, Francois. 2014. "Die dice val reg". *Rapport*, 20 April, p. 24.
- Sontag, Susan. 2005. At the same time... (the novelist and moral reasoning). *English Studies in Africa*, 48(1):5-17.
- Toth, Josh. 2010. *The Passing of Postmodernism: A Spectroanalysis of the Contemporary*. Albany: State University of New York Press.
- Van den Berg, Cilliers. 2016. Mimesis soos beredeneer deur Philippe Lacoue-Labarthe: *Horrelpoot* (2006) deur Eben Venter as herskrywing van Joseph Conrad se *Heart of darkness*. *LitNet Akademies*, 13(2):191-226.
- Van Niekerk, Marlene. 2004. *Agaat*. Kaapstad: Tafelberg.
- Van Schalkwyk, Phil. 2009. "Against extremity": Eben Venter's *Horrelpoot* (2006) and the quest for tolerance. *Critical Arts*, 23(1):84-104.
- Van Schalkwyk, Phil. 2011. *Homo sacer*: Uitsondering en relasie in Eben Venter se *Santa Gamka. Stilet*, XXIII(2):203-217.
- Van Schalkwyk, Phil. 2013. The aid of rhetoric and the rhetoric of AIDS: Eben Venter's *Ek stamel ek sterwe*. In: Viljoen, H. (ed.). *Crossing Borders, Dissolving Boundaries*. Amsterdam: Rodopi, pp. 229-250.
- Venter, Eben. 1993. *Foxtrot van die vleiseters*. Kaapstad: Tafelberg.
- Venter, Eben. 1996. *Ek stamel ek sterwe*. Kaapstad: Queillerie.
- Venter, Eben. 2006. *Horrelpoot*. Kaapstad: Tafelberg.
- Venter, Eben. 2009. *Santa Gamka*. Kaapstad: Tafelberg.
- Venter, Eben. 2013. *Wolf, wolf*. Kaapstad: Tafelberg.

S.J. Naudé se *Alfabet van die voëls* (2011) – 'n Hibried tussen die roman en die kortverhaalbundel. (Deel 1)¹

S.J. Naudé's *The alphabet of birds* (2011) – A hybrid between the novel and the short story volume. (Part 1)

JOANITA ERASMUS-ALT EN H.P. VAN COLLER

Departement Afrikaans en Nederlands, Duits en Frans

Universiteit van die Vrystaat

E-pos: joanitaerasmus@gmail.com

E-pos: vcollerh@ufs.ac.za



Joanita Erasmus-Alt Hennie van Coller

JOANITA ERASMUS-ALT is 'n musiek-onderwyseres verbonde aan die Hoërskool Fichardtpark en navorsingsgenoot aan die Universiteit van die Vrystaat. In 2006 verwerf sy 'n meestersgraad in musiek aan die Universiteit van die Vrystaat. In 2013 word twee van haar kortverhale onder *LitNet* se top 15 kortverhale van die jaar geplaas. Met die voltooiing van 'n M.A.-graad (kreatiewe skryfwerk) (met lof), ontvang sy in 2013 die Gerhard Beukes-prys vir skeppende skryfwerk van die Universiteit van die Vrystaat. In 2016 verwerf sy 'n Ph.D.-graad in die departement Afrikaans en Nederlands aan die Universiteit van die Vrystaat met 'n proefskrif getiteld "Grensoorskryding in *Alfabet van die voëls* deur S.J. Naudé en *Sondag op 'n voëlplaas* deur Johann Nell".

JOANITA ERASMUS-ALT is a music teacher at Fichardt Park High School and a research fellow of the University of the Free State. In 2006 she obtained a masters degree in music from the University of the Free State. In 2013 two of her short stories were published under *LitNet*'s top 15 short stories of the year. With the completion of a M.A.-degree (creative writing) (with distinction), she was awarded the Gerhard Beukes prize for creative writing from the University of the Free State in 2013. In 2016 she obtained a Ph.D.-degree in the department Afrikaans and Dutch from the University of the Free State with a thesis titled "Grensoorskryding in *Alfabet van die voëls* deur S.J. Naudé en *Sondag op 'n voëlplaas* deur Johann Nell".

¹ Soos dit uit Deel 1 van hierdie tweedelige studie sal blyk, het 'n redelike aantal resensies as resepsieprodukte na aanleiding van S.J. Naudé se debuutwerk, *Alfabet van die voëls* (2011), verskyn. Kritici is deur die bank vol lof vir hierdie bundel. Vernuwing is uiteraard 'n belangrike kriterium in die beoordeling van letterkundige werke – 'n aspek wat in Naudé se teks uit bepaalde norm-verskuiwings op die vlak van die genre waargeneem kan word. Die feit dat ontologiese grense tussen verhale in Naudé se kortverhaalbundel bevraagteken word, het 'n ondersoek na die vraag rondom 'n onsekerheid of 'n vaagheid met betrekking tot 'n benaming vir 'n entiteit (die *kortverhaalsiklus*) waaroor daar al dekades lank in die Afrikaanse (en internasionale) literatuur berig word, genoodsaak. Dit lyk daarom gewens om hierdie bundel te bespreek (kyk Deel 2) eers ná 'n genogtige oorsig van moontlike tipies verhaalbundels.

HENDRIK PETRUS (HENNIE) VAN COLLER, navorsingsgenoot van die Universiteit van die Vrystaat en buitengewone professor aan die Noordwes-Universiteit, is redakteur van die nuwe drieslelige *Perspektief en profiel*. 'n Afrikaanse literatuurgeschiedenis. Hy is 'n poësievertaler (*Bandelose gedigte* van Luuk Gruwez, 2007) en 'n gepubliseerde digter (*Soom*, 2012). Sy belangrikste publikasies is die bundels opstelle, *Tussenkoms* en *Tussenstand*. Hy publiseer veral oor literêre geschiedenis, o.a. 'n hoofstuk in die *Cambridge South African Literary History*. Hy is tans voorstander van die Letterkundekommissie van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, 'n vorige voorstander van dié akademie en ook lid van ASSAf.

HENDRIK PETRUS (HENNIE) VAN COLLER, a research fellow of the University of the Free State and extraordinary professor at the Northwest University, is the editor of *Perspektief en profiel*. 'n Afrikaanse literatuurgeschiedenis. He is a translator of poetry (*Bandelose gedigte* by Luuk Gruwez, 2007) and a published poet (*Soom*, 2012). His most important publications are two books of literary essays, *Tussenkoms* and *Tussenstand*. His numerous publications on literary history includes a chapter in the *Cambridge South African Literary History*. Currently he chairs the literary commission of the Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns and is a former president of this academy. He is also a member of ASSAf.

ABSTRACT

S.J. Naudé's The alphabet of birds (2015) – A hybrid between the novel and the short story volume. (Part 1)

The socio-cultural and political relationship between literature and society implies that postmodern literature – like contemporary world views – reflects an increasing inclination to cross boundaries. Ratiani (2007) is of the opinion that the literary work is an intermediary liminal object or rather a transitional stage between the real world and that of the imagination. Due to the fact that the literary work is a link between these two worlds, the crossing or elimination of boundaries is relevant for literature. When seminal texts within the Afrikaans literary field, especially of the last decade, are scrutinised it becomes clear that the crossing or elimination of boundaries is also an important feature. One of these seminal texts is the volume of short stories by S.J.Naudé, *Alfabet van die voëls* (2011), translated by the author as *The alphabet of birds* (2015). The crossing of boundaries takes place on all three of the traditional narratological levels (cf. Rimon-Kenan 1983; Brink 1989): story, discourse and narration. In studies that concentrate on the crossing of borders, there is usually reference to the concept of liminality – a concept introduced by Arnold van Gennep in his publication *Les rites de passage* (1908). On the webpage border poetics, liminality is defined in the following terms:

[...] liminal refers to a transitory, in-between state or space, which is characterized by indeterminacy, ambiguity, hybridity, potential for subversion and change (border poetics s.j.).

Although the individual short stories in Naudé's book can be read as relatively autonomous entities, there are several reasons why they should rather be seen as interlinked, repeating and developing a central theme – typical of prose cycles. The same theme, or rather thematic node, is present in all the different stories. Many characters appear in more than one story and the same liminal space is present in all of the stories. Seven of these stories are structured in the same way and are even alike as far as narration (focus, perspective and presentation) and time structure are concerned. Several reviewers allude to this as a musical structuring due to the subtle repetitions and variations of a dominant theme. One of the effects is that the

ontological boundaries between stories and that between a novel and a volume of short stories are questioned and even challenged. In this article one of the central hypotheses is that Naudé's text is unique in Afrikaans literature as an aesthetic revolt against stringent genological boundaries. The separate stories are much longer than what is usually expected of short stories and do not adhere to other ingrained expectations: they do not always concentrate on one character or space and in actual fact are sometimes more akin to the novel. Naudé's novel received several literary prizes and accolades and in its translated form was hailed as remarkable, even in an international context. None of the other prose texts (nor poetical texts for that matter) nominated for one of the most prestigious literary prizes for literary debuts in Afrikaans, the Eugène Marais Prize, awarded by the literary commission of Die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns (The South African Academy for Arts and Sciences) was hailed internationally as texts of international status. Yet Naudé's text did not receive this prize. This article is therefore also an implied reassessment of that decision.

KEYWORDS: S.J. Naudé, *The alphabet of birds*, Boundaries, Hybrid genres, Unified volume of short stories, Short story series, Composite novel, Short story sequence, Short story composite, Short story cycle

TREFWOORDE: S.J. Naudé, *Alfabet van die voëls*, Grensoorskryding, Genre-grense, Eenheidsbundel, Kortverhaalreeks, Kortverhaalroman, Kortverhaalsekwens, Kortverhaalsamestelling, Kortverhaalsiklus

OPSOMMING

Die sosiokulturele en -politieke verband wat daar tussen literatuur en die samelewing bestaan, plaas postmoderne literatuur in 'n direkte verhouding met die moderne wêreldbeskouing waarvolgens daar 'n toenemende behoefte na en tendens van grensoorskryding is. In Naudé se kortverhaalbundel *Alfabet van die voëls* (2011) kom grensoorskryding op al drie vlakke van die narratologie (storie, verhaal en vertelproses) voor. Aangesien die individuele verhale in Naudé (2011) se bundel langer as die normale kortverhaal is, is daar wat die afsonderlike verhale betref 'n grensoorskryding tussen die kortverhaal en die roman. Die afsonderlike verhale in Naudé se bundel fokus ook nie altyd, soos wat dikwels in kortverhale gebeur, net op een karakter, een plek, 'n spesifieke tyd of draaipunt nie. Alhoewel die afsonderlike verhale in S.J. Naudé se kortverhaalbundel *Alfabet van die voëls* (2011) as selfstandige verhale gelees kan word, lei die feit dat dieselfde temas deurlopend in die verhale aanwesig is, dat dieselfde karakters in meer as een verhaal optree, asook die feit dat die sewe verhale min of meer dieselfde struktuur, aanbiedingswyse en eienskappe met betrekking tot fokus, perspektief en tyd vertoon, daartoe dat die verhale op subtiese wyse op mekaar inspeel en mekaar aanvul. In feite is dit tipies van die prosasiklus wat een sentrale tema ontwikkel en herhaal. Die gevolg is dat die ontologiese grense tussen verhale bevraagteken word. Op grond hiervan word daar in die artikel uitgegaan van die hipotetiese aanname dat daar in Naudé se teks bepaalde normverskuiwings op dievlak van die genre waargeneem kan word. Vernuwing is uiteraard 'n belangrike kriterium in die beoordeling van letterkundige werke en speel ook 'n groot rol in die resepsie daarvan. Ten slotte is een van die doelwitte van hierdie studie dus ook om implisiet te oordeel oor die feit dat dié bundel – wat selfs internasionaal wyd bekroon en gewaardeer is – nooit die Eugène Maraisprys van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns (in wese 'n aanmoedigingsprys vir 'n debuutwerk of vroeë publikasie) ontvang het nie.

1. INLEIDING

Van Coller (1992:153) het in die kielsoog van die Grensoorlog opgemerk dat “menswees [binne die Suider-Afrikaanse werklikheid] vir die afgelope jare direk of indirek” deur die gewapende konflik bepaal word: “Hierdie gewapende konflik staan van meet af vir die Suid-Afrikaner in die teken van die grens.” Alhoewel die grenssituasie aanvanklik bloot topologies is, verruim dit, volgens Van Coller (*ibid.*), “bykans altyd (in letterkundige werke) tot ’n situasie waarin die grens metafories simbool word van die geskiedenis van mense (Strachan); lewe en dood (Krüger); geslagtelikheid (Prinsloo) [en] buitestaanderskap [sic] (Van Heerden) [...].” Hoewel hierdie konflik lank reeds verby is, staan grense binne die eietydse filosofie én letterkunde steeds sentraal (kyk Erasmus-Alt 2016).

Een teks waarin grense en grensoorskryding sentraal staan, is S.J. Naudé se kortverhaalbundel *Alfabet van die voëls* (2011), ’n kortverhaalbundel wat deur baie kritici gesien word as ’n kruis tussen ’n roman en kortverhaalbundel. In die beoordeling van letterkundige werke is dit veral belangrik om op vernuwings- of tradisie-argumente te let en daarom is vernuwing, ook ten opsigte van genre, uiteraard ’n belangrike kriterium in die beoordeling van dergelike werke.

In beide Smuts (2005) en Van Coller (2010) se bespreking van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns se literére prystoekennings, word veral gefokus op die belangrikste literére toekenning, naamlik die Hertzogprys vir Letterkunde. Desondanks is ook die Eugène Maraisprys (’n prys vir ’n eerste of tweede werk) ’n besonder belangrike prys. Dit beoordeel nie net (anders as die Hertzogprys) al drie die tradisionale hoof-genres (poësie, prosa en drama) gelyktydig nie, maar deurdat dit gesien word as ’n “aanmoedigingsprys” (Bonthuys 2016:121) word dit ook wyd beskou as ’n “voorspellende prys”; die vroeë sinjalering van besondere literére talent. Van Coller (2010:499) voel dat “swak” toekenning soms voorkom omdat “werklike belofte dikwels laer ingeskat is as die sogenaamde afgerondheid van werke. Hy beskou die politieke atmosfeer dus nie as ’n bepalende faktor nie” (Bonthuys 2016:122).

In 1994 is die Eugène Maraisprys toegeken aan die knap novelle *Die reuk van appels* (Mark Behr 1993) en *Skoop* (1993), die eweneens goeie digbundel van Ronel de Goede. Terugskouend kan egter gevra word of die negering van Eben Venter se roman *Foxtrot van die vleiseters* (1997) in die lig van laasgenoemde se latere literére status, nie dalk moontlik beskou sou kon word as ’n dwaling nie.

Daar is al beweer dat ’n terugskouende oordeel wetenskaplik eenvoudig en presies is; literére gehalte is egter nie iets bloot intrinsieks nie, maar berus óók op ekstrinsieke maatstawwe, wat onder meer verband hou met poëtikale en ideologiese voorkeure. Keurkomitees beoordeel werke op ’n gegewe moment binne ’n bepaalde verband én dinamiek. Die bekroning van Sonja Loots se roman *Sirkusboere* (2011) kan daarom nie gesien word as ’n fout nie.² In die lig van die wye internasionale erkenning wat S.J. Naudé se bundel *Alfabet van die voëls* ontvang het, sou die vraag egter met reg geopper kon word of sy werk nie straks die wenner moes gewees het nie.

’n Redelike aantal resensies het as resepsieprodukte na aanleiding van Naudé se teks verskyn. Kritici is deur die bank vol lof vir hierdie debuutbundel. In ’n boekbespreking van

² Alhoewel ’n redelike aantal resensies na aanleiding van Loots se *Sirkusboere* verskyn het en die waarde-oordele deur die bank positief was (sien onder andere Van der Merwe 2011; Papenfus in *Maroela Media* 2011; Viljoen 2011a, Naudé 2012 en Van Coller 2012), het Loots se teks nie naastenby dieselfde mediadekking, ook internasional, as dié van Naudé se teks ontvang nie en is dit ook nog nie, soos Naudé se teks, vertaal nie.

Maroela Media (2011) word *Alfabet van die voëls* as bakenverskuiwend bestempel. Van den Berg (2011:7) beskryf dit as “‘n debuutbundel wat enige ernstige leser opgewonde maak oor die toekoms van die kortverhaal in Afrikaans”. Volgens Viljoen (2011b:6) gebeur dit min dat “‘n mens ‘n debuut met hierdie graad van ryheid en afronding te lese kry”. Ferreira (2012) beskou dit as ‘n “buitengewone debuut” en spreek die ironiese hoop uit dat “[d]iegene wat moet toesien dat die mediawet-in-wording behoorlik nagekom word [...] ‘n streng oog op hierdie talentvolle skrywer moet hou”. Van Niekerk (2012:167) beskou Naudé se debuutwerk as “een van die min produkte van grade in kreatiewe skryfkunde wat ‘n mens werklik opgewonde maak oor wat hierdie nuwe skrywer nog verder gaan oplewer”.

Op die agterblad van *Alfabet van die voëls* (2011) skryf André P. Brink soos volg:

Die verbysterende verskeidenheid verhale in SJ Naudé se merkwaardige bundel *Alfabet van die voëls* tel onder die bestes in Afrikaans, gebou op terugkerende motiewe en gegewens soos musiek; vertrek en reis; sprokies en mites; siekte, aftakeling, sterwe en dood; stede; ‘n soeke na herkomste en oorspronge; vergeet en onthou; instink en rede; dit wat beskryf of gesê is teenoor dit wat vir altyd onuitgespreek of onbeskryfbaar bly; of die plek of gedaantes van die liefde in menslike verhoudings ... dit alles vorm op ‘n manier ‘n herbesoek aan Willem van der Berg se *Reisigers na nêrens* (1946) in die post-apokaliptiese toonaard van die 21ste eeu. Vir enige leser wat wil bybly by wat op die voorpunt van die Afrikaanse literatuur gebeur, is hierdie bundel werklik onmisbaar. (Brink in Naudé 2011:agterblad)

Dit is onvermydelik dat die lofbetuiging deur so ‘n rolspeler binne die literêre veld ook op die kritiek van ander resensente ‘n effek kon hê.

In 2015 is Naudé se eie vertaling van *Alfabet van die voëls* as *The alphabet of birds* deur die uitgiver *And Other Stories* uitgegee. Hieroor berig Ivan Vladislavić, skrywer van *The restless supermarket* (2001) en *Double negative* (2011), soos volg:

This is fiction attuned to the ‘borderless world’ inhabited by the ‘lapsed South Africans’ of the post-apartheid era. **Naudé’s debut was acclaimed in the Afrikaans literary world, marking the arrival of a questioning, cosmopolitan writer. This English translation will bring him the wider readership he deserves.** (Vladislavić 2014 [Vladislavić se vetdruk])

‘n Groot aantal Engelse resensies verskyn ook as resepsieprodukte na aanleiding van hierdie vertaling. Damon Galgut, skrywer van *Arctic summer* (2014), beskryf die werk as “[c]ool and intelligent, unsettling and deeply felt, Naudé’s voice is something new in South African writing” (Galgut 2014b). Igoni Barret van *The Africa Report* (2015) beskryf Naudé se bundel as “a work of contemplative mastery” (Barret 2015), terwyl Carli Coetze van *Africa in Words* (2015) Naudé as ‘n “extraordinary intellect” beskryf: “[...] and he is worth reading in whichever language version you can get hold of or access” (Coetze 2015). Patrick Flanery beskryf die verhale in Naudé se kortverhaalbundel as “[b]eaautifully shaped and often heartbreaking [...] this collection announces the arrival of a writer of great humanity and style” (Flanery aangehaal op die Webblad van *And Other Stories Publishing* 2015). Allison Kelly van die *Times Literary Supplement* wys op die wyse waarop Naudé met komplekse vrae omgaan: “Naude’s [sic] honest confrontation of [complex] questions is unsettling ... the response he is guiding us towards in these disturbing yet uplifting stories is openness” (Kelly aangehaal op die webblad *And Other Stories Publishing* 2015). Neel Mukherjee, skrywer van *The lives of others* (2014), is ook vol lof: “Here is the beginning of something extraordinary. Profound, complex, luminously written,

and brilliantly orchestrated, SJ Naudé's first collection establishes him indubitably as a writer who will reshape the contours of South African literature in years to come" (*Webblad van And Other Stories Publishing* 2015).

Ook in talle ander resensies word *The Alphabet of Birds* (2015) deur kritici hoog aangeslaan:

- *The Alphabet of Birds* is a marvellously dense book and rewarding for that ... Naudé has composed such beautiful, honed prose that it drives you passionately and cerebrally from page to page, from story to story. [...]” (Schimke 2014).
- Anneke Rautenbach van die *L.A. Review of Books* beskryf die teks as kompak: [...] it lends itself to moments rather than histories, to nuance and detail rather than ‘skimming over the surface of this country,’ [...]. The stories themselves seem palpably to search for a new mode of expression, at least intermittently: music, dance, noise, and mathematics are just some of the avenues his characters explore in a place where language seems increasingly limited (Rautenbach 2015).
- Naudé skillfully evokes a brave new world where everywhere is everywhere and nothing is as certain as it might once have been. [...]. It’s a uniquely South African spin on a universal battle: the fight to understand who you are and what your place in the world might be” (McIndoe 2014).
- SJ Naudé’s simple but elegant prose creates stories that are incredibly realistic yet atmosphere is such that the reader experiences a slowly building terror of everything being on the verge of falling apart that these characters’ lives are as fragile and brittle as the bones of birds, and possibly as hollow. [...]. It’s this kind of desperation to find communication and connection that makes these stories such a profoundly affecting read” (Ley-Lange 2015).
- Naudé’s cool, incisive prose acts as a scalpel, laying bare the sinews and tendons of the stories he is telling. *The Alphabet of Birds*, translated here from the original Afrikaans by Naudé himself, is not a collection for the faint of heart but it does not leave us entirely without hope. The protagonists are ever searching for more in the face of disaster. And sometimes in this accelerating world of cascading information, we need to cut through the noise to get at the heart of the matter. In Naudé, we have an able surgeon (Hay 2015).
- Throughout *The Alphabet of Birds*, Naude [sic] manages to use individual stories to explore political situations, and therefore illuminates without preaching. [...]. The stories in *The Alphabet of Birds* maintain a consistently high quality, managing to be coherent in tone whilst also featuring enough diverse subject matter and locations to ensure that interest levels don’t drop. Overall, the collection exceeded my expectations [...] (Cuell 2015).
- Hard to describe then why it seems so satisfying. The quality of the writing, creative and distinct, must be part of the reason. And the fact that life is often nasty, brutish and yet seems to go on forever may be another. Naudé’s work is compelling and I hope to see more of it (Johnson 2015).
- Naudé has a beautiful way with his prose that makes these stories feel consoling rather than avoiding uncomfortable dilemmas or feelings (Oates 2015).
- Think Leonard Cohen without the ‘Hallelujah’, think Naudé. Your brain will have images emblazoned on it for some time to come. [...] Lyrical, powerful and intensely moving. You will not readily forget this book (Dickson 2015).
- South African expats confront dislocation and illness in this soulful, well-written debut story collection [...] whether examining the corrupt health-care system of South

Africa or the ‘borderless world’s financial elite’ in places such as London and Dubai, Naudé remains a breathtaking, tender writer (Carter s.j.).

- The collection of short stories offers an informed insider’s exploration of the country’s politics through its ostracized sub-cultures and communities … Themes of origins and travel, among others, are what link these otherwise diverse stories that are intelligent yet simple (Charlesworth aangehaal op die webblad *And Other Stories Publishing* 2015).
- There is no limbo here; only the sharp edge of a knife, and on each side equally strange realities. Naudé’s *The Alphabet of Birds* displays a dizzying array of textures, refracting the various facts and facets of our microcosmos. Naudé’s book becomes a meditation on the nature of loss, a striking series of portraits that reflects, with full honesty, without sentimentality, the constancy of the human condition (Zuckerman aangehaal op die webblad *And Other Stories Publishing* 2015).
- Elliptical and ambitious, these stories communicate more through the silence of what isn’t said or revealed than through elaborate explication (*Kirkus Reviews* s.j.).

Voorafgaande lowende oordele is inderwaarheid seldsaam vir ’n Afrikaanse skrywer, veral een wat met die verskyning van sy teks onbekend was. Daarom is dit kwalik vreemd dat Naudé se *Alfabet van die voëls* met verskeie toekenning bekroon is:

- 2012: Die Universiteit van Johannesburg se debuutprys
- 2012: Die Jan Rabie Rapport-Prys
- 2012: ’n Sala-toekenning (South African Literary Award) in die debuut-kategorie (Burger 2012).
- 2014: Die Jan Rabie en Marjorie Wallace-Skryfbeurs – die grootste toekenning vir kreatiewe skryfwerk in Suid-Afrika (*And Other Stories Publishing* 2015).

Die feit dat Naudé reeds met sy debuut ’n vernuwende bydrae tot die kortverhaalgenre gelewer het, word in bykans elke (Afrikaanse) bespreking genoem en daar bestaan nogal ’n verskil van mening oor presies hoe hierdie bundel getypeer sou kon word: ’n kortverhaalbundel met sterk onderlinge skakeling, ’n verhale-siklus, ’n verkapte roman? Dit lyk daarom gewens om hierdie bundel te bespreek eers ná ’n kort (genologiese) oorsig van moontlike tipes verhaalbundels.

2. ’N OORSIG VAN TIPES KORTVERHAALBUNDELS MET ’N BESONDRE SAMEHANG

In ’n artikel getitled *Generiese merkers in die kortverhaalsiklus: Deel 1: Teoretiese uitgangspunte* (2011) verskaf Botes en Cochrane ’n waardevolle en uitgebreide uiteensetting oor die strukturering van en verskille “tussen die tipe bundel wat in die Afrikaanse tradisie as *eenheidsbundel* bekend staan en die genre wat in internasionale genrekritiek ’n *kortverhaalsiklus* genoem word” (Botes & Cochrane 2011:118 [Botes en Cochrane se kursivering]). In die Amerikaanse literatuurgeskiedenis identifiseer Smith (2011:1) en Morell (2005), benewens die term *kortverhaalsiklus*, ook die volgende benaminge vir kortverhaalbundels waarin daar ’n tipe kohesie tussen die verhale bestaan:

- ’n Kortverhaalreeks
- ’n Narratief van verwante verhale
- ’n Sirkel van verhale
- ’n Verhaalkring

- 'n Verhaalkruising
- 'n Verenigde kortverhaalversameling
- 'n Saamgestelde roman
- 'n Roman in stories
- 'n Kortverhaalsekwens.

Botes en Cochrane (2011) struktureer hul artikel rondom twee sambreeltermme, die *eenheidsbundel* en die *kortverhaalsiklus*. Die probleem waarvoor die genoemde skrywers te staan kom, is of “die term eenheidsbundel as sambreelterm geskik is om te verwys na bundels waarin daar bloot ooreenkoms tussen verhale aangedui kan word – dikwels deur tematiese verwantskappe tussen verhale of deur herhalende motiewe [...] aan die een kant en bundels [...] waarin verhale so dig verweef is deur 'n verskeidenheid tegnieke dat die interpretasie van die korter tekste gewysig word deur die spesifieke plasing daarvan binne bundelverband” (Botes & Cochrane 2011:117).

Strydom (1976:13) se onderskeid tussen die siklus, waarin 'n tema in 'n kontinue van tyd en ruimte ontwikkel word in 'n onverwisselbare volgorde, en die reeks of serie,³ wat betrekking het op die herhaling van 'n tema in diskontinue tyd en ruimte in 'n verwisselbare volgorde, blyk die basis te wees vir 'n besinning ten opsigte van die strukturering van en verskille tussen kortverhaalbundels met sterk onderlinge skakeling.

Soos reeds genoem, word die term *eenheidsbundel* in die Afrikaanse literaturtradisie dikwels as sambreelterm gebruik vir bundels waarin daar 'n bepaalde kohesie tussen die afsonderlike verhale voorkom. Botes en Cochrane (2011:146) wys daarop dat die term *eenheidsbundel* as oorkoepelende term vir twee tipiese tekste gebruik word:

[...] enersyds om te verwys na kortverhaalbundels waarin enkele bindingselemente (soos 'n gedeelde tema) tussen die onafhanklike kortverhale nagespeur kan word en wat daartoe lei dat die bundel 'n sekere geheelindruk by die leser skep; en andersyds om te verwys na versamelings tekste waarin daar 'n spesifieke spanning tussen die outonome korter tekste en die koherente groter geheel tot stand kom en wat as gevolg van hierdie spanning op so 'n wyse met mekaar skakel dat die betekenis van die bundel as geheel groter is as die som van die betekenisse van die individuele korter tekste. Hierdie tweede tipe bundel, wat in Afrikaans onder die noemer van die eenheidsbundel bekend staan, word in internasionale kritiek as 'n afsonderlike genre – die kortverhaalsiklus – beskou.

Van Coller (1980:11) wys daarop dat die begrip *siklus* teruggevoer kan word na die Griekse term *kuklos* wat “kring” beteken: “Hieruit volg logies dat die term *siklus* gebruik word om 'n groep verhale of gedigte te tipeer wat *kring* om die sentrale tema, gebeure of figuur” [Van Coller se kursivering]. Volgens Van Coller (1980:12) impliseer die “kring om” dat daar 'n middelpunt is, “'n sentrale kern wat naas die sentrale gebeure of persoon [...] ook 'n sentrale tema of motief kan wees. [...]. Hierdie in sigself geslote geheel bestaan uit dele wat 'n samehang vertoon, gekenmerk word deur 'n sterk vormwil en in 'n bepaalde verband gegroepeer is.”

³ Op grond van hierdie onderskeid is dit nodig om ook kortlik te verwys na die *kortverhaalreeks*. Botes en Cochrane (2011:124–125) wys daarop dat, in die geval van die *kortverhaalreeks*, die effek soortgelyk kan wees aan dié van die twee sambreel-genres waarna reeds verwys is, naamlik die *eenheidsbundel* óf die *kortverhaalsiklus*, “veral as die reeks binne 'n enkele kortverhaalbundel aangebied word”. In teenstelling met die genoemde twee genres beïnvloed die kortverhaalreeks “egter nie noodwendig bundleenheid nie (ook omdat opeenvolgende tekste in 'n reeks nie noodwendig in dieselfde bundel voorkom nie), hoewel verhaalreekse dikwels in eenheidsbundels – waarin die eenheid op 'n bykomende aspek van die dele berus – voorkom”.

Van Coller (1980:12–13) verduidelik voorts dat genoemde dele telkens die grondmotief ontwikkel of herhaal, maar dat geen enkele deel die sentrale of oorkoepelende tema ten volle uitdruk nie. Met betrekking tot die herhalende eienskappe in die kortverhaal, noem Smith (2011:2) dat hierdie werke dus nie sikkies is in die sin dat dit altyd op dieselfde wyse begin en eindig nie, of dat dit deur simmetriese stadiums gaan nie. Kortverhaalsiklusse verskil van die lied- of sonnetsiklus, wat gekarakteriseer word deur 'n organiese verwantskap met tyd en wat simmetriese herhalings tot gevolg het. Die verbindingsstrukture in die kortverhaalsiklus dien as asse waarom die verhaal draai Smith (*ibid.*). Volgens Van Coller (1980:13–14) is die "omloop" of "kringloop" 'n dinamiese proses, waarin die begintoestand na die deurloop van 'n paar frases, weer bereik word. Hierdie proses sou, volgens hom, egter eerder 'n spiraalbeweging as sirkelbeweging genoem kon word, aangesien dit in wese 'n terugkeer na 'n vroeë stadium is wat gevvolglik die ontwikkeling laat voortstu. Dit is belangrik dat hierdie omloop, of kringloop, ook nie bloot 'n terugkeer na die beginstadium is nie. 'n Standhouende kern word voortdurend in "chronologiese, onverwisselbare volgorde" ontwikkel en herhaal om, nadat die ontwikkeling voltrek is, in 'n gewysigde vorm na die beginpunte terug te keer. Deur hierdie proses word 'n totaalbetekenis daargestel "wat in geen een van die afsonderlike dele ten volle gerealiseer is nie" (*ibid.*). In 'n neutedorp word dus verwys na 'n groep verhale wat aan mekaar verbonde is ten einde die gevoel van 'n groter geheel te skep.

Soos reeds genoem, is daar op die internasionale front verskillende benaminge vir kortverhaalbundels waarin daar 'n tipe kohesie tussen die verhale bestaan. Die mees algemene hiervan word vervolgens kortlik bespreek.

2.1 Die kortverhaalroman (saamgestelde roman)

Belén en Lucas (1996:239) beskou die *kortverhaalsiklus* as 'n fragmentariese genre, wat 'n hibried tussen die roman en die kortverhaal is: "it exists on the borderline between both forms, combining their normatives and thus subverting them".⁴ Dunn en Morris (1995:5, 7) stel die term *saamgestelde roman* voor, aangesien dit die geheel beklemtoon, terwyl die term *kortverhaalsiklus* nie voorsiening maak vir werke wat nie tradisioneel as stories, fiksie of prosa beskou word nie. In hierdie verband word verwys na die insluiting van ander tekssoorte soos gedigte, kort dramas en selfs rituele, ceremonies en resepte. Die term *saamgestelde roman* word dan soos volg deur genoemde skrywers geformuleer:

The composite novel is a literary work composed of shorter texts that – though individually complete and autonomous – are interrelated in a coherent whole according to one or more organising principles. (Dunn & Morris 1995:xiii)

Ook in die Afrikaanse literatuur is daar kortverhaalbundels wat veel nader aan die roman staan, wat die "grys gebied tussen kortverhaal[bundel] en roman verken" (Snyman 2011:6). Ferreira

⁴ Lundén (1999:11–12) spreek hom egter uit teen hierdie gedagte: "During the twentieth century, the critics who did see it as a distinct genre were frustrated by its evasive nature and by the subsequent difficulty of defining it. [...]. Like the prose poem, it was often looked upon as a hybrid form, and was as such often denied legitimacy. [...]. Seeking to establish some sort of legitimacy for the hybrid genre, many critics have felt obliged to emphasize its unity and coherence in order to make it resemble the novel, which still enjoys privileged status. In this legitimization process much of the genre [...] has been lost. The tension between variety and unity, separateness and interconnectedness, fragmentation and continuity, openness and closure has been, if not ignored, at least given less attention than it deserves."

(2012) noem dat hierdie tipe roman ook as die *roman in schuifjes*, *roman à tiroir* of *miniroman* bekend staan. Tog word die sikielse ordening van hierdie tipe dikwels negeer en word dit in die Afrikaanse literatuurtradisie onder die sambrelterm *eenheidsbundel* eerder as *kortverhaalsiklus* geklassifieer (daar is reeds verwys na Botes en Cochrane se verduideliking dat die sambrelterm *eenheidsbundel* dikwels as sambrelterm vir twee tipes tekste gebruik word). Ook Uys (2012:13–15) gebruik die sambrelterm *eenheidsbundel* wanneer hy verwys na kortverhaalbundels met 'n baie meer bewustelik integrale wisselwerking tussen die afsonderlike verhale en die geheel wat deur "sterk romanagtige karaktertrekke, tematies en struktureel," gekenmerk word. Tekstuele en strukturele eenheid word deur karakteroorvleueling en duidelike tematiese skakelings tussen verskillende verhale, asook deur middel van die herhaling van dieselfde motiewe oor verhaalgrens heen, tweeweggbring. Die vertellende instansie mag ook bydra tot die algehele bundeleenheid. Hierdie bundels laat 'n geheelindruk, aangesien dit inhoudelik en struktureel 'n hegte eenheid vertoon wat klaarblyklik in 'n kategorie tuishoort wat iewers tussen die roman en die kortverhaalbundel lê (*ibid.*). Die feit dat daar iets inherent verhaalmatigs in die sikelus as strukturbeginsel skuil (Strydom 1976:15), versterk die eis dat die *kortverhaalroman* as 'n subgenre van die *kortverhaalsiklus* eerder as van die *eenheidsbundel* beskou kan word.

2.2 Die kortverhaalsekwens

Luscher (1989:148–149) verkies die term *kortverhaalsekwens* en beskryf die genre soos volg: "a volume of stories, collected and organized by their author, in which the reader successively realizes underlying patterns of coherence by continual modifications of his perceptions of pattern and theme". Volgens Luscher (1989:148) is elke verhaal, binne die konteks van die sekvens, dus nie 'n volledig afgeslote formele ervaring nie:

The volume as a whole becomes an open book, inviting the reader to construct a network of associations that binds the stories together and lends them cumulative thematic impact.

Die verskil tussen die *kortverhaalsiklus*, en die *kortverhaalsekwens* kan, volgens Ferguson (2003:2), na die terme *siklus* en *sekvens* teruggevoer word. "Siklies" beteken om in die rondte te gaan ten opsigte van tyd, met inagneming van 'n tema, met 'n terugkeer na die punt van oorsprong. Daarteenoor vind skakeling tussen sekwense deur ontwikkeling van tyd of tema van een plek na 'n ander plaas (*ibid.*).

Botes en Cochrane (2011:131) bemerk egter die volgende leemtes in die gebruik van die term:

Luscher se voorkeur vir die benaming sequence (reeks) eerder as cycle is dus gebaseer op die leser se interpretasie van die tekste as 'n groeiende geheel, wat volgens hom opvolgend is. Hoewel dit so is dat die leser stelselmatig (soos die leesproses van teks tot teks verloop) 'n interpretasie van die geheel vorm, beteken dit nie dat dit 'n lineêre proses vooropstel nie. Die patronen wat in die groter geheel tot stand kom, het byvoorbeeld dikwels tot gevolg dat vroeëre interpretasies van vorige dele van die geheel gewysig word deur 'n outonome teks wat later in die groter geheel aangebied word. Dikwels moet 'n kortverhaalsiklus as eenheid herlees word om die betekenis van die geheel (wat deur die afsonderlike eenhede geskep word) te laat realiseer [Botes & Cochrane se kursivering].

2.3 Die kortverhaalsamestelling

Silverman het die term *kortverhaalsamestelling* voorgestel (Lundén 1999:14) en definieer dit soos volg: “‘a group of stories written by one author, arranged in a definite order, and intended to produce a specific effect. Though every story of the composite can be understood in isolation, the stories have an added dimension when seen as co-ordinate parts of the larger whole’” (Silverman in Lundén 1999:14). Botes en Cochrane (2011:132) ag die term egter as ontoereikend om die verskil tussen ‘n kortverhaalsiklus en minder hegte kortverhaalbundels soos die eenheidsbundel aan te duï. Die term *samestelling* dui volgens genoemde skrywers ook nie op die spesifieke mate van kohesie tussen die verskillende verhale in ‘n kortverhaalsiklus nie. Lundén (1999:32) is egter van mening dat die *kortverhaalsamestelling* waarskynlik die narratiewe metode is waardeur die kenmerke van twee gevestigde genres, naamlik die kortverhaal en die roman, op die mees eksplisiete en doelbewuste wyse gekombineer word:

To see the genre of the short story composite as extending over a spectrum with a gradual transition from one sub-genre to another is a sensible approach. It allows for various structural patterns to emerge without the rigidity of exact boundaries. [...] I would [...] suggest that the short story composite within it forms four general structural patterns, [...] the *cycle*, the *sequence*, the *cluster*, and the *novella*. I suggest these terms in the belief that they are descriptive of the structural configuration they are meant to denote [...] (Lundén 1999:36–37 [Lundén se kursivering]).

Lundén (1999:37) noem dat beide die siklus en die sekwens deur ‘n betreklike hoëgraad van eenheid en samehang gekarakteriseer word. Volgens Lundén (*ibid.*) verwys die term *siklus* na ‘n kortverhaalsamestelling wat sikkies georganiseer is en waarin daar in die laaste verhaal ‘n finale ontknoping en ‘n terugkeer na die begin is. Met die term *sekwens* verwys Lundén (*ibid.*) na ‘n sekwensiële narratiewe patroon waar een storie, soos in ‘n ry, tot die ander toegevoeg word, “locking into it, but, taken together, not exhibiting a strong sense of unity and closure”.

In ‘n vergelyking met die tradisionele roman bemerk Lundén (1999:40) die volgende:

[...] it would appear that the only two distinctive features of the short story composite in relation to the novel are the closed structure of each of the interdependent stories in combination with the significant temporal and spatial gaps between them; chapters or segments/sections of novels, traditional or experimental, are more open-ended, deliberately seeking linkage and coherence with other parts of a more or less continuous narrative. [...] in comparison with the traditional novel, the short story composite exhibits a greater polyphony and openness, but these are less distinctive features when we speak also of later developments of the novel.

Matheny (2012:1) noem dat, ten spyte van die feit dat daar konsensus onder kritici ten gunste van die term *kortverhaalsiklus* is, ook sy die term *kortverhaalsamestelling* verkieς aangesien dit volgens haar die multi-gefasetteerde aard van die genre se narratiewe struktuur reflekteer – iets wat nie tot sikkisiteit of sekwensialiteit ingekort kan word nie.

‘n Sterk vormwil, as een van die kenmerke van die siklus waarna daar vroeër verwys is, maak egter wel deel uit van al bestaande genre-definisies. In sy definiëring van die *kortverhaalsamestelling* verwys Silverman (in Lundén 1999:14) spesifiek na ‘n definitiewe volgorde met die oog op ‘n spesifieke effek, terwyl die “kumulatiewe impak” waarna Luscher (1989:148) in sy beskrywing van die *kortverhaalsekwens* verwys, uiteraard ook onderworpe aan ‘n bepaalde verhaalordening is.

Alhoewel Botes en Cochrane (2011:122) se artikel 'n uiters waardevolle bydrae tot die genre van die *kortverhaalsiklus* lewer, is daar tog 'n gevoel dat die siklus/reeks-onderskeiding meer prominensie kon verdien. In die afdeling "Teoretiese uitgangspunte (*Die onderskeid tussen eenhede, sikkusse en reeks in die kortprosa*)" word die onderskeid tussen die *eenheidsbundel* en die *kortverhaalsiklus* soos volg saamgevat: "Die mate van koherensie in die eenheidsbundel is meestal beduidend minder as in die kortverhaalsiklus, want by die eenheidsbundel skep die gedeelde tema, stemming of verteltegniek hoogstens 'n geheelindruk, maar sonder dat die afsonderlike verhale binne bundelverband 'n bykomende betekenis of interpretasiemoontlikheid verkry wat verlore gaan wanneer die verhale in isolasie gelees word" (Botes & Cochrane 2011:122). Soortgelyke beskrywings waarin die mate van "spanning tussen outonomie en koherensie", sonder enige direkte verwysing na 'n onverwisselbare volgorde, as die belangrikste onderskeidende kriteria in die definiëring van die *eenheidsbundel* en die *kortverhaalsiklus* gebruik word, word ook aangetref in Botes en Cochrane (2011:123, 124, 135).

Uit die oorsigtelike ondersoek na die verskillende benaminge vir kortverhaalbundels waarin daar 'n tipe kohesie tussen die verhale bestaan, blyk dit dus dat baie van die terme oorvleuel en by implikasie een definisie uitsluit (kyk Matheny 2012:ii). Smith (2011:5) is van mening dat die beste oplossing sou wees om die kortverhaalsiklus as 'n sub-genre wat met sommige ander genres "stoei" te onderskei. Aangesien dit geregtig is om die siklus as 'n hibride te beskryf, konstitueer dit ook 'n afsonderlike sub-genre waarna Smith (ibid.) as 'n genre oor genre verwys.

3. EENHEIDSMERKERS IN DIE KORTVERHAALSIKLUS EN EENHEIDS-BUNDEL

Eenheidskeppende elemente in kortverhaalbundels met 'n eenheidskarakter sluit tyd, ruimte, karakter, gebeurtenis en struktuur in. Hierdie elemente vorm gewoonlik patronen, wat kan dui op 'n progressie binne die siklus – 'n simboliese patroon of 'n patroon van karakterontwikkeling wat periodiek sy herverskyning in die siklus maak. Dit vorm die betekenisvolle elemente wat tot die siklus bydra, maar moet naas ander elemente soos die titel van die versameling, die narratiewe tegniek, die volgorde waarin die verhale gerangskik is, die algemene tematiek en die oorkoepelende simboliese struktuur bestudeer word (Smith 2011:10; Forkner 2012:7). Forkner (2012:8) waarsku dat die teenwoordigheid van slegs een van die genoemde elemente nie 'n bundel as 'n siklus kan tipeer nie. Soos in enige (prosa)siklus is daar altyd spanning tussen die enkelteks (en die selfgenoegsaamheid daarvan) en die sikliese geheel.⁵

3.1 Volgorde van verhale

Die doelbewuste organisasie van verhale beïnvloed die lees van die versameling (Forkner 2012:19). Volgens Forkner (2012:8–9) kan die volgorde van die verhale meer as enige ander element (byvoorbeeld karakter, simboliek en tema) die ware struktuur van 'n siklus ontsluit. Daar is altyd ten minste een verhaal wat sodanig geplaas is dat dit die siklus saamsnoer. In sommige gevalle kan twee of meer verhale as saambindende sleutelverhale optree. Hierdie verhale dra groter gewig, dui op die uiteindelike progressie of stagnasie van sekere karakters

⁵ Kyk ook: Ingram (1971:19) se opmerking: "Every short story cycle displays a double tendency of asserting the individuality of its components on the one hand and of highlighting, on the other hand, the bonds of unity which make the many into a single whole."

of temas en vorm die ruggraat van die siklus. Lynch (1991:97) noem dat, in die herverskyning van patronen in 'n verhaalsekwens (kyk 2.2), waarin temas en motiewe progressief deur die loop van die bundel ontwikkel, die eerste en laaste verhale van kardinale belang is. Die laaste verhaal is waarskynlik die kragtigste, aangesien die patronen van herverskyning en ontwikkeling wat in die openingsverhaal in die vooruitsig gestel is, hier tot volle uitdrukking kom. Volgens Lynch bepaal die openingsverhale van siklusse waarin ruimte as eenheidskeppende element optree, gewoonlik die plasing van die daaropvolgende verhale op sodanige wyse dat ruimte as een van die belangrikste akteurs in die siklus voorgestel word.

Verhale kan egter ook chronologies geplaas word ten opsigte van tydsverloop (verhoging of verlaging van die ouderdomme van die karaktere), of volgens 'n ruimteverandering. In hierdie geval ondersteun elke verhaal ook die oorkoepelende struktuur. Die eerste en laaste verhale is egter gewoonlik van besondere belang, aangesien die siklus daardeur bekendgestel en afgesluit word. Hierdie verhale funksioneer dus as die fondasies waarop die siklus rus (Forkner 2012:8–9).

Bélén en Lucas (1996:244) noem dat dit kenmerkend van die postmoderne siklus is om chronologie te verbreek. Hierdeur word ruimte aan die skrywer gelaat om verskillende weergawes van dieselfde gebeurtenis te gee. Hierdie herskrywing kan plaasvind deurdat dieselfde verteller of protagonis vanuit verskillende stadiums van sy of haar lewe terugkyk.

Ingram (1971:19–20) beweer dat in die kortverhaalsiklus die rangskikking van die verskillende tekste 'n skrywerskeuse (abstrakte outeurskeuse) is. Op grond hiervan onderskei Ingram (1971:17) tussen die volgende:

- Saamgestelde siklusse, waarin die skrywer van meet af aan die bundel as 'n siklus bedoel het;
- gerangskikte siklusse, waarin die kortprosa na die voltooiing van die bundel deur die skrywer of redakteur bymekaar gevoeg is, en
- voltooide siklusse waarin die skrywer deur die loop van die skryfproses bewus geraak het van sekere bindingsmotiewe in die individuele tekste en dit toe, tydens die voltooiingsproses, verder uitgebrei het.

3.2 Die siklus- of bundeltitel en verhaaltitels

Oor die bundeltitel berig Bekker (1970:111) – enigsins moeisaam – soos volg:

Ons het [...] hier 'n volwaardige eenheidsbevrediging van die bundeltitel en van daaruit verbreed die bundel verder. Dit lyk na 'n [...] tussenstadium van verdigtende bundeling van die hooflyne van die bundel. Waar met binnegroeperinge gewerk word wat uiteraard verwydering kan bring, kan so 'n tussenstasie 'n waardevolle bindingsmiddel in 'n ruim oppervlak word.

Volgens Bekker (1970:110) is die siklustitel nie bloot 'n luukse nie:

[...] die siklustitel bring 'n onvermoede ekstra, hy lê 'n potensialiteit [...] bloot. Of anders gestel: die suggestie word tot spraak gebring. Hoewel hy nie in die selfstandige bestaan van die individuele [...] -situasies ingryp nie, kan hy as interne gemene deler tog by 'n bepaalde voltrekking en ondanks sy gedistansieerdheid, instemmend aanwesig wees.

Dit is juis die titel, volgens Bekker (1970:117), wat die "die punt [is] waardeur 'n stel strale gaan".

Bekker (1970:109) identifiseer 'n bepaalde ontwikkelingspatroon wat in die titels van gedigte bespeur kan word – iets wat dus ook in die kortverhaalsiklus van toepassing sou kon wees. Nog 'n eenheidskeppende element waarna Bekker (1970:51) verwys, is die aanwesigheid van 'n bepaalde metriese patroon of "ritmiese substraat" in die onderskeie titels. Volgens Uys (2012:93) kan daar ook strukturele eenheid tussen titels wees. As voorbeeld hiervan verwys hy na aparte verhale wat eenwoordtitels het.

3.3 Kruisverwysings tussen verhale: ruimte

Kruisverwysings tussen verhale kan ook bydra tot strukturele eenheid in 'n bundel (Uys 2012:95). As voorbeeld word genoem die gebruikmaking van anekdotes en grappe, of bloot vlugtige verwysings. Uys (2012:214) wys voorts daarop dat kruisverwysings onder andere die volgende komponente kan behels:

- Tekstuele aanduidings dat dieselfde geografiese ruimte as 'n reël in die bundel geld, en
- tekstuele aanduidings dat die verskyning van sommige karakters nie tot 'n enkele verhaal beperk word nie.

Nagel (2004:17) beskou ruimte as een van die eenheidsmerkers wat die meeste in die kortverhaalsiklus voorkom. Klassieke werke waarin eenheid hoofsaaklik deur plek bewerkstellig is, sluit volgens Lynch (1991:94) in Scott se *Village of Viger* (1896), James Joyce se *Dubliners* (1914), Anderson se *Winesburg, Ohio* (1919) en George Elliott se *The kissing man* (1962), wat in 'n naamlose dorp gebaseer op Strathroy, Ontario, afspeel. Verdere voorbeeld waarna Lynch verwys, is Hugh Hood se *Around the mountain* (1967) wat in Montreal afspeel, Hodgin se *Spit Delaney's Island* (1976), en Sandra Birdsell se *Night travellers* (1982) en *Ladies of the house* (1984), wat albei in die fiksionele gemeenskap van Agassiz, Manitoba, afspeel.

Wanneer ruimte as eenheidsmerker funksioneer, speel die meeste van die korter verhale gewoonlik in dieselfde fisiese, psigologiese of simboliese ruimtes af en word prominente bakens regdeur die siklus aangetref om die gebeure deur 'n kontinue ervaring van plek saam te snoer (Nagel 2004:17).

Uys (2012:266) vestig die aandag daarop dat ruimte na die vertelruimte verwys, maar ook na die fisiese, geografiese ruimte wat as 'n gemeenskaplike leefruimte in 'n bundel aangebied kan word. Voorts identifiseer Uys (2012:215) nie slegs geografiese name as eenheidskeppende elemente in 'n bundel nie – daar word ook na spesifieke ruimtelike merkers verwys. As voorbeeld word woorde soos *bo-strate*, *park* en *berg* genoem. Al sou karakters tot verskillende verhale behoort, kan 'n gemeenskaplike ruimte tot veralgemening bydra deurdat die aangeduide ligging hulle as verteenwoordigers van ander karakters in die bundel betrek.

3.4 Kruisverwysings tussen verhale: karakteraanwending

'n Belangrike eenheidskeppende element in die kortverhaalsiklus is karakteraanwending (Forkner 2012:7; Smith 2011:10). Sodanige karakters is dikwels uit dieselfde gesin. Ten opsigte van oorvleuelende karakters wys Uys (2012:245 246) daarop dat, benewens die feit dat karakters in afsonderlike verhale in 'n bundel herhalend kan voorkom, hulle ook verteenwoordigend van ander karakters in die bundel kan wees, en dat karakters in die verskillende verhale met mekaar in verband gebring kan word asof hulle spieëlbeelde van mekaar sou wees.

Dunn en Morris (1995:15) identifiseer die gebruik van sowel 'n enkele protagonis as die gebruik van 'n meer komplekse kollektiewe protagonis as belangrike wyses tot eenheidskepping in 'n bundel.

3.5 Vertelsituasie

Die wyse waarop die vertelsituasie hanteer word, kan ook bydra tot eenheidskepping in 'n bundel. Ten opsigte van die vertelsituasie as eenheidskeppende element, word veral gefokus op vertelfokus, die fokalisasie van die verteller, perspektiewe en die vertelwyse (Uys 2012:247).

Uys (2012:248) wys op 'n algemene verskynsel in ou vorme van die roman waarvolgens die hoofverhaal en die ingebedde stories in 'n verduidelikende verhouding teenoor mekaar staan met een storie wat die toestande in die ander storie(s) verduidelik en sodoende 'n eksposisionele rol vervul. Sodanige tegniek kan ook in diens van bundeleenheid aangewend word.

3.6 Gemeenskaplike tekstuele patrone: motiewe, sluitingsmomente

Dunn en Morris (1995:15) noem tekstuele patrone as koherensiemarkers in 'n kortverhaalbundel. Hieronder word twee tipes geïdentifiseer: storiepatrone en motiefpatrone. Volgens Dunn en Morris (ibid.) skakel storiepatrone, soos motiewe, ook met die tema van die teks en gaan dit om ooreenstemmende intrigelyne wat die leser deur identiese of ooreenstemmende aksie of struktuur in elke verhaal as 'n eenheid kan herken.

Uys (2012:96) identifiseer voorts dat eenheid in die kortverhaalbundel ook deur ooreenkomste in die sluiting (of afwesigheid van sluiting) van die afsonderlike verhale in die bundel teweeggebring kan word.

3.8 Intertekstualiteit

Dit is egter nie slegs teksinterne aspekte wat 'n wisselwerking tussen verskillende verhale bewerkstellig nie. Ook intertekstualiteit kan 'n prominente rol hierin speel (Uys 2012:38). Intertekstualiteit binne 'n siklus verskaf nie slegs leidrade ten opsigte van die verbindings tussen verhale nie, maar onderstreep ook die hooftemas (Forkner 2012:19).

GEVOLGTREKKING

Uit resensies wat as resepsieprodukte na aanleiding van Naudé se teks verskyn het, het dit aan die lig gekom dat kritici deur die bank vol lof is vir S.J. Naudé se debuutbundel *Alfabet van die voëls*. 'n Belangrike kriterium in die beoordeling van letterkundige werke is uiteraard vernuwing – 'n aspek wat in Naudé se teks uit bepaalde normverskuiwings op dievlak van die genre waargeneem kan word.

Die feit dat ontologiese grense tussen verhale in Naudé se kortverhaalbundel bevraagteken word ('n aspek wat meer uitgebred in die tweede deel van hierdie tweedelige studie aangespreek word), het 'n ondersoek na die vraag rondom 'n onsekerheid of 'n vaagheid met betrekking tot 'n benaming vir 'n entiteit (die *kortverhaalsiklus*) waaroor daar al dekades lank in die Afrikaanse (en internasionale) literatuur berig word, genoodsaak. Uit die oorsigtelike ondersoek is gevind dat baie van die terme wat algemeen gebruik word in die verwysing na kortverhaalbundels waarbinne daar 'n tipe kohesie tussen die verhale bestaan, oorvleuel en

by implikasie dus een definisie uitsluit. Miskien verskaf Forrest Ingram se 1971-definisie van die *kortverhaalsiklus* 'n antwoord, omdat dit steeds wyd aanvaar word (Ferguson 2003:2). Ingram (1971:19) definieer die *kortverhaalsiklus* as 'n bundel kortverhale wat sodanig deur die skrywer verbind word, dat die leser se agtereenvolgende ervarings op verskillende vlakke van die geheel sy/haar ervaring van elke komponent betekenisvol wysig. Alhoewel dit nie 'n perfekte term is nie en aangesien daar baie variante bestaan, ag ook Smith (2011:2) die term *kortverhaalsiklus* as die mees beskrywende vir die genre weens die klem wat dit op die kortverhaal en die herhalende eienskappe plaas.

Uit die artikel blyk dit dat die *kortverhaalsiklus* by uitstek 'n grensoorskrydende subgenre, of soos reeds genoem, in Smith (2011:5) se woorde, "'n genre oor genre" is:

As a versatile, provisional form, the short story cycle privileges plurality and openness. It contests boundaries and enacts the possibility of multiple beginnings and renewable identities. (Lister 2007:2)

BIBLIOGRAFIE

- Anderson, S. 2009 [oorspronklik 1919]. *Winesburg, Ohio*. Barcelona: Acantilado.
- And Other Stories*. 2015. *The alphabet of birds* by SJ Naudé. <http://www.andotherstories.org/book/the-alphabet-of-birds/> [22 September 2015].
- Aucamp, H. 1978. *Kort voor lank: opstelle oor kortprosa*. Kaapstad: Tafelberg.
- Barret, A.I. 2015. Book review: *Guns, oil and tenderness*. *The Africa Report* 9 Januarie. <http://www.theafricareport.com/Books/book-review-guns-oil-and-tenderness.html> [23 September 2015].
- Behr, M. 1993. *Die reuk van appels*. Kaapstad: Queillerie.
- Bekker, P. 1970. *Die titel in die poësie*. Kaapstad: Tafelberg.
- Belen, M. & Lucas, M. 1996. Weaving, patchwork and bricolage: women's crafts/ women's texts. *Many Sundry Wits Together*:239-246 http://ruc.es/dspace/bitstream/2183/9563/1CC_27_art_30.pdf [15 Julie 2013].
- Birdsell, S. 1982. *Night travellers*. Winnipeg: Turnstone Press.
- Birdsell, S. 1984. *Ladies of the night*. Winnipeg: Turnstone Press.
- Bonthuys, M. 2016. 'n Vergelykende ondersoek na die toekenning van debuutpryse vir Afrikaanse en Nederlandstalige poësie, 1990-2009. (Ongepubliseerde Ph.D.-proefskrif.) Universiteit van Stellenbosch, Stellenbosch.
- Border poetics*. s.j. Liminality. <http://borderpoetics.wikidot.com/liminality> [6 Junie 2014].
- Botes, N. & Cochrane N. 2011. Generiese merkers in die kortverhaalsiklus: deel 1: teoretiese uitgangspunte. *LitNet Akademies* Jaargang 8(2):112–151.
- Brink, André P. 1989. *Vertelkunde. 'n Inleiding tot die lees van verhalende tekste*. Pretoria: Academica.
- Burger, W. 2012. Boeke-wenners. Hannes Haasbroek en SJ Naudé wen South African Literary Awards. *Vrouekeur*. Ons blog! Kom lees saam. <http://www.vrouekeur.co.za/artikel.aspx?id=49841&h=Boeke-wenners> [22 September 2015].
- Carter, R. s.j. *The alphabet of birds*. *Publishers Weekly*. <http://publishersweekly.com/978-1-908276-445> [16 November 2015].
- Coetzee, C. 2015. Review: SJ Naudé, *The alphabet of birds. Africa in Words* 6 Julie. <http://africainwords.com/2015/07/06/review-sj-naude-thealphabet-of-birds/> [23 September 2015].
- Cuell, T. 2015. Review: *The alphabet of birds* – SJ Naude. *Workshy Fop* 15 Januarie. <http://workshyfop.blogspot.co.za/2015/01/review-alphabet-of-birds-sj-naude.html> [10 November 2015].
- De Goede, R. 1993. *Skoop*. Kaapstad: Tafelberg.
- De Vries, A. 2011. Abraham de Vries in gesprek met Nina Botes en Neil Cochrane oor generiese merkers in die kortverhaalsiklus. *LitNet*. http://www.argief.litnet.co.za/cgi-bin/giga.cgi?cmd=print_article&news_id=110760&... [25 Oktober 2012].
- Dickson, D.J. 2015. Reading for pleasure. This month's selection of leisure reading, chosen by the Journal's book review editor. *The Journal*. <http://www.journalonline.co.uk/Magazine/60-3/101901.aspx> [23 September 2015].

- Dunn, M. & Morris, A. 1995. *The composite novel: The short story cycle in transition*. New York: Twayne.
- Elliot, G. 1962. *The kissing man*. Toronto: New Canadian Library.
- Erasmus-Alt, J. 2016. Grensoorskryding in *Alfabet van die voëls* deur S.J. Naudé en *Sondag op 'n voëlplaas* deur Johann Nell. (Ongepubliseerde Ph.D.-proefskrif.) Fakulteit Geesteswetenskappe. Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein.
- Ferguson, S. 2003. Sequences, anti-sequences, cycles and composite novels: the short story in genre criticism. *Journal of the Short Story in English* 41:103–117. <http://jsse.revues.org/index312html> [19 April 2013].
- Ferreira, J. 2012. *Alfabet van die voëls* stel hoë eise. *LitNet* 13 Februarie. <http://www.litnet.co.za/Article/alfabet-van-die-vols-stel-ho-eise> [26 Februarie 2014].
- Forkner, B. 2012. Short story cycles of the Americas. A transitional post-colonial form: a study of V.S. Naipaul's *Miguel street*, Ernest Gaines's *Bloodline*, and Gabriel Garcia Marquez's *Los funerales de Mama Grande*. (Ongepubliseerde Ph.D.-proefskrif.) Louisiana Staatsuniversiteit, Landboukundige en Meganiese Kollege, Interdepartementale Program vir Vergelykende Literatur. <http://etd.Isu.edu/docs/available/etd-05312012-221734/unrestricted/forkner> [15 Junie 2016].
- Galgut, D. 2014a. *Arctic summer*. Kaapstad: Umuzi.
- Galgut, D. 2014b. *The alphabet of birds* by SJ Naudé. *I love books* 3 November. <http://www.ilovebooks.co.za/the-alphabet-of-birds-by-sj-naude/> [23 September 2015].
- Hay, C. 2015. A review of *The alphabet of birds* by SJ Naudé. *The Literary Review* 8 Januarie. <http://www.theliteraryreview.org/book-review/a-review-of-the-alphabet-of-birds-by-sj...> [23 September 2015].
- Hodgin, J. 1977 [oorspronklik 1976]. *Spit Delaney's Island*. Toronto: Macmillan of Canada.
- Hood, H. 1967. *Around the mountain*. Montréal: Peter Martin Associates.
- Ingram, F.L. 1971. *Representative short story cycles of the twentieth century: studies in a literary genre*. The Hague: Mouton & Co.
- Johnson, M. 2015. *The alphabet of birds* by SJ Naudé casts a spell. *Akanos* 21 Januarie. <http://www.akanos.co.uk/michael/the-alphabet-of-birds-by-s-j-naude-casts-a-spell/> [23 September 2015].
- Joyce, J. 1914. *Dubliners*. London: G. Richards.
- Kirkus Review*. s.j. Kirkus review. *The alphabet of birds*. <https://www.kirkusreviews.com/book-reviews/sj-naude/alphabet-of-birds/> [23 September 2015].
- Ley-Lange, A. 2015. *The alphabet of birds. We Love This Book* 8 Januarie. <http://www.welovethisbook.com/review/alphabet-birds> [23 September 2015].
- Lister, R. 2007. Female expansion and masculine immobilization in the short story cycle. *Journal of the Short Story in English* 48 Spring 2-11. <http://jsse.revenues.org/index682.html> [3 April 2013].
- Loots, S. 2011. *Sirkusboere*. Kaapstad: Tafelberg.
- Lundén, R. 1999. *The united stories of America: Studies in the short story composite*. Amsterdam, Atlanta: Rodopi.
- Luscher, R.M. 1989. The short story sequence: an open book. In Lohafer en Clarey (eds). *Short story theory at a crossroads*. Baton Rouge: Louisiana State University.
- Lynch, G. 1991. The one and the many: English-Canadian short story cycles. *Canadian Literature* Fall: 91–104.
- Maroela Media. 2011. Alfabet van die voëls.5 Desember. <http://maroelamedia.co.za/blog/afrikaans-boeke/alfabet-van-die-voëls/> [22 September 2015].
- Maroela Media. 2011. Sirkusboere. 11 Oktober. <http://maroelamedia.co.za/afrikaans/boeke/sirkusboere/> [13 Maart 2017].
- Matheny, K.G. 2012. The short story composite and the roots of modernist narrative. (Ongepubliseerde Ph.D.-proefskrif.) Departement Engels, Universiteit van Alabama, Alabama.
- McIndoe, R. 2014. *The alphabet of birds* by S.J. Naudé:book review. *The Skinny* 31 Desember. <http://theskinny.co.uk/books/book-reviews/the-alphabet-of-birds-by-s-j-naude> [23 September 2015].
- Morrel, P. 2005. Short stuff: short stories and the short story cycle. Voordrag vir die fiksie-skrywers van Sentraal-Arkansa, Maart. *Broken water*: <http://www.brokenwater.com/lectures.html> [11 April 2013].
- Mukherjee, N. 2014. *The lives of others*. New York, London: W.W. Norton & Company.
- Nagel, J. 2004. *The contemporary American short-story cycle: The ethnic resonance of genre*. Baton Rouge: Louisiana State University Press.
- Naudé, S.J. 2011. *Alfabet van die voëls*. Kaapstad: Umuzi.

- Naudé, S.J. 2012. Reviews: Die tirannie van die simulacrum. *SLiP. Stellenbosch Literary Project* 1 Maart. <http://slipnet.co.za/view/reviews/die-tirannie-van-simulakrum/> [13 Maart 2017].
- Naudé, S.J. 2015. *The alphabet of birds*. And Other Stories Publishing.
- Oates, J.C. 2015. *The alphabet of birds* by SJ Naudé. *Lonesome Reader* 20 September. <http://lonesomereader.com/blog/2015/9/18/the-alphabet-of-birds-by-sj-naude-1> [23 September 2015].
- Ratiani, I. 2007. Theory of liminality. *Litinfo. Georgian Electronic Journal of Literature* Volume 1(1). <http://www.litinfo.ge/issue-1/ratianiirma.htm> [28 Julie 2014].
- Rautenbach, A. 2015. Anneke Rautenbach on *The alphabet of birds*. Pata Pata Time. *The Los Angeles Review of Books*. <https://lareviewofbooks.org/review/pata-pata-time> [16 November 2015].
- Rimon-Kenan. 1983. *Narrative fiction: contemporary poetics*. London, New York: Routledge.
- Scott, D.C. 1896. *Village of Viger*. Boston: Copeland and Day.
- Schimke, K. 2014. Review: *The alphabet of the birds. Not now, darling...* 14 Desember. <http://notnowdarling.co.za/review-the-alphabet-of-the-birds?> [23 September 2015].
- Smith, J.J. 2011. One story, many voices: problems of unity in the short-story cycle. (Ongepubliseerde Ph.D.-proefschrift.) Departement Engels aan die Kollege van Kunste en Wetenskappe, Indiana Universiteit, Indiana.
- Smuts, J.P. 2005. Die Akademie se letterkundepryse. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 45(1):1–14.
- Snyman, M. 2011. Roman kort 'n eenduidige naam. *Rapport (Boeke-bylae)* 6 Maart: 6.
- Strydom, L. 1976. *Oor die eenheid in die digbundel, 'n tipologie van gedigtegroepes*. Pretoria, Kaapstad: Academica.
- Uys, H.M. 2012. Die problematiese afbakening tussen sommige kortverhaalbundels en die roman in Afrikaans, aan die hand van geselekteerde tekste. (Ongepubliseerde Magisterverhandeling.) Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe, Departement Afrikaans en Nederlands, Universiteit van Stellenbosch, Stellenbosch.
- Van Coller, H.P. 1980. Etienne Leroux as siklusbouer. (Ongepubliseerde Ph.D.-proefschrift). Fakulteit Lettere en Wysbegeerte, Randse Afrikaanse Universiteit, Johannesburg.
- Van Coller, H.P. 1992. Grensliteratuur. In T.T. Cloete (red.). *Literére terme en Teorieë*. Pretoria: HAUM-Literér, pp. 153–156.
- Van Coller, H.P. 2010. 'n Kritiese blik op enkele van die literére prysen van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 50(4):484–501.
- Van Coller, H.P. 2012. Sirkusboere. *Tydskrif vir Letterkunde* 49(1):176–177.
- Van den Berg, C. 2010. Verhale om aan te smul. *Volksblad* 9 Oktober: 7.
- Van den Berg, C. 2011. Onder skuil dieper, donker worstelings. *Volksblad* 29 Oktober: 7.
- Van der Merwe, C. 2011. Sirkusboere: 'n Boeiende en vermaaklike historiese roman. *LitNet* 6 Oktober. <http://www.litnet.co.za/sirkusboere-n-boeiende-en-vermaaklike-historiese-roman/> [13 Maart 2016].
- Van Gennep, A. 1960 [oorspronklik 1908]. *The rites of passage*. Chicago: The University Press.
- Van Niekerk, J. 2012. *Alfabet van die voëls*. *Tydskrif vir letterkunde* 49(2):167–168.
- Venter, E. 1997. *Foxtrot van die vleiseters*. Kaapstad: Tafelberg.
- Viljoen, L. 2011a. Resensie: Sonja Loots – Sirkusboere (2011). *Academia.edu* vir *Die Burger* 17 Oktober. https://www.academia.edu/12434692/Resensie_Sonja_Loots_-_Sirkusboere_2011_ [13 Maart 2017].
- Viljoen, L. 2011b. Taal van 'n kortverhaal. *Rapport* 6 November: 6.
- Vladislavić, I. 2012 [oorspronklik 2001]. *The restless supermarket*. Kaapstad: Umuzi.
- Vladislavić, I. 2013 [oorspronklik 2011]. *Double negative*. And Other Stories Publishing.
- Vladislavić, I. 2014. Ampersand. Advanced praise by Ivan Vladislavić for *The alphabet of birds* by SJ Naudé. *And Other Stories*. <http://andothersstoriespublishing.tumblr.com/post/75889083919/advanced-praise-by-iv...> [23 September 2015].

S.J. Naudé se *Alfabet van die voëls* (2011) – 'n Hibried tussen die roman en die kortverhaalbundel. (Deel 2)

S.J. Naudé's The alphabet of birds (2011) – A hybrid between the novel and the short story volume. (Part 2)

JOANITA ERASMUS-ALT EN H.P. VAN COLLER

Departement Afrikaans en Nederlands, Duits en Frans

Universiteit van die Vrystaat

E-pos: joanitaerasmus@gmail.com

E-pos: vcollerh@ufs.ac.za



Joanita Erasmus-Alt Hennie van Coller

JOANITA ERASMUS-ALT is 'n musiek-onderwyseres verbonde aan die Hoërskool Fichardtpark en navorsingsgenoot aan die Universiteit van die Vrystaat. In 2006 verwerf sy 'n meestersgraad in musiek aan die Universiteit van die Vrystaat. In 2013 word twee van haar kortverhale onder *LitNet* se top 15 kortverhale van die jaar geplaas. Met die voltooiing van 'n M.A.-graad (kreatiewe skryfwerk) (met lof), ontvang sy in 2013 die Gerhard Beukes-prys vir skeppende skryfwerk van die Universiteit van die Vrystaat. In 2016 verwerf sy 'n Ph.D.-graad in die departement Afrikaans en Nederlands aan die Universiteit van die Vrystaat met 'n proefskrif getiteld "Grensoorskryding in *Alfabet van die voëls* deur S.J. Naudé en *Sondag op 'n voëlplaas* deur Johann Nell".

JOANITA ERASMUS-ALT is a music teacher at Fichardt Park High School and a research fellow of the University of the Free State. In 2006 she obtained a masters degree in music from the University of the Free State. In 2013 two of her short stories were published under *LitNet*'s top 15 short stories of the year. With the completion of a M.A.-degree (creative writing) (with distinction), she was awarded the Gerhard Beukes prize for creative writing from the University of the Free State in 2013. In 2016 she obtained a Ph.D.-degree in the department Afrikaans and Dutch from the University of the Free State with a thesis titled "Grensoorskryding in *Alfabet van die voëls* deur S.J. Naudé en *Sondag op 'n voëlplaas* deur Johann Nell".

HENDRIK PETRUS (HENNIE) VAN COLLER, navorsingsgenoot van die Universiteit van die Vrystaat en buitengewone professor aan die Noordwes-Universiteit, is redakteur van die nuwe driedelige *Perspektief en profiel*. 'n Afrikaanse literatuurgeschiedenis. Hy is 'n poësievertaler (*Bandelose gedigte* van Luuk Gruwez, 2007) en 'n gepubliseerde digter (*Soom*, 2012). Sy belangrikste publikasies is die bundels opstelle, *Tussenkom*s en *Tussenstand*. Hy publiseer veral oor

HENDRIK PETRUS (HENNIE) VAN COLLER, a research fellow of the University of the Free State and extraordinary professor at the Northwest University, is the editor of *Perspektief en profiel. 'n Afrikaanse literatuurgeschiedenis*. He is a translator of poetry (*Bandelose gedigte* by Luuk Gruwez, 2007) and a published poet (*Soom*, 2012). His most important publications are two books of literary essays, *Tussenkom*s and *Tussenstand*. His numerous publications on literary

<p>literêre geskiedenis, o.a. 'n hoofstuk in die <i>Cambridge South African Literary History</i>. Hy is tans voorstander van die Letterkundekomissie van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, 'n vorige voorstander van dié akademie en ook lid van ASSAf.</p>	<p>history includes a chapter in the <i>Cambridge South African Literary History</i>. Currently he chairs the literary commission of the Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns and is a former president of this academy. He is also a member of ASSAf.</p>
---	--

ABSTRACT

S.J. Naudé's The alphabet of birds (2015) – A hybrid between the novel and the short story volume. (Part 2)

In the first part of this two-part study, S.J. Naudé's The alphabet of birds (2015) – A hybrid between the novel and the short story, the focus was on the reception of this volume of short stories (also in international context). In this second part the focus is on the thematic node of this book and on the ways in which it is developed and repeated. The central theme in Naude's text is the depiction of displaced persons who in a postmodern world must learn to cope with bereavement. This is constituted through images of illness, physical decay and pain, alienation and insecurity as far as sexual identity is concerned. In order to arrive at acceptance, characters must undergo a radical process which entails the crossing of a boundary which is simultaneously a form of detachment. Van Gennep (1960:10–11, 21) identifies three liminal phases: physical detachment as the preliminal phase, transformation (the liminal phase) and reintegration as a transformed person. In all of the stories in Naude's book, there is only one main character. Usually there is limited room for character development in a short story, but due to the length of Naude's stories his character develops markedly. This main character is indeed transformed and at the end of the book he has undergone a process of initiation and in a sense has undergone a process of Jungian individuation (cf. Van Coller 2006:103). This process is in fact the central theme which is developed in all of the stories, but also in the book as a whole which renders it as akin to a novel and is typical of a prose cycle. In the first part of this study the possible ways to create unity have been discussed theoretically. In the second part these proposed methods of creating unity amongst stories (inter alia the succession of stories, titles, spaces, characterisation, narrative situations, structural patterns and endings) are used as a hermeneutical tool in the interpretation process. The conclusion of this study is that all of the stories in Naudé's volume of short stories are bound together in a subtle way and complement each other. "In a certain sense these stories create a secret alphabet which the reader must decipher" (Viljoen 2011:6). This rewriting almost constitutes a palimpsest with several layers that entails a creative interpretation process for the reader in order to really understand the text. This active participation influences the reader to ponder the depth of loss and bereavement. Whether the Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns has erred in not awarding this book with the prestigious Eugène Marais Prize remains an open question which will only be answered in times to come. Without a doubt however, The alphabet of birds (2011), is a rich and rewarding book with nuances that only careful scrutiny and rereading can bring to the fore.

KEYWORDS: S.J. Naudé, *The alphabet of birds*, boundaries, liminality, hybrid genre, coherence, autonomy, short story cycle, composite novel, coherence markers

TREFWOORDE: S.J. Naudé, *Alfabet van die voëls*, grense, liminaliteit, hibried-genre, koherensie, outonomie, kortverhaalsiklus, kortverhaalroman, eenheidsmerkers

OPSOMMING

In die eerste deel van hierdie tweedelige studie, S.J. Naudé se *Alfabet van die voëls* (2011) – ’n hibried tussen die roman en die kortverhaalbundel, is veral aandag gegee aan die resepsie van hierdie kortverhaalbundel (ook en veral in internasionale verband). In hierdie tweede deel verskuif die fokus veral na die kerntema van *Alfabet van die voëls* en die wyse waarop hierdie tema herhaal en ontwikkel word. Die oorkoepelende kerntema in Naudé se teks, naamlik ontheemde karakters wat in ’n postmodernistiese wêreld moet leer om met verlies saam te leef, word gekonstitueer deur beeld van siekte, fisiese agteruitgang en pyn, vervreemding en onsekerheid oor seksuele identiteit. Ten einde tot aanvaarding te kom, is dit noodsaklik dat die karakters ’n grensoorskrydende losmakingsproses ondergaan. In al die verhale in Naudé se bundel word daar slegs een hoofkarakter aangetref en in al die verhale ondergaan die hoofkarakters ’n transformasie en keer hul as “geïnisieerde” en “mense wat ’n individuasieproses deurloop het” (kyk Van Coller 2006:103), terug. In hierdie tweede deel word die mate waartoe sowel as die wyses waarop hierdie eenheidskeppende elemente (o.a. volgorde van verhale, titieleenheid, ruimtes, karakterisering, vertelsituasie, strukturele patronen en slotte) in Naudé se teks gedemonstreer word, onder die loep geneem. Die sewe verhale het oor die algemeen min of meer dieselfde struktuur en aanbiedingswyse en dieselfde eienskappe met betrekking tot fokus, perspektief en tyd, wat daartoe bydra dat die verhale op mekaar inspeel. Dit blyk dus duidelik dat *Alfabet van die voëls* as ’n kortverhaalsiklus geklassifiseer kan word en dat dit veral elemente van die kortverhaalroman bevat. Oor of die nie-bekroning van hierdie werk deur die Letterkundekommissie van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns ’n vergissing was, sal die literatuurgeschiedenis uiteindelik oordeel. Wat wel onteenseglik vasstaan, is dat dit ’n ryk bundel is wat deur geduldige herlees telkens nuwe nuanses prysgee.

1. INLEIDENDE OPMERKINGS: ALFABET VAN DIE VOËLS – ’N HIBRIED TUSSEN DIE ROMAN EN DIE KORTVERHAALBUNDEL

In die eerste deel van hierdie tweedelige studie is veral aandag gegee aan die resepsie van S.J. Naudé se *Alfabet van die voëls* (ook en veral in internasionale verband). In die meeste besprekings is daar melding gemaak van die besondere wyse waarop Naudé ’n hibried-genre beoefen, naamlik ’n kortverhaalbundel met kenmerke van ’n roman. Die slotsom was dat hierdie bundel dus siklies van aard is omdat ’n kerntema voortdurend herhaal en ontwikkel word.

Die oorkoepelende kerntema in Naudé se teks, naamlik ontheemde karakters wat in ’n postmodernistiese wêreld moet leer om met verlies saam te leef, word gekonstitueer deur beeld van siekte, fisiese agteruitgang en pyn, vervreemding en onsekerheid oor seksuele identiteit. Ten einde tot aanvaarding te kom, is dit noodsaklik dat die karakters ’n grensoorskrydende losmakingsproses ondergaan.

Van Gennep (1960:10–11, 21) identifiseer drie fases in oorgangsrites:

- Tydens die eerste fase word die inisiante¹ simbolies (en dikwels fisies) losgemaak van hul gewone sosiale status. Hierdie fase staan ook bekend as die preliminale fase.
- Die tweede fase, bekend as die liminale fase, is 'n fase van transformasie.
- In die derde fase word die inisiante simbolies en fisies weer ingeskakel by die samelewing, maar dan as getransformeerde mense. Dit staan ook bekend as die post-liminale fase.

In Naudé se teks word daar 'n dualisme met betrekking tot die oorskryding van grense aangetref. By al die hoofkarakters vind daar, soos genoem, een of ander vorm van grensoorskryding plaas en word dit 'n absolute noodsaaklikheid ten einde die self, die ander en die Absolute te leer ken en ontdek. Tog is daar ook 'n hunkering om binné die beskerming en veiligheid wat grense bied, te leef. Volgens Forkner (2012:vi) word die moderne kortverhaal huis deur hierdie twee temas of faktore beïnvloed: die begeerte na selfheid, teenoor die begeerte na gemeenskap, en die begeerte na verandering, teenoor die begeerte om staties te bly of selfs terug te gaan. Volgens Lister (2007:4) is die idee van tuiskoms 'n algemene kenmerk van die kortverhaalsiklus, wat soos volg beskryf kan word:

They mark the moment when characters confront the tension embodied by the form.
Where some characters resist the home and continue to guard their autonomy, others re-engage with their communities, no longer viewing the home as a threat to self.

Vanuit 'n psigologiese beskouing het die "drumpel", as die ruimte waarin die liminale figuur hom/haar bevind, uiteraard ook 'n invloed op sosiale interaksies, op die bepaling van sosiale struktuur en op die mens se begrip van die self en die ander (Lang 2001). Van belang vir die letterkunde is die feit dat, soos wat dit die geval in die werklikheid is, "die ervaring van die werklikheidsbeeld of tydgesels van die mens, of van 'n karakter, [...] 'n bepaalde effek op die identiteit van 'n mens, of karakter, in 'n verhaal" het (De Kock 2014:120). In verhouding tot die moderne tyd is die individu (en dus ook die karakter in 'n letterkundige werk), volgens Johl (1986:4), "geen enkellynige tema nie". Daarom is daar 'n behoefte na 'n strukturering wat daarmee rekening kan hou. As voorbeeld van sodanige strukturering noem Johl (1986:4–5) die sikkiese ordening. Hierdie ordening is by uitstek gesik vir die skakering van "komplekse idees".

In Naudé se bundel is die individuele verhale, soos reeds genoem, langer as die normale kortverhaal. "Die mobile" is 46 bladsye lank, "'n Meester uit Duitsland" 29 bladsye, "Los" 27 bladsye, "Oorlog, bloeisels" 31 bladsye, "VNLS" 37 bladsye, "Moederskwartet" 39 bladsye en "Die lawaaimasjien" 18 bladsye. Tog is daar steeds sprake van 'n bondigheid. Van Niekerk (2012:167) noem dat die verhale steeds oor die "onmiddellikheid van 'n kortverhaal" beskik "(met 'n spanningslyn wat jou laat aanhou lees)" en Ferreira (2012) beskryf dit as 'n "digverweefde teks". In 'n gesprek met Terblanche (2012) beskryf Naudé self die kortverhaal as 'n "slice of life". Volgens hom is die kortverhaal "iets wat uit die hoek van die oog gesien word, in die verbygaan, die gedagte van 'n enkele of unieke effek [...]".

In al die verhale in Naudé se bundel word daar slegs een hoofkarakter aangetref. Binne die beperkte vertelruimte van die kortverhaal vind daar gewoonlik slegs beperkte en tydelike karakterontwikkeling plaas. Aangesien Naudé se verhale egter langer as die normale kortverhaal

¹ Soos dit uit die titel van sy boek *The initiates of the flame* (1922) blyk, gebruik Manly P. Hall die woord *initiates* wanneer hy die alchemis, as verteenwoordigend van alle mense, se soeke na die Filosoof se Steen beskryf.

is, is daar wel ruimte vir karakterontwikkeling. In al die verhale ondergaan die hoofkarakters 'n transformasie en keer hul as "geïnisieerde" en "mense wat 'n individuasieproses deurloop het" (kyk Van Coller 2006:103), terug. Hierdie individuasieproses is die onderliggende grensoorskrydingstema in die enkelteks.

Alhoewel die afsonderlike verhale as selfstandige verhale gelees kan word, vertoon die bundel inhoudelik en struktureel 'n hegte eenheid. Hierdie eenheid is kenmerkend van die kortverhaalsiklus. In deel 1 van hierdie artikel is die wyses waarop eenheid in die kortverhaalsiklus bewerk kan word, bespreek. Vervolgens word die mate waartoe, sowel as die wyses waarop, hierdie eenheidskeppende elemente in Naudé se teks gedemonstreer word, onder die loep geneem.

2. VOLGORDE VAN VERHALE


Die oorkoepelende tema van grensoorskryding word in *Alfabet van die voëls* treffend versterk deur die volgorde waarin die verhale geplaas is. In die eerste vier verhale tree die tema van pyn, siekte en spesifieke kanker op die voorgrond. In die daaropvolgende twee verhale is die pyn hoofsaaklik emosioneel van aard, terwyl in die slotverhaal net die verlange oorbly:

As hy die pyn in sy gebeente eerlik moet interpreteer, is dit 'n versugting dat Tom moet terugkeer en dat hy 'n verlore wêreld met hom moet saambring. (Naudé 2011:236)

Die feit dat die titel van die middelste verhaal in die bundel ("Oorlog, bloeisels") 'n oksimoron is, is ook veelseggend, aangesien dit die laaste van die vier verhale is wat fisiese pyn as tema het. Hierdie verhaal verteenwoordig dus die draapunt, en daarmee ook die grensoorskryding, na 'n ander soort pyn, naamlik verlange. Die tweede woord in die titel ("bloeisels") sluit ook treffend aan by die slotsin van die vorige verhaal ("Los"):

Dit bevat 'n ganse tuin, dink hy, hierdie nat blom. (Naudé 2011:110)


Wanneer die ruimtelike plasing van die verhale in oënskou geneem word, word die volgende bemerk:



Die eerste verhaal, "Die mobile", speel in 'n landelike omgewing af. Dan is daar in "'n Meester uit Duitsland" 'n verskuiwing, via Europa, na die stad. In die daaropvolgende verhale ("Los" en "Oorlog, bloeisels") vertoof die hoofkarakters in stede in hul geboorteland, Suid-Afrika. In laasgenoemde verhaal is daar wel terugflitse na oorsese bestemmings, terwyl die hoofkarakter

in die daaropvolgende verhaal, “VNLS”, haar weer in die landelike omgewing van Vloedspruit en Lesotho bevind. In “Moederskwartet” bevind Ondien, wat die hoofkarakter in beide “Moederskwartet” en “VNLS” is, haar in Johannesburg, maar reis sy ook oorsee. Uiteindelik speel die slotverhaal, “Die lawaaimasjien”, in Milaan af.

Die geheelstruktur is dus soos volg:



Hierdie plasing korreleer met die oorkoepelende tema van grensoorskryding. Die vertrekpunt is kulturele identiteit wat ruimtelik gesimboliseer word deur die landelike plasing van die openingsverhaal. Daarna volg 'n heen-en-weer-proses; die proses van grensoorskryding en losmaking. Uiteindelik eindig die bundel in 'n nuwe ruimte, naamlik Milaan. Hierdie “vreemd-nuwe” ruimte dui op die loswees van enige verbintenisse en vind veral neerslag in 'n finale metaforiese vryheidsbestemming, naamlik die see (236).

3. EENHEID TUSSEN TITELS

In *Alfabet van die voëls* is al die verhale se titels kort en kripties met die langste wat slegs uit vier woorde bestaan (“n Meester uit Duitsland”). Die eerste, sowel as die slotverhaal, het tweewoordtitels, waarvan beide die lidwoord *die* bevat. Beide hierdie titels verwys na 'n kliniek of hospitaal. “Die mobile” word beskryf as 'n kliniek-in-die-kleine (23, 33), terwyl “Die lawaaimasjien” 'n instrument vir gebruik in die “hospitaal van anemiese klank” (230) is. Die laaste drie verhaaltitels verwys almal na 'n vorm van musiek of geraas. “VNLS” is die afkorting vir die naam van die musiekgroep “Victorian Native Ladies’ Society” (142). Die ander twee verhale waarna hier verwys word, is “Moederskwartet” (waar 'n kwartet 'n musikale ensemble bestaande uit vier lede is) en “Die lawaaimasjien”, wat 'n selfgemaakte instrument of “akoestiese geraasmasjien” (230) is. Die titel “Oorlog, bloeisels” is, soos reeds genoem, 'n oksimoron. Nie net is dit 'n stylfiguur waarby twee skynbare teenstrydighede met mekaar verbind word nie, maar dit is ook, soos vroeër genoem, die titel van die middelste verhaal in die bundel.

4. GEMEENSKAPLIKE RUIMTES

Ruimte is, soos in deel 1 genoem, een van die eenheidsmerkers wat die meeste in 'n kortverhaalsiklus voorkom. Daar is reeds verwys na die ruimtelike plasing van die verhale. Ten einde 'n geheelbeeld op die gemeenskaplike ruimtes te kry, word dit in tabelvorm aangebied (Tabel 1):

TABEL 1: Gemeenskaplike ruimtes in *Alfabet van die voëls* (Naudé 2011)

<i>Verhaal (bladsynommer)</i>	<i>Europese ruimte</i>	<i>Amerikaanse ruimte</i>	<i>Oosterse ruimte</i>	<i>Ruimte van die geboorteland</i>
“Die mobile” (Naudé 2011:54)				Vloedspruit (Oos-Kaap)
“n Meester uit Duitsland” (Naudé 2011:83)	Berlyn en Neurenberg, met verwysings na Londen			Johannesburg
“Los” (Naudé 2011:110)		Verwysing na Manhattan		Pretoria en Johannesburg
“Oorlog, bloeisels” (Naudé 2011:141)	Verwysing na verblyf in Londen		Viëtnam en Japan	Johannesburg ²
“VNLS” (Naudé 2011:178)	Verwysings na verblyf in Parys			Vloedspruit Lesotho Johannesburg
“Moederskwartet” (Naudé 2011:216–217)	Besoek broer in Londen en ’n suster in Dubai	Besoek ’n suster in Phoenix		Johannesburg
“Die lawaai-masjien” (Naudé 2011:236)	Milaan			Terugflitse na ’n onbekende Suid-Afrikaanse stad

Uit bostaande tabel blyk dit dat, behalwe in die geval van die openingsverhaal (“Die mobile”), al die verhale die “vreemde”, die “aangename land” en die geboorteland deel. In al die verhale word daar, hetsy fisies of in herinnering, na die geboorteland teruggekeer. Met betrekking tot die belangrike aspek van plek, noem Brand (2003) dat plek nie ’n voorgeskrewe saak is nie, maar eerder iets wat tot stand kom deur die interaksie tussen mense en hul omgewing:

Mense maak van hul ruimte ’n plek deur daaraan betekenis te gee, herinneringe daaraan te koppel en so kleur en tekstuur daaraan te verleen. Hierdie waarheid dring egter eers tot ’n mens deur wanneer jy jou in die vreemde bevind en genoodsaak is om opnuut jou ruimte in ’n plek te omskep.

Ook Burger (2007:9; 2009:194–195) wys op die belang van herinnering vir identiteit:

Die verbeelding dui op ’n mens se vermoë om ’n mentale ‘beeld’ van iets te hê. So ’n beeld kan wees van iets wat bestaan, maar wat nie op die oomblik waarneembaar

² Die verwysing na die hoofkarakter se sterwende moeder skakel hierdie verhaal tematies met “n Meester uit Duitsland”. Sou dit dieselfde hoofkarakter wees, tree Johannesburg dus as gedeelde ruimte op.

teenwoordig is nie, [...]. Die verbeelding is dus nodig om die afwesige teenwoordig te stel. (Burger 2009:186)

As gemeenskaplike ruimte is die geboorteland dus die herinneringsruimte wat dit, in ooreenstemming met Burger (2007:9) se uitspraak, vir die karakters in *Alfabet van die voëls* moontlik maak om hul bestaan en voortbestaan te beleef as iets wat 'n samehang het en wat uniek aan elke mens is. Vir die doel van die bespreking is hierdie "samehang-in-diens-van-identiteit" dus ook metafories van die samehang wat die gedeelde herinneringsruimte binne die kortverhaalsiklus bewerk.

5. KARAKTERISERING

'n Bepaalde vorm van karakterisering kan 'n belangrike eenheidskeppende element in die kortverhaalsiklus wees. Voorbeeld hiervan is wanneer dieselfde karakter in verskillende verhale optree, daar ooreenkoms is ten opsigte van voorkoms en gedrag en dieselfde omstandighede beskryf word. Een van die wyses waarop eenheid in *Alfabet van die voëls* verkry word, is inderdaad deur karakterisering.

Binne die gedeelde ruimtes van die vreemde en die geboorteland is die hoofkarakters in al die verhale in *Alfabet van die voëls* liminale figure. Naudé teken sy karakters as moderne een-en-twintigste-eeuse mense wat as ontheemdes in 'n post-modernistiese wêreld en teen die agtergrond van die maatskaplike probleme waarmee hulle daaglik sien moet oorleef. Olivier (2011) wys daarop dat Naudé se karakters hoofsaaklik Afrikaanssprekendes is wat "die teenstrydighede van herkoms en ontworpeling in 'n kontemporêre Suid-Afrika en geglobaliseerde aarde" moet hanteer. Scheffer (in Terblanche 2012) beskryf die karakters in *Alfabet van die voëls* as "onpretensieuse wêreldburgers", "onsentimenteel" en "onbeskaamd homoseksueel".

Volgens Turner (s.j.:46–47) is die liminale figuur "struktureel onsigbaar". As lede van 'n bepaalde gemeenskap sien mense, volgens Turner, slegs dit wat hulle verwag om te sien en wat hulle gekondisioneer is om te sien. Hiervolgens is daar dus nie ruimte vir die liminale figuur ("not-boy-not-man") in die tradisionele samelewings-beskouing nie en is die liminale fase, volgens Turner, ongestructureerd. Foster (2006:2) sluit aan by die idee van die paradoksale toestand waarna Turner (1967:96–98) verwys as sy die liminale figuur se status as dubbelsinnig beskryf:

Enersyds is die liminale figuur kwesbaar sonder 'n bepaalde groep se beskerming omdat hy of sy nie 'n vasgestelde identiteit het nie. Hy of sy is dus ook 'n *tabula rasa* waarop 'n bepaalde groep se wysheid en kennis aangebring word. (Foster 2006:2 [Foster se kursivering])

Naudé se karakters is dikwels naamloos. In hierdie verband kan verwys word na die hoofkarakters in die verhale "'n Meester uit Duitsland", "Los" en "Oorlog, bloeiels". In "Los" is die eenletter-benamings van die twee medekarakters, wat slegs as "A" en "B" bekend is, metafories van hierdie "onsigbaarheid". Die verskil tussen die name van die twee vroulike hoofkarakters, Sandrien en Ondien, in onderskeidelik "Die mobile", "VNLS" en "Moederskwartet", is "sigbaar" gering. Ondien, die suster van Cornelius, Vera en Zelda, is die hoofkarakter in beide "VNLS" en "Moederskwartet". Alhoewel sy nie werklik in die verhaal figureer nie, maak Sandrien, soos Mrs Nyathi, weer in "VNLS" haar verskyning. Sandrien is egter steeds die "onsigbare", want haar herverskyning is slegs 'n "gerug" (175).

In meer as een verhaal is die karakters op reis. Dit is egter nie net 'n fisiese reis nie, maar ook een waartydens die karakters 'n soort losmakingsproses ondergaan. In die verhale “‘n Meester uit Duitsland” en “Oorlog, bloeisels” is die reis dié van die sterwende moeder.

6. VERTELSITUASIE

In al sewe kortverhale in *Alfabet van die voëls* is die temporale en psigologiese afstand tussen die verteller en die hoofkarakter minimaal klein. In die keuse van die vertelinstansie blyk dit egter dat die grense tussen 'n eerstpersoonsvertelling en 'n ouktoriële verteller uiterstens poreus³ is. Aangesien inligting in al die verhale deur slegs een karakter toeganklik gemaak word en al die medekarakters deur hierdie een karakter gekarakteriseer word, vertoon die vertelinstansie eienskappe van 'n ouktoriële verteller. Daarteenoor geskied die waarneming deurentyd vanuit die perspektief van die belewende self (kyk Rimmon-Kenan 1983:74) en vertoon die vertelinstansie dus ook kenmerke van 'n eerstpersoonsvertelling. Daar is gevvolglik ook grensoorskryding ten opsigte van die kategorieë eksterne/interne fokalisasie. In al die kortverhale kyk die eksterne fokaliseerde terug op gebeure waarby hy self betrokke was. Tog is daar binne die voorgestelde gebeure ook aanduidings van interne fokalisasie in die vorm van 'n karakterfokaliseerde wat sy visie deur veronderstelling en identifikasie met ander weergee.

Reeds in die openingsverhaal, “Die mobile”, is daar sprake van grensoorskryding ten opsigte van vertelinstansie en -perspektief: Dwarsdeur die verhaal word inligting oor Sandrien, haar gesin en haar siekte, sowel as oor die ruimtelike aspekte van die storie, deur middel van 'n ouktoriële verteller weergegee. Die temporale en psigologiese afstand tussen hierdie ouktoriële verteller en die hoofkarakter, Sandrien, is egter minimaal klein. Daar is dus aanduidings dat Sandrien, as belewende self, terugkyk op gebeure waarby sy self betrokke was, met 'n gevvolglike eksterne fokalisasie in 'n eerstpersoonsvertelling.

Die aanname dat die grens tussen 'n ouktoriële verteller en 'n eerstpersoonsvertelling, soos in al die ander verhale in die bundel, baie poreus is, staan ook in verband met die onderskeiding tussen die bewussynstroomtegniek en die innerlike monoloog. Deur gebruik te maak van die indirekte innerlike monoloog (kyk byvoorbeeld 54) is die teenwoordigheid van die ouktoriële verteller deurgaans voelbaar deurdat dit vanuit 'n tweede- of derde-persoonsperspektief materiaal aanbied wat nooit deur die karakter uitgespreek is nie, asof dit direk uit die bewussyn van daardie karakter kom (kyk Smuts 1975:31).

Die dualisme ten opsigte van beide vertelinstansie en fokalisasie in die openingsverhaal figureer in al sewe verhale in die bundel. In al die verhale is die onderskeid tussen ouktoriële verteller teenoor eerstpersoonsverteller en tussen eksterne en interne fokaliseerde uiterstens problematies en word die aanname gemaak dat daar eerder sprake van grensoorskryding as van kategorisering is. Benewens die aanwesigheid van 'n ouktoriële vertelinstansie, is daar, soos genoem, talle voorbeeld van die bewussynstroomtegniek en vertoon die bundel ook ouktoriële trekke waarin die verteller duidelik buite die personasie staan en hom afstandelik beskou.

'n Bykomende eenheidskeppende element in Naudé se bundel is dit wat Van den Berg (2011:7) bewoord as “die nadenkende en soms byna poëtiese atmosfeer” van beskrywings in die bundel:

³ Naudé gebruik self die verwysing na “poreuse grense” in die verhaal “Moederskwartet”: “[...]Die grense hier is mos nou poreus, almal kan in, almal kan kom haal. Vat wat jy wil hê. [...]” (Naudé 2011: 215).

Waarna hier verwys word, is 'n gevoel vir die onpeilbaarheid van die menslike bestaan, wat soos die baslyn van 'n musiekstuk in die verhale teenwoordig is. Dit bring ooglopende winste, maar ook gevare mee: soos genoem, dra dit by tot die eenheid van die bundel. Maar dit beteken ook dat die trefkrag van die verhale eerder lê in die saamlees daarvan, en nie in die lees daarvan as afsonderlike stories nie.

7. GEMEENSKAPLIKE TEKSTUELE PATRONE

In Naudé se bundel word tekstuele en strukturele eenheid veral deur duidelike deurlopende temas verkry. Konfrontasie met die dood en verlies, seksualiteit, diaspora, kulturele vermenging en ontheemding en terugkeer is temas wat in feitlik al die verhale figureer. Terugkerende motiewe wat oor verhaalgrensse voorkom, sluit die volgende in: motiewe van vertrek en reis, taal, 'n "geheime taal van voëls" (kyk Viljoen 2011:6; Olivier 2011; Ferreira 2012), musiek, geluide en geraas, sprokies, mites, 'n soeke na herkomste en oorspronge, vergeet en onthou, instink en rede en die verskillende gedaantes van die liefde in menslike verhoudings (kyk Brink op die agterblad van Naudé 2011; Viljoen 2011:6; Terblanche 2012).

Vroeër in hierdie artikel is genoem dat die begeerte na selfheid, teenoor die begeerte na gemeenskap, die begeerte na verandering, teenoor die begeerte om staties te bly, tesame met die idee van tuiskoms, 'n algemene kenmerk van die kortverhaalsiklus is. In vyf van die verhale in *Alfabet van die voëls* ("n Meester uit Duitsland", "Los", "Oorlog, bloeisels", "VNLS" en "Moederskwartet") keer die hoofkarakters terug na hul geboorteland. Dit is egter hiér waar die karakters met hul eie verganklikheid gekonfronter word. In die verhaal "Moederskwartet" is daar 'n toneel waarin Ondien die plaas van haar kinderjare herbesoek (208–209). In "Moederskwartet" plaas Cornelius 'n afstand tussen homself en enige herinnering aan sy kinderjare (198). Tog hoor hy steeds sy ma se "singende stem" en skemer die behoefté na die verlore en ontkende ruimte van sy kinderjare tóg deur (199). Soos reeds gesuggereer, is "tuiskoms" egter vir Naudé, sowel as vir sy karakters, nie altyd die plek van herkoms óf van 'n uiteindelike bestemming nie. Bensmaïa (in Deleuze & Guattari 1986:xxi) noem dat, ten einde die geregtigheid te vind waarna hy verlang het, Kafka ontdek het dat dit noodsaaklik was om te beweeg: "to go from one room to another, from one office to another, from language to language, and from country to country, always following his desire". Dat Naudé as mens, maar ook ten opsigte van sy skryfkuns, met Kafka identifiseer, blyk duidelik uit die volgende aanhaling uit Kafka se *Die vertrek* wat Naudé in 'n e-pos aan Retief (2012) gestuur het:

By die hek het hy my gestop en gevra: 'Waarheen ry my heer?' 'Ek weet nie,' het ek gesê,
Net weg van hier. Altyd weg van hier, dit is die enigste manier om my bestemming te
bereik.' 'So, jy ken jou bestemming?' het hy gevra. 'Ja,' het ek geantwoord, 'het ek dan
nie so gesê nie? Weg-van-Hier, dis my bestemming?'

Alhoewel daar visioene, "stralend, verblindend, van 'n ander stad" en van "n monumentale bestemming" is (58), is dit nie genoeg vir die hoofkarakter in "n Meester uit Duitsland" nie en blyk dit in die slot van die verhaal dat hy eerder wegskram van die idee van 'n "bestemming". Vir hom is eindes almal eenders en eindig alles op dieselfde plek. Daarom wil hy liewer vertoef in die ruimte waar hy veilig voel – die ruimte van sy drome (82). Uiteindelik bespreek hy tog 'n kaartjie terug na Berlyn (83), waarskynlik in die hoop om dáár "tuis te kom". Ook in die verhaal "Los" is daar 'n verwysing na "terugkeer" wanneer die hoofkarakter hom probeer losmaak van A (95). Wanneer die hoofkarakter terug is in Pretoria, blyk dit dat A geen behoefté aan "n bestemming" het nie (105). In "Oorlog, bloeisels" hoop die hoofkarakter dat sy bestem-

ming dáár sal wees waar sy ma se grense is (138). Die hoofkarakter besluit om na dié grense te gaan soek. Dit maak nie saak hoe ver sy reis hom sal neem nie, maar “vind sal hy dit vind” (138).

In die slotverhaal, “Die lawaaimasjien”, keer nóg Chris, nóg Tom terug na hul geboorteland en alhoewel daar by Chris “‘n versugting [is] dat Tom moet terugkeer en dat hy ‘n verlore wêreld met hom moet saambring”, kan hy nie na Tom gaan soek nie, want “wanneer mens bevroure is, kan jy nie roer nie, kan jy alleen maar wag om gevind te word” (236). In *Alfabet van die voëls* blyk dit dus dat vir Naudé se karakters die idee van “tuiskoms” of “terugkeer” in die ware sin van die woord nie moontlik is nie.

In sy beskrywing van motiewe definieer Blok (1973:331) abstrakte motiewe as motiewe wat in samevattende of fundamentele motiewe konvergeer. Hierdie motiewe is deurlopend aktief binne die storie, veral met betrekking tot die vooruitgang in tyd – dít wat volgens Blok as “bestemming” ervaar word. Dit blyk dus dat Naudé, deur ‘n kenmerkende seleksie en by wyse van kombinasiebeginsels, telkens komplekse abstrakte motiewe tot “bestemmingsmotiewe” ontwikkel. Sy paradigmas bly dus konstant.

8. OOREENKOMSTE TUSSEN SLUITINGSMOMENTE VAN VERHALE

In ’n vergelyking tussen die sluitingsmomente van die sewe kortverhale in *Alfabet van die voëls* (Naudé 2011) word ’n interessante patroon tussen die ooreenkomste bemerk wat grafies in Tabel 2 voorgestel word.

TABEL 2: Patroon in sluitingsmomente in *Alfabet van die voëls* (Naudé 2011)

<i>Verhaal en bladsynommer van sluitingsmoment</i>	<i>Kolom 1 Indirekte innerlike monoloog in slotparagrawe</i>	<i>Kolom 2 Verwysings na diere</i>	<i>Kolom 3 Verwysings na klank</i>	<i>Kolom 4 Verwysings na stilte</i>
“Die mobile” (Naudé 2011:54)	Aanwesig	“roofdiere” en “ondiere” ↓	“n Sakkie klappende bene.” ↓	
“n Meester uit Duitsland” (Naudé 2011:83)	Aanwesig	“duiwe” en “n hond”	“Deur die mure hoor jy duiwe, [...] en geblaf uit ’n hond se dor ingewande.” ↓	
“Los” (Naudé 2011:110)	Aanwesig		“[...] ’n trollie met ’n gebreekte wiel. Dit maak ’n onaardse geluid.” ↓	
“Oorlog, bloeisels” (Naudé 2011:141)	Aanwesig	“tuinvoëls” ↓	“Die tuinvoëls sal invlieg en oor hul koppe kom woer, [...].” ↓ →	“geheime meer” ↓
“VNLS” (Naudé 2011:178)	Aanwesig	“n insek” ↓	“Ondien moet sing, [...]. Haar stem is yl.” ↓	“So sonder musiek.” ↓

TABEL 2: Patroon in sluitingsmomente in *Alfabet van die voëls* (Naudé 2011) (vervolg)

<i>Verhaal en bladsynommer van sluitingsmoment</i>	<i>Kolom 1 Indirekte innerlike monoloog in slotparagrawe</i>	<i>Kolom 2 Verwysings na diere</i>	<i>Kolom 3 Verwysings na klank</i>	<i>Kolom 4 Verwysings na stilte</i>
“Moederskwartet” (Naudé 2011:216–217)		“sprinkane” en “onderwêrelse verorberaars”	“[...] Kom ek speel [...]”. Luister stip: [...]”.	Die lied van die sprinkane neem “die vorm van die gestorwene aan –” ↓
“Die lawaaimasjien” (Naudé 2011:236)	Aanwesig		Slegs “vibrasies”	“bevrome”, “kan [...] nie roer nie”

In vyf van die sewe verhale is daar in die slotparagrawe verwysings na diere. Slegs in die openingsverhaal is dit nie gevleuelde diere nie. Die klanke waarna in kolom 3 verwys word, skakel noodwendig met die diere uit die vorige kolom en op die oog af word hierdie tipe geluide nie vereenselwig met die stilte wat “die alfabet van voëls” veronderstel nie. In die eerste drie verhale is die klanke “klappend”, “n geblaf” en “onaards”. Alhoewel daar wel aanduidings van stilte in die sluitingsmomente van die eerste verhale is, (hiervan is veral die aanwesigheid van die indirekte innerlike monoloog ’n aanduiding), word die stilte toenemend “hoorbaar” wanneer daar in die verhaal “Oorlog, bloeisels” deurgeroei word na ’n meer waarvan niemand weet nie, totdat die klanke in die slotverhaal, “Die [gesteelde] lawaaimasjien”, uiteindelik dié van “bevrome, roerlose, gestorwenes” is. So bou die sluitingsmomente van die opeenvolgende verhale op totdat die “stilte” of “die alfabet van die voëls”, as die klank van vereensaming, dood en verlies, ’n hoogtepunt bereik.

In *Alfabet van die voëls* maak Naudé dus knap gebruik van die oop teks. Volgens Lister (2007:9) is dit juis die dualisme en oop vorm van die kortverhaalsiklus wat daarvan ’n gewilde genre maak:

[...] the openness of the short story cycle is itself double-edged; it enables writers to leave stories unfinished. By creating gaps, the story cycle writer indicates not only the possibility of freedom but also of immobilization.

Volgens Ferreira (2012) stel hierdie tipe teks hoë eise aan die leser, maar “beloon [dit] eweneens daardie leser met ’n voorkeur vir verhale wat minder antwoorde as vrae bied: hoogstens ’n spoor, ’n bekoorlike moontlikheid van wat alles in hierdie diggeweefde teks opgesluit lê”. Hierdie tegniek, maar ook die sikliese aard van die werk, word as’t ware ook in die teks “ingeskryf” wanneer een van die karakters in die slotverhaal na die ooplaat van weë verwys (235–236).

9. INTERTEKSTUALITEIT

Uit ’n bestudering van die volgorde waarin intertekste in *Alfabet van die voëls* aangewend word, word ’n interessante patroon bemerk. Terwyl die drie fases van oorgangsrites naamlik die preliminale fase, die liminale fase en die postliminale fase (kyk **INLEIDING**) in elk van die sewe verhale aanwesig is, is dit ook die oorkoepelende skema waarbinne die enkelteks,

deur middel van intertekste, binne die groter raam van 'n oorkoepelende grensoorskryding geplaas word. Nie net word die algehele tematiek van grensoorskryding deur die chronologiese opvolging van intertekste as deel van die oorskrydingsrite versterk nie, maar daar is ook 'n uitbreiding van die territoriale terrein van die teks deur die kommunikasie met ander, veral internasionale, tekste.

Binne die raam van die oorkoepende preliminale fase is dit 'n aanhaling van die reël “Namen, mein Freund, ist Schall und Rauch” (kyk Naudé 2011:61) uit (Von) Goethe se tragikomedie *Faust* (1808 – deel 1) wat as die vertrekpunt die noodsaak en behoeft na transformasie beskryf.

In Goethe se weergawe van die legende is Faust, in sy strewe na die ware essensie van die lewe, gefrustreerd met sy studies en die begrensing van sy kennis. Hy worstel met die vraag of ware kennis nie eerder uit lewenservaring as uit boeke verkry moet word nie. (Lambrechts 2013)

Lambrechts (2013) noem dat Faust, in Goethe se weergawe, deur 'n kombinasie van God se genade en Gretchen, as argetype van die ewige aardse moeder, se pleidooie by God gered word. Hierdie interteks verhelder die behoeft aan lewenservaring – ervaring wat slegs deur groei en transformasie bekom kan word. Volgens Jacobi (1979:124) dien Goethe se weergawe van Faust as 'n uitstekende voorbeeld van transformasie of ontwikkeling:

In the first half Gretchen carries the projection of Faust's anima. But the tragic end of this relationship compels him to withdraw the projection from the outside world and to seek this part of the psyche in himself. He finds it in another world, in the 'underworld' of his unconscious, symbolized by Helen of Troy. The second part of *Faust* portrays an individuation process with all its archetypal figures; Helen is the typical anima figure, Faust's soul-image. He wrestles with it in different transformations and on different levels up to its supreme manifestation, the Mater Gloriosa. Only then is he redeemed, permitted to enter the world of eternity where all the opposites are transcended [Jacobi se kursivering].

Die proses van transformasie begin wanneer die reisiger of migrant se herinnering aan herkoms in gesprek begin tree met "nuwe impulse, nuwe kulturele geluide wat opgevang en ingeneem word" (Wasserman s.j.).

Deur 'n verwysing na die kunswerke van Anselm Kiefer (74) word die (oorkoepelende) liminale fase ingelei. Volgens Lambrechts (2013) tree Kiefer se werk in gesprek met die verlede en spreek dit taboes en kontroversiële gebeurtenisse uit die geskiedenis in 'n moderne idioom aan:

Hy ondersoek in stede van 'n nasionale identiteit en kollektiewe geheue eerder universelle bestaansmites en die betekenis daarvan in moderne tye. Temas handel oor trauma wat deur hele gemeenskappe ervaar word, sowel as die proses van voortdurende hergeboorte en vernuwing. (Butoh) (Lambrechts 2013)

Die transformasieproses is die proses waartydens die gees en liggaam in harmonie met mekaar kom (Hall 1922:37). In Naudé se teks word hierdie proses deur Goethe se gedig "Wandrers' Nachtlied" (1780) verhelder (kyk Naudé 2011:75). Deur middel van liriese prosa beskryf Goethe "'n natuurgebonden lewenswyse in kontras met dié gemeenskap" en "'n sosiale situasies waarin individuele ervarings as koud, vreemd en neerdrukkend ervaar word" (Lambrechts 2013). Kommunikasie tussen mens en natuur word verhelder deur verwysings na die Butoh-dans-genre in die verhaal "Los" (84–110). Volgens (Lambrechts 2013) resoneer hierdie dans

“met ’n nostalgie vir ’n verlore plattelandse en marginale bestaan soos wat dit deur Japannese volksverhale, mites en tradisies belig word”:

[...] Die dans word [...] ’n sublieme kommunikasie tussen mens en natuur soos dit veronderstel is om te wees, met ander woorde die mens in harmonie met die ritmes van die natuur [...].

In haar bespreking van hierdie interteks noem Lambrechts (*ibid.*) dat kommunikasie tussen mens en natuur slegs moontlik is “as die mens daardie episodes in sy lewe waaroor hy nie graag praat nie, dit wat hy met ander woorde liewers wil vergeet, na die oppervlak bring”:

Hierdie episodes, soos trauma, dood, woede en vrees, asook gedrag wat die gemeenskap onaanvaarbaar vind, soos homoseksualiteit, word in die diepste vlakke van die menslike psige versteek en is só pynlik dat dit nie onder woorde gebring kan word nie.

Naudé lui die verhaal “Los” in met ’n aanhaling uit Richard Schechner se *Performance theory* (1988). Hierdie aanhaling (kyk Naudé 2011:84) verhelder die oorkoepelende tema van ’n innerlike reis en die gepaardgaande proses van transformasie. Soos in die beskrywing van hierdie Indiese dramastyl, is daar onverwagte wendings op elke karakter se lewensreis. Reeds as klein seuntjie ervaar die hoofkarakter in “Los” dat ’n mens nie altyd beheer oor ’n reis het nie en dat dit dikwels op teleurstelling uitloop (103–104).

Wanneer hy in ’n verhouding met A betrokke raak, soek die hoofkarakter weer na sekerheid en ’n mate van “beheer” (105). A probeer hom leer dat dinge nie ’n “fixed shape” (105) het nie en dat die lewe soos ’n Indiese teaterstuk is; dat ’n mens nie soseer moet fokus op wat die toekoms gaan inhoud nie, maar in die belewing van wat ook al gebeur (84).

In ’n bespreking van Schechner se publikasie *Performance theory* (1988) op die webblad *Icosilune* (2009) word daarop gewys dat Schechner tot ’n aansienlike mate deur Victor Turner beïnvloed is:

[...] Turner [...] treats performance and play as the ‘as if’. Within the context of performance, the imaginary becomes real, and the ‘as if’ is equivalent to the ‘is’. (*Icosilune* 2009)

Schechner se bespreking van sosiale drama word op ’n diagram van Turner geskoei:

Turner’s cycle works in four stages: 1) breach, 2) crisis, 3) redressive action, 4) reintegration. This structure works to maintain social function and consistency. Theatrical tragedy follows this cycle with some degree of accuracy. However, in tragedy, the redressive actions usually wind up leaving the protagonists dead (*ibid.*).

Bogenoemde siklus toon duidelike ooreenkoms met Van Gennep se model van oorgangsritue wat dan ook die “raam” is waarbinne hierdie deel van die bespreking geplaas word.

Die bespreking van die volgende interteks is gegrond op Van Gennep se beskouing dat die lewe in sy totaliteit ’n oorgang is wat bestaan uit periodes van kalmte en verhoogde aktiwiteite wat mekaar awissel (Kimball in Van Gennep 1960:viii–ix).

In die verhaal “Moederskwartet” lees Cornelius ’n paragraaf uit Thomas de Quincey se *Confessions of an English opium eater* (1886) voor. Hierdie aanhaling dien as ’n verheldering van die karakter Cornelius se verslawlings:

Gemeenskap met die Oneindigheid, dít was sy drang, dít was die einddoel. (Naudé 2011:196)

Cornelius het die mind-altering middels probeer, in gul dosisse. (*ibid.*)

Seks was nou uitsluitlik met mans, so dikwels as moontlik en soveel per slag as moontlik. (Naudé 2011:197)

Volgens Morrison (2013) was De Quincey nie slegs die eerste skrywer om sy dwelmverslawing deur middel van 'n "dwingende" vertelling weer te gee nie, maar was hy ook die eerste *flaneur*,⁴ "high and anonymous, graceful and detached, strolling through crowded urban sprawls trying to decipher the spectacles, faces, and memories that reside there". De Quincey se ekskursies en beproewings in Londen eggo ook in Cornelius se omswerwinge:

[...]. Hy wou die stad soos 'n insek sien, van onder. Hy sou burger word van die *terrae incognitae*, hy sou leer om die onderaardse stadskaart, die netwerke riooltonnels en kelders, op die Siel te graveer. [...].

Vlak 1 was die nagklubs, die holtes wat soos katakombes onder Victoriaanse spoorlynakwadukte in Suid-Londen lê. (Naudé 2011:196 [Naudé se kursivering])

De Quincey se *Confessions of an English opium eater* (1886) tree egter nie slegs as 'n verheldering vir die karakterisering van Cornelius in die verhaal "Moederskwartet" op nie. Verslawing en die verkenning van stede word vroeër ook in die verhaal "*n Meester uit Duitsland*" aangetref: "Hulle beweeg van kroeg na restaurant na partytjie na kroeg na partytjie na underground event na nagklub" (56), Joschka ken "die onderbuik van die stad instinktief" (64) en hulle albei "sluk" en "snuif" verbode middels, waaronder kokaïen (56, 57).

Volgens Lind (2012) het De Quincey sy bes probeer om sy gebruik van opium te staak, maar aangesien dit 'n effektiewe pynstiller was, kon hy nie daarin slaag nie. Aan die einde van deel II van die boek, in die afdeling getiteld *The pleasures of opium* (De Quincey 2014:62–63), besing De Quincey opium se potensiaal om die mensdom se lyding te verlig. Soos reeds genoem, is lyding, hetsy as die gevolg van siekte, die verlies van 'n geliefde of vereensaming, belangrike temas in *Alfabet van die voëls*.

In die afdeling *The pains of opium* droom De Quincey (2014:94) gereeld van mere. Daar is ook 'n droom waarin hy 'n kind se graf besoek (kyk De Quincey 2014:98–99). Hierdie drome eggo ook in Naudé se bundel. Aangesien liminale tyd en ruimte so radikaal anders is as in die gewone verstaan van tyd en ruimte, wys Viljoen en Van der Merwe (2006:xiii) op die onvermoë van gewone taalgebruik om dit te omskryf. Derhalwe word dit deur middel van metafore en simbole gedoen. Voorbeeld wat genoem word, is die metafore van sterwe, ondergronds of onder water wees, of 'n toestand waarin in eklips gegaan word. Die metafoor van sterwe kom in beide "*n Meester uit Duitsland*" en "*Oorlog, bloeisels*" voor, maar dit is veral in die slot van laasgenoemde verhaal waar Naudé, benewens die metafoor van die dood, ook nog die simbole van 'n "geheime meer" en "*n wit vlag*" (141) daaraan koppel.

Deur middel van 'n indirekte innerlike monoloog "droom" die hoofkarakter in die verhaal "*Oorlog, bloeisels*" oor hoe hy en sy ma 'n meer sal oorsteek op weg na hul laaste bestemming (141). In "*Die lawaaimasjien*" is daar 'n verwysing na 'n kindergraf in 'n kanaal (225).

Lind (2012) noem dat die mees onlangse droom in De Quincey se *Confessions of an English opium eater* 'n nagmerrie was: "De Quincey is surrounded by a chorus of loud music that evokes the 'caves of hell' and 'everlasting farewells'" (Lind 2012; kyk De Quincey 2014:101). In "Moederskwartet" roep Ondien se musiek dieselfde onheilspellende beelde op (210).

⁴ Die *Oxford Dictionaries* (s.j.) gee die betekenis van die woord *flâneur* aan as: "there were a few people strolling by". In die *Verklarende handwoordeboek van die Afrikaanse taal* (Odendaal, Schoonees, Swanepoel, Du Toit & Booyens 1981:221) word die werkwoord *flaneer* aangegee as "[d]oelloos rondslenter, veral om die aandag te probeer trek".

In die slotverhaal in *Alfabet van die voëls*, getiteld “Die lawaaimasjien”, is daar verwysings na luide klanke sowel as na afskeid. Die klanke van die lawaaimasjien word vergelyk met “rammelings: brul-, ontploffings, bots-, spat- en boemgeluide”, “sissings en snorke”, “n gegrom”, “skreeue”, “krete”, “kreune” en “gille” (230). Wanneer die “lawaaimasjien” gesteel word, is daar saam met hierdie verlies, ook ’n ander, “everlasting farewell” – die versugting dat Tom moet terugkeer, maar dit is iets wat waarskynlik nooit sal gebeur nie (236).

Die laaste fase in die grensoorskrydingsproses is die proses van integrasie. In die verhaal “Moederskwartet” lees Ondien Wolfson se *Le schizo et les langues* (1970) en verduidelik sy self waaroor dit handel. Die volgende gedeelte is veral betekenisvol en verhelder die tematiek van ontheemding, reis en terugkeer:

Die wonde wat die moedertaal op hom uitgekerf het, word oopgemaak met elke poging om dit te verplaas. En tog, en tog. Sy projek, verduidelik sy, skep ook die kans dat hy eendag in ’n nuwe verhouding met sy moedertaal sal kan staan. Dat hy daarheen sal kan terugkeer, soos na ’n verlore land. (Naudé 2011:201)

In ’n poging tot herintegrasie besoek Ondien die plaas waarop sy grootgeword het (208–209). Rautenbach (2015) bemerk ’n ooreenkoms tussen hierdie toneel en ’n toneel uit *The life and times of Michael K* (1983) van JM Coetzee:

Like Coetzee’s Michael K and his packet of doomed pumpkin seeds, Ondien carries a bag of nasturtium seeds to plant in her late mother’s garden, which she will probably never see blossom.

Deur hierdie herinneringshandeling poog Ondien, as verteenwoordigend van al die karakters in *Alfabet van die voëls*, om ’n nuwe relasie met die verlede tot stand te bring as ’n dinamiese verhouding waarin die verlede ’n belangrike bestanddeel vir die voortdurende konstruksie en rekonstruksie van identiteit is.

10. GEVOLGTREKKING EN SLOTOPMERKINGS

Uit hierdie tweedelige artikel het dit aan die lig gekom dat die verhale in Naudé se kortverhaalbundel op die terrein van die makrostruktuur op subtiele wyse op mekaar inspeel en dat die verhale mekaar aanvul. Die leser word telkens gekonfronteer met iets wat bekend voorkom, asof dit reeds in een van die vorige verhale voorgekom het. As gevolg van hierdie vervlegdheid, kan die saamlees van die verhale ’n interessante leeskringloop in die teks tot gevolg hê. Viljoen (2011:6) vat dit soos volg saam: “In ’n sekere sin vorm die verhale ’n geheime alfabet wat die leser moet ontsyfer.”

Die sewe verhale het oor die algemeen min of meer dieselfde struktuur en aanbiedingswyse en dieselfde eienskappe met betrekking tot fokus, perspektief en tyd, wat daartoe bydra dat die verhale op mekaar inspeel. Die feit dat dieselfde temas deurlopend in die verhale aanwesig is en dieselfde karakters in meer as een verhaal optree, lei daartoe dat die ontologiese grense tussen verhale bevraagteken kan word. *Alfabet van die voëls* kan derhalwe as ’n tipe palimpsests⁵ beskou word. Elke opeenvolgende verhaal herhaal tematies sommige aspekte van die vorige,

⁵ Die Merriam-Webster Dictionary(s.j.) definieer die term soos volg:

“1: writing material (as a parchment or tablet) used one or more times after earlier writing has been erased

2: something having usually diverse layers or aspects apparent beneath the surface [...].”

maar nuwe betekenis word bygevoeg. Die herskrywings van die tema en die lae van palimpses word langs mekaar gestel om sodoende 'n meer betekenisdraende teks daar te stel. Hierdeur word die manier waarop die leser oor die diepte van verlies dink, opsetlik beïnvloed.

Tematies en struktureel toon die bundel dus sterk ooreenkoms met die roman. Die bundel bestaan uit sewe verhale wat langer as die gewone kortverhaal is en volgens van Niekerk (2012:167) is “[d]ie hoeveelheid karakters en die omvang en aard van die intrigue in elk van die verhale meer as genoeg vir 'n roman [...].” Ook Ferreira (2012) plaas Naudé se bundel in hierdie kategorie en verwys na hierdie tipe kortverhaalbundel as 'n *roman in schuifjes / roman à tiroir / kortverhaalroman / miniroman*. Ferreira (2012) noem dat hierdie soort kortverhaal nie nuut is nie, maar dat dit ná Alexander Strachan se 'n *Wêreld sonder grense* (1984) onlangs in Afrikaans weer oplewing begin toon in onder andere die werk van Anna Kemp, Willemien Brümmer, Corlia Fourie en Christine Barkhuizen-Le Roux. Op die webblad van *Umuzi* (2012) word 'n intertekstuele verband tussen hierdie “byna [...] kompakte roman” en die “pre-moderne verhale van byvoorbeeld DH Lawrence” bemerk. Dit blyk dus duidelik dat *Alfabet van die voëls* as 'n kortverhaalsiklus geklassifiseer kan word en dat ditveral elemente van die kortverhaalroman bevat.

Of die nie-bekroning van hierdie werk deur die Letterkundekommissie van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns 'n vergissing was, sal die literatuurgeschiedenis uiteindelik oordeel. Wat wel as 'n paal bo water staan, is dat dit 'n ryk bundel is wat deur geduldige herlees telkens nuwe nuanses prysgee.

BIBLIOGRAFIE

- Blok, W. 1973. *Verhaal en leser: Een onderzoek naar enige structuuraspecten van 'Van oude mensen, de dingen die voorbij gaan' van Louis Couperus*. Groningen: H.D. Tjeenk Willink.
- Brand, G. 2003. Die Afrikaner op soek na diaspora? [1]. Voordrag gelewer by 'n beraad van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns en Geskiedeniskommissie in Pretoria, Januarie 2003. *LitNet*. <http://www.oulitnet.co.za/taaldebat/diaspora.asp> [15 Mei 2014].
- Burger, W.D. 2007. Om te verstaan deur te onthou. *Beeld*, By 14 Julie: 9.
- Burger, W. 2009. Taal as “ingang” tot die wêreld: reis, verbeelding, herinnering en identiteit na aanleiding van Breytenbach se *A Veil of Footsteps*. *Tydskrif vir Letterkunde* 46(2):184–200.
- Coetzee, J.M. 1983. *Life and times of Michael K*. London: Penguin.
- De Kock, H. 2014. Die skep van ruimtelike dinamika in 'n roman. (Ongepubliseerde Ph.D.-proefskrif.) Departement Afrikaans en Nederlands, Universiteit van Potchefstroom, Potchefstroom.
- Deleuze, G. & Guattari, F. 1986 [oorspronklik 1975]. *Kafka: toward a minor literature*. Minneapolis: University of Minnesota Press.
- De Quincey, T. 2014 [oorspronklik 1886]. *Confessions of an English opium-eater*. London: Forgotten Books. http://www.google.co.za/url?url=http://www.forgottenbooks.com/download_pdf/Confessions_of_an_English_Opium-Eater_With_Levana_the_Rosicrucians_1000001892.pdf&rc=t=j&frm=1&q=&esrc=s&sa=U&ved=0ahUKEwjjh7mGvZrMAhVEzRQKHT8iBEkQFggkMAM&usg=AFQjCNHpw7arLV7rQ42shQhFAfgCWFIQw [19 April 2016].
- Ferreira, J. 2012. *Alfabet van die voëls* stel hoë eise. *LitNet* 13 Februarie. <http://www.litnet.co.za/Article/alfabet-van-die-vols-stel-ho-eise> [26 Februarie 2014].
- Forkner, B. 2012. Short story cycles of the Americas. A transitional post-colonial form: a study of V.S. Naipaul's *Miguel street*, Ernest Gaines's *Bloodline*, and Gabriel Garcia Marquez's *Los funerales de Mama Grande*. (Ongepubliseerde Ph.D.-proefskrif.) Louisiana Staatsuniversiteit, Landboukundige en Meganiese Kollege, Interdepartemente Program vir Vergelykende Literatur. <http://etd.Isu.edu/docs/available/etd-05312012-221734/unrestricted/forkner> [15 Junie 2016].
- Foster, L. 2006. Om die grens oor te steek: Enkele bemiddelaars in drie romans van Lettie Viljoen/Ingrid Winterbach. *Tydskrif vir Nederlands en Afrikaans* 13de Jaargang 1:1-15.

- Hall, M.P. 1922. *The initiates of the flame*. CI A690727. <http://www.esotericonline.net/profiles/blogs/the-mystery-of-the-alchemist-bymanly-p...> [28 Desember 2015].
- Icosilune. 2009. Richard Schechner: performance theory. <http://www.icosilune.com/2009/01/richard-schechner-performance-theory/> [9 Desember 2015].
- Jacobi, J. 1979. *The psychology of C.G. Jung: an introduction with illustrations*. New Haven, London: Yale University Press.
- Johl, J. 1986. *Leroux ABC*. Krugersdorp: Sikelela-uitgewers.
- Lambrechts, M. 2013. *Alfabet van die voëls – 'n Intertekstuele labirint*. Litnet. <http://www.litnet.co.za/Article/alfabet-van-die-vols-n-intertekstuele-labirint> [26 Februarie 2014].
- Lang, K. 2001. Existence on the threshold: liminal characters in the works of A.S. Byatt. *Limen. Journal for theory and practice of liminal phenomena*. <http://limen.mi2.hr/limen2-2001/lang.html> [16 Maart 2016].
- Lind, A. 2012. *Confessions of an English opium eater* summary. In S.R. Cedars (red.). *GradeSaver* 3 Julie. <http://www.gradesaver.com/confessions-of-an-english-opium-eater/study-guide/summ...> [8 Desember 2015].
- Lister, R. 2007. Female expansion and masculine immobilization in the short story cycle. *Journal of the Short Story in English* 48 Spring 2–11. <http://jsse.revenues.org/index682.html> [3 April 2013].
- Merriam-Webster. s.j. Palimpsest. (<http://www.merriam-webster.com/dictionary/palimpsest>) [30 September 2014].
- Morrison, R. 2013. De Quincey's wicked book. *Oxford University Press blog* 21 Februarie. <http://blog.oup.com/2013/02/de-quinceys-confessions-english-opium-eater/> [8 Desember 2015].
- Naudé, S.J. 2011. *Alfabet van die voëls*. Kaapstad: Umuzi.
- Odendal, F.F., Schoonees, P.C., Swanepoel, C.J., Du Toit, S.J. & Booyens, C.M. 1981 [oorspronklik 1965]. *Verklarende handwoordeboek van die Afrikaanse Taal*. Johannesburg: Perskor-Uitgewery.
- Olivier, F. 2011. Die skrywer as voëlwiggelaar. *SLIPStellenbosch Literary* 5 Desember. <http://slipnet.co.za/view/author/francois-olivier> [26 Februarie 2014].
- Oxford Dictionaries*. s.j. Translation of flâneur in English. <http://www.oxforddictionaries.com/definition/english/flaneur> [9 Desember 2015].
- Rautenbach, A. 2015. Anneke Rautenbach on *The alphabet of birds*. Pata Pata Time. *The Los Angeles Review of Books*. <https://lareviewofbooks.org/review/pata-pata-time> [16 November 2015].
- Retief, H. 2012. Hanlie gesels met Fanie Naudé. *Rapport* 16 Junie. <http://www.rapport.co.za/Rubrieke/HanlieRetief?Hanlie-gesels-met-Fanie-Naude-2012...> [26 Februarie 2014].
- Rimmon-Kenan, S. 1983. *Narrative fiction: contemporary poetics*. London, New York: Routledge.
- Schechner, R. 1988. *Performance Theory*. London, New York: Routledge.
- Smuts, J.P. 1975. *Karakterisering in die Afrikaanse roman*. Kaapstad, Pretoria: Hollandsch Afrikaansche Uitgevers Maatschappij.
- Strachan, A. 1984. *'n Wêreld sonder grense*. Kaapstad: Tafelberg.
- Terblanche, E. 2012. SJ Naudé (1970–). *LitNet* 28 Junie. [http://www.litnet.co.za/Article/sj-naud-1970\[26 Februarie 2014\]](http://www.litnet.co.za/Article/sj-naud-1970[26 Februarie 2014]).
- Turner, V.W. s.j. [oorspronklik 1964]. Betwixt and between: the liminal period in *rites de passage*. Simposium oor nuwe benaderings in religieuse studies, die verrigtinge van die Amerikaanse Etnologiese Vereniging (1964): 4–20. Bladsynommers van die herdruk word gebruik: 46–55. <http://2.fiu.edu/~ereserve/010010095-1.pdf> [27 Mei 2016].
- Turner, V.W. 1967. *The forest of symbols: aspects of Ndembu ritual*. New York: Cornell University Press.
- Umuzi. 2012. SJ Naudé bespreek sy "koorsagtige outomatisme" by die bekendstelling van *Alfabet van die voëls*. <http://umuzi.bookslive.co.za/blog/2012/02/16/sj-naud%C3%A9-bespreek-sy-koorsagt...> [15 Julie 2015].
- Van Coller, H.P. 2006. Die representasie van plaas, dorp en stad in die Afrikaanse prosa. *Stilet XVIII(1):90–121*.
- Van den Berg, C. 2011. Onder skuil dieper, donker worstelings. *Volksblad* 29 Oktober: 7.
- Van Gennep, A. 1960 [oorspronklik 1908]. *The rites of passage*. Chicago: The University Press.
- Van Niekerk, J. 2012. *Alfabet van die voëls*. *Tydskrif vir letterkunde* 49(2):167–168.
- Viljoen, H. & Van der Merwe, C.N. 2006. Oor die drumpel: liminaliteit en literatuur. *Literator* Vol. 27(1):ix–xxvi.

- Viljoen, L. 2011. Taal van 'n kortverhaal. *Rapport* 6 November: 6.
- Von Goethe, J.W. 2011 [oorspronklik 1808]. *Faust*. London: Oberon Books.
- Wasserman, H. s.j. Om hergeboorte te verbeel. 'n Post-koloniale beskouing van migrasie, kultuur en identiteit. *LitNet*. <http://www.oulitnet.co.za/seminaar/40wasserman.asp> [15 Mei 2014].
- Wolfson, L. 1970. *Le schizo et les langues*. Parys: Gallimard.

TYDSKRIF VIR GEESTESWETENSKAPPE
Tijdschrift voor de Geesteswetenschappen
Zeitschrift für die Geisteswissenschaften
Journal of Humanities

Jaargang 57 Nommer 2-2, Junie 2017 / Volume 57 Number 2-2, June 2017

Inhoudsopgawe

NAVORSINGS- EN OORSIGARTIKELS / RESEARCH AND REVIEW ARTICLES (2)

FANIE DE BEER

- Die etos van die hedendaagse kenniswerker / *The ethos of the contemporary knowledge worker* 481

ALIDA NAUDÉ EN JUAN BORNMAN

- Etiese sensitiwiteit van praktiserende oudioloë / *Ethical sensitivity of practising audiologists* 501

W R VAN DER MERWE EN E P J KLEYNHANS

- Die krisis in die Suid-Afrikaanse staalbedryf te midde van Sjinese mededinging / *Chinese Competitiveness and the crisis in the South African steel industry* 521

LOUIS GRUNDLINGH

- “Die ruim buitelugsitkamer van die stad”: ’n Oorsigartikel oor die denke en doelstellings van stedelike parkontwikkeling in die laat 19de en vroeg 20ste eeu in Europa en die Verenigde State van Amerika / *“The great outdoor living room of the city”: A survey essay on the thoughts and aims of urban park development in the late 19th and early 20th century in Europe and the United States of America* 542

ELZAHNE SIMEON, ALIDA HERBST EN HERMAN STRYDOM

- Die psigososiale omstandighede van straatkinders en hulle behoeftes in ’n lewensvaardighedsprogram / *The psycho-social circumstances and needs of street children: a needs assessment* 562

WINFRIED LÜDEMANN

- Afrikaans en Musiek. Kantaantekeninge van iemand wat aan die kant teken / *Afrikaans and Music. Notes from the Sideline* 581

CILLIERS VAN DEN BERG

- Slavoj Žižek en film(teorie)? Deel 2: ’n Interpretasie van *It Follows* / *Slavoj Žižek and film (theory)? Part 2: An interpretation of It Follows* 596

ELIZE DU PLESSIS EN PETRO MARAIS

- Versoening tussen leerders: Is parallelmediumskole die antwoord op die rassismeprobleem? / *Reconciliation between learners: Are parallel-medium schools the answer to the problem of racism?* 614

CHARLENE DU TOIT-BRITS EN C J ROODT

- Onderrigleerfaktore Bydraend tot Studentetal-slytasie in TBOO-Kolleges / *Teaching-learning factors contributing to student dropout in TVET Colleges* 627

YOLANDA VAN WYK, DANÉ COETZEE EN ANITA E. PIENAAR

- Die invloed van geslag, ras en sosio-ekonomiese status op visueel-motoriese integrasie van nege- tot 10-jarige leerders: Die NW-CHILD studie / *The influence of gender, race and socio-economic status on visual-motor integration of nine- to 10-year old learners: The NW-CHILD study* 649

AKTUEEL: DEBAT**INA WOLFAARDT-GRÄBE**

Redakteursnota	667
----------------------	-----

DANIE STRAUSS

Besinning oor Staat en Samelewing / <i>Reflecting on state and society</i>	668
--	-----

BOEKBESPREKINGS / BOOK REVIEWS**ELP STALS**

<i>Die Herero-opstand 1904-1907</i> deur Gerhardus Pool	680
---	-----

ABEL ESTERHUYSE

<i>Die spook wat boomgeklim en die lig gevind het: 'n Memoire met herinneringe uit die binnekring van Suid-Afrika se vreedsame revolusie na demokrasie</i> deur Maritz Spaarwater	682
---	-----

TAALRUBRIEK**TOM McLACHLAN**

Oor die skryfwiese van Afrikaans III	685
--	-----

UITNODIGING

Boekeprojek: Afrikaanse digters, skrywers en dramaturge	688
---	-----

INHOUDSOPGawe: Jaargang 57 Nommer 2-1, Junie 2017 / Volume 57 Number 2-1, June 2017.....	689
---	-----

Voorskrifte aan skrywers

Die *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* word gewy aan die publikasie van oorspronklike navorsings- en oorsigartikels in die teologie, kuns en kulturele, sosiale, ekonomiese en opvoedkundige wetenskappe, sowel as aan boekbesprekings, kronieke en gedigte. Artikel of bydrae wat elders verskyn het, sal nie vir publikasie oorweeg word nie. Twee eksemplare van die uitgawe waarin 'n bydrae verskyn, sal gratis aan die oueur verskaf word. Indien meer eksemplare verlang word, kan dit van die Akademiekantoor bestel word teen die heersende prys.

Die volgende voorskrifte geld vir voorgelegde manuskripte:

- Indien **slegs per pos**, moet manuskripte in triplikaat aan die redaksie voorgelê word. Stuur **verkieslik 'n elektroniese kopie aan publikasies@akademie.co.za** – in welke geval dit nie nodig is om drie afskrifte per pos te stuur nie. Manuskripte moet in dubbelspasiëring getik word met Arial 12-punt skrifgrootte en 'n 25 mm linkerkantlyn.
- Die manuskripte moet **persgereed en taalversorg** wees. Skrywers moet skriftelik bewys lewer dat die artikel deur 'n erkende taalversorger geredigeer is.
- Bydraes moet in Afrikaans geskryf wees en beperk wees tot **6 000** woorde.
- Bydraes moet vergesel gaan van 'n kort curriculum vitae in Afrikaans en Engels (100–200 woorde) en foto van die oueur(s) in JPEG-formaat.
- Dit moet vergesel gaan van 'n opsomming van **100-250** woorde in Afrikaans, Nederlands, Duits of Frans, plus 'n opsomming van **600-1000** woorde in Engels. Die opsomming word begin met die **vertaling van die titel**.
- Outeurs moet 'n lys van **10-20 trefwoorde** in Afrikaans en Engels aanbied net na die opsomming.
- **Illustrasies of tekeninge** moet van toepaslike onderskrifte voorsien wees en moet ten opsigte van grootte rekening hou met die formaat van die *Tydskrif*.
- Opskrifte in die *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* lyk soos volg:
 1. **HOOFOPSKRIFTE** verskyn in hoofletters en is vetgedruk. Daar is 'n spasie tussen die hoofopskrif en die teks.
 - 1.1 **Opskrifte** is in kleinletters en vetgedruk; daar is 'n spasie tussen die opskrif en die teks.
1.1.1 *Subopskrifte* is kursief; daar is 'n spasie tussen die opskrif en die teks.

Opskrifte mag genommer word indien verkies. Daar is geen punte na opskrifte nie.

Opskrifte by tabelle lyk soos volg:

TABEL 2: Ekonomiese ontwikkeling volgens rassegroep

Onderskrifte by figure lyk soos volg:

Figuur 3: Sistemiese interafshanklikhede in mensstrewes: die waardestruktuur

Plaas asseblief tabelle en figure in die korrekte posisie binne die teks.

- **Aanhaling** word nie kursief gedruk nie, ook nie as hulle in ander tale is nie. Aanhaling wat langer as **drie** reëls is, word geindenteer en het nie aanhalingstekens nie. Enige invoegsel binne 'n aanhaling staan tussen blokhakies. Raadpleeg die *Tydskrif* vir voorbeeld.
- **Afkortings** moet sover moontlik vermy word.
- **Korrekties**: Ekstra korreksies moet deur die skrywer betaal word.
- **Literatuurverwysings** word volgens die verkorte Harvardmetode gedoen, met uitsondering van bepaalde vakgebiede.

Voorbeelde:

Boek: Olivier, D.V. 1996. *Die nag van die vlieë*. Kaapstad: Blackwell.

Tydskrifartikel: Van Wyk, B. 1993. Vesel voorkom hartsiektes. *SA Tydskrif vir Dieetkunde*, 19(3):56-59.

Hoofstuk in 'n boek: Elphick, R. & Malherbe, V.C. 1989. In Elphick & Giliomee (eds). *The shaping of South African society 1652 – 1840*. Cape Town: Maskew Miller Longman, pp. 20-34.

Internetbron:

Gries, H.B. 1996. Experimental learning. *Education online*, 21(1). <http://www.edu.learning.html> [14 Oktober 2004].

OF IN AFRIKAANS:

Mc Farlane, L.R. 2004. Afrikaans en die media. *SA Akademie vir Wetenskap en Kuns*, <http://www.akademie.co.za> [14 Oktober 2004].

Indien die bron Afrikaans is, is al die bibliografiese inligting in Afrikaans, of andersom in Engels.

Bronverwysings in die teks:

Volgens Swan (1996:45) ...

OF: ... (Swan 1996:45) ...

OF: ... (Swan 1996:45). (aan die einde van 'n sin)

Bladgeld: Die *Tydskrif* hef R300 per gedrukte bladsy (+BTW) om die publikasiekoste van artikels te help delg. Dit is die verantwoordelikheid van die oueur om by sy/haar navorsingsinstansie aansoek te doen vir bladgeld. Die *Tydskrif* is 'n goedgekeurde publikasie wat betrek subsidie aan universiteite en navorsingsuitsette.

Kopiereg: By aanvaarding van 'n bydrae vir publikasie word die kopiereg aan die Akademie oorgedra. 'n Skriftelike ooreenkoms moet in dié verband deur die oueur onderteken word.

Verantwoordelikheid vir handskrifte, illustrasies en diskette:

Hoewel die Redaksie uiteraard alle sorg betrag by die hantering van manuskripte, foto's en tekeninge vir illustrasies, ensovoorts, kan onder geen omstandighede verantwoordelikheid aanvaar word vir enige verlies of skade wat in dié verband mag plaasvind nie. Indien oueurs materiaal wil terugê, moet hulle tesame met die toesending van materiaal die Redaksie hiervan verwittig.

Guidelines to authors

The *Journal of Humanities/Tydskrif vir Geesteswetenskappe* publishes original research and review articles in the following subject fields: theology, languages, art and culture, social, economic and educational sciences, as well as book reviews, chronicles and poems. Articles or contributions that have been published elsewhere will not be considered. Two complimentary copies of the edition that contains an author's contribution, will be mailed to each author free of charge. More copies may be ordered from the publications office at the set price.

The following regulations apply for submitted manuscripts:

- If contributions are sent only by **post**, please submit three copies. We prefer that contributions are submitted via e-mail to publikasies@akademie.co.za in which instance it is not necessary to send three copies by postage. Manuscripts must be typed in double spacing Arial 12 with a 25 mm left margin. Manuscripts must be **edited and submitted in accordance with the technical specifications of the journal**.
- Authors must submit written proof that the manuscript has been edited by a knowledgeable language practitioner.
- Contributions must be submitted in Afrikaans (or Dutch) and are limited to **6 000 words**.
- Please submit an abridged curriculum vitae in Afrikaans and English (100–200 words) and a photograph (JPEG) of each author.
- Manuscripts must contain a summary of **100–250** words in Afrikaans, Dutch, German or French, plus an English abstract of **600–1000** words. The English abstract should start with a **translation of the title**.
- A list of approximately 10 – 20 key terms in Afrikaans and English must be given after the summary.
- **Illustrations or drawings** must have suitable captions placed below the graphic, and should be in a size appropriate to the format of the journal.
- Guidelines for headings:
 1. **MAIN HEADINGS** are in capital letters and bold. Leave a space between the heading and the text.
 - 1.1 **Headings** are in lower case and bold. Leave a space between the heading and the text.
 - 1.1.1 **Sub-headings** are in italics. Leave a space between the heading and the text.Headings may be numbered if preferred. Do not put full stops after headings.

Table headings:

TABLE 2: Economic development according to demographic groups

Captions of figures:

Figure 3: Systemic interdependence.

Please insert the illustration in the correct position within the text.

- **Quotations** are not in italics – even when in another language. Quotations that exceed **three** lines should be indented and do not get quotation marks. Any insert to a quotation is between square brackets. See examples in the printed journal.
- **Abbreviations** must be avoided if at all possible.
- **Corrections** after final copy has been approved will be charged as author's corrections.
- **Bibliographic references** are based on the abbreviated Harvard method, with some variation for certain subjects.

Examples:

Book: Olivier, D.V. 1996. *Die nag van die vlieë*. Kaapstad: Blackwell.

Article from journal or magazine: Van Wyk, B. 1993. Vesel voorkom hartsiektes. *SA Tydskrif vir Dieetkunde*, 19(3):56-59.

Chapter in a book: Elphick, R. & Malherbe, V.C. 1989. In Elphick & Giliomee (eds). *The shaping of South African society 1652 – 1840*. Cape Town: Maskew Miller Longman, pp. 20-34.

Internet source:

Gries, H.B. 1996. Experimental learning. *Education online*, 21(1). <http://www.edu.learning.html> [14 October 2004].

OR IN AFRIKAANS:

Mc Farlane, L.R. 2004. Afrikaans en die media. *SA Akademie vir Wetenskap en Kuns*, <http://www.akademie.co.za> [14 October 2004].

If the source is Afrikaans, all bibliographic detail is in Afrikaans, or vice versa in English.

References in the text:

According to Swan (1996:45) ...

OR: ... (Swan 1996:45) ...

OR: ... (Swan 1996:45). (at the end of a sentence)

1.1 Page fees: There is a charge of R300 per printed page (+VAT) towards the printing costs. It is the responsibility of the author to arrange for payment of these fees by his/her university/institution. The journal is an approved publication with regard to government subsidy for universities and research institutes.

1.2 Copyright: On acceptance of an article the author gives copyright to the SA Akademie. A written agreement to this effect will be required of the author(s).

Responsibility for manuscripts, illustrations and disks:

Although the editor and publications office will always take care in the handling of manuscripts, pictures and graphic material, we cannot take responsibility for any lost material – please keep back-ups. If an author would like to have material returned, please inform the editorial office on submission of the article.

AFRIKAANSE WOORDELIJS EN SPELREËLS

In opdrag van die
Suidafrikaanse Akademie vir Taal, Lettere en Kuns

SAMEGESTEL DEUR
Prof. Dr. T.H. LE ROUX, Prof. Dr. D.F. MALHERBE,
EN
Prof. JOHANNES J. SMITH



FAKSIMILEE-UITGAWE

AWS Faksimilee-uitgawe van 1917

This title is
now indexed
in Scopus

refine your research
SCOPUS™

Sedert Maart 2009 geïndekseer in
die Social Sciences Citation Index

VOORBLADFOTO:

Raad van die SA Akademie vir Taal, Lettere en Kuns, 1939
Agter: Prof. Dr. H. v.d. M. Scholtz, Dr. E.C.N. van Hoepen en
Mnr. L.W. Hiemstra
Voor: Mnr. I.M. Lombard (Sekretaris), Dr. S.H. Pellissier (Voorsitter) en
Prof. Dr. D.F. Malherbe (Ondervorsitter)